Two truths draw nearer each other. One comes
from inside, one comes from outside
and where they meet we have a chance to see ourselves.

Tomas Tranströmer

BEDANKINGS

Hiermee wil ek my opregte dank en waardering teenoor die volgende persone en instansies uitspreek:

PROF. J.M. NIEUWOUDT vir sy bekwame leiding, aanmoediging en vriendskap.

Die RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING vir die beurs aan my toegeken. Menings in hierdie publikasie uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing toegeskryf word nie.

Die UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA vir die toekenning uit die navorsingsfonds van die Universiteit.

MNR. C.H. COETZEE vir sy kundige hulp met die statistiese ontleding van die navorsingsgegewens en die rekenaarverwerkings.

MEVV. E. JACOBSZ en A. LONG vir hulle puik tikwerk en vriendelike tegemoetkoming.

My KOLLEGAS by Departement Sielkunde, UNISA, vir hulle aanmoediging en konsiderasie.

My OUERS vir hul liefde en my opvoeding wat die grondslag gelê het vir vertroue in myself, in die lewe en my Skepper.

AUBREY, NEIL, DONELLE en THERESA vir hulle liefdevolle belangstelling, ondersteuning en hulp - baie dankie!

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

TABELLE x
FIGURE xvi
OPSOMMING xvii
SUMMARY xix

1. INLEIDING 1

1.1 DIE AARD EN BETEKENIS VAN ADOLESSENSIE 1
1.1.1 Definiëring en afbakening van adolessensie 1
1.1.1.1 Definiëring van adolessensie vanuit verskillende oriëntasies 2
1.1.1.2 Afbakening van die adolessente periode 7
1.1.2 Sienings van adolessensie 11
1.1.2.1 Die siening van 'n Jeugkultuur 12
1.1.2.2 Negatiewe sienings 16
1.1.2.3 Die siening van adolessensie as 'n stadium van "storm-en-drang" 21
1.1.2.4 Positiewe sienings 22
1.1.2.5 Die beeld van adolessensie in perspektief ... 23

1.2 HISTORIESE PERSPEKTIEF 26
1.2.1 Die tydperk voor die Middeleeue 26
1.2.2 Die Middeleeue (± 476-1453 n.C.) en die Sestiende en Sewentiende Eeue 27
1.2.3 Die Industriële tydperk (1760-1850) 28
1.2.4 Die era van adolessensie (1900+) 30
1.2.4.1 Die invloed van G. Stanley Hall (1844-1942) . 30
1.2.4.2 Adolessensie: Die eerste helfte van die twintigste eeu 32
1.2.4.3 Adolessensie: Die 1960's tot middel 1980's . 34
1.2.4.4 Slotbeskouing 37

1.3 TEORETIESE PERSPEKTIEF 37
1.3.1 Psigoanalitiese perspektief 38
1.3.2 Erik Erikson se psigososiale teorie 39
1.3.3 Leerteoretiese siening 39
1.3.4 Sullivan se interpersoonlike teorie 40
1.3.5 Kurt Lewin se veldteorie 41
1.3.6 Antropologiese sienings 41
1.3.7 Spranger se siening van individuele verskille 42
1.3.8 Piaget se teorie van kognitiewe ontwikkeling 42

1.4 SAMEVATTING 43

2. PROBLEEMSTELLING 45

2.1 NOODSAAKLIKHEID VAN NAVORSING OOR ADOLESSENSIE EN TUSSEN-KULTURELE NAVORSING 45

2.2 DIE INVLOED VAN KULTUUR EN SOSIALE VERANDERINGE OP ADOLESSENSIE 51
2.2.1 Definiëring van kultuur 51
2.2.2 Die invloed van kultuur op adolessente ontwikkeling . 52
2.2.3 Die blanke adolessent in die Westerse samelewing 57
2.2.3.1 Inleiding 57
2.2.3.2 Die invloed van sosiale veranderinge op die Westerse adolessent 58
2.2.4 Die swart adolessent in die RSA 69
2.2.4.1 Inleiding 69
2.2.4.2 Invloed van kultuurveranderinge op identiteitsvorming 74
2.2.4.3 Die invloed van sosiokulturele veranderinge op die swart adolessent 76

2.3 DIE METODIEK VAN TUSSENKULTURELE NAVORSING 83

2.4 ASPEKTE VAN ADOLESSENSIE WAT ONDERSOEK GAAN WORD: NOODSAAKLIKHEID VAN NAVORSING OOR HIERDIE ASPEKTE 88
2.4.1 Identiteit 88
2.4.2 Noodsaaklikheid van navorsing oor identiteitsontwikkeling tydens adolessensie 95
2.4.3 Beroepsidentiteit 97
2.4.4 Noodsaaklikheid van navorsing oor die beroepsidentiteit van die adolessent 98
2.4.5 Die ouer-adolessentverhouding en adolessent-portuurverhouding 99
2.4.6 Noodsaaklikheid van navorsing oor die ouer-adolessentverhouding en adolessent-portuurverhouding 102
2.4.6.1 Ouer-adolessentverhouding 102
2.4.6.2 Belang van ouers en portuurs tydens adolessensie 105

2.5 DOEL VAN HIERDIE NAVORSING 107
2.5.1 Identiteit 107
2.5.2 Beroepsidentiteit 107
2.5.3 Ouer-adolessentverhouding en adolessent-portuurverhouding 108
2.5.4 Ervaring van adolessensie 109

3. IDENTITEITSONTWIKKELING: TEORIE EN EMPIRIESE STUDIES 110

3.1 REDES VIR TOENEMENDE IDENTITEITSONTWIKKELING TYDENS ADOLESSENSIE 110

3.2 ERIKSON SE TEORIE VAN IDENTITEITSONTWIKKELING 113
3.2.1 Identiteitsontwikkeling as 'n dinamiese lewenslange proses 113
3.2.2 Die identiteitskrisis 115
3.2.3 Identiteitsvorming as 'n proses van refleksie en observasie 115
3.2.4 Identiteitsvorming is meestal onbewus 116

3.2.5 Identiteitsontwikkeling volgens die epigenetiese beginsel 116
3.2.6 Identiteitsontwikkeling in die stadia voor adolessensie 119
3.2.7 Identiteitsontwikkeling tydens adolessensie 123
3.2.7.1 Identiteit versus identiteitsdiffusie 123
3.2.7.2 Die psigososiale moratorium 128

3.3 VARIASIES IN IDENTITEITSVORMING 128
3.3.1 Die identiteitsvormingsproses: eenvoudig of kompleks 129
3.3.2 Die vorming van 'n normatiewe of afwykende identiteit 129
3.3.3 Prematuur vooruitbesliste of onbepaald verlengde identiteitsvorming 131
3.3.4 Die ontwikkeling van 'n sterk of swak identiteitsgevoel 131

3.4 MARCIA SE BESKRYWING VAN IDENTITEITSTATUSSE 132

3.5 EMPIRIESE STUDIES OOR IDENTITEITSVORMING EN VERBANDHOUDENDE FAKTORE 134
3.5.1 Die verband tussen identiteitsontwikkeling en kultuur asook sosio-ekonomiese status 134
3.5.2 Geslagsverskille met betrekking tot identiteitsvorming 135
3.5.3 Die invloed van ouers op identiteitsvorming 142
3.5.3.1 Die verband tussen identiteitsontwikkeling en die tipe ouerbeheer 142
3.5.3.2 Die verband tussen identiteitsvorming en die aard van die ouer-adolessentverhouding 143
3.5.4 Die invloed van portuurs en vriendskap op identiteitsvorming 147

4. BEROEPSIDENTITEITSVORMING: TEORIEë EN EMPIRIESE STUDIES 149

4.1 PSIGOLOGIESE BELANG VAN DIE VORMING VAN 'N BEROEPSIDENTITEIT 149

4.2 DIE INVLOED VAN SOSIALE VERANDERINGE OP DIE ONTWIKKELING VAN 'N BEROEPSIDENTITEIT 150

4.3 TEORIEë OOR DIE ONTWIKKELING VAN 'N BEROEPSIDENTITEIT 155
4.3.1 Holland se teorie van persoonlikheidstipes 156
4.3.2 Super se teorie van selfkonsepontwikkeling 158
4.3.3 Ginzberg se teorie van ontwikkelingsperiodes 159
4.3.4 Havighurst se siening van beroepsontwikkeling 162
4.3.5 Slotbeskouing 162

4.4 EMPIRIESE STUDIES OOR BEROEPSIDENTITEITSVORMING EN VERBANDHOUDENDE FAKTORE 163
4.4.1 Die verband tussen kultuur en beroepsidentiteitsontwikkeling 163
4.4.2 Die invloed van sosio-ekonomiese status op beroepsidentiteitsvorming 164
4.4.3 Geslagsverskille met betrekking tot beroepsidentiteitsvorming 165
4.4.4 Die invloed van ouers op adolessente se beroepsidentiteitsvorming 171

5. DIE OUER-ADOLESSENT- EN ADOLESSENT-PORTUURVERHOUDING: EMPIRIESE STUDIES 175

5.1 DIE OUER-ADOLESSENTVERHOUDING 175
5.1.1 Die generasiegaping 175
5.1.2 Tussengenerasiekonflik 181

5.2 DIE VADER-ADOLESSENT- EN MOEDER-ADOLESSENTVERHOUDING 186

5.3 DIE INVLOED VAN OUERGEDRAG EN DIE VORM VAN OUERBEHEER OP ADOLESSENTE ONTWIKKELING 189
5.3.1 Dimensies van ouergedrag 189
5.3.2 Patrone van ouerbeheer 191

5.4 DIE ADOLESSENT-PORTUURVERHOUDING 194

5.4.1 Die belang van portuurs tydens adolessensie 194
5.4.2 Vriendskappe 195
5.4.2.1 Die aard van adolessente vriendskappe 196
5.4.2.2 Verskillende vriendskapspatrone 197

5.5 DIE BELANG VAN OUERS VERSUS PORTUURS 199
5.5.1 Die belang van ouers en portuurs met betrekking tot sekere situasies en sake 201
5.5.2 Die invloed van die kwaliteit van die ouer-adolessent-verhouding 204

6. NAVORSINGSONTWERP EN HIPOTESES 206

6.1 MEETINSTRUMENTE 206
6.1.1 Erikson-skaal 206
6.1.2 Beroepsidentiteitskaal 210
6.1.3 Biografiese vraelys 212
6.1.4 Gestruktureerde onderhoud 212
6.1.5 Tussenkulturele toepaslikheid van die meetinstrumente 213

6.2 METODE VAN DATA-INSAMELING 214

6.3 STEEKPROEFBESKRYWING 215

6.4 DIE NAVORSINGSMODEL 224
6.4.1 Inleiding 224
6.4.2 Teoretiese model 225
6.4.3 Teoretiese model met betrekking tot identiteit 228
6.4.3.1 Hipotese 229
6.4.3.2 Rasionaal vir die teoretiese model van die adolessent se vlak van identiteits-ontwikkeling 231
6.4.4 Teoretiese model met betrekking tot beroeps-identiteit 234
6.4.4.1 Hipotese 236

6.4.4.2 Rasionaal vir die teoretiese model van die adolessent se vlak van beroepsidentiteitsontwikkeling 236
6.4.5 Ad hoc-hipoteses met betrekking tot identiteit 237
6.4.5.1 Rasionaal vir hipotese 1 en 2 237
6.4.6 Ad hoc-hipoteses met betrekking tot beroepsidentiteit 239
6.4.6.1 Rasionaal vir hipotese 3 en 4 240
6.4.7 Ad hoc-hipoteses oor die ouer-adolessent- en adolessent-portuurverhouding 241
6.4.7.1 Aard en kwaliteit van die ouer-adolessentverhouding 242
Rasionaal vir hipotese 5 tot 14 243
6.4.7.2 Vorm van ouerbeheer 246
Rasionaal vir hipotese 15 tot 19 247
6.4.7.3 Ouers versus portuurs 248
Rasionaal vir hipotese 20 en 21 248
Rasionaal vir hipotese 22 tot 25 249
6.4.8 Ad hoc-hipotese oor die ervaring van adolessensie ... 252
6.4.8.1 Rasionaal vir hipotese 26 252
6.4.9 Statistiese proeedure vir die toetsing van die hipoteses 255

7. RESULTATE EN BESPREKING VAN RESULTATE 257

7.1 RESULTATE VAN DIE TOETSING VAN DIE MODEL VIR DIE VERKLARING VAN ADOLESSENTE SE VLAK VAN IDENTITEITSONTWIKKELING 257
7.1.1 Faktoriale geldigheid van die konstruk ouer-adolessentverhouding 257
7.1.2 Determinante van die vlak van identitaitsvorming 262

7.2 BESPREKING VAN DIE RESULTATE MET BETREKKING TOT DIE VERKLARING VAN DIE VLAK VAN IDENTITEITSONTWIKKELING 267

7.3 RESULTATE VAN DIE TOETSING VAN DIE MODEL VIR DIE VERKLARING VAN ADOLESSENTE SE VLAK VAN BEROEPSIDENTITEITSONTWIKKELING 269

7.3.1 Determinante van die vlak van beroepsidentiteits-
ontwikkeling 269

7.4 BESPREKING VAN DIE RESULTATE MET BETREKKING TOT DIE VERKLARING VAN DIE VLAK VAN BEROEPSIDENTITEITSONT-WIKKELING 275

7.5 RESULTATE MET BETREKKING TOT KULTUUR- EN GESLAGSVERSKILLE TEN OPSIGTE VAN IDENTITEITS- EN BEROEPSIDENTITEITSONT-WIKKELING 275

7.6 BESPREKING VAN RESULTATE MET BETREKKING TOT KULTUUR- EN GESLAGSVERSKILLE TEN OPSIGTE VAN ADOLESSENTE SE VLAK VAN IDENTITEITS- EN BEROEPSIDENTITEITSONTWIKKELING 279

7.7 RESULTATE MET BETREKKING TOT DIE AARD EN KWALITEIT VAN DIE OUER-ADOLESSENTVERHOUDING 281

7.7.1 Resultate met betrekking tot hipotese 5 tot 9 en 11 tot 13 282

7.7.2 Resultate met betrekking tot hipotese 14 291

7.7.3 Resultate met betrekking tot die sake waaroor ouers en adolessente saamstem en verskil 293

7.7.4 Resultate met betrekking tot verskille tussen die moeder-adolessent- en vader-adolessentverhouding 300

7.7.5 Resultate met betrekking tot hipotese 10 305

7.7.6 Resultate met betrekking tot die redes waarom sekere adolessente geen of baie min sake en probleme met hulle moeders en/of vaders bespreek 306

7.8 BESPREKING VAN DIE RESULTATE MET BETREKKING TOT DIE AARD EN KWALITEIT VAN DIE OUER-ADOLESSENTVERHOUDING 311

7.9 RESULTATE MET BETREKKING TOT DIE VORM VAN OUERBEHEER TYDENS ADOLESSENSIE 319

7.9.1 Resultate met betrekking tot hipotese 15 en 17 tot 19 320

7.9.2 Resultate met betrekking tot verskille tussen die moeder en vader se vorm van ouerbeheer (hipotese 15 tot 19) 326

7.10 BESPREKING VAN RESULTATE MET BETREKKING TOT DIE VORM VAN OUERBEHEER TYDENS ADOLESSENSIE 329

7.11 RESULTATE MET BETREKKING TOT DIE BELANG VAN OUERS VERSUS PORTUURS 330

7.11.1 Resultate met betrekking tot die verband tussen die aard van die ouer-adolessentverhouding, vorm van ouerbeheer en adolessente se betrokkenheid by hul vriende 331

7.11.2 Resultate met betrekking tot ouers se goedkeuring van adolessente se vriende 335

7.11.3 Resultate met betrekking tot die belang van ouers versus portuurs 342

7.12 BESPREKING VAN RESULTATE MET BETREKKING TOT DIE BELANG VAN OUERS VERSUS PORTUURS 355

7.13 RESULTATE MET BETREKKING TOT ADOLESSENTE SE ERVARING VAN ADOLESSENSIE 363

7.14 BESPREKING VAN RESULTATE MET BETREKKING TOT ADOLESSENTE SE ERVARING VAN ADOLESSENSIE 365

8. GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS 367

VERWYSINGS 380

BYLAE A Erikson-skaal 393

BYLAE B Biografiese vraelys 401

BYLAE C Onderhoud met adolessent 405

BYLAE D Interkorrelasies tussen die items wat die ouer-adolessentverhouding meet 423

BYLAE E Eiewaardes van die faktore wat die ouer-adolessentverhouding definieer 424

TABELLE

Bladsy

1. Betroubaarhede van die Erikson-subskaal vir Engelssprekende, Afrikaanssprekende en Swart persone 209

2. Betroubaarhede van die Erikson-skaal vir Adolessente (15-17 jaar) 210

3. Betroubaarhede van die Beroepsidentiteitskaal 211

4. Betroubaarhede van die Beroepsidentiteitskaal vir Adolessente (15-17 jaar) in drie Kultuurgroepe in die RSA 211

5. Kultuur, Geslag en Ouderdom van die Proefpersone 216

6. Skoolstanderd van die Proefpersone 218

7. Gemiddelde Skoolpersentasie van die Proefpersone 218

8. Woonplek van die Proefpersone 219

9. Aantal Stedelike en Plattelandse Adolessente Proefpersone ... 220

10. Sosio-ekonomiese Status van die Adolessente Seuns en Meisies in die drie Kultuurgroepe 221

11. Sosio-ekonomiese Status van die Proefpersone in die drie Kultuurgroepe 222

12. Beroepsituasie van die Proefpersone se Ouers 223

13. Mate waarin Adolessente oor 'n Vertroueling Beskik 224

14. Statistiese Toetse wat uitgevoer is om die Hipoteses te toets 255

15. Varimax geroteerde faktoroplossing van die indikatore van die Ouer-adolessentverhouding 258

16. Korrelasies tussen komponente van die Ouer-adolessentverhouding en Vlak van Identiteitsvorming 261

17. Korrelasies tussen die Onafhanklike Veranderlikes en Identiteit in die Teoretiese Model in Figuur 6 263

18. Resultate van die Regressie-ontleding vir die beste Subversameling Onafhanklike Veranderlikes met Identiteit as Afhanklike Veranderlike 266

19. Korrelasies tussen die Onafhanklike Veranderlikes en Beroepsidentiteit in die Teoretiese Model in Figuur 7 270

20. Resultate van die Regressie-ontleding vir die beste Subversameling Onafhanklike Veranderlikes met Beroepsidentiteit as Afhanklike Veranderlike 273

21. F-toetse vir Kultuurverskille ten opsigte van Adolessente se Vlak van Identiteits- en Beroepsidentiteitsontwikkeling (Hipotese 1 en 3) 276

22. Korrelasies tussen Adolessente se Vlak van Identiteitsontwikkeling en Vlak van Beroepsidentiteitsontwikkeling vir die drie Kultuurgroepe 277

23. Korrelasies tussen Adolessente se Vlak van Identiteitsontwikkeling en Vlak van Beroepsidentiteitsontwikkeling vir Kultuur X Geslag 278

24. F-toetse vir Geslagsverskille binne die drie Kultuurgroepe ten opsigte van Vlak van Identiteits- en Beroepsidentiteitsontwikkeling (Hipotese 2 en 4) 279

25. t-Toetse vir Betekenisvolheid van Verskille tussen die Groepe wat ten opsigte van die Aard van die Ouer-adolessentverhouding vergelyk word (Hipotese 5 tot 9 en 11 tot 13) 283

26. F-toetse vir Kultuurverskille met betrekking tot die Aard van die Ouer-adolessentverhouding (Hipotese 5 tot 9 en 11 tot 13) ... 288

27. F-toetse vir Geslagsverskille binne die drie Kultuurgroepe met betrekking tot die Aard van die Ouer-adolessentverhouding (Hipotese 5 tot 9 en 11 tot 13) 289

28. Korrelasies tussen Konflik tussen Ouers en Adolessente en Nabyheid asook Begrip in die Ouer-adolessentverhouding vir die drie Kultuurgroepe (Hipotese 14) 291

29. Korrelasies tussen Konflik tussen Ouers en Adolessente en Nabyheid asook Begrip in die Ouer-adolessentverhouding vir Kultuur X Geslag (Hipotese 14) 292

30. χ^2 -Toetse vir Kultuurverskille en die mate waarin Adolessente en hul Moeders (M) en Vaders (V) oor sekere Sake Saamstem en Verskil 294

31. χ^2 -Toetse vir Geslagsverskille ten opsigte van die Mate waarin Adolessente en hul Moeders (M) en Vaders (V) oor sekere Sake Saamstem en Varskil 296

32. t-Toetse vir Betekenisvolheid van Verskille tussen die Moeder en Vader met betrekking tot die Ouer-adolessentverhouding vir die drie Kultuurgroepe (Hipotese 5 tot 9 en 11 tot 13) 301

33. t-Toetse vir Betekenisvolheid van Verskille tussen die Moeder (M) en Vader (V) met betrekking tot die Ouer-adolessentverhouding vir die twee Geslagte (Hipotese 5 tot 9 en 11 tot 13) ... 302

34. χ^2 -Toets vir Kultuurverskille en die Belang van die Vader en Moeder vir die Bespreking van Sake en Probleme (Hipotese 10) . 305

35. χ^2 -Toets vir Geslagsverskille met betrekking tot die Belang van die Vader en Moeder vir die Bespreking van Sake en Probleme (Hipotese 10) 306

36. χ^2 -Toetse vir Kultuurverskille en verskille ten opsigte van Redes wat Adolessente gee wanneer hulle nie hul Sake en/of Probleme met hul Ouers bespreek nie 307

37. χ^2 -Toetse vir Geslegsverskille ten opsigte van die Redes wat Adolessente gee wanneer hulle nie hul Sake en/of Probleme met hul Ouers bespreek nie 308

38. t-Toetse vir Betekenisvolheid van Verskille tussen die Groepe wat ten opsigte van die Vorm van Ouerbeheer vergelyk word (Hipotese 15 en 17 tot 19) 321

39. F-toetse vir Kultuurverskille met betrekking tot die Vorm van Ouerbeheer (Hipotese 15 en 17 tot 19) 324

40. F-toetse vir Geslagsverskille binne die drie Kultuurgroepe met betrekking tot die Vorm van Ouerheheer (Hipotese 15 en 17 tot 19) 325

41. t-Toetse vir Betekenisvolheid van Verskille tussen die Moeder en Vader met betrekking tot die Vorm van Ouerbeheer vir die drie Kultuurgroepe (Hipotese 15 tot 19) 326

42. t-Toetse vir Betekenisvolheid van Verskille tussen die Moeder (M) en Vader (V) met betrekking tot die Vorm van Ouerbeheer vir die twee Geslagte (Hipotese 15 tot 19) 327

43. Korrelasies tussen Adolessente se Betrokkenheid by Vriende en die mate van Nabyheid, Begrip en Konflik in die Ouer-adolessentverhouding vir die drie Kultuurgroepe (Hipotese 20) 331

44. Korrelasies tussen Adolessente se Betrokkenheid by Vriende en die mate van Nabyheid, Begrip en Konflik in die Ouer-adolessentverhouding vir die twee Geslagte binne die Kultuurgroepe (Hipotese 20) 332

45. Korrelasies tussen Adolessente se Betrokkenheid by Vriende en Vorm van Ouerheheer vir die drie Kultuurgroepe (Hipotese 21) . 333

46. Korrelasies tussen Adolessente se Betrokkenheid by Vriende en Vorm van Ouerbeheer vir die twee Geslagte binne die Kultuurgroepe (Hipotese 21) 334

47. t-Toetse vir Betekenisvolheid van Verskille tussen die Groepe ten opsigte van Ouers se Goedkeuring van Adolessente se Vriende (Hipotese 22 en 23) 335

48. F-toetse vir Kultuurverskille ten opsigte van Ouers se Goedkeuring van Adolessente se Vriende en die Vriende se Raad en Leiding (Hipotese 22 en 23) 338

49. F-toetse vir Geslagsverskille ten opsigte van Ouers se Goedkeuring van Adolessente se Vriende en die Vriende se Raad en Leiding binne die drie Kultuurgroepe (Hipotese 22 en 23) 339

50. t-Toetse vir Betekenisvolheid van Verskille tussen die Moeder en Vader se Goedkeuring van Adolessente se Vriende en die Vriende se Raad en leiding vir die drie Kultuurgroepe (Hipotese 22 en 23) 340

51. t-Toetse vir Betekenisvolheid van Verskille tussen die Moeder (M) en Vader (V) se Goedkeuring van Adolessente se Vriende en die Vriende se Raad en Leiding vir die twee Geslagte (Hipotese 22 en 23) 341

52. χ^2 -Toets vir Kultuurverskille en die Belang van die Saak vir die Keuse van die Persoon met wie (Ouer of Vriend) Sake en/of Probleme bespreek word (Hipotese 24) 342

53. χ^2 -Toets vir Geslagsverskille met betrekking tot die Belang van die Saak vir die Keuse van die Persoon met wie (Ouer of Vriend) Sake en/of Probleme bespreek word (Hipotese 24) 343

54. χ^2 -Toets vir Kultuurverskille en die mate waarin Adolessente die Raad en Leiding van spesifieke Persone hoog ag en of die Saak dit sal bepaal (Hipotese 25) 344

55. χ^2 -Toets vir Geslagsverskille met betrekking tot die mate waarin Adolessente die Raad en Leiding van spesifieke Persone hoog ag en of die Saak dit sal bepaal (Hipotese 25) 344

56. χ^2 -Toetse vir Kultuurverskille en die bepaling van wie se Raad en Leiding Adolessente ten opsigte van sekere Sake boog ag 346

57. χ^2 -Toetse vir Geslagsverskille ten opsigte van wie se Raad en Leiding Adolessente oor sekere Sake hoog ag 349

58. t-Toetse vir Betekenisvolheid van Verskille tussen die Groepe wat ten opsigte van Adolessente se Ervaring van Adolessensie vergelyk word (Hipotese 26) 363

59. F-toets vir Kultuurverskille ten opsigte van Adolessente se Ervaring van Adolessensie (Hipotese 26) 364

60. F-toets vir Geslagsverskille ten opsigte van Adolessente se Ervaring van Adolessensie binne die drie Kultuurgroepe (Hipotese 26) 364

FIGURE

		Bladsy
1.	Die dinamiese interaksionele siening van ontwikkeling	3
2.	'n Akkulturasiemodel	71
3.	Die psigologiese prosesse van identiteitsontwikkeling	111
4.	Diagram van Erikson se siening van die epigenese van identiteit	118
5.	'n Voorbeeld van 'n teoretiese model van die verband tussen die ouer-adolessentverhouding en identiteit	226
6.	Paddiagram van die teoretiese model wat betrekking het op die verband tussen adolessente se verhoudings met hul ouers en vriende, ervaring van adolessensie, sosio-ekonomiese status, woongebied (stedelik/platteland), skoolstanderd, skoolprestasie en identiteit	230
7.	Paddiagram van die teoretiese model wat betrekking het op die verband tussen adolessente se verhouding met hul ouers, hul ouers se beroepsituasie, hul ervaring van adolessensie, sosio-ekonomiese status, woongebied (stedelik/platteland), skool-standerd, skoolprestasie en beroepsidentiteit	235

OPSOMMING

Afrikaanssprekende blanke, Engelssprekende blanke en swart adolessente (15 - 17 jaar) in die RSA se identiteit, beroepsidentiteit, ouer-adolessentverhouding, ouerbeheer en belang van ouers versus vriende is afsonderlik, tussenkultureel en vir geslagsverskille ondersoek. Blanke en swart adolessente se vlak van identiteits- en beroepsidentiteitsontwikkeling het nie betekenisvol verskil nie. Engelse adolessente se vlak van identiteitsontwikkeling was egter laer as dié van Afrikaanse adolessente. Geslagsverskille het nie voorgekom nie. Nabyheid en begrip in die ouer-adolessentverhouding en demokratiese ouerbeheer bevorder identiteits-ontwikkeling. Adolessente se ervaring van adolessensie het ook met hul vlak van identiteitsontwikkeling verband gehou. Al die adolessente het adolessensie as 'n moeilike stadium ervaar.

Demokratiese ouerbeheer en 'n positiewe ouer-adolessentverhouding gekenmerk deur kommunikasie, begrip en nabyheid het oorwegend voorgekom. By swart adolessente is die verhouding deur 'n groter mate van verwydering gekenmerk en tree die ouers minder demokraties op, alhoewel die verhouding steeds positief is. Swart ouers word in 'n groter mate as blanke ouers as gesagsfigure bejeën. Die mate van konflik in die ouer-adolessentverhouding heïnvloed nie die positiewe aard van die verhouding nie. Blanke adolessente stem met hul ouers saam oor alle sake behalwe musiekvoorkeur. Swart adolessente verskil van hul ouers oor politiek, vermaak, seksuele gedrag en heteroseksuele verhoudings. Indien adolessente nie hul sake en probleme met hul ouers bespreek nie, word dit toegeskryf aan swak kommunikasie en verwydering.

In vergelyking met die verhouding met die vader word die verhouding met die moeder in al die kultuurgroepe deur 'n groter mate van kommunikasie, begrip en nabyheid gekenmerk. Die moeder tree ook meer demokraties op.

Blanke ouers keur adolessente se vriende en hul raad en leiding goed. Swart ouers keur hul adolessente kinders se vriende minder goed en die vriende se raad en leiding af. Adolessente in al drie kulture dui aan dat die soort saak

sal bepaal met wie hulle hul sake en probleme bespreek. Die belang ven ouers en vriende is dus aanvullend. Die raad en leiding van ouers of adolessente se eie mening word egter hoër geag as dié van vriende.

Die bevindings is verklaar aan die hand van die invloed van Westerse waardes, sosiokulturele faktore en adolessente se ontwikkelingskenmerke.

SUMMARY

Identity, occupational identity, parent-adolescent relationships, parental control and the importance of parents versus friends were investigated separately, cross-culturally and with regard to sex differences in Afrikaans and English speaking white adolescents and black adolescents (15 - 17 years) in the RSA. White and black adolescents' level of identity and occupational identity development showed no significant differences. However, English speaking white adolescents' level of identity development was lower than that of Afrikaans speaking adolescents. Sex differences did not occur. Closeness and understanding in the parent-adolescent relationship and democratic parental control promote identity development. Adolescents' experience of adolescence is related to their level of identity development. All the adolescents experienced adolescence as a difficult period.

Democratic parental control and a positive parent-adolescent relationship, characterised by communication, understanding and closeness occured predominantly. In the case of black adolescents the relationship is characterised by a greater degree of estrangement and the parents are less democratic although the relationship is still positive. Black parents are regarded as authority figures to a larger extent than white parents. The extent of conflict in the parent-adolescent relationship does not effect the positive nature of the relationship. White adolescents agree with their parents on all matters except music preference. Black adolescents disagree with their parents on politics, sexual behaviour, heterosexual relationships and entertainment. Adolescents who do not discuss certain matters and problems with their parents attribute it to poor communication and estrangement. In all cultures the mother was found to be more understanding and to act more democratic than the father.

White parents predominantly approve of their adolescent childrens' friends and their advice and guidance. Black parents are less approving of their childrens' friends and disapprove of their advice and guidance. Adolescents in all three cultures indicate that the nature of the issue will determine

with whom they will discuss issues. Parents' and friends' importance is therefore complimentary although the advice and guidance of parents or adolescents' own opinion are valued more than that of friends.

The findings were considered in relation to the influence of Western values, sociocultural factors and adolescent developmental characteristics.

1. INLEIDING

Hierdie hoofstuk bied die agtergrond waarteen die navorsing gedoen gaan word en handel dus oor adolessensie as ontwikkelingstadium. Aangesien identiteits- en beroepsidentiteitsvorming tydens adolessensie asook die ouer-adolessent- en adolessent-portuurverhouding in die blanke en swart kulture in die RSA ondersoek gaan word, is dit nodig om verskillende sienings oor die aard en betekenis van adolessensie te verduidelik ten einde adolessensie te definieer en af te baken. 'n Kort historiese perspektief oor die ontwikkeling van adolessensie as 'n stadium in die lewensiklus en die wetenskaplike bestudering van adolessensie sal vervolgens gegee word. Ten slotte sal 'n aantal belangrike teorieë oor adolessensie bespreek word om 'n meer volledige teoretiese perspektief oor die kenmerke van adolessensie en die aard van ontwikkeling tydens adolessensie te kry.

1.1 DIE AARD EN BETEKENIS VAN ADOLESSENSIE

Die term "adolessensie" is vir die eerste keer in die vyftiende eeu gebruik en is afgelei van die Latynse werkwoord *adolescere* wat beteken om "op te groei" of "te groei tot volwassenheid". Die term gee dus 'n goeie beskrywing van die tydperk in die lewensiklus van die mens wat tussen die kinderjare en volwassenheid voorkom (Muuss, 1975; Thom, 1984).

Alhoewel die gebruik van die begrip adolessensie vanaf die vyftiende eeu dateer, is die belang van adolessensie as ontwikkelingstadium eers in die twintigste eeu ten volle besef. In 1904 skryf G. Stanley Hall:

> The adolescent stage of life has long seemed to me one of the most fascinating of all themes, more worthy, perhaps than anything else in the world, of reverence, most inviting study, and in most crying need of a service we do not yet understand how to render aright. .... These years are the best decades of life. No age is so responsive to all the best and wisest adult endeavor. (Aangehaal in Haviland & Scarborough, 1981, p. 5)

1.1.1 Definiëring en afbakening van adolessensie


Baie wetenskaplikes gaan van die basiese veronderstelling uit dat adolessensie 'n afsonderlike stadium van ontwikkeling in die lewensiklus is. Hierdie

aanname word gesteun deur die argument dat, anders as by die ander stadia van ontwikkeling, adolessensie by uitnemendheid gekenmerk word deur unieke en betekenisvolle ontwikkelings en veranderings asook 'n opvallende toename in die groeitempo van die liggaam. Op grond hiervan word adolessensie dan ook beskou as 'n kritieke periode in die menslike ontwikkeling, nie net as gevolg van die belangrike biologiese, psigologiese en sosiale ontwikkeling wat plaasvind nie, maar ook omdat die adolessent as baie kwesbaar gesien word (Fein, 1978; Garrison & Garrison, 1975; Guardo, 1975; Santrock, 1984).

Benewens die definiëring van adolessensie as 'n onderskeibare ontwikkelingstadium, is dit belangrik om adolessensie ook te sien as deel van 'n kontinue groeiproses (Adams, 1980; Eisenberg, 1975). Optimale ontwikkeling tydens adolessensie is afhanklik van suksesvolle ontwikkeling tydens die baba- en kinderjare. Tydens adolessensie word die basis weer gelê vir suksesvolle volwassenheid. Verder berus optimale ontwikkeling tydens adolessensie ook op die aard van die interaksie tussen die biologiese en psigologiese vermoëns van die individu en die omgewing se stimulering of invloed. Psigologiese rypwording tydens adolessensie berus dus op die mate van kognitiewe en sosiale stimulasie vanuit die omgewing. Tydens volwassenheid moet daar weer geleenthede wees vir die kreatiewe uitlewing van die vermoëns wat tydens adolessensie ryp geword het. Adolessensie moet dus gesien word binne die totale lewenspan en ontwikkelingsiklus van die mens.

1.1.1.1 Definiëring van adolessensie vanuit verskillende oriëntasies

Die dinamiese interaksionele siening van adolessente ontwikkeling benadruk dat verandering te weeg gebring word deur die gesamentlike invloed van die verskillende vlakke van ontwikkeling, naamlik ontwikkeling op die biologiese, psigologiese, sosiokulturele en historiese vlakke. Ontwikkeling op een vlak dra byvoorbeeld nie afsonderlik by tot die adolessent se totale ontwikkeling nie, maar in interaksie met ontwikkeling op die ander vlakke. Verandering op een vlak sal ook verandering op al die ander vlakke meebring. In Figuur 1 word hierdie interaksie tussen die verskillende vlakke van ontwikkeling diagrammaties voorgestel.



Figuur 1. Die dinamiese interaksionele siening van ontwikkeling. Verandering op een vlak is terselfdertyd die oorsaak en die resultaat van veranderinge op die ander vlakke (Lerner & Spanier, 1980, p. 17).

Op grond daarvan dat menslike ontwikkeling nie net deur historiese en sosiokulturele veranderinge beïnvloed word nie, maar ook deur biologiese en psigologiese groei, wys Lerner (1982) op die volgende: As gevolg van historiese veranderinge met betrekking tot voeding, mediese versorging en gesondheidsdienste blyk dit dat menstruasie op 'n al vroeër ouderdom voorkom. Biologies kan die adolessent dus vroeër ryp word wat meebring dat ouers, onderwysers en tydgenote anders teenoor hom gaan optree en hom anders sal sosialiseer. Hierdie terugvoer vanuit die sosiale omgewing beïnvloed dan weer sy verdere psigologiese ontwikkeling soos byvoorbeeld identiteitsvorming. Die biologiese ontwikkeling van die adolessent het dus die aard van sy eie ontwikkeling bepaal.

Ontwikkeling op die biologiese en psigologiese vlakke vind egter binne 'n sosiokulturele raamwerk plaas. Sosiale vooroordeel teenoor lede van 'n minderheidsgroep kan byvoorbeeld sekere geleenthede en ervarings wat noodsaaklik is vir optimale biologiese ontwikkeling, van hul ontneem (Eisenberg, 1975). Indien die samelewing dus nie die toestande skep wat vir die optimale ontwikkeling van die adolessent noodsaaklik is nie, belemmer dit die groeipatroon van sowel die individu as daardie samelewing. Kongruensie tussen die individuele ontwikkelingskenmerke van die persoon en die eise of voorkeure van sy omgewing hou dus verband met ontwikkeling wat deur goeie aanpassing gekenmerk word.

Aangesien ontwikkeling tydens adolessensie op verskillende vlakke plaasvind, kan adolessensie op verskillende wyses gedefinieer word afhangende van die oriëntasie van die navorser of wetenskaplike. Adolessensie kan vanuit die volgende drie oriëntasies benader of beskryf word, naamlik biologies, sosiaal en psigologies.

- Biologiese oriëntasie

Volgens hierdie oriëntasie fokus die teoretikus en navorser op biologiese ontwikkelingsveranderinge wat tydens puberteit plaasvind (Rogers, 1985). Adolessensie word hiervolgens gedefinieer as die periode waartydens die primêre en sekondêre geslagskenmerke (voorplantingsvermoë) rypheid bereik en vinnige liggaamsgroei plaasvind.

Wetenskaplikes met hierdie siening van adolessensie gee veral aandag aan die rol van hormone tydens puberteit. Hulle wys daarop dat die vinnige liggaamsgroei en fisiologiese ontwikkeling van adolessente geïnisieer word deur die hipotalamus wat die pituïtêre klier aktiveer om somatotropien en gonadotrofien af te skei. Eersgenoemde veroorsaak die toename in die groeitempo van die liggaam, terwyl gonadotrofien die geslagskliere (testes en ovaria) stimuleer om androgeen (die manlike geslagshormone) en die twee vroulike geslagshormone, estrogeen en progesteroon af te skei. Androgeen en estrogeen is weer verantwoordelik vir die ontwikkeling van die sekondêre geslagskenmerke (Sebald, 1984; Thom, 1984).

- Sosiale oriëntasie

Sosiale psigoloë en sosioloë definieer adolessensie in terme van die status en rol van die adolessent in die samelewing. Hiervolgens word adolessensie gesien as 'n marginale periode in die lewensiklus, dit wil sê die individu word gesien as nòg kind nòg volwassene. Tydens die periode openbaar die adolessent soms kinderlike raaksies, terwyl hy terselfdertyd ook in staat is tot meer volwasse optredes (Forisha-Kovach, 1983; Konopka, 1973).

Die rol van die adolessent in hierdie marginale sosiale posisie word met ongedefinieerde en vae riglyne geassosieer wat onsekere en verwarde gedrag tot gevolg kan hê. Dit is dus 'n sosiale bestaan sonder 'n duidelike raamwerk vir gedrag.

Volgens die sosiale wetenskaplike is adolessensie ook 'n periode wat deur dubbelsinnige rolverwagtings gekenmerk word. Die adolessent is dikwels onseker of die situasie van hom vereis om soos 'n kind of volwassene op te tree. Hierdie onsekerheid geld egter net ten opsigte van die volwasse wêreld en nie ten opsigte van sy rol en betrokkenheid by die aktiwiteite van sy portuurgroep nie.

Die definisie van adolessensie as 'n sosiale stadium hang egter af van die invloed van historiese veranderinge en sosiokulturele faktore. In die moderne Westerse samelewing is die riglyne vir gedrag meestal vaag en dubbelsinnig en word adolessensie 'n toenemend langer periode as gevolg van die vroeëre aanvang van puberteit en langer opleidingsperiodes wat vereis word. Sommige wetenskaplikes soos Keniston (1975) onderskei selfs 'n verdere stadium na adolessensie, naamlik Jeug. Hierdie stadium sal egter net by sommige jeugdiges voorkom wat biologies en psigologies reeds volwassenheid bereik het, maar nog nie volwasse rolle soos beroepsbeoefening, om in die huwelik te tree en ouerskap vervul nie. Hulle is ook nog ekonomies afhanklik van die ouers.

Teenoor die vae riglyne met betrekking tot die adolessent se gedrag en status wat in die Westerse samelewing voorkom, word daar meer riglyne in tradisionele samelewings aangetref. Duidelike gebruike in die vorm van inisiasierites wat die einde van die kinderjare en begin van volwassenheid aandui, word in 'n meerdere of mindere mate in hierdie samelewings aangetref (Sebald, 1984).

- Psigologiese oriëntasie

Wetenskaplikes wat adolessensie vanuit 'n psigologiese oriëntasie benader, stel belang in die wyses waarop adolessente dink en voel omtrent hulself en hul wêreld, oftewel die totale persoonlikheidsontwikkeling tydens adolessensie. Volgens Konopka (1973) kan adolessensie ook gedefinieer word as 'n tydperk waartydens die individu hom wend tot 'n soeke na die self asook die emosionele en intellektuele uitreiking na sowel ander mense as idees, ideologieë, oorsake en die keuse van 'n beroep.

Die psigologiese benadering gee veral aandag aan identiteitsontwikkeling tydens adolessensie. Ten einde 'n identiteit te kan vorm, moet die adolessent sekere ontwikkelingstake uitvoer. Hierdie ontwikkelingstake behels dat die

adolessent nuwe gedragsvorme moet aanleer, nuwe idees oor homself en ander moet vorm en belangrike besluite moet neem wat die res van sy lewe sal beïnvloed. Havigburst (1972) noem in die verband die volgende ontwikkelingstake:

- Aanvaarding van die liggaamlike voorkoms en die bemeestering van 'n manlike of vroulike rol.
- Die ontwikkeling van nuwe verhoudings met portuurs van albei geslagte.
- Die bereiking van emosionele onafhanklikheid van ouers en ander volwassenes.
- Versekering van en voorbereiding vir latere ekonomiese onafhanklikheid.
- Keuse van en voorbereiding vir 'n beroep.
- Ontwikkeling van intellektuele en kognitiewe vaardighede en begrippe ten einde die verantwoordelikhede van 'n volwassene te kan aanvaar.
- Strewe na en openbaring van sosiaal verantwoordelike gedrag.
- Voorbereiding vir die huwelik en gesinsverantwoordelikhede.
- Ontwikkeling van 'n waardestelsel en lewensfilosofie in harmonie met 'n realistiese en wetenskaplike wêreldbeskouing.

Volgens Sebald (1984) word die ontwikkelingstaak, naamlik die aanleer van die manlike en vroulike geslagsrol tans nie sonder meer aanvaar nie. In die plek daarvan word die ontwikkeling van die kommunikasievermoë as 'n "nuwe" ontwikkelingstaak voorgestel. Sodanige vermoë sal die individu in staat stel om sy eie individualiteit te bevorder en ander se individualiteit te aanvaar. Meer sensitiewe sosiale verboudings sal dus aangeknoop kan word. Individuele ontwikkeling word hoër geag as die beperkende aanleer van stereotipe geslagsrolle.

Dit is belangrik om te benadruk dat die sosiale en psigologiese definisies van adolessensie mekaar komplimenteer. 'n Onkonsekwente of onsekere sosiokulturele omgewing sal byvoorbeeld die ontwikkeling van 'n stabiele identiteit bemoeilik. Die spreekwoord: "No man is an island" geld veral ten opsigte van die psigologiese ontwikkeling van die adolessent.

Een van die opvallendste ontwikkelings wat op die psigologiese vlak plaasvind, is die ontwikkeling van die vermoë om op 'n abstrakte vlak begrippe te vorm (Eisenberg, 1975). Adolessensie word dan ook gedefinieer as "die 'tyd van die dromer' en die tyd waarin teorieë gebou word - 'n stadium waarin daar gedink word oor die werklike en abstrakte en waarin 'n wêreld van moontlikhede voor die individu oopgaan" (Thom, 1984, p. 360).

Die adolessent se vermoë tot abstrakte denke en om te dink oor denke (reflektiewe abstraksie) asook sy vermoë om die moontlike teenoor die werklike te stel (hipoteties-deduktiewe denke), dra by tot sy toenemende belangstelling in nasionale en internasionale probleme (sosiaal, moreel en polities) en in die basiese betekenis en waarde van sy lewe asook van die menslike bestaan. Die idealisme van die adolessent dra verder by tot die vermoë om basiese uitgangspunte te ondersoek en te bevraagteken. Dit lei soms tot ontevredenheid met sekere basiese gegewe in die volwasse wêreld.

Volgens Eisenberg (1975) sal die versterking en bevordering van die adolessent se kognitiewe vermoë bydrae tot die ontwikkeling van 'n volwasse persoon wat die samelewing waarvan hy deel is, sal bevorder en ontwikkel. 'n Tekort aan geskikte geleenthede vir die positiewe uitdrukking van adolessente se denkvermoëns sal hul optimale ontwikkeling beperk en lei tot 'n generasie van selfgepreokkupeerde volwassenes wat nie die uitdagings van die lewe sal kan aanvaar nie.

1.1.1.2 Afbakening van die adolessente periode

Aangesien ontwikkeling 'n kontinue proses is en faktore soos biologiese, psigologiese en sosiokulturele verskille die aard en tempo van ontwikkeling beïnvloed, is dit nie moontlik om vaste ouderdomsgrense wat die adolessente ontwikkelingsperiode afbaken, aan te dui nie. In die Westerse samelewing kan die aanvangsouderdom van adolessensie byvoorbeeld wissel tussen 11 en 13 jaar, terwyl die einde van adolessensie weer tussen 17 en 21 jaar val.

Volgens Thom (1984) is dit verkieslik om die begin en einde van adolessensie in terme van sekere ontwikkelingskenmerke en binne kulturele verband te beskryf as in terme van spesifieke ouderdomme. Volgens so 'n benadering word die basiese aannames dat adolessensie tydens puberteit begin en dat puberteit universeel voorkom, meestal aanvaar.

Alhoewel biologiese ontwikkeling as die begin van adolessensie gesien kan word, wys Eisenberg (1975) daarop dat groot variasies ten opsigte van die aanvang van puberteit voorkom. Dit kan so vroeg as sewe of agt jaar begin of so laat as 17 of 18 jaar. Hierdie variasies word veroorsaak deur inherente faktore soos geslag en oorerwing en eksterne faktore soos voeding en siektes.

Die aanvang van adolessensie word in die geval van biologiese faktore dus ook deur omgewingsinvloede bepaal.

Volgens Schlegel (1977) is die siening dat die aanvang van adolessensie op grond van biologiese faktore aangedui kan word nie duidelik nie. Hy stel die vraag of adolessensie met puberteit begin of met die toename in die groeitempo en hormoonproduksie voor puberteit. Die einde van adolessensie vanuit die biologiese perspektief is selfs nog moeiliker bepaalbaar aangesien die ontwikkeling en stabilisering van die liggaam in 'n volwasse vorm geleidelik plaasvind.

Dit wil dus voorkom asof die einde van adolessensie deur minder opvallende ontwikkelingskenmerke as die begin daarvan afgebaken kan word, nie net as gevolg van die geleidelike biologiese ontwikkeling tot volwassenheid nie, maar ook omdat dit 'n kombinasie van ontwikkeling op kognitiewe, sosiokulturele, wetlike en psigologiese gebiede insluit.

Sosiokultureel gesien, eindig adolessensie geleidelik namate die individu onafhanklik en selfonderhoudend word. Dit impliseer dat hy hom verbind aan die beroeps-, opvoedkundige, seksuele, sosiale en ideologiese eise wat met volwassenheid geassosieer word volgens die samelewing en kultuur waaraan hy behoort (Forisha-Kovach, 1983).

Kognitief bereik die adolessent rypheid as hy in staat is tot abstrakte denke. Psigologies word rypheid bereik wanneer hy redelik seker van sy identiteit is, emosioneel onafhanklik van ander volwassenes is, 'n eie waardestelsel gevestig het en volwasse interafhanklike verhoudings van vriendskap en liefde kan vorm. Wetlik word volwassenheid erken wanneer die adolessent stemreg verkry (18 jaar), die ouerlike toestemming verval (21 jaar) en die persoon wetlik self verantwoordelik is vir die sluit van kontrakte (21 jaar) (Thom, 1984).

Benewens die voorafgaande kriteria vir die afbakening van die adolessente periode, moet die invloed van kultuur nie buite rekening gelaat word nie. In die Westerse samelewing bestaan daar slegs vae riglyne ten opsigte van die einde van adolessensie en die aanvang van volwassenheid. Namate die adolessent ouer word en rypheid ten opsigte van die verskillende

ontwikkelingsaspekte bereik, bereik by stelselmatig volwassenheid (Gardner, 1982). Sekere godsdienstige seremonies soos die Christen se eerste nagmaal en die Joodse *bar mitzvah* bestaan wel wat volwassenheid ten opsigte van geloof aandui. Informele tekens in die samelewing wat dui op toenemende volwassenheid bestaan ook soos die aflegging van matriek of die bereiking van die ouderdom waarop skool verlaat kan word (16 jaar). Die samelewing het ook sekere sienings en verwagtings met betrekking tot die jeug soos op watter ouderdom heteroseksuele partytjies bygewoon kan word of heteroseksuele verhoudings aangeknoop mag word. Selfs sekere tye waarop die jeugdige saans tuis moet wees, word aangedui. Namate adolessente ouer word en as meer volwasse gesien word, word hulle egter meer vryheid toegelaat.

Alhoewel daar dus informele mylpale bestaan wat die oorgang na volwassenheid in die Westerse kultuur aandui, is hierdie riglyne meestal vaag en wissel dikwels as gevolg van verskille ten opsigte van sosio-ekonomiese vlak, die ouer se opvoedingstegniek, waardes en sienings.

In sekere tradisionele samelewings (dikwels ook meer primitiewe samelewings) bestaan daar duideliker riglyne in die vorm van inisiasie rites wat die oorgang van die kinderjare na volwassenheid aandui. Hierdie inisiasie rites (puberteitsrites of *rites de passage*) neem verskillende vorms in verskillende kulture aan, maar in alle gevalle beklemtoon dit die samelewing se verwagtings van mans en vrouens ten opsigte van hul volwasse rolle. Inisiasie rites kom ook meer voor in kulture waar daar duidelik tussen die rolle en status van die kind en volwassene asook mans en vrouens onderskei word. Daar bestaan dus groter diskontinuïteit ten opsigte van die sosialiseringsproses (Forisha-Kovacb, 1983).

By die swart stamme in die RSA kom die gebruik van inisiasie rites nog voor aangesien hierdie stamme se kultuur deur tradisionele waardes en gewoontes gekenmerk word ondanks die mate van verwestering wat reeds voorkom. Tradisioneel het swart kinders in stam verband as waarnemers of deelnemers reeds kontak met die verskillende seremonies in die samelewing wat byvoorbeeld by geboortes, huwelike en die dood gehou word (Van der Vliet, 1974). So doen die groeiende kind sistematiea kennis op oor die rituele met betrekking tot sosiale verhoudings en raak by betrokke by die sosiale wêreld van die volwassene. Teen die tyd dat hy adolessensie bereik, is hy dus sosiaal reeds redelik goed toegerus vir sy toekomstige rolle. Al wat oorbly, is die

bevestiging van die oorgang na volwassenheid. By die meeste swart stamme gaan die begin van puberteit gepaard met 'n periode van intensiewe ritualisering ten einde die kind formeel as jongmens te verklaar en by die volwasse wêreld te integreer.

Die meeste swart stamme bet sekere inisiasie rites wat saamval met die eerste menstruasie by die meisie en die seun se eerste nagtelike saadstorting aangesien dit fisieke rypheid impliseer. By die Lobedu en Tsonga kry die adolessente seuns slegs 'n sekere medisyne om hulle te versterk en te beskerm. By die Zoeloe gaan die seremonie egter met meer uitgebreide rituele gepaard soos die afsondering in 'n hut vir 'n sekere tydperk. Tydens bierdie tydperk word die jong seuns onderrig met betrekking tot seksuele gedrag en die stam se wette en waardes. Tradisionele Venda seuns ondergaan ook ses dae van rituele wat gerig is op fisieke versterking. Seuns in onder andere Xhosa, Fingo, sekere Tswana stamme, Suid-Sotho, Pedi, Ndebele en Venda stamme word tydens die inisiasie tydperk besny.

Die meeste inisiasie rites vir swart meisies sluit afsondering tydens die menstruasie tydperk in (bv. by die Zoeloe en Pedi). By die Tsonga en Lobedu word bulle ook onderwerp aan sekere ontberings soos om vir lang tye in die yskoue water van 'n rivier te sit. In die algemeen word die jong meisies tydens inisiasie in die rol van die vrou, haar verpligtinge en seksuele gedrag onderrig. Aan die einde van die tydperk word daar fees gevier en simboliese handelinge soos die dra van nuwe klere en die verbranding van die hut en klere wat tydens die inisiasie tydperk gedra is, dui die einde van die kinderjare aan.

Dit blyk dat inisiasie steeds as belangrik geag word alhoewel die vorm daarvan in 'n mate verander het. Veranderings kan toegeskryf word aan die invloed van die Christelike geloof, skoolonderrig, verstedeliking en die Westerse standaarde van higiëne. Benewens sekere tradisionele inisiasie rites sal die jong persoon byvoorbeeld ook in 'n sekere kerk belydenis van geloof aflê en in die geval van hesnydenis sal 'n medies gekwalifiseerde persoon toesig hou. Die inisiasieskool sal ook op verskillende ouderdomme bygewoon word aangesien dit as gevolg van praktiese oorwegings soos skoolbywoning nie altyd geleë is wanneer die eerste menstruasie en nagtelike saadstorting plaasvind nie (Brandel-Syrier, 1978; Pauw, 1963).

Volgens Van Wyk en Kriel (1985) is die tydperk waaroor die inisiasie strek ook verkort as gevolg van werkverpligtinge en om ekonomiese redes. Anders as vroeër is dit tans ook nie meer die stamhoof wat die inisiasie skole organiseer nie, maar die ouers.

Die waarde van inisiasie is daarin geleë dat dit jeugdige persone help om aan te pas in sosiale verhoudings en om hulle rolle en status duidelik te definieer. Dit beteken egter nie die onmiddellike toetrede tot al die volwasse rolle nie - die oorgang is steeds geleidelik. Volwasse rolle en status ten opsigte van byvoorbeeld politieke, geregtelike en religieuse aangeleenthede word dikwels eers na die middeljare van volwassenheid beklee.

Uit die voorafgaande blyk dit dat die begin en die einde asook die duur van die adolessente periode in 'n groot mate deur kulturele norms bepaal word. Hierbenewens sal dit ook verskil van individu tot individu, gesin tot gesin en van een sosio-ekonomiese groep tot 'n ander binne dieselfde samelewing. Volgens Sebald (1984) kan die belangrikste tekens wat dui op die einde van adolessensie soos volg saamgevat word:

Biologies - die bereiking van fisiologiese rypheid.
Psigologies - die voltooiing van 'n aantal ontwikkelingstake en die bereiking van 'n redelike mate van sekerheid ten opsigte van 'n identiteit.
Sosiologies - die einde van die onduidelike kind/volwasse tussenstadium.
Wetlik - die bereiking van 'n sekere ouderdom wat wetlik gespesifiseer word.
Ekonomies - om selfonderhoudend te word en 'n balans tussen produksie en verbruik te handhaaf.
Tradisioneel - wanneer informele en formele gebruike die beperkings op sekere volwasse voorregte ophef.

Ontwikkeling tydens adolessensie bestaan dus uit heelwat dinamiese en interafhanklike komponente.

1.1.2 Sienings van adolessensie

In die Westerse samelewing bestaan daar 'n groot aantal verskillende sienings

van die kenmerke van die adolessente groep asook ambivalente houdings en gevoelens teenoor adolessente. Die adolessente leeftyd is ook 'n tydperk waaroor daar baie verwarring en wanbegrip bestean. Sommige navorsers en teoretici meen dat adolessente 'n afsonderlike jeugkultuur vorm wat deur positiewa en/of negatiewe eienskappe gekenmerk word, terwyl ander adolessensie in terma van sekere stereotipes beskryf of meen dat adolessensie deur spanning en konflik gekenmerk word. In die volgende afdeling sal verskillende sienings krities bespreek word asook die moontlike redes vir die bestaan van hierdie uiteenlopende sienings. Ten slotte sal die beeld van die adolessent in perspektief gestel word.

1.1.2.1 Die siening van 'n Jeugkultuur

Volgens sekere wetenskaplikes (Weiner, 1975) vorm adolessente 'n jeugkultuur wat afgesny is van die volwasse wêreld en ook daarmee in botsing kom. Die algemene kenmerke van hierdie jeugkultuur is slordigheid, seksuele promiskuïteit, dwelmmiddelmisbruik, eise vir die onmiddellike bevrediging van behoeftes, swak maniere, geen respek vir gesag en verwerping van tradisionele waardes.

Die idee van so 'n jeugkultuur spruit volgens Weiner voort uit die geskrifte van onder andere Coleman (*The adolescent society*) en Keniston (*The uncommitted: Alienated youth in American society*) wat in 1961 gepubliseer is. In latere werke soos die van Mead (*Culture and commitment: A study of the generation gap*) wat in 1970 verskyn het en die van Feuer (*The conflicts of generations*) wat in 1969 verskyn het, word die jeugkultuur-idee egter duidelik weerspreek. Laasgenoemde twee skrywers sien die kenmerke wat as eie aan die jeugkultuur beskryf word as kenmerkend van jeugvervreemding. Volgens hulle is jeugvervreemding die resultaat van 'n verbrokkelde gesinstruktuur en ouerlike gesag; 'n vinnig veranderende wêreld wat die adolessent blootstel aan ervarings wat die ouers self nie verstaan nie; die verlengde periode tussen die kinderjare en volwassenheid in 'n komplekse, tegnologiese samelewing; en die adolessent se misnoeë met 'n hiperkritiese, materialistiese volwasse generasie wat oorlog, ongeregtigheid en menslike lyding nie kan verhoed nie.

Voorstanders van die siening dat 'n jeugkultuur bestaan, meen weer dat die kultuur ontstaan omdat die adolessent slegs in sy eie groep die gevoel dat hy

"behoort" ervaar. In die groep is daar ook 'n waardestelsel waarmee hy kan konformeer. Omdat ouer persone hom nie waardeer nie en volwasse voordele ontsê, wend hy hom na sy portuurs vir status en ondersteuning en weier om op te tree, te dink of aan te trek soos die volwasse generasie van hom verwag. Soos enige ander kultuur word die jeugkultuur gekenmerk deur 'n onderskeidende stelsel van houdings, waardes en verwagtings, sekere vorme van taalgebruik en kommunikasie, kleredrag en musieksmaak asook spesifieke gedragspatrone (Dacey, 1982; Elkind & Weiner, 1978; Sarafino & Armstrong, 1980; Thom, 1984).

Ander kenmerke van die jeugkultuur is die volgende:[1]

- Die jeugkultuur is na-binne-gerig (*inward-looking*), wat beteken dat hulle vir die bevrediging van hulle behoeftes op hulself of hul portuurs steun. Die meeste van hulle helde is ook lede van die jeugkultuur.
- Tussen die lede van die jeugkultuur bestaan daar 'n psigiese gehegtheid. Aangesien die druk om met die portuurgroep te konformeer groot is, bestaan daar ook 'n sterk binne-groepsolidariteit.
- Binne die jeugkultuur bestaan daar 'n strewe na outonomiteit wat gesien kan word in die neiging om groepslede wat volwasse gesag teenstaan te bewonder.
- Besorgdheid oor die lydende party kom voor.
- Die jeugkultuur toon belangstelling in en besorgdheid oor die toekoms van die mensdom.

Binne die jeugkultuur word sekere subgroepe onderskei op grond van die aard van die lede se belangstelling in politieke en sosiale aangeleenthede en die mate waarin hulle die heersende sosiale waardes en geïnstitusionaliseerde gesag aanvaar of verwerp. Verder is die kenmerke of optredes van sommige van hierdie groepe dikwels van so 'n aard dat dit heelwat aandag trek. Subgroepe wat onderskei word, is die volgende:

- Polities-apatiese jeugdiges wat die waardes van die samelewing aanvaar en geen verandering nastreef nie.
- Vervreemde jeugdiges wat die samelewing se waardes verwerp, maar weier om betrokke te raak in pogings om dit te verander. Na hierdie groep word ook verwys as vervreemde andersdenkendes. Hulle verwerp die moderne samelewing op grond van die samelewing se ontmenslikingseffek, sy verwaarlosing van

---

[1]Gedeeltes van hierdie bespreking kom uit die skrywer se boofstuk oor adolessensie in die volgende bron: Thom, D.P. (1984). Adolessensie. In D.A. Louw, L.C. Gerdes & W.F. Meyer (Reds.), *Menslike ontwikkeling* (pp. 336-407). Pretoria: HAUM.

die estetiese en sy onvermoë om geleenthede vir selfvervulling te bied. Hulle sien die samelewing as te siek om te red en onttrek hulle dus van die samelewing.

- Die individualiste wat die sosiale orde aanvaar, maar terselfdertyd strewe om hul individualiteit te behou. Die groep staan ook bekend as die gehoorsame rebelle.
- Die konstruktiviste is aktief besig om die sosiale toestande te probeer verbeter - hulle is taak-georiënteerd. Alhoewel hulle toegewyd en entoesiasties is, oortree hulle nie die sosiale norme nie.
- Die aktiviste verwerp die sosiale waardes in 'n groter mate as die konstruktivista en wend daadwerklike pogings aan om die samelewing te "red".
- Die andersdenkendes verwerp ook die sosiale en politieke waardes, maar anders as die aktiviste is hulle nie betrokke by pogings tot konstruktiewe verandering nie. Hulle wy hulle grootliks aan protes teen hierdie waardes. Die studente-opstande en protesoptogte van die 1960's is 'n voorbeeld van hierdie jeudiges se optrede.

In die jare 1969/70 beskryf Roszak ('n historikus) en Reich ('n regsgeleerde) 'n verdere subgroep, naamlik die jeugteenkultuur. Die kenmarke van hierdie teankultuur wat deur hulle gesien word as kenmerkend van sosiale vooruitgang, is dieselfde as dié wat jeugdige vervraemding kenmerk en waaroor skrywers soos Feuer en Mead bul kommer uitspreek (Weiner, 1975).

Roszak en Reich meen dat alhoewel die revolusionêre of radikale jeugdiges van die teenkultuur 'n klein minderheid van die populasie jeugdiges uitmaak, hulle die beste in die mens verteenwoordig, dat hulle die geslag van die toekoms is en die mens se enigste hoop op oorlewing is. Adolessente in die teenkultuur verset hulle teen die totalitaristiese ontmensliking van die moderne tegnologiese samelewing; hulle bevraagteken die geldigheid van 'n konvensionele wetenskaplike wêreldbeskouing; ontken die bestaan van 'n objektiewe bewustheid of wete en stel in die plek van tegniese en industriële waardes wat hulle noem "a profoundly personalist sense of community" (aangehaal in Weiner, 1975, p. 286).

Hulle verset hulle verder teen 'n "verenigde toestand" wat die natuur en mens uitbuit, oorheers en vernietig. Hierdie toestand sien hulle as die resultaat van "Bewustheid I" wat Raich definieer as die elke-man-vir-homself- of die

oorlewing-van-die-sterkste-mentaliteit en "Bewustheid II" waar die mens se individualiteit prys gegee word. Hulle is aanhangers van "Bewustheid III" wat menslike vryheid voorstaan. Hiervolgens moet die mens bevry word van die druk om die samelewing se waardes te aanvaar sodat hy sy eie filosofie kan opbou; die individu self is die enigste ware realiteit; die absolute waarde van elke menslike wese word beklemtoon, en die begrip van voortreflikheid en waardetoekenning op grond van vergelyking of kompetisie word totaal verwerp aangesien mense nie geklassifiseer of op grond van sekere standaarde geëvalueer mag word nie.

Reich meen dat die opstand van die jeugteenkultuur, hulle kultuur, kleredrag, denkwyses en gelibereerde lewenstyl nie van verbygaande aard is nie en dat alle adolessente mettertyd deel van hierdie kultuur sal wees. Hierdie siening word ook heelwat later deur Olowu (1983) gehuldig. Hy meen dat jeugopstande, studenteprotes en die generasiegaping nie langer as kenmerke van 'n eksentrieke minderheid afgemaak kan word nie, maar dat dit simptome van 'n diepgewortelde en omvattende ongelukkigheid is.

Volgens Weiner (1975) demonstreer hierdie siening egter 'n psigologiese naïwiteit. Wetenskaplikes soos Reich en Olowu maak hulle skuldig aan veralgemening vanaf 'n klein minderheidsgroep wat nie 'n akkurate siening van die totale adolessente populasie bied nie.

Verder word die groep jeugdiges se uitdrukking van hul vrybeid gesien in onder andere hul kleredrag. Die waarheid is dat tienermodes meestal die produk van volwasse ontwerpers en produseerders is wat die jeug suksesvol oortuig dat die ware wat hulle skep "in" is. Hulle is dus verbruikers en nie die skeppers nie.

Verder word die kenmerke van die teenkultuur deur klinici gesien as die refleksie van 'n psigopatologie. Die redes hiervoor is dat die kenmerke gepaard gaan met 'n geskiedenis van interpersoonlike probleme, onderprestasie, angs en depressie, identiteitsverwarring, 'n onvermoë tot intimiteit en selfaktualisering asook algemene ongelukkigheid.

Ten einde die akkuraatheid van die siening van adolessensie as 'n afsonderlike jeugkultuur te bepaal, moet die oorvereenvoudiging ten opsigte van die aard van die jeugkultuur in oënskou geneem word. Eerstens moet in gedagte gehou

word dat die adolessente populasie uit 'n verskeidenheid van kulture bestaan. In die RSA kan baie kultuurgroepe op grond van etniese verskille onderskei word. Binne hierdie kultuurgroepe kan selfs verder tussen adolessente onderskei word op grond van sosio-ekonomiese verskille asook plattelandse en stedelike agtergronde. Adolessente kan dus nie binne die raamwerk van 'n eenvormige jeugkultuur gesien word nie (Thom, 1984).

Verder het Lipset en Raab (aangehaal in Weiner, 1975) gevind dat ongeveer 10 persent jeugdiges werklik die struktuur van die samelewing omver wil werp. Hierdie jeugdiges is meestal studente wie se ouers ook liberale politieke sienings buldig. Dié adolessente rebelleer dus nie teen die ouers se waardes en sienings soos beweer word nie. Volgens Weiner bestaan 'n deel van die ontevrede jeugdiges in die VSA ook uit swart en ander kultureel benadeelde jeugdiges wat in teenstelling met die ander opstandige jeugdiges nie die samelewingstelsel essensieel wil verander nie, maar wel hul plek en geleenthede in die stelsel.

Ten slotte moet in gedagte gehou word dat 'n groot groep adolessente uit middel- en laerklas gesinne kom. Hierdie groep is minder opvallend en steun gewoonlik die norme en waardes van die tradisionele samelewing. Die ouers is ook meestal daarop ingestel om te verhoed dat die sekuriteit en regte waarvoor hulle hard gewerk het deur adolessente ondermyn word.

1.1.2.2 Negatiewe sienings

Die ongunstige beeld van adolessensie as die "verlore generasie" dateer reeds eeue terug. Socrates het byvoorbeeld 2 350 jaar gelede geskryf dat die jeugdige geen respek vir ouer persone toon nie, weelde boog ag en tiranne in 'n huishouding is. Hy skryf verder: "They contradict their parents, chatter before company, gobble up dainties at the table, cross their legs, and tyrannize over their teachers" (aangehaal in Rogers, 1985, p. 2). In 1864 skryf Ives in aansluiting hierby dat hy die jeugdiges in New York reeds vir 10 jaar lank waargeneem het en tot die slotsom gekom het dat "even pagan Rome, in the corrupt age of Augustus, never witnessed among certain classes of the young a more utter disregard of honor, of truth and piety, and even the commonest decencies of life" (p. 2).

Selfs in die 1900's word adolessente dikwels beskryf as wild, buierig, laf, onoordeelkundig en emosioneel onstabiel. Die algemene stereotipe siening van adolessente in die 1950's en vroeë 1960's was die van 'n sorgelose, beïnvloedbare, soms emosionele en buierige individu wat vasgevang word in sentiment en 'n besorgdheid oor wêreldse dinge op 'n oppervlakkige wyse of sonder om werklik daarby betrokke te wees. Dit was veral volwessenes wat adolessente so gesien het en hulle het adolessensie dan ook beskou as 'n voor-verantwoordelike stadium.

'n Uitvloeisel van hierdie siening van adolessente was die siening dat hulle die slagoffers van die volwasse samelewing is. Hiervolgens is adolessente gesien as hulpeloos en kwesbaar. As teenvoeter hiervoor het die siening ontstaan dat die samelewing eerder die slagoffer van edolessente is. Die beeld van die adolessent wat hiervolgens geskets is, wes dié van 'n rebelse straatboef wat die samelewing wil vernietig. Adolessensie is dus gelykgestel aan jeugmisdaad (Garbarino, 1985).

In die laat 1960's het die stereotipe siening van die adolessent as 'n lui "vredeskind" ontstaan. Hiervolgens sou adolessente hulle eerder aan dwelmmiddels oorgee as om te werk of hul land te verdedig. Dwelmmiddels, seks, vrede en liefde is gesien as die waardes van adolessente.

In die laat 1970's en vroeë 1980's is 'n groter verskeidenheid van stereotipe sienings van adolessente gehuldig. Op grond van die beeld wat in die media van adolessente geskep word, lyk dit asof hulle steeds die groep is wat die meeste deur die Westerse samelewing gewantrou en die minste van gehou word (Rice, 1984). Hulle word uitgebeeld as rebels, sonder waardering, immoreel, ongemanierd, slordig, onverantwoordelik en lui. Hulle word ook gesien as persone wat meer geïnteresseerd is in plesier as volwassewording en die meeste vreugde put uit seksuele ervarings, *rock*-konserte en om na skokkende musiek te luister.

In vergelyking met volwassenes word adolessente gesien as meer ankerloos, emosioneel ontwrig, seksueel promisku, minder idealisties en meer krities van morele waardes. Hulle word dus gesien as ontkoppel van die volwasse generasie. Hierdie siening word gesteun deur bewyse aan te bied van toenemende jeugmisdaad en -vervreemding, dwelmmiddelmisbruik, tiener-

swangerskappe en 'n toenemende strewe na selfvervulling ten koste van sosiale belange en morele waardes (Conger & Petersen, 1984).

Dit blyk ook dat dit nie net volwassenes is wat adolessente negatief bejeën nie, maar dat hierdie siening ook by ouer adolessente voorkom. Die navorsing van Rogers (1985) het getoon dat ofskoon ouer adolessente skoolgaande adolessente as eerlik en soekend sien, bulle glo dat hulle verward, buierig, sinies, gefrustreerd, energiek en plesiersoekend is. Hierdie siening van die ouer adolessente kan toegeskryf word aan 'n selfvervullingsprofesie oftewel 'n reaksie op ander se verwagtings. Daar kan dus verwag word dat selfs jonger adolessente op 'n soortgelyke wyse die negatiewe sienings sal aanvaar. Rogers kom tot die slotsom dat die negatiewe stereotipes oor adolessensie so intens is en deur soveel individue geglo word dat dit navorsers, wetenskaplikes en die samalewing blind maak vir die realiteite van adolessensie. In aansluiting hierby noem Rice (1984) dat nadruk op die negatiewe kenmerke van adolessente bygedra het tot 'n groter selfbewustheid by adolessente.

Omdat hulle so gekritiseer en verwerp word, kan 'n teenreaksie in die vorm van vyandige optredes ontstaan ten einde hulself te beskerm. Die negatiewe stereotipes laat adolessente dan ook glo dat konflik met ander generasies onafwendbaar is. Volwassenes reageer weer op adolessente asof bulle al die negatiewe kenmerke beliggaam en faal om die individualiteit van die adolessent raak te sien.

As gevolg van die negatiewe sienings word adolessente ook dikwels in 'n groot mate uitgesluit van die volwasse samelewing en kry hulle beperkte geleentheid om volwasse ervarings mee te maak, om volwasse verantwoordelikhede te ervaar, volwasse voorregte te geniet of om met volwassenes oor hul idees te kommunikeer. Hierdie isolasie is ook een van die faktore wat bydra tot die verlenging van die adolessente periode omdat dit toetrede tot volwassenheid vertraag. Dit dra ook by tot die vorming van 'n subkultuur en die neiging om volwassenes te kritiseer.

Die vraag wat gestel word, is: Waarom bestaan hierdie negatiewe sienings van adolessensie? Alhoewel die volgende redes moontlike verklarings kan bied, is dit volgens Rice (1984) moeilik om onweerlegbare redes aan te dui as gevolg van die kompleksiteit van die saak.

Volgens Conger en Petersen (1984), Rogers (1985) asook Santrock (1983) spruit sommige van hierdie beskrywings van adolessente voort uit navorsing op klein groepe atipiese adolessente of studente wat uit die hoër middelklas kom. Die neiging bestaan ook om meer navorsing te doen oor abnormaliteite en afwykings wat tydens adolessensie voorkom soos dwelmmiddelgebruik, depressie en selfmoord. Die negatiewe beskrywings wat hieruit voortvloei, is dus nie op die gedrag van die meerderheid adolessente gefundeer nie, maar ongeregverdigde veralgemenings wat op grond van nie-verteenwoordigende steekproewe gemaak is.

Adelson (1979) wys verder daarop dat baie negatiewe stereotipes oor adolessente gehaseer word op die rebelse gedrag van adolessente in die 1960's. Hy meen dat daar eerder gepraat kan word van 'n veralgemeningsgaping as 'n generasiegeping. Hy skryf: "Adolescents, as a whole, are not in turmoil, not deeply disturbed, not at the mercy of their impulses, not resistant to parental values, not politically active or rebellious" (p. 37).

Volgens Rice (1984) bestaan daar min of geen navorsingsbewyse vir die siening dat adolessente bederf en onverantwoordelik, hedonisties en immoreel asook sinies en rebels is. Uit navorsing wat die gemiddelde adolessent as proefpersoon betrek, blyk dit dat die meeste adolessente hul ouers se waardes ten opsigte van godsdiens, etiek en politiek aanvaar. Hulle is ook nie voortdurend in konflik met die waardes van die ouers en die samelewing nie en daar bestaan min of geen verskille tussen die ouers en adolessente se boudings ten opsigte van kompetisie, handhawing van wetlike gesag, opvoeding en sosiale verhoudings (Fein, 1978; Santrock, 1983; Thom, 1984; Weiner, 1975).

Ongelukkig is dit dikwels so dat ongeag empiriese getuienis teen die eensydige negatiewe sienings van adolessente, hierdie sienings bly voortbestaan. Veral die nuusmedia se uitbuiting van die negatiewe sienings dra daartoe by dat die beeld in die openbare denke gevestig word (Rogers, 1985). Die jeugmisdadiger, die dwelmmiddelafhanklike, die betoger, die ongehude moeder, die adolessent wat wegloop van sy ouerhuis of wat selfmoord pleeg of hom skuldig maak aan seksuele misdrywe het ongelukkig meer nuuswaarde as die onopvallende jeugdige wat normaal opgroei, skoolgaan, aan sport en ander skoolaktiwiteite deelneem, musiek of kuns neem en in sy ouerhuis sy verpligtinge nakom. Daar bestaan dus 'n groot beboefte aan 'n gebalanseerde weergawe in die nuusmedia van die kenmerke van die tipiese adolessent.

Benewens die voorafgaande redes vir die negatiewe sienings, wys Rice (1984) ook op die moontlike aandeel van volwassenes se optredes en houdings in die ontstaan van hierdie sienings. Eerstens kan dit gebeur dat adolessente volwassenes herinner aan sake wat hulle eerder sou wou vergeet. Wanneer die ouers verder vrees dat hul kinders dieselfde foute sal maak as wat hulle in hul jeug gemaak het en die kinders ook tekens hiervan toon, word die ouers meer angstig en krities teenoor adolessente in hul pogings om dit te verhoed. Die vader wat byvoorbeeld in sy adolessente jare geneig was om verwyfd te wees, raak heangs as hy sien sy seun dra lang hare en hou van klere wat helderkleurig is. Die moeder wat voor haar huwelik swanger geword het, probeer om haar dogter te beskerm en word te streng en agterdogtig.

Tweedens kan adolessente as 'n bedreiging vir die volwassene se ego, sekuriteit en status bejeën word. Volwassenes wat nie sekuriteit het nie, handhaaf hulself deur ander as minderwaardig af te maak. Hulle voel meer volwasse deur op die onvolwassenheid van die jeugdige te fokue. Ouer werkers sien byvoorbeeld neer op jeugdige werkers wat laat blyk dat hulle meer kennis het of wat hul posisie, status en werk bedreig of wat beter opgelei en vaardiger is. Volwassenes hou in die algemeen nie daarvan om vir hul posisie met jonger persone mee te ding nie. Hulle hou verder ook nie daarvan dat hulle idees bevraagteken word nie en reageer met teenaanvalle en deur die blaam op adolessente te plaas.

Derdens is volwassenes dikwels vyandig teenoor adolessente omdat hulle die jeug van adolessente beny en met jaloesie begeer. In die moderne Westerse samelewing word jeugdigheid hoog aangeskryf en al is volwassenes hoe bekwaam en volwasse, kan hulle hierdie kenmerk nie herwin nie.

Vierdens is volwassenes dikwels bang dat hulle beheer oor adolessente sal verloor. Alhoewel die behoefte aan beheer deels gemik is op die beskerming van die adolessent, is dit ook gerig op egobevrediging en om hulle status as volwassenes te behou. Die volwassene besef ten spyte daarvan dat hy meer realisties en versigting en die adolessent minder wys en onervare is, dat die adolessent tog meer waaghalsig en idealisties is. Hierdie laasgenoemde kwaliteite van die adolessent maak die volwassene beangs en hy voel dat hy ten alle koste beheer moet behou wat dikwels lei tot die negatiewe stereotipering van adolessente.

1.1.2.3 Die siening van adolessensie as 'n stadium van "storm-en-drang"

Volgens Garbarino (1985) is 'n baie ou en gevestigde siening van adolessensie die siening dat dit 'n periode van storm-en-drang is. Hiervolgens ervaar adolessente konflik en spanning as 'n normale deel van hul ontwikkeling. Compas, Davis en Forsythe (1985) noem in hierdie verband dat baie navorsers ook die standpunt huldig dat spanning 'n inherente komponent van verandering is en tydens oorgangsperiodes ervaar word. Aangesien adolessente deur heelwat veranderings en oorgang ten opsigte van biologiese funksionering, kognitiewe ontwikkeling, sosiale rolle en sosiale omgewing gekenmerk word, sal spanning dikwels voorkom.

Die eerste empiriese navorsing wat egter getoon het dat adolessente in die moderne Westerse samelewing nie noodwendig konflik, spanning en aanpassingsprobleme ervaer nie, was die van twee sosioloë, Westley en Elkin in 1956 (Garbarino, 1985). Daarna het omvangryker studies met meer verteenwoordigende steekproewe hul bevindings geverifieer. In hul navorsing met 3 000 adolessente van oor die hele VSA het Douvan en Adelson (1966) byvoorbeeld gevind dat die tipiese adolessent eerder deur konserwatisme as opstandigheid en onrus gekenmerk word. Hulle skryf in die verband:

> The adolescent at the extremes responds to the instinctual and psychosocial upheaval of puberty by disorder, by failures of egosynthesis, and by a tendency to abandon earlier valuea and object attachments. In the normative response to adolescence, however, we more commonly find an avoidance of inner and outer conflict, premature identity consolidation, ego and ideological constriction, and a general unwillingness to take psychic risks. The great advantage of the survey technique is that it allows us to study these adolescents who make up the middle majority, who evoke neither grief nor wonder, and who all too often escape our notice. (p. 351)

Dit blyk verder dat teoretici wat adolessensie as 'n periode van konflik en spanning sien, hul menings grond op navorsing met nie-verteenwoordigende steekproewe of die waarneming van versteurde adolessente wat behandeling ontvang (Garbarino, 1985). Navorsing soos die van Offer en King (aangehaal in Protinsky & Farrier, 1980) en Kuiper en Feij (1983) met verteenwoordigende

groepe normale adolessente het geen steun vir die hipotese dat adolessensie deur storm-en-drang gekenmerk word, gevind nie.

Daar is egter ook 'n aantal studies soos die van Constantinople (1969), Dignan (1965), Howard en Kubis (1964), Stark en Traxler (1974) en Waterman en Waterman (1971) wat met normale adolessente as proefpersone wel die krisis-model van adolessensie bevestig het. Die bevindings van hierdie navorsers ondersteun die siening dat 'n identiteitskrisis tydens leat adolessensie ervaar word. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die steekproewe van hierdie navorsings uit laat-adolessente (meestal studente) getrek is. Protinsky en Farrier (1980) kon byvoorbeeld geen steun in hul navorsing met vroeë adolessente vir hierdie bevindings vind nie.

Die meeste hedendaagse psigoloë sien adolessensie nie meer as 'n periode wat noodwendig deur storm-en-drang gekenmerk word nie. Fein (1978), Garbarino (1985) en Santrock (1984) wys dan ook daarop dat navorsing meestal vind dat slegs die minderheid adolessente (± 20%) spanning en konflik ervaar. Volgens Compas et al. (1985) is adolessente as gevolg van hulle vlak van kognitiewe en sosiale ontwikkeling ook in staat om die nodige vermoëns te ontwikkeling om die effek van spanningsvolle gebeure te kan hanteer. In gevalle waar daar wel 'n krisis en spanning ervaar word, is die vloei van die lewensiklus gewoonlik versteur deur een of ander gebeure soos die dood van 'n vriend of ouer. Adolessensie moet dus eerder gesien word as 'n periode waartydens baie gebeure die individu beïnvloed soos die eerste menstruasie of nagtelike saadstorting, die eerste afspraak, gebeure in die ouer-adolessentverhouding, in die skool of pogings om 'n beroepskeuse te maak en 'n identiteit te vorm.

Verwarde gedrag wat soms tydens adolessensie manifesteer, is dikwels bloot 'n aanduiding van die frustrasie wat gewoonlik met pogings tot probleemoplossing gepaard gaan. 'n Sekere mate van spanning en konflik is dus nie noodwendig negatief nie aangesien dit die adolessent se pogings om sy plek in die samelewing te vind sonder om sy individualiteit op te offer, weerspieël (Rogers, 1985).

1.1.2.4 Positiewe sienings

In teenstelling met die negatiewe sienings van adolessente huldig ander wetenskaplikes weer positiewe sienings. Hiervolgens is adolessente meer

idealisties, eerliker, verdraagsamer, liefdevoller, verantwoordeliker, minder sentimenteel en minder promisku as wat vandag se volwassenes in hul jeugjare was. Hulle is ook minder skynheilig en gekwel oor hul seksuele houdings en waardes en is in 'n groter mate seker van hulle identiteit en ervaar minder emosionele konflik (Conger & Petersen, 1984). Hulle kan dus min van hul ouers leer en word gesien as die geslag wat die wêreld kan "red". Die beskrywing van adolessensie as die waardevolste jare ten opsigte van liggaamlike aantreklikheid, entoesiasme, vitaliteit en aktiwiteit word die "Kultus van die Jeug" genoem.

Hierdie positiewe sienings van adolessente kan egter ook nie sonder nadenke met betrekking tot die deursnee adolessent aanvaar word nie. Net soos die negatiewe en storm-en-drang sienings gee dit 'n eensydige beeld van adolessensie weer.

1.1.2.5 Die beeld van adolessensie in perspektief

Geen een van die sienings van adolessensie is geheel en al verkeerd of reg nie. Die aanvaarding van 'n enkele siening kan lei tot oordrewe en eensydige gevolgtrekkings oor die aard van adolessensie. 'n Meer gebalanseerde perspektief is dus nodig ten einde die mite van die realiteit te skei.

Wanneer daar oor adolessensie geskryf of navorsing gedoen word, moet die groot variasies ten opsigte van die individualiteit van die adolessent, sy ouderdom, geslag, kultuur en sosio-ekonomiese klas in gedagte gehou word. Die individuele persoonlikheidskenmerke van adolessente kan byvoorbeeld wissel tussen idealisties en materialisties, sensitief en gevoelloos, konserwatief en liberaal, slim en dom, optimisties en pessimisties asook onskuldig en dekadent (Rogers, 1985; Weiner, 1975).

Die adolessent word meestal beskryf deur ouer persone. Hierdie skrywers se sienings word egter beïnvloed deur hul persoonlike geskiedenis en sosiokulturele agtergrond. Omdat adolessensie ook geassosieer word met verandering hang die persone se sienings af van hul ervaring en begrip van verandering. Volgens Forisha-Kovach (1983) kan adolessensie op grond hiervan op drie maniere gesien word.

Eerstens, is daar die groep volwassenes wat verskille tussen adolessente en volwassenes benadruk. Die groep is geneig om kenmerke wat met verandering geassosieer word aan adolessente toe te ken, terwyl kenmerke wat met stabiliteit geassosieer word aan volwassenes toegeken word. Gevolglik word adolessente getipeer as buierig, emosioneel, onverantwoordelik, maar ook as spontaan, entoesiasties, hartstogtelik en lief vir plesier. Volwassenes hierenteen word gesien as rasioneel, emosioneel beheersd, verantwoordelik, nadenkend, flegmaties en te besig om vermaak te hê.

Die siening dat daar kenmerkende verskille tussen adolessente en volwassenes bestaan, dra by tot die sosiale isolering en skeiding van die twee generasies. Hierdie skeiding veroorsaak dat kontak met en inligting oor mekaar beperk is wat toenemende stereotipering van die twee groepe tot gevolg het. Veral met betrekking tot adolessente is mense geneig om hierdie stereotipes te aanvaar en daarvolgens op te tree.

Tweedens is daar diegene wat ooreenkomste tussen hulself en adolessente benadruk. Dié volwassenes sien hulself in 'n proses van verandering en identifiseer dus met adolessente sonder om hulle behoefte aan stabiliteit te erken. Hierdie volwassenes probeer hul eie jeug behou deur soos adolessente op te tree.

Die volwassenes wat verskille en dié wat ooreenkomste tussen hulself en adolessente benadruk, kom in een opsig ooreen en dit is dat albei 'n deel van hulle innerlike ervaring ontken en adolessensie nie in perspektief sien nie. Die realiteit dat volwassenheid die moontlikheid inhou om sowel die opwinding van die jeug as die toenemende wysheid van die volwassene te ervaar, word nie besef nie.

Derdens is daar diegene wat sowel die ooreenkomste as verskille tussen volwassenes en adolessente raaksien. Benewens die ooreenkomste ten opsigte van verandering, sien hulle ook die verskille raak, naamlik dat die volwassene meer verantwoordelikhede dra, die voordeel van sy meerdere ervaring het en andersoortige ontwikkelingstake het. Hierdie benadering lei ook tot 'n meer gebalanseerde siening van die adolessent.

Die verskillende sienings van adolessente spruit dus voort uit verskille ten opsigte van basiese aannames oor adolessente se kenmerke. Die verskille

spruit ook voort uit verskille tussen navorsers se wetenskaplike agtergronde en die metodes wat gebruik word om menslike ontwikkeling te bestudeer. Die verskillende sienings het verder betrekking op verskillende aspekte van ontwikkeling. 'n Enkele siening of teorie is dus onvolledig. Ten einde 'n beter geïntegreerde en gebalanseerde beeld van die adolessent te kan hê, moet hierdie aspekte geïntegreerd waargeneem word. Een enkele siening of teorie kan nie die diversiteit van ontwikkeling tydens adolessensie of die adolessent se kenmerke beskryf of verklaar nie (Garrison & Garrison, 1975; Rice, 1984).

'n Enkele beeld van die adolessent kan ook nie vasgepen word nie omdat dit varieer ten opsigte van historiese tydperk en sosiokulturele omstandighede. So is die jeug van die 1950's gesien as passief, dié van die 1960's as vervreemde en ontevrede anargiste en dié van die 1970's en 1980's as meer sober en besorgd oor hul toekoms.

Volgens Weiner (1975) sluit 'n meer gebalanseerde beeld van die adolessent die volgende in:

- Adolessente verwarring kom nie dikwels voor nie en indien dit wel voorkom, dui dit eerder op 'n psigopatologiese toestand as op 'n normale ontwikkelingspatroon.
- Die meeste adolessente vorm hul identiteit geleidelik sonder groot versteurings in die kontinuïteit van hul selfkonsep en gedragspatroon.
- Die meeste adolessente respekteer hul ouers, wil soos hulle wees en handhaaf 'n relatief harmonieuse verhouding met hulle en ander volwassenes.
- Die meeste adolessente voel dat hulle 'n integrale deel van die gemeenskap uitmaak.
- Die meeste adolessente besef die belang van vordering en prestasie in hulle studies en stel nie ontspanning en die onmiddellike bevrediging van hul behoeftes eerste nie.

Ten slotte is dit ook belangrik om in gedagte te hou dat die verskillende sienings en navorsingsbevindings meestal op adolessente in die VSA en Europe betrekking het. Die vraag kan gestel word of sodanige bevindings en sienings ook op Suid-Afrikaanse adolessente van toepassing is. Hierbenewens bestaan daar in die RSA 'n groot aantal kultuurgroepe wat grootliks van mekaar verskil.

1.2 HISTORIESE PERSPEKTIEF

Adolessensie as ontwikkelingstadium is 'n produk van die moderne beskawing. Dit ontbreek dus aan die universaliteit en natuurlikheid wat inherent deel vorm van die kinderjare en volwassenheid. Die samelewings waar adolessensie die opvallendste voorkom, is gewoonlik die in stedelike industriële gebiede. Om dus die ontstaan en die ontwikkeling van adolessensie as 'n stadium in die lewensiklus en die psigologie van adolessensie na te gaan, moet die toestande voor, tydens en na die industriële omwenteling (1760-1850) in ag geneem word.

1.2.1 Die tydperk voor die Middeleeue

Verwysing na die onderskeidende kenmerke van adolessente het lank voor die opkoms van die Christendom reeds in geskrifte van die Egiptenare voorgekom. Selfs in die tyd van die Antieke Grieke is daar in filosofiese geskrifte na sekere kenmerke van jeugdige persone verwys (Conger & Petersen, 1984; Muuss, 1975).

Volgens Plato kan daar drie fasette in die menslike "siel" onderskei word, naamlik begeerte, gees en rede (Santrock, 1984). Van die drie ontwikkel rede eers tydens die stadium wat vandag as adolessensie bekend staan. Tydens die kinderjare moet onderrig dus fokus op musiek en sport en eers tydens die jeugjare op wetenskap en wiskunde wanneer rasionele denke voorkom. Gedurende die kinderjare ontwikkel die individu se karakter en in die jare daarna sy intellek. Hy verwys ook na ander kenmerke van die jeugdige persoon soos sy entoesiasme om te argumenteer (Conger & Petersen, 1984).

Ongeveer 2 300 jaar gelede het Aristoteles die menslike lewe in die volgende ontwikkelingsperiodes verdeel: kinderjare (geboorte tot sewe jaar); jongensjare (sewe jaar tot puberteit); manlike jeugjare (puberteit tot 21 jaar). Aristoteles se beskrywing van die kenmerke van die jeugdige persoon kom in baie opsigte ooreen met die beskrywings wat hedendaagse sosioloë en psigoloë van adolessente gee. Hy sien die jeugjare ook as 'n stadium waartydens die vermoë om keuses te maak, ontwikkel. Hierdie siening kom ooreen met die huidige siening dat die adolessent in staat is om alternatiewe moontlikhede te ondersoek en dan 'n keuse te maak.

1.2.2 Die Middeleeue (± 476-1453 n.C.) en die Sestiende en Sewentiende Eeue

Tydens die Middeleeue was die begrippe van die kinderjare en adolessensie soos dit vandag bestaan grootliks onbekend. Kinders tussen vyf en sewe jaar is in die volwasse wêreld opgeneem omdat hulle dan reeds sekere volwasse funksies moes verrig (*Developmental Psychology Today*, 1971; Santrock, 1984).

Individue in die Middeleeue het soms geskiedenis gemaak op 'n ouderdom waarop die moderne tiener nog op hoërskool is. Edward, die Swart Prins, het op 16 jaar die Geveg van Crécy gelei, terwyl Jeanne d'Arc op 17 jaar Orleans van die Engelse verower het (Sebald, 1984).

Teen die sestiende eeu het daar 'n pseudowetenskaplike belangstelling in die stadia van die lewe onstaan. 'n Voorbeeld hiervan word gevind in *Le grand propriétaire de toutes choses* wat in 1556 gepubliseer is. Hierin word die jeugjare gesien as die "derde leeftyd" na die baba- en kinderjare. Meningsverskil bet ook bestaan oor die einde van die derde leeftyd. Volgens een benadering het dit geëindig op 21 jaar en volgens 'n ander benadering kan die tydperk voortduur tot 35 jaar. Hierdie idee van 'n verlengde tydperk herinner sterk aan die hedendaagse siening van 'n verlengde adolessensie of die psigososiale moratorium (Conger & Petersen, 1984).

In die sewentiende eeuse geskrif *The office of Christian parents* word die lewenspan in ses stadia verdeel. Die derde stadium is jeug (14-28 jaar). Die grense van die lang oorgangsperiode reflekteer moontlik die sosiale en ekonomiese omstandighede van hierdie tyd. Jeugdiges uit veral die laer sosio-ekonomiese klas het meestal op 14 jaar om ekonomiese redes hul ouerhuise verlaat en as bediendes in 'n huishouding gaan werk, as vakleerlinge by 'n leermeester tuisgegaan of as studente geloseer. Hierdie skeiding van jeugdiges van hul gesinne het volgens Grinder (1978) gelei tot die vroegste bewuswording van 'n stadium tussen die kinderjare en volwassenheid aangesien die jeugdiges nie as volwassenes beskou is nie.

Die ouer jeugdige van ongeveer 22 jaar wat reeds sy vakleerlingskap voltooi het, het dikwels nog nie 'n vaste betrekking gehad nie, was ongetroud en het in sy leermeester se huis gewoon. Die gemiddelde ouderdom waarop mans in die sewentiende eeu in die huwelik getree het, was ook eers op 27 jaar (Conger & Petersen, 1984).

In die sewentiende eeu is die jeugdige persoon beskryf as wispelturig, ydel, ongevestig, vatbaar vir die invloed van sy portuurs, onredelik en onbekommerd oor die erns van die lewe. In 'n meer positiewe lig is hierdie tydperk gesien as die "beste tyd van die lewe". Die jeugdige is beskryf as 'n persoon met skerp sintuie, 'n goeie geheue, lewenskrag en geesdrif (Grinder, 1978).

Die grootste gevaar vir die jeugdige is gesien as sondigheid en religieuse bekering as 'n teenvoeter. 'n Bewustheid van die psigologiese kompleksiteit en spesiale behoeftes van die adolessent soos dit vandag bekend is, was grootliks afwesig.

1.2.3 Die Industriële tydperk (1760-1850)

Tydens die agtiende eeu het belangrike sosiale veranderinge as gevolg van industrialisasie en verstedeliking ingetree. Aanvanklik het veral industrialisasie bygedra tot die verdere verswakking van die kind se posisie aangesien kinders as goedkoop arbeiders in die industrieë gebruik is.

Sosiale hervormers het egter begin besef dat die kind nie in staat was om die werk te verrig wat van hom vereis is nie. Jean Jacques Rousseau, 'n Franse filosoof, het meer as enige ander persoon bygedra tot die bewuswording van die feit dat die kind nie 'n "klein volwassene" is nie. In 1762 publiseer hy sy boek *Émile* waarin hy vier stadia in die menslike ontwikkeling onderskei, naamlik: suigelingjare (4-5 jaar); "wilde barbaar"-tydperk (5-12 jaar); derde stadium (12-15 jaar) waartydens die rede en selfbewussyn ontwikkel en 'n toename in fisieke energie voorkom; vierde stadium (15-20 jaar) waartydens emosionele rypheid en morele waardes ontwikkel en belangstelling in die self verskuif na ander persone (Santrock, 1984). Hy sien adolessensie as 'n tweede geboorte en sê: "We are born, so to speak, twice over; born into existence, and born into life; born a human being and born a man" (aangehaal in Bakan, 1975, p. 342). Rousseau se idees oor adolessensie was egter baie spekulatief en filosofies.

As gevolg van toenemende industrialisasie het jeugdiges na die industriële gebiede verhuis op soek na werk en hoër lone. Dit het gelei tot die ontstaan van 'n groep stedelike jeugdiges.

Die jeugdiges het gou begin besef dat die beroepe wat die minste skoling vereis ook die minste vooruitsigte gebied het. Hul posisie het ook versleg wanneer hulle die ouderdom van 17 tot 18 jaar bereik het en volwasse vergoeding begin verwag het. Hulle is dan net vervang met jonger persone (Conger & Petersen, 1984; Grinder, 1978).

Namate die belang van opleiding toenemend besef is, het die aantal skole en kolleges in die agtiende en negentiende eeue vinnig vermeerder. Onderrig het minder onverskillig en meer georganiseerd geword. Die ouerdomsgrense vir onderrig op 'n sekere vlak is ook grootliks verklein. Hierdie skeiding van ouderdomsgroepe en die omlyning van 'n spesifieke patroon van verwagtings en eise aan 'n sekere ouderdomsgroep tesame met die toenemende isolering van die jeugdige van die volwassene in die arbeidswêreld het die grondslag gelê vir die eerste duidelike afbakening van 'n adolessente stadium met sekere ouderdomsgrense. Teen 1880 is adolessensie as 'n sosiaal betekenisvolle en psigologies komplekse ontwikkelingstadium onderskei.

Die tempo van industrialisasie het gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu toegeneem en die stedelike tegnologiese samelewing wat tot stand gekom het, het die sosiale opset so verander dat vroeëre norme ten opsigte van die jeugdige se gedrag nie meer toepaslik was nie. Dit het noodwendig bygedra tot 'n toename in drankmisbruik, seksuele vryheid, rondlopery en vervreemding. Wetgewing om hierdie gedrag te bekamp, het verder daartoe bygedra om die adolessente periode af te baken.

In hierdie tyd was die gaping ten opsigte van ekonomiese geleenthede tussen laer- en middelklas adolessente opvallend groot. Ouers uit die middelklas het hul kinders so opgevoed dat hulle verseker van 'n beroep sou wees. Hierdie wyse van opvoeding het passiwiteit en konformering met sosiale standaarde by hierdie groep adolessente bevorder. Jeugdiges het ook langer skoolgegaan en naskoolse opleiding wat veral vir die middelklas jeugdige beskore was, het adolessensie verder afgebaken en verleng (Santrock, 1984).

In 1878 is verpligte onderwys vir kinders in Engeland ingestel en aan die einde van die negentiende eeu is skoolonderrig tot 16 jaar ook in Amerika verpligtend gemaak. Verpligte onderwys het verder daartoe bygedra dat volwasse rolle eers op 'n latere stadium aanvaar kon word en dat die bestaan van 'n periode tussen die kinderjare en volwassenheid al hoe duideliker beslag gekry het (Bakan, 1975; Sebald, 1984).

1.2.4 Die era van adolessensie (1900+)

Teen 1900 het die "era van adolessensie" begin. Conger en Petersen (1984) haal vir Philippe Aries aan wat die volgende hieroor sê: "It is as if, to every period of history, there corresponded a privileged age and a particular division of human life: 'youth' is the privileged age of the seventeenth century, childhood of the nineteenth, adolescence of the twentieth" (p. 9).

1.2.4.1 Die invloed van G. Stanley Hall (1844-1924)

Voor 1900 was die beskrywing van die lewensiklus en adolessensie suiwer spekulatief. Die wetenskaplike bestudering van adolessensie het eers in 1904 sy beslag gekry met die publikasie van Hall se werk van twee volumes, *Adolescence*. Op grond van hierdie publikasie word hy dan ook tereg beskou as die vader van die psigologie van die adolessent (Thom, 1984).

Hall se denke is grootliks beïnvloed deur die sienings van Charles Darwin in sy evolusieteorie. Hy brei Darwin se teorie van biologiese evolusie uit na 'n psigologiese taorie van rekapitulering. Rekapitulering is die idee dat elke individu se ontwikkeling (ontogenie) die ontwikkelingspatroon van sy spesie herhaal (filogenie). Verandering of ontwikkeling wat die menslike lewensiklus kenmerk, is dus 'n herhaling van die verandering wat tydens die menslike evolusie plaasgevind het.

Verder aanvaar Hall ook die siening dat historiese ervarings van 'n spesie deel van sy genetiese struktuur word. Alle ontwikkeling word dus beheer deur genetiesbepaalde fisiologiese faktore en die invloed van omgewingsfaktore is aanvanklik minimaal (Garrison & Garrison, 1975; Lerner & Spanier, 1980; Liebert & Wicks-Nelson, 1981; Santrock, 1984).

In ooreenstemming met die vier ontwikkelingstadia van die menslike spesie (dier, mensaap, half-barbaar en beskaaf) onderskei Hall (Dacey, 1982; Rice, 1984) vier ontwikkeligstadia in die lewensiklus, naamlik:

- **Kleinkindertyd of babajare (1-4 jaar).** Hierdie stadium kom ooreen met die stadium van die dier en die belangrikste ontwikkeling wat plaasvind, is die ontwikkeling van sensories-motoriese vaardighede.

- Kinderjare (5-7 jaar). Die stadium kom ooreen met die tydperk in menslike evolusie wat gekenmerk word deur grotbewoning, jag, visvang en 'n nomadiese lewenswyse. Die kind se speletjies herinner byvoorbeeld sterk aan die tydperk. Verder ontwikkel sy taal en sosiale interaksie vinnig.
- Jeug (8-12 jaar). Hiertydens rekapituleer die kind se ontwikkeling die barbaarse en landboutydperk, maar deur hom te dissiplineer, kan hy leer lees, skryf, teken en berekenings doen.
- Puberteit (13-24). Hierdie stadium kom ooreen met die oorgangstadium tussen die barbaarse en beskaafde stadia. Teen die einde van die tydperk het die individu rypheid bereik.

Darwin het gemeen dat die barbaarse impulse tydens die oorgangstadium met die beskaafde impulse in konflik kom. Volgens Hall word 'n soortgelyke konflik deur die adolessent ervaar. Adolessensie word dus gekenmerk deur wisselende emosies en houdings. Hierbenewens sien Hall adolessensie as 'n periode waarin individualiteit ontwikkeling en omskryf dit as 'n bergeboorte waarna hoër en komplekser menslike kenmerke manifesteer (Adams, 1980).

Hall het egter nie volstaan met 'n beskrywing van die adolessent nie, maar wys verder daarop dat namate die einde van die adolessente tydperk aanbreek genetiese beheer oor die adolessent se fuksionering ook afneem. Verdere ontwikkeling berus in 'n groter mate by die individu en sy samelewing met ander woorde dit word selfgerig en die invloed van die omgewing word erken (Kastenbaum, 1979).

Hall het geglo dat indien adolessente korrek gelei en aangemoedig word hulle sal ontwikkel tot "a new elite that would create a collective society in which mankind could be directed towards evolutionary perfection" (aangehaal in Conger & Petersen, 1984, p. 10). Hy is dan ook van mening dat die samelewing die beste geleenthede moet skep vir die elite adolessente wat oor die beste geestelike en liggaamlike vermoëns beskik, terwyl die gemiddelde adolessent net genoeg geleenthede moet kry om bevredigend in die volwasse lewe aan te pas (Kastenbaum, 1979).

Volgens Rice (1984) kan die volgende kritiek teen Hall se teorie ingebring word:

- Sy biologies-genetiese verklaring van gedrag laat nie voldoende ruimte vir die rol van omgewingsinvloede nie.
- Gedrag wat in sekere stadia vertoon word, word gesien as universeel, onveranderlik en voorafbepaal deur biologiese dryfvere. Kulturele antropoloë het hierdie siening as verkeerd bewys.
- Hall glo dat ouers sosiaal onaanvaarbare gedrag moet toelaat en verdra aangesien ontwikkeling inherent beheer word wat veroorsaak dat kinders en adolessente spontaan van die een na die volgende stadium ontwikkel. 'n Probleem wat hieruit voortspruit, is dat die regte van ander ontken kan word en onmenswaardige gedrag die norm kan word.
- Die ervaring van storm-en-drang tydens adolessensie word oorbeklemtoon en gesien as onvermydelik. Resente navorsing toon dat individuele en kulturele verskille voorkom en dat die meerderheid adolessente nie storm-en-drang ervaar nie.

Conger en Petersen (1984) wys daarop dat ondanks die kritiek op Hall se teorie sy stellings die basis gevorm het vir die verdere ontwikkeling van die psigologie van adolessensie en vir 'n diepere ondersoek van belangrike teoretiese en empiriese vrae in die veld van die psigologie. Kastenhaum (1979) meen ook dat "the vigor and breath of his approach helped create a cultural atmosphere in which what teenagers think, feel, and do is considered to be especially important" (p. 445).

1.2.4.2 Adolessensie: Die eerste helfte van die twintigste eeu

Hall se werk het gedurende die beginjare van die twintigste eeu daartoe gelei dat adolessensie gesien is as 'n periode wat gekenmerk word deur die ontdekking van die self. Hierdie ontdekking van die self het dia volgende fasette van adolessente psigologie na vore gebring:

- Die ontdekking van die liggaam en sy seksuele dryfvere en daarmee saam 'n selfbewuste onsekerheid oor die liggaam.
- 'n Romantiese bekommernis oor asook hoop vir die toekoms van die self.
- 'n Behoefte aan onafhanklikheid en om self keuses te maak.
- 'n Behoefte om gebeure subjektief te ervaar en so die self te ontdek (Kohlberg & Gilligan, 1971).

Die eerste betekenisvolle publikasie oor adolessensie wat na die werk van Hall verskyn het, was die van L. Hollingworth wat in 1928 gepubliseer is (Rogers, 1985). Hieruit blyk dit dat ofskoon die psigologie van adolessensie reeds aan die begin van die twintigste eeu as wetenskap sy beslag gekry het, dit eers in die laat 1920's momentum begin kry het.

Ander faktore wat gedurende die 1920's bygedra het tot toenemende belangstelling in adolessensie was die invloed van die *Roaring Twenties*. Die atmosfeer van plesier en vrolikheid wat gedurende hierdie tyd geheers het, het daartoe bygedra dat passiwiteit en konformiteit met volwasse leierskap vervang is met toenemende outonomiteit en konformiteit met portuurwaardes. Meer permissiewe heteroseksuele verhoudings het ook begin ontwikkeling (Santrock, 1983).

Hierbenewens het die toenemende verstedeliking en immigrasie gedurende die 1920's navorsers se aandag op die gevolge van sosiale disorganisasie gevestig. In die studies tydens die 1930's het navorsers veral aandag gegee aan die sosiale behoeftes van adolessente en die probleme wat as gevolg van werkloosheid en gesinsdisorganisasie ontstaan het. Daar is ook aandag gegee aan die invloed van hioskoop en die radio op jong mense (Elder, 1980).

Volgens Santrock (1983) het adolessensie skaars 'n tydperk van plesier begin word toe die Groot Depressie in die 1930's gevolg deur die Tweede Wêreldoorlog aanbreek. Ekonomiese en politieka besorgdheid het in die plek van die hedonistiese adolessente waardes van die 1920's gekom. Radikale protesgroepe het gedurende die 1940's toegeneem en as gevolg van militêre diens in ander lande het adolessente 'n breër perspektief oor die lewe begin kry en ook 'n groter gevoel van onafbanklikheid.

Na die adolessente van die 1950's word weer verwys as die *silent generation*. Vir adolessente was die lewe nou redelik gemaklik en daar is gestrewe na hoër kwalifikasies ten einde 'n goeie beroep te kry, in die huwelik te tree en met 'n gesin te kan begin. Skoolbywoning in die VSA het tot meer as 80 persent gestyg (Elder, 1980). Gedurende hierdie tyd het die hoërskool dan ook die kern van jeugaktiwiteite geword en heelwat studies is aan adolessente subkulture en die invloed van die portuurgroep gewy.

Jeugdiges van die 1950's het grotendeels met die samelewing se norme gekonformeer en min emosionele spanning en konflik ervaar. Jong seuns het hul identiteit rondom hul beroep gedefinieer. Jong meisies het weer hul identiteit rondom suksesvolle interpersoonlike verhoudings wat tot 'n huwelik sal lei, gevorm. Volgens Guardo (1975) is daar dus met die samelewing se geslagsrolvoorskrifte en -verwagtings gekonformeer.

1.2.4.3 Adolessensie: Die 1960's tot middel 1980's

Die beeld van die jeugdiges van die 1960's weerspieël die toenemende sosiale onrus van die tyd. Alhoewel die strewe na hoër kwalifikasies en opleiding van die 1950's voortgesit is, het studente begin rebellear teen bestaande sosiale instellings soos militêre stelsels, kerklike instellings, die howe en skoolstelsels. Politieke protes, rassekonflikte, dwelmmiddelmisbruik en seksuele permissiwiteit het ook toegeneem (Guardo, 1975; Santrock, 1983).

Belangstelling in die psigologie van adolessensie het volgens Rogers (1985) verder toegeneem om die volgende redes:

- Die babas wat tydens die *baby boom* na die Tweede Wêreldoorlog gehore is, bet adolessensie bereik midde die sosiale onrus van die 1960's. 'n Opvallende groot aantal jeugdiges het dus meegedoen aan byvoorheeld aktivistiese optredee wat noodgedwonge die aandag van wetenskaplikes op hulle gevestig het.
- Die Vrouebeweging het die aandag gevestig op die professionele aspirasies van jong vrouens. Kennis van die periode voor die jeugdige se toetrede tot 'n beroep (m.a.w. adolessensie) het dus nodig geword ten einde die identiteit van die vrou te kon verstaan.
- Longitudinale studies het aan die lig gebring dat die populêre siening dat vroeë ontwikkelingservarings die individu se verdere ontwikkeling permanent bepaal, nie noodwendig waar is nie. Die resultate van hierdie studies het getoon dat ontwikkeling tydens al die stadia belangrik is, dat vroeë negatiewe ervarings nie noodwendig onoorkombare bindernisse is nie en dat ander invloede soos biologiese rypwording asook sosiale en kulturele faktore ook 'n bepalende rol speel. Dit het gelei tot die siening dat ontwikkeling tydens adolessensie baie dimensies het en interaksioneel en dinamies is.

Teen die middel van die 1970's is die radikale protes van adolessente vervang deur 'n toenemende strewe om deur middel van harde werk op skool, kollege of universiteit 'n beroep met 'n hoë status te kan beklee. Materiële belangstellings het adolessente se motiewe begin oorheers. Die protes van die Vrouebeweging het 'n hoogtepunt bereik en vrouens het toenemend tot die arbeidsveld toegetree (Santrock, 1983).

As gevolg van die langer opleidingsperiode het die adolessente periode sodanig verleng dat al hoe meer skrywers adolessensie in twee of drie stadia begin verdeel het, byvoorbeeld vroeë adolessensie (12-16 jaar) en laat adolessensie of jeug (17 jaar tot die middel of laat twintiger jare) (Schiamberg & Smith, 1982).

Volgens Kohlberg en Gilligan (1971) het daar teen die 1970's 'n dieper vorm van bevraagtekening by die adolessent ontstaan. Dit het by 'n sekere groep adolessente soos die hippie en revolusionêr (*New Left*) aanleiding gegee tot die ontstaan van 'n teenkultuur wat nie meer geglo het in die vooruitgang van die samelewing nie. Die groep wou nie toetree tot die volwasse wêreld of die volwasse samelewing verander nie. Vroeër is die sosiale vorme van gesag, mededingende prestasie en die kerngesin wel deur radikale adolessente bevraagteken en is daar gedroom van 'n meer egalitêre en gemeenskapsamelewing.

Die realiteite van die sosiale funksies van werk, kinders grootmaak en 'n georganiseerde sosiale orde is egter nooit bevraagteken nie. Met die ontwikkeling van die nuwe etiek van bevolkingsbeheer en die Vrouebeweging het die belangrikste funksies van volwassenheid, naamlik om 'n ouer te wees onder die soeklig gekom. Dit het in die 1970's gelei tot die bevraagteken van die sosiale orde self.

Wetenskaplikes het dus daarvan bewus geword dat adolessente deur 'n dieper vorm van soeke en bevraagtekening gekenmerk word. Hierdie bevraagtekening word geïmpliseer deur die identiteitskrisis wat Erik Erikson in sy teorie oor adolessensie beskryf. Dit word ook geïmpliseer deur Piaget se beskrywing van die adolessent se filosofiese vertwyfeling oor waarheid, goedheid en die realiteit.

Noshpitz (1970) skryf dat individue wat die morbiede tydperk van die Groot Depressie deurleef het, in die 1970's as ouers alles aan hulle kinders probeer voorsien het en al hulle behoeftes probeer bevredig het in reaksie op alles wat hulle in hul kinderjare ontneem is. Die resultaat hiervan was dat die kind en adolessent van die laat 1970's oorgestimuleer geraak het. Hulle was ook later so gewoond daaraan om weinig frustrasie te ervaar en dat al hulle behoeftes bevredig is dat hulle tydens laat adolessensie en volwassenheid moeilik aangepas het by die realiteit van beroepseise, eise om produktief te wees en om in interpersoonlike verhoudings te gee en te deel.

Alhoewel die meeste hedendaagse jeugdiges nie meer as aktivistiese rebelle gesien word nie, wys Rice (1984) daarop dat jeugdige idealisme steeds teenwoordig is. Hulle is nog begaan oor sosiale strydvrae soos dwelmmiddelmisbruik, kernwapens, die energiekrisis, werkloosheid, vroue bevryding, materialisme en besoedeling. Hulle toon veral besorgdheid oor lydende en onderdrukte persone.

Die jeugdiges van vandag ontwikkeling in 'n prestasie-georiënteerde wêreld. Om te presteer word 'n belangrike lewenswaarde en die belang van die realisering van die mens se potensiaal word beklemtoon (Grinder, 1978). Waardes wat verband hou met die gevoel om iets te bereik, selfrespek en wysheid word hoog aangeskryf.

Hierdie oriëntasie het die verwagting by adolessente geskep dat werk persoonlike betekenis inhou, geleenthede bied vir kreatiewe uitdrukking en om 'n betekenisvolle bydrae tot die samelewing te maak. Die realiteit waarvoor die adolessent te staan kom, is dat selfrealisering in 'n beroep nie vanselfsprekend is nie en dat die aantal betekenisvolle werkgeleenthede afneem. Werkgeleenthede neem af as gevolg van moderne wetenskaplike ontwikkeling wat ouer metodes wat werkgeleenthede voorsien het, uitgedien laat raak. Hierbenewens is die aantal jeugdiges besig om toe te neem wat die beskikbaarheid van werkgeleenthede al hoe meer beperk.

Die sosiale realiteit en die eise wat aan die adolessente gestel word om sy potensiaal te ontwikkel en bom vir 'n sekere beroep te bekwaam, is dikwels inkongruent. Hierdie teenstrydigheid dra daartoe by dat baie jeugdiges se

vaardighede en kwalifikasies nie voldoende benut word in die tipe werk wat hulle uiteindelik moet doen nie. So 'n situasie kan lei tot wanhoop, sinisme, verveeldheid en selfs vervreemding.

Slegs die minderheid persone bet die nadelige effekte van die toenemende tegnologie in die 1960's en 1970's besef. Die aanvaarding van 'n tegnologiese lewenswyse is beklemtoon en leerstellings van onafwendbare vooruitgang en menslike opheffing het voorrang geniet. In die 1980's het daar egter 'n groter bewustheid begin ontstaan van die newe-effekte van die tegnologie soos oorbevolking, ekologiese rampe, siektes, die moontlikheid en gevolge van kernoorloë asook die resultate van gesofistikeerde wapentuig.

1.2.4.4 Slotbeskouing

Alhoewel dit uit die voorafgaande bespreking blyk dat adolessensie eers tydens die twintigste eeu op 'n wetenskaplike wyse as ontwikkelingstadium onderskei is, impliseer dit nie dat adolessente ontwikkelingskenmerke nie vroeër voorgekom bet nie. Die potensiaal vir sodanige ontwikkelings is deel van die menslike aard. Die volgende drie veranderings is egter wel die produk van die afgelope eeu:

- Adolessensie as ontwikkelingstadium is sosiaal berken en erken.
- Die samelewing het adolessente begin ondersteun deur middel van toenemende opvoedings-, gesins-, institusionele en ekonomiese bulpbronne.
- Die bulpbronne bet vir 'n toenemende aantal adolessente die geleentheid gebied om psigologies te groei. Hulle is van volwasse verantwoordelikhede onthef sodat hulle van die hulpbronne gebruik kan maak om hulself te ontwikkel.

1.3 TEORETIESE PERSPEKTIEF

Geen enkele teorie kan die kompleksiteit van adolessensie ten volle beskryf nie. 'n Groot aantal teorieë, gegrond op verskillende standpunte is dan ook geformuleer en elke teorie dra by tot die begrip van adolessensie. So verduidelik die psigoanalitici psigoseksuele ontwikkeling tydens adolessensie asook die invloed van onbewuste aspekte op adolessante ontwikkeling, die kognitiewe teorieë die adolessent se denkwyse en intellektuele ontwikkeling,

terwyl die sosiale leerteoretici weer meer inligting verstrek oor leer en die invloed van die omgewing en die antropologiese teoretici die invloed van kultuur verduidelik. In die volgende bespreking sal 'n aantal van die meer omvattende teorieë kortliks verduidelik word ten einde 'n eklektiese teoretiese perspektief oor adolessensie te gee.

1.3.1 Psigoanalitiese perspektief

Freud se psigoanalitiese beskrywing van adolessensie kom in baie opsigte ooreen met die storm-en-drang siening van Hall. Freud beklemtoon die herontwaking en toename van seksuele drange wat gepaard gaan met die liggaamsveranderinge tydens puberteit. Hierdie toename in seksuele drange is verantwoordelik vir die versteuring van die balans tussen die id, ego en superego wat tydens die latente stadium tot stand gekom het. Die instinktiewe (seksuele drange) van die id kom in konflik met die sosiale drange van die superego. Hierbenewens is die toename van die seksuele drange ook verantwoordelik vir die herontwaking van vroeë emosionele konflikte, veral die Oedipuskompleks. Die adolessent moet dus, soos tydens die kinderjare, die seksuele drange beheer ten einde die balans tussen die persoonlikheidstrukture te herstel en die emosionele konflikte op te los (Thom, 1984).

Freud het egter nie baie aandag aan ontwikkeling tydens adolessensie gegee nie, dit was sy dogter Anna Freud wat die psigoanalitiese teorie uitgebrei het met betrekking tot adolessensie.[2] Sy wys op 'n aantal verskille tussen die probleme van die kind en adolessent. Die kind onderdruk sy Oedipusfantasieë uit vrees dat daar iets slegs met hom sal gebeur indien hy dit nie doen nie. Vir die adolessent is die konflik egter baie meer geïnternalisieer. Hy weet hy sal gestraf word as hy toegee aan sy seksuele behoeftes, maar hy het ook geleer om skuldig te voel oor hierdie impulse en vrees dat hy sy persoonlike waardes (neergalê deur sy superego) sal oortree en sy selfrespek sal verloor.

Hierbenewens moet hy ook in 'n mate sy kinderlike inhibisies oor seks oorkom deur te besef dat die samelewing van hom verwag om slegs tydelik selfbeheer

---

[2]Gedeeltes van die bespreking onder 1.3 kom uit die skrywer se boofstuk oor adolessensie in die volgende bron: Thom, D.P. (1984). Adolessensie. In D.A. Louw, L.C. Gerdes & W.F. Meyer (Reds.), *Menslike ontwikkeling* (pp. 336-407). Pretoria: HAUM.

toe te pas totdat by volwassenheid bereik (Adams, 1980; Garbarino, 1985; Haviland & Scarborough, 1981).

Ten einde sy seksuele impulse te kan beheer, maak hy gebruik van verdedigingsmeganismes, naamlik asketisme en intellektualisering. Asketisme dui daarop dat die adolessent alle vorme van genot vermy aangesien dit in baie opsigte met seksualiteit geassosieer word. Verder ken die adolessent hom ook van sy seksuele drange en innerlike konflikte distansieer deur dearoor te intellektualiseer. Abstrakte en filosofiese besprekings word dan gevoer oor sake wat interne konflikte in homself veroorsaak. Die Oedipuskompleks word weer opgelos deur emosioneel van die vader en moeder te onttrek en met persone buite die gesin te identifiseer.

1.3.2 Erik Erikson se psigososiale teorie

Alhoewel Erikson se basiese teoretiese aannames oor menslike ontwikkeling in baie opsigte ooreenkom met die van die psigoanalitici, verskil hy grootliks ten opsigte van die volgende aspekte: Hy gee aandag aan ontwikkeling tydens die hele lewensiklus, terwyl Freud min aandag aan ontwikkeling na die kinderjare gee; Erikson gee minder aandag aan psigoseksuele ontwikkeling en verduidelik die belang van sosiale en kulturele ervarings vir persoonlikheidsontwikkeling in meer besonderhede; hy aanvaar die aanname dat konflik tussen die persoonlikheidstrukture voorkom, maar huldig 'n meer optimistiese siening van die individu se vermoë om hierdie konflik te hanteer; Freud sien die periode vanaf puberteit tot bejaardheid as die genitale periode waartydens ontwikkeling van minder belang is, terwyl Erikson 'n belangrike bydrae tot die begrip van ontwikkeling tydens adolessensie en volwassenheid lewer (Santrock, 1984).

Erikson beskryf adolessensie as die belangrikste stadium vir die ontwikkeling van die identiteit. Hy gee nie net aandag aan die ontwikkeling van 'n persoonlike identiteit nie, maar ook aan die vorming van 'n kulturele en beroepsidentiteit. (Erikson se teorie oor identiteitsontwikkeling word breedvoerig in 3.2 bespreek.)

1.3.3 Leerteoretiese siening

Leerteoretici gaan van die standpunt uit dat gedrag deur onder meer nabootsing van ander se gedrag en die versterking van sekere gedragsvorme deur beloning

aangeleer word. Tydens adolessensie gee die samelewing min leiding aan die adolessent ten opsigte van sekere gedregsvorme soos hoe om sy seksuele dryfvere te hanteer.

Hierhenewens bestaan daar heelwat diskontinuïteite tussen die gedragswyses wat tydens die kinderjare verwag en beloon is en die gedragswyses wat van die adolessent verwag en beloon word. Afhanklikheid word byvoorbeeld tydens die kinderjare goedgekeur en beloon, maar nie tydens adolessensie nie. Die resultaat hiervan is dat die adolessent meer angs ervaar. Die leerteoretici tipeer adolessensie dus ook as 'n periode van storm-en-drang (Adams, 1980; Muuss, 1975).

Volgens die kognitiewe sosiale leerteorie van Bandura plaas die leerteoretici te veel klem op straf en beloning. Hy meen dat die individu se gedrag nie net deur ander persone se versterking daarvan bepaal word nie, maar ook deur die gevolge van die individu se gedrag self. Die behoefte by die adolessent om te presteer, word byvoorbeeld nie net deur die beloning van die onderwyser gemotiveer nie, maar ook deur sy behoefte om te presteer ten einde selfkritiek te vermy. Sowel innerlike kragte as omgawingsfaktore speel dus 'n rol - hierna verwys Bandura as wisselwerkende determinisme. Hy meen ook dat die adolessent se gedrag veral deur nabootsing van ander persone bepaal word (*contiguity theory of modeling*).

Bandura is een van die eerste teoretici wat daarop gewys het dat adolessensie nie noodwendig deur storm-en-drang gekenmerk word nie. Hy meen dat die samelewing en ouers verwag dat adolessente aan hierdie beeld moet voldoen en deur middel van die media word die beeld versterk. Dit kan dan gebeur dat adolessente die beeld aanvaar en daarvolgens optree (Santrock, 1984).

1.3.4 Sullivan se interpersoonlike teorie

Volgens Sullivan (1975) ervaar die adolessent konflik wat soos volg verklaar kan word: Tydens die kinderjare verloor die individu kontak met sy eie seksualiteit omdat seksuele aktiwiteite 'n negatiewe reaksie by die ouers uitlok en dit dus geïnhibeer word. Die adolessent word egter teen wil en dank met die seksuele gekonfronteer as gevolg van sy seksuele ontwikkeling. Die genitalieë word vir hom 'n bron van genot en seksuele behoeftes 'n sterk

motief vir sy gedrag. Hy ervaar egter ten opsigte van hierdie behoeftes heelwat konflik as gevolg van die inhibisies wat tydens sy kinderjare ontstaan het. Die konflik word verder vererger deur ouers wat soms negatief optree teenoor tienderjariges wat belangstelling in die teenoorgestelde geslag toon, terwyl die samelewing terselfdertyd van die adolessent verwag om 'n verhouding met die teenoorgestelde geslag aan te knoop.

1.3.5 Kurt Lewin se veldteorie

Die siening van adolessensie wat deur Lewin gehuldig word, kom ook in sekere opsigte ooreen met die storm-en-drang benadering. Volgens hom is die adolessente periode 'n oorgangstadium waartydens die adolessent sy groeplidmaatskap verander. Hy is deels kind en deels volwassene. Die adolessent bevind hom dus in 'n marginale posisie sonder duidelike riglyne vir gedrag, doelwitte, sosiale status, verwagtings en verpligtings. Sy gedrag (bv. gemoedskommelings) reflekteer dan ook dikwels hierdie toestand van onsekerheid en ongestruktureerdheid (Lewin, 1975).

Lewin wys verder daarop dat in die beskrywing van adolessente gedrag en ontwikkeling die rol van individuele en kultuurverskille nie buite rekening gelaat moet word nie. Die aard van die adolessent se ontwikkeling sal byvoorbeeld beïnvloed word deur die duur van die adolessente periode in sy spesifieke kultuur; die mate waarin die kultuur onderskei tussen die kinder- en volwassejare; die gestruktureerdheid van die gedragsriglyne vir die adolessent; en die houdings en waardes ten opsigte van adolessensie.

1.3.6 Antropologiese sienings

Antropologiese studies het verskille tussen primitiewe en Westerse kulture ten opsigte van die belewenis van adolessensie uitgelig. Benedict en Mead (Muuss, 1975) het byvoorbeeld gevind dat die ervaring van storm-en-drang in sekere primitiewe kulture nie in dieselfde mate voorgekom het as wat volgens die voorafgaande teorieë verwag sou word nie. By hierdie kulture is daar eerder sprake van rolkonflik as van emosionele storm-en-drang.

Die siening word gehuldig dat die oorgang van adolessensie na volwassenheid 'n kontinue proses is wanneer daar meer kontinuïteite as diskontinuïteite in 'n

samelewing voorkom. Dit is veral die geval by onontwikkelde en geïsoleerde kulture waar tradisionele sienings, gedragsvorme en rolle van een ontwikkelingstadium na 'n ander relatief konstant bly. Wanneer daar egter meer diskontinuïteite as kontinuïteite voorkom, ervaar die adolessent 'n groter mate van spanning en konflik. Diskontinuïteite kom meer voor in Westerse samelewings waar ou sienings, gedragsvorme en rolle afgelê word ten gunste van nuwes. Die adolessent moet byvoorbeeld in teenstelling met die kind verantwoordelikheid vir homself en ander aanvaar; by moet oorgaan van 'n onderdanige rol as kind na 'n dominante rol as volwassene; seksuele behoeftes wat tydens die kinderjare onderdruk moes word, kan tydens laat adolessensie en volwassenheid uitgeleef en bevredig word (Alexander, Roodin & Gorman, 1980; Dacey, 1982).

1.3.7 Spranger se siening van individuele verskille

Ongeag die feit dat sommige teorieë 'n storm-en-drang-standpunt huldig en ander weer kultuurverskille benadruk, moet in gedagte gehou word dat daar individuele verskille tussen adolessente bestaan. So wys Spranger in sy geesteswetenskapsteorie daarop dat sekere adolessente wel grootliks storm-en-drang sal ervaar, terwyl ander se ontwikkeling weer stadig, gelykmatig en sonder spanning sal verloop en 'n derde groep adolessente wel 'n krisis sal ervaar, maar dit mettertyd te howe sal kom.

1.3.8 Piaget se teorie van kognitiewe ontwikkeling

Piaget wat 'n kognitiewe ontwikkelingsteorie geformuleer het, meen dat die adolessent se ontwikkeling bepaal word deur die interaksie tussen biologiese en genetiese faktore aan die een kant en die ervaring van die individu in sy omgewing aan die ander kant. Hierdie interaksie is vir Piaget kognitief van aard aangesien dit die individu se denke betrek en die vlak of stadium van kognitiewe ontwikkeling bepaal. Die vlak van kognitiewe ontwikkeling bepaal weer die wyse waarop die individu sy wêreld sien en interpreteer (Santrock, 1984).

Volgens Piaget bereik die adolessent die vlak van formele operasies wat gekenmerk word deur die vermoë om abstrak te dink, of anders gestel, om oor onderwerpe te dink wat nie konkreet teenwoordig is nie. Na hierdie vorm van

denke word ook verwys as die vermoë om oor denke self te dink of om te kan dink oor die verband tussen die werklike en die moontlike (Alexander et al., 1980).

Abstrakte denke stel die adolessent in staat om te dink oor verhoudings tussen abstrakte begrippe (bv. liefde en haat); om verwantskappe tussen abstrakte begrippe (bv. massa, energie en krag) te verstaan; om simbole deur ander simbole weer te gee of te vervang (bv. algebraïese simbole soos x en y word gebruik om 5 en 6 voor te stel); om bestaande sosiale, politieke en religieuse stelsels te ondersoek; om waardestelsels of verbande tussen waardes en gedrag te bevraagteken; en om oor homself te dink en 'n identiteit te vorm.

Die adolessent dink verder nie net oor die "is" of "hier en nou" nie, maar ook oor wat "kan of mag wees". Piaget verwys na hierdie kenmerk van formele denke as **proposisionele denke**. Die adolessent dink dus eerder in terme van stellings of moontlikhede as oor die werklikheid. Hierbenewens ontwikkel die adolessent ook die vermoë om al die faktore in 'n situasie of al die moontlike oplossings vir 'n probleem te oorweeg. Die vermoë staan bekend as **kombinasielogika**.

Wanneer die vlak van formele operasies bereik word, gebruik die adoleseent ook 'n **hipoteties-deduktiewe metode van denke**. Gegewens word ondersoek en 'n aantal hipoteses oor moontlike oplossings word gestel en sekere afleidings (deduksies) word dan gemaak. Die moontlike word dus bo die werklike gestel en dit vorm die basis vir eksperimentering en wetenskaplike denke (Fein, 1978; Flavell, 1963; Ginsberg & Opper, 1979; Mussen, Conger, Kagan & Huston, 1984; Sarafino & Armstrong, 1980).

1.4 SAMEVATTING

Uit die bespreking van die aard en betekenis van adolessensie het dit gehlyk dat

- adolessensie verskillend gedefinieer kan word aangesien ontwikkeling tydens adolessensie vanuit 'n biologiese, sosiokulturele en psigologiese perspektief benader kan word;

- dit moeilik is om die periode in die lewensiklus waartydens adolessensie voorkom binne sekere grense af te baken aangesien die aard en tempo van ontwikkeling deur biologiese, sosiokulturele en psigologiese faktore bepaal word. In die moderne Westerse kultuur bestaan daar slegs vae riglyne met betrekking tot die einde van adolessensie en oorgang na volwassenheid, terwyl daar in die tradisionele swart kultuur in die RSA duideliker riglyne bestaan in die vorm van inisisasie rites;
- daar uiteenlopende sienings van die kenmerke van adolessensie bestaan. Dit kan toegeskryf word aan navorsingsresultate wat met verskillende adolessente groepe verkry is, die beeld wat deur die media geskep word, die invloed van die historiese tydperk en sosiale veranderinge, die uiteenlopende perspektiewe van navorsers en teoretici en veralgemening vanaf die kenmerke van minderheidsgroepe na die totale adolessente populasie. 'n Gebalanseerde siening moet op die kenmerke van die deursnee adolessent fokus. Kultuurverskille moet veral in ag geneem word;
- adolessensie eers vanaf ongeveer 1880 as 'n spesifieke ontwikkelingstadium beskou is;
- die psigologie van adolessensie as 'n wetenskap van die twintigste eeu beskou kan word;
- verskillende teorieë oor adolessensie geformuleer is. As gevolg van die kompleksiteit van adolessente ontwikkeling blyk dit dat die aard en kenmerke van adolessensie nie deur 'n enkele teorie beskryf kan word nie. 'n Eklektiese benadering is dus noodsaaklik.

2. PROBLEEMSTELLING

2.1 NOODSAAKLIKHEID VAN NAVORSING OOR ADOLESSENSIE EN TUSSENKULTURELE NAVORSING

Adelson (1979) skryf: "Now that psychologists are awakening from the trendiness of 'informed opinion' ... they are beginning to realize how little they really know about the period of adolescence" (p. 33). In die verband noem hy dat wetenskaplikes hulle blind staar teen sekere slagspreuke of frases soos die "era van konformiteit" of die "generasiegaping" wanneer adolessensie bespreek word. Die "waarheid" gebaseer op "inligte menings" oor die jeug bestaan dan uit versinsels eerder as 'n duidelike waarneming van die realiteit. "We seem to need a simple, manageable set of images that will allow us to make sense out of what would otherwise be too complex, too various, too changeable to understand" (p. 33). Die behoefte aan 'n vereenvoudigde en hanteerbare beeld veroorsaak dat die navorser dan in sy studie van adolessensie te staan kom voor 'n stel onwaarhede en heelwat veranderlikes en verskillende sienings wat geverifieer moet word.

Die bespreking onder 1.1.2 en 1.3 toon duidelik dat verskillende sienings en teorieë oor adolessensie bestaan. Dit is dus noodsaaklik om hierdie sienings te ondersoek ten einde 'n meer gebalanseerde siening van adolessensie daar te stel. Daar moet ook in gedagte gehou word dat hierdie sienings meestal deur Amerikaanse wetenskaplikes oor Amerikaanse adolessente gehuldig word en nie sonder meer as van toepassing op Suid-Afrikaanse adolessente gesien moet word nie. Selfs binne die RSA bestaan daar 'n groot aantal kultuurgroepe wat dit noodsaak om verder tussen adolessente in verskillende kulturele kontekste te onderskei. Daar is byvoorbeeld gevind dat die Zoeloe adolessent se selfkonsep beïnvloed word deur sy belewing van homself as 'n veranderende persoon binne 'n samelewing wat verander as gevolg van toenemende verwestering van die tradisionele swartkultuur (Dreyer, 1980). Die Zoeloe adolessent se belewenis van homself as 'n veranderende persoon kan egter nie sonder meer veralgemeen word na die wit Engelssprekende adolessent wat binne 'n Westerse moderne samelewing ontwikkel nie.

Navorsing oor die hedendaagse adolessent is verder belangrik omdat komplekse en vinnige sosiale veranderinge die antwoorde wat van een geslag na die ander

oorgedra word dikwels verouderd of ontoepaslik maak (Rogers, 1985). Om homself ten volle te realiseer is dit nodig dat die adolessent 'n basis het in terme waarvan by besluite kan neem en 'n lewenstyl kan genereer. Hierdie basis kan verskaf word deur realistiese kennis gegrond op wetenskaplike navorsingsbevindings oor die eietydse adolessent, die omgewing waarin hy hom bevind en die toekoms waarvoor hy hom moet voorberei.

Die toekoms wat adolessente as volwassenes sal betree, kan volgens Rogers beskryf word as "a caldron where the status quo is boiling; mutually supportive cultures are growing in plurality; traditional sex mores are relaxing; and ideological ferment is leading to novel role patterns and life stylea" (p. 17).

Die wetenskaplike bestudering van adolessensie kan daartoe bydrae dat die rolle en status van die adolessent duideliker gedefinieer word. Die adolessent se rolle is die gedragspatrone wat van hom in sekere situasies verwag word, terwyl sy status deur die verpligtings of verwagtings en voorregte verbonde aan 'n rol gedefinieer word. Die rol van die adolessent in sy portuurgroep mag byvoorbeeld deelname aan partytjies en die navolg van sekere kleremodes vereis. Sy status (m.a.w. verpligtings en voorregte) kan egter laag in die groep wees, gemiddeld in die skool en hoog in sy gesin. In die huidige samelewing word nòg die rolle nòg die statusse van die adolessent duidelik omskryf. By die skool en huis word daar byvoorbeeld aan hom voorgeskryf wat om te doen asof hy 'n kind is, alhoewel hy nie dieselfde beskermende status van 'n kind geniet nie. Die status wat hy dus geniet, is inkongruent.

Volgens Rogers impliseer die adolessente status verder 'n gebrek aan waardigheid aangesien die term "adolessent", "tienderjarige" of "tienar" met negatiewe kenmerke soos koppigheid, rebelsheid, emosionele onstabiliteit en beheptheid met seks geassosieer word. Daar behoort dus deur middel van navorsing gepoog te word om die teendeel van hierdie ongelukkige assosiasies aan te toon.

Ongeag die belang van ontwikkeling tydens adolessensie word daar volgens Adelson (1979) min navorsing oor die stadium gedoen. Daar behoort meer navorsing oor ontwikkeling tydens adolessensie gedoen te word aangesien die

kenmerke, houdings en gedragsvorme wat nou ontwikkel, voortgedra word in volwassenheid en die ontwikkeling van sowel die individu as die samelewing beïnvloed. Latere ontwikkeling soos menopouse en aftrede is wel belangrik vir die individu, maar het nie dieselfde verreikende gevolge vir 'n nuwe geslag nie. Individue wat nie volwassenheid kan ontwikkel nie, kan die wanaangepaste individue van 'n samelewing word en hul probleme op hul kinders oordra. Die belang van die stadium word dus gemeet aan sy invloed en nie sy duur nie (Rogers, 1985).

Tydens adolessensie is die moontlikheid om gedreg (veral ongewensde gedrag) te verander groter as tydens ander stadia. Die ongevestigheid van die individu tesame met sy meer ontwikkelde vermoëns maak dit vir hom makliker om kinderlike of foutiewe maniere van dink, voel of optree deur te werk en op 'n meer volwasse grondslag te vestig.

Baie vorme van sosiale en persoonlike probleme en psigopatologie soos alkoholisme, misdaad, buite-egtelike swangerskap, depressie en selfmoord verskyn gewoonlik vir die eerste keer tydens adolessensie. Volgens Adelson (1979) is inligting oor die gewone adolessent noodsaaklik om as basis te dien vir die beoordeling van die variasies en afwykings tydens adolessensie. Desondanks meen hy bly die veld van adolessensie "amazingly underfunded and underresearched" (p. 34).

Die wetenskaplike inligting wat wel oor adolessensie bestaan, is onvoldoende aangesien navorsers fokus op

- proefpersone wat die opvallendste is soos die wat aandag trek as gevolg van probleme of spanning of die wat om een of ander rede interessant is (gewoonlik atipiese minderheidsgroepe);
- die adolessent uit die hoër middelklas of die laerklas;
- manlike kollege of universiteitstudente.

Die resultate van sodanige eensydige fokus, is dat daar min inligting oor die meerderheid adolessente en ander belangrike onderwerpe soos die adolessent se denke, aanpassing, identiteit, normale religieuse ervaring en vroulike ontwikkeling bestaan.

Die afgelope dekade het die besef begin posvat dat 'n enkele adolessente

psigologie wat tydloos is en universeel geld 'n illusie is. Binne die adolessente stadium kan byvoorbeeld 'n vroeë, middel en laat adolessente periode onderskei word waarbinne die ontwikkelingskenmerke van adolessente grootliks verskil. Die invloed van kultuur op die aard van ontwikkeling tydens adolessensie word toenemend besef en navorsing oor die ontwikkeling van adolessente meisies begin aandag geniet teenoor die vroeëre neiging om slegs seuns by navorsingsprojekte te betrek.

Die toepassing van historiese studies op edolessensie sien Adelson egter as die belangrikste ontwikkeling van die afgelope dekade. Dit bet daartoe bygedra dat wetenskaplikes meer bewus geword bet van die spesifieke wyses waarop kulturele, demografiese en ekonomieae kragte van 'n sekere tydperk die ervaring van adolessensie beïnvloed. Deur navorsing oor die verskillende ontwikkelingsaspekte van adolessensie in 'n sekere kultuur te doen, bevry die gedragswetenskaplike homself van die wanopvatting dat slegs sy siening van adolessensie normaal of universeel is.

Sebald (1984) wys daarop dat die mens se waarneming deur sy eie kulturele agtargrond beperk word. Tussenkulturele navorsing is dus nodig om kulturele kortsigtigheid te bowe te kom. Tussenkulturele navorsing het ook getoon dat 'n enkele kultuurgebonde verwysingsraamwerk dikwels die basiese waarheid verdraai.

Studies van ander kulture verskaf ook waardevolle inligting wat bydra tot beter insig in die aard van adolessensie. Margaret Mead se bestudering van adolessente in verskillende kulture het byvoorbeeld aan die lig gebring watter kenmerke en verwagtings in 'n samelewing meestal spanning by adolessente veroorsaak en watter kenmerke nie (Santrock, 1984).

Volgens Tzeng en Everett (1985) is tussenkulturele navorsing verder noodsaaklik omdat adolessente in alle samelewings vir volwassenheid voorberei word. Hulle meen dat dit nie net kennis oor 'n wye omvang van gedragspatrone binne die verskillende samelewings bevorder nie, maar ook inligting beskikbaar stel wat sal lei tot die oplossing van die probleme van adolessente in die hedendaagse samelewings.

As gevolg van tussenkulturele studies het die besef ook gegroei dat daar

dikwels meer ooreenkomste as verskille tussen mense in die verskillende bevolkingsgroepe is. Kennis oor adolessente in die verskillende kultuurgroepe se siening van hulself (identiteit) en hul siening van verwante areas soos werk, ekonomie asook hul lewensfilosofie, sosiale en seksuele identifikasie kan daartoe lei dat samelewings van mekaar kan leer en volgens Tzeng en Evarett "in this way not only circumventing tension and/or misunderstandings encountered in intercultural interactions, but also adapting to future adult life in the one-world community" (p. 331).

Murphy en Murphy (1970) wys verder daarop dat kulturele verskille dikwels verbaal erken word, maar nie deur wetenskaplike navorsing geverifieer is nie. Deur middel van navorsing kan verskillende dimensies van ooreenkomste en verskille tussen kulture aan die lig gebring word en moontlike vooroordele kan uit die weg geruim word. Tussenkulturele navorsing is dus noodsaaklik om

- kulturele verskille, ooreenkomste, potensialiteite en probleemareas uit te lig;
- 'n beter begrip van verskillende kulture te vorm sodat kommunikasie tussen individue met verskillende kulturele insette bevorder kan word;
- 'n wetenskaplike basis te ontwikkel waarvolgens veranderings in 'n kultuur gerig kan word;
- doeltreffende steun aan individue in minderheidskulture te kan bied.

Tussenkulturele vergelyking is ook noodsaaklik om bestaande teorieë te toets, om nuwe teorieë te ontwikkel en om te bepaal of 'n teorie vir alle kulture geld (Brislin, 1976; Jahoda, 1970; Malpass, 1977). Hierbenewens wys Berry (1969) daarop dat die belangrikste voordeel van tussenkulturele vergelykings die toetsing van hipoteses is. Hipoteses word gewoonlik in Westerse kultura ontwikkel en deur middel van tussenkulturele vergelykings kan die universaliteit van hierdie hipoteses bepaal word. Tydens die ondersoek van gedragstalsels in ander kulture kan nuwe hipoteses ook ontwikkel word.

Dit is dus noodsaaklik dat adolessente in die verskillende kultuurgroepe in die RSA afsonderlik en vergelykend bestudeer moet word. Bestaande inligting wat volgens Adelson (1979) ook onvolledig is, kan nie sonder meer veralgemeen word nie. Daar bestaan baie min navorsing oor die ontwikkelingskenmerke van Suid-Afrikaanse wit en swart adolessente. Amerikaanse hoeke en wetenskaplike tydskrifte waarin die inligting op navorsing met Amerikaanse wit en swart

adolessente gebaseer is, word meestal in die RSA gebruik wanneer die ontwikkelingskenmerke van adolessente bestudeer word. Benewens die gebruik van Amerikaanse bronne word daar in 'n geringer mate ook gebruik gemaak van inligting uit Engelse en Europese bronne. Hierdie inligting word dan veralgemeen na Suid-Afrikaanse adolessente in al die kultuurgroepe. Adelson waarsku juis sterk teen sodanige veralgemening. Benewens kultuurverskille bestaan daar ook verskille ten opsigte van historiese agtergrond en sosio-ekonomiese omstandigbede tussen genoemde groepe en die adolessente in die verskillende kulture in die RSA.

Die heterogeniteit van die bevolkingsamestelling in Suid-Afrika bied 'n ideale geleentheid vir tussenkulturele navorsing. Ten spyte hiervan is nog baie min sodanige navorsing gedoen (Van Staden, 1983).

Tussenkulturele navorsing in die VSA en Afrika was voor die Tweede Wêreldoorlog van so 'n aard dat die resultate en gevolgtrekkings nie as wetenskaplik aanvaarbaar bestempel kon word nie. Navorsing met swart proefpersone was dikwels ongekoördineerd en subjektief en die meetinstrumente ongeskik. Veranderlikes was meestal nie gekontroleer nie en die gevolgtrekkings aanvegbaar.

Sedert die Tweede Wêreldoorlog het daar as gevolg van 'n toenemende bewustheid van die tekortkominge in tussenkulturele navorsing, meer navorsing met gesofistikeerde tegnieke en meetinstrumente die lig gesien. Tussenkulturele verskille in toetsprestasie is veral toegeskryf aan sosiale en kultuurveranderlikes.

Vanaf 1960 het daar as gevolg van vinnige sosiale veranderinge in Suid-Afrika 'n behoefte ontstaan aan meer inligting oor die kultuur, persoonlikheid en denke van veral die swart bevolkings ten einde hierdie inligting tot hul eie ontwikkeling en voordeel aan te kan wend. Hierdie gegewens is egter nie op 'n wetenskaplike wyse met die ander kulture vergelyk nie wat daartoe bygedra het dat tussenkulturele navorsing op die agtergrond geskuif is. Tussenkulturele vergelykings is ook nie as wenslik beskou nie omdat inligting oor moontlike swakhede by een bevolking in vergelyking met 'n ander bevolking goeie verhoudings tussen persone uit verskillende bevolkings kon vertroebel.

Volgens Jahoda (1970) bestaan daar basiese kultuurverskille, sosio-ekonomiese en taalverskille tussen verskillende bevolkings wat tussenkulturele vergelyking grootliks bemoeilik. In hierdie navorsing sal die adolessente in die verskillende kulture dan ook op grond van hierdie redes eerstens afsonderlik bestudeer word. Moontlike verskille en ooreenkomste sal daarna wel ondersoek word, maar hierdie bevindings sal in die lig van die basiese verskille tussen die kulture geïnterpreteer word. Redes wat moontlik die verskille of ooreenkomste verklaar, sal ook bespreek word.

2.2 DIE INVLOED VAN KULTUUR EN SOSIALE VERANDERINGE OP ADOLESSENSIE

2.2.1 Definiëring van kultuur

Die gewoontes, tradisies, houdings, waardes, idees en simbole wat sosiale gedrag beheer, toon groot variasies. Elke sosiale groep in die kleine of samelewing het 'n stelsel van gedragspatrone wat in 'n sekere mate by al die lede voorkom en wat van een geslag na die ander oorgedra word. Hierdie gedragspatrone is ook onderhewig aan verandering omdat elke nuwe geslag die gedragspatrone by hul eksistensiële behoeftes aanpas. Dit is hierdie gedragspatrone wat kultuur genoem word.

Uit die volgende omvattende definisie van kultuur blyk die ontwikkeling en aard van kultuur asook die integrale deel wat kultuur van die idividu vorm, duidelik:

> Culture is transmitted socially, that is by communication, and gradually embodies ... tradition of which the vehicle is language. Thus culture ... is a matter of habits of thought and action acquired or "learned" by interaction with other members of his (culture). Culture includes all of man's acquired power of control over nature and himself. It includes, therefore, on the one hand, the whole of man's material civilization, tools, weapons, clothing, shelter, machines, and even systems of industry; and, on the other hand, all of non-material or spiritual civilization, such as language, literature, art, religion, morality, law, and government. The very mention of these indicates that man as a social creature is largely a cultural product. We must understand culture, therefore, if we are to understand the direction and goal of social evolution; for it is culture which has made and will maka our human world. (Rip, 1960, p. 10)

Kultuur kan dus omskryf word as die kennis, gebruike, taal, kunste, wetenskap, morele waardes, godsdienstige en politieke sienings wat kenmerkend van 'n spesifieke groep mense is en wat daartoe bydrae dat hulle saamgebind word (Brislin, 1976; Dreyer, Thembela, Badenhorst et al., 1977; Rice, 1984; Rip, 1960).

Die verhouding tussen kultuur en persoonlikheid sluit beide die persoon se sosiale erfenis waarop hy dan bewustelik of onbewustelik reageer en sy individuele karakter of kenmerke in. Die individu kan dus sy kultuur beïnvloed, maar die kultuur-persoonlikheidsfokus benadruk ook dat die patroon van 'n kultuur basies die breë kontoere van die individuele persoonlikheid bepaal. Die basiese aard van die individu word dus beïnvloed en gevorm deur sy kultuur.

Die individu is egter nie passief in die vormingsproses nie, want hy neem slegs die aspekte van sy kultuur aan wat sy behoeftes bevredig. Net sekere aspekte van sy kultuur word geïnternaliseer. Selfs ouers dra net dié aspekte van hul kultuur wat hulle ervaar en geïnternaliseer het aan hul kinders oor. In die proses word die kultuur dus verander om in die behoeftes van die individu te voorsien (Rogers, 1985). Kultuur is dus sowel die produk as die vormer van menslike gedrag (Segall, 1979).

2.2.2 Die invloed van kultuur op adolessente ontwikkeling

In die bespreking onder 1.1.2 is verduidelik hoe die verskillende oriëntasies ten opsigte van menslike ontwikkeling en die lewensiklus van sosiale wetenskaplikes en psigoloë tot verskillende sienings en beskrywings van adolessensie lei. Verskillende sienings van adolessensie ontstaan egter ook omdat adolessensie in verskillende kulture op verskillende historiese tye bestudeer word.

Wetenskaplikes is dit eens dat die ervaring en aard van adolessensie in 'n groot mate deur die waardes, gedragskodes en verwagtings van 'n sekere kultuur bepaal word (Clarke-Stewart & Kock, 1983; Fein, 1978; Forisha-Kovach, 1983; Rogers, 1985). Alhoewel fisiologiese ontwikkeling tydens vroeë adolessensie universeel plaasvind, bepaal kultuur wat die psigologiese en sosiale aard van die adolessente periode sal wees en selfs of adolessensie sal voorkom, al dan nie, met ander woorde watter betekenis geheg sal word aan fisiologiese tekens.

Die aard van die oorgang na volwassenheid, die ontwikkeling van 'n persoonlike identiteit en onafhanklikheid tydens adolessensie, die wyse waarop en tempo waarteen psigologiese en sosiale rypheid toenemend in volwasse rolle tot uiting kom, verskil grootliks van kultuur tot kultuur. Ten einde die individu se ontwikkeling tydens adolessensie te kan verstaan, te beskryf en te evalueer, moet die kultuur van sy samelewing en die historiese tydperk waarbinne die individu ontwikkel ook nagegaan word. Benewens die historiese tydperk word die adolessent se kulturele milieu ook bepaal deur die aard en funksies van die gesin, skool en portuurgroep asook gemeenskep en woonbuurt, godsdiens en kerklike instellings en die aard van die kommunikasiemedia (Garrison & Garrison, 1975; Lloyd, 1985; Rogers, 1985).

Ofskoon kultuur 'n belangrike invloed op die aard en verloop van adolessente ontwikkeling bet, moet daar nie uit die oog verloor word nie dat die individu oor sekere fisieke en kognitiewe vermoëns asook persoonlikheidskenmerke moet beskik om aan die verwagtings van die kultuur te voldoen (Lloyd, 1985). Indien dit nie die geval is nie, is die verwagtings van die samelewing se kultuur ontoepaslik en onbereikhaar. Dit ken die geval wees by oorgangskulture waar die tradisionele kultuur vinnige verandering ondergaan en die individu se aanpassing daarby bemoeilik.

Aanpassing kan ook moeilik wees in komplekse samelewings soos die moderne Westerse samelewing. Adolessente in die moderne Westerse of tegnologiese samelewing kan naamlik spanning ervaar tussen bul eie kultuur en die universaliteit van die Westerse tegnologie aangesien kulturele waardes dikwels nie meer die tegnologiese ontwikkeling beheer nie, maar tegnologiese ontwikkeling eerder die rigting van kulturele waardes bepaal (Garrison & Garrison, 1975).

In teenstelling met adolessente in primitiewe samelewings waar daar een enkele kultuur bestaan, kom edolessente in moderne samelewings in aanraking met 'n aantal kulture. Hierdie kulture kom ooreen ten opsigte van basiese menslike behoeftes, maar verskil ten opsigte van geloof, tradisies en gewoontes. Selfs binne 'n kultuur kan sekere subkulture onderskei word soos die Engelssprekende en Afrikaanssprekende blanke Westerse kulture in Suid-Afrika. Binne 'n kultuur kan dikwels ook 'n ouer kultuur waar outoriteit, puriteinsheid en wet en orde geld, onderskei word van 'n jonger kultuur waar gelykheid, sosiale geregtigheid en sosiale verantwoordelikheid geld. Laasgenoemde diversiteit binne 'n kultuur kan dikwels aan vinnige sosiale verandering toegeskryf word.

Antropoloë meen dat die mees gewaardeerde tipe persoonlikheid (menende persoonlikheidskenmerke en gedrag) in 'n sekere kultuur deur die kulturele waardes bepaal word. Die mees gewaardeerde tipe persoonlikheid hou verder verhand met die mees gewaardeerde status wat ook deur 'n kultuur bepaal word (Forisha-Kovach, 1983). Oor status bepalende eienskappe soos ouderdom, geslag en ras bet die individu geen beheer nie, maar sy sosio-ekonomiese klas kan hy in 'n mobiele samelewing self in 'n mate bepaal.

Die gewaardeerde persoonlikheidskenmerke in 'n kultuur bet 'n groot invloed op die ontwikkeling van die adolessent. Die adolessent is besig om sy identiteit te vorm ten opsigte van wie hy is en wat hy wil word met betrekking tot volwasse rolle soos byvoorbeeld sy beroepskeuse. Hy is dus veral sensitief vir die verwagtings van die kultuur en sal dikwels die waardes van die kultuur nastreef. In 'n stabiliteitsgeoriënteerde kultuur waar 'n bepaalde waarde-oriëntasie, eenheid, afhanklikheid, samewerking en affiliasie beklemtoon word, beskik die adolessent oor 'n duidelike verwysingsraamwerk en weet hy wat van bom verwag word. Dit vergemaklik dus sy ontwikkeling. Sodanige kulture was byvoorbeeld die tradisionele kultuur van die swart bevolkings in Suid-Afrika.

Hierteenoor word daar van die adolessent in 'n veranderingsgeoriënteerde kultuur soos die Amerikaanse kultuur verwag om self rigting te vind, keuses te maak en sy status te bepaal. Hierdie vryheid van keuse in 'n kultuur wat individualisme, diversiteit, outonomie, kompetisie en prestasie hoog aanskryf, kan baie spanning meebring. Mead (aangehaal in Forisha-Kovach, 1983) meen: "A society which is clamoring for choice, whicb is filled with many articulate groups, each urging its own brand of salvation, its own variety of economic philosophy, will give each new generation no peace untill all have chosen or gone under" (p. 40). Die voordeel van so 'n kultuur is egter dat dit ruimte bied vir baie verskillende lewenswyses en individuele uitdrukking.

Jeugdiges wat begaafd is en die geleentheid kry om goed opgelei te word sodat hulle kan meedoen aan die steeds groeiende tegnologie ervaar adolessensie as minder stormagtig as ander jeugdiges. Erikson (1968) skryf dit daaraan toe dat hulle beter in staat is om met nuwe rolle van bevoegdheid en vindingrykheid te identifiseer. Indien die jeugdige voel dat die sosiokulturele omgewing hom van alle vorme van selfuitdrukking weerhou en hy

dus nie verder kan ontwikkel nie, kan hy volgens Erikson "resist with the wild strength encountered in animals who are suddenly forced to defend their lives. For, indeed, in the social jungle of human existense there is no feeling of being alive without a sense of identity" (p. 130).

Industriële demokrasie in die Westerse kultuur vereis verder dat die individu sy identiteit self sal vorm en dat hy gereed moet wees om veranderings te begryp en daarby aan te pas. Die demokrasie moet egter aan die adolessent ideale voorsien wat deur jeugdiges van verskillende kulturele agtergronde gedeel kan word en wat geleenthede vir outonomie in die vorm van onafhanklikheid asook inisiatief in die vorm van konstruktiewe werk aan almal sal bied. As gevolg van die toenemend komplekse en gesentraliseerde stelsels van industriële, ekonomiese en politieke organisasies is dit egter moeilik om hieraan te voldoen.

Verder is dit belangrik dat die kultuur aan die adolessent 'n positiewe wêreldsiening sal bied sodat hy dit kan integreer met sy identiteit. Die kultuur moet ook aan die adolessent 'n aanvaarbare en konsekwente raamwerk van waardes, norme en riglyne bied aangesien die adolessent veral 'n behoefte daaraan het om geloof te hê in iets, iemand, sekere stelsels of ideale. Indien die kultuur dit nie bied nie, kan die adolessent maklik die prooi word van ekstremistiese bewegings.

Teoretici en navorsers (Conger & Petersen, 1984; Mussen et al., 1984) wat die belang van kulturele invloed in die algemeen en op die ontwikkeling van adolessente beklemtoon, baseer hul gevolgtrekkings op vergelykende studies van verskillende ongeletterde kulture, van historiese en sosiale veranderings en waarneming van die moderne Westerse kultuur. Erich Fromm en Karen Horney meen byvoorbeeld dat 'n samelewing- en gesinstruktuur waar liefde ontbreek, waar 'n gevoel van samehorigheid nie bestaan nie, waar die individu emosioneel geïsoleer en ontwortel is en onpersoonlik hanteer word en waar kompetisie ten koste van samewerking benadruk word, dikwels hydrae tot die ontwikkeling van neurotiese, afbrekende en wanaangepaste persone.

Horney wys daarop dat soortgelyke kenmerke in die moderne samelewing voorkom wat kan lei tot 'n oordrewe behoefte by die individu aan affeksie en goedkeuring, aan mag en persoonlike bewondering. Dit kan ook lei tot 'n false vorm van verdedigende onafhanklikheid. Hierdie kenmerke kan eensaamheid en die inperking van lewensgrense te weeg bring.

Reeds voor die jeugopstande in die sestigerjare het Fromm en Horney op die volgende teenstrydighede in die kultuur van die Westerse samelewing gewys wat nadelige gevolge op die ontwikkeling van adolessente kan hê: Beloning vir kompetisie en sukses teenoor broederlike liefde en nederigheid; stimulering van die individu se behoeftes teenoor die frustrasie wat hy ervaar wanneer hy hierdie behoeftes nie kan bevredig nie; nadruk op die vryheid van die individu om voluit te leef teenoor die individu se uiteindelike ervaring dat die moontlikhede vir selfrealisering in werklikheid beperk is.

Die kulturele invloed op die persoonlikheidsontwikkeling en funksionering van die adolessent blyk egter veral duidelik uit die studies van Magaret Mead (aangehaal in Conger & Petersen, 1984; Muuss, 1975; Thom, 1984). Sy het gevind dat Samoaanse meisies nie dieselfde mate van spanning as Amerikaanse jong meisies tydens hulle ontwikkeling ervaar nie. As verklaring hiervoor het sy gevind dat die sosiale struktuur van die primitiewe kultuur van die Samoaanse volk gekenmerk word deur 'n rustige lewenstempo, losse gesins- en interpersoonlike bande, geen ekonomiese of sosiale krisisse en 'n afwesigheid van die noodsaaklikheid van individuele keuses ten opsigte van 'n beroep, sosiale, seksuele en morele waardes. Hierteenoor bestaan die kultuur van die jongmens in die Westerse samelewing uit konflikterende seksuele standaarde asook sosiale en morele dubbelstandaarde.

Mead meld dat alhoewel die kenmerke van die Samoaanse kultuur sekere voordele soos min spanning inhou, dit ook bydrae tot die afwesigheid van dieper gevoelens by die individu. Dit lei ook tot min waardering vir individuele verskille.

Mead (aangehaal in Garrison & Garrison, 1975; Hutter, 1981; Lloyd, 1985) verdeel kultuur in die volgende drie klasse in terme van die kultuur se rol. Die kultuur se rol word bepaal deur die mate van tegnologiese en sosiale verandering in die oordrag van kennis en waardes aan die jeugdige persoon:

- Die postfiguratiewe kultuur waar die samelewing deur min sosiale veranderinge gekenmerk word. Die adolessent ontwikkel dus in 'n wêreld wat baie ooreenkom met die wêreld waarin sy ouers opgegroei het. Die ouer is ook in staat om antwoorde aan die adolessent ten opsigte van die kulturele verwagtings, gedragskodes, lewenswyses, toekomsverwagtings en sy identiteit binne die kultuur te verskaf.

- Die **kofiguratiewe kultuur** waar die samelewing deur matige sosiale veranderings gekenmerk word. Adolessente kan nog van hul ouers leer, maar portuurs lewer 'n groter bydrae ten opsigte van die sake waar die ouers se sienings en ervarings verouderd is. As gevolg van tegnologiese veranderinge begin die adolessent dus wegbeweeg van sy ouers.
- Die **prefiguratiewe kultuur** waar die samelewing deur sodanige vinnige sosiale veranderinge gekenmerk word dat die ouers geen leiding aan die jonger geslag kan gee nie. Dit is dikwels die geval dat die jonger persone die volwassenes moet leer. Dit dui op 'n nuwe stadium en 'n ander vorm van kulturele oordrag.

Samevattend sal die mate en aard van die invloed van kultuur op die adolessent se ontwikkeling en gedrag dus bepaal word deur

- die **kenmerke** van sy kultuur soos kulturele waardes, standaarde, gedragskodes en verwagtings;
- die **aard** van sy kultuur (tradisioneel, modern of in oorgang vanaf tradisioneel na modern);
- die **mate** waarin sy kultuur deur tegnologiese en sosiale veranderinge gekenmerk word en die **tempo** waarteen hierdie veranderinge plaasvind;
- die **individuele vermoëns** en **persoonlikheidskenmerke** van die adolessent;
- die mate waarin die **kultuur se kenmerke** die adolessent se behoeftes bevredig.

Die noue wisselwerking tussen die ontwikkeling en kenmerke van die adolessent en sy kultuur asook sosiale veranderinge noodsaak dus dat die navorser adolessensie binne sosiokulturele verband sal bestudeer.

2.2.3 Die blanke adolessent in die Weeterse samelewing

2.2.3.1 Inleiding

In 1652 het die eerste blanke kinders (8 seuns en 1 dogter) saam met Jan van Riebeeck uit Nederland in die Kaap aangekom. Alhoewel die kinders in die sewentiende en agtiende eeu asook tydens die Groot Trek van 1838 onder moeilike omstandighede opgegroei het, is hulle opvoeding en onderrig nie verwaarloos nie (Le Roux, 1985; Visser, 1985a).

Adolessente seuns moes die vader met sy take help en die meisies hul moeder. As gevolg van die moeilike omstandighede waaronder veral die Voortrekker kinders opgegroei het, was hulle al dikwels op 'n jeugdige ouderdom verantwoordelik en selfstandig. Die adolessente stadium was dus nie baie lank nie en volwasse rolle is vroeg aanvaar. Tydens die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) het seuns ouer as 16 jaar byvoorbeeld gaan veg en die wat jonger was, het tuisgebly om na die boerdery om te sien (Visser, 1985b).

As gevolg van die voortdurende kontak en kommunikasie met die Westerse lande asook die instroming van immigrante uit hierdie lande (veral gedurende die sewentiende, agtiende en negentiende eeu) word die blanke bevolking in Suid-Afrika in 'n groot mate deur dieselfde tegnologiese en sosiale veranderinge as die ander Westerse lande beïnvloed. Die volgende bespreking van die invloed van sosiale veranderinge op blanke Westerse adolessente kan dus in 'n groot mate ook as van toepassing op die adolessente in die RSA gesien word. Alhoewel dit moontlik is dat verskille kan voorkom as gevolg van geografiese, kulturele en historiese veranderlikes, kon geen inligting wat dit bevestig, opgespoor word nie.

2.2.3.2 Die invloed van sosiale veranderinge op die Westerse adolessent

- Gesinsveranderinge

Gedurende die afgelope twee dekades het die ervaring van adolessensie as 'n komplekse ontwikkelingstadium toegeneem. Conger en Petersen (1984) skryf dit toe aan onder andere vinnige sosiale veranderinge ten opsigte van die gesin. Wanneer die invloed van hierdie veranderinge op die adolessent bespreek word, moet daar in gedagte gehou word dat faktore soos sosio-ekonomiese vlak, godsdiens, geografie (bv. plattelands of stedelik), mate van mobiliteit, individuele persoonlikhede en vermoëns asook subkultuurgroep (bv. Afrikaans- of Engelssprekend) verskille met betrekking tot die gesinstruktuur en -funksies kan meebring.

Sedart 1850 het die uitgebreide gesinstruktuur (vader, moeder, kinders, familielede en in sommige gevalle loseerders) as gevolg van industrialisasie, verstedeliking en geografiese mobiliteit begin plek maak vir die kerngesin wat beperk is tot die vader, moeder en kinders. Hierdie faktore wat bygedra het

tot die ontstaan van die kerngesin het ook gelei tot die depersonalisasie van die verhouding tussen die gesin, familie en die samelewing, tot 'n groter skeiding tussen die verskillende ouderdomsgroepe en die vermindering van ekonomiese interafhanklikheid tussen familielede (Sebald, 1984).

Lede van die kerngesin vorm 'n hegte eenheid en beskerm bulself teen die buitewêreld deur aan te dring op privaatheid en isolasie. Hoe meer intiem die emosionele verhoudings binne die kerngesin en hoe kleiner die gesin is, hoe intenser is die gesinsverhoudings. Dit is ook moeiliker om hierdie verhoudings te verander. Tydens adolessensie is sodanige veranderings egter noodsaaklik aangesien die adolessent onder andere onafhanklikheid van sy ouers moet ontwikkel en nuwe verhoudings met sy portuurs moet aanknoop. Binne die geïsoleerde kerngesin kan sodanige veranderings dus met meer spanning en konflik gepaard gaan as binne die struktuur van die uitgebreide gesin (Conger & Petersen, 1984).

Die interaksie binne die kerngesin berus nie meer op vasgestelde instellings, norme en rolvoorskrifte nie, maar op kameraadskaplike verhoudings. Daar word dus hoë eise aan die individu se kommunikasievermoë en sensitiwiteit ten opsigte van interpersoonlike verhoudings in die gesin gestel. Adolessente moet dus die vermoë ontwikkel vir sensitiewe interpersoonlike kommunikasie.

In die tradisionele uitgebreide gesin het adolessente die sekuriteit gehad dat hulle vooraf geweet het hoe om op te tree. Teenswoordig beskik hulle oor die vryheid om hul eie styl in interpersoonlike interaksie te ontwikkel. Om sodanige vermoë te ontwikkel vra innerlike sterkte en ervaring. Sebald (1984) kom tot die slotsom det "learning adequate responses to the liberalized style of buman interaction constitutes an immensely difficult task - a task requiring the treatment of eacb social scene as a situation that present unique problems and requires unique solutions" (p. 136).

Kommunikasie is dus 'n belangrike aspek in die funksionering van die kerngesin. Ouers moet deur middel van sensitiewe kommunikasie aan hul adolessente kinders liefde en aanvaarding oordra ten einde twyfel uit die weg te ruim en 'n gevoel van sekuriteit by die adolessent tydens sy ontwikkeling te skep. Kommunikasie ontwikkel egter deur oefening en verbeter as daar groter sensitiwiteit ontwikkel en meer tyd aan die oefening van die

kommunikasievermoë bestee word. Ongelukkig het die moderne ouers dikwels nie genoeg tyd om hierdie vermoë by hul adolessente kinders te ontwikkel nie.

Kommunikasie beteken nie net om met mekaar te praat nie, maar ook om sekere aktiwiteite te deel. Saamdoen skep geleentheid vir die uitdrukking van gedagtes en gevoelens wat kan lei tot 'n beter begrip vir mekaar. Ook vir die adolessent beteken dade meer as woorde. Dit skep 'n gevoel van gedeelde emosies en ervarings wat die basis vorm vir die oordra van 'n gevoel van om te behoort en sekuriteit.

Voor 1850 het die gesin ses belangrike funksies vervul, naamlik ekonomies-produktiewe, opvoedings-, religieuse, ontspannings-, mediese en affeksionele funksies. Vandag word die eerste vyf funksies grootliks deur skole, die kerk, hospitale en medici, kommersiële instellings en industrieë oorgeneem. Om in die emosionele behoeftes van die gesinslede te voorsien, is bykans al funksie wat oorgebly het (Conger & Peterson, 1984; Dacey, 1982; Sebald, 1984).

Die gesin moet dus hoofsaaklik in die adolessent se basiese behoefte aan sekuriteit en die gevoel van om te behoort, voorsien. Indien die adolessent nie binne die gesin sekuriteit ervaar nie, sal hy dit moeilik vind om 'n identiteit en 'n gevoel van sekuriteit te ontwikkel. Indien hy oor hierdie sekuriteit beskik, kan hy wegbeweeg uit die gesin om volwasse rolle te aanvaar en sy psigologiese behoeftes te bevredig.

As die volgende verskynsels in gedagte gehou word, kan die vraag volgens Sebald (1984) gestel word of die gesin in die moderne samelewing wel in staat is om die adolessent se behoefte aan sekuriteit en om te behoort te bevredig: die hoë egskeidingsyfer, die groot mate van geografiese en sosiale mobiliteit, ontoereikende gesinskommunikasie, die toenemende aantal moeders wat hul aandag verskuif na 'n beroep buite die huis en die groot aantal vaders wat steeds nie deel het aan die opvoeding en sosialisering van hul kinders nie. Adolessente wat in sulke gesinne opgroei, kan moontlik nie die nodige sensitiwiteit en kommunikasievermoë vir suksesvolle interpersoonlike verhoudings ontwikkel nie en kan voel dat hulle nie aanvaar of verstaan word nie. Hulle ontwikkel sonder 'n basiese vertroue in die stabiliteit van die gesin.

Volgens Sebald is die sosialiseringservaring van die individu in die gesin so invloedryk dat die uiteindelike aard van die individu deur die gesin as primêre groep bepaal word. Die kenmerke van die primêre groep is dat daar in so 'n groep dieselfde waarde-oriëntasie bestaan, dat daar aan dieselfde aktiwiteite deelgenaem word, dat die groep die sosiale aard van die individu vorm en dat 'n aantal individue saam 'n sosiale entiteit vorm. Hierdie kenmerke kom in 'n groot mate nie meer by die gesin voor nie aangesien die sosialisering van die kinders dikwels nie uitsluitlik by die ouers berus nie, maar ook by sekondêre groepe in organisasies soos kleuterskole, skole en kerke. Ook die massamedia (bv. televisie) speel 'n belangrike rol in die verband. Tussen hierdie sosialiseringsagente kan daar egter verskille ten opsigte van byvoorbeeld waardes voorkom wat die ontwikkelingsproses van die adolessent kan kompliseer. In sy soeke na 'n identiteit kan die adolessent dan vind dat daar nie eenvormigheid en stabilitait in die gesin en buite die gesin voorkom nie. Hy kom dus te staan voor konflikterende sosialisering en hy moet sy identiteit sonder 'n duidelike en basiese verwysingsraamwerk ontwikkel.

In die geïsoleerde kerngesin beskik die adolessent verder ook oor min volwasse rolmodelle. Hy sien selde waarmee sy ouers hulle op beroepsvlak besig hou. Verder het 'n toename in die egskeidingsyfer meer enkelouergesinne tot gevolg. Die adolessent word dus ontneem van 'n verskeidenheid van volwasse modelle ten opsigte van beroeps-, sosiale en geslagsrolle (Conger & Petersen, 1984).

Veranderinge in die gesinstruktuur en -funksies het eger nie net nagatiewe gevolge nie. Die individu is bevry van die beperkende band van die tradisionele gesin. Dit stel hom in staat om sy kreatiewe vermoëns te ontwikkel en sy individualiteit uit te leef. Hierin lê die dilemma egter opgesluit van die onvermoë van die mens om vryheid en sekuriteit te kombineer; die moderne adolessent het genoag vryheid, maar verlang dikwels na meer sekuriteit (Sebald, 1984).

Binne die moderne gesinstruktuur het adolessente dikwels die vryheid om tussen verskillende lewenstyle te kies. Hulle kan ook meer ervaring met betrekking tot verhoudings binne die gesin opdoen. Terselfdertyd kan hulle ook minder leiding van gesinslede ontvang. Met meer alternatiewe tot hul beskikking en

'n groter variasie van ervarings, maar minder leiding, kan hulle in 'n groter mate as wat vroeër die geval was hul eie identiteit vorm.

Die beskikbaarheid van meer keuses kan egter ook meer konflik veroorsaak. Alhoewel sekere adolessente dus sal baat by die groter vryheid en meer keuses, kan ander deur die konflik oorweldig word (Forisha-Kovach, 1983).

- Verstedeliking en geografiese mobiliteit

Die persoonlikheidsontwikkeling van die adolessent word verder beïnvloed deur die geografiese mobiliteit van die moderne gesin (Sebald, 1984). As gevolg van die ontwikkeling van industrieë en die skepping van werkgeleenthede verhuis baie gesinne na die stede en tussen stede. Hierdie mobiliteit gaan selfs binne die stedelike gebiede voort. Verstedeliking en mobiliteit belemmer dus die vorming van persoonlike bande binne 'n woonbuurt en tussen familielede. Geleenthede vir meer informele kommunikasie tussen die gesin en sosiale instellings soos die skool, kerk, groepe in die woonbuurt en die plaaslike regering wat tradisioneel kenmerkend van die kleiner dorpe en platteland was, verminder ook (Conger & Petersen, 1984).

Die stabiliteit van en interafhanklikheid tussen gemeenskappe het dus verswak en die kerngesin is geïsoleer van persoonlike, familie en gemeenskapsondersteuning. Die adolessent moet ook voortdurend heraanpas en verloor elke keer die ondersteuning van die gemeenskap, 'n portuurgroep en vriendskappe wat hy begin vorm het.

Hoë mobiliteit stel wel die adolessent bloot aan 'n verskeidenheid van stimuli en ervarings, maar dit weeg nie op teen die belang van meer gevestigde lewenspatrone en verhoudings wat kan ontwikkel wanneer mobiliteit laag is nie. Ten einde 'n stabiele verwysingsraamwerk te ontwikkel, het adolessente 'n sekere mate van konsekwentheid en kontinuïteit in hul lewenspatrone nodig (Sebald, 1984).

- Veranderinge in gesagsverhoudings

Voor die twintigste eeu het adolessente selde die gesag van hul ouers bevraagteken of die ouers se beheer as onregverdig gesien (Dacey, 1982).

Volwassenes het ook 'n homogene groep gevorm want hulle het grootliks dieselfde waardes en houdings gehad. Wanneer die adolessent hom teen volwassenes se menings, waardes en optredes verset het, bet hy te staan gekom voor 'n verenigde volwasse front. Ouers is gesien as gesagsfigure wat oor wysheid beskik het en was as sodanig effektiewe rolmodelle.

As gevolg van sosiale en tegnologiese veranderinge word die huidige volwasse groep egter gekenmerk deur verdeeldheid ten opsigte van status, politieke sienings, persoonlike standaarde en moraliteit. Hierdie verdeeldheid het gelei tot die afname in die geseg van volwassenes. Die ouers is nou slegs effektiewe rolmodelle en gesagsfigure vanuit hul eie krag en waarde as individue (Conger & Petersen, 1984; Dacey, 1982).

Die volgende kenmerke van die moderne Westerse samelewing het verder daartoe bygedra dat die geseg van die ouers afgeneem het: Vinnige sosiale veranderinge het veroorsaak dat die ouers in 'n opvallend verskillende wêreld as hul adolessente kinders opgegroei bet. Verder bet tegnologiese ontwikkeling so vinnig plaasgevind dat ouers dikwels nie oor dieselfde kennis as hul adolessente kinders beskik nie. Die ouers kan dus nie soos vroeër altyd antwoorde op die adolessent se vrae verskaf nie. Hierdie verskille ten opsigte van ontwikkelingservaring en kennis van tegnologiese onderwerpe het daartoe gelei dat die gesagsbesluite van die ouers nie onbevraagteken aanvaar kan word nie.

As gevolg van die groter fokus op die individu word die ouderdom waarop adolessente as wetlik onafbanklik van hul ouers gesien word al meer verlaag (Sebald, 1984). Adolessente jonger as 18 jaar kan byvoorbeeld in sekere stete van die VSA sonder die ouers se toestemming aandring op mediese dienste soos aborsies, die verskaffing van geboortebeperkingsmiddels en die behandeling van veneriese siektes. Die gesag van die ouers neem dus toenemend af namate die jeug meer vryheid van keuse het en meer besluite ten opsigte van hul eie lewe kan neem.

Elder (1968) wys verder daarop dat die groter blootstelling aan ander sosialiseringsagente die tradisionele geloofwaardigbeid van die ouers se sienings en optredes meer kwesbaar gemaak het. Dit het die gesagsposisie van die ouer binne die ouer-adolessentverhouding verlaag en die moontlikheid van

die bestaan van die generasiegaping en tussengenerasiekonflik verhoog (*Mental-Health Materials Centre*, 1978).

- Nadruk op individualiteit en selfrealisering

In die tradisionele uitgebreide gesin is die gesin se behoeftes, norme, houdings en doelwitte bo die van die individu gestel. Die eenheid van die gesin het berus op die rolle wat die verskillende gesinslede gebad het. Die rol van die individu was voorgeskryf en noodsaaklik vir die funksionering van die gesin aangesien die gesin 'n ekonomiese eenheid was en die gesinslede afhanklik van mekaar.

In die moderne kerngesin word daar egter nie sulke hoë eise aan roluitvoering gestel nie aangesien die funksies van die gesin baie verminder het. Dit het daartoe gelei dat die bevrediging van persoonlike behoeftes voorkeur begin geniet het en die uniekheid van die individu erken en belangrik geag word. Selfrealisering en individualiteit word dus benadruk (Sebald, 1984).

Hierdie nadruk op die self kan verder ook toegeskryf word aan verandering wat ingetree het ten opsigte van die tradisionele werketiek waarvolgens die tegnologies-ekonomiese deel van die lewe berus op waardes wat werk, produksie, prestasie en rasionalisme beklemtoon. Hierdie waardes lei tot die aanname dat enige individu deur harde werk sukses kan behaal en kan presteer. Die voorspoed wat hierdie etiek te weeg gebring het, het gelei tot materiële beloning asook meer vryetyd. Dit het weer veroorsaak dat daar 'n bewustheid ontstaan het dat die lewe meer as werk en prestasie is wat daartoe gelei het dat die werketiek bevraagteken is (Rogers, 1985; Sebald, 1984).

Die nadruk op selfrealisering en die vervulling van individuele behoeftes kan lei tot konflik tussen die ouer en jonger generasie. Die rede hiervoor kan wees dat die ouer generasie steeds volgens die tradisionele werketiek meer werkgeoriënteerd as die jonger generasie is.

Saam met hierdie bewustheid van die belang van selfrealisering het ander positiewe waardes ontwikkel, soos altruïsme, demokrasie en klem op die regte van alle individue. 'n Toename in sodanige waardes is voordelig aangesien dit die aanpassing van jeugdiges by 'n toenemend pluralistiese samelewing kan vergemaklik (Rogers, 1985).

Die nadruk op individualiteit en selfrealisering het ook 'n groot invloed op die rol van die vrou. Daar word toenemend van haar verwag om haar vermoëns te realiseer wat daartoe bydrae dat sy 'n nuwe beeld van haarself het, meer onafhanklik kan optree en haar identiteit nie slegs volgens kulturele voorskrifte hoef te vorm nie. Die adolessente meisie kan dus 'n persoonlike identiteit vorm, terwyl adolessente seuns moet afstand doen van die rigiede rolvoorskrifte ten opsigte van manlikheid.

Hierdie veranderde situasie het groter gelykheid tussen mense en soepelheid van gedrag tot gevolg. Dit bied ook groter geleentheid vir kreatiwiteit en identiteitsvorming en kan aanleiding gee tot meer belonende interpersoonlike verhoudings (Sebald, 1984).

Volgens Dacey (1982) gee individualisme nie tot die verwerping van die gesin en huwelik aanleiding nie, maar tot 'n soeke na kommunikasievaardighede wat goeie verhoudings kan bevorder. In die plek van rigiede rolle kom aanvaarding van 'n individuele styl.

Alhoewel die klem op individualisme sekere belangrike positiewe gevolge het, kan dit egter lei tot 'n atmosfeer van isolasie (Sebald, 1984). Samewerking en persoonlike vertroue in mekaar wat deel van die gesin was en wat sekuriteit aan die adolessent verleen het, het grootliks afgeneem. Die moderne adolessent staan dus in baie gevalle alleen in die uitvoering van belangrike ontwikkelingstake.

Vroeër is die adolessent se status deur sy familie se status in die samelewing bepaal. Vandag beïnvloed die sosio-ekonomiese en sosiale status van die gesin wel die ontwikkeling van die adolessent, maar die adolessent is vry om self te werk vir 'n sekere statusposisie. 'n Verskuiwing na individualisme vind dus ook in hierdie opsig plaas.

Die nadeel hieraan verbonde is dat die adolessent nie meer op sy gesin kan steun nie, maar sy eie status moet verwerf. Om te presteer het dus 'n belangrike dryfveer en waarde geword. Hierdie afwesigheid van status-sekerheid tesame met 'n onsekere gevoel oor die toekoms, kan die adolessent verlore laat voel. Aan die anderkant bied die vryheid van keuse weer aan die adolessent meer geleentheid om homself te realisaer.

- Jeug in die tegnologiese era

Die beeld dat die jeug deur tegnologiese ontwikkeling oorheers word, magteloos daarteenoor staan en die prooi van die masjieneeu is, word dikwels voorgehou as die enigste waarheid. Jeugdige protesteerders betoog byvoorbeeld teen besoedeling en kernkrag en val tegnologiese ontwikkelings aan. Hierdie betogings berus egter dikwels op eensydige of oppervlakkige kennis van die effek en funksie van die tegnologie.

Die natuur moet gesien word as die vennoot van die mens. Die uitdaging is om die tegnologie so te verstaan en te beheer dat die natuur 'n deel van die mens word en hydrae tot die volle realisering van die menslike potensiaal. Die tegnologie hanteer dus die heelal as die roumateriaal wat deur die mens ontgun moet word. Alhoewel tegnologie op 'n destruktiewe wyse gebruik kan word, word daar dus eerder gepoog om dit konstruktief te benut.

Die massamedia dra baie daartoe by dat adolessente meer kennis oor strydvrae en tegnologiese ontwikkelings inwin. Dit verbreed ook hul kennis en begrip van ander individue en kulture in toenemend pluralistiese samelewings. Adolessente moet egter daarin belangstel en oor genoeg kennis beskik om dit wat hulle sien en lees intelligent te interpreteer (Rogers, 1985).

Die probleem is egter dat die massamedia die adolessent van inligting en kennis voorsien waarop hy nie kan reageer nie. Om inligting en kennis sinvol te benut, moet die individu geleentheid kry om op stimuli uit sy omgewing te reageer en die gevolge van sy reaksie waar te neem. Wanneer hy inligting slegs passief ontvang, ontdek hy nie homself of sy vermoëns nie. Die stimuli kan slegs aanvaar of verwerp word (Craig, 1983).

Alhoewel jeugdiges soms voel dat hulle deur tegnologiese ontwikkeling oorweldig word, is dit juis hierdie tegnologie wat volgens Rogers (1985) die kenmerke van hul kultuur bepaal (bv. die besit van motors, sakgeld, radio's, moderne kleredrag en die aard van vryetydsbesteding). Die tegnologie gee ook aan hulle die geleentheid om ten volle te ontwikkel en voorsien intellektuele asook emosionele stimulering. Daar kan ook nie sonder tegnologiese ontwikkelings in die behoeftes van die groeiende bevolking voorsien word nie.

Tegnologiese ontwikkelings het wel 'n groot invloed op adolessente se ontwikkeling, houdings en lewenswyses. Dit dra ook daartoe by dat groter eise aan hulle gestel word. Vroeër het die mens besin oor basiese strydvrae soos hoe om in sy biologiese behoeftes te voorsien. In die huidige era besin hy oor strydvrae van 'n meer eksistensiële aard soos hoe om sy individualiteit te behou of 'n individuele identiteit te vorm in 'n toenemend komplekse, tegnologiese en dig bevolkte samelewing.

- Toekomsperspektief: Die jeug as wêreldburgers

Adolessente word toenemend bewus van mededingende wêreldsienings en hulle moet hul denkwyses, sienings, optredes en beplannings daarby aanpas. Hulle moet teoretiseer oor aanpassingswyses by nuwe sisteme en probleme. Hierdie teoretisering behels volgens Rogers (1985) "negotiating everyday life and organizing social interaction - to effect interpretations of the world and the self" (p. 409).

Die ontwikkeling van langtermyn perspektiewe sal toenemend noodsaaklik word. Die adolessent sal gewoond moet word aan antisiperende langtermyn beplanning. Skole sal ook gereeld hul leerplanne moet aanpas met die oog op die behoeftes van die toekoms.

Die vinnige veranderinge maak voorbereiding vir volwassenheid ook relatief. Nadruk moet gelê word op die ontwikkeling van basiese leervermoëns en prosesse te same met kennis van sekere sake wat moontlik essensieel in die toekoms sal wees. Ouers moet ook aan hul adolessente kinders genoeg outonomie gee om perspektief oor hul samelewing en die wêreld te kan kry en om hul samelewing te kan verander om aan te pas by die behoeftes van veranderende tye.

In die vorige era het volwassenes grootliks gefokus op die verantwoordelikheid wat hulle teenoor hul kinders het. Met die toenemende nadruk op die ontwikkeling en realisering van die individu, ook tydens volwassenheid, kan die vraag gestel word of vandag se jeugdiges as ouers hulself nie sal vervul ten koste van hul kinders se selfrealisering nie. Rogers meen dat alhoewel opoffering te ver gevoer kan word 'n sekere mate van opoffering wel noodsaaklik is vir die jeug se verdere ontwikkeling.

Simplistiese sienings van onderwerpe soos tegnologiese verandering, bevolkingsontploffing, ouderdomisme en die generaaiegaping sal moet verander. As gevolg van die steeds toenemende kennis en groeiende bevolking sal jeugdiges in die toekoms hierdie sake en probleme in 'n meer komplekse vorm moet kan hanteer.

As gevolg van die vinnige en voortdurende verandering beklemtoon Rogers ook die belang van toewyding aan iets groter as die self ten einde 'n hoë vlak van morele karakter te behou. Die jeug sal ook bewus moet wees van die eenheid of holistiese kwaliteit van basiese natuurwette sodat die mens in sy vermoë om sy omgewing te verander, nie die natuur vernietig nie. Basiese wetenskaplike beginsels in 'n wetenskap-gedomineerde wêreld moet begryp en eerbiedig word.

Vir baie jeugdiges bestaan hul wêreld binne die grense van hul samelewing, maar vir ander omsluit hul wêreld die heelal. Volgens Rogers is dit dus belangrik om 'n wêreldsiening te ontwikkel aangesien baie lande al hoe meer interafhanklik raak en toenemende vinnige en direkte kommunikasie asook vervoermiddels bydrae tot 'n "verkleining" van die wêreld. Om 'n wêreldbewustheid by die jeug te ontwikkel en effektiewe funksionering en aanpassing van die individu te bevorder, is dit noodsaaklik dat adolessente 'n begrip moet ontwikkel van hierdie interafhanklikheid tussen lande. Hulle moet ook 'n begrip en waardering vir ander kulture ontwikkel.

Adolessente moet leer onderskei tussen nasionalisme en internasionalisme om 'n besef te ontwikkel dat een soort lewenswyse nie outomaties vir alle mense geld nie. Kontroversiële sake sal onbevange en sonder veroordeling of vooroordeel bespreek moet word. Sodanige ondersoek van belangrike sake is 'n voorvereiste vir intelligente begrip vir die wêreld en sy probleme.

Benewens 'n begrip vir die diversiteit van kulture sal die adolessent ook 'n begrip vir sosiale en ekonomiese geregtigheid moet ontwikkeling aangesien hulle in 'n toenemend pluralistiese samelewing sal moet aanpas. Dit sal ook belangrik wees om naas die moedertaal 'n ander taal te ken ten einde tussenkulturele kommunikasie te bevorder.

Rogers meen dat daar wel 'n groter bewustheid vir die toenemend komplekse wêreld waarvoor die adolessent hom moet voorberei, is. Daar word egter nog min gedoen om hom te help in sy voorbereiding om 'n wêreld van

interverwantskappe en pluralisme te kan beheer; om as individu daarin te kan leef; en om daarby aan te pas en homself te realiseer. Baie kan geleer word van beskrywende en verduidelikende tussenkulturele navorsing wat voortdurend gedoen word om tred te hou met vinnige sosiokulturele veranderinge.

Navorsing moet 'n pluralisme reflekteer sodat veralgemenings nie plaasvind nie en sowel individuele as groepsverskille aangedui word. Ten einde al die fasette van adolessensie te kan verstaan, moet 'n interdissiplinêre en multidissiplinêre benadering gevolg word.

2.2.4 Die swart adolessent in die RSA


2.2.4.1 Inleiding

Die swart bevolking in die RSA bestaan uit 'n groot aantal swart etniese groepe met hul onderskeie tale, dialekte en kulture (Lambo, 1972). Die mate waarin hierdie swart bevolkingsgroepe deur verwestering en verstedeliking beïnvloed is, is ook nie eenvormig nie (Steyn & Breedt, 1977). Bevolkingsgroepe op die platteland, in die tuislande en onafbanklike state is byvoorbeeld in die meeste gevalle minder deur verandering geraak. In hierdie dele geld die tradisionele norme en gewoontes nog in 'n groter mate as by die swart mense in die stedelike gebiede. Die verskillende swart kulture verkeer dus in verskillende stadiums van verwestering. Hierdie diversiteit bemoeilik die taak van die navorser omdat daar nie sonder meer veralgemeen kan word nie.

Ondanks hierdie verskille meen Lambo (1972) dat daar wel genoegsame ooreenkomste ten opsigte van sosiale en kulturele instellings tussen die swart kulture voorkom om van die "sielkunde van die swart persoon in Afrika" te praat.

Volgens Thembela (Dreyer et al., 1977) verkeer die meeste swart kulture in die RSA in 'n oorgangstadium. As gevolg van verchristeliking, industrialisasie, verstedeliking, modernisering en verwestering bestaan die tradisionele Zoeloe kultuur byvoorbeeld nie meer nie, maar wel 'n oorgangskultuur. Prosesse van akkulturasie, enkulturasie en assimilasie het nie net bygedra tot die verandering van die swart kulture nie, maar selfs tot die verdwyning van sekere kulture.

Akkulturasie verwys na gedragsveranderinge wat die resultaat is van sekere sosiokulturele veranderinge of aanpassing by 'n ander kultuur. In Figuur 2 word die komplekse verhoudings tussen ekologiese, sosiale, kulturele en gedragsveranderlikes in 'n samelewing wat in kontak met 'n ander kultuur is, aangetoon (Segall, 1979).



Figuur 2. 'n Akkulturasiemodel. Die aspekte aan die bokant, links en regs van die figuur is kragte wat die individu beïnvloed. Die individu se response word onder in terme van twee kontinuïteite aangedui. Gebroke lyn pyltjies toon die effek van die individu se gedrag op die ander elemente aan. Soliede lyn pyltjies dui die invloede op die individu aan (Segall, 1979, p. 186).

Aan die linkerkant van die figuur word die sosialiserings- en enkulturasieprosesse wat binne die individu se eie kultuur plaasvind, aangedui. Die individu se motiewe, houdings en optredes word beperk en gerig deur sy kultuur se norme en gewoontes wat in ooreenstemming met sy samelewing se tradisionele waardes is. Sosialisering verwys na die oordrag van die norme en waardes van die kultuur aan die individu deur sosialiseringsagente soos die ouers en onderwysers. Enkulturasie verwys weer na die toevallige aanleer van hierdie norme en gewoontes wat plaasvind wanneer die individu ander naboots. Deur die twee prosesse word die individu se gedrag dus geskoei op die lees van die tradisionele kultuur.

Die regterkant van Figuur 2 toon die individu se kontak met 'n ander samelewing en kultuur aan. Massakommunikasie, onderwys, industrialisasie en verstedeliking beïnvloed hom deur sosialiserings- en akkulturasieprosesse wat verskil van die in sy kultuur. Benewens die kragte vanuit sy eie en die moderne kultuur word die individu se response en ontwikkeling ook beïnvloed deur die strukturele omgewing (bv. klimaat, bevolkingsdigtheid, politieke en ekonomiese strukture).

Die individu kan op hierdie drie kragte op twee kontinuums reageer, naamlik aanpassing - wanaanpassing en tradisioneel - modern. Die twee kontinuums word gesien as onverwant aangesien daar byvoorbeeld in enige tradisionele samelewing tye en situasies sal wees waar tradisionele gedrag meer aangepas is as tydens ander tye en situasies asook situasies waar moderne gedrag weer meer aangepas sal wees. Dit is egter nie net kulturele en omgewingskragte wat die individu beïnvloed nie, maar die individu se gedrag beïnvloed ook die omgewing en kultuur.

Die swart adolessent bevind hom dus in 'n samelewing met die volgende kulturele opset: Hy behoort deur akkulturasie aan sy tradisionele kultuur én aan die Westerse kultuur. Laasgenoemde is die dominante kultuur en in die moderne samelewing is dit vir hom belangrik om daarin aanvaar te word. Sodoende word sy tradisionele kultuur die ondergeskikte kultuur. Benewens die sosiale rolle van sy swart kultuur moet hy ook die bykomende Westerse rolle internaliseer om in die dominante kultuur aanvaar te word (Thom, 1980).

Daar word dikwels aangeneem dat individue wat aan vinnige kulturele verandering blootgestel is, psigologiese ontwrigting, konflik en akkulturasie spanning ervaar. Dit is egter nie altyd die geval nie aangesien individue wat van geboorte af ook kontak met 'n ander kultuur het dit as deel van sy omgewing kan aanvaar. Die mate van spanning en ontwrigting wat die persoon ervaar, sal bepaal word deur die akkulturasie druk deur die samelewing op die minderheidskulture, die tradisionele kenmerke van die samelewing en die kenmerke van die individu (Segall, 1979). Wanneer daar groot verskille tussen die tradisionele en moderne samelewings se waardes, norme en gewoontes is, sal die moontlikheid om spanning te ervaar groter wees. Dit blyk ook dat individue wat psigologies meer gedifferensieerd is, met ander woorde veldonafhanklik of 'n onafbanklike kognitiewe styl openbaar, minder blootgestel is aan akkulturasie spanning.

Wanneer die kenmerke en ontwikkeling van die swart adolessent bestudeer word, is dit dus noodsaaklik om die invloed van die swart kultuur wat in 'n oorgangstadium tussen die tradisionele en Westerse kultuur verkeer in gedagte te hou. Daar moet verder ook onthou word dat alhoewel die Swart kulture besig is om te verander die realiteite van die lewe van die swart en wit mense in die RSA nie van mekaar verskil nie (Dreyer et al., 1977). Almal is blootgestel aan dieselfde ekonomiese toestand (bv. inflasie) en geografiese omstandighede en bet dieselfde sosiale beboeftes. Wat wel verskil is die unieke aard van die situasie van die wit en swart mense asook hul kulturele erfenis en historiese agtergrond.

Dear bestaan baie min psigologiese navorsing en wetenskaplike inligting oor die swart adolessent in die RSA. Die inligting wat wel beskikbaar is, is ook dikwels gebeseer op navorsing wet in die sestigerjare en vroeë sewentigerjare oor die gesinslewe en kultuur van die swart stamme gedoen is, soos die van Rip (1960), Steyn en Rip (1968) en Garbers (1971). By die volgende teoretiese bespreking van die invloed van sosiokulturele veranderinge op die swart adolessent moet daar deurgaans in gedagte gehou word dat die situasie moontlik reeds kon verander bet as gevolg van toenemende modernisering en verwestering van hul tradisionele kultuur.

Hierdie onbeskikbaarheid van resente wetenskaplike inligting beklemtoon die dringende noodsaaklikheid van psigologiese navorsing oor die swart

adolessent. Die hedendaagse swart adolessent ontwikkel in 'n samelewing wat nie net deur kulturele verandering gekenmerk word nie, maar ook deur sosiele en politieke onrus. Navorsing oor die adolessent kan bydrae tot meer kennis oor spesifieke ontwikkelingsaspekte kenmerkend van die swart adolessent. Dit kan ook lei tot groter insig in en begrip vir tussenkulturele verskille wat kommunikasie en samewerking tussen die verskillende kulture kan bevorder.

2.2.4.2 Invloed van kultuurveranderinge op identiteitsvorming

Die ervaring van adolessensie in primitiewe of tradisionele samelewings het meegebring dat die adolessent nie 'n identiteitskrisis ervaar het soos die adolessent in die moderne samelewing nie. Hy het ook 'n sterk gevoel van solidariteit gehad en gevoel dat hy deel van 'n geheel is. Die vorming van 'n identiteit word dus bevorder wanneer die adolessent deel is van 'n bestendige kultuur en 'n gevoel van kontinuïteit en eenheid met die kultuur van sy samelewing ervaar (Kilpatrick, 1974).

Alhoewel die oorgangs- of inisiasie rites in tradisionele samelewings wel met 'n mate van spanning gepaard gegaan het, is dit van korte duur in vergelyking met die Westerse adolessent se ervaring van 'n identiteitskrisis tydens 'n verlengde adolessente periode. Die mate van identiteitsverwarring wat die adolessent in die Westerse kultuur ervaar, is volgens Erikson (1968) egter nie noodwendig skadelik nie. Dit verhoed onder andere die vorming van 'n premature identiteit. Tydens die langer adolessente periode het die adolessent ook tyd om homself te ondersoek, om te eksperimenteer en vir volwasse rolle voor te berei. Sodoende ontwikkel hy 'n unieke identiteit. Ter wille van verdere groei, rypheid en kreatiwiteit is sy identiteit ook nooit finaal gevestig nie en dus onderhewig aan 'n mate van herdefiniëring tydens volwassenheid.

Wanneer die adolessent binne 'n samelewing ontwikkel wat in 'n oorgangstadium tussen die tradisionele en moderne kultuur verkeer, kan hy nòg die voordeel van die tradisioneel kortstondige oorgang, nòg die van die langer adolessente periode geniet. Volgens Kilpatrick (1974) kan hy die angs sonder die uiteindelike outonomie ervaar, die verwarring sonder die kreatiwiteit, met ander woorde 'n krisis sonder om 'n identiteit te bereik. "As individuals they are neither captain of their fate, nor master of their soul but were at the mercy of the winds and seas of a technocratic society" (p. 408).

Die swart adolessent moet dus sy identiteit vorm sonder 'n duidelike verwysingsraamwerk of die agtergrond van 'n eenheidskultuur wat stabiliteit verseker. Die verlies van sy tradisionele gelowe, waardes en gewoontes kan lei tot die verlies van 'n samehorigheidsgevoel en 'n sosiale identiteit (Woudstra-Van Riessen, 1973).

Disoriëntasie as gevolg van kulturele oorgang word vir Kilpatrick (1974) saamgevat in die volgende aanhaling:

> The dissolution of culture both releases and betreys us. It gives us the space to creete new styles, new gods and connections but it denies us the strengths and talents to do it; for these are learned in relationships and community, and the dissolution of culture deprives us of them. (p. 409)

Wanneer die kultuur van 'n samelewing verander vanaf 'n primitiewe tradisionele kultuur na 'n moderne Westerse kultuur gaan die kultuur ook deur 'n identiteitskrisis. Die adolessent in so 'n kultuur kan dus 'n dubbele identiteitskrisis ervaar.

Ten slotte wys Kilpatrick daarop dat die ideaal om 'n unieke kreatiewe identiteit te ontwikkel nie die kulturele erfenis totaal verwerp nie. Dit is eerder nodig om 'n sintese tussen die tradisionele en moderne kulture te vorm. In die moderne samelewing kan die adolessent 'n outonome, unieke identiteit ontwikkel, terwyl die tradisionele kultuur aan hom tegelykertyd 'n gevoel van samehorigheid of groepsgebondenheid bied. Sy individuele identiteit en kulturele of groepsidentiteit moet dus 'n eenheid vorm.

Om hierdie ideaal te kan verwesenlik moet die adolessent se tradisionele kultuur deur 'n groot mate van interne konsekwentheid en stabiliteit gekenmerk word. Soos reeds verduidelik, word die kultuur van die swart adolessent in die RSA se kultuur egter deur 'n groot mate van vloeibaarheid en verandering gekenmerk en kom eenvormigheid meestal nie voor nie. Dit hou die moontlikheid in dat die vorming van 'n kulturele identiteit as 'n komponent van sy totale identiteit dus grootliks bemoeilik kan word.

2.2.4.3 Die invloed van sosiokulturele veranderinge op die swart adolessent

Verstedeliking, verwestering en ontstamming van die swart persoon het gelei tot sosiokulturele veranderinge ten opsigte van die tradisionele norme, waardes en geloof; die gesinstruktuur, gesinstabiliteit, gesinsfunksies, rolle van die gesinslede en die gesagsverhouding binne die gesin; en die sosialiseringsproses (Strijdom & Van der Burgh, 1980). Aangesien veranderinge ten opsigte van hierdie aspekte die adolessent se identiteitsontwikkeling, die aard van sy verhouding met sy ouers, die tipe ouerbeheer en sy verhoudings met sy portuurs grootliks beïnvloed, is dit nodig om aandag aan die aard van bierdie veranderinge te gee.

- Gesinsveranderinge

Die struktuur en die funksies van die gesin hou volgens Lambo (1972) direk verband met die psigologiese funksionering van die swart persoon. Hierbenewens was die tradisionele gesin verantwoordelik vir die ordelike en kontinue funksionering asook voortbestaan van die samelewing aangesien die gesin die voortplantings-, versorgings-, opvoedkundige, ekonomiese, godsdienstige en regseenheid in die samelewing was.

Tradisioneel was die swart poligamiese gesin 'n sterk en vitale instelling wat saamgebind is deur streng norme en waardes ten opsigte van gedrag en geloof. Die gesinstruktuur was die van 'n uitgebreide gesin wat uit 'n man met 'n aantal vrouens, kinders, grootouers en ander familielede bestaan het wat na aanmekaar of bymekaar gewoon het (Thom, 1980).

In die tradisionele swart gesinstruktuur het bloedverwantskap 'n belangrike rol gespeel en is dit patrilineêr bepaal (Steyn & Rip, 1968). Die verskillende gesinne is ook op grond van bloedverwantskap saamgebind. Benewens die gesin en bloedverwantskappe is 'n derde sosiale eenheid in die stam onderskei, naamlik 'n sosiale netwerk wat volgens oorlewering dieselfde voorvader gehad het, hoewel laasgenoemde nie genealogies bepaal kon word nie.

Tradisioneel was die kind se verhouding met sy moeder en haar familie vryer, informeler en liefdevoller as sy verhouding met sy vader en sy familie. Sy verhouding met laasgenoemde was meer respekvol en gedissiplineerd.

Die status van die individu is bepaal deur sy posisie in die gesin en familiestelsel. In die geval van poligamie het die hoofvrou se kinders byvoorbeeld hoër aansien geniet as die kinders van die ander vrouens. Verder het die patrilineêre bloedverwante en ouer persone (veral bejaardes) ook 'n hoër status beklee en is hulle met groter respek behandel.

As gevolg van verstedeliking en die invloed van Westerse norme, waardes en lewenswyses het die tradisionele gesinstruktuur en funksionering grootliks begin verander (Pauw, 1963). In plaas van die tradisionele norme wat status bepaal het, word die status van die persoon in die gesin en samelewing toenemend deur Westerse norme met betrekking tot ekonomiese en opvoedkundige vlak asook beroep bepaal. In teenstelling met die tradisionele voorgeskrewe status, moet die individu nou sy status self verwerf deur middel van prestasie.

Die tradisionele gesin was 'n onafhanklike selfonderhoudende eenheid. Die individu se rol was duidelik volgens geslag en ouderdom afgebaken. Die man was alleen die broodwinner (landbouer of veeboer) en die vrouens moes hul huishoudelike pligte nakom. As gevolg van verstedeliking en industrialisasie het die gesin hierdie produktiewe funksie verloor en het die gesinstruktuur verander.

Om in die ekonomiese behoeftes van die gesin te kan voorsien, moet die vader 'n beroep buite die huis gaan beoefen in 'n Westerse tegnologiese samelewing. Sy inkomste is dikwels onvoldoende wat sy vrou verplig om ook buite die gesinseenheid te gaan werk. Waar die opvoedingstruktuur vroeër vereis het dat die vader die seuns en die moeder die dogters onderrig, terwyl hulle hul daaglikse pligte nagekom het, belemmer die uithuisigheid van albei ouers in baie gevalle die uitvoering van hierdie funksies (Steyn & Rip, 1968; Steyn & Breed, 1977).

In die huidige bestel begin kinders dikwels ook op 'n jeugdige ouderdom werk en word so ekonomies onafhanklik. Hierdie onafhanklikheid dra daartoe by dat hulle sekere regte begin eis wat die tradisionele ouerlike gesag, veral die van die vader, ondermyn. Tradisionele norme en gedragskodes met betrekking tot die funksionering van die gesin het dus in die stedelike woongebiede in 'n groot mate betekenis verloor.

Verder kom geografiese mobiliteit in die stedelike gebiede in 'n redelike groot mate voor as gevolg van die vinnige ontwikkeling van swart woongebiede. As gevolg van die behuisingskemas kan die tradisionele uitgebreide gesin ook nie meer saamwoon nie. Hierdie faktore het verder bygedra tot die isolering en verandering van die gesin (Steyn & Breedt, 1977). Alhoewel die kerngesin voorkom, is die swart stedelike gesinstruktuur volgens Steyn en Rip (1968) dikwels kompleks en kan die volgende strukture onderskei word:

Eerstens bly daar dikwels ander familielede of soms net vriende by die gesin. Almal neem deel aan die gesinsaktiwiteite, dra finansieel by tot die gesin se inkomste en deel in die ervarings van die gesin.

Tweedens bly daar soms kleinkinders of buite-egtelike kinders van die ongetroude dogters by die gesin. So 'n gesin vorm 'n driegenerasie of multigenerasie gesin (die man en vrou, hulle kinders en die kinders van hul dogters). Dit is egter nie 'n uitgebreide gesin waar verskillende gesinne saambly nie.

Derdens kom onvolledige gesinne voor waar die man en/of die vrou afwesig is. In die meeste gevalle is die man afwesig en vorm die vrou en haar kinders met of sonder ander familielede 'n gesinseenheid. Die mans is in hierdie geval soms oorlede, werk ver van die huis af of het die huis verlaat. Soms het die vrou nie 'n man gehad nie en leef sy met haar buite-egtelike kinders as 'n gesinseenheid ('n multigenerasie onvolledige gesin).

- Invloed van gesinsveranderinge op die ouer-kind- en ouer-adolessent-verhouding

As gevolg van die Westerse invloed is die poligamiese huwelik in die meeste gevalle vervang deur die monogamiese huwelik. Op die platteland en in die stedelike gebiede het die gesin dus verklein en word die kinders deur net een vrou opgevoed. Minder familielede woon ook by die gesin. Daar kan dus verwag word dat daar 'n groter gehegtheid tussen die ouers en kinders sal ontwikkel, maar verskillende faktore beïnvloed die vorming van so 'n gehegtheidsband (Rip, 1960).

In die geval waar die gesin op die platteland woon, is die vader dikwels vir lang periodes weg van die huis om in die stedelike gebiede waar daar meer

werkgeleenthede is, te gaan werk. Sy vrou en kinders word dan by die familie, gewoonlik die ouers, gelaat waar al die familielede 'n mate van beheer oor die kinders het.

In die stedelike gebiede het die bloedverwantskapseenheid ook grootliks gedisintegreer en is die ouers alleen verantwoordelik vir die dissiplinering en sosialisering van die kinders (Rip, 1960; Steyn & Breedt, 1977; Steyn & Rip, 1968). Aangesien die vader ook dikwels ver van die huis af werk en min kontak met sy kinders het, vind die moeder dit moeilik om alleen 'n gesagsfiguur te wees. Sy ook dikwels gaan werk wat genoodsaak dat die kinders sonder ouerlike sorg by familie of vriende in die stede of op die platteland gelaat moet word.

Hierdie situasie wat die resultaat van die invloed van die norme van die Westerse kultuur en veral die ekonomiese of geldkultuur is, het die bande en verhouding tussen die ouers en die kinders laat verswak. Alhoewel daar steeds van die kind verwag word om sy ouers te respekteer, het die tradisionele formele reëls en beginsels van senioriteit wat deur die gesin en samelewing afgedwing was, begin verval. Die ouers onderrig ook nie meer hul kinders met betrekking tot volwasse rolle en verantwoordelikhede nie aangesien hierdie taak ook grootliks volgens Westerse standaarde deur die skool oorgeneem is. Al hierdie faktore het veroorsaak dat die ouers hul beheer en invloed in 'n sekere mate oor hul kinders en adolessente verloor het.

Volgens Rip (1960) en Van der Vliet (1974) het die uithuisigheid van die vader en/of die afwesigheid van ouerlike dissipline bygedra tot die verswakking van die maniere van die kinders en jongmense en hul houding teenoor hul ouers. Ouers kla byvoorbeeld dat die kinders min respek vir hulle toon, ongehoorsaam is, nie hul verantwoordelikheid nakom nie, ongedissiplineerd is en net aan hul eie plesier dink.

Die afwesigheid van die vader het ook veroorsaak dat onbeheerbare en misdadige gedrag onder jeugdiges toegeneem het. Selfs op die platteland het die jeugdiges begin om die gesag van hul moeders en bejaarde persone as oorblywende bron van dissipline te verwerp.

In gevalle waar die kinders wel by die ouers in die stede bly, kla die ouers ook dat hulle dikwels nie hul tienerjarige kinders kan beheer nie omdat hulle

met ongewensde persone assosieer en die gesag van die ouers verwerp (Rip, 1960). Die redes wat hulle hiervoor aanvoer, is die invloed van die Westerse norme dat ouer kinders en adolessente onafhanklikheid van ouerbeheer moet ontwikkel en dat kinders wetlik die reg het om ouers aan te kla as daar volgens hulle mening verkeerd teenoor hulle opgetree word.

As gevolg van meer werkgeleenthede in die stede bly jeugdiges nie lank by die ouers op die platteland nie. Hulle word dus gouer onafhanklik van die ouers. Die ouers kan weer afhanklik van hulle word omdat die gesin nie meer 'n onafhanklike ekonomiese eenheid kan wees nie as gevolg van die verlies van landbougrond (Thom, 1980).

In die stedelike gebiede moet die kind ook dikwels sodra hy oud genoeg is, gaan werk om die ouers finansieel by te staan (Rip, 1960). As die ouers te oud is om te werk, moet die kinders hulle onderhou wat 'n totale ommekeer in die tradisionele gesagsverhouding te weeg bring. In sulke gevalle het die ouer en veral die vader sy gesagsposisie in die ouer-kindverhouding verloor.

Gewoonlik is die jeugdiges in die stede geskoold of beskik hulle oor sekere kwalifikasies en het hulle ook meer kennis van die moderne tegnologie as die ouers wat dikwels ongeskoold is. Dit kan daartoe lei dat die gesagsverhouding tussen die ouer en kind omgeruil word omdat die jeugdige dikwels meer kennis as die ouer het en die ouer kan leer (Steyn & Breedt, 1977; Steyn & Rip, 1968). Aangesien die adolessent die ouer as ongeletterd en outyds kan sien, word die ouer se kennis as ontoepaslik verwerp wat die ouer se gesag verder ondermyn.

Die adolessent word ook in 'n groter mate as gevolg van skoolonderrig opgeneem in die Westerse kultuur. Dit kan daartoe lei dat die ouer en die kind verder van mekaar weggroei. In die Westerse kultuur word onafhanklikheid en individualiteit ook benadruk wat spanning en konflik in die ouer-adolessentverhouding kan laat toeneem. Botsings tussen die twee kulture se waardes kan daartoe aanleiding gee dat die jeugdige die beperkende tradisionele ouerbeheer begin verwerp. Volgens Garrison en Garrison (1975) kan so 'n omruiling in die gesagsverhouding tussen ouer en kind asook botsings tussen kulturele waardes en norme lei tot die ontstaan van jeugbewegings van 'n revolusionêre aard veral wanneer oneweredige en vinnige sosiale veranderinge voorkom. Jeugdiges is dan ook geneig om 'n "eie generasie"

gebaseer op gemeenskaplike ervaring en kontak met mekaar, te vorm. Volgens Steyn en Rip (1968) het jeuggroepe wel in die stedelike gebiede begin vorm, maar daar is nie genoeg kohesie in die groepe om 'n nuwe fondament vir 'n stabiele sosiale orde te verseker nie.

Die vraag kan wel gestel word in watter mate 'n toename in massakommunikasie, veral televisie, ouers se sienings en norme reeds beïnvloed of verwesters het. Selfs die ongeletterde persoon kan televisieprogramme verstaan. Beide ouers en kinders word aan hierdie Westerse kommunikasiemedium blootgestel wat moontlik die tweespalt in bul mate van verwestering kan verklein.

Die ouers werk ook tussen die Westerse blanke bevolking en kom sodoende meer in aanraking met die Westerse norme en optredes as die kinders wat die grootste deel van bul tyd binne bulle eie kultuurgroep, hetsy by die huis of in die skool deurbring. Navorsing oor hierdie aspekte kon ongelukkig nie opgespoor word nie.

- Invloed van sosiokulturele veranderinge op die sosialisering van die swart adolessent

Die kind word gesosialiseer om die gedrag en sentimente van die kultuur van die samelewing waarin hy gebore word te aanvaar en hoog te ag. Die spesifieke doelwitte en metodes van die sosialiseringsproses sal egter wissel volgens die aard en behoeftes van die samelewing. So sal die vorm van sosialisering in die tradisionele swart volkere in Suid-Afrika wat gekenmerk was deur homogene, konservatiewe en tegnologies onontwikkelde samelewings baie verskil van dié van die Westerse samelewings wat heterogeen, tegnologies kompleks en veranderend is (Van der Vliet, 1974).

In Westerse samelewings is die doelwit van sosialisering om die potensiaal van die individu te ontwikkel, met ander woorde die ontwikkeling van sy uniekheid en individualiteit. Hierdie doelwit is belangrik vir 'n samelewing met 'n komplekse rolstruktuur en waar verandering en vooruitgang hoog geag word.

In tradisionele swart samelewings was sosialisering weer gerig op die totstandkoming van konservatisme, konformiteit en lojaliteit teenoor tradisionele lewenswyses. In die tradisionele Pedi samelewing was die individu byvoorbeeld gerig deur tradisionele menings en nie sy eie gewete nie

(Garbers, 1971). Daar is sterk gekonformeer met tradisies met betrekking tot rolle en sekere hierargieë. Die individu se persoonlikheid is gevorm deur taboes, rituele, inisiasie skole en stamwaardes eerder as die persoonlike internalisering van waardes en norme. Na hierdie tipe persoonlikheid word verwys as 'n "tradisie-gerigte persoonlikheid".

As gevolg van tussenkulturele kontak tussen die tradisionele Pedi samelewing en die Westerse tegnologiese samelewing het hierdie doelwit van sosialisering en opvoeding egter begin verander. Innerlik gerigte persoonlikheids-ontwikkeling is toenemend toegelaat. Meer nadruk is op die individu en die individuele gewete geplaas.

Individualisme is veral bevorder deur die Westerse skoolonderrig wat die swart kind ontvang waar die individu se insig en begrip benadruk word asook sy vermoë om onafhanklik tot sekere sienings of standpunte te kom. Hierdie invloed lei tot die skepping van 'n "kulturele adolessent" met 'n "geïndividualiseerde gewete". Deur 'n rasionele en 'n ondersoekende houding en die aanleer van sekere gedragskodes ontwikkel die adolessent dan self 'n innerlike dissipline.

Nie net die doelwitte van sosialisering verskil nie, maar ook die metodes. In die Westerse samelewing is adolessensie 'n verlengde periode waartydens formele onderrig met die oog op 'n spesifieke beroep beklemtoon word. Met ander woorde die ontwikkeling van die individu se vaardighede eerder as onderrig in sosiale verhoudings word benadruk. In die tradisionele swart samelewings was opleiding hierteenoor informeel en het dit bestaan uit die nabootsing van die beperkte vaardighede wat die adolessent om hom waargeneem het. 'n Kort periode van formele onderrig is gewy aan die ontwikkeling van sosiale gedrag eerder as aan beroepsgerigte gedrag.

In die tradisionele samelewing is seuns en meisies reeds op 'n vroeë ouderdom van mekaar geskei en afsonderlik gesosialiseer (Steyn & Rip, 1968). Namate hulle ouer geword het, is hulle verder volgens ouderdom gegroepeer. Lede van so 'n groep van dieselfde geslag en ouderdom was baie na aan mekaar en het ook saam die inisiasieskole bygewoon.

In die portuurgroep moes die lede met 'n groot aantal sosiale norme met betrekking tot hul gedrag teenoor mekaar asook hul regte en voorregte konformeer. As 'n lid van 'n groep oortree het, is die hele groep

verantwoordelik gehou. Die portuurgroep het dus 'n belangrike sosialiserings- en beherende funksie gehad.

In Westerse samelewings word die adolessent gekonfronteer deur verskillende sosialiseringsagente soos die kerk, skool, huis en portuurgroep. Hierdie agente verskil ook dikwels met betrekking tot hul idees oor toepaslike waardes en gedrag. In die tradisionele swart samelewings het hierdie probleem van sosialiseringsagente wat verskil selde voorgekom. Die sosialiseringsagente was 'n homogene groep met 'n homogene verwysingsraamwerk met betrekking tot waardes en gedrag. Die voordele van hierdie duidelike en eenvormige sosialisering was dat die adolessent van die volwasse samelewing erkenning vir sy posisie in die samelewing ontvang het en 'n duidelik omlynde status beklee het.

Aanvanklik was dit die invloed van die sendelinge wat daartoe bygedra het dat die tradisionele gelowe en gewoontes ten opsigte van die sosialisering van die kind begin verander het. Toenemende sosiale veranderinge en latere verstedeliking asook die invloed van die Westerse kultuur het die statiese aard van die tradisionele swart kultuur en die behoudende funksie van die portuurgroep laat verander en daarmee saam het die sukses van die tradisionele sosialiseringsmetodes afgeneem.

2.3 DIE METODIEK VAN TUSSENKULTURELE NAVORSING

Tussenkulturele navorsing verwys na empiriese studies wat tussen verskillende kultuurgroepe uitgevoer word.[3] Die ervarings, tale, sosiokulturele, sosio-ekonomiese en politieke agtergronde van hierdie groepe verskil en dit lei dan tot voorspelbare en betekenisvolle verskille ten opsigte van hulle gedrag. Dienooreenkomstig beskryf Plug, Meyer, Louw en Gouws (1986) tussenkulturele navorsing as wetenskaplike studies wat verskillende kulture bestudeer en vergelyk om te bepaal in hoe 'n mate sosiale en omgewingsfaktore gedrag beïnvloed.

---

[3]Hierdie bespreking kom uit die skrywer se Magisterverhandeling: Thom, D.P. (1980). *'n Kruiskulturele vergelyking van die selfkonsep, lewenstevredenheid en aanpassing van die bejaarde.* Ongepubliseerde MA-verhandeling, UNISA, Pretoria. (pp. 10-14)

Die tussenkulturele psigoloog kan 'n bydrae maak deur die verwantskap tussen kulturele patrone met betrekking tot onder andere identiteitsontwikkeling en die ouer-kindverhouding tydens adolessensie na te gaan en deur individuele verskille wat binne 'n spesifieke kultuurgroep mag voorkom, te bestudeer. Die tussenkulturele psigoloog kan dus vanuit verskeie teoretiese standpunte feitlik enige area van die psigologie by sy navorsing betrek. Hierbenewens kan die tussenkulturele navorser ook gebruik maak van die eksperimentele of korrelasiemetodes met 'n verskeidenheid van meetinstrumente en apparate tot sy beskikking.

Die vergelykende benadering het 'n lang geskiedenis in die gedragswetenskappe. Antropoloë het in hul studies van die mens en sy gedrag groepsverskille en ooreenkomste begin opmerk. Hierdie vergelykings is egter vanuit 'n spekulerende raamwerk gedoen en was gekenmerk deur 'n evolusionistiese benadering. Dit het daartoe gelei dat die vergelykende benadering in die laat 1890's gekritiseer en deur navolgers van die historiese metode, wat die geskiedkundige ontwikkeling van die mens bestudeer, vervang is. Die verwerping van die vergelykende metode het voortgeduur tot voor die Tweede Wêreldoorlog. Alhoewel vergelykende studies weer tydens hierdie periode 'n aanvang geneem het, het die funksionaliste steeds krities teenoor vergelykende studies gestaan soos dit blyk uit Malinowski (aangehaal in Berry, 1969) se aandrang dat elke kultuur in terme van sy eie verwysingsraamwerk verstaan moet word en dat elke instelling as 'n produk van die kultuur waarbinne dit ontwikkel het, gesien moet word. Op grond van sy betoog, kan dus afgelei word dat tussenkulturele vergelykings van instellings in der waarheid op 'n valse grondslag bou aangesien onvergelykbaarhede vergelyk word. Die inhoud van dié dilemma word dus op die vergelyking van instellings gebaseer en as sodanig is dit primêr van belang vir die antropoloog, terwyl die tema van die dilemma, naamlik die vergelyking van kulture deur die tussenkulturele psigoloog nagegaan moet word.

Die tussenkulturele psigoloog kan die dilemma soos volg beskryf: die ideaal is dat elke gedragstelsel binne sy eie verwysingsraamwerk verstaan moet word, dat elke aspek van gedrag in verhouding tot die hele gedragsopset gesien moet word soos teen die verbandhoudende ekologiese, kulturele en sosiale agtergronde. Hieruit is dit dan duidelik dat die vergelyking van gedrag uit verskillende gedragsopsette en met verskillende agtergronde wel sal lei tot valse afleidings aangesien onvergelykbaarhede vergelyk word.

'n Moontlike oplossing van hierdie dilemma berus op die volgende:

- Funksionele ekwivalensie

Aspekte van gedrag wat in verskillende gedragsopsette voorkom, kan alleenlik vergelyk word as hierdie aspekte **funksioneel ekwivalent** is. Hierdie stelling kan soos volg verduidelik word: instellings verskil van kultuur tot kultuur en is nie vergelykbaar nie, maar wat wel tussen kulture ooreenkom, is sekere sosiale probleme en die oplossings van hierdie probleme. Die funksie van gedrag is dus gerig op die oplossing van hierdie sosiale probleme, al verskil die aard van die gedrag.

- 'n Vergelykende en beskrywende raamwerk

Indien aspekte van gedrag in verskillende gedragsopsette funksioneel ekwivalent is, kan 'n vergelykende en beskrywende raamwerk, wat vir die verskillende gedragsopsette geldig is, deur middel van 'n beskrywing van gedreg binne elke opset ontwikkel word.

Ter verduideliking: daar bestaan twee benaderings tot die bestudering van gedrag, naamlik die **idiografiese** en **nomotetiese** benaderings. By eersgenoemde benadering word die individu bestudeer en by laasgenoemde benadering word pogings eangewend om veralgemenings oor groot groepe mense te maak sodat die verwantskap tussen veranderlikes verstaan kan word. Laasgenoemde kom dan ook ooreen met die doel van die vergelykende metode.

Ten opsigte van die idiografiese en nomotetiese benederings kan die vraag gestel word: Hoe is dit moontlik om tergelykertyd beide interne en eksterne beskrywings van gedrag te gebruik, of anders gestel, hoe kan die nevorser op die individu konsentreer sonder om die universele te ignoreer en hoe kan hy die universele ondersoek sonder om die individu uit die oog te verloor? In dié verband wys Berry op die werk van Pike.

Pike het die terme *emic* en *etic* ontwikkel. Hierdie begrippe het hy afgelei uit die studie van foneme wat die bestudering ven klanke in 'n sekere taal is en fonetiek waar pogings aangewend word om fonemiese studies van individuele tale te veralgemeen tot 'n universele wetenskap wat alle tale insluit. Na

analogie hiervan verwys *emics* na 'n spesifieke samelewing terwyl *etics* na kultuurvrye of universele aspekte van die wêreld of van meer as een samelewing verwys. Die verskil tussen die *emic*- en *etic*-benaderings kom op die volgende neer:

Emic-benadering	*Etic*-benadering
Bestudeer gedrag van binne 'n stelsel.	Bestudeer gedrag van buite 'n stelsel.
Bestudeer net een kultuur.	Bestudeer en vergelyk meer as een kultuur.
Die struktuur word deur die analis ontdek.	Die struktuur word deur die analis geskep.
Kriteria hou met interne kenmerke verband.	Kriteria word as universeel beskou.

Gedrag moet sodanig beskryf kan word dat dit vir lede van 'n spesifieke kultuur betekenisvol is (*emic*-benadering) en terselfdertyd ook vergelyk kan word met gedrag in 'n ander of alle ander kulture (*etic*-benadering). Soos reeds vermeld, kan dit slegs gedoen word wanneer funksionele ekwivalensie bestaan. In die lig van die dilemma van die vergelykbaarheid van kulture kan dit soos volg bereik word:

Toegang tot 'n stelsel van gedrag kan slegs verkry word deur middel van iets buite die stelsel. Dit kan 'n *emic* van die navorser se eie òf 'n ander stelsel wees òf dit kan 'n veronderstelde *etic* wees wat die navorser hoop bruikbaar sal wees om die nuwe stelsel van gedrag te verstaan. Die tussenkulturele psigoloog wend gewoonlik pogings aan om gedrag te ondersoek deur middel van 'n veronderstelde *etic* of deur 'n gestelde *emic* (gewoonlik van Euro-Amerikaanse oorsprong).

Albei hierdie benaderings is egter nie ten volle bevredigend nie, aangesien die moontlikheid bestaan dat die *etic* vir die individu in die nuwe gedragstelsel betekenisloos kan wees (konseptueel nie-ekwivalent). Hierdie benadering is egter tot dusver die beste en staat bekend as die

veronderstelde *etic*-benadering. Die analis moet egter nie blindelings 'n sekere *etic* toeskryf nie, aangesien navorsing van so 'n aard niks meer as slegs 'n anekdotiese studie sal wees nie, of ander gestel: kultuur X het telling Y op toets Z behaal. Dit sou dus geen inligting aangaande verwantskap tussen gedrag en kulturele, sosiale of ekologiese veranderlikes verskaf nie.

Die navorser moet begin deur eers die gedragstelsel te benader (*etic* of *emic*) met 'n idee van wat hy verwag. Wanneer die stelsel dan van binne bestudeer word, moet hierdie eksterne kategorieë so verander word dat dit uiteindelik 'n ware *emic*-beskrywing van die gedrag van die kultuur is. Veronderstelde *etic* word dus progressief so verander totdat dit ooreenkom met 'n *emic* uitgangspunt. Dit moet egter geskied sonder dat al die *etic*-kenmerke van die oorspronklike kategorieë wat die navorser gestel het, verlore gaan. Sodoende kan die navorser sekere kategorieë of konsepte aandui wat ooreenkom met die gedragstelsel wat hy geken het en die stelsel wat hy ondersoek het. Hy kan dan voortgaan en *etic* aflei waarvolgens hy verskillende gedragstelsels van verskillende kulture kan vergelyk. 'n Geldige beskrywende raamwerk word dus opgestel vir tussenkulturele studies.

Volgens Brislin (1976) bou die *emic-etic*-onderskeiding met twee doelwitte van tussenkulturele vergelykings verband. Die eerste doelwit het betrekking op dokumentasie van geldige beginsels wat gedrag van 'n enkele kultuur beskryf, met in agneming van dit wat vir die lede van die kultuur betekenisvol en belangrik is (*emic*-benadering). Die tweede doelwit van tussenkulturele navorsing is om veralgemenings te maak oor kulture en sodoende alle menslike gedrag te betrek. Die doel hiervan is dan ook om teorieë te ontwikkel of te verifieer (*etic*-benadering).

- Meetinstrumente en konseptuele ekwivalensie

Nadat funksionele ekwivalensie aangedui en geskikte beskrywende kategorieë afgelei is, kan die navorser meetinstrumente ontwikkel en toepas om gedrag in meer as een kultuur te bestudeer. Die meetinstrumente moet egter ook konseptueel ekwivalent vir die individue in die verskillende kultuurgroepe wees.

Uit navorsing (Friis, Townsend & Shanas, 1968) het dit geblyk dat die konseptuele ekwivalensie van die toetsmateriaal 'n unieke probleem in tussenkulturele studies is. Areas wat in hierdie verband spesifiek probleme oplewer, is taal, motivering, administrering van die meetinstrument en responsindekse.

Om konseptuele ekwivalensie te verseker, moet die navorser dus vasstel of die materiaal wat gebruik word om sekere response uit te lok dieselfde vir die individue in die verskillende kulture beteken. Dit behoort volgens Berry (1969) egter nie 'n té problematiese vereiste te wees om na te kom nie, aangesien die navorser reeds tydens sy studie van die betrokke kultuur 'n *emic*-analise moes gedoen het en daarna die veronderstelde *etic* by die *emic*-analise aangepas het. Deur middel van hierdie proses verseker die navorser dat die materiaal wat geselekteer word wél konseptueel ekwivalent sal wees.

Aanvanklik is slegs somatiese, sensoriese en perseptuele kenmerke nagevors, maar hierdie laboratoriumbenadering is mettertyd uitgebrei om 'n wyer veld te betrek. Dit het daartoe bygedra dat daar vanuit die psigoanalitiese en antropologiese benaderings begin is met die studie van kultuur en persoonlikheid. Naas die psigoanalitiese teorieë is die kognitiewe teorie van Piaget ook gebruik as 'n riglyn vir empiriese veldwerk, terwyl die empiriese gegewens in beide gevalle gebruik is om die teorieë te verifieer. Van meer resente aard is die gebruik van die teorie van psigologiese differensiasie in tussenkulturele studies wat ook verder uitgebrei is na die ekologies-kulturele gebied (Witkin & Berry, 1975).

2.4 ASPEKTE VAN ADOLESSENSIE WAT ONDERSOEK GAAN WORD: NOODSAAKLIKHEID VAN NAVORSING OOR HIERDIE ASPEKTE

2.4.1 Identiteit

Aangesien Erikson se teorie oor identiteitsontwikkeling as teoretiese basis vir hierdie navorsing oor die vlak van identiteitsontwikkeling van blanke en swart adolessente in die RSA sal dien, sal die konstruk identiteit, vanuit hierdie teoretiese raamwerk beskryf word.

Alhoewel identiteitsontwikkeling deur die hele lewe plaasvind, bereik die ontwikkeling daarvan 'n krisis tydens adolessensie aangesien die adolessent se vermoëns reeds in so 'n mate ontwikkel en hy sodanige ervarings opgedoen het dat hy in staat is om alternatiewe soos verskillande beroepskeuses en waardes te kan oorweeg en homself te kan ondersoek. Die identiteitskrisis van die adolessent is daarin geleë dat die individu 'n totale mens in eie reg moet word met 'n spesifieke plek in die samelewing tydens 'n ontwikkelingstadium wat deur 'n diversiteit van veranderinge ten opsigte van denke, fisieke groei, geslagsrypheid en sosiale rol en status gekenmerk word. Die begrip krisis verwys hier na 'n noodsaaklike keerpunt of kritieke ontwikkelingsmoment (Erikson, 1968; La Voie, 1976; Thom, 1984).

Erikson (1968) wys daarop dat dit moeilik is om die begrip identiteit te definieer sonder om afbreuk te doen aan die kompleksiteit van die begrip. Hy meen verder dat die gevaar bestaan dat as identiteit vir navorsingsdoeleindes te eng gedefinieer word, die totale betekenis daarvan verlore kan gaan.

Die kompleksiteit van die term identiteit, blyk uit die verskeidenheid van omskrywings van die term (Abend, 1974). Die woord identiteit, is afgelei van die Latynse woord *idem* wat "dieselfde" beteken. In die verband verwys dieselfde na gelykheid of eendersheid met betrekking tot die karakter van iets of om presies dieselfde te bly of 'n eenheid te vorm.

Benewens hierdie letterlike beskrywing van die betekenis van die woord identiteit, is daar eerstens definisies wat wys op die eenheid en kontinuïteit van persoonlikheid en individualiteit. Hiervolgens bly sekere kwaliteite van die persoonlikheid met verloop van tyd eenders of dieselfde en gee dit aan die individu 'n gevoel van uniekheid en konsekwentheid met ander woorde 'n gevoel van 'n spesifieke individuele identiteit of individualiteit. Dit beteken dus dat daar sekere kenmerke is wat die individu van ander individue onderskei.

Die individu is verder daarvan bewus dat hy dieselfde persoon bly ondanks verandering in homself, van omstandighede en in die rolle wat hy gedurende sy lewensloop vervul. Hy is bewus van die konstantheid van 'n persoonlike identiteit.

Tweedens omskryf ander definisies identiteit weer as 'n toestand wat dieselfde is as 'n ander toestand. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer die individu as lid van 'n groep geïdentifiseer word, met ander woorde, sekere kenmerke van sy identiteit deel met ander persone soos wanneer daar verwys word na byvoorbeeld 'n Afrikaner-identiteit of 'n sekere groepsidentiteit.

In ooreenstemming met die voorafgaande twee soorte definisies beskryf Erikson (1956b) ook hierdie polariteit in die term identiteit, naamlik dat identiteit verwys na sowel die uniekheid van die individu as die ooreenkoms van sekere van sy kenmerke met die van ander. Die verskeidenheid en kompleksiteit van die aspekte van identiteit wat deur die voorafgaande definisies uitgelig word, blyk uit die volgende verduideliking van Erikson:

> At one time it (identity) will appear to refer to a conscious sense of individual identity; at another to an unconscious striving for a continuity of personal character; at a third, as a criterion for the silent doings of ego synthesis, and, finally, as a maintenance of an inner solidarity with a group's ideals and identity. (p. 57)

Vir Erikson (1959) behels 'n bewuste gevoel van 'n persoonlike identiteit nie net die persoon se bewustheid van sy eendersheid (*selfsameness*) en kontinuïteit met verloop van tyd nie, maar ook die gelyktydige bewustheid van die feit dat ander persone hierdie eendersheid en kontinuïteit erken. Persoonlike identiteit gaan dus vir hom oor die persoon se bewustheid van sy bestaan in 'n sosiale omgewing.

Die begrip ego-identiteit is egter vir Erikson meer as die bewustheid van 'n bestaan - "it is the ego quality of this existence" (p. 23). Hy gebruik dus die begrip ego-identiteit om op die belangrike rol van die ego in die proses van identiteitsvorming te wys. Die ego is verantwoordelik vir die integrasie of sintese (*ego syntheses*) van al die ontwikkelingsaspekte of veranderings tot 'n eenheidsgevoel (*sense of wholeness*) wat lei tot die vestiging van 'n identiteit (Erikson, 1956b). Ego-identiteit is ook vir Erikson (1959) "the awareness of the fact that there is a selfsameness and continuity to the ego's synthesizing methods and that these methods are affective in safeguarding the sameness and continuity of one's meaning for others" (p. 23).

Dit is nodig om in gedagte te hou dat die verskillende beskrywings van identiteit waarna Erikson verwys as onder andere individuele, persoonlike en ego-identiteit as 'n eenheid voorkom en interafhanklik is. Dit verwys slegs na die verskillende aspekte van die konstruk.

Volgens Bourne (1978a) kan sewe teoretiese perspektiewe in Erikson se beskrywing van die begrip identiteit onderskei word. Net soos by die verskillende definisies van identiteit moet daar in hierdie verband ook onthou word dat die verskillende perspektiewe nie afsonderlik gesien moet word nie. Die verskillende perspektiewe wat onderskei kan word, illustreer ook die kompleksiteit van die begrip.

Aangesien die teoretiese agtergrond van Erikson se teorie primêr psigoanalitiese egopsigologie is, kom vier van die perspektiewe ooreen met die psigogenetiese, aanpassings-, strukturele en dinamiese uitgangspunte van die psigoanalitiese teorie. Benewens hierdie vier perspektiewe beskryf Erikson identiteit ook vanuit drie perspektiewe buite die klassieke psigoanalitiese benadering, naamlik vanuit 'n subjektiewe of ervaringsperspektief, psigososiale wederkerigheidsperspektief en kulturele perspektief asook 'n eksistensiële perspektief. Vervolgens word die sewe perspektiewe verduidelik.

- Psigogenetiese perspektief

Erikson (1959) beskryf ego-identiteit as die produk van ontwikkeling vanaf die babajare tot adolessensie. Identiteit spruit voort uit die kind se identifikasies met sy ouers en later ook met ander persone, instellings en ideale. Die individu se identiteit reflekteer ook die wyse waarop hy die psigososiale krisisse van die kindertydperk opgelos het deur basiese vertroue teenoor wantroue, outonomie teenoor skaamte en twyfel en inisiatief teenoor skuld te ontwikkel. Identiteit is dus meer as net die integrasie of som van vroeëre identifikasies. Dit is 'n proses van wording en kan beskryf word as die genese van 'n identiteit.

- Aanpassingsperspektief

Ego-identiteit dui ook op die individu se aanpassing by sy sosiale omgewing,

oftewel die aanpassing van die individu se vermoëns en vaardighede by die rolstruktuur van die samelewing waarin hy lewe (Bourne, 1978a).

- Strukturele perepektief

Die siening van identiteit as 'n struktuur blyk uit Erikson se beskrywing van identiteitsdiffusie of -verwarring wat ontstaan wanneer die individu faal om 'n identiteit te vorm as gevolg van 'n onvermoë om sy handelinge te koördineer en te rig op toekomstige doelwitte, veranderinge te integreer en keuses tussen verskillende moontlikhede te maak. Identiteitsdiffusie suggereer dus 'n intrapsigiese strukturele tekortkoming.

Verder verwys Erikson (1956b) in sy beskrywing van identiteit as 'n sintese of "a configuration gradually integrating constitutional givens, idiosyncratic libidinal needs, favored capacities, significant identifications, effective defenses, successful sublimations, and consistent roles" (p. 71). Identiteit is dus 'n struktuur met heelwat komponente.

- Dinamiese perspektief

Erikson (1959, 1963, 1968) sien identiteitsvorming as 'n dinamiese proses wat 'n hoogtepunt bereik wanneer identifikasie alleen nie meer bruikbaar is nie. Tydens identiteitsvorming toets, selekteer en integreer die ego die selfbeeld en identifikasies van die individu afkomstig uit die oplossings van die ontwikkelingskrisisse van die kinderjare. Die identiteitskrisis tydens adolessensie word dan ook suksesvol opgelos wanneer die identifikasies van die verlede en die bede, toekomstige aspirasies, voorgeskrewe sosiale rolle en die heersende kulturele waardes geïntegreer word in 'n identiteit. Die gevoel van eenheid wat hieruit voortspruit, stel die individu in staat om homself te oriënteer, om aan te pas en om vir die toekoms te beplan.

Die dinamiese funksie van die ego blyk verder tussen die sintese wat tussen die volgende "selwe" van die individu gevorm moet word ten einde 'n identiteit te vorm:

- Die veranderende self (veranderings ten opsigte van die liggaam, ideale, rolle, denke, motiewe en identifikasies).
- Die self waarvan afstand gedoen word (bv. uitgediende identifikasies en psigoseksuele energie asook sekere vermoëns wat a.g.v. sosiale verwagtings of veranderde rolle nie gerealiseer kan word nie).

- Die verwagte self (bv. die ontwikkeling van nuwe verwagtings a.g.v. liggaamlike, persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling).

Die dinamiese aard van identiteitsontwikkeling blyk ook uit die feit dat die individu se identiteit nooit finaal gevestig is nie, maar voortdurende veranderinge tydens ontwikkeling - selfs in volwassenheid - te assimileer.

- Subjektiewe of ervaringsperspektief

Wanneer Erikson verwys na 'n gevoel van identiteit (*sense of identity*) verwys hy na die subjektiewe ervaring van die individu wat reeds in 'n groot mate 'n identiteit gevestig het. 'n Belangrike kenmerk van hierdie gevoel van identiteit is die bewustheid of ervaring van 'n gevoel van kontinuïteit (historiese kontinuïteit tuasen wat die individu in die verlede was en nou is; kontinuïteit tussen die individu se siening van homself en ander se siening van hom; tussen die voorgeskrewe sosiale rolle en die rolle wat die individu uitvoer). Benewens die ervaring van 'n kontinuïteitsgevoel moet die individu ook 'n gevoel van eenheid (**wholeness**) en eendersheid (*self-sameness*) ervaar. Indien die individu nie hierdie kenmerke van 'n identiteitsgevoel ontwikkel nie, sal hy **identiteitsverwarring** ervaar.

- Psigososiale wederkerigheidsperspektief en kulturele perspektief

'n Fundamentele kenmerk van identiteit is vir Erikson (1959, 1968) die wederkerige verhouding tussen die individu en sy samelewing en kultuur. Die behang van sowel die persoonlike as die sosiale aspekte van identiteit blyk volgens Wolff (1972) die beste uit Erikson se definisie van identiteit as "a persistent sameness within oneself and a persistent sharing of some kind of essential character with others" en "the sense of ego identity, then, is the accrued confidence that one's ability to maintain inner sameness and continuity is matched by the sameness and continuity of one's meaning for others" (p. 230). Die gemeenskap moet dus die individu erken - nie net sy prestasie nie, maar sy menswees, funksies en status.

Volgens Erikson is identiteitsvorming verder geleë in die kern van die individu en in die kern van sy samelewing se kultuur. Die individu se kultuur gee betekenis en kontinuïteit aan sy bestaan. Die adolessent word

byvoorbeeld daarvan bewus dat hy ervarings op 'n individuele manier bemeester, maar dat van hierdie ervarings ooreenkom met die funksionering, norme en instellings van sy samelewing. Hy word ook daarvan bewus dat die sosiale en kulturele norme sekere eise en verwagtings aan hom stel en dat dit sy lewanstyl beïnvloed. Verder het die ontwikkelings en veranderings wat hy kognitief, fisiek en emosioneel ervaar 'n sekere sosiale betekenis en word dit sosiaal erken. Identiteit het dus ook 'n kulturele komponent aangesien kulturele weerdes geïnternaliseer word as deel van die individu se identiteit (Erikson, 1968; Newman, College & Newman, 1978).

Dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat identiteitsontwikkeling en veranderinge in die samelewing nie geskei kan word nie. Erikson (1968) wys daarop dat 'n identiteitskrisis in die lewe van die individu nie geskei kan word van kontemporêre krisisse in die historiese ontwikkeling van 'n volk nie.

- Eksistensiële perspektief

Benewens die siening dat identiteit verwys na die individu in sy sosiale omgewing, verwys dit ook na die individu "binne die wêreld" (Bourne, 1978a). Binne hierdie konteks word vrae soos: "Wat is die betekenis van die (my) lewe?" gevra. Identiteitsvorming gaan dus ook om 'n behoefte aan 'n betekenisvolle wêreld en lewe. 'n Belangrike kenmerk van 'n gevestigde identiteit sal dan die individu se toewysing en verbondenheid aan sekere sake in die lewe wees. Die individu verbind hom byvoorbeeld aan 'n sekere beroep, ideologie of geslagsrol wat aan sy lewe 'n spesifieke betekenis gee en bydrae tot die verdere definiëring van sy identiteit (Protinsky, Sporakowski & Atkins, 1982).

Die adolessent ontwikkel dus as deel van sy identiteit 'n eie lewensfilosofie waaraan hy getrou kan wees en wat verband hou met bestaende sosiale voorskrifte, etiek en ideologieë in sy kultuur. Volgens Erikson (1968) sal so 'n lewensfilosofie of ideologie nie net deel van sy identiteit vorm nie, maar ook sy identiteitsgevoel verstrek en beskerm.

Erikson se teorie oor identiteitsontwikkeling en empiriese studies oor identiteitsontwikkeling tydens adolessensie en verwante aspekte sal onder 3.2 volledig bespreek word.

2.4.2 Noodsaaklikheid van navorsing oor identiteitsontwikkeling tydens adolessensie

Alhoewel daar 'n groot aantal studies oor identiteitsvorming tydens adolessensie gedoen is wat 'n waardevolle bydrae tot die begrip en aard van adolessensie lewer, bestaan die meeste van hierdie studies se steekproewe uit homogene studentegroepe (Archer, 1982; Ochse, 1983). Aangesien identiteitsvorming met betrekking tot 'n beroep, godsdiens, waardestelsel en individuele asook sosiele kenmerke reeds vroeër begin en veral tydens die hoërskooljare 'n boogtepunt bereik, is dit noodsaaklik om navorsing te doen oor die adolessent se identiteit gedurende hierdie jare.

Volgens Adams, Ryan, Hoffman, Dobson en Nielsen (1985) is navorsing oor die adolessent se identiteit verder belangrik omdat identiteitsvorming verband hou met die manifestasie van individuele verskille en variasies in sosiale gedreg. Daar bestaan ook min navorsing oor geslagsverskille met betrekking tot identiteitsontwikkeling. Die meeste navorsing betrek slegs manlike proefpersone in hul laat adolessente jare. Kennis oor moontlike individuele en geslagsverskille is noodsaaklik ten einde adolessente se gedreg te kan verstaan.

Die teorie van Erikson het daartoe gelei dat identiteitsvorming 'n sentrale tema van die psigologiese ontwikkeling tydens adolessensie geword het. Dit het ook aanleiding tot heelwat navorsing oor identiteitsontwikkeling gegee. Die verskillende patrone van identiteitsvorming en die kognitiewe, sosiale en persoonlikheidskorrelate van hierdie verskeidenheid van identiteitspatrone is ondersoek. Navorsing is ook gedoen oor studente se mate van verbondenheid aan 'n ideologie en beroep aa aanduidend van 'n sekere vlak van identiteitsvorming (bv. Marcia se navorsing oor verskillende identiteitstatusse).

Ego-identiteit word soms ondersoek in terme van die selfkonsep of rolstabiliteit met verloop van tyd. Die identiteitsteorie word in hierdie geval as 'n selfteorie geïnterpreteer.

In hierdie studies oor identiteit word Erikson se teorie wel erken, maar sy formulering van identiteit as sodanig word nie betrek by die hipoteses wat

ondersoek word nie. Daar is dus min studies wat identiteit soos Erikson dit omskryf, ondersoek. Die rede hiervoor is dat Erikson se siening van die konstruk multidimensioneel en kompleks is soos ook uit die voorafgaande bespreking van die begrip identiteit, geblyk het (Bauer, 1972; Enright, Lapsley, Cullen & Lallensack, 1983; Ochse, 1983; Waterman, 1984).

Ten einde navorsing oor identiteit te kan doen, moet die navorser die grense van die konstruk kan bepaal. In Erikson se teorie word identiteit so wyd gedefinieer dat dit navorsing daaroor grootliks bemoeilik. Waterman (1982) meld byvoorbeeld dat "the absence of a definitive statement of the boundaries of the identity construct bas posed a problem for researchers attempting to develop operational definitions that cover the range of aspects attributed to it" (p. 341).

Erikson se beskrywing van identiteit is ook gerig op die bevordering van die psigodinamiese begrip van individue en kulture. Die definiëring van identiteit word dus bepaal deur die konteks waarin dit gebruik word wat weer eens navorsing oor identiteitsontwikkeling van adolessente in die algemeen bemoeilik (Waterman, 1984).

Volgens Erikson is identiteitsontwikkeling 'n lewenslange proses wat reeds tydens die babajare begin. Vroeëre gedrag en ontwikkeling of soos Erikson dit beskryf, die aard van die oplossing van die ontwikkelingskrisisse tydens die verskillende ontwikkelingstadia, bepaal dus identiteitsontwikkeling tydens adolessensie. Bauer (1972) meen in die verband dat die meerderheid van identiteitstudies geen poging aanwend om ontwikkeling in die vroeëre stadia by die meting van identiteit in te sluit nie.

'n Identiteitskaal wat spesifiek op Erikson se siening van die konstruk identiteit asook identiteitsontwikkeling gebaseer is, is deur Ochse (Ochse, 1983; Ochse & Plug, 1986) ontwikkel. Dit is dus nodig om hierdie skaal te gebruik ten einde identiteit soos Erikson dit omskryf te ondersoek. Die steekproef wat gebruik is in die ontwikkeling van die skaal is Suid-Afrikaansa blanke en swart proefpersone. Aangesien daar ook geen navorsing oor die identiteit en die verskillende korrelate van identiteit van blanke en swart adolessente in die RSA opgespoor kon word nie, is dit moontlik om met bebulp van hierdie Erikson-skaal navorsing oor sodanige aspekte te doen.

2.4.3 Beroepsidentiteit

Die adolessent se vermoë om moontlikhede en alternatiewe te oorweeg, sy behoefte om 'n identiteit te vorm, sy groter mate van onafhanklikheid, die ontwikkeling van sy vermoëns en die suggesties, verwagtings en druk van volwassenes en die samelewing motiveer die adolessent om sy toekoms te beplan. Hy word ook toenemend daarvan bewus dat hy volwasse verantwoordelikhede in die nabye toekoms sal moet aanvaar. Volgens Garbarino (1985) dra hierdie faktore daertoe by dat adolessensie 'n kritieke periode in die proses van die ontwikkeling van 'n beroepsidentiteit en die maak van 'n beroepskeuse is.

Ontwikkeling tydens adolessensie is onder meer daarop gerig om tydens volwessenheid 'n produktiewe lewe te lei. Hy moet dus sy ervarings van die verlede en bede integreer ten einde realistiese besluite met betrekking tot sy toekoms te kan neem. In so 'n toekomsperspektief fokus hy op die wêreld van werk en vorm sy identiteit in terme van dit wat hy wil doen. Hy beskryf homself dus toenemend in beroepsgeoriënteerde terme (Forisha-Kovech, 1983; Schiamberg & Smith, 1982).

Die moderne Westerse samelewing is werkgeoriënteerd. Volgens hierdie oriëntasie wat ook bekend staat as die Westerse werketiek wat vaardigheid en vooruitgang beklemtoon, word werk gesien as 'n belangrike faktor in die lewe van die individu. Vaerdigheid en produktiwiteit word hoog geag, terwyl onproduktiwiteit sinoniem is aan waardeloosheid. Wie die persoon is, word dikwels gedefinieer deur die tipe werk wat hy doen of sy sosiale rol. Die vorming van 'n beroepsidentiteit is dus vir die adolessent belangrik aangesien dit sal bydrae tot die ontwikkeling van sy sosiale identiteit. Sosiale identiteit verwys na die individu se plek of sosiale rol in die samelewing (Garbarino, 1985; Gerdes, Ochse, Stander & Van Ede, 1981; Thom, 1980).

Volgens Holland, Daiger en Power (1980) beskik die individu oor 'n beroepsidentiteit wanneer hy 'n duidelike en stabiele beeld het van sy doelwitte, belangstellings, persoonlikheid en talente. Doelwitte verwys in hierdie definisie van beroepsidentiteit na die individu se bewustheid van sy doelwitte in die lewe wat onder meer deur die beoefening van 'n sekere beroep

bereik kan word. Wanneer die adolessent dan 'n beroepsidentiteit gevorm het, sal sy beroepskeuse in die meeste gevalle 'n realistiese keuse wees. Hy sal ook vertroue hê in sy vermoë om realistiese besluite te neem.

'n Realistiese beroepskeuse impliseer dus dat die beroep wat gekies word kongruent moet wees aan die vermoëns, belangstellings, waardes en persoonlikheidskenmerke van die individu (Thom, 1984). Die individu se persoonlike identiteit bepaal verder nie net die tipe beroep wat hy sal kies nie, maar die beroep definieer ook sy identiteit in meer besonderhede (Gerdes et al., 1981).

Newman en Newman (1979) meen ook dat die persoon se beroepskeuse 'n sentrale komponent van sy ontwikkelende identiteit reflekteer. By sommige adolessente reflekteer hul beroepskeuse slegs voortgesette identifikasie met die ouers en word die keuse gemaak sonder om 'n persoonlike beroepsidentiteit te ontwikkel. Vir ander is hul beroepskeuse egter die resultaat van persoonlika eksperimentering, introspeksie, selfevaluering, soeke na feite, inligting en onderrig. Vir hierdie persone is hul beroepsidentiteit 'n goed geïntegreerde deel van hul persoonlike identiteit. Die begrip beroepsidentiteit, impliseer dus 'n eenheid tussen die individu se identiteit en sy beroepskeuse.

Erikson (1968) sien die vorming van 'n beroepsidentiteit as 'n belangrike deel van die individu se gevoel van identiteit. Wanneer die adolessent daarvan bewus is dat sy beroepskeuse deur die samelewing erken en hooggeag word en hy voel dat hy 'n goeie keuse gemaak het, bevorder dit 'n toenemend stabiele identiteit. Identiteitsdiffusie kan voortduur as die individu nie daarin slaag om 'n realistiese beroepsidentiteit te vorm nie. Volgens Erikson is dit "the inability to settle on an occupational identity which most disturbs young people" (p. 132).

Die teorieë en empiriese studies oor die vorming van 'n beroepsidentiteit en die maak van 'n beroepskeuse tydens adolessensie sal in 4.3 en 4.4 volledig bespreek word.

2.4.4 Hoodsaaklikheid van navorsing oor die beroepsidentiteit van die adolessent

Uit die voorafgaande bespreking het dit geblyk dat beroepsidentiteit 'n belangrike deel van die adolessent se identiteit vorm. Om dus 'n vollediger begrip en meer kennis van die proses van identiteitsontwikkeling tydens adolessensie te verkry, is dit noodsaaklik om beroepsidentiteitsontwikkeling as deel van die proses van identiteitsvorming te bestudeer.

Holland, Gottfredson en Power (1980) kom verder tot die slotsom dat identiteit (en dus ook beroepsidentiteit) by uitnemendheid die konstruk blyk te wees wat beroepspsigologie en persoonlikheid koppel. Kennis oor beroepsidentiteit dra nie net by tot 'n meer volledige begrip van die identiteit van die adolessent nie, maar kan ook bydrae tot groter begrip vir latere krisisse in die beroepslewe van die individu soos werkverandering, werkloosheid en aftrede.

Die meeste besprekings van en navorsing oor adolessente en hul beroepskeuses handel nie oor die adolessent se vorming van 'n beroepsidentiteit nie, maar adolessente se verwagtings van 'n beroep, hul beroepsaspirasies en -ideale, hul beroepsrypheid, beroepsbeplanning, beroepsvoorligting en die proses waarvolgens 'n beroepskeuse gemaak word. McNair en Brown (1983) wys verder daarop dat die meeste van hierdie studies nie vroulike proefpersone betrek nie en dat kultuur as 'n veranderlike nie ondersoek word nie. Die bevindings kan dus nie veralgemeen word nie.

Dit blyk dus dat verdere navorsing oor die volgende drie aspekte noodsaaklik is:

- Die beroepsidentitait van die adolessent as belangrike komponent van sy identiteit.
- Die beroepsidentiteit van sowel manlike as vroulike adolessente aangesien 'n toenemende aantal vroulike persone die beroepswêreld betree en die vorming van 'n beroepsidentiteit dus ook 'n belangrike komponent van die vroulike identiteit word (Schiamberg & Smith, 1982).
- Die beroepsidentiteit van blanke en swart Suid-Afrikaanse adolessente om die invloed van kultuur na te gaan.

2.4.5 Die ouer-adolessentverhouding en adolessent-portuurverhouding

Die adolessent se sosialisering vind veral binne sy gesin en portuurgroep plaas. Om effektief in 'n samelewing te kan funksioneer, moet hy sekere

gedragskodes, houdings en interpersoonlike vaardighede aanleer. Binne die gesin en portuurgroep leer die adolessent om aan sekere verwagtings te voldoen en om sekere rolverpligtinge te vervul of met ander te deel. Die belang van die rol en invloed van ouers en portuurs vir die sosialisering en sosiale ontwikkeling van die adolessent is dus duidelik (Larson, 1983).

Benewens die belang van die ouers en portuurs vir die adolessent se ontwikkeling van bevredigende interpersoonlike verhoudings en die handhawing van die sosiale orde binne 'n gemeenskap of kultuur, is die ouers en portuurs ook belangrik vir die persoonlikheidsontwikkeling van die adolessent. Uit die definiëring van identiteit onder 2.4.1 het die belang van terugvoering vanuit die samelewing geblyk. Die adolessent se bewustheid van homself moet byvoorbeeld ooreenkom met of kontinu wees aan ander se waarneming van hom. Verder vorm die adolessent sy identiteit deur refleksie en observasie of met ander woorde hoe hy waarneem dat ander persone hom sien.

Garbarino (1985) meen verder dat portuurs ook 'n belangrike bydrae lewer tot 'n gevoel van persoonlike vervulling by die adolessent. In hierdie verband wys Rice (1984) op die volgende behoeftes wat tydens adolessensie ervaar word en wat verhand hou met die teenwoordigheid van portuurs. Die behoefte om

- sorgdraende, betekenisvolle en bevredigende verhoudings met individue te vestig;
- die vriendskappe van die kinderjare uit te brei na persone met ander ervarings, idees en belangstellings;
- aanvaar en erken te word, te behoort aan en status te geniet in sosiale groepe;
- die kinderjare se belangstellings en speelmaats van die eie geslag te verruil vir heteroseksuele vriendskappe;
- te leer en in staat te wees om afsprake te maak wat persoonlike en sosiale ontwikkeling sal bevorder, wat sal lei tot die keuse van 'n huweliksmaat en uiteindelik 'n suksesvolle huwelik;
- aanvaarbare manlike en vroulike geslagarolle te aanvaar en geskikte geslagsrolgedrag aan te leer.

Met betrekking tot die ouer-adolessentverhouding toon Garbarino (1985) dat die ouer-adoleasentverhouding in verskeie opsigte van die ouer-kindverhouding verskil. Die adolessent het in die verhouding groter gesag as die kind omdat

hy fisiek en psigies meer ontwikkel en onafhanklik is. Hy het byvoorbeeld die mag om konflik in die gesin te stimuleer, te beïnvloed of selfs te vermy; hy kan homself van die gesin afsonder, homself of ander emosioneel of fisiek seermaak; sy ouers prys of verneder en hulle met ander volwassenes vergelyk; en hy kan homself help en ook die ander gesinslede behulpsaam wees. Sy rol in die ouer-adolessentverhouding het dus in 'n groter mate 'n bydraende faktor geword.

Verder brei die adolessent se veld van betekenisvolle individue naas die ouers uit en moet die ouers hiermee rekening hou. Hierdie outonome verhoudings met ander volwassenes en veral portuurs vervul in 'n groter mate as tydens die kinderjare 'n belangrike funksie in die adolessent se sosiale, seksuele en persoonlikheidsontwikkeling.

Die adolessent funksioneer ook op 'n hoër intellektuele vlak as die kind. Sy vermoë om meer soos volwassenes te redeneer laat die kompleksiteit van die ouer-adolessentverhouding toeneem. Verder is sekere vorme van gedrag wat in die ouer-kindverhouding aanvaarbaar was, binne die ouer-adolessentverhouding nie meer geskik nie. Sekere vorme van intieme fisieke kontak en 'n groot mate van beheer oor daaglikse aktiwiteite asook keuses en besluite is byvoorbeeld nie meer aanvaarbaar nie.

Ondanks hierdie verskille tussen die ouer-kindverhouding en ouer-adolessentverhouding beklemtoon Konopka (aangehaal in Forisha-Kovach, 1983) die belang van die ouers en skryf: "The people at home - especially the parents - still spell the difference between a life of strength and hope or a witharing period of hate and despair" (p. 236).

Die toenemende rol van die portuurs in die vorming van adolassente waardes en gedrag is egter ook belangrik. Alhoewel adolessente die reëls van die kinderjare bevraagteken en besig is om onafhanklikheid van die ouers te ontwikkel, is hulle meestal nog nie gereed om die reëls en verantwoordelikheid van volwassenheid te aanvaar nie. Saam met hul portuurs skep adolessente dus in 'n sekere mate hul eie wêreld waarbinne hulle mekaar ondersteun en verder ontwikkel. In bierdie verband skryf Konopka: "The family (parents) may have the greatest impact on who adolescents will become, but the peer group helps them to find out who they are" (p. 267).

Die invloed of belang van ouers en portuurs tydens adolessensie sal onder 5.1 tot 5.5 volledig bespreek word.

2.4.6 Noodsaaklikheid van navorsing oor die ouer-adolessentverhouding en adolessent-portuurverhouding

2.4.6.1 Ouer-adolessentverhouding

Met betrekking tot die ouer-adolessentverhouding stel Adelson (1970) die vraag of die verhouding deur verwydering tussen die jeugdige adolessent en volwasse ouers ofte wel 'n generasiegaping gekenmerk word. Volgens hom en Bengtson (1970) word die bestaan van 'n generasiegaping meestal sonder nadenke aanvaar. Indien die bestaan van 'n generasiegaping aanvaar word, behels dit die idee dat daar vervreemding en konflik tussen die twee generasies bestaan? Beteken dit dat daar opvallende verskille ten opsigte van politieke sienings, seksuele gedrag, waardes en lewenswyses tussen adolessente en hul ouers bestaan? Volgens Adelson (1970) het navorsing oor hierdie vrae begin toon dat 'n minder simplistiese siening van die verhouding tussen die twee generasies nodig is en dat die idee van 'n generasiegaping oordryf en oorvereenvoudig word.

In ooreenstemming met Adelson meen Cromer (1978) en Konopka (1983) dat die bestaan van 'n generasiegaping grootliks 'n mite is. Konopka meen dat daar wel verskille tussen die ouer en jonger geslag sal wees, maar dat die bestaan van 'n "gaping" ongeregverdig is aangesien kommunikasie tussen die twee generasies in 'n toenemende mate as belangrik bejeën word.

Aangesien hierdie siening van die generasiegaping gebaseer is op navorsingsresultate met Amerikaanse steekproewe, is dit nodig om die mate van kommunikasie tussen Suid-Afrikaanse blanke en swart adolessente en hul ouers ook na te gaan. Dit sal nie net tussenkulturele verskille en ooreenkomste aantoon en dus moontlike ongeregverdigde veralgemenings uitskakel nie, maar ook die siening dat die bestaan van 'n generasiegaping oordryf word verder verifieer.

Een van die sake wat uit die teorieë en navorsing oor die generasiegaping voortgespruit het, is die mate van tussengenerasiekonflik tussen adolessente

en hul ouers. Vir baie dekades was die tussengenerasiekonflik dan ook die fokus van teoretici en empiriese navorsing (Rosenthal, 1984).

Die ervaring van konflik word deur die meeste teoretici as onvermydelik beskou. Sosioloë skryf hierdie konflik tussen adolessente en hul ouers toe aan die vinnige veranderinge in die moderne Westerse samelewing. Dit veroorsaak dat adolessente in 'n historiesa tydperk opgroei wat grootliks verskil van die tydperk waarin die ouers adolessente was. Ander teoretici, soos Erikson (1968) sien die rede vir die tussengenerasiekonflik weer geleë in die adolessent se strewe na onafhanklikheid van sy ouers.

Empiriese navorsing oor die mate van tussengenerasiekonflik tussen ouers en adolessente het egter verskillende resultate opgelewer. Die meeste navorsingsresultate kon die bestaan van sodanige konflik nie bevestig nie (Bengtson, 1970; Conger & Petersen, 1984; Douvan & Adelson, 1966; Klos & Paddock, 1978; Rosenthel, 1984). Waar verskille in byvoorbeeld houdings aangetoon is, was die verskille eerder ten opsigte van die intensiteit van die houdings as die houdings self. Verskille kon ook net met betrekking tot sekere areas aangedui word. Hierdie navorsers kom dan tot die slotsom dat die neiging om ouer-adolessentverhoudings as konflikvol te beskryf, nie ooreenstem met die realiteit nie.

Ander navorsers soos Coleman, George en Holt (1977) het weer gevind dat die ouer-adolessentverhouding wel deur konflik gekenmerk word. Verdere navorsing is dus nodig om uitsluitsel oor die aangeleentheid te kry en moontlike veranderlikes wat met die mate van konflik verband hou, aan te dui.

Dit is ook nodig om die mate van konflik tussen ouers en adolessente tussenkultureel te ondersoek. Rosenthal (1984) wys daerop dat konflik tussen ouers en edolessente in 'n groter mate kan voorkom waar adolessente met 'n nuwe kultuur gekonfronteer word. Die rede hiervoor kan wees dat wanneer adolessente met 'n ander kultuur in kontak kom, hulle nuwe inligting moet verwerk en nuwe vaardighede moet aanleer, te staan kom voor verskillende tale, sosiale verhoudings, norme en gebruike wat hul aanpassing kan bemoeilik. Hierdie adolessente word dan vasgevang tussen twee kulture, die ouer (tradisionele) kultuur wat deur die ouers verteenwoordig word en die nuwe kultuur waarhy hulle moet aanpas. Dit kan maklik 'n bron van konflik

word. Navorsers wat hierdie saak ondersoek het, het egter tot dusver teenstellende en soms verwerrende resultate gelewer. Volgens Rosenthal is heelwat vree nog onbeantwoord en bestaan die moontlikheid dat tussengenerasiekonflik ook in hierdie geval oordryf word.

Soos dit uit die voorafgaande bespreking van die swart adolessent in die RSA geblyk het (2.2.4), word die swart adolessent ook moontlik in 'n groot mate gekonfronteer met 'n "nuwe" Westerse kultuur, terwyl sy ouers moontlik meer hou by die tradisionele swart kultuur. Dit is dus nodig om die aard van die ouer-adolessentverhouding by swart mense in die RSA te ondersoek en te vergelyk met die bevindings met betrekking tot die blanke ouer-adolessentverhouding.

Met betrekking tot kultuurverskille wys Stinnett, Talley en Walters (1973) verder daarop dat die kommunikasiegaping tussen die blanke en swart kultuurgroepe in die VSA moontlik grootliks toegeskryf kan word aan verskille in die tipe gesinstruktuur. Hulle meen dat dit belangrik is om inligting oor tussenkulturele verskille met betrekking tot die ouer-kindverhouding in te win. In die RSA kon daar geen navorsing opgespoor word oor die verskille en/of ooreenkomste tussen die ouer-adolessentverhouding van die blanke en swart kultuurgroepe nie. Kennis hieroor kan moontlik lei tot 'n groter mate van wedersydse begrip wat moontlik kommunikasie tussen die twee groepe kan bevorder.

Garbarino (1985) meen dat die bestudering en kennis van ouer-adolessent-verhoudings deur 'n verskeidenheid tekortkominge gekenmerk word. Enkeles hiervan is dat daar 'n gebrek aan inligting is oor die wederkerige invloed van ouers en adolessente op mekaar en dat daar te min tussenkulturele studies gedoen is ten einde veralgemenings uit te skakel en wetenskaplike vergelykings te kan maak. Verder bestaan daar leemtes as gevolg van probleme met betrekking tot die studiemetodes wat gebruik is en die soort proefpersone wat betrek is. Die meeste navorsingsbevindings het betrekking op ouer adolessente asook blanke, middelklas steekproewe naby universiteite en die bevindings kan dus nie veralgemeen word nie. Alhoewel sodanige navorsing wel 'n bydrae lewer, is verdere navorsing noodsaaklik om genoemde beperkings uit te skakel.

As gevolg van die subjektiewe betrokkenheid van persone by hul eie gesinsverhoudings is hulle geneig om ander ouer-adolessentverhoudings vanuit hul eie raamwerk te sien. Dit kan aanleiding gee tot veralgemening en stereotipering. Objektiewe benaderings en betroubare, geldige navorsing is dus nodig om nie net aspekte van adolessente ontwikkeling te verstaan nie, maar ook om 'n beter begrip van die adolessent binne sy gesin te kry. Volgens Enright, Lapsley, Drivas en Fehr (1980) is daar byvoorbeeld min navorsing gedoen oor die invloed van ouers op die adolessent se identiteitsontwikkeling. Navorsing wat wel hieroor gedoen is, betrek meestal net die vader, wat misleidend kan wees omdat die verhouding met die vader, sy opvoedingstegniek en invloed van dié van die moeder kan verskil. Garbarino (1985) se standpunt dat "the issues of adolescents in their families provide a particularly good starting point for our efforts to discover the truth about adolescence" (p. 235) is dus geregverdig.

2.4.6.2 Belang van ouers en portuurs tydens adolessensie

Sosiale vaardigheid sluit die vermoë in om wedersydse bevredigende verhoudings met volwassenes (benewens die ouers) en portuurs te vestig en te handhaaf (Garbarino, 1985). Tydens adolessensie spandeer die individu dikwels meer tyd weg van die ouers en gesin in die samelewing in die teenwoordigheid van sy portuurs. Benewens die bestudering van die ouer-adolessentverhouding is dit dus noodsaaklik om ook die adolessent se verhouding met sy portuurs te bestudeer en die invloed of belang van portuurs te vergelyk met dié van die ouers.

Die literatuur en navorsingsresultate oor die invloed of belang van ouers en portuurs vir die adolessent kan in twee groepe verdeel word, naamlik

- die wat die afnemende rol van die ouers en toenemende rol van die portuurs benadruk;
- die meer resente siening en bevindings wat die belang van albei die ouers en portuurs vir die adolessent benadruk (Valiant, 1983).

Literatuur waarin die besprekings op die eerste benadering berus, handel oor die kompetisie tussen die ouers en portuurs met betrekking tot sake soos hul invloed op die adolessent se optredes, besluite en waardes. Daar word dan ook tot die volgende gevolgtrekkings gekom: As adolessente se verhoudings

met hul ouers swak is, is hulle meer betrokke by hul portuurs; as die invloed van die ouers min is, is die invloed van die portuurs groot; tydens adolessente ontwikkeling distansiaer adolessente hul toenemend van hul ouers en vorm hegter bande met bul portuurs; adolessente vriendskappe vul die interpersoonlike gaping wat eers deur die ouers gevul is; vriendskappe bied 'n toevlugsoord weg van die ouers. Die adolessent se verhoudings met sy ouers en portuurs word dus gesien as opponerende kragte in die adolessent se lewe (Gold & Yanof, 1985).

Die afname in die rol van die ouers word toegeskryf aan faktore soos die afname in die funksie van die gesin as 'n bron van beroepsopleiding en -beoefening, aan konflikterende waardes van die ouers en die portuurgroep en aan die rol van die portuurs in die adolessent se ontwikkeling van onafhanklikheid van die gesin.

Die afgelope aantal jare het navorsing egter toenemend gevind dat ouers se invloed nie noodwendig afneem nie en dat die invloed van portuurs en ouers nie noodwendig bots nie, maar eerder aanvullend is. Navorsing het byvoorbeeld begin toon dat die invloed van en betrokkenheid by portuurs bepaal word deur die kwaliteit van die ouer-adolessentverhouding en dat ouers en portuurs albei 'n rol speel, maar met betrekking tot verskillende sake (Duncan, 1978; Fasick, 1984; Forisha-Kovach, 1983; Hunter & Youniss, 1982; Valiant, 1983).

Die meeste studies oor bierdie aangeleentheid is gedurende die 1960's en 1970's gedoen. Daar bestaan dus min kennis oor veranderinge wat moontlik sedertdien plaasgevind het (Forisha-Kovach, 1983). Meer resente navorsing oor die ouer/portuuroriëntasie is dus nodig.

Volgens Di Cindio, Floyd, Wilcox en McSeveney (1983) is daar ook min navorsing gedoen oor kultuurverskille met betrekking tot die ouer/portuuroriëntasie tydens adolessensie. In die RSA kon geen navorsing hieroor opgespoor word nie. Navorsing met Suid-Afrikaanse blanke en swart adolessente is dus noodsaaklik aangesien die bevindings van navorsing met Amerikaanse of Europese steekproewe nie sonder meer veralgemeen kan word nie.

2.5 DOEL VAN HIERDIE NAVORSING

In hierdie navorsing sal die volgende aspekte van adolessensie ondersoek word:

2.5.1 Identiteit

Met betrekking tot die identiteitsontwikkeling van adolessente in die RSA is die doel van hierdie navorsing om

- die vlak van identiteitsvorming van adolessente met behulp van 'n skaal wat op Erikson se teorie gegrond is te ondersoek;
- die vlak van identiteitsvorming by blanke Afrikaanssprekende, blanke Engelssprekende en swart adolessente in die RSA afsonderlik te ondersoek én tussenkultureel te vergelyk;
- anders as die meeste studies oor die identiteit van die adolessent 'n jonger steekproef te gebruik (15-17 jaar) wat landswyd getrek word en dus meer verteenwoordigend van die algemene populasie blanke Afrikaans- en Engelssprekende asook swart adolessente respektiewelik is;
- die verband tussen die vlak van identiteitsvorming en die volgende veranderlikes by blanke Afrikaanssprekende, blanke Engelssprekende en swart adolessente afsonderlik te ondersoek en tussenkultureel te vergelyk: geslag, aard van die ouer-adolessentverbouding, vorm van ouerbeheer, mate waarin adolessensie as 'n moeilike ontwikkelingstadium ervaar word, teenwoordigheid van 'n vertroueling, sosio-ekonomiese status, woongebied (stedelik/platteland), skoolstanderd en skoolprestasie;
- die verband tussen die vlak van identiteits- en beroepsidentiteitsvorming by blanke Afrikaanssprekende, blanke Engelssprekende en swart adolessente te ondersoek en tussenkultureel te vergelyk.

2.5.2 Beroepsidentiteit

Met betrekking tot die beroepsidentiteit van adolessente in die RSA is die doel van hierdie navorsing om

- die mate waarin die beroepsidentiteit van blanke Afrikaanssprekende, blanke Engelssprekende en swart adolessente gevestig is, afsonderlik te ondersoek en tussenkultureel te vergelyk;
- die verband tussen die vlak van beroepsidentiteitsvorming en die volgende veranderlikes by blanke Afrikaanssprekende, blanke Engelssprekende en

swart adolessente afsonderlik te ondersoek en tussenkultureel te vergelyk: geslag, aard van die ouer-adolessentverhouding, vorm van ouerbeheer, of die vader werk of werkloos is, of die moeder 'n huisvrou is of 'n beroep beoefen, mate waarin adolessensie as 'n moeilike ontwikkelingstadium ervaar word, sosio-ekonomiese status, woongebied (stedelik/platteland), skoolstanderd en skoolprestasie.

2.5.3 Ouer-adolessentverhouding en adolessent-portuurverhouding

Met betrekking tot blanke Afrikaanssprekende, blenke Engelssprekende en swart adolessente in die RSA se verhoudings met hul ouers (moeder en vader afsonderlik) en portuurs en die belang van die ouers (moeder en vader afsonderlik) en portuurs gesien vanuit die oogpunt van die adolessent, is die doel van hierdie navorsing om

- die aard van die verhouding tussen ouers en adolessente te ondersoek en tussenkultureel te vergelyk ten einde vas te stel of die siening van die generasiegaping 'n mite is;
- die mate van tussengenerasiekonflik tussen ouers en adolessente te ondersoek en tussenkultureel te vergelyk;
- die sake waaroor adolessente met hul vaders en moeders oorwegend saamstem en dié waaroor hulle verskil te identifiseer en tussenkultureel te vergelyk;
- die redes waarom sekere adolessente geen of baie min van hul sake en/of probleme met hul vaders en/of moeders bespreek te ondersoek en tussenkultureel te vergelyk;
- die vorm van ouerbeheer wat meestal in die verskillende kultuurgroepe voorkom afsonderlik te ondersoek en te vergelyk;
- die verband tussen die aard van die ouer-adolessentverhouding en die mate van betrokkenheid by die portuurs te ondersoek en tussenkultureel te vergelyk;
- die verband tussen die vorm van ouerbeheer en die mate van betrokkenheid by die portuurs te ondersoek en tussenkultureel te vergelyk;
- die belang van sowel ouers as portuurs vir adolessente afsonderlik en tussenkultureel te ondersoek en na te gaan of die portuurs se invloed groter is, in konflik met dié van die ouers is of aanvullend is en of die betrokke saak eerder sal bepaal wie belangrik geag word;

- by al die groepe die sake te identifiseer ten opsigte waarvan adolessente let op die raad en leiding van albei ouers, die moeder, die vader, vriend(e) en/of vriendin(ne) of hul eie mening volg.

2.5.4 Ervaring van adolessensie

Ten slotte is die doel van hierdie navorsing om die mate waarin adolessente hul tienderjare as 'n moeilike stadium ervaar afsonderlik te ondersoek en tussenkultureel te vergelyk ten einde die siening van adolessensie as 'n stadium van storm-en-drang te verifieer.

3. IDENTITEITSONTWIKKELING: TEORIE EN EMPIRIESE STUDIES

Alvorens Erikson se teorie oor identiteitsontwikkeling en die empiriese studies oor die veranderlikes wat met die identiteitsvormingsproses verband hou, bespreek word, is dit nodig om te verduidelik watter faktore daartoe bydrae dat identiteitsontwikkeling tydens adolessensie 'n hoogtepunt bereik. Faktore soos fisieke, kognitiewe en sosiale veranderinge bedreig die adolessent se eenheidsgevoel en lei tot so 'n mate van selfbewustheid dat identiteitsvorming 'n noodsaaklike ontwikkelingstaak word. Tydens die kinderjare het die individu 'n relatief stabiele siening van homself gehad, maar as gevolg van die veelvuldige veranderinge wat adolessensie kenmerk "verloor" hy hierdie stabiele siening van homself en moet hy die veranderinge integreer ten einde sy identiteit meer omvangryk te formuleer en 'n gevoel van eenheid en kontinuïteit te behou.

3.1 REDES VIR TOENEMENDE IDENTITEITSONTWIKKELING TYDENS ADOLESSENSIE

- Fisieke en fisiologiese ontwikkeling

Gedurende die kinderjare vind fisieke en fisiologiese groei geleidelik en reëlmatig plaas, terwyl adolessensie hierteenoor gekenmerk word deur vinnige en ingrypende puberteitsveranderinge. Erikson (1963) stel dit soos volg: "But in puberty and adolescence all sameness and continuities relied on earlier are more or less questioned again, because of the rapidity of body growth which equals that of early childhood and the new addition of genital maturity" (p. 235).


Die vinnige liggaamsgroei en ontwikkeling van geslagsrypheid tydens adolessensie versteur dus die individu se gevoel van kontinuïteit en eenheid. Dit noodseak die individu om hierdie veranderinge te integreer ten einde 'n gevoel van eenheid en uniekheid ten opsigte van sy identiteit te ontwikkel (Erikson, 1966, 1968).

- Kognitiewe ontwikkeling

In die identiteitsontwikkelingsproses kan drie psigologiese gegewe onderskei word, naamlik die self, die ego en die kognitiewe vermoë van die individu wat

gekenmerk word deur formeel-operasionele denke (Enright & Deist, 1979). Die self is die individu se gevoel van idividualiteit of uniekheid ten opsigte van sy eie liggaam, persoonlikheid en rolle asook sy gevoel van eenheid met die groep se ideale. (Hierdie siening van die self kom ooreen met Erikson se beskrywing van 'n identiteitsgevoel.)

Die inhoud van die self is die resultaat van twee verskillende psigologiese prosesse. Die eerste proses het betrekking op die soeke na inligting vanuit die omgewing en hou dus verband met die kognitiewe vermoë van die individu. Die tweede proses is die egoseleksie en -sintese van inligting wat die individu hereik. Op hierdie wyse verseker die ego dat die siening van die self konsekwent bly en dat 'n gevoel van eenheid behoue bly (vergelyk Figuur 3).



Figuur 3. Die psigologiese prosesse van identiteitsontwikkeling.

Identiteitsvorming word bevorder deur formeel-operasionele denke (Adams, 1976; Kohlberg & Gilligan, 1971). Leadbeater en Dionne (1981) wys ook daarop dat die meeste adolessente wat in 'n normale omgewing opgroei gewoonlik op

ongeveer 15 jaar in staat is tot formeel-operasionele denke. Hierdie vermoë behoort die adolessent se strewe om 'n identiteit te ontwikkel te stimuleer en te bevorder. Die navorsingsresultate van Leadbeater en Dionne het dan ook getoon dat manlike adolessente (17-20 jaar) wat reeds hul identiteit gevestig het of besig was om hul identiteit te vorm, beter presteer bet ten opsigte van take wat formeel-operasionele denke vereis het as diegene wat hul identiteit prematuur gevestig het of wat identiteitsverwarring ervaar het.

Die kenmerke van formeel-operasionele denke stel die adolessent in staat om homself (sy eie kenmerke) in abstrakte terme te konseptualiseer (abstrakte denke) en om oor sy eie kenmerke te kan dink (reflektiewe abstraksie). Hy is ook in staat om 'n hele aantal moontlike hipoteses ten opsigte van 'n saak te genereer. Hierdie hipoteses kan hy sistematies ondersoek met behulp van heskikbare bewyse waarna sekere afleidings gemaak word (hipoteties-deduktiewe denke en kombinasie logika). Hy kan dus verskillende rolle en beroepe oorweeg en 'n beroepskeuse maak; hy kan dink oor verskillende waardes en ideologieë en 'n persoonlike waardestelsel ontwikkel. Die resultaat van sodanige denke lei dus meestal tot 'n goed ontwikkelde identiteit (Conger & Petersen, 1984; Thom, 1984).

Rowe en Marcia (1980) het in aansluiting by die voorafgaande siening aangetoon dat formeel-operasionele denke identiteitsontwikkeling bevorder, maar nie noodwendig optimale identiteitsontwikkeling verseker nie. Faktore soos omgewingsfaktore speel ook 'n bepalende rol. Die omgewing moet byvoorbeeld die nodige inligting en stimulering verskaf.

Verder wys Erikson (1968) daarop dat formele denke dia identiteitsvormingsproses in 'n mate kan kompliseer. Dit maak die adolessent bewus van 'n groot aantal moontlikhede waartussen hy sal moet besluit. Dit maak nie net die adolessent meer introspektief en analitiese nie, maar kan ook lei tot groter selfbewustheid en eensitiwiteit.

Formele operasies stel die adolessent egter nie net in staat om sy identiteit te vorm nie, maar ook om sy omgewing of die wêreld waarin hy leef, ander individue se sienings asook sy samelewing en kultuur te verstaan. Hy ontwikkel dus sosiale perspektief. Sodoende word hy bewus van sy plek in die samelewing en ontwikkeling hy 'n gevoel van eenheid met sekere wêreldbeskouings of ideologieë.

Hy sal egter nie net bewus wees van sekere ooreenkomste tussen hom en ander individue en groepe nie, maar ook van verskille wat sy unieke karakter bevestig. Hy ontwikkel dus ook 'n individuele en groepsidentiteit.

3.2 ERIKSON SE TEORIE VAN IDENTITEITSONTWIKKELING

Erik Erikson se psigososiale teorie van menslike ontwikkeling word deur Dacey (1982) beskryf as "an amazingly perceptive and at times poetically beautiful description of the course of human life" (p. 21). In die meeste van sy werke oor menslike ontwikkeling is identiteit en identiteitsontwikkeling die onderliggende tema soos in *Childhood and society* (1963), *Identity and the life cycle* (1959), en *The problem of ego identity* (1956b). Sy boek *Identity: Youth and crisis* (1968) is veral belangrik wanneer die identiteitsontwikkeling van die adolessent bestudeer word.

Erikson baseer sy siening van menslike ontwikkeling op sy waarneming van kultuurgroepe soos Duitsers, Indiërs, die Sioux in Suid Dakota, die Yuroks in Kalifornië en die meer welaf adolessente in die noord-oostelike dele van die VSA. Hy bestudeer ook historiese figure soos Mahatma Gandhi en Martin Luther. In sy boeke *Young man Luther* (1958) en *Gandhi's truth* (1969) gee hy egter nie net aandag aan die identiteitskrisisse wat hierdie persone ervaar het nie, maar ook aan die historiese identiteitskrisisse van Duitsland en Indië. Erikson (1968) meen:

> We cannot separate personal growth and communal change, nor can we separate ... the identity crisis in individual life and contemporary crises in historical development because the two help to define each other and are truly relative to each other. (p. 23)

3.2.1 Identiteitsontwikkeling aa 'n dinamiese lewenslange proses

Volgens Erikson (1968) vind identiteitsontwikkeling en -verandering lewenslank plaas. Hy beskryf dit as 'n proses van toenemende differensiasie en integrasie namate die individu ouer word en al hoe meer betekenisvolle persone deel van sy wêreld word.

Identiteitsontwikkeling begin wanneer die baba deur sy moeder aangeraak en hulle van mekaar as twee persone bewus word en dit eindig volgens Erikson wanneer "a man's power of mutual affirmation wanes" (p. 23). Identiteit is dus nooit voltooid, ten volle gevestig of staties nie.

Erikson (1956b) sien introjeksie en projeksie, identifikasie en identiteitsvorming as die prosesse waarvolgens die ego tot rypheid groei. Tydens hierdie groeiproses vind daar voortdurend interaksie tussen die kind en die identiteite van sy modelle plaas. Die aard van introjeksie (die inkorporering van 'n ander persoon se beeld soos wanneer die baba van die moeder se beeld bewus word) word deur die aard van die verhouding tussen die moeder en die kind asook die wedersydse erkenning van mekaar bepaal. 'n Wedersydse bevredigende verhouding voorsien die kind van 'n veilige basis om in die volgende ontwikkelingstadia uit te kan reik na ander en met hulle te identifiseer.

Die aard van identifikasie tydens die kinderjare word weer bepaal deur die betroubaarheid en betekenisvolheid van die rolle wat lede van die gesin aan die kind voorsien sodat hy daarmee kan identifiseer. Erikson (1968) wys daarop dat identiteit uiteindelik wel van hierdie identifikasies insluit, maar dat dit nie die som daarvan is nie. Die kind moet hierdie identifikasies saamvoeg tot 'n konsekwente en unieke geheel. Dit beteken dat om 'n unieke identiteit te vorm sekere identifikasies behoue sal hly en ander nie. Erikson (1956b) stel dit soos volg:

> It arises from the selective repudiation and mutual assimilation of childhood identifications, and their absorption in a new configuration, which, in turn, is dependent on the process by which a society ... identifies the young individual, recognizing him as somebody who had to become the way he is. (p. 68)

Erikson (1959) beklemtoon dat alhoewel identiteitsvorming tydens adolessensie 'n hoogtepunt bereik, 'n herdefiniëring van die identiteit na adolessensie voortdurend plaasvind wanneer die individu byvoorbeeld in die huwelik tree, 'n ouer word of aftree. Die mate waarin die volwasse individu in staat is om hierdie veranderinge ten opsigte van sy identiteit te hanteer, word gedeeltelik bepaal deur die mate van sukses wat hy behaal het in sy identiteitsontwikkeling tydens die voorafgaande stadie.

3.2.2 Die identiteitskrisis

Erikson (1968) beskryf die identiteitskrisis as "a necessary turning point, a crucial moment, when development must move one way or another, marshaling resources of growth, recovery, and further differentiation" (p. 16).

Elke krisis sluit 'n konflik tussen twee teenoorgestelde persoonlikheidstrekke in, naamlik vertroue versus wantroue tydens die babajare; die ontwikkeling van outonomie versus skaamte en twyfel tydens die vroeë kinderjare; inisiatief versus skuld tydens die kinderjare (speeljare); arbeidsaamheid versus minderwaardigheid tydens die skooljare; die ontwikkeling van 'n identiteit versus identiteitsdiffusie tydens adolessensie; intimiteit versus isolasie tydens vroeë volwassenheid; generatiwiteit versus stagnasie tydens die middeljare van volwassenheid; en ego integriteit versus wanhoop tydens bejaardheid.

Suksesvolle oplossing van 'n krisis vind plaas wanneer die meer positiewe trek ontwikkel. Die negatiewe trek sal egter ook in 'n mate teenwoordig bly aangesien die twee trekke op 'n kontinuum lê. Om die identiteitskrisis tydens adolessensie op te los, beteken dus nie dat die adolessent ten volle 'n identiteit sal vorm of ten volle identiteitsdiffusie sal ervaar nie. Dit beteken wel dat die adolessent tussen bierdie twee pole van die kontinuum 'n sekere vlak van identiteitsvorming sal bereik wat in 'n sekere mate sal neig in die rigting van die positiewe of negatiewe pool.

3.2.3 Identiteitsvorming as 'n proses van refleksie en observasie

Die proses van identiteitsvorming word verder gekenmerk deur refleksie en observasie wat gelyktydig plaasvind op al die vlakke van psigiese funksionering (Erikson, 1968). Die individu beoordeel homself in die lig van hoe hy meen ander hom beoordeel in vergelyking met hulself en wat vir hulle betekenisvol is. Terselfdertyd beoordeel die individu hulle beoordeling van hom in die lig van hoe hy homself sien in vergelyking met hulle en in die lig van dit wat vir hom betekenisvol is.

3.2.4 Identiteitsvorming is meestal onbewus

Identiteitsvorming vind meestal onbewus plaas tensy sekere persoonlike omstandighede en omgewingsfaktore 'n "identiteitsbewustheid" meebring. Die tipiese selfbewustheid wat soms by adolessente aangetref word as gevolg van onder andere puberteitsveranderinge, is 'n voorbeeld van sodanige identiteitsbewustheid.

3.2.5 Identiteitsontwikkeling volgens die epigenetiese beginsel

Volgens Erikson vind groei volgens die epigenetiese beginsel plaas. Dit beteken dat menslike ontwikkeling volgens 'n voorafbepaalde grondplan geskied. Op 'n sekere tyd vind 'n sekere ontwikkeling plaas totdat alle dele ontwikkel het en 'n funksionerende geïntegreerde geheel vorm. Hierdie beginsel geld veral vir voorgeboortelike ontwikkeling, maar is volgens Erikson ook op nageboortelike ontwikkeling van toepassing.

Die normale gesonde kind sal met die nodige leiding en ervaring volgens innerlike wette van ontwikkeling groei en die potensiaal ontwikkel om op 'n betekenisvolle wyse met ander persone en instellings in interaksie te verkeer. Sodanige interaksie sal wel van kultuur tot kultuur verskil, maar "it must remain within 'the proper rate and the proper sequence' which governs all epigenesis" (Erikson, 1968, p. 93). Die stappe waarvolgens die individu ontwikkel, word dus voorafbepaal en die individu sal tydens sekere stadia gereed wees om op sekere stumuli te reageer of om met betekenisvolle individue of instellings te verkeer.

Alhoewel sekere ontwikkelings op sekere tye en in 'n sekere volgorde volgens die epigenetiese beginsel sal plaasvind, is sekere kenmerke van 'n bepaalde ontwikkelingsaspek reeds in 'n mate teenwoordig voordat die kritieke tydperk vir daardie ontwikkeling aanbreek. So sal die kind in die babajare wanneer die individu vertroue ontwikkel reeds tekens van outonomie toon deur byvoorbeeld die fopspeen uit te stoot as hy dit nie wil suig nie. Dit is egter eers tydens die volgende stadium dat hy as 'n outonome persoon ontwikkel.

In Figuur 4 word identiteitsontwikkeling volgens die epigenetiese beginsel geïllustreer. In die vertikale kolom 1 word die verskillende ontwikkelingstadia aangedui. Die diagonale aslyn wat met "Vertroue versus Wantroue" begin, toon Erikson (1963) se beskrywing van wat hy die *Eight Ages of Man* noem (p. 222). Elkeen van hierdie stadia word benoem volgens die konflik of krisis wat in die stadium ervaar word (Erikson, 1968).

Die ontwikkelingskenmerke wat in die vertikale kolom 6 verskyn wat met "Wedersydse erkenning versus Outistiese isolasie" begin en met "Identiteit versus Identiteitsverwarring" eindig, illustreer die verskillende ontwikkelings wat adolessensie voorafgaan en wat tot identiteitsontwikkeling bydrae. Die ontwikkeling van wedersydse erkenning, die wil om jouself te wees, antisipering van rolle en taekidentifisering is 'n voorvereiste vir die suksesvolle ontwikkeling van 'n identiteit gedurende adolessensie. Wanneer die krisisse in die vorige stadia nie suksesvol opgelos word nie, kan outistiese isolasie, selfvertwyfeling, rolinhibisie en 'n gevoel van futiliteit ontwikkel wat kan bydrae tot identiteitsverwarring tydens adolessensie.

Die ontwikkelingsaspekte wat die die horisontale kolom by adolessensie verskyn wat begin met "Tydsperspektief versus Tydsdiffusie" is verdere kenmerke wat voor adolessensie begin ontwikkel en wat dan tydens adolessensie deel word van die identiteitsontwikkelingsproses (Erikson, 1959). Die individu wat byvoorbeeld die ontwikkelingskrisis vertroue versus wantroue suksesvol opgelos het, sal tydsperspektief openbaar wat voortvloei uit 'n basiese gevoel van vertroue in die hede en in sy toekoms.

Die identiteitswins wet die resultaat is van die suksesvolle oplossing van die ontwikkelingskrisisse tydens die stadia voor adolessensie, word in kolom 10 aangedui.

Ontwikkelingstadia	Ontwikkelingskrisisse/take								Identiteitswins
Bejaardheid								Integriteit vs. Wanhoop	
Middeljare							Generatiwiteit vs. Stagnasie		
Vroeë Volwassenheid						Intimiteit vs. Isolasie			
Adolessensie	Tydsperspektief- vs. Tydsdiffusie	Selfsekerheid vs. Selfbewustheid	Roleksperimentering vs. Rolfiksasie	Prestasieverwagting vs. Werkverlamming	Identiteit vs. Identiteitsverwarring	Seksuele polarisasie vs. Biseksuele verwarring	Leier- en volgelingskap vs. Outoriteitsverwarring	Ideologiese toewyding vs. Verwarring van waardes	Sense of identity
Skooljare				Arbeidsaamheid vs. Minderwaardigheid	Taakidentifikasie vs. Gevoel van futiliteit				I am what I can learn to make work
Kinderjare			Inisiatief vs. Skuld		Antisipering van rolle vs. Rolinhibisie				I am what I imagine I will be
Vroeë Kinderjare		Outonomie vs. Skaamte en Twyfel			Die wil om jouself te wees vs.Selfvertwyfeling				I am what I can will freely
Babajare	Vertroue vs. Wantroue				Wedersydse erkenning vs. Outistiese isolasie				I am what hope I have and give
1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

Figuur 4. Diagram van Erikson se siening van die epigenese van identiteit (aangepas uit Erikson, 1968, p. 94; 1956a, p. 8).

3.2.6 Identiteitsontwikkeling in die stadia voor adolessensie

Erikson (1968) sien die agt ontwikkelingstadia van die mens as die epigenesis van identiteit. Dit is dus nodig om sy siening van identiteitsontwikkeling in die stadia voor adolessensie ook kortliks te verduidelik.

- Die babajare (vertroue versus wantroue)

In hierdie stadium moet die baba vertroue in ander en in homself ontwikkel. Indien hy nie daarin slaag nie, kan hy 'n gevoel van wantroue ontwikkel wat later in sy lewe kan lei tot outistiese isolasie oftewel dat hy hom van ander persone onttrek. Dit kan latere identiteitsontwikkeling belemmer en ook tot identiteitsverwarring aanleiding gee.

Die oorsprong van 'n gevoel van identiteit is wanneer die moeder en baba mekaar erken en wanneer hierdie wedersydse erkenning gekenmerk word deur wedersydse vertroue. Die baba ontwikkel vertroue in homself en ander wanneer die moeder op 'n reëlmatige wyse in sy behoeftes voorsien en moederliefde aan hom gee. Die moeder leer hom ook om sy behoeftes te reguleer volgens 'n sekere patroon wat tot die ontwikkeling van tydsperspektief lei. Hierteenoor kan herhaaldelike uitstel van sy behoeftes en die onreëlmatige voorsiening in sy behoeftes weer tot tydsverwarring lei (vergelyk Figuur 4, kolom 2 en 6).

Tydens hierdie stadium word die baba ook van homself as 'n afsonderlike persoon bewus. Die moeder se hantering van hom moet dus 'n gevoel van vertroue in homself laat ontwikkel aangesien dit volgens Erikson (1968) die basis vorm "in the child for a component of the sense of identity which will later combine a sense of being 'all right' of being oneself, and of becoming what other people trust one will become" (p. 103).

Deur te ontvang wat aan hom gegee word en bewus te word van iemand wat in sy behoeftes voorsien, word die grondslag gelê vir sy identifikasie met die moeder sodat hyself later ook 'n "gewende" persoon kan word. Hierdie vroeë wederkerige vertrouensverhouding vorm die basis vir latere interpersoonlike verhoudings.

Die ontwikkeling van vertroue lei verder tot die vermoë om geloof te hê. Geloof wat deur die moeder aan die baba oorgedra word, versterk weer die baba se gevoel van hoop. Die identiteitswins van hierdie vroegste lewensjare is dan ook "I am what hope I have and give" (p. 107).

- Vroeë kinderjare (outonomie versus skaamte en twyfel)

Tydens hierdie stadium ontwikkel die kind beheer oor sy spiere, sy taalvermoë en die vermoë om 'n aantal spierpatrone te koördineer. Die afhanklike kind begin dus nou om 'n gevoel van outonome wil te ervaer.

Volgens Erikson kan hierdie stedium ook gesien word as 'n stryd om outonomie aangesien die moeder die kind moet leer om sy ontwikkelende vermoëns te beheer (soos in toiletonderrig) en die kind terselfdertyd die behoefte het om sy eie wil te laat geld. Wederkerige erkenning en vertroue binne die verhouding wat tydens die babajare ontwikkel het, is nou belangrik vir die outonomie wat in hierdie stadium ontwikkel.

Die kind se gedrag word gekenmerk deur die neigings om "te behou" of "te laat gaan" volgens sy eie wil. Albei hierdie neigings word deur sowel vyandige as positiewe verwagtings of houdings gekenmerk. Om "te behou" kan destruktiewe of vyandige terughouding of beperking impliseer of dit kan daarop dui dat daar omgegee word (*to have and to hold*). Om "te laat gaan" kan dui op die loslating van destruktiewa gedrag of dit kan dui op 'n ontspanne laat-maar-gaan houding (*to let be*).

Hierdie stadium is dus bepalend vir die ontwikkeling van liefdevolle toegeneentheid teenoor haatlike selfgelding; samewerking teenoor hardkoppigheid; selfuitdrukking teenoor kompulsiewe selfbeheersing of lamsakkige toegeeflikheid. 'n Gevoel van selfbeheer sonder om 'n gevoel van waarde te verloor, is die bron van 'n gevoel van 'n eie vrye wil. Wanneer die kind voel hy het sy selfbeheer verloor en dat sy ouers hom tan volle beheer, ervaar hy 'n gevoel van twyfel en skaamte of selfvertwyfeling asook selfbewustheid wat later tot identiteitsverwarring aanleiding kan gee.

Die individu se identiteitsgevoel word deur die positiewe oplossing van die ontwikkelingskrisis in hierdie stadium bevorder aangesien dit lei tot die ontwikkeling van selfsekerheid eerder as selfbewustheid en tot die ontwikkeling van 'n wil om jouself te wees (vergelyk Figuur 4, kolom 3 en 6). Die identiteitsgevoel word ook bevorder deur die ontwikkeling van 'n gevoel dat hy die moed het om as 'n onafhanklike persoon op te tree en dus sy eie toekoms kan kies en rig. Die identiteitswins beskryf Erikson dus as "I am what I can will freely" (p. 114).

- Kinderjare (inisiatief versus skuld)

Identiteitsontwikkeling word op hierdie stadium gekenmerk deur sterk identifikasie met die ouers asook 'n bewustheid by die individu dat hy 'n afsonderlike persoon is (Erikson, 1968). Hy moet egter ook nou 'n bewustheid ontwikkel van watter soort persoon hy kan word, wat hy mag doen of wat hy kan doen. Vir die ontwikkeling van sodanige bewustheid dien die ontwikkeling van 'n gevoel van inisiatief as basis.

Die kind openbaar inisiatief deur dinge te vergelyk, te ondersoek en deur baie nuuskierig te wees of soos Erikson dit stel: "His learning nou is eminently intrusive and vigorous; it leads away from his own limitations and into futura possibilities" (p. 116).

Die gevoel van inisiatief lei dus ook tot roleksperimentering en die antisipering van verskillende rolle. Wanneer die kind se inisiatief te veel beperk word, kan hy skuldig begin voel oor sy nuuskierigheid en behoefte om te ondersoek. Hierdie skuldgevoelens kan verder lei tot vrees wat deur middel van inhibering onderdruk word. Rolinhibisie of rolfiksasie is die resultaat wat identiteitsvorming kan beperk (vergelyk Figuur 4, kolom 4 en 6).

Verder word die kind bewus van ouderdoms- en geslagsverskille. Hy ontwikkel sekere sienings van sy eie geslag wat volgens Erikson essensieel is vir die ontwikkeling van sy identiteit.

Wanneer die kind se verbeelding en inisiatief egter buitensporige afmetings aanneem, kan dit ook lei tot die ontwaking van skuldgevoelens. Die mate van

inisiatief word egter deur die kind se gewete beheer. Gewete word deur Erikson beskryf as "the 'inner voice' of self-observation, self-guidance, and self-punishment" (p. 119). Die ontwikkeling van 'n gewete vorm ook die basis vir die ontwikkeling van 'n morele waardestelsel.

Die bydrae van hierdie stadium tot identiteitsontwikkeling is dat die kind deur sy inisiatief en strewe om sekere doelwitte te bereik, hom voorberei vir die latere uitvoering van volwasse rolle soos om 'n beroep te beoefen. Op hierdie wyse is sy ontwikkeling dus ook gerig op die uiteindelike benutting van sy vermoëns. Die identiteitswins is dus "I am what I can image I will be" (p. 122).

- Skooljare (arbeidsaamheid versus minderwaardigheid)

Hierdie periode kan gesien word as die "vakleerlingskap van die lewe". Dit is belangrik vir identiteitsontwikkeling dat die kind sekere take kan identifiseer waarin hy vaardigheid openbaar en 'n gevoel van prestasie ervaar. As hy nie 'n gevoel van sukses en erkenning ervaar nie, sal hy later nie meer 'n begeerte hê om iets te bereik nie en begin om waardeloos te voel. Dit kan lei tot werkverlamming en 'n gevoel van futiliteit wat kan bydrae tot identiteitsverwarring tydens adolessensie (vergelyk Figuur 4, kolom 5 en 6).

Die kind is ook nou gereed om deel te neem aan die beplanning en konstruering van take en om verantwoordelikheid te deel. Sy deelname aan take is nou meer as verbeelding - hy kan waarneem én deelneem omdat sy vermoëns vinnig ontwikkel en sy inisiatief steeds toeneem. Hy ontwikkel dus 'n gevoel van arbeidsaamheid en die identiteitswins is "I am what I can learn to make work" (p. 127).

Indien die kind nie gereed is om sekere take uit te voer nie of voel dat hy in vergelyking met ander faal in die uitvoering van take, kan 'n gevoel van minderwaardigheid ontwikkel.

Die kind kom nou ook in kontak met die wyer sosiale wêreld. In sy samelewing word hy toegelaat tot sekere rolle wat hom gereed sal maak om die wêreld van tegnologie en ekonomie te kan beheer. Dit bepaal dan ook vir hom sy waarde as

individu. Erikson wys in hierdie verband daarop dat as die kind nou daarvan bewus word dat sy velkleur of ouers se agtergrond eerder as sy begeerte om te leer sy waarde as leerling bepaal, hy 'n gevoel van onwaardigheid kan ontwikkel wat sy identiteitsontwikkeling kan strem.

'n Ander gevaar vir identiteitsontwikkeling is wanneer die kind oorkonformeer met werk en dit sien as die uitsluitlike bepaler van sy waarde as persoon. Verbeeldingrykheid en die vermoë tot uitgelatenheid of speelsheid word opgeoffer om 'n slaaf van die tegnologie te wees. Die identiteitswins van die ontwikkeling van arbeidsaamheid "I am what I can learn to make work" (p. 127) is in so 'n geval nie die begin van die ontwikkeling van 'n identiteit in hierdie verband nie, maar dit beperk eerder verdere identiteitsontwikkeling. Baie mans ontwikkel hul identiteit slegs om hul tegniese en beroepsvermoëns. Volgens Erikson is dit beperkend en is 'n groter mate van vryheid van identiteit nodig vir volledige selfuitdrukking.

3.2.7 Identiteitsontwikkeling tydens adolessensie

3.2.7.1 Identiteit versus identiteitsdiffusie

Soos blyk uit die epigenetiese kaart (Figuur 4, kolom 6) bereik identiteitsontwikkeling 'n hoogtepunt tydens adolessensie. Volgens Erikson (1968) word 'n optimale gevoel van identiteit ervaar as "a sense of psychological well-being. It's most obvious concomitants are a feeling of being at home in one's body, a sense of 'knowing where one is going', and an inner assuredness of anticipated recognition from those who count" (p. 165).

Wanneer die adolessent dit moeilik vind om 'n identiteit te vorm, ervaar hy identiteitsdiffusie. Erikson illustreer hierdie toestand deur die woorde van Biff in Arthur Miller se *Death of a salesman* aan te haal: "I just can't take hold, Mom, I can't take hold of some kind of life" (p. 131). Die oorsake van sodanige identiteitsdiffusie kan onder meer in 'n persoon se sterk twyfel oor sy kulturele, seksuele of beroepsidentiteit geleë wees of in algehele rolverwarring.

Ten einde bewus te wees van 'n identiteit moet die adolessent 'n gevoel van eenheid, uniekheid en kontinuïteit bebou. Dit vereis dat hy die rolle, vaardighede en ander identiteitskenmerke wat tydens die kinderjare ontwikkel het, moet integreer met die fisieke veranderinge (bv. geslagsrypheid), verdere ontwikkeling (bv. kognitiewe, morele en sosiale ontwikkeling) en die ideale van die stadium en die toekoms. Benewens die integrasie van al hierdie aspekte van ontwikkeling, moet die adolessent ook die krisisse van die kinderjare finaal deurwerk. Die identiteitskenmerke wat in die vorige stadia begin ontwikkel het, moet egter nie net geïntegreer en deurgewerk word nie, maar ook verder uitgebrei word aangesien die milieu van die kinderjare deur 'n wyer samelewing vervang word en die adolessent se vermoëns vinnig ontwikkel.

Die bydraes van die ontwikkelingstadia voor adolessensie wat nou geïntegreer en uitgebrei moet word, verduidelik Erikson soos volg:

- Die bydrae van ontwikkeling tydens die babajare tot die oplossing van die identiteitskrisis tydens adolessensie is vertroue in die self en ander persone. Die adolessent het egter ook 'n behoefte daaraan om vertroue en geloof in idees te hê. Hy wil ook getrou aan bierdie persone en idees wees en sy betroubaarheid aan hulle bewys. Sy vrees om belaglik voor te kom as hy homself in te 'n groot mate toewy of verbind aan mense en idees, kan daartoe aanleiding gee dat hy siniese wantroue openbaar. Laasgenoemde paradoks moet dus eerder gesien word as 'n uitdrukking van sy behoefte om te glo of te vertrou.

- Ontwikkeling tydens die vroeë kinderjare se bydrae is die definiëring van die self in terme van dit wat die adolessent uit vrye wil en outonoom kan doen. Die adolessent soek nou geleenthede vir die uitlewing van hierdie vrye wil en outonomiteit. Terselfdertyd is hy bang dat by in aktiwiteite betrokke kan raak waardeur hy blootgestel kan word aan bespotting deur sy maats en wat kan lei tot twyfel in homself. Dit kan ook daartoe aanleiding gee dat hy eerder uit vrye wil skaamteloos in die oë van ouer persone optree as om belaglik in sy eie oë en dié van sy vriende voor te kom.

- Inisiatief wat tydens die kinderjare ontwikkel het, is nou nodig ten einde die adolessent in staat te stel om sy aspirasies na te streef. Onbeperkte

ambisie kan daartoe lei dat die adolessent diegene vertrou wat skynbaar verbeeldingryke, maar dikwels onrealistiese en onbereikbare geleenthede vir die uitlewing of bereiking van sy aspirasies aan hom voorhou. Hy kan dan wanneer sy oormatige ambisie gefrustreer word, teen alle beperkings te velde trek eerder as om sy eie skuld daaraan te basef.

- Die bydrae van ontwikkeling tydens die skooljare tot identiteitsontwikkeling is die beboefte om 'n taak suksesvol deur te voer of om sukses in werk te ervaar. Hierdie identiteitswins is tydens adolessensie veral belangrik vir die vorming van 'n beroepsidentiteit en die maak van 'n beroepskeuse.

Die integrasie van al die identiteitskenmerke wat in die stadia voor adolessensie ontwikkel het en die oplossing van die identiteitskrisis tydens adolessensie verdeel Erikson (1956a, 1968) in sewe dele. Die sewe dele van die krisis wat die adolessent moet deurwerk en waarvan die basis reeds in die vorige stadia gelê is, is die volgende:

- **Tydsperspektief versus tydsdiffusie.** Die ontwikkeling van tydsperspektief stel die adolessent in staet om 'n gevoel van tyd ten opsigte van die kontinuïteit van die lewe te ontwikkel sodat hy die verlede, hede en toekoms kan koördineer. Hy sal dan 'n begrip kan vorm van hoe lank dit neem om sekere lewensplanne uit te voer. Hierteenoor sal tydsdiffusie wat voortspruit uit 'n basiese gevoel van wantroue lei tot 'n desperate dringendheid om onmiddellik op te tree of totale apatie.

- **Selfsekerheid versus selfbewustheid.** Indien die adolessent se ervarings tot selfvertroue lei, sal hy in homself, sy vermoëns en in sy toekoms glo. Hierdie selfsekerheid ontwikkel egter eers na 'n periode van selfbewustheid ten opsigte van sy fisieke voorkoms en sosiale verhoudings. Hierdie aanvanklike selfbewustheid verklaar dikwels die adolessent se ydelheid asook sensitiwiteit of sy ignorering van ander persone se voorstelle en kritiek. Hierdie soort optredes van die adolessent kan ook as verdedigingsmeganismes gesien word om 'n baie wankelrige gevoel van selfsekerheid teen twyfel en skaamte te beskerm.

- **Roleksperimentering versus rolfikasie.** Om 'n identiteit te vorm, moet die adolessent hom aan sekere rolle verbind of toewy. Hierdie rolle moet egter nie net aan die individu se eise en behoeftes voldoen nie, maar ook aan dié van die samelewing (Erikson, 1959, 1963). Die adolessent kry nou die geleentheid om met verskillende rolle, identiteite, persoonlikheidskenmerke, optredes, idees, filosofieë, verhoudings en doelwitte te eksperimenteer.

  Adolessente wat te veel beperkings en skuldgevoelens ervaar, wat hulle inisiatief verloor en wat prematuur op sekere rolle fikseer, sal nie hul identiteit ten volle ontwikkel of hulself ten volle ontdek nie (Erikson, 1956a, 1968; Rice, 1984).

- **Prestasieverwagting (vakleerlingskap) versus werkverlamming.** Die adolessent het ook die geleentheid om kennis oor verskillende beroepe in te win of ervaring daarin op te doen alvorens hy op 'n beroep besluit. Sy beroepskeuse is belangrik vir die verdere definiëring van sy identiteit. Benewens die maak van 'n beroepskeuse moet die adolessent ook in homself en in sy vermoë om 'n betekenisvolle taak te kan voltooi en om te kan presteer glo. Indien dit nie die geval is nie, kan werkverlamming ontstaan.

  'n Verdere rede vir werkverlamming kan ook daaraan toegeskryf word dat die individu se vermoëns of talente nie in verband staan met die produktiewe doelwitte van die tegnologiese eeu nie. Dit kan ook wees dat hy nie aan die sosiale klas behoort wat deel het aan die proses van vooruitgang nie.

- **Seksuele polarisasie versus biseksuele verwarring.** Erikson meen dat dit belangrik is dat die adolessent homself moet identifiseer met een geslag aangesien dit die basis vorm vir 'n goed gevestigde geslagsrolidentiteit wat deel vorm van die identiteit. Dit is ook belangrik vir latere heteroseksuele intimiteit. Dit gee ook aan hom sekerheid oor sy toekomstige rolle en stel hom in staat om keuses te maak. Hierteenoor vorm biseksuele verwarring deel van die adolessent se selfbewustheid en onsekerheid.

- Leierskap en volgelingskap versus outoriteitsverwarring. Namate die adolessent se wêreld uitbrei begin hy leer om die verantwoordelikheid van leierskap te aanvaar en ook hoe om 'n volgeling te wees. Terselfdertyd ontdek hy dat instansies of persone waaraan hy hom toewy of verbind soos die staat, 'n werkgewer of vriende almal eise stel. Dit gee daartoe aanleiding dat die adolessent verwarring ten opsigte van outoriteit ervaar. Aan wie moet hy gehoor gee? Wie moet hy volg? Wie is die primêre gesagsfigure? Om antwoorde te vind, moet die adolessent sy persoonlike waardes en prioriteite ondersoek. Hy moet ook leer om gesag te aanvaar of om leiding te gee en om te kan onderskei tussen verskillende gesagshiërargieë. Dit sal hom voorberei vir generatiwiteit tydens volwassenheid.

- Ideologiese toewyding veraus verwarring van waardes. Die individu het 'n behoefte om in iets te glo. Hy strewe dus na 'n baaiese filosofie of ideologie wat as anker in sy lewe kan dien en waaraan by homself kan wy of verbind. Sodanige definiëring van sy ideologie dra by tot die ontwikkeling van 'n sterk identiteitsgevoel.

  Die adolessent ondersoek die sosiale waardes, godsdiens en ideologieë van sy kultuur en ontwikkel sy eie lewensfilosofie of ideologie wat dan in 'n mindere of meerdere mate ooreenstem met die van sy kultuur. Getrouheid aan hierdie ideologie gee aan hom 'n gevoel van sekuriteit en stabiliteit wat identiteitsverwarring teenwerk en sy identiteit beskerm. Hy ontwikkel dus fideliteit wat Erikson (1964) beskryf as "the strength of disciplined devotion" (p. 40).

  Deur hom toe te wy aan 'n basiese ideologie wat gegrond is op 'n waardestelsel waaraan by getrou is, baan die adolessent ook die weg vir die ontwikkeling van integriteit tydens laat volwassenheid en die ervaring van die lewe as betekenisvol.

Samevattend dui tydsperspektief, selfsekerheid, roleksperimentering, prestasieverwagting, seksuele polarisasie, die vermoë tot leierskap en volgelingskap en ideologiese toewyding dus op positiewe identiteitsontwikkeling. Hierteenoor is tydsdiffusie, oormatige selfbewustheid, rolfiksering, werkverlamming,

biseksuele, outoriteits- en ideologiese verwarring simptome van identiteitsdiffusie (vergelyk Figuur 4, die horisontale kolom regoor "Adolessensie" in kolom 1).

3.2.7.2 Die psigososiale moratorium

Tydens adolessensie word dit noodsaaklik dat die individu sekere keuses moet maak en besluite moet neem. Die besluite waaraan hy bom verbind, geld dikwels vir die res van sy lewe (Erikson 1968). Die adolessent het dus tyd nodig om met verskillende rolle te eksperimenteer sodat hy sy plek in die samelewing kan vind. Die rolle wat hy dan aanvaar, word wel deur die samelewing gedefinieer, maar pas ook by sy unieke karakter (Erikson, 1956b). Hierdie tydperk wat die samelewing aan die individu toestaan as 'n psigososiale moratorium beskryf Erikson (1968) soos volg:

> A moratorium is a period of delay granted to somebody who is not ready to meet an obligation or forced on somebody who should give himself time. By psychosocial moratorium, then, we mean a delay of adult commitments, and yet it is not only a delay. It is a period that is characterized by a selective permissiveness on the part of society and of provocative playfulness on the part of youth, and yet it also leads to deep, if often transitory, commitment on the part of youth, and ends in a more or less ceremonial confirmation of commitment on the part of society. Such moratoria show highly individual variations, and ... institutional variations linked with the ways of life of cultures and subcultures. (p. 157)

Wanneer die adolessent as gevolg van sekere omstandighede of druk van sekere gesagsfigure te vroeg in die moratorium periode sy identiteit vestig en rolle definieer, kan die moratorium misluk. Hy kan hom verbind aan sekere sake omdat omstandighede dit vereis en nie omdat dit sy keuse na 'n periode van ondersoek is nie. Volgens Erikson eindig identiteitsvorming dan in 'n "social 'pocket' from which there is no return" (p. 158).

3.3 VARIASIES IN IDENTITEITSVORMING

Heelwat patrone van identiteitsvorming kan onderskei word aangesien verskille ten opsigte van die volgende aspekte voorkom: Die individu se individuele

kenmerke, sy voorafgaande ontwikkeling, die aard van die ouer-kindverhouding, die portuurgroep, sosiokulturele kenmerke en die aard van sosiale veranderinge. Hierdie aspekte kan daartoe aanleiding gee dat die proses relatief eenvoudig of kompleks; normatief (voorgeskryf) of afwykend; positief of negatief; prematuur vooruitbeslis of onbepaald verleng; suksesvol, sterk en samehangend of onsuksesvol, swak en verward kan wees (Conger & Petersen, 1984).

3.3.1 Die identiteitsvormingsproses: eenvoudig of kompleks

Hoe eenvoudig of kompleks die proses is, sal onder andere bepaal word deur die aantal en onverenigbaarheid van die vroeëre en huidige identifikasies wat saamgevoeg moet word, van die verskeidenheid van individuele keuses en sosiale rolle wat tot die adolessent se beskikking is en die eise wat 'n samelewing aan die adolessent stel. In 'n ralatief eenvoudige en ongeletterde samelewing sal daar byvoorbeeld min identiteitsmodelle wees en die wat daar is, sal baie ooreenkom. Daar sal ook 'n klein verskeidenheid van rolgeleenthede wees en min eise sal aan die ontwikkelende individu gestel word. Alhoewel identiteitsontwikkeling in so 'n samelewing gewoonlik kort en ongekompliseerd is, word die identiteit dikwels gesien as sonder diepte en buigsaamheid. Identiteitsvorming in 'n komplekse, vinnig veranderende en gefragmenteer samelewing kan hierteenoor gekenmerk word deur 'n lang, komplekse en moeilike proses.

Erikson (1968) verwys na hierdie sosiokulturele toestande as die faktore wat sal bepaal in watter mate die adolessent dit maklik of moeilik sal vind om 'n geïntegreerde identiteit te ontwikkel. In die Westerse kultuur kan die identiteitsontwikkelingsproses bemoeilik word deur die vinnige tegnologiese vooruitgang aangesien die individu voor heelwat meer keuses te staan kom en hy ook meer tyd nodig het om hom vir 'n gespesialiseerde beroep voor te berei. Die langer periode veroorsaak verder dat adolessensie toenemend 'n opvallende en bewuste periode word. Die langer moratorium bied egter aan die adolessent die geleentheid om 'n ryker en vollediger identiteit te vorm.

3.3.2 Die vorming van 'n normatiewe of afwykende identiteit

Normatiewe identiteitsvorming vind plaas wanneer die individu se identiteit in ooreenkoms met die waardes en verwagtings van sy kultuur gevorm word.

Sodanige identiteit word nie noodwendig gekenmerk deur onsensitiwiteit en verbeeldingloosheid nie en beperk ook nie noodwendig die individu se potensiaal nie. Die mate van rykheid en diepte van sodanige identiteit sal egter van die aard van die individu se kultuur afhang.

Hierteenoor aanvaar sommige adolessente egter tydelik of permanent 'n afwykende identiteit en beskryf hulself in terme van waardes wat afwyk van die waardes van hul kultuur of samelewing. Die redes hiervoor kan wees dat hulle voel dat die normatiewe identiteit nie hul ware kenmerke verteenwoordig nie en hulle 'n groter aandeel aan die vorming van hul identiteit verkies. Ander adolessente vrees weer dat hulle sal faal in hul pogings om 'n normatiewe identiteit te vestig of hulle voel skuldig as hul pogings nie slaag nie.

Hierdie beskrywing van die vorming van 'n afwykende identiteit kom ooreen met Erikson se siening van die ontwikkeling van 'n negatiewe identiteit. Volgens Erikson (1968) is die aanvaarding van 'n negatiewe identiteit 'n desperate poging om beheer oor 'n situasie te behou wanneer pogings om aanvaarbare rolle te aanvaar nie slaag nie.

Erikson (aangehaal in Kastenbaum, 1979) meen verder dat 'n normatiewe identiteit onderliggend sekere kenmerke van 'n negatiewe identiteit behou wat hy soos volg verduidelik:

> Every person ... harbors a negative identity as the sum of all those identifications and identity fragments which the individual had to submerge in himself as undesirable or irreconcilable or which his group has taugh him to perceive as the mark of fatal 'difference' in sex role or race, in class or religion. (p. 454)

Wanneer die individu of sy samelewing 'n krisistyd beleef, kan hierdie negatiewe kenmerke van sy identiteit na vore kom. Omdat die adolessent se identiteit nog in 'n vormingsproses is, is hy veral kwesbaar en is dit vir hom moeilik om altyd hierdie negatiewe kenmerke van sy identiteit te beheer.

Volgens Erikson (1968) kan lede van 'n minderheidsgroep ook makliker 'n negatiewe identiteit ontwikkel. Hul identiteit kan byvoorbeeld ontwikkel uit haat en woede teenoor die dominante groep eerder as vanuit die positiewe elemente van hul eie kultuur en huidige situasie.

3.3.3 Prematuur vooruitbesliste of onbepaald verlengde identiteitsvorming

Identiteitsvooruitbeslissing kan beskou word as 'n onderbreking in die proses van identiteitsvorming aangesien die identiteit prematuur gevorm word. Gewoonlik aanvaar die adolessent die identiteit wat deur sy ouers of die samelewing voorgeskryf word. Die ontwikkeling van die individu se potensiaal en die moontlikheid van selfdefiniëring word dus in die wiele gery.

Hierteenoor is daar die adolessent wat 'n verlengde periode van identiteitsdiffusie ervaar. Sommige bereik wel na 'n tydperk van eksperimentering en ondersoek 'n identiteit wat nie net duidelik gedefinieer is nie, maar wat volgens Conger en Petersen (1984) ook beskryf kan word as "self-consistent, and whole, ... subtle, rich, and varied in its resources" (p. 82).

3.3.4 Die ontwikkeling van 'n sterk of swak identiteitsgevoel

Die identiteitsvormingsproses kan lei tot 'n sterk identiteitsgevoel of identiteitsdiffusie. Adolessente wat na 'n periode van ondersoek en eksperimentering 'n sterk identiteitsgevoel ontwikkel, word onder andere gekenmerk deur selfstandige optredes, onafhanklike sienings, komplekse denke, groter weerstand teen spanning en groter kreatiwiteit. Bronson (1959) het in aansluiting hierby gevind dat adolessente met 'n sterk identiteitsgevoel relatief vry van angs is, 'n stabiele selfkonsep toon, relatief seker van hul persoonlikheidskenmerke is en stabiliteit ten opsigte van hul gevoelens oor hulself toon.

'n Sterk positiewe identiteit word ook gekenmerk deur sekerheid ten opsigte van die seksuele en beroepsidentiteit en 'n goed geïntegreerde persoonlikheid. Die fisieke, morele, persoonlike, gesins- en sosiele self word ook meer positief bejeën (La Voie, 1976).

Teenoor die adolessent wat 'n sterk identiteitsgevoel ontwikkel, is daar diegene wat nie daarin slaag nie en in 'n toestand van identiteitsdiffusie verkeer. Volgens Donovan (1975) se ondersoek wil hierdie adolessente nie dieselfde lewenswyse as hul ouers aanvaar nie, maar hulle werk ook nie aktief

daaraan om 'n eie lewenstyl te ontwikkel nie. Hulle eie waardebesef is laag, hulle vlak van morele redenering is nie baie gevorderd nie en hulle aanvaar minder geredelik verantwoordelikheid vir hulle eie lewens. Hulle is verder geneig om impulsief en ongeorganiseerd in hulle denke te wees, hulle is meer geneig om dwelms te gebruik, hulself te onttrek of te isoleer en vind dit dikwels moeilik om 'n intieme interpersoonlike verhouding aan te knoop (Conger & Petersen, 1984).

As gevolg van die angs wat deur die onsekerheid en diffusie te weeg gebring word, kan hierdie adolessente bulle wend tot die volgende psigosoaiale identiteitsverdedigingsmeganismes:

- **Ontvlugting.** Deur dwelms te gebruik, wilde partytjies of rock-konserte by te woon, word die soeke na 'n identiteit tydelik verdoof deur die intense emosionele ervaring wat daardeur te weeg gebring word.
- **Aanname van 'n tydelike identiteit.** Die adolessent word byvoorbeeld 'n nar, bullebak windlawaai of 'n *ladies man*.
- **Tydelike versterking van die identiteit.** Die adolessent neem deel aan geringe oortredings, pleeg vandalisme of neem deel aan kompeterende sportsoorte of populariteitswedstryde. Hy kan ook vir hom 'n "identiteitsvesting" bou deur byvoorbeeld 'n dweper of superpatriot te word.
- **Aanname van 'n betekenislose identiteit.** Deur deel te neem aan byvoorbeeld onbeduidende wedstryde soos om te kyk hoeveel persone in 'n telefoonhokkie kan kom of om domino's uit te lê, gee aan die individu 'n betekenislose identiteit wat verkiesliker is as geen identiteit (Rice, 1984).

3.4 MARCIA SE BESKRYWING VAN IDENTITEITSTATUSSE

Erikson se beskrywing van identiteitsontwikkeling het tot baie navorsing oor die onderwerp gelei. Die werk van James Marcia (1966, 1967, 1976) het veral 'n belangrike bydrae gelewer soos sal blyk uit die bespreking van die empiriese studies oor identiteitsontwikkeling. Dit is dus nodig om Marcia se siening van identiteitstatusse kortliks te verduidelik.

Marcia het hom daarop toegelê om empiriese steun vir Erikson se teorie te bied (Muuss, 1975). Die resultate van sy navorsing het egter ook gelei tot 'n belangrike uitbreiding van Erikson se siening, naamlik tot die identifisering

van verskillende patrone waarvolgens adolessente die identiteitskrisis hanteer. Volgens hierdie verskillende patrone bereik die adolessent 'n sekere identiteitstatus, naamlik identiteitsverwarringstatus, identiteitsvooruitbeslissingstatus, identiteitsmoratoriumstatus en identiteitsbereikingstatus. Marcia (1980) verduidelik ook dat hy aanvanklik hierdie identiteitstatusse ontwikkel het as 'n "methodological device by means of which Erikson's theoretical notions about identity might be subjected to empirical study" (p. 161). Met verloop van tyd is hierdie beskrywing van die identiteitstatusse egter deur baie navorsers as deel van die identiteitsteorie te beskou.

Volgens Marcia (1966, 1967) vereis die vestiging van 'n identiteit 'n sintese tussen die superego-eise, ego-ideale, individuele vermoëns en die samelewing se verwagtings. Verder onderskei hy twee faktore wat essensieel is vir die bereiking van 'n identiteit. Eerstens moet die individu 'n aantal krisisse ervaar waartydens hy aktief tussen verskillende alternatiewe beroepe en ideologieë (m.b.t. godsdiens en politiek) moet kies. Tweedens moet die individu hom verbind aan sy keuses. Hierdie verbintenis of toewyding beskryf Marcia (1967) as "the degree of personal investment the individual expresses in an occupation or belief" (p. 119).

Afhangende van die mate waarin die adolessent krisisse ten opsigte van sy keuses ervaar en dit deurgewerk het en hy homself verbind het aan sy keuses, onderskei Marcia die vier moontlike statusse waarin die individu verkeer ten opsigte van sy identiteitsvorming. Die kenmerke van hierdie statusse is die volgende:

- **Status 1: Identiteitsverwarring.** Adolessente met hierdie identiteitstatus het geen krisis ervaar nie en hulle ook nie aan sekere keuse ten opsigte van 'n beroep of ideologie verbind nie.
- **Status 2: Identiteitsvooruitbeslissing.** Adolessente in hierdie groep het geen krisisse ervaar nie, maar hulle het hulle wel verbind aan sekere sake met betrekking tot 'n beroep en geloof as gevolg van druk vanuit die omgewing (gewoonlik die ouers).
- **Status 3: Identiteitsmoratorium.** Adolessente het reeds heelwat krisisse ervaar, maar hulle nog nie verbind aan sekere keuses nie.
- **Status 4: Identiteitsbereiking.** Adolessente wat hierdie identiteitstatus bereik het, het krisisse ervaar en opgelos. Hulle het hulle ook redelik permanent aan sekere keuses ten opsigte van 'n beroep en geloof verbind.

Die vier identiteitstatusse kan gesien word as in ontwikkelingsvolgorde, maar anders as Erikson se beskrywing van die verskillende ontwikkelingstadia, is een status nie noodwendig 'n voorvereiste vir die volgende status nie. Slegs die moratoriumstatus is 'n voorvereiste vir identiteitsbereiking aangesien laasgenoemde 'n periode van ondersoek en eksperimentering noodsaak (Muuss, 1975). Hierbenewens kan die individu ook wanneer hy na 'n hoër status beweeg kenmerke van die ander statusse toon. Hy kan hom byvoorbeeld reeds verbind het aan 'n beroepskeuse, maar steeds besig wees om 'n persoonlike waardestelsel te ontwikkel.

3.5 EMPIRIESE STUDIES OOR IDENTITEITSVORMING EN VERBANDHOUDENDE FAKTORE

Uit navorsing het dit geblyk dat identiteitsontwikkeling tydens adolessensie deur verskillende faktore beïnvloed word. In die volgende bespreking gaan die navorsingsbevindings met betrekking tot die verband tussen die vlak van identiteitsontwikkeling en die kulturele milieu asook sosio-ekonomiese status van die adolessent, die geslag van die individu, die tipe ouerbebeer, die aard van die ouer-adolessentverhouding en die aard van vriendskapsverhoudings met portuurs bespreek word.

3.5.1 Die verband tussen identiteitsontwikkeling en kultuur asook sosio-ekonomiese status

Die longitudinale studie (1962 tot 1967) van Hauser (1972) het getoon dat die patroon van identiteitsvorming van swart en blanke Amerikaanse adolessente seuns uit die laer sosio-ekonomiese klas verskil. Die swart seuns se selfsienings het grootliks onveranderd gebly vanaf die begin tot die einde van hul boërskooljare. Die blanke seuns se patroon van identiteitsontwikkeling is hierteenoor gekenmerk deur veranderinge in die selfsienings wat toenemend gestabiliseer het en geïntegreer is.

Die patroon van identiteitsvorming van die swart seuns het ook grootliks ooreengekom met identiteitsvooruitbeslissing, terwyl die blanke seuns progressiewe identiteitsontwikkeling en integrasie getoon het. Die omstandighede wat moontlik tot die identiteitsvooruitbeslissingstatus van die swart seuns gelei het, is volgens Hauser die volgende: Daar was heelwat beperkings in die lewensomstandigbede van die swart seuns soos

rasse-beperkings ten opsigte van deeltydse werk, ontspanningsfasiliteite en behuising; beperkte en onaantreklike werkgeleenthede; en min rolmodelle wat geëer kon word. Die sosiale verband waarbinne die swart adolessente uit die laer klas hul identiteite moes vorm, beskryf Hauser soos volg: "To be living poor and black in 1968 means severe restrictions in the most basic conditions, particularly focused in the areas of family income, education of parents, occupations of family heads, family housing, and health care" (p. 125).

'n Verdere rede vir die vorming van 'n vooruitbesliste identiteit by swart adolessente kan ook moontlik geleë wees in die individu se ontwikkelingsgeskiedenis. Volgens Erikson (1968) se epigenetiese model dra elke ontwikkelingstadium by tot die ontwikkeling van 'n identiteit. Dit kan wees dat die rolmodelle waarmee die kind moes identifiseer deur hom as ongeskik ervaar is en hy dus beperk was ten opsigte van identifikasies wat later in die identiteit vervat kon word. Hy kon ook oor min geleenthede beskik het om inisiatief te ontwikkel of te toon (Hauser, 1972).

In aansluiting by die bevindings van Hauser het Hunt (1973) ook gevind dat blanke seuns se identiteitstruktuur meer geïntegreerd en duideliker gevorm was as dié van Neger seuns. Hy het ook vir sosiale klas gekontroleer en gevind dat kultuurverskille ten opsigte van identiteitsvorming steeds veral tussen ouer adolessente seuns voorgekom het.

Hunt het verder gevind dat swart seuns hul persoonlike identiteit sodanig vorm dat dit hou by konvensionele waardes. Hulle weerhou hulle ook daarvan om hulself aan sekere sake te verbind of aan sekare optredes toe te wy uit vrees dat hulle moontlik swak sal vertoon. Hierdie tipe hanteringstrategie kan moontlik prestasie wat volgehoue toewyding vereis, kortwiek. Die identiteitstruktuur wat by blanke seuns aangetref word, kan hulle dus in 'n groter mate as swart adolessente seuns in staat stel om te presteer.

3.5.2 Geslagsverskille met betrekking tot identiteitsvorming

- Probleme rondom die meting van geslagsverskille

Navorsing oor geslagsverskille met betrekking tot identiteitsvorming soos die van Adams en Fitch (1981), Adams en Shee (1979), Archer (1982), Enright et al.

(1980) en La Voie (1976) kon geen geslagverskille aantoon nie, terwyl Douvan en Adelson (1966) en Garbers, Wiid, Myburgh, Van Biljon en Fourie (1983) gevind het dat adolessente seuns se identiteite in 'n groter mate as die van meisies gevorm was. Die bevindings van al hierdie studies kan egter nie sonder meer aanvaar word nie aangesien dit blyk dat die meting van geslagsverskille ten opsigte van identiteitsvorming komplekser is wat aanvanklik gemeen is.

Die meeste metings van identiteit is opgestel met manlike proefpersone in gedagte en maak nie vooraiening vir moontlike verskille ten opsigte van die vroulike identiteit nie. Marcia en Friedman (1970) het na aanleiding hiervan die oorspronklike meting van identiteitstatusse wat ook boofsaaklik vir manlike persone in hul laat adolessensie ontwikkel en geverifieer is, uitgebrei sodat die kriteria meer toepaslik vir vroulike studente kan wees. In die onderhoudskedule wat as meetinstrument gebruik is, is vrae met betrekking tot houdings teenoor voorhuwelikse seksuele omgang ingesluit in 'n poging om die meetinstrument meer toepaslik vir vroulike proefpersone te maak. Daar is hierop besluit omdat dit ooreenkom met Erikson (1968) se stelling dat "womanhood arrives when attractiveness and experience have succeeded in selecting what is to be admitted to the welcome of the inner space 'for keeps'" (p. 183). Die teenwoordigheid van 'n krisis het geblyk uit die mate van formulering van sekere seksuele standaarde en die verbondenheid hieraan is bepaal deur die mate waarin daar by hierdie standaarde gehou is.

Hierdie pogings om die meting na vroulike persone uit te brei, het egter heelwat teenstrydighede en dubbelsinnige resultate gelewer. Marcia (1980) wys in hierdie verband op die volgende: Vergelykings ten opsigte van identiteitstatusse wat tussen manlike en vroulike proefpersone getref word, is dikwels nie vergelykbaar nie aangesien die steekproewe verskil het, die formaat van die onderhoude vir die twee groepe verskil het (m.a.w. die meetinstrumente wat gebruik is) en die afhanklike veranderlikes wat by die twee groepe gemeet is ook verskil het.

Hierbenewens neem vergelykende studies ook nie in ag dat sowel die kwaliteit van die proses van identiteitsvorming tussen mans en vrouens as die aard van die vroulike en manlike identiteit varskil nie. Pogings om navorsing oor die

identiteitstatusse na vroulike adolessente uit te brei, het dus eerder gelei tot groter verwarring oor die identiteitsvormingsproses van die adolessente meisie. Daar bestaan 'n behoefte aan 'n andersoortige benadering tot die meting van manlike en vroulike identiteitsvorming. Marcia (1980) verduidelik:

> Understanding of female development in adolescence is a far more complicated task than the understanding of male development. Female development is quieter, subtler. And because the end-points of female development are ambiquous, it is harder to identify significant markers along the way. .... Because the Eriksonian stages of identity and intimacy are probably merged for girls ... identity development proceeds at a deeper and less tangible level. (pp. 178-179)

Marcia stel dan verder die vraag: As die identiteit van die adolessente meisie 'n meer innerlike, selfvormende struktuur is, in hoe 'n mate kan die ontwikkelingsproses van haar identiteit bepaal word deur aspekte buite die self soos die mate van verbondenheid aan 'n ideologie, beroep of seksuele standaarde? Verder moet ook in gedagte gehou word dat indien die vrou se identiteitsontwikkeling verband hou met die ontwikkeling van intimiteit, dit haar identiteitsvormingsproses kan verleng.

Ten opsigte van vroulike identiteitsvorming wys Adams (1980) verder daarop dat daar in die Westerse kultuur druk op die adolessente seun geplaas word om 'n beroepsidentiteit te vorm, onafhanklike status te bereik en om die voortou in seksuele verhoudings te neem. Hy moet dus sy toekoms vroegtydig beplan en doelgerig wees. Dieselfde situasie geld egter nie vir die adolessente meisie nie. Haar identiteit en toekoms hang in 'n groter mate af van die man met wie sy in die huwelik gaan tree. Haar identiteit en siening van haar toekoms kan gevolglik vir 'n langer periode onseker wees (Douvan & Adelson, 1966).

Namate vrouens egter toenemend tot die beroepswêreld toetree, sal hulle net soos mans hul identiteit in 'n groter mate met betrekking tot hulself as individue kan vorm. Dit kan daartoe bydrae dat die neiging om te aanvaar dat die huwelik en moederskap bul identiteit definieer, dan afneem. Peterson (1984) het ook gevind dat vroulike studente in 'n betekenisvol groter mate as

mansstudente reeds identiteitsbereikingstatus bereik het. Navorsing oor hierdie aangeleentheid is egter nog beperk en te oppervlakkig om uitsluitsel oor die saak te kan gee.

'n Ander rede vir die probleme wat ervaar word in navorsing oor vroulike identiteitsvorming kan geleë wees in die aard van Erikson se teorie aangesien sy teorie meer gerig is op manlike identiteitsvorming (Adams, 1980; Hummel & Roselli, 1983; Marcia, 1980). Hy grond byvoorbeeld van sy teoretiese aannames op sy bestudering van manlike persone soos Luther, Gandhi, George Bernard Shaw en William James.

Alhoewel Erikson (1968) in sy hoofstuk *Womanhood and the inner space* in *Identity: Youth and crisis* belangrike teoretiese insigte oor die vroulike identiteit uiteensit, is hierdie begrippe volgens Marcia (1980) nie geïntegreer met sy teorie oor identiteitsontwikkeling nie. Dit is ook nog nie geïnkorporeer in navorsing oor die identiteitsontwikkeling van die vrou nie. Aangeleenthede met betrekking tot die vroulike identiteit is dus nog baie spekulatief en die veld lê braak vir teoretisering en empiriese navorsing.

- Empiriese studies oor manlike en vroulike identiteitsontwikkeling

Ondanks die probleme rondom die meting van geslagsverskille met betrekking tot identiteitsvorming het dit wel uit verskeie navorsingsbevindings geblyk dat
- die aard van die manlike en vroulike identiteit en die patroon van die identiteitsvormingsproses vir adolessente seuns en meisies moontlik verskil;
- die sake wat belangrik is vir die formulering van 'n identiteit vir die twee geslagte verskil.

Wat geslagsverskille ten opsigte van die patroon van identiteitsvorming betref, het Marcia (1980) die volgende verskille in die patroon van identiteitstatusse van manlike en vroulike persone aangetoon. Die patroon van statusgroepering vir manlike persone was identiteitshereiking plus identiteitsmoratorium versus identiteitsvooruitbeslissing plus identiteitsverwarring. Vir die vroulike persone was dit identiteitshereiking plus identiteitsvooruitbeslissing versus identiteitsmoratorium plus identiteitsverwarring.

Dit blyk dus dat stabiliteit ten opsigte van 'n identiteit moontlik vir vroulike persone belangrik is want die twee statusse, identiteitsbereiking en -vooruitbeslissing is albei redelike stabiele statusse en word beskou as bevordelik vir aanpassing. Albei hierdie groepe het 'n identiteit. Hierteenoor is die identiteitsmoratoriumstatus wat by die manlike persone saam met identiteitsbereiking gegroepeer word 'n onstabiele status.

'n Moontlike rede vir hierdie bevindings kan die invloed van sosiala verwagtings wees. Vrouens word gesien as die draers van kultuur wat die aanvaarding van 'n vooruithesliste identiteitstatus bevorder. Dit sal dus deur die kultuur bepaal word of vrouens 'n vooruitbesliste of moratoriumstatus sal aanvaar. In laasgenoemde geval sal die kultuur nie net manlike persone nie, maar ook moontlik vroulike persone motiveer om alternatiewe naas kulturele voorskrifte te ondersoek.

Marcia wys verder daarop dat in gevalle waar die moratorium- en vooruitbesliste statusse dieselfde mate van sosiale steun geniet, vroulike persone in die moratoriumstatus hoër sal meet met betrekking tot egosterkte aangesien vrouens nie net hul identiteit rondom tradisionele voorskrifte vorm nie, maar die sterkte toon om meer as bierdie voorskrifte te ondersoek en wyer te ontwikkel.

Archer (1982) postuleer dat die vroulike persoon 'n intieme verbouding moet sluit alvorens sy 'n sterk identiteit kan vestig aangesien 'n deel van haar identiteit rondom die biologiese en psigologiese toewyding aan en die versorging van ander gevorm word. Hierdie dimensie van identiteitsvorming geld moontlik nie vir mans nie en daar kan dus verwag word dat dit nie hul identiteitsvormingsproses sal vertraag soos by vrouens nie.

Ter ondersteuning van hierdie siening het Waterman (1982) in sy navorsing met laatadolessente gevind dal albei geslagte dieselfde vlak van identiteitsontwikkeling bereik het. Hy skryf dit daaraan toe dat vroulike persone in hul laatadolessensie moontlik reeds intimiteit by hul identiteit geïntegreer het. Archer (1982) het egter 'n soortgelyke ondersoek met jonger persone in bul middeladolessensie uitgevoer en kon geen geslagsverskille ten opsigte van die mate van identiteitsvorming vind nie. Sy hipotesa oor die rol van intimiteit met betrekking tot die identiteitsvormingsproses van vroulike persone is dus nie bevestig nie.

Met betrekking tot die sake waarvolgens die adolessent sy identiteit vorm, word die volgende geslagsverskille aangetoon. Vir die manlike adolessent lê die oplossing van die identiteitskrisis in die bereiking van onafhanklikheid sodat hy homself sosiaal en seksueel kan definieer en sy persoonlike doelwitte kan bereik. Die formulering van sy identiteit berus dus op die vorming van 'n beroepsidentiteit, die uitvoering van doelgerigte aktiwiteite, individuele bevoegdheid en ideologiese keuses (Bernard, 1981; Constantinople, 1969; Dellas & Gaier, 1975; La Voie, 1976; Marcia, 1980; Newman & Newman 1979; Schenkel & Marcia, 1972).

Hierteenoor berus die formulering van die vroulike persoon se identiteit op die vermoë om interpersoonlike verhoudings te ontwikkel wat uiteindelik sal uitloop op die vestiging van 'n heteroseksuele intieme verhouding met haar eggenoot. Haar identiteitsontwikkeling hou dus meer verband met die ontwikkeling van affiliasie behoeftes. Hierdie verskille ten opsigte van die identiteitsvormingsproses van adolessente seuns en meisies bevestig dus die tradisionele geslagsrolstereotipes.

As gevolg van die Vrouebeweging wat tot die afname van geslagsrolstereotipes gelei het, kan daar agter verwag word dat geslagsverskille met betrekking tot identiteitsontwikkeling sal afneem. Orlofsky (aangehaal in Bernard, 1981) het gevind dat hoë vlakke van manlikheid en vroulikheid ('n androgene oriëntasie) identiteitsbereiking by albei geslagte bevorder. Hierteenoor hou 'n ongedifferensieerde oriëntasie (lae vlakke van sowel manlike as vroulike kenmerke) met identiteitsverwarring verband.

Verder is ook aangetoon dat tradisioneel manlike kenmerke soos outonomie, onafhanklikheid en selfgelding belangriker as tradisioneel vroulike kenmerke soos begrip en warmte vir identiteitsvorming is. Dit bet egter ook geblyk dat sowel vroulike as manlike persone hierdie kenmerke ongeag die tradisionele siening daarvan, deel van hulle gedragsrepertoires gemaak het. Volgens Bourne (1978a) is verdere navorsing egter nodig om die invloed van die Vroueheweging op die vroulike identiteitsontwikkeling in meer besonderhede na te gaan.

Dellas en Gaier (1975) wys op die volgende alternatiewe ten opsigte van die identiteitsvorming van die adolessente maisie:

- Tradisionele rol. Die adolessente meisie kan 'n identiteit binne die raamwerk van die tradisionele vroulike rol volgens die norme in baar kultuur vorm. Gewoonlik word haar identiteit dan rondom 'n toekomstige huwelik, man, huis en gesin gevorm. So 'n identiteitspatroon word meestal gekenmerk deur tipies vroulike kenmerke soos afhanklikheid, versorging, passiwiteit, sensitiwiteit en onderworpenheid. Belangrike motiverings en doelwitte is interpersoonlike vaardigheid in verhoudings en om sensitief vir ander persone se behoeftes te wees. Die tradisionele vroulike rol word dus aanvaar en vervul.

- Prestasie en rolsukses. Vroulike identiteitsvorming is hier gerig op die benutting van haar potensiaal. Die ontwikkeling van die self geniet dus voorkeur. Haar gevoel van eie waarde verhoog wanneer sukses op 'n professionele gebied behaal word aangesien sy haar toewy aan professionele of beroepsdoelwitte. Sodanige identiteit word gekenmerk deur die aanvaarding van tradisioneel manlike kenmerke soos onafhanklikheid, aktiwiteit, aggressie en 'n behoefte om te presteer. Die huwelik word nie uitgesluit nie, maar dikwels uitgestel tot na haar vestiging in 'n beroep.

  Hierdie vroulike identiteit word deur die volgende kulturele toestande gesteun: Die groeiende bewustheid van die vrou as mens in eie reg; die toenemende bewustheid dat die vooruitgang van die samelewing en die oplossing van probleme kan baat by die energie, insigte en vermoëns van die vrou; die toenemende bekommernis oor die bevolkingsontploffing wat daartoe bygedra het dat die vrou aangemoedig word om ook ander rolle te vervul as slegs haar natuurlik rol om kinders in die wêreld te bring.

- Bimodale seksuele identiteit. Hiervolgens vorm die adolessente meisie haar identiteit rondom haar tradisionele rol as vrou en deur haarself as persoon te ontwikkel en te vervul. Sowel sukses ten opsigte van die vestiging van interpersoonlike verhoudings en sensitiwiteit vir ander se behoeftes as professionele prestasie is belangrik. Haar identiteit word dus gekenmerk deur 'n samevoeging van manlike en vroulike kenmerke.

  Kulturele steun vir die himodale seksuele identiteit kan gesien word in die hedendaagse neiging om geslagsrolle of geslagsrolgedrag vaer te definieer en die aanvaarding van androgeniteit. Verder word die vorming van 'n

bimodale identiteit gesteun deur die veranderde houding teenoor kinderopvoeding wat voortspruit uit bewyse dat bevoegde ouerlike surrogate die kind se dagsorg effektief kan oorneem, terwyl die moeder haar beroepsverpligtinge nakom.

3.5.3 Die invloed van ouers op identiteitsvorming

Uit Erikson (1963, 1968) se teorie blyk dit duidelik dat identiteitsontwikkeling deur die interaksie en wedersydse erkenning binne interpersoonlike verhoudings, veral die met die ouers beïnvloed word. 'n Aantal navorsers het dus die verband tussen die tipe ouerbeheer asook die aard van die ouer-kindverhouding en identiteitsvorming tydens adolessensie ondersoek om die invloed van die ouers vas te stel.

3.5.3.1 Die verband tussen identiteitsontwikkeling en die tipe ouerbeheer

Volgens Grotevant (1983) het die adolessent 'n behoefte daaraan dat sy verhouding met sy ouers moet verander na 'n maer tydgenootlike of maatsverhouding. Binne die verhouding wil die adoleseent hom ook meer laat geld en wil hy groter seggenskap hê. Adams en Jones (1983) het in hierdie verband gevind dat 'n gevorderde vlak van identiteitsbereiking verband hou met ouers wat outonomie by hul adolessente kinders (15-18 jaar) aanmoedig.

Uit La Voie (1976) se navorsing het dit ook geblyk dat adolessente seuns met 'n sterk identiteitsgevoel minder onderhewig aan ouerlike beheer was en meer ouerlike lof as die ander seuns ontvang het. Adolessente dogters met 'n sterk identiteitsgevoel was ook minder deur die ouers beperk en het 'n groter mate van vrymoedigheid gehad om hul probleme met hul ouers te bespreek. Volgens Newman en Newman (1979) word adolessente met 'n sterk identiteitsgevoel ook toegelaat om deel te neem aan die gesin se besluitnemingsproses.

Die invloed van outokratiese, demokratiese en permissiewe ouerlike opvoedingstyle op die identiteitsvorming van die adolessent is deur Enright et al. (1980) ondersoek. Ouers wat outokraties optree laat die adolessent nie toe om sy mening te lug oor sake wat hom aangaan nie of om self besluite te neem nie. Die demokratiese ouer laat die adolessent toe en moedig hom aan om sy mening te lug en sake met hulle te bespreek. Die uiteindelike

verantwoordelikheid vir die besluite wat geneem word, is egter die van die ouers. Die ouers wat permissief optree laat die besluitneming aan die adolessent oor en speel self feitlik geen rol nie. Enright en sy medewerkers het dan ook gevind dat identiteitsbereiking met die demokratiese opvoedingstyl van die vader verband hou. Hierdie verband is ook by sowel adolessente seuns as meisies aangetoon. Sodanige verband kon egter nie ten opsigte van die moeder vasgestel word nie.

Uit die navorsing van Adams (1985) en Douvan en Adelson (1966) het dit verder geblyk dat gevorderde identiteitsvorming verband hou met ouers wat warm, betrokke, emosioneel ondersteunend en konsekwent in hul optrede en toepassing van reëls is. Hierteenoor ervaar adolessente wat deur identiteitsverwarring en -vooruitbeslissing gekenmerk word hul ouers as verwerpend en beherend. Adolessente wat veral deur identiteitsverwarring gekenmerk word, het hul ouers nie net as verwerpend ervaar nie, maar ook as afsydig en sonder begrip (Marcia, 1980). Die ouers van adolessente wat dus 'n groter mate van onsekerheid ten opsigte van hul identiteit getoon het, kan gevolglik as baie streng of as uitermate permissief beskryf word.

3.5.3.2 Die verband tussen identiteitsvorming en die aard van die ouer-adolessentverhouding

Die ouer-adolessentverbouding van die adolessent wat identiteitsverwarring ervaar, word meestal deur probleme en verwydering gekenmerk. Howard en Kubis (1964) het ter ondersteuning van hierdie siening gevind dat identiteits-ontwikkeling negatief beïnvloed word wanneer die moeder-dogterverhouding tydens laat adolessensie (17-20 jaar) deur probleme gekenmerk word. Uit Dignan (1965) se navorsingsresultate het dit verder geblyk dat wanneer vroulike studente nie emosioneel na aan hul moeder voel nie, hulle laag meet ten opsigte van hul vlak van identiteitsontwikkeling. Namate 'n gevoel van nabyheid teenoor die moeder egter toeneem, het die identiteitstellings van die proefpersone ook toegeneem. Marcia (1980) het ook gevind dat vroulike laatadolessente wat in die identiteitsverwarringstatus verkeer baie verwyderd van hul moeders voel.

Laatadolessente meisies wat identiteitsverwarring toon, meld verder dat hulle moeders redelik onbetrokke en nie baie kindgesentreerd is nie. Hul vaders onttrek hulle in 'n geringer mate uit die ouer-kindverhouding as hul moeders (Marcia, 1980).

Volgens Donovan (1975) se navorsing ervaar studente in die identiteits-verwarringstatus heelwat ambivalente gevoelens teenoor hul ouers. Hulle toon ook gevoelens van woede teenoor hul vaders. Alhoewel hulle tydens hul verblyf by die ouers met teleurstelling en onbegrip ervaar het, toon hulle min inisiatief om uit die ouerhuis weg te gaan. Hierteenoor het die studente in die identiteitsbereikingstatus reeds volle onafhanklikheid bereik.

Persone wat identiteitsverwarring openbaar, word meer deur hul portuurs as deur gesagsfigure soos die ouers beïnvloed (Bourne, 1978b). Hul verhoudings met dieselfde en teenoorgestelde geslag toon ook min intimiteit. In die algemeen kom betekenisvolle verhoudings dus min voor.

Volgens Conger en Petersen (1984) en die bevindings van Bourne (1978a, 1978b), Marcia (1966, 1976) en Marcia en Friedman (1970) is adolessente in die identiteitsvooruitbeslissingstatus meer geneig om respek vir gesag te toon en om te konformeer as adolessente in die identiteitsmoratorium- en identiteits-bereikingstatusse. Hulle is ook minder outonoom as hierdie adolessente. Verder stel hulle meer belang in tradisionele waardes, is minder nadenkend, minder angstig, meer gestereotipeerd en oppervlakkig. Hul interpersoonlike verhoudings word ook gekenmerk deur minder intimiteit en nabybeid (Orlofsky, Marcia & Lesser, 1973; St Clair & Day, 1979).

Adolessente wat deur identiteitsvooruitbeslissing gekenmerk word, aanvaar gewoonlik die ouers se geloof en die beroep wat die ouers vir hulle kies (Bourne, 1978a; Marcia, 1967; Rice, 1984). In aansluiting hierby het Donovan (1975) gevind dat studente in die identiteitsvooruitbeslissingstatus in 'n groot mate positiewe identifikasie met hul ouers behou, terwyl studente in die identiteitsmoratoriumgroep meer onafhanklik van hul ouers is.

Verder word adolessente wat deur identiteitsvooruitbeslissing gekenmerk word se verhoudings met hul ouers gekenmerk deur 'n sterk gevoel van nabyheid en

gehegtheid, veral ten opsigte van die vader-seunverhouding (Bourne, 1978a, 1978b; Conger & Petersen, 1984). Hul ouers is ook gewoonlik beskermend, liefdevol en kindgesentreerd.

Marcia (1980) wys daarop dat vroulike laatadolessente in die identiteits-vooruitbeslissingstatus nie baie bewus is van verskille tussen hulle en hul moeders nie. Hulle kritiseer ook nie hul moeders maklik nie. Hulle sien hul vaders as aanvaardend, kindgesentreerd en positief betrokke.

Uit Grotevant (1983) se navorsing het dit geblyk dat 'n oop verhouding met die vader die adolessent se identiteitsontwikkeling bevorder. In hierdie verhouding het die adolessent die geleentheid om van die ouers te verskil en die verskille te ondersoek. Hy geniet dus ondersteuning, kohesie en aanvaarding en kry geleentheid vir die uitdrukking van sy individualiteit. Hierbenewens is ook gevind dat baie hoë vlakke van ouerlike aanvaarding die adolessent se ondersoekproses kan inhibeer en identiteitsvooruitbeslissing kan bevorder. Ouerlike verwerping of onbetrokkenheid het weer identiteits-verwarring in die hand gewerk. 'n Gemiddelde mate van ouerlike betrokkenheid het die positiefste verband met identiteitsontwikkeling getoon.

Adolessente in die identiteitsmoratoriumstatus se verhoudings met hul ouers word dikwels gekenmerk deur skuldgevoelens asook ambivalente gevoelens ten opsigte van haat en liefde aangesien hulle na onafhanklikheid en vryheid strewe, maar tog ook ouerlike afkeuring vrees (Bourne, 1978b; Marcia, 1980). Hulle toon ook die grootste mate van konflik met gesag wat moontlik daarop dui dat hulle besig is om hulself van hul ouers los te maak.

Laatadolessente meisies in die moratoriumstatus sien hulself verder as baie verskillend van hul moeders. Hulle kritiseer hul moeders ook die meeste van al die groepe (Marcia, 1980). Wanneer hulle egter hul identiteit begin bereik, sluit hulle weer hul bande met hul moeders al bly hulle bewus van die verskille tussen hulle. Adolessente meisies in albei hierdie identiteit-statusse (moratorium en identiteitsbereiking) is egter sekerder van hul moeders se affeksie as diegene in die vooruitbesliste en verwarringstatusse.

Die ontwikkeling van 'n sterk identiteitsgevoel sal bevorder word deur belonende interaksie met albei ouers (Mussen, Conger, Kagan & Geiwitz, 1979). In die verband het Douvan en Adelson (1966) dan ook gevind dat gevorderde identiteitsontwikkeling by vroulike adolessente verhand hou met 'n warm en positiewe verhouding tussen die adolessent en albei ouers. Volgens Marcia (1980) het dit egter uit verdere navorsing geblyk dat die adolessente meisie se verhouding met haar moeder wel belangriker vir haar identiteitsontwikkeling is as haar verhouding met haar vader. Vroulike studente met identiteits-bereikingstatus het ook gevoel dat hulle nie deur hul vaders aanvaar word nie. Benewens die goeie verhouding met hul moeders het hulle hul moeders ook ervaar as nie baie besitlik nie.

Volgens Bourne (1978a), Marcia (1976) en Orlofsky et al. (1973) toon adolessente met 'n sterk identiteitsgevoel die mees gebalanseerde verhoudings met en sienings van hul ouers van al die groepe. Hulle toon ook die grootste mate van onafhanklikheid.

Die resultate van die voorafgaande studies moet egter in die lig van die volgende kriteria geïnterpreteer word: Die data in die meeste van hierdie studies is gebaseer op retrospeksie of die waargenome ouerlike gedrag of hoe die adolessent die ouer-kindverhouding ervaar. Dit kan moontlik subjektief en nie baie akkuraat wees nie (Adams & Jones, 1983; Grotevant, 1983).

Dit is ook nie duidelik of die ouerlike styl en die aard van die verhouding die adolessent se identiteitsontwikkeling beïnvloed het nie en of die identiteitstatus waarin die adolessent verkeer sy siening van die ouer en die dinamika in die ouer-kindverhouding beïnvloed het nie. Hierdie studies is ook nie longitudinale studies nie en kan slegs 'n weergawe van die ouer-adolessentverhouding op daardie spesifieke tydstip wees. Die dinamika binne die verhouding word nie weergegee nie en die verkeerde aanname kan gemaak word dat die situasie wat op daardie tydstip ondersoek is, kontinu is of vir die hele adolessente stadium geld. Longitudinale navorsing sal dus verkiesliker wees.

Verdere kritiek teen die navorsing wat die korrelate van die adolessent se identiteitstatus ondersoek, is volgens Grotevant dat identiteitstatus nie 'n

stabiele kenmerk is nie. Volgens Marcia (1976) en Waterman (1982) kan die adolessent deur verskillende identiteitstatusse tydens die identiteits-ontwikkelingsproses gaan. Grotevant (1983) kom dus tot die slotsom dat "the relation between the correlated variable under study and identity status depends in parts on when the 'snapshot' of the adolescent was taken" (p. 232).

3.5.4 Die invloed van portuurs en vriendskap op identiteitsvorming

In 'n tydperk wanneer 'n persoon se gevoel van identiteit baie vloeibaar is, help portuurs die adolessent om sy identiteit te definieer deur sekere riglyne vir gedrag daar te stel en deur ondersteuning en kommunikasie te bied (Rogers, 1985). Adams et al. (1985) het ook gevind dat studente wie se identiteite nog in die beginstadium van ontwikkeling was, meer vatbaar vir portuurinvloede was en geredeliker toegegee het aan die eise van portuurs as studente wat reeds sterk identiteite ontwikkel het. Erikson (1959) verduidelik ook in sy teorie dat portuurverhoudings in 'n groot mate gerig is op die definiëring van die adolessent se identiteit. Tydens gesprekke in die verhouding projekteer die adolessent sy verwarde selfbeeld en deur die refleksie daarvan (m.a.w. hoe die ander persoon daarop reageer) kry hy terugvoering oor sy kenmerke.

Binne hierdie portuurverhoudings beklee vriendskap egter 'n spesiale plek. Vriendskappe is gewoonlik intiemer, behels intenser gevoelens, is meer eerlik en oop en vereis nie in dieselfde mate as in algemene portuurverhoudings selfbewuste pogings om sekere rolle te speel ten einde sosiaal aanvaar te word en populêr te wees nie. Die adolessente vriendskap bied dus 'n klimaat vir innerlike groei en die ontwikkeling van selfkennis wat identiteitsontwikkeling bevorder (Conger & Petersen, 1984).

Deur hulle ervarings en gevoelens te deel of soos Conger en Petersen dit stel "by explaining themselves to each other" (p. 338) ontwikkel die adolessent insig in en begrip vir homself. Wanneer 'n vriend verstaan en die adolessent en sy waardes aanvaar, verhoog dit die adolessent se selfvertroue en waardebesef wat identiteitsontwikkeling verder bevorder.

Ongelukkig is sommige vriendskapsverhoudings nie altyd bevorderlik vir identiteitsvorming nie. As die adolessent te bewus is van homself kan hy in so 'n groot mate sensitief vir verwerping wees dat hy vriendskapsbande nie in

stand kan hou nie en voel dat sy vriendskapsverhoudings faal. Anders kan hy weer onsensitief vir ander se behoeftes wees en nie daarin slaag om vriendskapsbande op te bou nie. Verder kan projeksie die interaksie tussen vriende domineer wat kan veroorsaak dat die een vriend die ander een as oorheersend en bedreigend sien. Sodanige kenmerke van 'n vriendskapsverhouding of mislukte pogings om 'n vriendskapsverhouding op te bou, kan bydrae tot identiteitsverwarring, vermindering van selfvertroue en 'n verlaging van die adolessent se waardebesef.

4. BEROEPSIDENTITEITSVORMING: TEORIEË EN EMPIRIESE STUDIES

Aangesien die mate van bewustheid en sekerbeid ten opsigte van 'n beroepskeuse as 'n komponent van die adolessent se totale identiteit ondersoek gaan word en die teoretiese basis vir identiteitsvorming op Erikson se teorie berus, sal die begrip beroepsidentiteit in hierdie navorsing gebruik word. Dit het egter geblyk dat hierdie begrip min voorkom in die literatuur oor die ontwikkeling van 'n beroepskeuse tydens adolessensie. Begrippe soos beroepskeuse, beroepsontwikkeling, beroepsrypheid en beroepsidentiteit word afwisselend gebruik.

Uit die omskrywing van die begrip beroepsidentiteit (kyk 2.4.3) blyk dit dat die adolessent se beroepskeuse 'n belangrike deel van sy beroepsidentiteit is. Die begrip beroepsontwikkeling verwys weer na die ontwikkelingsproses wat plaasvind alvorens die adolessent sy beroepsidentiteit kan vestig. Verder verwys beroepsrypbeid na die mate van rypheid wat die adolessent bereik het ten opsigte van die vorming van sy beroepsidentiteit.

Op grond van die noue verband tussen hierdie begrippe is besluit om die literatuur wat handel oor die adolessent se beroepskeuse, beroepsontwikkeling, beroepsrypheid en beroepsidentiteit na te gaan en as teoretiese en empiriese agtergrond vir hierdie navorsing te gebruik. Hierdie gegewens sal ook dien as rasionaal vir die hipoteses wat ondersoek gaan word.

4.1 PSIGOLOGIESE BELANG VAN DIE VORMING VAN 'N BEROEPSIDENTITEIT

Volgens Rice (1984) is dit vir die individu belangrik om 'n beroepsidentiteit te ontwikkel en 'n beroepskeuse te maak omdat die meeste persone hul emosionele behoeftes aan erkenning, lof, aanvaarding, goedkeuring en onafbanklikheid wil bevredig. Deur 'n beroepsidentiteit te vestig, word die moontlikheid geskep vir die bevrediging van hierdie behoeftes. Rice meen:

> Through identifying with a particular vocation, they find selfhood, self-realization, and self-fulfillment. To tbe extent that they succeed in their own and others' eyes, they gain self-satisfaction and recognition. In their search for identity and self-satisfaction they are strongly motivated to make a vocational choice that will contribute to their fulfillment. (p. 527)

Deur middel van 'n beroep kan die adolessent sy lewensdoelwitte tydens volwassenheid realiseer. 'n Beroepskeuse beteken dus nie net om 'n verdienste te hê nie, maar ook wat die individu met sy lewe gaan doen. Sekere adolessente sal sonder nadenke 'n beroep kies wat finansieel voordelig is of slegs omdat die beroep op daardie oomblik beskikbaar was. So 'n beroepskeuse vloei nie voort uit 'n goed ontwikkelde beroepsidentiteit nie en vervul ook nie altyd die individu se psigologiese behoeftes nie. So 'n keuse kan later tot ongelukkigheid, wanaanpassing en tot 'n gevoel lei dat hy sy vryheid en lewe vir twyfelagtige voordele opgeoffer het. Dit is dus nodig dat die individu 'n bewustheid sal ontwikkel of kennis sal dra van sy doelwitte, persoonlike kenmerke, vermoëns, vaardighede, belangstellings en geleenthede en dit kombineer met 'n betekenisvolle en belonende beroep. 'n Beroepsidentiteit moet dus as deel van sy identiteit gevorm word. Die onvermoë om 'n beroepsidentiteit te vorm, weerspieël ook die individu se onvermoë om sy eie identiteit te ontdek.

4.2 DIE INVLOED VAN SOSIALE VERANDERINGE OP DIE ONTWIKKELING VAN 'N BEROEPSIDENTITEIT

Adolessente in die vroeëre relatief onontwikkelde en tradisionele samelewings het gewoonlik min of geen probleme met betrekking tot die vorming van 'n beroepsidentiteit ervaar nie. In die samelewings was daar gewoonlik min beroepe om van te kies aangesien die meeste mans boere of fabriekswerkers en die vrouens huisvrouens of onderwyseresse was (Borchard, 1984). Hierbenewens was jeugdiges ook vertroud met die meeste beroepe omdat hulle die persone wat die beroepe beoefen het dikwels waargeneem het of omdat hulle vanaf 'n vroeë ouderdom reeds deel gehad het aan die uitvoering van sekere take wat met die beroep verband gehou het (Conger & Petersen, 1984).

In die moderne Westerse samelewing is die vorming van 'n beroepsidentiteit egter komplekser as gevolg van tegnologiese vooruitgang en spesialisering. Die maak van 'n beroepskeuse vereis sowel 'n proses van selfondersoek as 'n deeglike ondersoek van die toenemende groot aantal beroepe. Kinders in die stede het dikwels net 'n vae idee van wat die ouers en ander volwassenes se beroepe behels. Op die platteland het die kinders egter steeds meer kontak met die beroepe wat in die gemeenskap beoefen word. Seuns in kleiner dorpe is ook meer geneig om in die voetspore van hul vaders te volg as jeugdiges in die stede.

In die algemeen het die meerderheid adolessente egter min kennis oor die tipe beroepe wat bestaan en die aard van die beroepe. In die *Dictionary of occupational titles* word byvoorbeeld 47 000 beroepe gelys wat die kompleksiteit van die maak van 'n beroepskeuse benadruk. Hierbenewens weet die adolessente nie of hulle in staat sal wees om die werk suksesvol te kan doen en of bulle die werk sal geniet of bevrediging daarin sal vind nie. Hulle weet ook nie altyd watter tipe opleiding vir 'n sekere beroep vereis word nie en wat die huidige en toekomstige eise van die beroep sal wees nie.

Werkervaring of deeltydse werk tydens adolessensie kan die persoon se kennis van beroepe bevorder en die oorgang tussen skool, universiteit of kollege en die beroepswêreld vergemaklik. Deur in aanraking met die verskillende beroepsgeleenthede te kom, kan die adolessent sy belangstelling in 'n sekere rigting stuur en sy vaardighede en vermoëns ontdek en begin ontwikkel. Dit kan ook aan die adolessent 'n gevoel van outonomie, doelgerigtheid en verantwoordelikheid verskaf wat kan bydrae om die skeiding tussen volwassenes en jeugdiges te verminder (Conger & Petersen, 1984; Forisha-Kovach, 1983; Santrock, 1983).

Deur middel van werkervaring leer ken die adolessent die eise van die volwasse wêreld van werk, kry hy geleentheid om met volwasse verantwoordelikhede kontak te maak, om met volwasse rolle te eksperimenteer en beroepservaring op te doen. Verder bied dit die geleentheid aan die adolessent om die abstraktheid van sy denke op die realiteit te fokus wat die gevoel van marginaliteit (nòg kind, nòg volwassene) verminder.

Teenoor die voorafgaande positiewe implikasies van deeltydse werk het die navorsing van Steinberg, Greenberger, Garduque, Ruggiero en Vaux (1982) egter die volgende aangetoon: Deeltydse werk bevorder persoonlike verantwoordelikheid, maar nie sosiale verantwoordelikheid nie; by meisies bevorder dit die ontwikkeling van outonomie meer as by seuns; dit lei tot 'n afname in betrokkenheid by skool- gesins- en portuuraangeleenthede; dit lei tot die ontwikkeling van 'n siniese ingesteldheid teenoor werk; en dit lei tot 'n toename in die rook van sigarette.

Hierbenewens is geleenthede vir betekenisvolle werkervaring min en is dit nie altyd prakties moontlik om te werk nie. Navorsing (Conger & Petersen, 1984;

Santrock, 1983) het getoon dat die werk wat vir skoolgaande adolessente beskikbaar is soos die in winkels, by garages en karwaslokale wel begrip vir geldsake, werkoriëntasie en onafhanklikheid bevorder, maar nie toekomstige opvoedkundige en beroepssspirasies en -beplanning aanmoedig nie.

In gevalle waar die werkure lank en die adolessent nie 'n akademies sterk leerling is nie en waar die werk spanningsvol is, kan dit bydrae tot swak skoolprestasie en gesondheid. In gunstige omstandighede kan deeltydse werk wel die adolessent se interpersoonlike interaksie bevorder. In die meeste gevalle bestaan daar egter beperkte geleenthede om van 'n suksesvolle volwasse model te leer. Werk wat gewoonlik min eise of uitdagings stel, kan ook lei tot 'n siniese ingesteldheid teenoor die intrinsieke waarde van werk.

Benewens die voorafgaande probleme word die vorming van 'n beroepsidentiteit verder gekompliseer deur die bewustheid by jeugdiges in die huidige tydsgewrig (in teenstelling met die van die 1960's) dat hulle nie so geredelik van werk verseker is nie. Tans bestaan die vraag of die arbeidsmark die groter aantal jeugdiges (vanaf 1960 tot 1980 het die aantal jeugdiges tussen 15 en 24 jaar van 12% tot 17% toegeneem) en die toenemende aantal vrouens ('n toename vanaf 1960 tot 1980 van 38% tot 52% in die VSA) in die arbeidsveld sal kan absorheer (Conger & Petersen, 1984). In die VSA is reeds 20% van alle jeugdiges en 50% swart jeugdiges werkloos.

Verdere implikasies van hierdie veranderinge in die beroepswêreld is dat swak opgeleide jeugdiges (gewoonlik jeugdiges uit die laer sosio-ekonomiese klas) al moeiliker werk sal kry. Jeugdiges wat reeds in 'n swak posisie verkeer soos benadeelde minderhede sal ook in 'n groter mate bierdeur geraak word. Werkloosheid bet byvoorbeeld stadiger toegeneem onder blanke jeugdiges in die VSA (van 12% in 1954 tot 20% in 1982) as onder swart jeugdiges (van 16,5% in 1952 tot 46% in 1982). Die moontlikheid van werkloosheid is dus nog 'n faktor wat die adolessent in gedagte moet hou tydens sy vorming van 'n beroepsidentiteit.

Dit is egter nie net die aantal werkgeleenthede wat ter sake is nie, maar ook die soort werke. As gevolg van outomatisering en tegnologiese ontwikkeling, die konsolidering van klein besighede in groter besighede en verstedeliking het die werkpatrone en die vraag na sekere vaardighede verander en raak sekere

beroepe vinnig verouderd. Die aantal werkgeleenthede vir ongeskoolde en halfgeskoolde werkers en plaasarbeiders het byvoorbeeld tussen 1972 en 1980 hale afgeneem. Werkgeleenthede vir professionele en tegniese werkers, vir werkers in dienslewerende beroepe en klerklike asook verkoopsposisies het weer toegeneem (Conger & Petersen, 1984; Santrock, 1984).

Daar is tans ook minder werkgeleenthede vir kunstenaars, musici, historici, biomediese en gedragswetenskaplikes, sosiale werkers en regeringsamptenare as wat vroeër die geval was. Finansieel lonende beroepe lê tans in velde soos besigheidsbestuur, rekenearprogrammering, sekere rigtings in die ingenieurswese, bankwese en gesondheidsprofessies. Selfs hierdie toestand van sake ken oorneg verander as gevolg van die huidige kompleksiteit van die tegnologiese samelewing. Hierdie potensiaal vir voortdurende verandering in die beroepswêreld kan dus die adolessent se pogings om 'n beroepeidentiteit te vorm bemoeilik en selfs vertraag.

Die adolessent moet sy beroepsidentiteit verder so vorm dat hy in die veranderende beroepsbehoeftes van die samelewing sal kan voorsien ten einde sy beroepsekuriteit te verseker. Jeugdiges moet dus tred hou met die vinnig veranderende arbeidsmark en kennis neem van die beroepe wat moontlik uitgedien of verouderd kan raak asook die moontlikheid van nuwe beroepe wat kan ontstaan as gevolg van tegnologiese ontwikkeling (Rogers, 1985).

Volgens Lloyd (1985) kan jeugdiges verder verwag om toenemend werk te verrig waarvoor hulle oorgekwalifiseer is. Alhoewel almal graag interessante en uitdagende werk wil verrig, is daar reeds 'n neiging in die arbeidsveld te bespeur dat individue nie werk kan kry in die velde waarvoor hulle gekwalifiseer is nie aangesien daar te veel gekwalifiseerde persone vir die aantal werkgeleenthede is. Dit is veral die geval by middel- en hoërklas jeugdiges.

Die huidige neiging tot spesialisering aeook die tegniese en wetenskaplike aard van sekere beroepe vereis dikwels 'n lang opleidingsperiode. Dit is derhalwe nodig dat die adolessent vroeg reeds 'n voorlopige beroepskeuse maak om die nodige gespesialiseerde opleiding te kan kry. Daar moet egter gewaak word teen 'n te vroeë en onbuigsame beroepskeuse aangesien beroepsmoontlikhede vinnig verander en so 'n keuse soms nie realisties is of nie die ware

behoeftes, potensiaal of belangstelling van die individu weerspieël nie. Rogers (1985) wys daarop dat ofskoon die meeste individue wel 'n redelik permanente keuse tussen 17 en 29 jaar maak, hierdie keuses dikwels ook net 'n voorlopige definisie van hul belangstellings en waardes is. In die lig hiervan bet dit nodig geword om die tipe beroep wat beoefen word as veranderlik te sien. Die individu moet dus sy beroepskeuse op so 'n wyse maak dat meer as een beroepsmoontlikheid oorweeg kan word (Liebert & Wicks-Nelson, 1981; Mussen et al., 1984).

Hierbenewens kom die edolessent verder voor die dilemma te staan dat selfs 'n redelik goed besoldigde werk nie noodwendig die versekering bied dat dit in sy behoeftes sal voorsien nie. Hy mag byvoorbeeld nie in staat wees om 'n eie huis te besit, naskoolse opleiding vir sy kinders te verseker of om finansiële voorsorg vir sy aftrede te tref nie.

Die gevolg hiervan is dat jeugdiges wat hulle aan kolleges of universiteite verder gaan bekwaam toenemend aandui dat hulle verdere opleiding nodig ag om hulle voor te berei vir 'n beroep wat groter sekuriteit inhou, om 'n outoriteit in 'n veld te wees en om finansieel beter daaraan toe te wees. Hierteenoor was die motiewe van jeugdiges vir die opleiding aan kolleges of universiteite gedurende die 1960's oorwegend selfontdekking en om 'n lewensfilosofie te ontwikkel (Conger & Petersen, 1984).

Hierdie verandering ten opsigte van doelwitte en waardes blyk ook uit die toenemende aantal hoërskool leerlinge wat finansiële beloning en toekomstige sekuriteit as belangrike kriteria vir hul keuse van 'n beroep aandui. Beroepsgeoriënteerde houdings en waardes is dus ernstiger, meer pragmaties en kompeterend. Minder nadruk word gelê op intellektuele en kreatiewe ontdekking ter wille van intellektuele en kreetiewe ontdekking.

Alhoewel hedendaagse adolessente in 'n groter mate na finansiële en beroepsekuriteit strewe, onderdruk hulle in hierdie strewe egter nie hul individualiteit en behoefte aan selfrealisering soos die jeugdiges van die 1960's nie. Die werk wat hulle wil doen, moet ook vir hulle belonend en interessant wees. Dit moet aan hulle die geleentheid bied om hulle vaardighede en vermoëns te gebruik.

Volgens Rogers (1985) bestaan daar groot ooreenkomste tussen adolessente en volwassenes se houdings en waardes ten opsigte van werk. Daar word baie waarde geheg aan die intrinsieke beloning van werk en die uitdagings wat werk stel. Die bevorderingsgeleenthede in 'n beroep, die mate van outonomie en geleenthede om 'n betekenisvolle bydrae te kan lewer word ook hoog geag deur albei groepe. Dat hierdie werketiek nog geld, blyk ook uit die wanhoop wat werklose jeugdiges ervaar.

Adolessente van die 1980's glo dus dat sowel beroepsukses as selfvervulling moontlik is. Hulle benadruk die belang daarvan om volgens Conger en Petersen (1984) die volgende aspekte in hul lewe te kombineer: "challenging work, the ability to express one's self, and free time for outside interests, as well as the money one can earn, economic security and the chance to get ahead" (p. 477). Die moontlikheid dat hulle in hierdie doelwit sal slaag, is redelik goed aangesien daar in die moderne samelewing toenemend tekens van groter buigsaamheid voorkom. Daar is meer erkenning vir die behoeftes van die individu en 'n groter verdraagsaamheid teenoor individuele voorkeure, belangstellings en lewenstyle. Daar moet egter onthou word dat ongeag hierdie houdings en waardes van werkgewers en die besigheidswêreld, die uiteindelike faktor wat bepalend sal wees of adolessente so 'n sintese van doelwitte sal kan bereik, by die toestand van die ekonomie berus.

Adolessente wat nie naskoolse opleiding ontvang of selfs hoërskool voltooi het nie, strewe net soos die adolessente in die voorafgaande bespreking na werk wat ekonomiese sekuriteit bied, wat interessant is, wat geleentheid vir selfrealisering bied en persoonlik belonend is. Die verskil tussen die twee groepe is egter daarin geleë dat swakker gekwalifiseerde of ongeskoolde persone se kans om 'n beroep te beoefen wat aan bierdie vereistes voldoen, geringer is. Hulle sal dus meer dikwels frustrasie en moedeloosheid ervaar.

4.3 TEORIEë OOR DIE ONTWIKKELING VAN 'N BEROEPSIDENTITEIT

Alhoewel die teorieë oor beroepskeuse nie ten volle empiries geverifieer is nie, bied dit beskrywings van die maak van 'n beroepskeuse as deel van die ontwikkeling van 'n beroepsidentiteit. Persoonlike en sosiale faktore wat die proses beïnvloed, word ook toegelig.

4.3.1 Holland se teorie van persoonlikheidstipes

Holland (1959) het sy teorie oor beroepskeuse gebeseer op die aanname dat wanneer die tyd aanbreek dat die individu sy beroepskeuse moet maak, hy die produk ven die interaksie is tussen dit wat hy oorgeërf het en verskillende kulturele en persoonlike faktore insluitende die invloed van portuurs, ouers, betekenisvolle volwassenes, sy sosiale kles en fisiese omgewing. Uit sy ervarings ontwikkel die individu 'n hiërargie van metodes wat hy gebruik om die take in sy omgewing te hanteer. Hierna verwys Holland as "die patroon van persoonlike oriëntasie". Die persoon sal dus 'n beroepsomgewing kies of beroepskeuse maak wat by sy oriëntasie of lewenstyl pas.

Vervolgens het hy beroepe in ses verskillende klasse van beroepsomgewings ingedeel, naamlik beroepe in 'n motoriese omgewing (bv. operateurs, arbeiders en boere); in 'n intellektuele omgewing (bv. fisici, antropoloë en cbemici); konformerende omgewing (bv. sekretaresse, klerke en boekhouers); in 'n oorredende omgewing (bv. verkoopsmans, politici en besigheidsbestuurders); en beroepe in 'n estetiese omgewing (bv. musici, kunstenaars en skrywers). Elke beroepsomgewing behels 'n sekere persoonlikheid, biologiese en kulturele kenmerke, sekere gewoontes waarvolgens take uitgevoer word, sekera vermoëns, aspirasies, waardes en selfbeelde.

Gegrond op die aanname dat sekere persoonlikheidstipes met sekere beroepe geassosieer word, het Holland (1973) ses basiese persoonlikheidstipes onderskei wat met die ses beroepsomgewings verband hou, naamlik die realistiese, ondersoekende, sosiale, konvensionele, ondernemende en kunssinnige persoonlikheidstipes.

- **Realistiese persoonlikheidstipe:** Hierdie persone toon kenmerke wat as manlik beskryf kan word soos fisieke krag, praktiese oriëntasie en min sosiale sensitiwiteit. Hulle volg beroepe soos arbeiders, konstruksiewerkers, operateurs en vragmotorbestuurders.
- **Intellektuele of ondersoekende persoonlikheidstipe:** Hierdie individue is konseptueel en teoreties georiënteer en kan beskryf word as denkers in plaas van daders. Hulle vermy dikwels interpersoonlike verhoudings. Beroepe wat met wiskunde en die wetenskap verband hou, word verkies.
- **Sosiale persoonlikheidstipe:** Hierdie persone toon kenmerke wat as vroulik beskryf kan word soos verbale vaardigheid en vaardigheid met betrekking tot interpersoonlike verhoudings. Hulle kies mensgeoriënteerde professies soos onderwys, maatskaplike werk en voorligting.

- **Konvensionele persoonlikheidstipe:** Hierdie persone vermy ongestruktureerde aktwiteite en verkies byvoorbeeld klerklike, sekretariële en administratiewe werk.
- **Ondernemende persoonlikheidstipe:** Hierdie persone gebruik hulle verbale vermoëns om as leiers op te tree, produkte te verkoop en ander individue te domineer. Hulle kies beroepe in die veld van verkope, politiek en bestuur.
- **Kunssinnige persoonlikheidstipe:** Interpersoonlike en konvensionele situasies word deur hierdie persone vermy en hulle kommunikeer met die wêreld deur middel van kunssinige uitdrukkingsvorme. Hierdie persone beoefen verskillende vorme van kuns en die letterkunde (Garbarino, 1985; Holland, 1973; Santrock, 1984).

Holland baseer sy siening van die verband tussen hierdie persoonlikheidstipes en die verskillende omgewingsmodelle op die volgende beginsels:

- Die keuse van 'n beroep is 'n uitdrukking van persoonlikheid. Belangstelling in 'n sekere beroep is dus 'n aspek van die persoonlikheid.
- Beroepsbelangstellingsvraelyste kan gesien word as persoonlikheidsvraelyste. Volgens Holland (1973) is die keuse van 'n beroep "an expressive act which reflects the person's motivation, knowledge, personality, and ability" (p. 7).
- Beroepstereotipes hou belangrike psigologiese en sosiologiese betekenisse in. Net soos 'n persoon op grond van byvoorbeeld sy handelinge, vriende en kleredrag beoordeel kan word, net so kan 'n persoon volgens sy beroepskeuse beoordeel word.
- Sekere beroepe trek persone met dieselfde agtergrond en persoonlikheid aan en vice versa.
- Aangesien persone in 'n sekere beroep dieselfde persoonlikhede het, sal hulle dieselfde op situasies en probleme reageer. Hulle skep dus 'n kenmerkende interpersoonlike omgewing.
- Beroepstevredenheid, -stabiliteit en -prestasie word bepaal deur die mate van kongruensie tussen die individu se persoonlikheid en sy werkomgewing.

Die basiese aanname van Holland se teorie, naamlik dat sekere persone beter in sekere beroepsvelde sal inpas en dat sekere persoonlikheidskenmerke, houdings en vermoëns verband hou met sekere beroepsomgewings, hou groot waarde in. Holland het egter later aangedui dat hierdie raamwerk te simplisties is aangesien die meeste persone nie in een enkele kategorie inpas nie. Die

teorie maak ook nie voorsiening vir veranderinge wat kan plaasvind ten opsigte van die individu se oriëntasie en die beroepsomgewing nie (Garbarino, 1985; Lloyd, 1985; Santrock, 1984). Dit hou ook nie verband met die ontwikkelingsbenadering ten opsigte van die proses van die maak van 'n beroepskeuse of die ontwikkeling van 'n beroepsidentiteit nie. Volgens 'n ontwikkelingsbenadering verander die individu se belangstellings, vaardighede, motiewe, aspirasies en situasies met verloop van tyd.

4.3.2 Super se teorie van selfkonsepontwikkeling

Volgens Super se teorie hou die ontwikkeling van die selfkonsep verband met die persoon se beroepskeuse. Sy basiese aanname is dat deur 'n beroep te kies die individu ook die wyse kies waarop hy sy selfkonsep gaan verwesentlik. Crites (1980) stel dit dit soos volg: "The elements of the self concept are translated into a compatible occupational role" (p. 400). Die navorsing van Kidd (1984) wat empiriese steun bied vir hierdie siening het gewoon dat die selfkonsep en beroepskonsep van 'n persoon ooreenkom.

Die maak van 'n beroepskeuse vereis dus 'n realistiese siening van die self. Die individu se prestasie, sy realiteitstoetsing in die skool en in sy spel asook sy werkervaring bevorder die ontwikkeling van 'n realistiese selfkonsep en dus ook sy beroepsoriëntasie (Lloyd, 1985). Volgens Super (Crites, 1980) kulmineer die progressiewe interaksie tussen die self en die omgewing in 'n beroepskeuse. Die beroepskeuse word dus gebaseer op 'n sintese tussen die self en die omgewing.

Ter ondersteuning van sy siening van beroepskeuse as deel van die ontwikkelingsproses, onderskei Super die volgende dimensies van rypheid:

- **Bewustheid van 'n behoefte om 'n beroep te kies.** Tydens vroeë adolessensie word die individu bewus van die samelewing se verwagting dat elke individu 'n beroepskeuse moet maak.
- **Spesifieke inligting en beplanning.** Namate die adolessent ryper word, moet beroepsinligting en planne toenemend gespesifiseer word, sodat die uiteindelike beroepskeuse op betroubare inligting oor beroepe gebaseer kan word.
- **Onafhanklike besluitneming oor 'n beroep.** Die adolessent moet toenemend onafhanklik van ander se mening word ten opsigte van die besluit oor watter beroep hy moet volg.

- **Kristallisering van kenmerke.** Namate die adolessent ryper word, sal sy beroepskeuse ook toenemend kongruent wees aan sy vermoëns, belangstellings en persoonlikheidskenmerke.
- **Wysheid van beroepskeuse.** Die persoon se beroepskeuse moet toenemend realisties wees, sodat hy verseker kan wees van 'n voltydse winsgewende betrekking (Thom, 1984).

Super onderskei dus nie stadia in die proses van beroepsontwikkeling nie, maar wel 'n toename in rypheid vanaf vroeë tot laat adolessensie. Groter rypheid word geassosieer met groter doelgerigtheid, onafhanklikheid en realisme.

Volgens Super (Lloyd, 1985; Santrock, 1984) behels die individu se beroepskeuse ook vyf ontwikkelingstake wat vanaf 14 jaar tot en met volwassenheid uitgevoer moet word, naamlik

- **kristalisering** van 'n beroepsvoorkeur wanneer die individu sy siening van homself as 'n werker moet integreer met sy selfkonsep (14-18 jaar);
- **spesifisering** van 'n beroepsvoorkeur wanneer moontlike beroepe afgebaken word en die vaardighede ontwikkel en opleiding vir hierdie beroepe verkry word (18-21 jaar);
- **implimentering** van 'n beroepsvoorkeur wanneer opleiding voltooi is en die individu die beroep begin beoefen (21-24 jaar);
- **stabilisering** wat plaasvind wanneer die individu bepaal of die beroep geskik is vir hom en hom dan vestig in die beroep (ongeveer 25 jaar);
- **konsolidering** wanneer die individu vorder in sy beroep en 'n redelike mate van sukses behaal (ongeveer 35 jaar).

4.3.3 Ginzberg se teorie van ontwikkelingsperiodes

Volgens Ginzberg is die maak van 'n beroepskeuse 'n ontwikkelingsproses wat deur verskillende periodes gekenmerk word. In sy oorspronklike teorie postuleer hy dat

- die proses van beroepskeuse vanaf ongeveer 10-11 jaar tot 21-25 jaar strek;
- die proses grootliks onomkeerbaar is (m.a.w. wanneer die adolessent 'n beroepsrigting gekies het begin hy hom reeds op skool voorberei deur sekere vakke te kies - namate hy dan in sy gekose rigting vorder, word dit al hoe moeiliker om te verander);
- die proses van beroepskeuse uiteindelik uitloop op 'n kompromie tussen die individu se behoeftes en die realiteit (Crites, 1980).

Hierdie drie aannames het Ginzberg (1972) egter later heroorweeg en aangepas. Ten opsigte van die eerste aanname meen hy dat beroepskeuse eerder as 'n lewenslange proses van besluitneming gesien moet word. Die individu poog voortdurend om sy doelwitte en opleiding vir 'n beroep te integreer met die realiteit van die wêreld van werk. Die rede hiervoor kan wees dat die individu soms na sy toetrede tot 'n beroep besef dat die beroep nie aan sy verwagtings of behoeftes voldoen nie. Benewens die invloed van die werkervaring kan veranderde omstandighede en veranderinge in die persoon self ook nuwe keuses noodsaak. Hierdie keuses gaan egter dikwels gepaard met finansiële, sosiale of persoonlike kostes (Conger & Petersen, 1984; Grinder, 1978; Lloyd, 1985).

Verder meen Ginzberg dat die opvoedkundige en beroepskeuses wat 'n persoon maak ook nie so 'n onomkeerbare effek op sy beroep het nie. Sekere opsies kan oopgelaat word om mettertyd deur middel van addisionele opleiding gerealiseer te word.

Hy wys ook daarop dat by in die plek van die term "kompromie" eerder "optimalisering" verkies. Daar word dus nie 'n kompromie tussen persoonlike voorkeure en beroepsvereistes of die realiteit getref nie, maar eerder 'n optimale balans tussen hierdie aspekte gehandhaaf.

Ginzberg onderskei die volgende drie periodes in die proses van die maak van 'n beroepskeuse:

- **Fantasieperiode.** Tydens die vroeë en middelkinderjare kies die kind 'n beroep wat aktief en opwindend is soos ruimtereisiger of brandweerman. Die beroepskeuse is dus emosioneel en gebaseer op persoonlike begeertes. Vermoëns, opleiding en beroepsgeleenthede word nie in ag geneem nie.
- **Tentatiewe periode.** Hierdie periode wat tydens vroeë en middeladolessensie voorkom, kan in vier stadia ingedeel word: 'n belangstellings-, vermoëns-, waarde en oorgangstadium. Aanvanklik word adolessente se beroepskeuses grootliks gemaak aan die band van hul belangstellings (11-12 jaar); hierna begin hulle om bul vermoëns te oorweeg ten einde te bepaal of dit toepaslik is vir die beroepe waarin hulle belangstel (13-14 jaar); aan die einde van die periode word hierdie belangstellings en vermoëns geïntegreer met 'n wyer waardestelsel wat besig is om te ontwikkel (15-16 jaar); en teen ongeveer die 17de of 18de jaar bereik adolessente die oorgangstadium na die realistiese periode.

- Realistiese periode. Omdat die keuses wat die adolessent tydens hierdie periode maak baie belangrik vir sy toekoms is, vind daar 'n heroorweging van sy motivering, behoeftes, belangstellings, vermoëns en vaardighede plaas. Die vereistes van die beroep word ook weer oorweeg en met sy behoeftes, belangstellings en vaardighede in verband gebring. Toekomstige beplanning vir opleidingsvereistes word ook gefinaliseer (Conger & Petersen, 1984; Lloyd, 1985; Rice, 1984).

Daar moet in gedagte gehou word dat al is die ontwikkeling van 'n beroepskeuse 'n onderskeibare dimensie van ontwikkeling tydens adolessensie, dit 'n interafhanklike deel van totale ontwikkeling vorm. Ginzberg (Crites, 1980) identifiseer vier egofunksies wat tydens adolessensie moet ontwikkel om die adolessent in staat te stel om 'n beroepskeuse te kan maak. Die egofunksies behels gedifferensieerde tydsperspektief, die vermoë om te kan uitstel, realiteitstoetsing en die vermoë om 'n kompromie aan te gaan. Hoe ryper die adolessent is, hoe beter sal hy in staat wees om die toekoms in ag te neem en die voor- en nadele van die verskillende beroepe te oorweeg; as hy oor die vermoë beskik om die onmiddellike bevrediging van sy behoeftes uit te stel ten gunste van langtermyn, hoër doelwitte sal hy ook 'n realistieser beroepskeuse kan maak omdat hy tyd het om te oorweeg wat hy kan en wil doen; en die vermoë om 'n kompromie aan te gaan, stel die adolessent in staat om 'n realistiese beroepskeuse te maak - deur min prys te gee, kan hy baie wen.

Volgens Rice (1984) kan Ginzberg se teorie nie sonder meer as toepaslik vir die meeste adolessente gesien word nie aangesien sy aannames gefundeer is op onderhoude wat hy met adolessente uit hoër inkomste gesinne gevoer het. Hierdie adolessente het meestal wyer keuses en meer geleenthede as dié uit die laer inkomste gesinne en hulle kan dus langer neem om 'n finale beroepskeuse te maak.

Alhoewel Ginzberg meen dat adolessente seuns en meisies met betrekking tot die fantasie en tentatiewe periodes ooreenkom, het hy hoofsaaklik adolessente seuns in sy ondersoek betrek. Volgens Rice het dit geblyk dat die oorgang na die realistiese periode wel by albei geslagte voorkom, maar dat meisies se beroepsplanne meer tentatief en buigbaar as die van seuns is. Dit is dus noodsaaklik om vir geslagsverskille te toets alvorens aanvaar kan word dat die teorie vir albei geslagte geld.

Verder is Ginzberg se beskrywing van die periodes ook te rigied en ouderdomsgebonde. Alboewel die ontwikkelingsproses in die algemeen deur die verskillende periodes gekenmerk word, kom ouderdomsverskille voor ten opsigte van wanneer hierdie stadia bereik word. Ginzberg bet wel later in die herformulering van sy teorie daarop gewys dat die proses en ouderdomme waarop die stadia berus deur sekere faktore bepaal word. Ekonomies benadeelde en minderheidsgroepe bet byvoorbeeld minder keuses en geleenthede wat die proses van bul beroepskeuse kan beïnvloed.

4.3.4 Havighurst se siening van beroepsontwikkeling

Een van die ontwikkelingstake van die adolessent is volgens Havighurst "to organize one's plans and energies in such a way as to begin an ordely career; to feel able to make a living" (aangebaal in Rice, 1984, p. 527). Hierdie taak kan ook gesien word as deel van die proses van beroepsontwikkeling. Die voorbereiding vir 'n beroepskeuse begin reeds vroeg in die kind se lewe wanneer hy met volwasse werkers begin identifiseer, 'n begrip vir werk en 'n beroep begin vorm en wanneer hy 'n sin vir arbeidsaamheid begin ontwikkel. Volgens Havighurst kan daar in die proses van beroepsontwikkeling ses stadia onderskei word waarvan die volgende twee stadia tydens adolessensie voorkom:

- 10 tot 15 jaar: Die jong adolessent moet basiese arbeidsaamheid aanleer om sy tyd en energie so te benut dat hy sy take en skoolwerk kan klaarkry. Hy moet leer om werk bo spel te stel wanneer die situasie daarna vra.
- 15 tot 25 jaar: Die adolessent ontwikkel sy identiteit as werker binne 'n beroepstruktuur. Hy kies dus 'n beroep en berei hom vir hierdie beroep voor. Hy doen ook werkervaring op as basis vir sy beroepskeuse wat ekonomiese onafhanklikheid sal verseker (Garbarino, 1985; Rice, 1984).

4.3.5 Slotbeskouing

Die individu vestig 'n beroepsidentitait gewoonlik stadiger as sy fisieke en seksuele identiteit. Conger en Petersen (1984) skryf dit toe aan die adolessent se kognitiewe vermoë. Formele denke stel die adolessent in staat om alternatiewe moontlikhede, idees, rigtings en optredes te oorweeg en tot 'n besluit te kom. Die adolessent moet dus reeds in 'n groot mate oor hierdie denkvermoë beskik om sy persoonlike kenmerke, belangstelling, motiewe en behoeftes asook die verskillende beroepe en moontlikhede te kan oorweeg om sy beroepsidentiteit te kan vorm.

Benewens die invloed van formele denke, die persoonlikheidskenmerke, belangstellings en motiewe van die edolessent word die aard van die proses van beroepskeuse ook gekompliseer en bepaal deur eksterne faktore soos historiese gebeure en sosio-ekonomiese omstandighede. Volgens Kidd (1984) is teorieë wat slegs psigologies gebaseerde ontwikkelingsverklarings van beroepskeuse gee dikwels onrealisties, veral met betrekking tot die minderbevoorregte persoon. Die teoretiese modelle neem nie die verskille in opvoedkundige agtergrond, beroepsgeleenthede en houdings teenoor werk in ag nie.

Garbarino (1985) wys op die volgende voorbeeld om die invloed van eksterne faktore en omstandighede te illustreer. Adolessente in Nigerië besluit heelwat vroeër op 'n beroep as adolessente in Westerse lande. Dit word toegeskryf aan tegnologiese en ekonomiese onderontwikkeling, beperkte beroepsgeleenthede en baie verpligtinge teenoor lede van die uitgebreide gesin. Die vorming van 'n beroepsidentiteit word dus grootliks beïnvloed deur sosio-ekonomiese omstandighede.

4.4 EMPIRIESE STUDIES OOR BEROEPSIDENTITEITSVORMING EN VERBANDHOUDENDE FAKTORE

Die adolessent se ontwikkeling van 'n beroepsidentiteit en as sodanig ook sy beroepskeuse word beïnvloed deur ouers, portuurs, geslagsrolverwagtinge, persoonlikheidskenmerke, intelligensie, vaardighede of vermoëns, belangstellings, beroepsgeleenthede, beroepsbeloning en -bevrediging, sosio-ekonomiese status, kultuur en prestige faktore. Aangesien daar in hierdie navorsing aan die invloed van kultuur, sosio-ekonomiese vlak, geslag en die ouers aandag gegee sal word, sal navorsing oor hierdie faktore bespreek word.

4.4.1 Die verband tussen kultuur en beroepsidentiteitsontwikkeling

Garbers (1971) het gevind dat namate Pedi adolessente 'n hoër opvoedkundige vlak bereik, hulle al minder laer vlak of arbeiderswerk as 'n beroepskeuse aandui. 'n Groot persentasie swart adolessente (51,0 %) het aangedui dat hulle vir beroepe op die akademiese en professionele vlakke aspireer. 'n Groot aantal van hierdie adolessante sal waarskynlik nie hul aspirasies kan realiseer nie as gevolg van 'n oorskatting van hulle vermoëns en 'n onrealistiese toekomsperspektief. Hierdie onrealistiese aspirasies kan egter

ook dui op 'n vorm van gedrag sonder inhoud. Dit stem ooreen met ander navorsers se bevindings dat skoolkinders uit nie-Westersa volkere wat in 'n proses van akkulturasie verkeer, strewe na die lewenswyse van die meer gevorderde kultuur. Hierdie aspirasies gaan egter mank aan inhoud omdat die jeugdiges nie oor die nodige geleenthede, ervaring of opvoedkundige vereistes en sosio-ekonomiese agtergrond beskik nie.

In ooreenkoms hiermee meen Mkhabela (1986) dat grootskaalse armoede en 'n gebrek aan opvoeding, opleiding en toepaslike vaardighede by die stedelike swart samelewing in die RSA tot beperkte geleenthede vir onderrig en beroepsbeplanning lei. Dit belemmer die swart adolessent in sy poging om sy letente potensiaal te aktualiseer en 'n beroepsidentiteit te vorm. Hierbenewens het dit geblyk dat swart adolessente belangstelling en finansiële vergoeding as primêre redes vir hul beroepskeuse sien, terwyl hulle hul vaardighede as minder belangrik sien.

McNair en Brown (1983) het gevind dat blanke adolessente hoër tellings as Neger adolessente met betrekking tot die vlak van beroepsrypheid behaal. Hier dui beroepsrypheid op die adolessent se vermoë om 'n realistiese beroepskeuse te kan maak deur faktore soos belangstelling, vermoëns en behoeftes as kongruent aan die vereistes en kenmerke van 'n sekere beroep te sien. Holland, Gottfredson en Power (1980) het verder gevind dat adolessente wat bewus is van hulle belangstellings, doelwitte en vaardighede minder probleme ervaar wanneer hulle 'n beroepskeuse moet maak as adolessente wat nie oor hierdie insig beskik nie.

4.4.2 Die invloed van sosio-ekonomiese status op beroepsidentiteitsvorming

Volgens 'n hele aantal skrywers (Conger & Petersen, 1984; Forisha-Kovach, 1983; Sarafino & Armstrong, 1980; Schiamberg & Smith, 1982) hou veral die adolessente seun se sosio-ekonomiese agtergrond verband met sy beroepskeuse. Die sosio-ekonomiese klas waaraan die adolessent behoort, bepaal grootliks die tipe beroepe wat aan hom bekend is en die omvang van die beroepe waaruit hy kan kies.

Daar word ook van adolessente in 'n sekere klas verwag om sekere beroepskeuses te maak. Indien hulle beroepe kies wat afwyk van die sosio-ekonomiese klas se

verwagtings en waardes, kan hulle te staan kom voor die afkeuring van onder andere hul tydgenote en ouers. Wanneer 'n adolessent byvoorbeeld uit die laer sosio-ekonomiese klas aspireer vir 'n beroep met 'n hoër sosio-ekonomiese status kan die lede van sy klas dit afkeur omdat dit hulle bedreig. Hierdie afkeuring sal die adolessent egter nie as baie bedreigend ervaar nie omdat die vooruitsigte wat die hoër status beroep bied groter beloning inhou. Die meeste adolessente strewe ook na beroepe met 'n hoër sosio-ekonomiese status as die van bul ouers (Conger & Petersen, 1984).

Met betrekking tot adolessente met 'n hoë sosio-ekonomiese agtergrond het navorsing (Garbarino, 1985) getoon dat hulle beroepe met hoë status of prestigewaarde kies. Die beroepskeuses van bierdie adolessente word ook beïnvloed deur meer geleenthede om in aanraking te kom met 'n verskeidenheid suksesvolle beroepsrolmodelle. Hulle ouers koester ook hoë verwagtings van hulle en is in 'n posisie om inligting oor boëvlak beroepe aan hulle te verstrek en finansieel vir die nodige opleiding te voorsien.

Hierteenoor beskik adolessente uit die laer sosio-ekonomiese klas nie oor dieselfde geleenthede en ondersteuning nie. Hierdie jeugdiges het dikwels negatiewe ervarings met betrekking tot bul woonbuurt, skool en werk wat die vorming van 'n beroepsidentiteit bemoeilik (Schiamberg & Smith, 1982).

Baie van die jeugdiges uit die laer sosio-ekonomiese klas se selfbeeld as potensiële werker is ook negatief. Verder het bulle ook nie 'n realistiese beeld van die beroepswêreld nie. In gevalle waar hul woonbuurt deur sosiale disorganisasie, misdaad en werkloosheid gekenmerk word, is bulle geneig om onrealistiese hoë of geen beroepsaspirasias te hê. Volgens Conger en Petersen (1984) is adolessente met onrealistiese boë aspirasies ook besig om toe te neem sedert die vyftigerjare.

4.4.3 Geslagsverskille met betrekking tot beroepsidentiteitsvorming

Uit 'n ondersoek na die menings van boërskoolleerlinge met betrekking tot die man en vrou wat 'n beroep beoefen, hat die volgende gehlyk (Conger & Petersen, 1984):

- In die geval van getroude pare sonder kinders is die mening bahuldig dat die man voltyds en die vrou voltyds of deeltyds moet werk. Slegs 12 % seuns en 5 % meisies het die tradisionele patroon van die man wat werk en die vrou wat huisbou, verkies.

- Sodra daar voorskoolse kinders in die huwelik is, het die meeste proefpersone die mening gehuldig dat die man voltyds moet werk, terwyl die vrou by die huis moet bly. Sewentig persent het gevoel dat die vrou onder geen omstandighede moes werk nie. Slegs 12 % het gemeen dat die vrou wel deeltydse werk kan verrig.
- Die meeste adolessante seuns en meisies se mening was dat die take ten opsigte van kinderversorging gelyk tussen die man en vrou verdeel moet word ongeag die beroepsituasie van die man en vrou. Baie adolessente het egter ook gemeen dat 'n groter mate van vroulike sorg aanvaarbaar is, veral as die man voltyds werk.

Hierdie resultate toon dat die sienings van adolessente sowel egalitarisme as tradisionalisme weerspieël. Daar word byvoorbeeld verkies dat vrouens voltyds of deeltyds 'n beroep beoefen en dat kinderversorging gelyk tussen die man en vrou verdeel word, maar terselfdertyd word sterk geglo dat die vrou liefs tuis moet bly as sy kleuters het.

Ongeag die proefpersone se liberale siening van manlike en vroulike rolle in die huwelik, is ook gevind dat die meerderheid jeugdiges meen dat die finansiële stabiliteit van die gesin steeds in 'n groter mate die man se verantwoordelikheid is, terwyl die versorging van kinders die vrou se verantwoordelik is.

Op grond van hierdie bevindings kom Conger en Petersen tot die slotsom dat die sienings van mans en vrouens se rolle moontlik een van die redes is waarom adolessente meisies, ongeag sosiale klas, steeds geneig is om nie sulke hoë aspirasies met betrekking tot 'n beroep of loopbaan as seuns te hê nie. Hulle toon ook nie dieselfde toewyding aan langtermyn beroepsdoelwitte nie.

Benewens die houdingsverskille met betrekking tot geslagsrolle het geslagsrolverwagtings 'n groot invloed op die tipe lewenstyl waarvoor die individu aspirear. Seuns word reeds vanaf 'n vroeë ouderdom gesosialiseer dat hulle die primêre broodwinners van 'n gesin gaan wees ongeag die toenemende aantal vrouens wat tot die arbeidsveld toetree. Hulle word ook in 'n groter mate as meisies gemotiveer om 'n beroep te kies in terme van sekuriteit, bevorderingsgaleenthede, status en ekonomiese beloning omdat hulle in 'n gesin se behoeftes sal moet voorsien (Lloyd, 1985; Forisha-Kovach, 1983; Rogers, 1985).

Hierteenoor word meisies in 'n groter mate gesosialiseer om in die huwelik te tree en kinders te versorg en op te voed. Humphrey en Lenham (1984) het dan ook in hul navorsing gevind dat adolessente meisies se oriëntasie meer op 'n huwelik en die gesinslewe gerig is, terwyl die seuns meer beroepsgerig is. In ooreenstemming met bierdie bevindings het Douvan en Adelson (1966) asook Grotevant en Thorbecke (1982) gevind dat hoërskoolseuns toenemend meer begaan is oor sake wat met die vorming van 'n beroepsidentiteit verband hou, terwyl meisies meer begaan is oor sake wat verband hou met die vestiging van interpersoonlike verhoudings.

Aangesien adolessente seuns meer beroepsgerig as meisies is, is hulle genieg om die waardes van gesag, status en rykdom te sien as kriteria vir instrumentele prestasie en manlikheid. Meisies bejeën weer versorging, onderrig en om kinders te kry as belangrike waardes (Lloyd, 1985).

Seuns word meestal ontmoedig om vroulike vaardighede te ontwikkel of om 'n tradisioneel vroulike beroep te kies. Vaz (1968) het byvoorbeeld gevind dat die belangrikste rede waarom adolessente seuns nie verpleging as 'n beroep kies nie, die tradisionele siening is dat dit by uitstek 'n vroulike beroep is.

Ondanks 'n toename in uitsonderings, is albei geslagte steeds geneig om beroepe te kies wat tradisioneel as manlik of vroulik gesien word. Seuns kies beroepe soos skrynwerker, elektrisiën, meganikus of ingenieur, terwyl meisies beroepe soos verpleging, onderwys en sekretariële werk verkies. Ten spyte van 'n toename in die persentasie meisies wat vir tradisioneel manlike beroepe soos medikus, ingenieur, prokureur of meganikus aspireer, is hulle steeds die minderheid in vergelyking met die persentasie seuns (Conger & Petersen, 1984).

Die geslagsverskille ten opsigte van beroepsaspirasies, beroepskeuses en beroepsoriëntasies kan toegeskryf word aan die aard van geslagsrolsosialisering, beskikbaarheid van beroepe en die eise van die arbeidsmark.

- Beroepsidentiteitsvorming van die adolessente meisie

Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat die vorming van 'n beroepsidentiteit 'n komplekser proses vir adolessente meisies as vir seuns is

(Grotevant & Thorbecke, 1982; La Voie, 1976). Vanaf die vroeë kinderjare word seuns gesosialiseer om met 'n beroep te identifiseer of om sekere beroepsdoelwitte te bereik. Die sosiokulturele verwagtings ten opsigte van geslagsrolle is egter minder duidelik wanneer dit die adolessente meisie aangaan. Murdock (1974) het ook gevind dat vroulike Neger adolessente tydens hul identiteitsvorming meer probleme as die manlike adolessente ondervind om 'n beroepskeuse te maak.

Die adolessente meisie se beroepsaspirasies word verder gekompliseer deur twee faktore wat die seun baie min beïnvloed, naamlik die huwelik en moederskap. Die meisie moet haar beroepsaspirasies by baar voorgenome huwelik en haar ouerskapverwagtings laat aanpas (Porisha-Kovach, 1983). 'n Groot persentasie hoërskool meisies is dan ook volgens Conger en Petersen (1984) en Santrock (1984) onseker oor hoe hulle 'n beroepsrol en hulle rol as moeder en huisvrou sal kan kombineer. Hierdie dilemma is te wagte want dit is dikwels moeilik om 'n oplossing vir die probleem te vind. Kleuters verg baie liefdevolle aandag van die moeder, dagsorg van 'n hoë kwaliteit is skaars en indien die vrou vir 'n langtermyn beroep beplan, kan 'n onderbreking van vyf of meer jare baar vordering belemmer. Hierdie dilemma kan dus die adolessente meisie se vorming van 'n beroepsidentiteit bemoeilik en selfs vertraag.

Verder verskil die adolessente meisie se beroepsidentiteitsvorming van dié van die seun daarin dat sy moet besluit of sy slegs 'n werk wil hê en of sy 'n beroep wil beoefen. Sy moet ook besluit of sy tydelik of permanent en deeltyds of voltyds wil werk en in ooreenkoms hiermee of die beroep wat sy kies aan haar vereistes sal voldoen (Rogers, 1985).

Haar beroepsbeplanning moet ook tentatief en buigbaar wees aangesien sy nie vooraf weet wat die beroep van haar man sal wees nie - of dit van so 'n aard sal wees dat haar man tyd sal hê om haar in haar beroepsbeoefening te ondersteun deur behulpsaam te wees met sekere huishoudelike en opvoedingstake en of sy haar beroep as aanvullend of parallel met haar man se beroep sal kan beoafen nie. Sy weet ook nie wat haar man se houding teenoor 'n werkende vrou gaan wees nie, wanneer sy gaan trou en of sy gaan trou nie.

Die adolessente meisie moet dus die moontlike invloed van haar beroepskeuse op haar toekomstige huwelik en gesin in gedagte hou. Haar beroepskeuse is dus

baie komplekser as die van die seun wat sy keuse grootliks baseer op persoonlike bevrediging, status en ekonomiese vergoeding.

Die adolessente meisies se beroepsidentiteitsvorming word verder ook in 'n mate beïnvloed deur tradisionele en dikwels stereotipe sienings dat meisies oor bepaalde vermoëns asook onvermoëns beskik. As gevolg van sekere stereotipe sienings van hulle onvermoëns word hulle dikwels ontmoedig om sekere gevorderde kursusse in wetenskap en wiskunde te volg. Hierdie velde word ook as meer manlike gebiedens bejeën. Sodanige stereotipe sienings lei nie net tot die ontwikkeling van negatiewe houdings teenoor hierdie velde nie, maar beperk die adolessente meisie se ontwikkeling van haar potensiaal en uiteindelik haar beroepskeuse.

Rice (1984) wys verder daarop dat die aantal tradisionele beroepe vir vrouens baie minder as dié vir mans is. Benewens die kleiner aantal beroepe en dus ook minder werkgeleenthede beskik adolessente meisies verder oor minder vroulike rolmodelle vir die aantal beskikbare beroepe en is die beskikbare rolmodelle dikwels van 'n lae status (Forisba-Kovach, 1983).

Alhoewel die grootste persentasie jong meisies oorwegend tradisioneel vroulike beroepe kies, word meisies die afgelope aantal jare wel in 'n groter mate toegelaat om vaardighede wat met manlikheid geassosieer word, te ontwikkal en tradisioneel manlike beroepe te kies. Baie jong meisies is egter bekommerd dat akademiese, besigheids- of professionele sukses negatiewe sosiale of persoonlike gevolge kan hê (Harris & Liebert, 1984). Hierdie "vrees vir sukses" kan 'n verdere rede wees waarom meisies dikwels minder gemotiveerd is om in hoëvlak beroepe te presteer of om reeds op 'n vroeë ouderdom 'n beroepsidentiteit te begin ontwikkel.

Volgens Marcia (1980) is vrees vir sukses die hoogste by adolessente meisies in die identiteitsmoratorium- en -bereikingstatusse en die laagste by adolessante wat identiteitsverwarring of -vooruitbeslissing toon. By adolessente seuns het net die teenoorgestelde patroon voorgekom. Die moontlikheid bestaan dus dat prestasie en ambisie 'n groot bron van konflik vir adolessente meisies kan wees omdat dit met tradisionele verwagtings bots. Vrees vir sukses kom dan ook meer voor in beroepe wat tradisioneel as manlik beskou word en wat aggressiewe mededinging behels (Thom, 1984).

Die toenemende neiging wat by adolessente meisies voorkom om nie net oorwegend vroulike beroepe te kies nie, kan wel aan geslagsrolveranderinge toegeskryf word. Forisha-Kovach (1983) wys egter daarop dat dit volgens navorsingsbevindings eerder aan sosiale veranderinge toegeskryf moet word. Sosiale veranderinge ten opsigte van lewensdoelwitte, beroepswaardes en prestasie-oriëntasie vir albei geslagte het daartoe bygedra dat die sosiale waardes van die 1960's wat "konformering en sosiale verantwoordelikheid" beklemtoon het gedurende die 1970's verander het na "klem op individualisme en selfvervulling". Vrouens begin dus toenemend beroepe oorweeg wat aan hulle behoeftes voldoen, sl is dit steeds die minderheid vrouens wat hulle tot die trsdisioneel manlike beroepsvelde wend.

Ondanks hierdie sosiale veranderinge wat begin lei tot 'n groter mate van vryheid en erkenning van die vrou in die beroepswêreld, kom geslagstereotipes en geslagsroldiskriminasie steeds voor wat die adolessente meisie se beroepsaspirasies en -keuse negatief kan beïnvloed. Die meeste vrouens beklee laer status en laer besoldigde beroepe. Ongeag gelyke kwelifikasies en werkverpligtinge verdien vrouens in sekere beroepe steeds minder as mans. In 1980 het 'n opname in die VSA getoon dat vrouens in professionele beroepe 71% verdien van wat hulle manlike kollegas verdien, met betrekking tot klerklike werk 64% an verkoopswerk 51%. Diskriminasie teenoor die vrou het wel afgeneem, maar is nie uitgeskakel nie (Santrock, 1984).

- Toekomsperspektief

Uit die voorafgaande bespreking bet dit geblyk dat daar tekens is dat verandering besig is om in te tree met betrekking tot die beroepsoriëntasie van die adolessente seun en meisie. Dit blyk onder andere uit: die veranderende houdings teenoor geslagsrolle (naas die tradisionele siening en verdeling van rolle kom 'n meer egalitêre houding teenoor geslagsrolle toenemend voor); die toenemende aantal vrouens wat sedert die Tweede Wêreldoorlog tot die arbeidsveld toegetree het; die toenemende aantal vrouens wat tot professionele en nie-professionele beroepe, wat vroeër vir mans gereserveer was, toetree (Conger & Petersen, 1984; Lloyd, 1985).

Die redes vir die toenemende toetrede van die vrou tot die beroepswêreld is sowel ekonomies as sosiaal, naamlik

- die opkoms van die Vrouebeweging en nadruk op individualiteit en selfvervulling;
- die afname in die geboortesyfer en die groter keuse ten opsigte van swangerskap;
- 'n toename in werkgeleentbede en hoër salarisse vir vrouens namate diakriminasie teenoor die vrou afneem en haar potensiaal besef word;
- die behoeftes van die gesin om 'n sekere lewenstandaard wat twee salarisse vereis te handhaaf;
- verbeterde dagsorgfasiliteite vir die kinders van werkende vrouens namate dagsorg toenemend wetenskaplik benader word en die fisieke en psigiese behoeftes van die kinders besef word;
- 'n afname in geslagsrolstereotipes.

Tans is daar ook aanduidings dat die sterk beroepsoriëntasie van seuns en mans begin afneem. Deelname aan die gesinslewe en konstruktiewe vryetydsbesteding word toenemend as belangrik gesien en daar word so beplan dat meer tyd dearvoor beskikbaar is. Hiernaas begin meisies en vrouens meer belangstel in 'n beroep en hoër opvoeding.

Namate die sosiale verwagtings ten opsigte van die beoefening van 'n beroep vir mans en vrouens voortgaan om te verander, kan verwag word dat die identiteitsontwikkeling en dus ook beroepsidentiteitsvorming van adolessente seuns en meisies dieselfde ontwikkelingsproses sal volg (Newman & Newman, 1979). In die verband bet Grotevant en Thorbecke (1982) gevind dat daar geen verskil tussen die vlak van beroepsidentiteitsvorming van wit adolessente seuns en meisies is nie. Die gemiddelde telling vir adolessente seuns op Hollend se Beroepsidentiteitskaal was 15,4 en vir meisies 15,5 (S vir die seuns was 4,6 en vir die meisies 4,8).

4.4.4 Die invloed van ouers op adolessente se beroepsidentiteitsvorming

Rogers (1985) wys daarop dat alhoewel rolmodelle soos die ouers ongetwyfeld 'n betekenisvolle rol speel in die adolessent se ontwikkeling van 'n beroepsidentiteit en beroepskeuse, daar nog min inligting bestaan oor die werklike aard van die belang van sodanige rolmodelle. McNair en Brown (1983) het wel gevind dat die invloed van die ouers die belangrikste voorspeller van die vlak ven beroepsrypheid, -aspirasies en -verwagtings van die adolessent is. Hierdie bevinding steun dus die siening dat beroepsontwikkeling veral deur die identifisering met 'n ouerlikemodel beïnvloed word.

Benewens die ouer as rolmodel is ander modelle dikwels skaars eangesien daar 'n groot verskeidenheid beroepe bestaan en die adolessent nie kontak met baie van hierdie rolmodelle het nie. Die ouers beskik ook dikwels nie oor die nodige kennis van die beroepe wat hulle nie self beoefen nie (Rogers, 1985).

Jeugdiges uit die laer sosio-ekonomiese klas beskik oor minder rolmodelle as jeugdiges uit die middel en boër sosio-ekonomiese klasse. Hulle het veral min kontak met rolmodelle van hoër statusberoepe waarmee hulle graag sou wou identifiseer, terwyl die jeugdiges uit die middel en hoër sosio-ekonomiese groepe weer meer kontak het met die rolmodelle vir hoër statusberoepe.

Volgens Mkhabela (1986) is swart ouers in die RSA oningelig en beskik hulle oor min ervaring van die groot aantal beroepe in die Westerse wêreld. Hulle kan dus nie as rolmodelle vir hul kinders dien vir hoër statusberoepe nie. Hulle bied meestal net rolmodelle vir arbeiderswerk en sekere ambagte. Swart adolessente het ook min geleenthede om realistiese en betekenisvolle inligting en leiding ten opsigte van 'n beroepskeuse te kry. Die geringe kennis waaroor die ouers beskik, spruit voort uit wat hulle hoor en uit plaaslike en gesinsvooroordele met betrekking tot sekere beroepe. Ten opsigte van hul beroepskeuse moet die swart adolessent dus grootliks steun op sy intuïtiewe kennis oor beroepsgeleenthede en beroepskenmerke asook sy eie vermoëns, kenmerke en belangstellings.

As gevolg van die tradisionele siening van die rol van die swart vrou in die RSA verstaan swart ouers nie hul dogters se strewes in die moderne beroepsgeoriënteerde wêreld nie. Hulle kan dus nie hul dogters lei in hul beroepskeuses nie wat die ontwikkeling van 'n beroepsidentiteit kan bemoeilik.

Televisie verskaf wel rolmodelle vir 'n groter verskeidenheid beroepe as die ouers. Hierdie rolmodelle is egter nie so effektief nie aangesien die adolessent hulle nie persoonlik ervaar nie en die rolmodelle dikwels 'n verdraaide beeld van die beroep weergee (Rogers, 1985).

Ongeag sosiale klas en IK, is ouerlike motivering die beste voorspeller van boë ambisie, strewe na gevorderde opleiding of onderrig en beroepsmohiliteit by seuns (Conger & Petersen, 1984). Ouerlike motivering verwys hier na ouerlike ondersteuning en aanmoediging, hoë opvoedkundige en beroepsideale vir

hulle kinders en die beloning van goeie skoolwerk. Ter ondersteuning hiervan het Douvan en Adelson (1966) gevind dat adolessente se beroepsaspirasies grootliks ooreenstem met die aspirasie wat hul ouers vir hulle het. Simpson (1975) het ook gevind dat ouerlike motivering daertoe bydrae dat seuns vir hoër statusberoepe aspireer.

- Die invloed van die vader

Volgens navorsing (aangehaal in Conger & Petersen, 1984) het die vader se beroep 'n betekenisvolle invloed op die beroepskeuse van die seun, maar nie in dieselfde mate op diè van die dogter nie. Dit word toegeskryf aan faktore soos die identifikesie van die seun met sy vader, die moontlikheid dat seuns meer kennis dra van die vader se beroep, makliker toegang tot die vader se beroep het en ouerlike motivering. Resenter navorsing het getoon dat die vader se oordrag van waardes aan sy seun ook 'n rol speel. In sekere professionele beroepe word daar meer klem gelê op intrinsieke werktevredenheid soos outonomie, deskundige kennis en geleenthede om diens te lewer. In beroepe in die besigheidswêreld word weer meer klem gelê op ekstrinsieke belonings soos finansiële inkomste en bevordering. Die vader sal dus die waardes wat in sy beroep geld aan sy seun oordra wat weer die seun se beroepskeuse en beroepsidentiteitsvorming kan beïnvloed.

Wanneer die invloed van die aard van die verhouding tussen die seun en die vader (bv. hoe na die seun aan die vader voel) op die beroepskeuse van die seun ondersoek word, het navorsing (Mortimer, 1976) getoon dat dit wel 'n rol speel wanneer die vader 'n hoë prestigeberoep beoefen. As die vader se beroep egter 'n lae prestige waarde gehad het, was die seun nie so gemotiveerd om die vader se beroep te volg nie al was hulle verhouding gekenmerk deur 'n gevoel van nabyheid. Hierteenoor is gevind dat die vader se prestigeberoep alleen ook nie voldoende was om die seun te motiveer om dieselfde beroep te volg as die verhouding tussen hulle van so 'n aard was dat dit nie identifikasie en waarde-oordrag bevorder het nie.

- Die invloed van die moeder

'n Aantal studies (aangehaal in Conger & Petersen, 1984) het getoon dat die adolessente meisie en seun se siening van geskikte geslags- en beroepsrolle

vir vrouens beïnvloed word deur die soort rolmodel wat die moeder stel. Adolessente wie se moeders werk, neem minder geslagsrolverskille waar, terwyl adolessente wie se moeders nie werk nie tradisionele geslagsrolstereotipes ten opsigte van kenmerke soos bevoegdheid (wat met manlikheid geassosieër word) en warmte (wat met vroulikheid geassosieer word) aanvaar.

Dogters van werkende moeders is ook geneig om meer selfstandig en aktief te wees. Hulle admireer hul moeders en wil soos hulle wees. Hulle wil gewoonlik ook soos hul moeders 'n beroep beoefen as hulle die geleentheid het. Hierdie situasie kan dus hul beroepsidentiteitsontwikkeling bevorder.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat die mate van invloed van die moeder wat 'n beroep buite die huis beoefen deur verskillende faktore bepaal word. Die navorsingsresultate van Baruch (1975) het getoon dat die omvang van die invloed bepaal sal word deur die moeder se houding teenoor haar werk, haar tevredenheid en prestasie in haar werk en haar vermoë om haar rolle as werker, moeder en vrou suksesvol te kombineer. Indien die moeder daarin slaag om sukses in haar werk te behaal, maar nie haar huisbouding kan behartig nie, sal die dogter haar nog sien as 'n hoogs bekwame persoon, maar die dubbele rolpatroon ongunstig bejeën.

5. DIE OUER-ADOLESSENT- EN ADOLESSENT-PORTUURVERHOUDING: EMPIRIESE STUDIES

Met die oog op die kenmerke van die ouer-adolessent- en adolessent-portuur-verhouding wat in hierdie navorsing ondersoek en tussenkultureel vergelyk gaan word, sal empiriese studies oor die volgende aspekte bespreek word:

- die aard van die kommunikasie en mate van konflik tussen adolessente en hul ouers;
- die belang en invloed van adolessente se ouers en portuurs;
- die belang en invloed van ouers teenoor die van portuurs;
- die invloed van die tipe ouerbeheer en die aard van die ouer-adolessent-verhouding op die adolessent se identiteits- en beroepsidentiteits-ontwikkeling en sy betrokkenheid by sy portuurs.

5.1 DIE OUER-ADOLESSENTVERHOUDING

Die aard van die verhouding tussen ouers en adolessente word bepaal deur faktore soos die persoonlikhede van die betrokke persone, die interpersoonlike verhoudings en kommunikasie binne die gesin, die ouderdomsverskil tussen die ouers en adolessente kind en die sosiokulturele omgewing. Verder bestaan daar heelwat populêre stereotipes oor die aard van die ouer-adolessentverhouding. In die volgende bespreking sal empiriese ondersoeke oor sekere aannames met betrekking tot die generasiegaping en tussengenerasiekonflik bespreek word asook die kwaliteit van die adolessent se verhouding met onderskeidelik sy vader en moeder. Navorsing oor die invloed van die tipe ouerbeheer op die adolessent se ontwikkeling sal ook nagegaan word.

5.1.1 Die generasiegaping

Dat daar verskille tussen die jonger en ouer generasie bestaan, kan nie ontken word nie. Conger en Petersen (1984) skryf hierdie verskille toe aan die verskillende stadia in die lewensiklus waarin die adolessent en die ouer verkeer. Hierdie verskille beskryf hulle soos volg:

> The adolescent who is just becoming aware of the insistent stirring of sexual impulses will inevitably differ from the middle-aged adult who perceives their urgency waning. Adolescents need ways to consume their energy; adults look for ways to conserve it. Young people are concerned

> where they are going; adults are concerned about where they have been. Adults, having personally experienced the many partial victories and defeats and the inevitable compromises of living, tend to be tempered in their enthusiasms and cautious in their moral judgments. Young people, in contrast, tend to be impatient, impulsive, and given at times to imperious moral judgments that allow little room for shades of gray. They are more likely to move rapidly from joy to despair. Adults must worry more about their children; adolescents must worry more about themselves. The psychological defence mechanisms of adolescents are in flux, and only partially effective; those of adults tend, like arteries, to harden with age. (p. 209)

Oor die mate waarin hierdie verskille tot 'n gaping tussen die twee generasies lei, bestaan daar meningsverskil soos uit die volgende bespreking sal blyk.

Die literatuur oor die bestaan van 'n generasiegaping kan in twee groepe verdeel word, naamlik die wat handel oor 'n groot gaping tussen ouers en adolessente en die wat daarop wys dat die gaping nie so groot is as wat populêre stereotipes voorgee nie (Bengtson, 1970; Conger & Petersen, 1984). Navorsingsbevindings steun egter in die meeste gevalle die laaste uitgangspunt. Conger en Petersen wys daarop dat selfs gedurende die laat 1960's toe tussengenerasiekonflik die opvallendste was, twee uit elke drie adolessente en sewe uit elke tien ouers geglo het dat die bestaan van 'n generasiegeping oordryf word. Slegs een uit elke vier adolessente was van mening dat daar 'n groot gaping bestaan bet.

Gedurende die laat 1960's en vroeë 1970's het navorsing getoon dat die meerderheid adolessente van mening was dat hul verhouding met hulle ouers goed was en dat die ouers hul geselskap en teenwoordigheid geniet het. Omtrent driekwart van die adolessente het verklaar dat hulle met hul ouers se ideale en waardes saamstem en dit aanvaar. Verskille wat voorgekom het, het hulle as matig of gering beoordeel.

Resenter navorsing het soortgelyke resultate gelewer. In 'n studie van Amerikaanse adolessente tussen 13 en 18 jaar (Conger & Petersen, 1984) het 52% gemeen dat hulle baie goed met hul ouers klaarkom, 45% dat hulle redelik goed met hulle klaarkom en slegs 3% het nie met hulle ouers klaargekom nie. Geen

betekenisvolle geslagsverskille het voorgekom nie. Verder het 88% adolessente (87% seuns en 89% meisies) verklaar dat hulle baie respek vir hulle ouers as mense het en 80% dat hulle baie respek vir hulle ouers se idees en opinies het. Slegs 21% adolessente het nie 'n sterk gevoel van affeksie vir hulle ouers gehad nie en 6% het gevoel dat hulle ouers nie van hulle hou nie. Hieruit kan afgelei word dat slegs 'n klein minderheid van die edolessente populasie hul ouers nie verstean nie, nie met hulle kan kommunikeer nie en hulle waardes nie respekteer nie. Dit is dus nie kenmerkend van die adolessent in die algemeen nie. Die meeste adolessente ervaar hul verhoudings met hul ouers as bevredigend ten opsigte van kommunikasie, begrip en nabyheid (Bengtson, 1970; Kandel & Lesser, 1972).

Alhoewel ouers en hul adolessente kinders saamstem oor die geldigheid van die tradisionele waardes met betrekking tot selfstandigheid, harde werk en die belang van die gesin, verskil bul soms ten opsigte van hul houdings teenoor seks, akademiese onderrig, die huwelik, die rol van die vrou en sosiale geregtigheid asook persoonlike voorkeure ten opsigte van kleremodes, musiek, kuns en sosiale gewoontes (Conger & Petersen, 1984). Die adolessent is gewoonlik waar dit hierdie verskille aangaan, meer liberaal en geneig om die mens te sien as vry "om sy eie ding te doen".

Die mate waarin hierdie verskille by die gemiddelde adolessent voorkom, word egter dikwels oordryf. Uit 'n 1980-opname wat in Amerika gedoen is, het meer as 70% adolessente aangetoon dat hulle idees met betrekking tot wat hulle met hul lewens moet maak, watter waardes belangrik is, die belang van akademiese onderrig, godsdiens en watter rolle vir mans geskik is, baie dieselfde of meestal dieselfde as die van hul ouers is. Alhoewel in 'n mindere mate, maar steeds betekenisvol het hulle ook ooreengestem met betrekking tot politieke idees, rasse aangeleenthede, konservasie en besoedeling en die gebruik van sekere dwelmmiddels behalwe marijuana. Hulle het die minste saamgestem oor sake soos vryetydsbesteding, die besteding van sakgeld en die gebruik van drank en marijuana. Met betrekking tot toelaatbare seksuele gedrag het 50% adolessente aangetoon dat hulle en hul ouers se sienings baie of meestal ooreenkom.

Barclay en Sharp (1982) wys ook daarop dat verskille tussen adolessente en volwassenes ten opsigte van kleredrag, musieksmaak, voedselvoorkeur en vermaak

opvallend is, maar dat dit nie vir verskille ten opsigte van waardes geld nie. In hul ondersoek na die verskille of ooreenkomste tussen die waardes van adolessente dogters en hul moeders in die sentrale platteland van Kentucky het hulle die volgende gevind: Albei groepe is tradisioneel-, huislik-, gesins- en godsdiensgeoriënteerd en hulle basiese waardes kom grootliks ooreen. Op grond van die bevinding kom die navorsers tot die gevolgtrekking dat die generasiegaping grootliks 'n illusie is.

In ooreenstemming hiermee het Adelson (1970) ook gevind dat meer as 80% jeugdiges se waardes nie baie van hul ouers se waardes verskil het nie. Selfs die politieke sienings van jeugdiges verskil in die meeste gevalle nie van dié van die ouers nie (Weiner, 1975). Diegene wat volgens Adelson (1970) oortuig is dat 'n generasiegaping ten opsigte van politiake sienings bestaan, veralgemeen die radikale of liberale sienings van 'n enkele groep jeugdiges (gewoonlik studente) na die totale adolessente populasie. Adelson het dan ook in sy navorsing gevind dat 75% van die adolessente dieselfde as hul ouers stem. Radikale en liberale jeugdiges is dikwels die kinders van liberale ouers en rebelleer dus nie teen die ouers se waardes nie, maar bevestig dit.

Benewens politieke waardes het navorsing ook nie die bestaan van 'n generasiegaping ten opsigte van geloof bevestig nie. De Vaus (1983) het gevind dat ouers in Australië 'n groter invloed op hul adolessente kinders (16-18 jaar) se godsdienstige oriëntasie as hul portuurs het. Uit hierdie navorsing het dit ook geblyk dat ouers se invloed meer geld ten opsigte van adolessente se godsdienstige siening as hulle godsdienstige aktiwiteite.

Verder het navorsers ook nie 'n groot generasiegaping ten opsigte van seksuele houdings en waardes bevestig nie. Yalom, Estler en Brewster (1982) het gevind dat alhoewel die moeders in 'n geringe mate meer tradisioneel georiënteer was, die houdings en waardes ten opsigte van seksuele gedrag van die moeders en hul adolessente dogters grootliks ooreengekom het. 'n Moontlike rede vir die meer konserwatiewe boudings van ouers teenoor seksuele sake lê in die vinnige sosiale veranderinge. Volwaasenes in hul middeljare het in 'n era van groter konserwatisme opgegroei as vandag se jeugdiges (Conger & Petersen, 1984).

Die vinnige tegnologiese vooruitgang het verder veroorsaak dat die ouer generasie nie dieselfde ervarings in hul jeug gebad het as die hedendaagse

jeugdiges nie. As gevolg hiervan is die ontstaan van 'n gaping dus moontlik. Die individu se ontwikkeling vereis egter meer as net die bemeestering en begrip van tegnologiese ontwikkelings. Die basiese proses van identiteitsontwikkeling bly dieselfde al verander die inhoud waarom die individu se identiteit ontwikkel. Die individu moet steeds 'n begrip van homself ontwikkel, leer om aggressie te beheer, om liefde te gee en interpersoonlike verhoudings en -konflik te hanteer. Dit bly dieselfde vir elke generasie jeugdiges. Die ouer persoon kán die jonger generasie dus leer en verstaan.

Cromer (1978) het in aansluiting hierby gevind dat adolessente meestal die ouers se lewenstyl aanvaar. Hy kom tot die slotsom dat "adolescent autonomy and conformity reduce the necessity and in some cases even preclude the possibility of a generation gap" (p. 308).

Kandel en Lesser (1972) se bevindings dat adolessente na aan hul ouers voel, dat hulle nie teen gesag rebelleer nie en bul ouers se doelwitte en aspirasies met betrekking tot hul toekomstige rol in die samelewing deel, bevestig ook dat 'n generasiegaping nie bestaan nie. In die verband stel hulle die vraag: "How can we reconcile our findings with the commonly held belief - both among the general public and a large segment of professional social scientists - that there is a widespread and extensive generation gap?" (p. 184).

Die neiging om die bestaan van 'n generasiegaping te aanvaar, kan aan die volgende faktore toegeskryf word:

- Daar word onnadenkend vanaf 'n minderheidsgroep adolessente waar die ouer-adolessentverhouding deur 'n groot generasiegaping gekenmerk word na die totale adolessente populasie veralgemeen.

- Tussenkulturele verskille word nie in ag geneem nie. Uit Di Cindio et al. (1983) se navorsing blyk dit byvoorbeeld dat swart skoolgaende adolessente (17-19 jaar) in New Orleans, Liousana betekenisvol meer ouergeoriënteerd (51%) is as die blanke adolessente (36%). Verder blyk dit dat die gaping meestal klein is in primitiewe kulture waar die kinders saam met die ouers werk en na aan die ouers lewe. In die Westerse tegnologiese kultuur is die generasies egter in 'n groter mate geskei. Ouers en kinders beweeg die

grootste deel van die dag in verskillende omgewings en sosiale groepe wat tot groter verskille kan lei (Conger & Petersen, 1984; Fein, 1978; Kandel & Lesser, 1972; Sarafino & Armstrong, 1980).

- Simplistiese vergelykings tussen adolessente en volwassenes kan tot verkeerde gevolgtrekkings lei. Verskille tussen adolessente subgroepe is soms groter as dié tussen die meerderheid adolessente en volwassenes. Daar moet ook onderskei word tussen individuele adolessente en hul ouers en adolessente en volwassenes in die algemeen. Adolessente is soms geneig om meer krities teenoor die ouer generasie in die algemeen te staan as teenoor hul eie ouers (Lorton & Lorton, 1984). Volgens die navorsing van Coleman et al. (1977) evalueer adolessente en hul ouers mekaar positief. Adolessente evalueer verder hul ouers positiewer as wat die ouers hulself evalueer en die ouers neem weer minder verskille tussen hulself en hul adolessente kinders as huitestaanders waar. Die bestaan van 'n generasiegaping word dus nie bevestig nie.

- Daar word dikwels nie in ag geneem dat dit wel moontlik is dat ouers en adolessente ten opsigte van sekere sake kan verskil, maar nogtans wedersydse begrip en respek vir mekaar kan hê nie. Volgens Conger en Petersen (1984) het 80% van die adolessente baie respek vir hul ouers se menings en idees oor sekeuele gedrag al stem hulle nie ten volle daarmee saam nie. Slegs 38% (28% seuns, 49% meisies) van hierdie groep adolessente het aangetoon dat hulle en hul ouers se houdings oor seksuele sake baie ooreenkom.

- Volgens Kandel en Lesser (1972) kan die oordrywing van die generasiegaping ook toegeskryf word aan die neiging tot polarisasie in die Amerikaanse samelewing en die neiging by jeugdiges om openlik volgens hul oortuigings op te tree. Daar bestaan hyvoorbeeld 'n verdeling tussen blanke en swart persone asook bloukraag en witkraagwerkers. Volwassenes sal die verskille in die samelewing toeskryf aan verskille tussen generasies omdat dit minder bedreiging inhou as om die verskille toe te skryf aan verskille tussen rasse, sosio-ekonomiese klasse en opvattings binne die volwasse samelewing self.

Hierteenoor het jeugdiges dikwels die moed en naïwiteit om met hulle

oortuigings uit te kom en openlik uitdrukking te gee aan die interne verskille en verdeling binne die samelewing. Hulle is ook minder subtiel en geveins as volwassenes en sal op 'n meer eksplisiete en sigbare wyse aan waardes uitdrukking gee wat wel deur volwassenes gedeel word, maar wat volwassenes as vanselfsprekend aanvaar en liefs nie openbaar sou wou maak nie. Dit is asof die adolessente samelewing as 'n aktiewe gewete vir die volwasse samelewing dien. Hierdie verskil word sonder nadenke as 'n gaping tussen die generasies beskryf, terwyl daar wel dieperliggende ooreenkomste bestaan.

5.1.2 Tussengenerasiekonflik

Benewens die standpunt dat daar 'n generasiegaping bestaan, word daar ook veronderstel dat die verhoudings tussen adolessente en hul ouers deur wedersydse antagonisme en konflik gekenmerk word. Die redes wat aangevoer word, is die volgende:

- Sommige teoretici skryf die toename in tussengenerasiekonflik toe aan die vinnige sosiale en kulturele veranderinge wat daartoe lei dat ouers hul gesagsposisie verloor en nie kan tred hou met tegnologiese ontwikkelings nie. (Hierdie veranderinge is volledig onder 2.2.3 en 2.2.4 bespreek.) Die ouers se ervaring en kennis word dus gesien as verouderd wat bydrae tot konflik tussen die ouers en adolessente wat in die moderne wêreld opgroei.

- Tussengenerasiekonflik kan ontstaan omdat adolessente in die moderne samelewing geïsoleer is. Hulle ontwikkel afgesonderd in skole, is afgesny van die volwasse wêreld van werk en word nie toegelaat om deel te neem aan die volwasse besluitnemingsproses nie. Hierdie isolasie lei tot vervreemding, skeptisisme en ontkoppeling wat dan tot rebelsbeid en konflik met die ouers lei (Santrock, 1983).

- Verder word die toename in konflik toegeskryf aan biologiese veranderinge wat die vlak van aggressie by adolessente sodanig verhoog dat konflik toeneem. Biologiese veranderinge lei ook tot 'n toename in seksualiteit by die adolessent wat aanleiding kan gee tot konflik tussen ouers en adolessente kinders. Dieselfde tyd wat die adolessent bewus word van sy toenemende seksualiteit, moet die ouers die afname in hul fisieke

aantreklikheid en vitaliteit hanteer. Die jeugdigheid van die adolessent beklemtoon dus die feit dat die ouers besig is om oud te word (Lloyd, 1985; Santrock, 1983).

- Die ouers is gewoonlik in hul middeljare en ervaar dieselfde tyd as hul adolessente kinders 'n identiteitskrisis as gevolg van fisiologiese en psigologiese veranderinge waarby aangepas moet word. Die kind én die ouer is gevolglik baie bewus van homself en betrokke by homself wat daartoe kan aanleiding gee dat hulle nie werklik na mekaar luister en mekaar dus nie verstaan nie.

- Teenoor die adolessent wat besig is om sy lewensdoelwitte te formuleer, word die ouers daarvan bewus dat die tyd wat oor is waarin hulle hul doelwitte moet bereik, baie kort is. Hulle kan nou ook begin besef dat hulle nie werklik gelukkig is met wat hulle in hul lewe bereik het nie en voel dat verandering noodsaaklik is. Die ouers kan dus verward en kwesbaar wees op 'n tydstip wat die adolessent dikwels baie krities teenoor die ouers se lewenstyl en waardes optree. Hierdie situasie kan tot 'n toename in konflik lei.

- Die adolessent is besig om onafhanklikheid te ontwikkel. Konfrontasies met ouerlike gesag is dus dikwels onvermydelik. Die ouers moet leer om hul jarelange gewoonte om te lei en te beheer geleidelik te verbreek, maar terselfdertyd die nodige steun en belangstelling te bly toon. Schwartz (1977) het ook in sy navorsing bevestig dat konflik tussen die moeder en haar adolessente dogter ontstaan omdat die adolessent haar identiteit as 'n outonome individu wil bevestig.

  Die styl van interaksie tussen die ouer en die adolessent wissel ook voortdurend aangesien die adolessent die ouer se belangstelling een oomblik as belangrik ervaar en later weer as te nuuskierig; toon die ouer minder belangstelling is die ouer weer bang dat die adolessent sal voel dat hy nie omgee nie. 'n Vaste patroon van interaksie ontbreek dus dikwels wat tot konflik kan bydrae.

- Sommige ouers kan dit nie aanvaar dat hul adolessente kinders se vriende 'n toenemend belangrike plek in hul lewens begin inneem nie en reageer deur die adolessente òf afhanklik te probeer hou òf deur hulle te verwerp.

- In die proses van identiteitsvorming bevraagteken adolessente soms hulle ouers se waardes. Sommige ouers reageer verdedigend hierop of word kwaad. In gevalle waar die ouers onseker van hul waardes is, is hul reaksie nog hewiger wat konflik verder laat toeneem.

- Konflik kan ook ontstaan wanneer die ouers hul adolessente kinders uitbuit. In sulke gevalle stel die ouers hul behoeftes bo die van die adolessente of hulle probeer hul eie onvervulde behoeftes deur middel van hul adolessente kinders te bevredig. Soms word daar ook van die adolessent verwag om meer as sy deel aan geains- en huishoudelike take en verantwoordelikhede te dra.

- 'n Verdere oorsaak van konflik tussen ouers en adolessente kan geleë wees in adolessente egosentrisme en die uitdrukking daarvan in die "persoonlike fabel" en "denkbeeldige gehoor". Met betrekking tot die persoonlike fabel glo die adolessent dat sy ervarings uniek is en dat sy ouers hom nie verstaan nie. Verder voel die adolessent dat sy voorkoms en gedrag voortdurend raakgesien word. As gevolg hiervan tree hy dan dikwels op asof hy op 'n verhoog is (met 'n denkbeeldige gehoor). Dit lei tot 'n groot mate van selfbewuste en aandagtrekkende optredes. Hulle glo dan dat hulle klere en gedrag aanvaar word en veral deur die portuurgroep bewonder word. Dit is gevolglik vir hulle moeilik om te begryp dat hulle ouers soms anders voel en konflik is die resultaat.

Tussengenerasiekonflik wat die resultaat van die voorafgaande situasies kan wees, moet egter nie as vanselfsprekend en intens aanvaar word nie. Volgens Adelson (1970) rebellaer adolessente net teen ouerlike gesag wanneer ouers en adolessente mekaar nie verstaan nie of nie met mekaar kan kommunikeer nie. Dit blyk ook dat adolessente wie se verhouding met hul ouers deur konflik gekenmerk word reeds vanaf hul kinderjare problematiese gesinsverhoudings gehad het.

Kultuurverskille ten opsigte van die mate van konflik is ook deur die navorsing van Rosenthal (1984) aangetoon. Anglo-Australiese adolessente het minder konflik met hul ouers gerapporteer as Grieks- en Italiaans-Australiese adolessente. Hierdie verskille toon volgens Rosenthal dat lidmaatskap van 'n minderheidsgroep gepaard gaan met toenemende waarnemenings van konflik. Dit het egter ook geblyk dat die meerdere ervaring van konflik tussen adolessente

en hul ouers in die minderheidsgroepe, nié toegeskryf kan word aan (i) die botsing tussen die minderheids- en meerderheidsgroep se kulturele waardes nie; (ii) die mate waarin daar met die oorspronklike kultuur van die minderheidsgroep of die dominante Anglo-Saksiese kultuur geïdentifiseer word nie; (iii) en ook nie aan die mate waarin tweeledige identifikasie met die kulture voorkom nie. Wat wel geblyk het, is dat sterk identifikasie met die dominante sosiale groep en verwerping van die eie oorspronklike kultuur die adolessente in 'n groter mate konflik met hul ouers laat ervaar. Selfs die ouers van hierdie groep adolessente het meer konflik as die ander ouers waargeneem.

Dit is verder belangrik om daarop te wys dat Rosenthal benadruk dat die vlak van waargenome konflik waarna hier verwys word relatief laag was. Konflik het meestal ten opsigte van sake soos rook en die tye wanneer die adolessent uitgaan of hoe dikwels hulle uitgaan, voorgekom. Tussengenerasiekonflik met betrekking tot sake wat verband hou met persoonlike vryheid, beroepsdoelwitte en sosiale gedrag het nie betekenisvol voorgekom nie. Dit bevestig die meeste navorsers se bevindings dat die bestaan van tussengenerasiekonflik oordryf word soos uit die volgende bespreking sal blyk.

Douvan en Adelson (1966) kon geen betekenisvolle konflik tussen ouers en adolessente (12 - 18 jaar) vind nie. Bengtson (aangehaal in Adelson, 1970) het in ooreenstemming hiermee in sy navorsing met studente gevind dat 80% van die studente na aan hul ouers voel en goeie verhoudings met hulle het; 81% het gemeen dat hul kommunikasie met hulle ouers goed is; 78% het gevoel dat hul ouers hulle altyd of die meeste van die tyd goed verstaan.

Cromer (1978) kon ook geen bevestiging vir die bestaan van 'n tussengenerasiegaping deur konflik gekenmerk, vind nie. Van die Joodse proefpersone het 82,6% en van die nie-Joodse proefpersone het 75% gevoel dat hul ouers hulle goed verstaan. Verder het hy gevind dat 71,7% van die Joodse en 64,1% van die nie-Joodse proefpersone hul persoonlike probleme met hul ouers bespreek. Daar was ook 'n groter neiging om dit eerder met die moeder as die vader te bespreek. Die redes vir hul keuse van die moeder as 'n vertroueling was dat hulle beter met haar klaarkom, dat dit makliker is om met haar te praat en dat sy meestal gedurende die dag beskikbaar is. Diegene wat hul vader as vertroueling verkies het, het as rede aangevoer dat die vader meer prakties en objektief is.

Soortgelyke bevindings word deur Hamid en Wyllie (1980) met betrekking tot stedelike en plattelandse adolessente (14 - 16 jaar) in New Zealand gerapporteer wat dui op die bestaan van harmonieuse verhoudings tussen adolessente en hul ouers. Die adolessente se verhoudings met sowel hul vaders as moeders is verder deur intimiteit gekenmerk. Minder konflik het egter tussen die adolessente en hul vaders as tussen die adolessente en hul moeders voorgekom. Dit het veral in die geval van die adolessente dogters gegeld.

Daar is verder deur 'n aantal navorsers (Coleman, 1980; Coleman, George & Holt, 1977; Cromer, 1978; Hamid & Wyllie, 1980; Lloyd, 1985) vasgestel dat indien tussengenerasiekonflik voorgekom het, dit betrekking gehad het op redelik onbeduidende sake soos netheid, wanneer televisie gekyk mag word, fisieke voorkoms of kleredrag (veral haarlengtes), musieksmaak en ontspanningsaktiwiteite. Dit het dus gegaan om daaglikse aktiwiteite. Ten opsigte van basiese waardes, gedragskodes, ideologieë en lewensdoelwitte het konflik selde voorgekom.

Volgens Garbers (1971) het die meeste konflik tussen Pedi-adolessente en hul ouers ten opsigte van die spandering van geld en rondlopery saam met vriende voorgekom. Konflikte oor rook en seun-meisieverhoudings het meer tussen die adolessente seuns en hul ouers as tussen die dogters en hul ouers voorgekom.

Samevattend blyk dit dus uit 'n hele aantal studies dat konflik tussen adolessente en hul ouers nie betekenisvolle groot afmetings aanneem soos sekere teoretici meen nie en indien konflik voorkom dit betrekking het op relatief minder belangrike daaglikse aktiwiteite. Wanneer konflik as gevolg van sekere verskille ontstaan, ondermyn dit nie noodwendig die bande van liefde tussen die ouers en hul kinders nie (Thom, 1984).

Daar moet ook in gedagte gehou word dat 'n mate van konflik onvermydelik en selfs noodsaaklik vir persoonlikheidsgroei en die ontwikkeling van onafhanklikheid is. Dit bevorder ook egosterkte (*Mental Health Materials Centre*, 1978). In 'n konfliksituasie moet die adolessent leer om keuses te maak wat weer volwasse besluitneming bevorder. Deur oor waardes te redeneer, word die adolessent se begrip vir hierdie waardes bevorder en kan hy 'n persoonlike waardestelsel ontwikkel en internaliseer. 'n Mate van konflik tussen die adolessent en ouers impliseer dus nie noodwendig vervreemding nie, maar vorm deel van die ontwikkelingsproses.

Die adolessent se vlak van identiteitsontwikkeling hou ook volgens Santrock (1984) verband met die aantal kere wat die adolessent met sy ouers tydens 'n gesinsbespreking van 'n sekere saak kan verskil. Santrock kom tot die slotsom dat "a virtually conflict-free relationship may suggest that an adolescent has a fear of separation, exploration, and independence" (p. 255).

5.2 DIE VADER-ADOLESSENT- EN MOEDER-ADOLESSENTVERHOUDING

Volgens Youniss en Smollar (1985) se navorsing sien adolessente hul ouers as gesagsfigure en aanvaar hulle hierdie gesag as geregverdig en waardevol. Die waarde wat hulle aan die gesag van die ouers heg, skryf hulle toe aan die ouers se groter ervaring en meer kennis van die samelewing. Hulle meen ook dat die ouers hierdie gesag uitoefen omdat hulle vir hul kinders omgee en hul geluk en welsyn op die hart dra. Die adolessente sien ook nie hierdie gasag as beperkend vir hulle as individue nie omdat die ouers hulle wel die nodige vryheid gee en nie soos klein kindertjies behandel nie.

Verder word die ouers se gesag gesien as in ooreenkoms met die uitvoering van die rol wat hulle het en nie soseer omdat hulle so 'n tipe persoonlikheid het nie. Moeders tree egter in 'n groter mate as die vaders in hul persoonlike hoedanigheid op. Dit kan toegeskryf word aan die groter betrokkenheid van die moeders by die persoonlike, emosionele en sosiale lewe van hulle seuns en dogters. Moeders deel ook meer van hulle eie gevoelens met hul adolessente kinders. Vaders is meer verwyderd en geslote.

In die algemeen ervaar adolessente dat hulle genoeg vryheid binne die ouer-adolessentverhouding het om hulself te wees en om hulself as afsonderlike individue binne die gesin te sien. Die aard van die ouer-adolessentverhouding beperk dus nie die proses van identiteitsvorming en individuasie nie.

Youniss en Smollar wys verder daarop dat hulle bevindings nie die siening dat moderne ouers nie in staat is om hul rolle as opvoeders en sosialiseerders te vervul, ondersteun nie. Hulle navorsing kon ook nie die siening bevestig dat die adolessent se toenemende kognitiewe bevoegdhede hom in staat stel om sy identiteit op sy eie te vorm nie. Sy toenemende vermoë stel hom wel in staat om ta redeneer en om sake te bevraagteken, maar hy het die ouers nodig vir verifiëring en goedkeuring. Die adolessent besef dat selfrefleksie onsekerheid meebring en dat hy ander persone vir kontrole nodig het.

Alhoewel die vader en die moeder as ouers dieselfde funksie het, vervul hulle hul rol as ouers op verskillende wyses. Daar bestaan egter baie min navorsing oor die onderskeie rolle van die vader en die moeder en veral min oor die vader-adolessentverhouding.

Met betrekking tot die vader se verhouding met sy adolessente seun en dogter het Wright en Keple (1981) gevind dat vaders dikwels voel dat hulle nie hul dogters se probleme kan hanteer nie omdat hulle die emosionele aard daarvan nie begryp nie. Dogters ervaar hul vaders dan ook as persoonlik onbetrokke. Die vaders verklaar ook dat hulle meer op hul gemak in hul verhouding met hul seuns is omdat hulle met hul seuns se probleme kan identifiseer. Seuns ervaar egter soms hul vaders se besorgdheid as 'n vorm van beheer. Die resultaat is dat die vader-seunverhouding dan soms deur ambivalente gevoelens en konflik gekenmerk word omdat die seun na onafhanklikheid strewe.

Uit die omvangryke navorsing van Youniss en Smollar (1985) het dit ook geblyk dat adolessente dogters hul vaders as gesagsfigure sien wat raad en leiding kan gee oor praktiese aangeleenthede en gedragswyses. Alhoewel sekere vaders wel hul dogters ondersteun, ontbreek hierdie steun aan emosionele inhoud. Die kontak tussen vaders en dogters was onreëlmatig en het gewoonlik 'n gebrek getoon aan intimiteit, begrip en aanvaarding. Die dogters het ook verklaar dat hulle ongemaklik en teruggetrokke in hul verhouding met hul vaders voel. Ware konflik het egter selde voorgekom wat daarop dui dat die verhouding tussen die vaders en adolessente dogters nie 'n negatiewe verhouding weerspieël nie.

Hierteenoor is die moeder-dogterverhouding gekenmerk deur 'n kombinasie van gesag en gelykheid, intimiteit en konflik. Alhoewel die adolessante dogter dus ook die moeder as 'n gesagsfiguur sien, voel sy minder verwyderd van haar as van haar vader. Die dogters voel vry om die moeder as vertroueling te gebruik en om terselfdertyd met haar rusie te maak en ongehoorsaam aan haar te wees. Die moeders voorsien in hul dogters se emosionele en materiële behoeftes. Hulle gesels ook oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe alhoewel die kwaliteit van hul kommunikasie nie altyd na wense is nie. Verder sien die dogters hul moeders as persone wat hulle hulp nodig het en wat ook hulp aan hulle sal verleen. Dit verklaar die aard van die gesagsverhouding wat deur sowel intimiteit as gelykheid gekenmerk word.

Ten opsigte van adolessente seuns se verhoudings met hul vaders en moeders het Youniss en Smollar die volgende gevind: Adolessente seuns sien hul vaders as persone met wie hulle ontspannings- en werkaktiwiteite kan deel en met wie hulle objektiewe of praktiese probleme kan bespreek. Hul vaders verdien ook hul respek en gehoorsaamheid omdat hulle in hul materiële behoeftes voorsien. Hul verhouding kan dus as verwyderd, maar respekvol beskryf word.

Die seuns se verhoudings met hul moeders word weer gekenmerk deur gesag, maar terselfdertyd deur 'n gevoel van nabyheid gebaseer op wedersydse vertroue en oopheid. Die moeders word gesien as diegene wat die reëls neerlê wat nagekom en gerespekteer moet word. Die moeders beperk dus die seuns se gedrag en beklee 'n dissiplinêre posisie. Desondanks sien die seuns hul moeders as persone wat vir hulle omgee en wat liefdevol is. Soms sien hulle egter die begaanheid oor hulle as te indringend.

Albei ouers word dus as gesagsfigure gesien, maar hierdie gesagskenmerk maak slegs 'n deel van die verhouding met die moeder uit. Moeders luister ook na hul probleme, deel hulle ervarings en toon wanneer nodig respek vir hul seuns se sienings. Moeders kan dus sowel ouers as vriende wees.

Volgens Youniss en Smollar is die verskille tussen die seun-vader- en dogter-vaderverhouding en die seun-moeder- en dogter-moederverhouding dus baie dieselfde. Die verskille tussen die dogter-vader- en dogter-moederverhouding is net meer ekstreem of intenser.

Volgens Elkind en Weiner (1978) sien adolessente hul vaders in die algemeen as betroubaar en verstandig en hul moeders as begrypend en simpatiek. Uit navorsing (Rogers, 1985) met swart vroeë adolessente uit die laer klas het dit geblyk dat dogters hul moeders se gedrag as liefdevol en hul verbouding as kameraadskaplik sien. Alhoewel die moeders die seuns se gedrag beheer het, het die seuns dit nie as oorbeskermend ervaar nie, maar as belangstellend.

Youniss en Smollar (1985) kom tot die slotsom det adolessente se verboudings met hul vaders nie soseer psigologiese ontwikkeling bevorder nie, maar eerder die ontwikkeling van onafhanklikheid. As rede voer hulle aan: "Because fathers' demands are selective and because fathers do not intrude on most of what adolescents do, sons and daugbters have room to think about reality witb others from whom they can gain consensual validation" (p. 90).

Die verhouding tussen ouers en adolessente kinders is deur Stinnett, Talley en Walters (1973) tussenkultureel ondersoek. Met betrekking tot die mate waarin 'n gevoel van nabyheid tussen die vaders en hul kinders tydens die kinderjare ervaar is, het 85,5% swart (Neger) studente en 77,2% blanke studente 'n bo-gemiddelde gevoel van nabyheid gerapporteer. Met betrekking tot die ervaring van 'n gevoel van nabyheid tussen die moeders en hul kinders het 58,2% swart en 42,2% blanke studente 'n bo-gemiddelde gevoel van nabyheid gerepporteer. Hulle het ook gevind dat 'n groter persentasie swart studente (27,2%) as blanke studente (15,9%) baie dikwels vry voel om met hul ouers oor hul probleme en ander sake te praat.

Dit blyk dus dat swart studente in hulle verhoudings met hul ouers 'n groter mate van 'n gevoel van nabyheid tydens hul kinderjare ervaar het as die blanke studente. Dit dui moontlik op 'n hegter ouer-kindverhouding by swart as by blanke gesinne. Die navorsers kom dan ook tot die volgende belengrike gevolgtrekking wat in navorsing oor die swart gesin en ouer-kindverhouding in die VSA in gedagte gehou moet word:

> That the black students experienced closer parent-child relationships even though they were less likely to report their parents' marital status as living together, suggest that the tendency to concentrate upon the weaknesses and disorganization of black families by almost exclusively using demographic cheracteristics as the index of family strength is guestionnable. (p. 350)

5.3 DIE INVLOED VAN OUERGEDRAG EN DIE VORM VAN OUERBEHEER OP ADOLESSENTE ONTWIKKELING

Empiriese gegewens dui volgens Conger en Petersen (1984) daarop dat die adolessent se ouers die belangrikste eksterne invloed op sy ontwikkeling is. Of die ouers outonomie aanmoedig of baie permissief optree asook die kwaliteit van die ouer se optrede teenoor die adolessent, of dit liefdevol of verwerpend, kalm of angstig, betrokke of onbetrokke en gedistansieerd, rigied of buigbaar, beherend of rigtinggewend is, het 'n besliste invloed op die adolessent se gedrag en aanpassing.

5.3.1 Dimensies van ouergedrag

Die volgende twee dimensies van ouergedrag kan onderskei word:

- Die liefdevol-vyandigheidsdimensie

Hierdie dimensie van ouergedrag word ook deur skrywers beskryf as die warmte-vyandigheids-, aanvaardende-verwerpende, of liefdevol-verwerpende dimensies en verwys na die kwaliteit van die ouer se optrede. Die positiewe pool van die dimensie verwys na kenmerke soos aanvaarding, liefdevolheid, goedkeuring, begrip, kindgesentreerdheid, die dikwelse gebruik van verduidelikings, positiewe reaksies op afhanklikheidsgedrag, die gee van redes wanneer dissipline toegepas word, die gebruik van lof tydens dissiplinering en min gebruik van fisieke straf. Die negatiewe pool behels die teenoorgestelde van hierdie kenmerke.

Die dimensie wat liefdevolheid behels, hou verband met Erikson se siening van die kind se behoefte aan liefde en vertroue. 'n Aantal studies (aangehaal in Conger & Petersen, 1984) toon dat sterk, ondubbelsinnige ouerliefde baie belangrik is vir die adolessent se ontwikkeling van eiewaarde, die opbou van konstruktiewe en belonende interpersoonlike verhoudings en die ontwikkeling van 'n sterk identiteitsgevoel.

- Die outonomie-beheerdimensie

Na hierdie dimensie word ook verwys as permissiewe versus beherende ouergedrag. Die beherende of beperkende vorm van ouergedrag behels baie beperkings wat op die adolessent se gedrag gelê word asook die strenge afdwinging van sekere eise en reëls. Gewoonlik dring die ouers rigied aan op netheid, ordelikheid, gehoorsaamheid en die inhibering van aggressie teenoor ander persone. Hierdie vorm van ouergedrag dra by tot die inhibering van sosiale gedrag, nuuskierigheid, kreatiwiteit, inisiatief en 'n onbuigbare benadering tot die hantering van intellektuele, akademiese en daaglikse probleme.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat die ouer se gedrag meestal tussen hierdie twee dimensies varieer. Die kind wat byvoorbeeld aan warm of liefdevolle, maar ook beperkende ouerlike optrede blootgestel is, sal moontlik onderdanig, hoflik en netjies wees; afhanklik en konformerend; minder aggressief, dominerend en wedywerend teenoor sy tydgenote, maar terselfdertyd ook minder vriendelik en kreatief. Hierteenoor sal die kind wat in 'n huis

opgroei waar hy baie liefde ontvang asook die nodige mate van outonomie (toepaslik vir sy ouderdom) moontlik die volgende kenmerke toon: sosiale selfgelding, 'n groter mate van aktiwiteit, onafhanklikheid, vriendelikheid, kreatiwiteit en geen vyandigheid teenoor homself en ander persone.

5.3.2 Patrone van ouerbeheer

Binne die dimensies van ouergedrag kan die volgende patrone van ouerbeheer onderskei word (Baumrind, 1968, 1975; Conger & Petersen, 1984; Kimmel & Weiner, 1985; Lloyd, 1985; Lorton & Lorton, 1984):

- Outokraties

Ouers wat outokratiese ouerbeheer toepas laat die adolessent nie toe om sy mening uit te spreek of siening te lug nie. Hy het ook geen kans om sy eie gedrag te beheer en op eie inisiatief besluite te neem nie. Volgens Gold en Yanof (1985) dra sodanige vorm van ekstreme ouerlike dominering by tot 'n verswakking van die emosionele band tussen die ouer en adolessent.

- Outoritêr

Die adolessent mag wel 'n bydra lewer om oplossinge vir sekere probleme te vind, maar die ouers neem altyd die besluit volgens hul eie oordeel. Die ouers poog om die kind se gedrag te vorm, te beheer en te evalueer volgens sekere vasgelegde standaarde of norme. Geboorsaamheid word hoog geag en streng maatreëls word getref dat die kind se sienings en gedrag nie in konflik met die van die ouers is nie. Die ouers glo daarin dat waardes soos respek vir gesag en werk asook respek vir bewaring van orde en tradisionele strukture afgedwing moet word. 'n Tweerigting kommunikasie van gee en neem bestaan dus nie. Die adolesaent moet onbevraagteken die ouers se sienings en besluite as korrek aanvaar.

Navorsing (Peterson, 1984) het getoon dat adolessente wat in outoritêre huise opgroei baie meer probleme ervaar as diegene wat in demokratiese huise opgroei. Hulle ervaar nie net probleme met betrekking tot gesinsverhoudings nie, maar ook op persoonlike, sosiale, heteroseksuele, skolastiese, beroepskeuse en godsdienstige terreine. Hulle verskil ook meer dikwels van hul ouers as ander adolessente.

- Demokraties

Die adolessent kan vrylik deelneem aan besprekings van reëls, houdings en waardes wat met sy gedrag verband hou. Hy word selfs toegelaat om sekere besluite self te neem. In alle gevalle is hierdie besluite egter onderhewig aan die ouers se goedkeuring of formuleer die ouers die finale besluit. Die ouer aanvaar dus verantwoordelikheid vir die adolessent se gedrag. Outonomie, maar gedissiplineerde gedrag word beklemtoon. Kommunikasie word deur 'n instelling van gee en neem gekenmerk. Die ouers regverdig hul optrede deur hul besluite, eise of beperkings te verduidelik of redes daarvoor te gee.

In die geval van die adolessent wat besig is om onafhanklikheid te ontwikkel en groter verantwoordelikheid vir sy gedrag te aanvaar ten einde hom vir volwassenheid voor te berei, is sodanige vorm van ouerbeheer baie belangrik. Die ouers kombineer beredenerende beheer met liefde en warmte.

- Egalitêr

Hierdie patroon van ouerbebeer word gekenmerk deur baie min roldifferensiëring. Die ouers en die adolessent is in dieselfde mate by besluitneming met betrekking tot die adolessent se gedrag betrokke.

- Permissief

Die adolessent word toegelaat om sy eie aktiwiteite te beheer en bet meer gesag ten opsigte van besluitneming oor sy eie gedrag as die ouers. Die ouers pas geen beheer en dissipline toe nie.

- Laissez-faire

Die onderskeid tussen die gesag van die adolessent en die ouers is in hierdie geval nog meer opvallend as in die geval van permissiewe beheer. Die adolessent besluit self of hy die ouers se wens gaan aanvaar of verwerp.

- Ignorerend

Die ouers is heeltemal onbetrokke en die adolessent word ten volle aan homself oorgelaat.

Aangesien die outokratiese, laissez-faire en ignorerende ouerbeheer ekstreme patrone verteenwoordig, onderskei die meeste navorsers net tussen die outoritêre, demokratiese en permissiewe vorm van ouerbeheer (Lorton & Lorton, 1984).

Conger en Petersen (1984) wys daarop dat die gesag wat uitgeoefen word om die belang en welsyn van die adolessent te bevorder deur die adolessent goed aanvaar word. Hierteenoor verwerp die adolessent gesag wat berus op die volwassene se behoefte om te domineer en homself te laat geld. Daar is ook gevind dat outoritêre en baie permissiewe ouerbeheer geassosieer word met 'n gebrek aan 'n verbouding wat deur 'n gevoel van nabyheid tussen die ouer en die kind gekenmerk word. Adolessente is ook in 'n groter mate geneig om hul ouers as modelle vir hul sienings en gedrag te gebruik wanneer hul ouers rades vir hul basluite en reëls verstrek. Hulle assosieer dan ook met maats wat die ouers goedkeur.

Verder identifiseer adolessente in 'n groter mate met ouers wat beheer oor hulle uitoefen as met ouers wat geen gesag uitoefen nie (Kimmel & Weiner, 1985). Adolessente met permissiewe ouers voel dus meer dikwels dat hulle deur hul ouers in die steek gelaat word omdat hulle geen leiding van hulle ontvang nie, nie vir hulle omgee nie en nie geskikte rolmodelle vir hulle is nie. Adolessente het 'n beboefte aan leiding en beheer - nie in die sin van outokratiese beheer waar hulle alle reg tot deelname aan besluite ontsê word en waar hulle nie toegelaat word om deel te neem aan die bespreking van sekere reëls en regulasies nie, maar in die sin van demokratiese beheer waar hulle toegelaat word om hul mening te lug en oor sake te redeneer. Hulle kan ook dan steun op dia ouers se leiding en beheer.

Volgens Kandel en Lesser (1972) is adolessente wat oorwegend demokraties beheer word ook meer geneig om hul probleme met hul ouers te bespreek as adolessente wat oorwegend outoritêr beheer word. Demokraties beheerde adolessente is varder meer oortuig van hul waardes en doelwitte en is ook meer onafhanklik en vol selfvertroue as die adolessente wat outoritêre ouers het (Conger & Petersen, 1984).

Ten slotte moet daar in gedagte gehou word dat ouers wel in die algemeen geneig kan wees om meer demokraties op te tree, maar nie altyd in alle

situasies hierdie enkele styl sel handhaaf nie. Ten opsigte van morele waardes en godsdiens kan hulle byvoorbeeld eerder outoritêr as demokraties optree. Benewens verskille met betrekking tot sekere situasies kan veranderlikes soos geslag, sosiale klas en kultuur ook die ouerlike styl bepaal (Lorton & Lorton, 1984).

5.4 DIE ADOLESSENT-PORTUURVERHOUDING

Aangesien daar in hierdie navorsing nie eandag gegee sal word aan konformering met die adolessente portuurgroep nie, maar aan die belang van portuurs (vriende of slegs tydgenote), sal die struktuur en funksies van die portuurgroep nie bespreek word nie. Die portuurgroep word gekenmerk deur eie waardes en norme vir gedrag en funksioneer volgens bepaalde kriteria, terwyl portuurs verwys na die adolessent se tydgenote waarmee hy binne of buite 'n spesifieke groep kommunikeer.

5.4.1 Die belang van portuurs tydens adolessensie

In die hedendaagse tegnologiese samelewing waar die verskillende ouderdomsgroepe geskei is, speel portuurs 'n belangrike rol in die psigologiese en sosiale ontwikkeling van die adolessent. In die algemeen bied die portuurs aan die individu die geleentheid om sosiale interaksie aan te leer, om sosiale gedrag te beheer, om ouderdomstoepeslike vaardighede en belangstellings te ontwikkel en om soortgelyke probleme en gevoelens te deel. Tydens adolessensie raak die funksies van die portuurs meer spesifiek. Verhoudings met albei geslegte begin om as prototipes vir latere volwasse verhoudings te dien, nie net met betrekking tot heteroseksuele verhoudings nie, maar ook algemene sosiale verhoudings en interpersoonlike verhoudings in 'n beroep (Conger & Petersen, 1984; Santrock, 1984).

Portuurverhoudings word verder toenemend belangriker omdat die adolessent besig is om onafhanklikheid van die ouers te ontwikkel. Gesinsverhoudings word ook soms meer gespanne aangesien die adolessent saam met sy strewe na onafhanklikheid sy veilige afhanklikheid ook nie ten volle wil prysgee nie; vyandigheid dikwels naas liefde bestaan; en konflik oor kulturele waardes en sosiale gedrag kan voorkom wanneer die adolessent bestaande waardes en houdings ondersoek. Die resultaat is dat die adolessent dit soms moeilik vind

om sy innerlike ervarings en uiterlike gedrag met sy ouers te deel en hom dus na sy tydgenote met soortgelyke belewenisse wend. Aangesien die ouers ook dikwels die wel en weë van hul adolessentejare net gedeeltelik onthou, is dit vir hulle moeilik om altyd hul adolessente kinders se probleme te deel of om begrip daarvoor te toon.

In ander gevalle ontbreek ouerlike warmte en liefde of kom ouerlike vyandigheid, verwaarlosing en uithuiting voor. Die portuur kan dan in so 'n geval 'n bron van begrip en ondersteuning wees. Hulle kan ook as rolmodelle vir wedersydse bevredigende interaksie met ander persone dien omdat dit in die ouer-kindverhouding ontbreek. Die adolessent kan ook so gehelp word om 'n beter begrip van homself, sy probleme en doelwitte te kry en 'n gevoel van persoonlike waarde te ontwikkel asook geloof in die toekoms (Conger & Petersen, 1984; Lloyd, 1985).

Teenoor die voordele wat verboudings met portuurs inhou, kan sekere verhoudings egter ook skadelike gevolge bê. Wanneer die adolessent verneder of voor gelag word in sy pogings om 'n heteroseksuele verhouding aan te knoop of om by 'n groep aan te sluit, kan by angstige vermydingsresponse ontwikkel wat moeilik afgeleer word. Verder kan die adolessent teen sy beterwete aan die druk van sekere groepe toegee en deelneem aan optredes waaroor hy later spyt kan wees.

Ondanks die negatiewe invloede wat portuurs kan uitoefen, is dit nogtans wenslik dat die adolessent positiewe verhoudings met sy portuurs sal erveer. Adolessente het meestal 'n sterk beboefte daaraan om hul gevoelens, vertwyfeling, ervarings en drome met hul tydgenote te deel. Hulle rig en ondersteun mekaar. Al toon ouers 'n groot mate van begrip, is hulle rol steeds beperk deur die feit dat hulle reeds volwasse is, terwyl adolessente nog strewe na volwasse status. Adolessente besef dat vorige generasies wel volwassenheid bereik het en voel dus dat as hulle saamstaan hulle dit ook sal kan bereik. Hulle is in dieselfde bootjie.

5.4.2 Vriendskappe

Vriendskap is 'n spesiale verhouding tussen twee persone wat vir mekaar omgee en belangrike aspekte van hul lewens met mekaar deel (Kimmel & Weiner, 1985).

Hulle deel ook dikwels dieselfde belangstelling, is begaan oor mekaar se welsyn en is baie betrokke by mekaar. 'n Vriendskapsverhouding word gewoonlik ervaar as aangenaam en belonend en laat die betrokke persone goed oor hulself voel en dra by tot 'n gevoel van vervulling.

Tydens adolessensie kry vriendskappe nie net nuwe betekenis as gevolg van die adolessent se groter selfbewustheid en sy behoefte aan begrip vir sy seksualiteit asook sy behoefte aan sosiale en emosionele steun nie, maar ook omdat hy oor die kognitiewe vermoë beskik wat hom in staat stel om dieper te kyk as die opsigtelike kenmerke van mense en hul gedrag. Unieke persoonlikheidskenmerke insluitende motiewe vir gedrag, persoonlike waardes, strewes en behoeftes van ander mense word nou waargeneem, geëvalueer en waardeer. Dit gee dus aan die keuse van vriende en die ontwikkeling van vriendskappe tydens adolessensie 'n dieper kwaliteit (Peterson, 1984).

Teenoor die hiërargiese verhouding tussen die adolessent en sy ouers is die verhouding tussen die adolessent en sy/haar vriend(in) egalitêr. Interaksie binne die vriendskapsverhouding vorm dus 'n basis vir latere egalitêre verhoudings soos die met kollegas en bure (Berndt, 1982; Rogers, 1985).

5.4.2.1 Die aard van adolessente vriendskappe

Die adolessente vriendskapsverhouding word gekenmerk deur **intimiteit** wat verwys na die aspekte van die verhouding wat deur 'n gevoel van nabyheid en emosionele intensiteit gekenmerk word. Dit verwys dus na die deel van persoonlike of private gedagtes, gevoelens, inligting of vrese met mekaar (Berndt, 1982). Intimiteit het drie elemente, naamlik **selfopenbaring** (om persoonlike gevoelens en sienings met 'n vriend(in) te deel); **vertroue** (die oortuiging dat dit wat aan die vriend(in) geopenbaar word, gerespekteer sal word en nie teen hom/haar gebruik sal word of openbaar gemaak sal word nie); **eksklusiwiteit** (intimiteit word beperk tot spesiaal gewaardeerde vriendskappe) (Rogers, 1985).

Binne die vriendskapsverhouding kom verder **wederwydse begrip** voor. Youniss en Smollar (1985) het gevind dat 70% van die adolessente in hul navorsing meen dat 'n persoonlike vriend(in) hulle beter verstaan as hul ouers.

Binne die vriendskapsverhouding kan die adolessent dikwels sy twyfel, vrese en spanning sonder vrees vir wanbegrip, verwerping en vernedering openbaar. Vriendskappe het dus 'n terapeutiese waarde omdat daar uitdrukking gegee kan word aan problematiese of komplekse gevoelens (Conger & Petersen, 1984; Peterson, 1984; Rogers, 1985). Uit die navorsing van Cromer (1978) het dit ook geblyk dat 80,4% van die adolessente hul persoonlike probleme met hul vriende bespreek omdat die vriende dikwels dieselfde soort probleme as hulle ervaar en dus hul probleme verstaan.

Aangesien die adolessent baie sensitief is en homself blootstel deur sy innerlike gevoelens aan 'n vriend(in) te openbaar, word die belang van sekuriteit in die verhouding benadruk. 'n Vriend(in) moet lojaal en betroubaar wees asook 'n bron van steun tydens emosionele krisisse. Vriende kan mekaar kritiseer sonder vrees vir verwerping.

5.4.2.2 Verskillende vriendskapspatrone

Die funksie, kwaliteit en inhoud van vriendskappe verskil vir die verskillende stadia tydens adolessensie (vroeë, middel- en laatadolessensie) asook vir die verskillende geslagte.

Douvan en Adelson (1966) het in hul navorsing met adolessente meisies drie vriendskapspatrone wat tydens vroeë (11-13 jaar), middel- (14-16 jaar) en laatadolessensie (17 jaar en ouer) voorkom, onderskei. Tydens vroeë adolessensie sentreer vriendskappe om aktiwiteite wat die persone saam kan doen eerder as emosionele interaksie en diepte binne die verhouding.

Tydens middeladolessensie word die persoonlikheid van die ander persoon en die reaksie van die persoon die sentrale tema van die vriendskap (Conger & Petersen, 1984). Die adolessente meisie soek in 'n vriendin iemand wat haar ervarings kan deel, wat op haar reageer en wat as 'n spieëlbeeld van haarself kan dien. Hierdie proses van refleksie en observasie (vergelyk 3.1.2.3) bevorder identiteitsontwikkeling (Douvan & Adelson, 1966). Geleentheid vir gedeelde gevoelens en gedagtes help adolessente ook om hul onsekerheid oor heteroseksuele verhoudings en hul geslagsrolidentiteit te bowe te kom. Die vriend se lojaliteit, betroubaarheid an respek is veral nou belangrik. Die emosionele intensiteit van die vriendskapsverhouding, die kwesbaarheid van die

persone in die vriendskap en die belang van vriendskappe vir die adolessent se ontwikkeling bereik dus tydens middeladolessensie 'n hoogtepunt.

Die navorsing van O'Donnell (1979) het ook getoon dat vriende vir 16 jarige blanke en swart adolessente baie belangrik is. Aanvanklik was die blanke adolessente meer portuurgeoriënteerd as die swart adolessente. Namate hulle ouer geword het, was die swart adolessente weer meer portuurgeoriënteerd tot die ouderdom van 16 jaar waar geen kultuurverskille meer voorgekom het nie.

Tydens laatadolessensie neem die intense emosionele kwaliteit van vriendskappe af en word die verhouding meer ontspanne en gekenmerk deur outonome interafhanklikheid. Die toename in die belang van heteroseksuele verhoudings lei ondermeer tot hierdie afname in die intensiteit van vriendskappe met dieselfde geslag (Conger & Petersen, 1984; Douvan & Adelson, 1966). Alhoewel vriende steeds na aan mekaar is, word elke persoon gesien as outonoom en word individuele persoonlikhede en talente erken en waardeer aangesien dit tot die kwaliteit en waarde van die verbouding bydra. Identifikasie met die vriend neem ook af omdat die individu sekerder van sy identiteit is. Wedersydse vertroue is steeds belangrik, maar die vrees vir verwerping en om verraai te word, is minder intens.

Benewens ouderdomsverskille kom geslagsverskille ten opsigte van vriendskappe ook voor. Navorsers soos Brendt, Hawkins en Hoyle (1986), Douvan en Adelson (1966), Hunter en Youniss (1982) en Youniss en Smollar (1985) het gevind dat intimiteit in 'n vriendskap vir adolessente meisies belangriker as vir seuns is en ook in 'n betekenisvolle mate meer kenmerkend van meisievriendskappe is. Dit het verder geblyk dat meisies se vriendskappe begter en dieper is en deur 'n groter mate van interafhanklikheid, sensitiwiteit en empatie gekenmerk word as seunsvriendskappe. Meisies het ook 'n groter behoefte aan volgehoue intieme vriendskappe en is meer besorgd oor die verhouding. Hierteenoor beklemtoon seuns eerder die resultaat van vriendskappe soos hulpverlening en om 'n maat te hê wat sy belangstellings in sekere aktiwiteite kan deel en met wie hy kan kommunikeer.

Hierdie verskille hou verband met die tradisionele sosiale verwagtings vir die twee geslagte. Meisies word in 'n groter mate gesosialiseer om interpersoonlike verhoudings te hanteer en om binne 'n verhouding intimiteit,

afhanklikheid, warmte en empatie te toon. By seuns word aktiwiteit, vaardigheid, prestasie, selfgelding en outonomie aangemoedig wat dus die ontwikkeling van intieme vriendskappe soos by meisies nie bevorder nie (Douvan & Adelson, 1966).

Coleman (1980) het verder gevind dat adolessente meisies (11-17 jaar) meer angs oor hul vriendskapsverhoudings ervaar. Spanning, jaloesie en konflik in die verhouding het ook meer dikwels by die meisies as die seuns voorgekom. Volgens Berndt (1982) was die meisies ook meer begaan oor die getrouheid van hul vriendinne en het ook meer vrees vir verwerping as die seuns getoon. Die bevindings van Brendt, Hawkins en Hoyle (1986) het ter ondersteuning hiervan ook getoon dat meisies meer bekommerd is oor dislojaliteit of ontrouheid van vriende. Volgens hierdie bevindings het meisies ook prososiale optrede van vriende belangriker as die seuns geag. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die aard van adolessente meisies se vriendskappe waar hoër eise aan die bevrediging van emosionele behoeftes gestel word, terwyl seuns meer aktiwiteitgeoriënteerd is (Coleman, 1980).

Ongeag die voorafgaande geslagsverskille is vriendskappe vir albei geslagte tydens adolessensie belangrik en vervul dit sekere behoeftes.

5.5 DIE BELANG VAN OUERS VERSUS PORTUURS

Soos in die bespreking onder 2.4.6.2 verduidelik is, kan die sienings oor die rol en invloed van ouers en portuurs op die adolessent in twee groepe verdeel word, naamlik

- die wat die afnemende belang van die ouers tenoor die toenemende belang van die portuurs beklemtoon en argumenteer dat die invloed van die portuurs die ouer-adolessentverhouding ondermyn;
- die wat beklemtoon dat sowel die ouers as die portuurs vir die sosialisering en ontwikkeling van die adolessent belangrik is. Persone wat hierdie standpunt inneem, argumenteer dat alhoewel die invloed van hierdie twee groepe verskil met betrekking tot verskillende sake, die een groep se invloed nie belangriker of voordeliger is as die van die ander groep nie, maar wel aanvullend.

Die meeste navorsingsbevindings bevestig die laaste siening. As gevolg van kulturele, sosiale, ekonomiese, religieuse, opvoedkundige en geografiese ooreenkomste bestaan daar gewoonlik 'n groot mate van oorvleueling tussen die waardes van die ouers en vriende van die adolessent wat daartoe bydrae dat die vriende eerder hierdie waardes versterk as ondermyn (Conger & Petersen, 1984; Kandel & Lesser, 1969). Adolessente is ook geneig om vriende te kies wie se waardes ooreenstem met die van hul ouers (Forisha-Kovach, 1983). In ooreenstemming hiermee het Douvan en Adelson (1966) en Kandel en Lesser (1972) gevind dat die invloed van die ouers en die portuurs verenigbaar is.

Die potensiaal vir konflik tussen die invloed van die ouers en die portuurs word verder beperk deur die onsekerheid wat baie ouers ervaar oor die gedrag wat hulle van adolessente kan verwag. As gevolg van vinnige sosiale veranderinge, beskik ouers nie altyd oor die nodige ervaring om aan hul adolessente kinders leiding te kan gee. Al kla ouers dus soms oor hul kinders se konformering met die portuurgroep, moedig hulle desnieteenstaande die adolessent aan om leiding by die portuurgroep te soek. Verder sal ouers wat populariteit en sukses benadruk ook die adolessent motiveer om met die portuurgroep se verwagtings te konformeer aangesien populariteit in 'n groot mate op groepsaanvaarding berus (Conger & Petersen, 1984).

Weller en Luchterhand (1977) het verder gevind dat namate adolessente ouer word, ander bronne van inligting naas die ouers beskikbaar word, soos onderwysers en ander volwassenes. Dit het egter nie beteken dat die raad van die ouers verwerp is nie, maar dat ander persone se raad soms meer toepaslik vir sekere situasies was. Valiant (1983) het ook gevind dat al het die rol van die portuurs in vergelyking met die kinderjare toegeneem, dit nie gepaard gegaan het met 'n afname in die kwaliteit van die ouer-adolessentverhouding nie.

Hunter en Youniss (1982) het die aard van adolessente se verhoudings met hul moeders, vaders en beste vriende ondersoek. Die steekproef het adolessente seuns en meisies van die ouderdomsgroepe van 9, 12, 15, en 19 jaar ingesluit. Die teenwoordigheid van drie tipes verboudings is ondersoek, naamlik beherend, intiem en warm ondersteunend. Die ouers is konsekwent as meer beherend as vriende gesien. Hierteenoor het die adolessente se verhoudings met hul vriende toenemend meer intiem as hul verhoudings met hul ouers geword. Hul

verhoudings met hul ouers is deur 'n groot mate van warmte en ondersteuning gekenmerk en het ook konstant so gebly, terwyl warmte in hul verhoudings met hul vriende met ouderdom toegeneem het.

Met betrekking tot die rol van ouers en vriende het Youniss en Smollar (1985) gevind dat die funksie van die ouers nie afneem nie, maar dat die funksie van die twee groepe eerder soos volg verskil: "Parental concern is seen to emanate from the parents' role, which is orientated to the future, while the concern that friends have for each other is perceived in tems of a person-to-parson agreement" (p. 141).

Die meeste adolessente leef dus in 'n toekomsgeoriënteerde wêreld van volwassenes soos deur hul ouers verteenwoordig en 'n huidig-georiënteerde wêreld wat deur hul portuurs verteenwoordig word. Hulle trek voordeel uit die sosiale standaarde van hul portuurs én die langtermyn waardes van die ouers. Valiant (1983) en Youniss en Smollar (1985) se navorsing het dan ook bevestig dat adolessente se verhoudings met sowel hul ouers as portuurs belangrik is en dat hul invloed aanvullend en soms ook oorvleuelend is. Die aanvullende aard van die invloed van ouers en portuurs blyk daaruit dat hulle dikwels verskillende sake of areas van die adolessente se lewens beïnvloed.

Wie die grootste invloed sal uitoefen, die ouers of portuurs sal deur die volgende faktore bepaal word:

- Die betrokke situasie of saak;
- Die kwaliteit van die ouer-adolessentverbouding.

5.5.1 Die belang van ouers en portuurs met betrekking tot sekere situasies en sake

Wie (die ouers of portuurs) se mening of siening die grootste gewig sal dra of die grootste invload sal uitoefen, sal bepaal word deur die adolessent se siening van wie se mening die grootste waarde vir 'n spesifieke situasie of saak inhou. Navorsingsbevindings bieroor het die volgende aan die lig gebring:

Die adolessent sien sy ouers as die belangrikste bron van inligting met betrekking tot sake wat morele oordeel vereis (Young & Ferguson, 1979). In ooreenstemming hiermee is gevind dat die ouers se menings oor sake wat deur

morele waardes onderlê word groter gewig dra as die van die portuurs (Brittain, 1963); dat adolessente sake in die sosiaal-etiese veld eerder met die ouers as die portuurs bespreek (Hunter, 1985); en dat adolessente se waerdes in die algemeen die meeste deur die ouers beïnvloed word (Douvan & Adelson, 1966; Kandel & Lesser, 1972). Wanneer daar tussen die raad en leiding van die moeder, vader en vriende met betrekking tot morele sake onderskei word, het Kandel en Lesser (1972) verder gevind dat 39% van die adolessente op die moeder se raad en leiding gesteun het, 12% op die vader en 17% op die vriende.

Wat hetref die adolessent se toekomsdoelwitte of langtermynbeplanning met betrekking tot sake soos beroepsopleiding het dit ook geblyk dat die ouers die grootste invloed uitoefen of dat hul mening, raad en leiding die waardevolste geag word (Adelson, 1970; Conger & Petersen, 1984; Douvan & Adelson, 1966; Kandel & Lesser, 1972; Valiant, 1983). Adolessente bespreek ook eerder sodanige sake met die ouers as portuurs (Hunter, 1985; Youniss & Smollar, 1985). Verder het Kandel en Lesser (1969) gevind dat die moeder se invloed op die adolessent se opvoedkundige planne voorkeur geniet wanneer die moeder en beste vriende nie saamstem nie. Wanneer daar tussen die raad en leiding van die vader, moeder en vriende onderskei word, is gevind dat die moeder se raad en leiding ten opsigte van beroepsplanne die meeste aanvaar word, dan die vader en laastens die van die vriende (Kandel en Lesser, 1972).

Hierbenewens het Brittain (1963) gevind dat ouers se raad met betrekking tot deeltydse werk en met watter seun uitgegaan moet word bo die van die portuurs verkies word. Wanneer die adolessente meisie egter moet besluit met watter seun 'n verhouding aangeknoop moet word, is die raad van die ouers en portuurs as gelykwaardig gesien.

Ten opsigte van met wie uitgegaan moet word, het Kandel en Lessar (1972) se bevindings weer getoon dat die vriende en die moeder se raad en leiding in dieselfde mate op gesteun word en in 'n baie kleiner mate op die vader. Ten opsigte van watter klere gekoop moet word, het die moeder die grootste invloed gebad, dan die vriende, terwyl die vader baie min invloed daarop uitgeoefen bet. Met betrekking tot die keuse van 'n vaste vriend is daar ook die meeste op die raad en leiding van die moeder gesteun, dan die vriende en die minste op die vader.

Met betrekking tot persoonlike probleme het die adolessente ongeveer in dieselfde mate op die raad en leiding van die vriende en die moeder gesteun, maar weer eens heelwat minder op die vader. Dit blyk dus dat daar in die meeste gevalle baie meer op die raad en leiding van die moeder as die vader gesteun word.

Verder het dit geblyk dat adolessente meer waarde heg aan die menings van hul portuurs of dat portuurs groter invloed uitoefen op adolessente ten opsigte van die volgende sake: musieksmaak en kleredrag (Adelson, 1970); ontspanningsaktiwiteite (Kandel & Lesser, 1972); daaglikse handel en wandel (Valiant, 1983); vryetydsbesteding of vermaak, keuse van vriende, taalgebruik en intereksie of verhoudings met dieselfde en die teenoorgestelde geslag (Conger & Petersen, 1984; Lloyd, 1985). Young en Ferguson (1979) het ook gevind dat vriende as die bron van inligting verkies is wanneer sosiale aangeleenthede ter sprake is.

Wanneer die bevindings van Kandel en Lesser (1972) met betrekking tot die invloed van die verskillende groepe op die adolessent se keuse van vriende, met wie uitgegaan moet word en kleredrag met die bevindings waarna in die vorige paragraaf verwys is, vergelyk word, blyk dit teenstellend te wees. Volgens Kandel en Lesser is die belang van die moeder ten opsigte van hierdie sake groter, terwyl Adelson (1970), Conger en Petersen (1984) en Lloyd (1985) die belang van die portuurs as oorwegend aandui. Hierdie verskil kan moontlik daaraan toegeskryf word dat Kandel en Lesser (1972) tussen die invloed van die vader en moeder onderskei het en die ander navorsers nie. Verdere navorsing is dus nodig om groter duidelikheid oor die verskille te kry.

Wat betref seksuele aangeleenthede het die bevindings van navorsers ook gewissel. Youniss en Smollar (1985) het gevind dat adolessente seksuele aangeleenthede eerder met hul vriende as hul ouers bespreek. Shah en Zelnik (1981) het ook gevind dat adolessente meisies se sienings in verband met voorhuwelikse geslagsgemeenskap meer ooreenkom met die van hul portuurs.

Yalom, Estler en Brewster (1982) het egter gevind dat ongeveer die helfte van die vroulike studente (46%) in hul nevorsing dit maklik vind om seksuele sake met hul moeders te bespreek. Op 'n lys van tien persone met wie seksuele sake bespreek kan word (insluitende vriende), is aangedui dat die seksuele of romantiese vennoot al persoon was met wie daar makliker gesels is as die moeder.

5.5.2 Die invloed van die kwaliteit van die ouer-adolessentverhouding

Die invloed van die portuurs neem gewoonlik toe wanneer die adolessent nie die nodige aandag, affeksie of warmte, begrip en ondersteuning van sy ouers ontvang nie (Condry & Siman, 1974; Conger & Petersen, 1984). Dit blyk verder dat adolessente wat oorwegend portuurgeoriënteerd is teenoor die wat volwassegeoriënteerd is hulself in 'n groter mate in 'n negatiewe lig sien. Hulle sien hulself as minder betroubaar, gemener, ongehoorsaam en geneig om makliker aan die druk van die portuurgroep toe te gee. Hulle is ook nie baie positief in hul siening van hul toekoms nie en stel nie baie belang in akademiese werk of prestasie nie. Hul waardes fokus grootliks op plesier en onmiddellike voordele eerder as langtermyn doelwitte.

Die portuurgroep waarvan portuurgeoriënteerde adolessente deel is se aktiwiteite sluit gewoonlik aktiwiteite in soos om ander te terg, na plate te luister, te skinder, na die bioskoop of partytjies te gaan en om iets onwettigs te doen. Hulle is selde betrokke in meer gestruktureerde aktiwiteite soos om musieksinstrumente te bespeel, iets te bou, aan sport deel te neem of daarna te kyk of om iemand anders te help met 'n sekere taak.

Die ouers van volwassegeoriënteerde adolessente word gesien as konsekwent in hul gedrag en dissipline, warm en liefdevol, maar ook beherend. Hulle handhaaf dus 'n demokratiese opvoedingstyl en hul verhouding met hul kinders word gekenmerk deur 'n gevoel van kameraadskap. Hierteenoor is die ouers van portuurgeoriënteerde adolessente meer geneig om nie belang te stel in hul kinders se doen en late nie en toon hulle 'n gebrek aan begrip, affeksie en begaanheid oor hul kinders. Hulle neem 'n houding van passiewe verwaarlosing teenoor hul kinders in en daar word min saam deelgeneem aan gesinsaktwiteite. Hulle ondersteun en beheer nie hul kinders nie wat daartoe bydrae dat die kind elders goedkeuring, affeksie, belangstelling, aandag en ondersteuning gaan soek. Die portuurgeoriënteerde adolessent is dus eerder die produk van ouerlike verwaarlosing as die aantreklikheid en invloed van die portuurgroep. Die groep moet die vakuum vul wat die ouers laat.

Montemayor (1982) bet die voorafgaande bevindings verder ondersoek deur tussen die vader en die moeder te onderskei. Hy het gevind dat adolessente wat swak verhoudings met bul moeders gehad het, meer tyd saam met hul vaders deurgebring het as saam met hul portuurs.

Dit het ook geblyk dat adolessente wat baie ouerlike affeksie ontvang het minder geneig was om tussen die invloed van hul ouers en vriende te onderskei (Conger & Petersen, 1984). Daar moet ook in gedagte gehou word dat die behoefte om met die ouers of portuurs te konformeer baie van die adolessent se persoonlikheid en vlak van rypheid of volwassenheid afhang. Die meer outonome adolessent met selfvertroue (die resultaat van 'n demokratiese opvoeding) is geneig om van die ouers én portuurs se sienings te baat sonder om baie afhanklik van hulle te wees of om tussen hulle te onderskei.

6. NAVORSINGSONTWERP EN HIPOTESES

6.1 MEETINSTRUMENTE

In hierdie navorsing is die volgende meetinstrumente gebruik:

- Erikson-skaal. Hierdie skaal is deur Ochse (1983) ontwikkel ten einde Erikson se teorie te verifieer en kan dus ook gebruik word om adolessente se vlak van identititeitsontwikkeling te bepaal.
- Beroepsidentiteitskaal. Hierdie skaal is gebruik om adolessente se vlak van beroepsidentiteitsontwikkeling te bepaal. Die skaal is deur Holland, Daiger en Power (1980) ontwikkel.
- Biografiese vraelys.
- Gestruktureerde onderhoud. Deur middel van die onderhoud is bepaalde inligting met betrekking tot die ouer-adolessent- en adolessent-portuur-verhouding verkry.

Bogenoemde meetinstrumente sal vervolgens bespreek word. Aangesien die adolessente groepe nie net afsonderlik ondersoek word nie, maar ook tussen-kultureel vergelyk word, sal daar na die bespreking van die meetinstrumente aandag gegee word aan die toepaslikheid van hierdie meetinstrumente vir die verskillende kulture.

6.1.1 Erikson-skaal

Die meeste navorsing wat oor Erikson se teorie van identiteitsvorming gedoen is, is op James Marcia se beskrywing en meting van identiteitstatusse gebaseer (kyk 3.4). Alhoewel Marcia se benadering wel op sekere kenmerke van Erikson se teorie berus, verteenwoordig die siening van identiteitstatusse nie in essensie Erikson se siening van identiteitsontwikkeling as die oplossing van bipolêre krisisse tydens opeenvolgende stadia nie (Ochse, 1983; Ochse & Plug, 1986).

Marcia se beskrywing van identiteitstatusse fokus slegs op die vyfde stadium van ontwikkeling wat Erikson beskryf, naamlik identiteit versus identiteits-diffusie, terwyl Erikson identiteitsontwikkeling sien as 'n kontinue proses wat deur die hele lewe plaasvind en 'n hoogtepunt tydens adolessensie bereik. Hierbenewens behels die bereiking van 'n sekere identiteitstatus volgens

Marcia hoofsaaklik die ondersoek en verhintenis aan heroeps- en ideologiese ideale en doelwitte, terwyl Erikson se siening van 'n identiteitsgevoel heelwat meer aspekte omsluit. Vir Erikson behels 'n identiteitsgevoel ook 'n gevoel van kontinuïteit, konsekwentheid en 'n wederkerigheid tussen die siening van die self en hoe ander hom waarneem.

Kritiek word ook teen Marcia se metode van meting van die verskillende identiteitstatusse ingebring. Die individuele administrering van die semi-gestruktureerde onderhoude neem heelwat tyd in beslag wat die gebruik van groot steekproewe bemoeilik. Verder wys Marcia self ook daarop dat die moontlikheid van verkeerde puntetoekenning wel bestaan wat kan lei tot verkeerde of inkonsekwente afleidings (Adams, Shea & Fitch, 1979).

Die klassifikasie van die individu in een van die vier identiteitstatusse kan verder ook lei tot 'n statiese tipologiese perspektief. Dit kan meebring dat die kompleksiteit en dinamika van identiteitsontwikkeling uit die oog verloor word.

Benewens die voorafgaande probleme met betrekking tot die beskrywing en meting van Marcia se siening van identiteitstatusse het dit verder geblyk dat ander meetinstrumente wat op die vraelysbenadering gebaseer is soos die van Rasmussen en Constantinople, om die volgende redes ook nie geskik was nie: Die proefpersone wat in die ontwikkeling van hierdie meetinstrumente gebruik is, was meestal studente of jong volwassenes. Die toepaslikheid van hierdie skale vir jonger adolessente is nie bekend nie en kon dus nie gebruik word nie (Rosenthal, Gurney & Moore, 1981). Die meeste meetinstrumente wat vir die meting van identiteit gebruik is, is ook net vir manlike persone ontwikkel en is dus moontlik nie vir vroulike proefpersone geskik nie (kyk 3.5.2).

Volgens Ochse en Plug (1986) is die meeste bestaande meetinstrumente wat in studies oor identiteit gebruik word nie vir tussenkulturele navorsing geskik nie. Proefpersone met verskillende kulturele agtergronde verstaan dikwels nie al die items wat in die skale voorkom nie.

In die lig van die voorafgaande probleme het Ochse (1983) die Erikson-skaal ontwikkel wat aan die volgende vereistes voldoen:

- Soos verduidelik in 2.4.2 is dit moeilik om Erikson se siening van onder andere identiteit in meetbare terme of in terme van spesifieke overte gedrag te definieer. Ochse en Plug (1986) wys egter op die volgende:

> Although it is true that Erikson's constructs are difficult to define in terms of specific overt behaviours, he does explicitly state which types of subjective feelings and attitudes are likely to be experienced by those who have successfully or unsuccessfully resolved the crises involved in the various developmental stages. (p. 1242)

Aangesien die individu sodanige gevoelens en houdings ervaar, kan hy dit beskryf en kan die gevoelens deur middel van 'n subjektiewe verslag gemeet word. Die items wat deur die navorsers in die skaal opgeneem is, berus op laasgenoemde aanname. Die skaal is dus geskik om identiteit soos deur Erikson beskryf te meet.

- Die skaal is vir albei geslagte en adolessente (15-19 jaar) bruikbaar. Manlike en vroulike proefpersone is betrek in die steekproef wat gebruik is in die ontwikkeling van die skaal. Die resultate toon ook dat geslag nie 'n betekenisvolle effek op die meting van identiteit het nie.

- In die konstruksie van die skaal is proefpersone uit die Afrikaans-sprekende, Engelssprekende en swart kulture in die RSA betrek. Alhoewel in 'n mindere mate vir die swart proefpersone, het dit gehlyk dat die skaal 'n betroubare meting vir identiteit by al drie kultuurgroepe is. Die skaal kan dus in navorsing met verskillende kulture gebruik word.

Die Erikson-skaal bestaan uit die volgende subskale: vertroue versus wantroue; outonomie versus skaamte en twyfel; inisiatief versus skuld; arbeidsaamheid versus minderwaardigheid; en identiteit versus identiteits-diffusie. Dit kom dus ooreen met Erikson se siening dat ontwikkeling 'n kontinue patroon volg en dat die komponente van persoonlikheid wat reeds verby hul kritieke ontwikkelingstadium is, deel van die persoonlikheid vorm, interafhanklik is en as 'n stelael funksioneer. Die identiteit van die adolessent sal die interafhanklike persoonlikheidskomponente wat in die vorige stadia ontwikkel het, insluit en maak gevolglik ook voorsiening vir hierdie kenmerk van Erikson se teorie.

In Tabel 1 verskyn die betroubaarhede (bereken d.m.v. die Cronbach se alpha) van die Erikson-skaal se subskaal,identiteit.

Tabel 1

Betroubaarhede van die Erikson-skaal vir Engelssprekende, Afrikaanssprekende en Swart persone .

	Engels	Afrikaans	Swart
Subskaal	α	α	α
Identiteit	0,83	0,84	0,73

Nota. Uit "Cross-cultural investigation of the validity of Erikson's theory of personality development" deur R. Ochse en C. Plug, 1986, *Journal of Personality and Social Psychology, 50* (6), p. 1244.

Uit Tabel 1 blyk dit dat die betroubaarhede van die subskaal identiteit vir die drie groepe 0,83, 0,84 en 0,73 was. Aangesien daar in hierdie navorsing ook tussen Engelssprekende, Afrikaanssprekende en swart Suid-Afrikaners onderskei word en die betroubaarhede vir al drie groepe hoog was, is die Erikson-skaal as 'n geskikte meetinstrument aanvaar.

In hierdie navorsing is die betroubaarheid van die Erikson-skaal vir blanke Afrikaanssprekende, blanke Engelssprekende en swart adolessente (15-17 jaar) ook met behulp van Cronbach se alpha bereken. Die betroubaarhede verskyn in Tabel 2.

Tabel 2

Betroubaarhede van die Erikson-skaal vir Adolessente (15-17 jaar)

Kultuurgroep	N	α
Blanke Afrikaanssprekende adolessente	398	0,92
Blanke Engelssprekende adolessente	397	0,92
Swart adolessente	309	0,86

Uit Tabel 2 blyk dit dat die betroubaarheid van die Erikson-skaal vir al die drie kultuurgroepe wat in hierdie navorsing betrek word, bevredigend is. Die Erikson-skaal verskyn in Bylae A.

6.1.2 Beroepsidentiteitskaal

Holland, Godfredson en Power (1980) het die Beroepsidentiteitskaal ontwerp om adolessente se vlak van beroepsidentiteitsontwikkeling te meet. Hierdeur het hulle probeer om die gebrek aan navorsing oor Erikson se siening van beroepsidentiteit as deel van die individu se identiteitsgevoel uit die weg te ruim aangesien hulle hierdie leemte toegeskryf het aan 'n gebrek aan empiriese metings van beroepsidentiteit.

Die skaal bestaan uit 18 items waarop "waar" of "onwaar" geantwoord moet word. Die totaal word bereken deur slegs die onwaar-response te sommeer. 'n Hoë telling dui op 'n hoë vlak van beroepsidentiteitsontwikkeling of anders gestel, dat die adolessent reeds in 'n groot mate seker van sy beroepsidentiteit is.

Die Beroepsidentiteitskaal is in die huidige navorsing gebruik omdat die interne konsekwentheid goed (Holland, Daiger & Power, 1980) en die betroubaarheid daarvan hoog is (kyk Tabel 3).

Tabel 3

Betroubaarhede van die Beroepsidentiteitskaal

Hoërskoolleerlinge			
Seuns		Meisies	
N	α	N	α
185	0,86	311	0,86

Nota. Uit *My Vocational Situation* (p. 3) deur J.L. Holland, D.C. Daiger en P.G. Power, 1980, Palo Alto, CA: Consulting Psychologists Press.

In die huidige navorsing is die betroubaarheid van die Beroepsidentiteitskaal vir adolessente (15-17 jaar) in die drie kultuurgroepe: blanke Afrikaanssprekende, blanke Engelssprekende en swart adolessente met behulp van Cronbach se alpha bereken. 'n Uiteensetting van hierdie betroubaarhede verskyn in Tabel 4.

Tabel 4

Betroubaarhede van die Beroepsidentiteitskaal vir adolessente (15-17 jaar) in drie kultuurgroepe in die RSA

Kultuurgroep	N	α
Blanke Afrikaanssprekende adolessente	120	0,84
Blanke Engelssprekende adolessente	120	0,86
Swart adolessente	120	0,66

Uit Tabel 4 blyk dit dat die betroubaarheid van die skaal vir swart adolessente minder bevredigend as vir die ander groepe is. Oor die algemeen is die betroubaarhede egter voldoende en is die Beroepsidentiteitskaal by die huidige navorsing ingesluit.

Die minder bevredigende betroubaarheid van die Beroepsidentiteitskaal by die swart adolessente (α = 0,66) kan daaraan toegeskryf word dat hulle die skaal in Engels moes voltooi het en moontlik die items nie altyd ten volle verstaan het nie. Aangesien daar 'n groot verskeidenheid swart tale in die RSA gepraat word en die meeste swart adolessente wel Engels magtig is, is die skaal om praktiese oorwegings nie in die verskillende swart tale vertaal nie.

6.1.3 Biografiese vraelys

'n Biografiese vraelys (kyk Bylae B) is opgestel ten einde die proefpersone volgens sekere kriteria te kan selekteer. Benewens die gebruik van die biografiese besonderhede vir die samestelling van die steekproef is daar ook deur middel van die biografiese vraelys inligting oor sekere veranderlikes wat met identiteits- en heroepsidentiteitsontwikkeling mag verband hou, bekom.

6.1.4 Gestruktureerde onderhoud

Die doel van die vrae in die gestruktureerde onderhoud wat in Bylae C verskyn, was om inligting oor die volgende aspekte van die ouer-adolessentverhouding en die belangrikheid van adolessente se vriende te verkry:

- die aard en kwaliteit van die ouer-adolessentverhouding;
- die vorm van ouerbeheer wat tydens adolessensie toegepas word;
- die soort sake waaroor ouers en adolessente saamstem en waaroor hulle verekil;
- die bouding van ouers teenoor adolessente se vriende en die belangrikheid van adolessente se vriende in vergelyking met die ouers;
- die redes waarom sommige adolessente nooit of selde van hul sake en probleme met hul moeders, vaders of vriende bespreek;
- die soort sake ten opsigte waarvan adolessente die raad en leiding van hul ouers of vriende verkies of hul eie mening volg;
- die mate waarin adolessente adolessensie as 'n moeilike ontwikkelingstadium ervaar.

Ten einde die verwerking van die inligting te vergemaklik en die subjektiewe beoordeling van die proefpersone se response te vermy, is die antwoorde op die vrae in die onderhoud so gestruktureer dat die proefpersone moes kies tussen sekere alternatiewe response wat gegee is. Hul antwoorde word dan slegs deur 'n kruisie aangedui.

6.1.5 Tussenkulturele toepaslikheid van die meetinstrumente

Meetinstrumente is meestal vir 'n spesifieke kultuur en gewoonlik die middelklas van die kultuur ontwikkel (Brislin, 1976). Wanneer verskillende kulture dus met behulp van sekere meetinstrumente ten opsigte van sekere psigologiese aspekte bestudeer en vergelyk word, is dit noodsaaklik om te verseker dat die aspekte wat ondersoek word funksioneel ekwivalent en die meetinstrumente konseptueel ekwivalent is (vergelyk die bespreking onder 2.3).

Met betrekking tot die funksionele ekwivalensie van die aspekte wat tussenkultureel vergelyk gaan word, kan daar op die volgende gewys word: Aangesien die psigologiese of persoonlikheidsontwikkeling van die mens onder andere gerig is op die ontwikkeling van 'n identiteit ongeag verskille ten opsigte van kultuur of die aard van gedrag, kan verwag word dat identiteitsontwikkeling funksioneel ekwivalent en dus tussenkultureel vergelykbaar is. Dieselfde geld vir die ontwikkeling van 'n beroepsidentiteit. Wanneer kulture deel uitmaak van die moderne Westerse ekonomiese wêreld en die individu vir sy bestaan afhanklik is van die beoefening van 'n beroep binne hierdie wêreld, is dit vir die individu belangrik om 'n beroepskeuse te maak en 'n beroepsidentiteit te vorm.

Met betrekking tot ouer-adolessent- en adolessent-portuurverhoudings spreek die funksionele ekwivalensie en dus tussenkulturele vergelykbaarheid vanself. Die belang en die rol van die ouers en vriende vir die ontwikkeling van die adolessent word in alle kulture erken.

Aangesien die Erikson-skaal (die Afrikaanse en Engelse weergawe) reeds op die verskillende kulture toegepas is en die betroubaarhede vir al die kulture hoog was (vergelyk 6.1.1), kan aanvaar word dat die skaal konsaptueel ekwivalent is. Ten einde die konseptuele ekwivalensie van die ander meetinstrumente wat in hierdie navorsing gebruik is te verseker, is die volgende stappe geneem.

Die Beroepsidentiteitskaal is vir blanke Engelssprekende proefpersone ontwikkel en moes na Afrikaans vertaal word. Die biografiese vraelys en gestruktureerde onderhoud is weer in Afrikaans opgestel en moes dus na Engels vertaal word. Ten einde te verseker dat hierdie meetinstrumente nie net ten opsigte van woordeskat, idiomatiese en grammatikaal-sintaktiese inhoud ekwivalent is nie, maar ook eksperimenteel en konseptueel ekwivalent is, is

die terugvertaalmetode wat deur Sechrest, Fay en Zaidi (1972) aanbeveel word, gebruik. (Eksperimentele ekwivalensie bestaan wanneer die inhoud van die items vir al die betrokke kulture bekend is, terwyl konseptuele ekwivalensie bestaan wanneer 'n woord wat vertaal word dieselfde betekenis in die verskillende tale het.)

Volgens die terugvertaalmetode word daar eers vanuit die een taal na die ander vertaal. Ander vertalers vertaal dan weer die vertaalde materiaal terug na die oorspronklike taal. Die mate van ooreenkoms tussen die oorspronklike weergawe en die terugvertaalde weergawe is dan 'n aanduiding van die ekwivalensie van die vertaling.

Om te verseker dat die swart proefpersone wel die meetinstrumente in Engels sou verstaan, is 'n voorondersoek uitgevoer. Tien swart proefpersone (vyf seuns en vyf meisies tussen 15 en 17 jaar) is in die voorondersoek betrek. Die Erikson-skaal, Beroepsidentiteitskaal en die biografiese vraelys is individueel toegepas en die onderhoud is ook met elke proefpersoon afsonderlik gevoer ten einde probleamareas te identifiseer. Dit het geblyk dat die proefpersone die instruksies, items en die wyse van beantwoording goed verstaan het.

6.2 METODE VAN DATA-INSAMELING

Uit die literatuuroorsig blyk dit dat studente in die meeste navorsing oor identiteit as proefpersone gebruik word. Ten einde jonger adolessente as proefpersone te kon gebruik en 'n steekproef van blanke en swart adolessente in die RSA te betrek, is besluit om die data met bebulp van tweedejaar Sielkundestudente aan die Universiteit van Suid-Afrika in te samel. Hierdie studente woon in al vier provinsies van die RSA en is afkomstig uit die drie kulture wat in die navorsing betrek word.

Elke student moes die skale, vraelys en gestruktureerde onderhoud op een adolessente seun en een meisie (15-17 jaar) toepas. Aan die studente is riglyne gegee oor die voltooiïng van die skale, vraelyste en onderhoudvoering sodat hulle oor die kennis sou beskik om aan die proefpersone die nodige leiding te gee indien sekere aspekte met betrekking tot die wyse van die voltooiïng van die skale, vraelys en onderhoud vir die proefpersone onduidelik

was. Die studente het veral ook onderrig ontvang oor die vertroulike aard van die inligting, die noodsaaklikheid van noukeurige uitvoering van instruksies, die belang van goeie rapport met die proefpersone en waarom navorsing oor die adolessent in die RSA belangrik is.

Aan die einde van die boekie waarin die skale, vraelys en onderhoud voorgekom het, het die navorser die volgende vraag gestel: "In hoe 'n mate het jy die vrae en stellings in hierdie navorsingsprojek verstaan?" Die proefpersoon moes dan 'n kruisie trek by die stelling wat sy/haar antwoord verteenwoordig. Die stellings was die volgende:

- Ek het al die vrae en stellings verstaan
- Ek het die meeste vrae en stellings verstaan
- Ek het ongeveer die helfte van die vrae en stellings verstaan
- Ek het baie min van die vrae en stellings verstaan

Slegs proefpersone is geselekteer wat die eerste twee stellings as antwoorde gekies het. Dit het gehelp om proefpersone wat die vrae en stellings nie goed verstaan het nie, uit te skakel. Verder is die proefpersone se response deur die navorser gekontroleer. Proefpersone met foutiewe of onvoltooide vraelyste en onderhoude is uit die steekproef weggelaat.

6.3 STEEKPROEFBESKRYWING

In die navorsing is 1 104 adolessente tussen 15 en 17 jaar as proefpersone betrek. Die proefpersone is verder afkomstig uit die volgende kultuurgroepe in die RSA: blanke Afrikaanssprekende (N=398), blanke Engelssprekende (N=397) en swart (N=309) kultuurgroepe. Die steekproef is ook saamgestel uit adolessente seuns (N=550) en meisies (N=554). Daar sal dus in die navorsing ten opsigte van kultuur en geslag onderskei en vergelyk kan word. In Tabel 5 word die aantal proefpersone in die verskillende groepe aangedui.

Tabel 5

Kultuur, Geslag en Ouderdom van die Proefpersone

		Ouderdom			
Kultuurgroep	Geslag	15 jr	16 jr	17 jr	Totaal
Afr. Blank	seuns	39	74	84	197
	meisies	54	74	73	201
Eng. Blank	seuns	60	73	66	199
	meisies	60	71	67	198
Swart	seuns	19	62	73	154
	meisies	31	64	60	155
Totaal		263	418	423	1 104

Uit Tabel 5 blyk dit dat daar tussen die twee blanke taalgroepe onderskei word, maar nie tussen die verskillende swart taalgroepe nie. Die rasionaal hiervoor is die volgende: Aangesien daar 'n groot aantal swart taalgroepe bestaan, is dit nie prakties moontlik om vir hierdie navorsing tussen die groepe te onderskei nie. Mphahlele (1974) meen ook in hierdie verband dat swart persone in die RSA hulle eerstens sien as swartes (*blacks*) en dan as Zoeloes, Sotho's ensovoorts. Identifikasie met 'n "swart identiteit" vind ook toenemend plaas eerder as identifikasie met slegs 'n sekere groep. Op grond hiervan is besluit om die swart proefpersone as 'n enkele groep te betrek.

Verder is daar besluit om adolessente in die ouderdomsgroep 15-17 jaar te gebruik aangesien die puberteitsperiode (±10-13 jaar) reeds in die meeste gevalle verby is. Identiteitsontwikkeling word dan nie meer oorheers deur fisieke veranderinge nie, maar vind verder oorwegend ten opsigte van die persoonlike, sosiale, kulturele en beroepsdimensies van die persoonlikheid plaas.

Hierbenewens het dit ook geblyk dat die grootste aantal individue met identiteitsbereikingstatus onder ouer studente voorkom wat suggereer dat die grootste mate van identiteitsontwikkeling tydens die hoërskooljare plaasvind (Archer, 1982). Aangesien die mate van identiteitsontwikkeling in hierdie navorsing ondersoek word, blyk die ouderdomsgroep 15-17 jaar dus 'n geskikte groep te wees. Dit val ook in die middelste jare van die adolessente periode.

'n Verdere vereiste wat gestel is, is dat al die proefpersone by albei ouers moes bly. Blanke of swart adolessente wat dus by net een van die ouers woon omdat die ouers geskei of vervreemd is of omdat een van die ouers oorlede is, is nie in die steekproef ingesluit nie. Adolessente wat in 'n koshuis woon of by hul grootouers of ander familielede soos dikwels die geval by swart adolessente, is ook nie betrek nie. Die rede vir die uitsluiting van hierdie adolessente is dat daaglikse kontak met ouers 'n kernveranderlike is.

Vervolgens sal die proefpersone in die steekproef met betrekking tot die volgende kenmerke beskryf word: skoolstanderd, skoolprestasie, woonplek (stedelik/platteland), sosio-ekonomiese status, beroepsituasie van die vader en die moeder en die teenwoordigheid van 'n vertroueling. Hierdie kenmerke het betrekking op die veranderlikes wat in die navorsing bestudeer word.

- Skoolstanderd en skoolpersentasie

In Tabel 6 word die skoolstanderd en in Tabel 8 die gemiddelde skoolpersentasie van die verskillende groepe aangedui.

Tabel 6

Skoolstanderd van die Proefpersone

		Skoolstanderd										
		St 4-5		St 6-7		St 8		St 9		St 10		Totaal
Groep		N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N
Afr. Blank	seuns	0	0,00	16	8,12	64	32,49	64	32,49	53	26,90	197
	meisies	0	0,00	31	15,42	48	23,88	66	32,84	56	27,86	201
Eng. Blank	seuns	0	0,00	14	7,04	56	28,14	69	34,67	60	30,15	199
	meisies	0	0,00	12	6,06	54	27,27	67	33,84	65	32,83	198
Swart	seuns	3	1,96	26	16,99	40	26,14	49	32,03	35	22,88	153
	meisies	5	3,22	28	18,07	35	22,58	41	26,45	46	29,68	155
Totaal		8	0,72	127	11,51	297	26,93	356	32,28	315	28,56	1103

Tabel 7

Gemiddelde Skoolpersentasies van die Proefpersone

		Skoolpersentasie	Totaal
Groep		$\bar{X}$	N
Afr. Blank	seuns	64,39	197
	meisies	66,35	201
Eng. Blank	seuns	62,44	199
	meisies	64,87	198
Swart	seuns	58,73	153
	meisies	57,59	155
Totaal		62,40	1 103

Uit Tabel 6 blyk dit dat die grootste persentasie adolessente in die steekproef in standerd 8-10 is, naamlik 87,77%. Uit Tabel 7 blyk dit dat die totale blanke Afrikaanssprekende groep se gemiddelde skoolpersentasie die boogste is (65,37%), dan die blanke Engelssprekendes (63,65%) gevolg deur die swart adolessente groep (58,15%).

- Woonplek (stedelik/platteland)

Tabel 8

Woonplek van die Proefpersone

		Woonplek										
		Stad		Dorp naby stede		Kleinhoewe by stede		Dorp op platteland		Plaas		Totaal
Groep		N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N
Afr. Blank	seuns	80	40,61	60	30,46	2	1,02	45	22,84	10	5,08	197
	meisies	78	38,81	56	27,86	7	3,48	50	24,88	10	4,98	201
Eng. Blank	seuns	98	49,25	78	39,20	6	3,02	17	8,54	0	0,00	199
	meisies	95	47,98	78	39,39	5	2,53	16	8,08	4	2,02	198
Swart	seuns	24	15,58	80	51,95	8	5,19	34	22,08	8	5,19	154
	meisies	18	11,61	83	53,55	14	9,03	28	18,06	12	7,74	155
Totaal		393	35,60	435	39,40	42	3,80	190	17,21	44	3,99	1 104

Ten einde te kan onderskei tussen adolessente wat in of naby stedelike gebiede opgroei en die wat op die platteland opgroei, sal die eerste drie kolomme in Tabel 8 as stedelik geklassifiseer word en die laaste twee kolomme as platteland. In Tabel 9 word daar op grond van hierdie verdeling tussen stedelike en plattelandse adolessente proefpersone onderskei.

Tabel 9

Aantal Stedelike en Platteland Adolessente Proefpersone

Groep		Stedelik		Platteland		Totaal
		N	%	N	%	N
Afr. Blank	seuns	142	72,08	55	27,92	197
	meisies	141	70,15	60	29,85	201
Eng. Blank	seuns	182	91,45	17	8,55	199
	meisies	178	89,90	20	10,10	198
Swart	seuns	112	72,73	42	27,27	154
	meisies	115	74,20	40	25,80	155
Totaal		870	78,80	234	21,20	1 104

Volgens Tabel 9 woon die grootste persentasie van die proefpersone in stedelike gebiede (78,80%). Met betrekking tot die kultuurgroepe woon 'n groter persentasie blanke Engelssprekende proefpersone (90,68%) in en naby stede as die ander twee groepe (blanke Afrikaanssprekende proefpersone: 71,12%; swart proefpersone: 73,47%). Die gemiddelde persentasie blanke Afrikaanssprekende proefpersone wat op die platteland woon, is 28,89% en die persentasie swart proefpersone is 26,54%. Hierteenoor woon daar slegs 9,33% blanke Engelssprekende proefpersone op die platteland.

- Sosio-ekonomiese status

Die vader se beroepstatus word beskou as 'n belangrike bepaler van die gesin se sosio-ekonomiese status (Garbarino, 1985). Op grond biervan is die proefpersone se vaders se beroepstatus gebruik om die proefpersone met betrekking tot sosio-ekonomiese status te klassifiseer. Die RGN se Standaardberoepsklassifikasie (1986) is vir hierdie doel gebruik. In Tabelle 10 en 11 word die sosio-ekonomiese status van die adolessente proefpersone uiteengesit.

Tabel 10

Sosio-ekonomiese Status van die Adolessente Seuns en Meisies in die drie Kultuurgroepe

		Sosio-ekonomiese status						
		Laag		Middel		Hoog		Totaal
Kultuurgroep	Geslag	N	%	N	%	N	%	N
Afr. Blank	seuns	22	11,17	123	62,44	52	26,40	197
	meisies	23	11,44	125	62,19	53	26,37	201
Eng. Blank	seuns	10	5,03	95	47,74	94	47,24	199
	meisies	12	5,06	82	41,41	104	52,53	198
Swart	seuns	10	44,16	71	46,10	15	9,74	154
	meisies	69	44,52	73	47,10	13	8,39	155
Totaal		204	18,48	569	51,54	331	29,98	1 104

Uit Tabel 10 blyk dit dat daar in al die kultuurgroepe ongeveer dieselfde aantal seuns en meisies in die verskillende sosio-ekonomiese groepe voorkom.

Tabel 11

Sosio-ekonomiese Status van die Proefpersone in die drie Kultuurgroepe

	Sosio-ekonomiese status						
	Laag		Middel		Hoog		Totaal
Kultuurgroep	N	%	N	%	N	%	N
Afr. Blank	45	11,31	248	62,31	105	26,38	398
Eng. Blank	22	5,54	117	44,58	198	49,87	397
Swart	137	44,34	144	46,60	28	9,06	309
Totaal	204	18,48	569	51,54	331	29,98	1 104

Uit Tabel 11 blyk dit verder dat die grootste persentasie van die proefpersone uit die middel sosio-ekonomiese klas kom (51,54%), terwyl die minderheid proefpersone uit die lae sosio-ekonomiese klas kom (18,48%). Met betrekking tot die sosio-ekonomiese status van die proefpersone in die drie kultuurgroepe blyk dit dat 'n groter persentasie swart proafpersone uit die lae sosio-ekonomiese klas kom en 'n groter persentasie blanke Engelssprekende proefpersone uit die hoë sosio-ekonomiese klas. In vergelyking met hierdie groepe kom 'n groter persentasie blanke Afrikaanssprekende proefpersone weer uit die middel sosio-ekonomiese klas.

- Beroepsituasie van die vader en die moeder

Met betrekking tot die beroepsituasie van die proefpersone se ouers word die persentasie proefpersone wie se vaders werk en werkloos is en die persentasie wie se moeders 'n beroep beoefen en die wat huisvrouens is in Tabel 12 aangedui.

Tabel 12

Beroepsituasie van die Proefpersone se Ouers

		Vader				Moeder				
		Werkend		Werkloos		Beroepsvrou		Huisvrou		Totaal
Groep		N	%	N	%	N	%	N	%	N
Afr. Blank	seuns	195	98,98	2	1,02	120	60,91	77	39,09	197
	meisies	198	98,51	3	1,49	124	61,69	77	38,31	201
Eng. Blank	seuns	196	98,49	3	1,51	115	57,79	84	42,21	199
	meisies	196	98,99	2	1,01	118	59,60	80	40,40	198
Swart	seuns	134	87,01	20	12,99	94	61,04	60	38,96	154
	meisies	131	84,52	24	15,48	96	61,94	59	38,06	155
Totaal		1 050	95,11	54	4,89	667	60,42	437	39,58	1 104

Uit Tabel 12 blyk dit dat alhoewel 'n groter persentasie van die swart proefpersone se vaders werkloos is ('n gemiddelde persentasie van 14,24% teenoor die blanke proefpersone se gemiddelde persentasie van 1,26%) die vaders van al die proefpersone oorwegend 'n beroep beoefen (95,11%). Verder is dit insiggewend om daarop te let dat ongeveer dieselfde persentasie moeders in al die groepe 'n beroep beoefen. Hierbenewens blyk dit ook dat 'n heelwat groter persentasie moeders 'n beroep beklee teenoor die moeders wat tuisteskeppers is (60,42% teenoor 39,58%).

- Teenwoordigheid van 'n vertroueling

In Tabel 13 word aangedui in watter mate die adolessente in die verskillende kultuurgroepe oor 'n vertroueling beskik, oftewel iemand met wie hulle oor enige saak kan gesels.

Tabel 13

Mate waarin Adolessente oor 'n Vertroueling Beskik

		Vertroueling				
		Teenwoordig		Afwesig		Totaal
Groep		N	%	N	%	N
Afr. Blank	seuns	175	90,21	19	9,79	194
	meisies	195	97,01	6	2,99	201
Eng. Blank	seuns	169	84,92	30	15,08	199
	meisies	186	93,94	12	6,06	198
Swart	seuns	134	87,01	20	12,99	154
	meisies	131	84,52	24	15,48	155
Totaal		900	89,92	111	10,08	1 101

Uit Tabel 13 blyk dit dat alhoewel 'n baie klein persentasie (10,08%) van die totale groep nie oor 'n vertroueling beskik nie, blanke Engelssprekende seuns en die swart seuns en miesies in 'n groter mate as die blanke Afrikaanse en Engelse meisies nie oor 'n vertroueling beskik nie.

6.4 NAVORSINGSMODEL

6.4.1 Inleiding

Die volgende twee teoretiese modelle word gestel en ondersoek op grond van die teoretiese stellings en die navorsingsinligting wat in die literatuurstudie (1.1-5.5.2) bespreek is.

- 'n Teoretiese model wat die verband tussen 'n aantal veranderlikes en die adolessent se vlak van identiteitsontwikkeling uitbeeld.

- 'n Teoretiese model wat die verband tussen 'n aantal veranderlikes en die adolessent se vlak van beroepsidentiteitsontwikkeling uitbeeld.


Hierbenewens sal daar ook **ad hoc-hipoteses** gestel word wat met die adolessent se identiteit en beroepsidentiteit verband hou, wat betrekking het op die ouer-adolessent- en adolessent-portuurverhouding en op adolessente se ervaring van ontwikkeling tydens adolessensie.

In die toetsing van die teoretiese modelle aan werklike data en in die ondersoek van die ad boc-hipoteses sal die drie kulture (blanke Afrikaanssprekende, blanke Engelssprekende en swart adolessente) afsonderlik ondersoek en tussenkultureel vergelyk word. Met betrekking tot die ad hoc-hipoteses sal daar ook deurgaans vir geslagsverskille getoets word en wanneer die ouer-adolessentverhouding ter sprake is, sal daar tussen die moeder en vader onderskei word.

Alvorens die teoretiese modelle aangebied word, is dit nodig om op enkele aspekte te wys ter verduideliking van die gebruik en ontleding van teoretiese modelle in psigologiese navorsing aangesien dit 'n redelike resente tegniek is (Beyers, 1983).

6.4.2 Teoretiese model

Nadat 'n navorser 'n deeglike studie van die literatuur oor sy navorsingsgebied gemaak het, stel hy 'n teoretiese model om die verband tussen veranderlikes uit te beeld. Hierdie model word dan aan werklike data getoets ten einde vas te stel of die model geldig is. Aangesien die model in geheel ondersoek word en die navorser die model volgens 'n spesifieke teorie gekonstrueer het, leen hierdie metode van ondersoek hom tot teorie-toetsing. Volgens Bentler (1980) hou die stel en ondersoek van 'n teoretiese model dus baie voordele in vir die bevordering van die psigologie as wetenskap. In Figuur 5 word 'n eenvoudige voorbeeld van 'n teoretiese model gegee waarin die verband tussen die vorm van ouerbeheer, die mate van nabyheid en begrip in die ouer-adolessentverhouding en die aard van die ouer-adolessentverhouding asook die verband tussen laasgenoemde en identiteit uitgebeeld word.



Figuur 5. 'n Voorbeeld van 'n teoretiese model van die verband tuasen die ouer-adolessentverhouding en identiteit.

Die teoretiese basis van die model in Figuur 5 is dat die aard van die ouer-adolessentverhouding 'n oorsaaklike verband met identiteitsontwikkeling sal toon, terwyl die ouer-adolessentverhouding weer op sy beurt deur ouerbeheer ensovoorts bepaal word. Die model moet egter aan werklike data getoets word ten einde te bepaal hoe goed die model die "werklikheid" (data) pas.

Alvorens 'n teoretiese model aan ontleding onderwerp kan word, moet paddiagramme van die teoretiese model opgestel word. In paddiagramme word die liniêre oorsaaklikheid tussen spesifieke verskynsels gedefinieer. Byvoorbeeld: verskynsel A gee aanleiding tot verskynsel B. Daar is dus 'n oorsaaklike verband tussen A en B. A is egter nie die enigste verskynsel wat tot B lei nie, maar wel één van die verskynsels. Die verband word soos volg aangetoon: A→B. Lineariteit beteken dat oorsaak en gevolg in verhouding plaasvind, byvoorbeeld hoe groter A, hoe groter B (Beyers, 1983).

Spesifieke simbole word in die paddiagramme gebruik om die stellings wat gemaak word, aan te dui. Die simbole wat in hierdie navorsing toepaslik is, is die volgende:

- 'n Soliede reguit lyn tussen twee veranderlikes (of simbole - afhangende van wat 'n navorser verkies) dui 'n direkte oorsaaklike verband aan. Die rigting waarin die pyltjie wys, toon die rigting van die oorsaaklikheid aan (A→B).

- Elke pad in die diagram word met 'n simbool aangedui wat die strukturele koëffisiënt van die liniêre verband tussen A en B beskryf ($A \xrightarrow{a} B$).

- Latente veranderlikes (onmeetbare of nie-waarneembare veranderlikes) word in 'n sirkel aangedui, terwyl waargenome (gemete) veranderlikes in 'n vierkant aangedui word.

- Steurnisfaktore by latente veranderlikes word met die simbool U aangedui.

- Metingsfoute word met die aimbool e aangedui.

Die verband tussen die veranderlikes wat in die paddiagram van die teoretiese model voorkom, kan met behulp van padontleding ondersoek word (Bentler, 1980). Padontleding is 'n statistiese tegniek wat gebruik word om liniêre oorsaaklike verbande wat die navorser tussen sekere veranderlikes spesifiseer te ontleed. Beyers (1983) wys daarop dat hierdie tegniek baie geskik is vir navorsing in die psigologie aangesien die navorser dikwels werk met onwaarneembare konstrukte of latente veranderlikes. Slegs aspekte van die latente veranderlikes is meetbaar. Bentler (1980) beskryf latente veranderlikes ook as "hypothetical constructs invented by a scientist for the purpose of understanding a research area" (p. 420).

Verder is dit nodig om in gedagte te hou dat wanneer daar gevind word dat verandering in 'n afhanklike latente veranderlike deur 'n sekere onafhanklike latente veranderlike veroorsaak is, die verband nie noodwendig oorsaaklik is nie aangesien steurnis- of foutfaktore (residue) ook vir die verandering verantwoordelik kon gewees het. Metingsfoute as gevolg van tekortkominge in

die meetinstrumente kan ook voorkom. Deur egter padontleding as statistiese tegniek te gebruik, word daar voorsiening vir die aanwesigheid van metingsfoute gemaak (Beyers, 1983).

Deur middel van padontledings kan daar ook skattings gemaak word van die strukturele koëffisiënte in die stel liniêre vergelykings. Dit kom wel ooreen met die prosedure wat in regressie-analises gevolg word, maar anders as in regressie-analises kan daar in padontledings ook met latente veranderlikes gewerk word. Die liniêre vergelykings in die padontleding toon verder ook die geskatte oorsaaklike verband tussen latente veranderlikes aan. Wederkerige oorsaaklikheid kan ook in padontleding ondersoek word.

Ten einde die verbande tussen die veranderlikes in die paddiagram in hierdie navorsing te ondersoek, sal daar van kovariansie struktuuranalises gebruik gemaak word. Die nulhipotese (H_0), naamlik dat daar geen betekenisvolle verskille tussen die teoretiese modelle en werklike data is nie, sal getoets word. Die toets wat gebruik sal word, is die χ^2-toets en die beduidenheidsgrens word op $\alpha = 0,01$ gestel.

In afdelings 6.4.3 en 6.4.4 word die paddiagramme van die twee teoretiese modelle wat in hierdie navorsing ondersoek word, gegee en die hipoteses gestel. Die raasionaal vir die konstruering van die teoretiese modelle sal ook verduidelik word.

6.4.3 Teoretiese model met betrekking tot identiteit

In Figuur 6 word die paddiagram van die teoretiese model wat betrekking het op adolessente ee vlak van identiteitsontwikkeling aangebied. Die enigste latente verenderlike wat in die model voorkom, is die ouer-adolessent-verhouding (in 'n sirkel aangedui). Al die ander veranderlikes is gemete of waargenome veranderlikes (in vierkante aangedui). Die U-simbool by die latente veranderlike dui moontlike steurnisfaktore aan. Die e_1 tot e_{10}-simbole by die gemete veranderlikes dui op moontlike metingsfoute. Die simbole a tot j dui die strukturele koëffisiënte van die liniêre verbande tussen die verskillende waargenome veranderlikes aan.


In die teoretiese model word die ouer-adolessentverhouding geoperasionaliseer deur die vorm van ouerbeheer en die mate van nabyheid en begrip in die ouer-adolessentverhouding. Hierbenewens word die volgende verbande aangestip: Adolessente se vlak van identiteitsontwikkeling hou verband met die aard van die ouer-adolessentverhouding; mate waarin adolessente adolessensie as 'n moeilike stadium ervaar; teenwoordigheid van 'n vertroueling; sosio-ekonomiese status van die adolessent se gesin; woongebied van adolessente (stedelik of platteland); skoolstanderd van adolessente; en skoolprestasie van adolessente.

6.4.3.1 Hipotese

Die hipotese wat in die ondersoek van die teoretiese model in Figuur 6 getoets word, is die volgende:

- Nulhipotese (H_0): Daar is geen verskil tussen die teoretiese model en die model wat deur die gegewens bevestig word nie.

- Alternatiewe hipotese (H_1): Daar is 'n verskil tussen die teoretiese model en die model wat deur die gegewens bevestig word.



Figuur 6. Paddiagram van die teoretiese model wat betrekking het op die verband tussen adolessante se verhoudings met hul ouers en vriende, ervaring van adolessensie, sosio-ekonomiese status, woongebied (stedelik/platteland), skoolstanderd, skoolprestasie en identiteit.

6.4.3.2 Rasionaal vir die teoretiese model van die adolessent se vlak van identiteitsontwikkeling

Uit die bespreking van identiteitsontwikkeling tydens adolessensie (3-3.5.4) het dit geblyk dat 'n groot aantal faktore identiteitsontwikkeling tydens adolessensie kan beïnvloed. Die moontlike verbande tussen hierdie faktore en identiteitsontwikkeling word in die teoretiese model in Figuur 6 aangedui. Volgens die paddiagram in die teoretiese model word identiteitsontwikkeling eerstens deur die ouer-adolessentverhouding bepaal. Die rasionaal vir die postulering van hierdie verband is die volgende:

Uit navorsing (Adams & Jones, 1983; Enright et al., 1980; La Voie, 1976; Newman & Newman, 1979) blyk dit dat identiteitsontwikkeling deur demokratiese ouerbeheer bevorder word. Volgens hierdie vorm van ouerbeheer word outonomie aangemoedig; word ouerlike lof belangriker geag as streng ouerlike beheer; word ouerlike beperkings spaarsamig toegepas; kom goeie kommunikasie tussen ouers en adolessente voor; en neem adolessente deel aan die besluitnemingsproses.

Hierbenewens blyk dit dat ouerliefde en 'n warm positiewe verhouding tussen ouers en adolessente ook belangrik is vir die ontwikkeling van 'n sterk identiteitsgevoel (Conger & Peteraen, 1984; Douvan & Adelson, 1966). Waar ouerliefde teenwoordig is, is die moontlikheid groot dat die verhouding tussen adolessente en hul ouers deur 'n gevoel van nabybeid en begrip gekenmerk sal word. Navorsing (Bourne, 1978a, 1978b; Dignan, 1965; Grotevant, 1983; Howard & Kubis, 1964; Marcia, 1980) toon verder aan dat sodanige gevoelens van nabybeid en begrip binne die ouer-adolessentverhouding ook identiteitsontwikkeling bevorder.

Op grond van die voorafgaande sienings en bevindings kan daar gepostuleer word dat die vorm van ouerbeheer en die mate van nabyheid en begrip in die ouer-adolessentverhouding wat die aard van die ouer-adolessentverhouding bepaal, verband sal hou met die vlak van identiteitsontwikkeling van adolessente.

Met betrekking tot die verband tussen die mate waarin adolessente adolessensie as 'n moeilike ontwikkelingstadium ervaar en adolessente se vlak van identiteitsontwikkeling kon geen teorie of navorsing opgespoor word nie.

Sodanige verband word egter in die teoretiese model aangedui op grond van die volgende verwagting: Namate adolessente 'n sterker identiteitsgevoel ontwikkel, kan hulle ook minder probleme ten opsigte van hul interpersoonlike verhoudings en kommunikasie ervaar omdat hulle meer outonoom en selfversekerd sal kan optree en groter sensitiwiteit en begrip vir ander persone sal kan openbaar omdat hulle minder egosentries is. Die moontlike voorkoms van interpersoonlike konflik wat die ervaring van adolessensie kan bemoeilik, neem dus moontlik ook af. 'n Sterk identiteitsgevoel kan ook groter sekuriteit en sekerheid ten opsigte van gedrag bevorder wat die ervaring van adolessensie as 'n moeilike stadium kan beperk.

Hierbenewens behoort die omvangryke ontwikkelings wat tydens adolessensie plaasvind wat die ervaring van adolessensie kan bemoeilik reeds in 'n groot mate voltooi te wees wanneer die adolessent meer bewus en seker van sy identiteit is omdat die kenmerke wat ontwikkel soos seksuele, sosiale, persoonlike en kognitiewe kenmerke juis die adolessent se identiteit vorm. Daar kan dus verwag word dat daar 'n verband tussen adolessente se ervaring van adolessensie en hul vlak van identiteitsvorming sal wees. Met ander woorde na mate adolessente adolessensie as redelik ongekompliseerd ervaar, sal hulle dienooreenkomstig ook oor 'n hoër vlak van identiteitsontwikkeling beskik.

Net soos die teenwoordigheid van ouers met begrip en aanvaarding, kan die teenwoordigheid van 'n vertroueling of vriend(in) met wie die adolessent sy gevoelens en probleme kan deel ook die adolessent se ervaring van adolessensie positief beïnvloed. Uit die bespreking van die belang van vriendskap vir die adolessent in 5.4.2 blyk dit dat vriendskap meestal positiewe waarde vir die adolessent inhou. Daar kan dus verwag word dat die teenwoordigheid van 'n vertroueling die adolessent se ervaring van adolessensie sal vergemaklik.

Verder blyk dit dat identiteitsontwikkeling ook deur die teenwoordigheid van 'n persoonlike vriend(in) oftewel 'n vertroueling bevorder word (Conger & Petersen, 1984; Erikson, 1959, 1968; Forisha-Kovacb, 1983; Rogers, 1985). Adolessente se vriende gee nie net aan hulle erkenning en sosiale betekenis nie, maar ook terugvoering oor hulle persoonlik kenmerke en gedrag wat selfkennis bevorder. Daar kan dus verwag word dat daar 'n verband tussen die teenwoordigheid van 'n vertroueling en adolessente se vlak van identiteits-ontwikkeling sal wees soos aangedui in die teoretiese model.

Die mening word soms gehuldig dat verskille ten opsigte van adolessente van verskillende nasionaliteite se vlak van identiteitsontwikkeling nie aan kultuurverskille toegeskryf moet word nie, maar eerder aan verskille in sosio-ekonomiese status. Hauser (1972) meen byvoorbeeld dat die identiteitsvooruitbeslissingstatus van Neger adolessente seuns aan die laer sosio-ekonomiese status van die proefpersone toegeskryf moet word. Heelwat beperkings in hul lewensomstandighede, min geleenthede en min goeie rolmodelle beperk volgens Hauser die volle ontplooiing van 'n sterk persoonlike identiteit. Hierteenoor het Hunt (1973) weer vir sosiale klasverskille gekontroleer en gevind dat verskille ten opsigte van identiteitsvorming wel aan kultuurverskille toegeskryf moet word en nie aan verskille ten opsigte van sosio-ekonomiese status nie. Ten einde die invloed van sosio-ekonomiese status op identiteitsontwikkeling dus verder te ondersoek, word 'n verband tussen die twee aspekte in die teoretiese model aangedui.

Alhoewel daar in die teoretiesa model 'n verband tussen adolessente se vlak van identiteitsontwikkeling en hul woongebied, naamlik of hulle in of naby stede of op die platteland woon, gestel word, kon geen navorsing hieroor opgespoor word nie. Die verband wat gepostuleer word, berus egter op die verwagting dat adolessente op die platteland meer tradisie-gebonde sal wees en in ooreenstemming met Marcia (1967) se siening van 'n vooruitbesliste identiteit, redelik vroeg hul identiteit volgens tradisionele verwagtings en norme sal vorm. Op die platteland bestaan daar ook moontlik minder geleentbede vir die ondersoek van en eksperimentering met 'n verskeidenheid van rolle wat die proses van identiteitsvorming kan verleng. Daar is ook moontlik minder rolmodelle vir die adolessent. Sy keuses is dus beperk wat kan veroorsaak dat sy identiteitsvorming nie verleng word soos in gevalle waar adolessente voor 'n groot aantal keuses te staan kom nie.

Hierteenoor kan verwag word dat adolessente in of naby stede oor heelwat meer rolmodelle en geleenthede vir ondersoek en eksperimentering sal beskik. Die stedeling is moontlik ook meer aan die Westerse kultuur blootgestel waar individualisme en selfrealisering beklemtoon word wat dan die vroeë vorming van 'n tradisioneel-georiënteerde identiteit beperk (Erikson, 1968; Sebald, 1984). Die stedelike adolessent kan dus vir 'n langer periode identiteitsmoratorium (vergelyk Marcia se beskrywing in 3.4) ervaar wat sy


identiteit as minder gevestig as dié van die plattelandse adolessent kan laat vertoon. Daar kan dus verwag word dat stedelike adolessente se vlak van identiteitsvorming sal verskil van dié van plattelandse adolessente.

Die rasionaal vir die verband tussen adolessente se vlak van identiteitsvorming en skoolstanderd en skoolprestasie is die volgende: Dit blyk dat adolessente se identiteitsontwikkeling deur formeel-operasionele denke bevorder word (Adams, 1976; Koblberg & Gilligan, 1971; Leadbeater & Dionne, 1981; Rowe & Marcia, 1980). Aangesien formele denke ook moontlik adolessente se skoolprestasie sal bevorder en in 'n groter mate by ouer adolessente in 'n hoër skoolstanderd sal voorkom, kan verwag word dat skoolprestasie en skoolstanderd met adolessente se vlak van identiteitsontwikkeling verband sal hou.

6.4.4 Teoretiese model met betrekking tot beroepsidentiteit

In Figuur 7 word die paddiagram van die teoretiese model wat betrekking het op adolessente se vlak van beroepsidentiteitsontwikkeling aangebied. Die enigste latente veranderlike in die model is die ouer-adolessentverhouding (in 'n sirkel aangedui). Die ander veranderlikes is gemete of waargenome veranderlikes (in vierkante aangedui). Die U-simbool by die latente veranderlike dui moontlike steurnisfaktore aan. Die e_1 tot e_{11}-simbola by die gemete veranderlikes dui op moontlike metingsfoute. Die simbole a tot k dui die strukturele koëffisiënte van die liniêre verbande tussen die verskillende waargenome veranderlikes aan.

In die teoretiese model word die ouer-adolessentverhouding geoperasionaliseer deur die vorm van ouerbeheer en die mate van nabyheid en begrip in die ouer-adolessentverhouding. Verder word die volgende verbande aangestip: Adolessente se vlak van beroepsidentiteitsontwikkeling sal verbend hou met die aard van die ouer-adolessentverhouding; vader se beroepsituasie; moeder se beroepsituasie; mate waarin adolessente adolessensie as 'n moeilike stadium ervaar; sosio-ekonomiese status van die edolessent se gesin; woongebied van adolessente (stedelik of platteland); skoolstanderd van adolessente; en skoolprestasie van adolessente.



Figuur 7. Paddiagram van die teoretiese model wat betrekking het op die verband tussen adolessente se verhouding met hulle ouers, hul ouers se beroepsituasie, hul ervaring van adolessensie, sosio-ekonomiese status, woongebied (stedelik/platteland), skoolstanderd, skoolprestasie en beroepsidentiteit.

6.4.4.1 Hipotese

Die hipotese wat in die ondersoek van die teoretiese model in Figuur 7 getoets word, is die volgende:

- Nulhipotese (H_0): Daar is geen verskil tussen die teoretiese model en die model wat deur die gegewens bevestig word nie.

- Alternatiewe hipotese (H_1): Daar is 'n verskil tussen die teoretiese model en die model wat deur die gegewens bevestig word.

6.4.4.2 Rasionaal vir die teoretiese model van die adolessent se vlak van beroepsidentiteitsontwikkeling

Aangesien adolessente se vlak van beroepsidentiteitsontwikkeling met identiteitsontwikkeling volgens Erikson (1968) en Marcia (1967) verband hou, geld dieselfde rasionaal vir die verband tussen die vlak van identiteitsontwikkeling en die volgende veranderlikes ook vir die vlak van beroepsidentiteitsontwikkeling: die aard van die ouer-adolessentverhouding, die mate waarin adolessensie as 'n moeilike ontwikkelingstadium ervaar word, sosio-ekonomiese status, woongebied, skoolstanderd en skoolprestasie.

Met betrekking tot die verband tussen beroepsidentiteitsontwikkeling en sosio-ekonomiese status blyk dit dat adolessente uit 'n lae sosio-ekonomiese klas en wat in 'n tegnologies onderontwikkelde samelewing opgroei nie oor die geleenthede en ondersteuning beskik wat die volledige ontwikkeling van 'n beroepsidentiteit bevorder nie (Garbarino, 1985; Schiamberg & Smith, 1982). Hulle beskik ook oor minder rolmodelle (Rogers, 1985). As gevolg hiervan besluit hierdie adolessente vroeër op 'n beroep as adolessente in hoër sosio-ekonomiese en meer ontwikkelde samelewings waar daar meer geleenthede en keuses is. 'n Verband tussen sosio-ekonomiese status en adolessente se vlak van beroepsidentiteitsontwikkeling kan dus verwag word.

In die teoretiese model (Figuur 7) word verder gepostuleer dat die adolessent se vlak van beroepsidentiteitsontwikkeling verband sal hou met die beroepsituasie van die ouers, naamlik of die vader werk of werkloos is en of die moeder 'n beroep beoefen of 'n huisvrou is. Daar kon geen navorsing oor

sodanige verband opgespoor word nie. Aangesien die vader en die moeder egter belangrike rolmodelle vir die kind is (Rogers, 1985), kan verwag word dat hul beroepsituasie die kind se beroepsidentiteitsontwikkeling sal beïnvloed. Dogters van werkende moeders wil byvoorbeeld graag soos hul moeders wees en ook soos die moeders 'n beroep beoefen (Conger & Petersen, 1984). Dienooreenkomstig kan ook verwag word dat indien die vader werkloos is die adolessente seun nie 'n goeie rolmodel het waarmee hy kan identifiseer nie. Dit kan dus sy beroepsidentiteitsontwikkeling belemmer.

6.4.5 Ad hoc-hipoteses met betrekking tot identiteit

Benewens die teoretiese model in Figuur 6 sal die volgende hipoteses wat op adolessente se vlak van identiteitsontwikkeling betrekking het, getoets word:

Hipotese 1
Betekenisvolle kultuurverskille sal met betrekking tot adolessente se vlak van identiteitsontwikkeling voorkom.

Hipotese 2
Daar sal geen betekenisvolle geslagsverskille met betrekking tot adolessente se vlak van identiteitsontwikkeling voorkom nie.

6.4.5.1 Rasioneal vir hipotese 1 en 2

Volgens Erikson (1959, 1963, 1968) vereis identiteitsvorming die integrasie van kulturele waardes. 'n Onsekere sosiokulturele omgewing kan dus die ontwikkeling van 'n stabiele identiteit bemoeilik aangesien dit kan lei tot onsekerheid ten opsigte van die kulturele identiteit (Erikson, 1968; Sebald, 1984). Die vraag kan dus gestel word in hoe 'n mate die aerd van 'n oorgangskultuur (soos dié van die swart kultuur in die RSA) waar daar moontlik nie kontinuïteit of konsekwentheid ten opsigte van kulturele waardes en norme bestaan nie identiteitsontwikkeling sal beïnvloed. Uit die navorsing van Ochse en Plug (1986) het dit geblyk dat Suid-Afrikaanse swart proefpersone se gevoel van identiteit nie so sterk as dié van die blanke proefpersone was nie.

Verder het dit geblyk dat wanneer 'n kultuur in 'n oorgangstadium verkeer en identiteitsontwikkeling nie teen die agtergrond van 'n stabiele

eenheidskultuur kan plaasvind nie, 'n sintese tussen die tradisionele kultuur en die moderne Westerse kultuur nodig is ten einde 'n identiteit te kan vorm (Kilpatrick, 1974; Woudstra-Van Riessen, 1973). Om 'n sintese te kan vorm, moet die tradisionele kultuur egter deur stabiliteit en konsekwentheid gekenmerk word.

Die mate van stabiliteit en konsekwentheid van die swart kultuur in die RSA is nie bekend nie. Volgens Mphahlele (1974) moet die swart persoon in Suid-Afrika sy identiteit in 'n blanke Westers-georiënteerde wêreld vorm. In 'n blanke gedomineerde samelewing is dit verder verstaanbaar dat swart persone geneig sal wees om blanke waardes en gedragswyses na te streef.

Gedurende die 1960's het daar onder die Neger bevolking in die VSA 'n toenemende strewe ontstaan om 'n eie identiteit in ooreenkoms met hul swart kultuur te ontwikkel. Hierdie beweging het baie publisiteit ontvang en die slagspreuk *Black is beautiful* is dikwels gehoor. In ooreenkoms hiermee meen Mphahlele dat "Black students on campuses (in the RSA) have been exibiting more and more of this tendency towards a re-examination of value systems and intellectualizing about their role in the world as Blacks" (p. 20). Daar kan dus verwag word dat ongeag die bestaan van 'n swart oorgangskultuur, die swart kultuur moontlik nie oorwegend deur onstabiliteit en disorganisasie gekenmerk word nie.

Dit het verder uit navorsing (Hauser, 1972; Hunt, 1973) gehlyk dat swart adolessente seuns in die VSA hul identiteit rondom tradisionele kulturele waardes vorm. Hul patroon van identiteitsvorming kom dus ooreen met identiteitsvooruitbeslissing. Hierteenoor het blanke seuns se patroon van identiteitsvorming weer ooreengekom met Marcia se beskrywing van identiteitsmoratorium (vergelyk 3.4). Hiervolgens is identiteitsontwikkeling steeds besig om progressief plaas te vind. Hieruit kan afgelei word dat swart adolessente wat vroeg reeds 'n identiteit vestig deur die tradisionele waardes en verwagtings te aanvaar moontlik ook vroeër as blanke adolessente 'n identiteitsgevoel sal ervaar.

Verder kan blanke adolessente in 'n Westerse samelewing moontlik langer neem om 'n persoonlike identiteit te vestig aangesien selfaktualisering en individualiteit belangrike waardes is (Sebald, 1984) en tradisionele waardes nie sonder meer aanvaar word nie. Daar is ook meer geleenthede vir selfondersoek en eksperimentering.

Op grond van die voorafgaande bespreking kan verwag word dat betekenisvolle kultuurverskille ten opsigte van adolessente se vlak van identiteitsontwikkeling sal voorkom.

Die rasionaal vir hipotese 2, naamlik dat geen betekenisvolle geslagsverskille ten opsigte van adolessente se vlak van identiteitsontwikkeling sal voorkom nie, is die volgende:

Die meeste navorsers kon geen geslagsverskille ten opsigte van adolessente se vlak van identiteitsvorming aantoon nie (Adams & Fitch, 1981; Adams & Shea, 1979; Archer, 1982; Enright et al., 1980; La Voie, 1976). Slegs Douvan en Adelson (1966) en Garbers et al. (1983) het gevind dat adolessente seuns se vlak van identiteitsontwikkeling hoër was as die van adolessente meisies. Sonder om die probleme met betrekking tot die meting van geslagsverskille in hierdie navorsing uit die oog te verloor (kyk 3.5.2) kan daar op grond van die meeste navorsingsresultate geen geslagsverskille ten opsigte van adolessente se vlak van identiteitsontwikkeling verwag word nie.

Geslagsverskille ten opsigte van die patroon en aard van identiteitsvorming en die sake ten opsigte waarvan manlike en vroulike adolessente hul identiteit vorm, is egter wel aangetoon (Bernard, 1981; Constantinople, 1969; Dellas & Gaier, 1975; La Voie, 1976; Marcia, 1980; Newman & Newman, 1979; Schenkel & Marcia, 1972). As gevolg van die Vrouebeweging en toenemende sosiale veranderinge kan daar verwag word dat selfs hierdie verskille sal afneem (Bernard, 1981). Die moontlikheid dat geslagsverskille ten opsigte van die patroon en aard van identiteitsvorming kan bydrae tot geslagsverskille met betrekking tot die vlak van identiteitsvorming wat tydens adolessensie bereik sal word, sal dus ook dienooreenkomstig verminder. Die hipotese dat daar geen betekenisvolle geslagsverskille ten opsigte van adolessente se vlak van identiteitsvorming sal voorkom nie, word dus ook deur hierdie siening gesteun.

6.4.6 Ad hoc-hipoteses met betrekking tot beroepsidentiteit

Benewens die teoretiese model in Figuur 7 sal die volgende hipoteses wat ook op die adolessente se vlak van beroepsidentiteitsvorming betrekking het, getoets word:

Hipotese 3

Betekenisvolle kultuurverskille sal met betrekking tot adolessente se vlak van beroepsidentiteitsontwikkeling voorkom.

Hipotese 4

Daar sal geen betekenisvolle geslagsverskille met betrekking tot adolessente se vlak van beroepsidentiteitsontwikkeling voorkom nie.

6.4.6.1 Rasionaal vir hipotese 3 en 4

Volgens Mkhabela (1986) word beroepsidentiteitsontwikkeling van swart adolessente in Suid-Afrika belemmer deur beperkte geleenthede vir onderrig en beroepsbeplanning. Benewens hierdie navorsing kon daar slegs die navorsing van McNair en Brown (1983) opgespoor word wat handel oor die verband tussen kultuur en adolessente se vlak van beroepsrypheid (wat moontlik met hul vlak van beroepsidentiteitsontwikkeling verband hou). Uit hierdie navorsing het dit geblyk dat blanke adolessente hoër tellings as Neger adolessente met betrekking tot hul vlak van beroepsrypheid behaal het.

Op grond van hierdie bevindings en die verwagting dat adolessente se vlak van beroepsidentiteitsontwikkeling en identiteitsontwikkeling sal korreleer, kan kultuurverskille ten opsigte van die vlak van beroepsidentiteitsontwikkeling verwag word.

Die rasionaal vir hipotese 3 dat geen geslagsverskille ten opsigte van adolessente se vlak van beroepsidentiteitsontwikkeling sal voorkom nie, is die volgende:

As gevolg van verskille met betrekking tot geslagsrolverwagtings asook die sosialisering van seuns en meisies kan verwag word dat adolessente meisies nie so beroepsgerig soos seuns sal wees nie wat moontlik hul beroepsidentiteits-ontwikkeling kan vertraag. Die adolessente meisie se vorming van 'n beroepsidentiteit kan verder gekompliseer word deur haar toekomstige rol as huweliksmaat en moeder. Om 'n beroepsrol te kombineer met hierdie twee rolle word deur baie faktore soos die aard van haar beroep, haar huweliksmaat se beroep en die beskikbaarheid van ondersteunende hulp ten opsigte van die

versorging van haar kinders bepaal. Die adolessente meisie se ontwikkeling van 'n beroepsidentiteit word ook beperk deur stereotipes met betrekking tot die vrou se vermoëns en manlike en vroulike beroepsvelde asook diskriminasie teenoor die vrou in sekere beroepe (Conger & Petersen, 1984; Douvan & Adelson, 1966; Forisha-Kovach, 1983; Grotevant & Thorbecke, 1982; Humphrey & Lenham, 1984; La Voie, 1976; Lloyd, 1985; Murdock, 1974; Rice, 1984; Rogers, 1985; Santrock, 1984).

Alhoewel hierdie faktore die adolessente meisie se beroepsidentiteits-ontwikkeling kan bemoeilik en vertraag en daar dus verwag kan word dat haar vlak van beroepsidentiteitsontwikkeling laer as dié van seuns sal wees, kan sekere sosiale veranderinge in die huidige moderne Westerse samelewing sodanige geslagsverskille beperk. Veral die toenemende klem op individualisme en selfvervulling en die afname van geslagsrolstereotipes asook diskriminasie teenoor die vrou, verbeterde kindersorgfasiliteite ten opsigte van dagversorging en die afname van die geboortesyfer kan daartoe bydrae dat adolessente meisies net soos seuns reeds op hoërskool 'n beroepsidentiteit vorm. Selfs die groter finansiële behoeftes van die moderne gesin kan die beroepsidentiteitsontwikkeling van meisies bevorder (Conger & Petersen, 1984; Lloyd, 1985; Newman & Newman, 1979; Sebald, 1984). Ter ondersteuning van hierdie siening het Grotevant en Thorbecke (1982) geen betekenisvolle geslagsverskille ten opsigte van adolessente se vlak van beroepsidentiteitsontwikkeling aangetoon nie.

6.4.7 Ad hoc-hipoteses oor die ouer-adolessent- en adolessent-portuur-verhouding

Die hipoteses wat betrekking het op die ouer-adolessent- en adolessent-portuur-verhouding sal in die volgende groepe verdeel word:

Hipoteses wat betrekking het op die

- aard en kwaliteit van die verhouding tussen adolessente en bul ouers (hipotese 5 tot 14);
- vorm van ouerbeheer, naamlik outoritêr of demokraties (bipotese 15 tot 19);
- die houding van ouers teenoor adolessente se vriende en die belang van ouers teanoor die belang van vriende (hipotese 20 tot 25).

Al die hipoteses sal vir kultuur- en geslagsverskille asook vir verskille tussen die moeder-adolessent- en vader-adolessentverhouding getoets word.

6.4.7.1 Aard en kwaliteit van die ouer-adolessentverhouding

Die bestaan van 'n generasiegaping en -konflik tussen adolessente en hul ouers sal deur die volgende hipoteses (5 tot 14) ondersoek word:

Hipotese 5
Die gemiddelde aantal adolessente wat meestal met hul ouers saamstem oor die besluite wat hul ouers vir hulle neem of reëls wat hulle neerlê, sal betekenisvol verskil van die gemiddelde aantal adolessente wat van hulle ouers verskil. (Die sake waeroor adolessente en hul ouers oorwegend saamstem en waaroor hulle verskil, sal geïdentifiseer word.)

Hipotese 6
Die gemiddelde aantal ouers wat die aktiwiteite waaraan hul adolessente kinders deelneem meestal goedkeur, sal betekenisvol verskil van die gemiddelde aantal ouers wat die aktiwiteite afkeur.

Hipotese 7
Die gemiddelde aantal adolessente wat saam met hul ouers aan sekere aktiwiteite deelneem, sal betekenisvol verskil van die gemiddelde aantal adolessente wat selde of nooit saam met hul ouers aan aktiwiteite deelneem.

Hipotese 8
Die gemiddelde aantal adolessente wat dit geniet om saam met hul ouers aan sekere aktiwiteite deel te neem, sal betekenisvol verskil van die gemiddelde aantal adolessente wat dit nie geniet nie.

Hipotese 9
Die gemiddelde aantal adolessente wat hul sake en probleme met hul ouers bespreek, sal betekenisvol verskil van die gemiddelde aantal adolessente wat selde of nooit hul seke en probleme met hul ouers bespreek.

Hipotese 10
Die gemiddelde aantal adolessente wat verkies om hul sake en probleme eerder met hul moeders as vaders te bespreek, sal betekenisvol verskil van die

gemiddelde aantal adolessente wat dit nie verkies nie. (In gevalle waar adolessente geen of baie min van hul sake en probleme met hul moeders en vaders respektiewelik bespreek, sal die redes geïdentifiseer word.)

Hipotese 11
Die gemiddelde aantal adolessente wat 'n gevoel van nabyheid in hul verhoudings met hul ouers ervaar, sal betekenisvol verskil van die gemiddelde aantal adolessente wat dit nie ervaar nie.

Hipotese 12
Die gemiddelde aantal adolessente wie se verhoudings met hul ouers deur begrip gekenmerk word, sal betekenisvol verskil van die gemiddelde aantal adolessente wie se verhoudings met hul ouers nie deur begrip gekenmerk word nie.

Hipotese 13
Die gemiddelde aantal adolessente wie se verhoudings met hul ouers deur min of geen konflik gekenmerk word nie, sal betekenisvol verskil van die gemiddelde aantal adolessente wie se verhoudings deur heelwat konflik gekenmerk word.

Hipotese 14
Die mate van tussengenerasiekonflik sal betekenisvol verband hou met die mate waarin die ouer-adolessentverhouding deur 'n gevoel van nabyheid en begrip gekenmerk word.

*Rasionaal vir hipotese 5 tot 14

Alhoewel aanvaar kan word dat daar sekere verskille tussen ouers en adolessente sal wees, toon navorsing dat daar in teenstelling met die populêre mening nie 'n betekenisvolle groot generasiegaping tussen ouers en adolessente bestaan nie (Adelson, 1970, 1979; Barclay & Sharp, 1982; Bengtson, 1970; Coleman et al., 1977; Conger & Petersen, 1984; Cromer, 1978; De Vaus, 1983; Douvan & Adelson, 1966; Kandel & Lesser, 1972; Weiner, 1975; Yalom et al., 1982).

Dit blyk verder dat die meerderheid adolessente die samelewing se norme en waardes steun en die ouers se waardes, veral ten opsigte van godsdiens, etiek en politiek respekteer en aanvaar (Conger & Petersen, 1984; Rice, 1984;

Weiner, 1975). Kommunikasie tussen ouers en adolessente word ook toenemend heklemtoon (Konopka, 1983). Navorsing (Conger & Petersen, 1984) het ook getoon dat die meeste adolessente meen dat die ouers hul teenwoordigheid en geselskap geniet en dat hulle 'n goeie verhouding het. Dit dui dus daarop dat 'n generasiegaping nie oorwegend voorkom nie.

In die voorafgaande bespreking word daarop gewys dat hoewel 'n betekenisvolle groot generasiegaping nie voorkom nie, daar tog verskille tussen ouers en adolessente bestaan. Die sake ten opsigte waarvan ouers en adolessente meestal saamstem en die sake waaroor hulle verskil, sal in hierdie navorsing geïdentifiseer word. Bestaande navorsing het getoon dat ouers en adolessente ten opsigte van die volgende sake oorwegend saamstem: waardes, godsdiens, godsdienstige aktiwiteite, ideologieë, lewensdoelwitte en toekomstige rol, politieke idees en seksuele houdinge en waardes. Ten opsigte van die volgende sake het hulle meestal verskil: kleremodes, musiekvoorkeur en tipe vermaak (Adelson, 1970; Barclay & Sharp, 1982; Coleman, 1980; Coleman et al., 1977; Conger & Petersen, 1984; Cromer, 1978; De Vaus, 1983; Hamid & Wyllie, 1980; Kandel & Lesser, 1972; Lloyd, 1985; Rice, 1984; Weiner, 1975; Yalom et al., 1982).

In ooreenstemming met die bevindings dat 'n betekenisvolle groot generasiegaping nie voorkom nie, toon navorsing dat die verhouding tussen ouers en adolessente in 'n betekenisvolle mate deur 'n gevoel van nabyheid en begrip gekenmerk word (Adelson, 1970; Bengtson, 1970; Cromer, 1978; Kandel & Lesser, 1972).

Dit is dus duidelik dat verwag kan word dat 'n betekenisvolle generasiegaping nie sal voorkom nie en rigtinggewende alternatiewe hipoteses sou dus gestel kon word. Aangesien die hipoteses (5 tot 9, 11 en 12) egter vir verskille tussen drie kultuurgroepe in die RSA getoets sal word en geen navorsing hieroor opgespoor kon word nie, word nie-rigtinggewende alternatiewe hipoteses gestel.

Daar kan verder verwag word dat die moeder-adolessentverhouding deur 'n groter mate van nabyheid en begrip gekenmerk sal word as die vader-adolessentverhouding. Die rasionaal hiervoor berus op Youniss en Smollar (1985) se bevinding dat adolessente seuns en dogters hul vaders sien as persone wat wel

raad en leiding oor praktiese sake kan gee, maar dat hul verhouding deur 'n redelike mate van verwyderdheid en objektiwiteit gekenmerk word. Hiertenoor word hul verhoudings met hul moeders gekenmerk deur 'n groter gevoel van aanvaarding, nabyheid en intimiteit of liefdevolheid asook begrip. Hul verhoudings met hul moeders word ook gekenmerk deur 'n groter gevoel van oopheid teenoor mekaar. Hulle deel in 'n groter mate hul probleme en ervarings met mekaar.

Op grond van die verskil tussen die moeder-adolessent- en vader-adolessent-verhouding kan daar ook verwag word dat adolessente in 'n groter mate sal verkies om hul sake en probleme met hul moeders as hul vaders te bespreek. In aansluiting by Youniss en Smollar se bevindings met betrekking tot die verskil tussen adolessente se verhoudings met hul moeders en vaders het Cromer (1978) en Wright en Keple (1981) ook gevind dat adolessente meer geneig is om hul probleme met hul moeders te bespreek aangesien adolessente dogters voel dat hul vaders redelik onbetrokke by hul persoonlike en sosiale lewens en dus ook hul probleme is. Aangesien navorsing oor kultuurverskille met betrekking tot die moeder-adolessent- en vader-adolessentverhouding nie opgespoor kon word nie, word daar ook in hierdie geval 'n nie-rigtingewende hipotese gestel (hipotese 10). (In gevalle waar adolessente nie hul sake en probleme met die vader en/of moeder bespreek nie, sal die redes hiervoor geïdentifiseer word.)

Die rasioneal vir hipotese 13 en 14 wat betrekking het op die mate van generasiekonflik tussen ouers en adolessente is die volgende:

Die meeste teoretici sien tussengenerasiekonflik as onvermydelik. Hierdie konflik word toegeskryf aan vinnige sosiokulturele en tegnologiese veranderinge in die moderne Westerse samelewing, die afname in die gesag van die ouers, historiese verskille tussen die generasies en adolessente se strewe na onafhanklikheid (*Mental-Health Materials Centre*, 1978; Rosenthal, 1984). Navorsing wat daarop gerig is om die bestaan van tussengenerasiekonflik te verifieer, lewer egter verskillende resultate. Die meeste navorsers kon die bestaan van konflik nie bevestig nie en vind onder andere dat die meerderheid adolessente goed met hul ouers klaarkom en dat daar nie voortdurend konflik oor die waardes van die ouers en die samelewing bestaan nie (Bengtson, 1970; Conger & Petersen, 1984; Cromer, 1978; Douvan & Adelson, 1966; Fein, 1978; Hamid & Wyllie, 1980; Klos & Paddock, 1978; Rice, 1984; Rosenthal, 1984; Santrock, 1983; Weiner, 1975).

Hamid en Wyllie (1980) vind verder dat minder konflik tussen adolessente en hul vaders voorgekom het as tussen adolessente en hul moeders. Dit is veral die gevel met betrekking tot adolessente meisies. Hierteenoor bevestig die navorsing van Coleman et al. (1977) die bestaan van konflik in die ouer-adolessentverbouding.

Verder ken tussenkulturele verskille ten opsigte van die mate waarin konflik tussen ouers en adolessente sal voorkom, verwag word. Wenneer adolessente met 'n nuwe kultuur naas hul tradisionele kultuur gekonfronteer word, is die kanse vir konflik tussen ouers en adolessente groter (Rosenthal, 1984). Generasie-konflik kom ook meer voor in sosiale minderheidsgroepe aangesien die adolessente gewoonlik in 'n groter mate met die dominante sosiale groep se kultuur sal identifiseer. Ouers identifiseer hierteenoor in 'n groter mate met die eie tradisionele kultuur.

In die RSA word die swart kultuur blootgestel aan die dominante Westerse kultuur van die blankes (Dreyer et al., 1977; Rip, 1960). Hierbenewens word die swart kultuur ook beskou as 'n oorgangskultuur. Daar kan dus verwag word dat swart adolessente sterker met die Westerse kultuur sal identifiseer as met die tradisionele swart kultuur. Hierteenoor behoort die blankes oorwegend aan die enkele Westerse kultuur wat konflik tussen adolessente en hul ouers kan verminder. Kultuurverskille kan dus verwag word. Aangesien daar egter geen navorsing in die RSA hieroor opgespoor kon word nie, sal 'n nie-rigtinggewend hipotese getoets word (hipotese 13).

6.4.7.2 Vorm van ouerbeheer

Die stelling dat demokratiese ouerbeheer oorwegend sal voorkom, word deur die volgende hipoteses (15 tot 19) ondersoek.

Hipotese 15
Die gemiddelde aantal adolessente wat saam met hul ouers besluite neem, sal betekenisvol verskil van die gemiddelde aantal adolessente wat nie saam met hul ouers besluite neem nie.

Hipotese 16
Die gemiddelde aantal adolessente wat verkies om eerder saam met hul moeders as hul vaders besluite te neem, sal betekenisvol verskil van die gemiddelde aantal adolessente wat dit nie verkies nie.

Hipotese 17

Die gemiddelde aantal ouers wat hul adolessente kinders toelaat om hul eie besluite oor sekere sake te neem, sal betekenisvol verskil van die gemiddelde aantal ouers wat dit nie toelaat nie.

Hipotese 18

Die gemiddelde aantal ouers wat aan hul adolessent kinders redes verstrek vir die besluite wat hulle neem of reëls wat hulle neerlê, sal betekenisvol verskil van die gemiddelde aantal ouers wat nie redes verstrek nie.

Hipotese 19

Die gemiddelde aantal ouers wat hul adolessent kinders toelaat om met hulle te redeneer oor die besluite wat hulle neem of reëls wat hulle neerlê, sal betekenisvol verskil van die gemiddelde aantal ouers wat hul adolessente kinders nie toelaat om met hulle te redeneer nie.

- Rasionaal vir hipotese 15 tot 19

Volgens Peterson (1984) ervaar adolessente met outoritêre ouers baie meer probleme ten opsigte van hul gesinsverhoudings en dus ook ten opsigte van hul verhoudings met hul ouers as adolessente met demokratiese ouers. Outoritêre ouerbeheer word ook met 'n gebrek aan 'n gevoel van nabyheid in die ouer-adolessentverhouding geassosieer (Conger & Petersen, 1984). Aangesien dit geblyk het dat 'n gevoel van nabyheid oorwegend tussen ouers en adolessente ervaar word (Adelson, 1970; Bengtson, 1970; Cromer, 1978; Kandel & Lesser, 1972) en die verhouding tussen ouers en adolessente oorwegend positief is, kan dus verwag word dat demokratiese ouerbeheer oorwegend sal voorkom.

Aangesien demokratiese ouerbeheer kommunikasie tussen adolessente en ouers bevorder, adolessente se deelname aan die besluitnemingsproses verseker en ouerlike beperkings verminder (Baumrind, 1968, 1975; Conger & Petersen, 1984; Kimmel & Weiner, 1985; Lloyd, 1985; Lorton & Lorton, 1984) word hipotese 15 tot 19 gestel. Hierdie hipoteses het dus betrekking op die verwagting dat adolessente toegelaat sal word om deel te neem aan die besluitnemingsproses, dat demokratiese ouers redes vir hul reëls en besluite sal verstrek en adolessente sal toelaat om met hulle oor hierdie besluite en reëls te redeneer.

Aangesien dit egter nie bekend is in boe 'n mate kultuur 'n effek op bierdie verwagtings sal hê nie, word nie-rigtinggewende hipoteses gestel.

6.4.7.3 Ouers versus portuurs

Hipotese 20
Die aard van die ouer-adolessentverhouding sal betekenisvol verband hou met die mate van betrokkenheid van adolessente by hul portuurs.

Hipotese 21
Die vorm van ouerbeheer sal betekenisvol verbend hou met die mate van betrokkenheid van adolessente by hulle portuurs.

- Rasionaal vir hipotese 20 en 21

Navorsingsresultate (Condry & Siman, 1974; Gold & Yanof, 1985) toon dat indien adolessente swak verhoudings met hul ouers het en nie liefde, warmte en begrip van hul ouers ontvang nie hulle meer betrokke by hul portuurs is. Die invloed van portuurs sal dus ook toeneem. In aansluiting hierby het dit ook geblyk dat adolessente wat wel hale ouerliefde en aandag ontvang het, nie in 'n betekenisvolle groot mate tussen die invloed of belang van hul ouers en vriende onderskei nie (Conger & Petersen, 1984). Daar kan dus verwag word dat die aard van die ouer-adolessentverhouding die mate van adolessente sa betrokkenheid by hul vriende of portuurs sal bepaal.

Met hetrekking tot die verwagte verband tussen die vorm van ouerbeheer en adolessente se betrokkenheid by hul portuurs wys Conger en Petersen (1984) daarop dat adolessente met demokratiese ouers meer selfvertroue en onafhanklikheid opanbaar en dus moontlik nie in 'n groot mate tussen die belang van ouers en portuurs sal onderskei nie.

In die geval van demokratiese ouerbeheer word die ouer-adolessentverhouding ook deur 'n gevoel van kameraadskap gekenmerk wat moontlik adolessente se betrokkenheid by hul vriende sal beperk. Dear kan dus verwag word dat adolessente met demokretiese ouers nie in 'n groter mate by bul vriende as bul ouers betrokke sal wees nie.

Hipotese 22

Die gemiddelde aantal ouers wat bul adolessente kinders se vriende/vriendinne goedkeur, sal betekenisvol verskil van die gemiddelde aantal ouers wat bulle afkeur.

Hipotese 23

Die gemiddelde aantal ouers wat dit goedkeur as hul adolessente kinders ten opsigte van sekere sake die raad en leiding van bul vriende/vriendinne verkies, sal betekenisvol verskil van die gemiddelde aantal ouers wat dit afkeur.

Hipotese 24

Die gemiddelde aantal adolessente by wie die soort seak en probleem bepaal met wie (ouers of vriende) bulle hul sake en probleme bespreek, sal betekenisvol verskil van die gemiddelde aantal adolessente by wie die soort saak en probleem dit nie bepaal nie.

Hipotese 25

Die gemiddelde aantal adolessente by wie die soort saak en probleem bepaal wie (ouers of vriende) se raad en leiding bulle aanvaar, sal betekenisvol verskil van die gemiddelde aantal adolessente by wie die soort saak en probleem dit nie bepaal nie. (Die soort sake ten opsigte waarvan adolessente hul eie mening sal aanvaar, sal let op die raad en leiding van albei ouers, die moeder, die vader en hul vriende/vriendinne respektiewelik sal geïdentifiseer word.)

- Rasionaal vir bipotese 22 tot 25

Navorsingsresultate oor die belang van ouers versus portuurs vir adolessente kan in twee groepe verdeel word, naamlik navorsingsresultate wat die belang en rol van die portuurs sien as toenemend belangriker as dié van die ouers wat dan 'n negatiewe invloed op die ouer-adolessentverhouding het. Die invloed, waardas en norme van ouers en portuurs word ook gesien as botsend. Resenter navorsingsresultate toon egter dat ouers se invloed nie ten koste van die invloed van portuurs afneem nie; dat ouers en portuurs nie botsende kragte in adolessente se lewens is nie, maar eerder aanvullend; dat ouers en portuurs

se belang afhang van die saak wat ter sprake is (Duncan, 1978; Fasick, 1984; Forisha-Kovach, 1983; Hunter & Youniss, 1982; Valiant, 1983). Op hierdie resenter bevindings word bipotese 22 tot 25 gebaseer.

Dit blyk verder dat die waardes van adolessente se ouers en portuurs grootliks ooreenkom. Die waardes van vriande sal dus eerder die waardes van die ouers versterk as ondermyn (Conger & Petersen, 1984; Douvan & Adelson, 1966; Kandel & Lesser, 1969). Daar kan dus verwag word dat ouers hul adolessente kinders se vriende oorwegend sel goedkeur.

Aangesien ouers soms onseker oor sekere sake voel en dit vir hulle belangrik is dat hul adolessente kinders deur hul groep aanvaar moet word, moedig hulle dit aan dat die adolessente ten opsigte van sekere sake by hul portuurs leiding sel soek (Conger & Petersen, 1984; Valiant, 1983; Weller & Luchterhand, 1977; Youniss & Smollar, 1985). Die rol van die portuurs sal dus toeneem, maar dit beteken nie dat die rol van die ouers afneem en dat dit die kwaliteit van die ouer-adolessentverhouding sal skaad nie. Dit beteken wel dat die raad en leiding van adolessante se portuurs ten opsigte van sekere situasies of sake meer toepaslik is. Daar kan dus verwag word dat indien adolessente hul portuurs se raad en leiding ten opsigte van sekere sake verkies, die ouers dit oorwegend sal goedkeur, dat die soort saak sal bepaal met wie (ouers of vriende) adolessente hul sake en probleme sal bespreek an dat die soort saak sal bepaal wie se raad en leiding aanvaar eal word. Aangesien die invloed van kultuur op hierdie verwagtings egter nie bekend is nie, word nie-rigtinggewende bipoteses gestel.

Aangesien die soort sake geïdentifiseer sal word ten opsigte waarvan adolessente hul eie mening verkies of die van die ouers of vriende sal bestaande navorsingsbevindings in die verband vervolgens saamgevat word ten einde die resultate van hierdie navorsing daarmee te kan vergelyk.

Met betrekking tot morele sake of waardes is die menings van die ouers as die belangrikste gereken (Brittain, 1963; Douvan & Adelson, 1966; Hunter, 1985; Kandel & Lesser 1982; Young & Ferguson, 1979). Verder het Kandel en Lesser (1972) gevind dat daar in 'n groter mate op die moeder se raad en leiding as dié van die vader gesteun word. Die raad en leiding van vriende is die geringste geag.

Met betrekking tot toekomsdoelwitte of -beplanning soos in die geval van beroepsbeplanning het dit ook geblyk dat die raad en leiding van die ouers as die belangrikste geag word. Weer eens word die moeder se raad en leiding die hoogste geag, dan dié van die vader en laastens die van vriende (Adelson, 1970; Conger & Petersen, 1984; Douvan & Adelson, 1966; Hunter, 1985; Kandel & Lesser, 1972; Valiant, 1983; Youniss & Smollar, 1985).

Wanneer daar met betrekking tot die volgende sake nie tussen die raad en leiding van die moeder en vader onderskei word nie, maar net tussen ouers en vriende toon navorsing die volgende: Die raad en leiding van die ouers word verkies wanneer dit gaan oor met watter seun uitgegaan moet word en gelykgestel aan vriende wanneer daar besluit moet word oor met wie 'n vaste verhouding aangegaan moet word (Brittain, 1963). Ander navorsing (Conger & Petersen, 1984; Lloyd, 1985) het weer gevind dat adolessente, vriende se menings ten opsigte van verhoudings met dieselfde en die teenoorgestelde geslag bo dié van die ouers verkies.

Hierteenoor het Kandel en Lesser (1972) tussen die raad en leiding van die moeder, vader en vriende onderskei en gevind dat wanneer dit gaan oor met wie uitgegaan moet word die moeder en vriende se raad en leiding in dieselfde mate geag word, terwyl die vader se raad en leiding die minste geag is. Wanneer die saak betrekking gehad het op met wie 'n vaste verhouding aangeknoop moet word, is die moeder se raad en leiding verkies, dan dié van vriende en laastens dié van die vader.

Met betrekking tot seksuele sake het Youniss en Smollar (1985) asook Shah en Zelnik (1981) gevind dat adolessente meisies dit eerder met hul vriende as hul ouers bespreek. Hierteenoor het Yalom et al. (1982) gevind dat adolessente meisies seksuele sake die maklikste met hul seksuele vennoot bespreek en dan met die moeder.

Ten opsigte van die keuse van musiek, kleredrag, tipe vermaak, vriende en taalgebruik asook sake wat betrekking het op sosiale gedrag of daaglikse handel en wandel, het navorsing getoon dat adolessente hul vriende se menings ho dié van hul ouers stel (Adelson, 1970; Conger & Petersen, 1984; Kandel & Lesser, 1972; Lloyd, 1985; Valiant, 1983; Young & Ferguson, 1979). Wanneer daar tussen die belang van die moeder, vader en vriende onderskai word, bet

dit geblyk dat die raad en leiding van die moeder ten opsigte van die keuse van vriende en kleredrag weer eens as die belangrikste geag is (Kandel & Lesser, 1972).

Dit blyk dus dat die raad en leiding of mening van die moeder in die meeste gevalle die hoogste geag word. In hierdie navorsing word daar ook tussen die raad en leiding van die moeder, vader en vriende/vriendinne onderskei. 'n Verdere kategorie "eie mening" is bygevoeg ten einde die sake te identifiseer ten opsigte waarvan adolessente hul eie mening volg.

6.4.8 Ad hoc-hipotese oor die ervaring van adolessensie

Hipotese 26
'n Betekenisvolle groter aantal adolessente sal adolessensie as 'n moeilike stadium ervaar as dié wat dit nie as sodanig ervaar nie.

6.4.8.1 Rasionaal vir hipotese 26

Adolessente verkeer in 'n marginale periode in die lewensiklus en word gesien as nòg kind nòg volwassene. Hul status en rol is dus meestal vaag en hul gedragsriglyne ongedefinieerd of dubbelsinnig. Verder is adolessensie 'n oorgangsperiode waartydens nie net belangrike nie, maar ook omvangryke veranderings en ontwikkelings plaasvind. Sodanige veranderings gaan dan ook dikwels met spanning gepaard (Compas et al., 1985; Forisha-Kovach, 1983; Konopka, 1973).

In aansluiting hierby word adolessensie beskou as 'n kritieke periode vir biologiese, psigologiese en sosiale ontwikkeling (Fein, 1978; Garrison & Garrison, 1975; Guardo, 1975; Santrock, 1984). Adolessensie is ook 'n tydperk van selfontdekking en identiteitsontwikkeling wat die uitvoering van 'n groot aantal ontwikkelingstake vereis. (Erikson, 1968; Havighurst, 1972).

Adolessente se toenemende vermoë tot formele denke dra verder nie net by tot 'n groter bewustheid van die self nie, maar ook van die wêreld om hom. 'n Dieper vorm van bevraagtekening van waardes en norme asook die realiteit kom voor (Kohlberg & Gilligan, 1971). Hedendaagse adolessente groei ook in 'n prestasie-georiënteerde wêreld op. Daar word dus van hulle verwag om hulself te realiseer en belangrike besluite ten opsigte van hul toekoms te maak.

Hierdie omvangryke aard van ontwikkeling tydens adolessensie en die marginale posisie van adolessente in die samelewing kan dus daartoe bydrae dat adolessente adolessensie as 'n moeilike ontwikkelingstadium ervaar.

Hierbenewens het die storm-en-drang siening van adolessensie deur die leerteoretici en teoretici soos Freud, Erikson, Sullivan, Lewin en Mead (vergelyk die bespreking in 1.3) betrekking op die innerlike ervaring van konflik en spanning asook onsekerheid as gevolg van sekere biologiese en psigologiese ontwikkelings wat plaasvind en op sekere sosiale en/of kulturele aspekte wat ontwikkeling tydens adolessensie bemoeilik. Uit die storm-en-drang beskrywing van adolessensie kan ook afgelei word dat adolessensie as 'n moeilike ontwikkelingstadium ervaar kan word.

Navorsing wat daarop gerig was om die siening van adolessensie as 'n periode van storm-en-drang te ondersoek, het egter verskillende resultate gelewer. Sekere navorsers het die ervaring van storm-en-drang bevestig (Constantinople, 1969; Dignan, 1965; Howard & Kubis, 1964; Stark & Traxler, 1974; Waterman & Waterman, 1971), terwyl ander weer gevind het dat adolessensie nie noodwendig 'n periode van storm-en-drang is nie (Douvan & Adelson, 1966; Kuiper & Peij, 1983; Protinsky & Farrier, 1980).

Die verskillende resultate met betrekking tot die ervaring van storm-en-drang tydens adolessensie kan moontlik aan die volgende faktore toegeskryf word: Die kenmerke van adolessente waaruit die ervaring van storm-en-drang afgelei is, het gewissel. Sommige navorsers soos Douvan & Adelson (1966) het gevind dat die meerderheid adolessente deur konserwatisme en nie deur opstandigheid en onrus gekenmerk word nie. Op grond hiervan word die storm-en-drang siening dus verwerp. Ander navorsers het weer uit die geringe mate van spanning en konflik wat by adolessente voorkom, afgelei dat storm-en-drang nie ervaar word nie (Fein, 1978; Garbarino, 1985; Santrock, 1984).

Navorsers wat die voorkoms van storm-en-drang bevestig het, het dit weer afgelei uit hul bevestiging van die krisismodel van adoleasensie, naamlik dat adolessente 'n identiteitskrisis ervaar. Hierbenewens het die kenmerke van die steekproewe wat in die navorsing gebruik is ook verskil. Daar is byvoorbeeld vroeë, middel of laat adolessente gebruik.

Of adolessente sekere van die kenmerke waaruit navorsers afgelei het dat storm-en-drang voorkom, vertoon al dan nie, bepaal egter nie noodwendig die mate waarin adolessensie as 'n moeilike ontwikkelingstadium ervaar word nie. Anders gestel, wanneer adolessensie as 'n moeilike ontwikkelingstadium ervaar word, impliseer dit nie dat die adolessent noodwendig kenmerke van konflik, spanning, verwerping van waardes en gedragsnorme en aanpassingsprobleme sal opanbaar nie. Volgens Compas et al. (1985) beskik die meerderheid adolessente oor die vermoë om die spanning wat hulle ervaar te kan hanteer.

Die verwagting dat adolessensie as 'n moeilike ontwikkelingstadium ervaar sal word, berus dus eerder op die siening dat adolessente ontwikkeling bemoeilik word deur: die veelvuldige ontwikkelings en veranderinge wat plaasvind, die eise wat aan adoleasente gestel word, die verwagtings wat van hulle gekoester word en die marginale of oorgangsposisie van adolessente in die samelewing.

Die ervaring van adolessensie kan verder ook gekompliseer word deur sekere sosiokulturele faktore. Erikson (1968) wys byvoorbeeld daarop dat dit moeiliker is om 'n geïntegreerde identiteit te vorm in 'n samelewing wat deur vinnige tegnologiese en sosiale veranderinge gekenmerk word as in 'n samelewing wat deur eenvoud en ongeletterdheid gekenmerk word. Dit kom ook ooreen met Mead (Muuss, 1975) se siening dat ontwikkeling minder gekompliseerd is in tradisionele samelewings waar groter kontinuïteit ten opsigte van rolle en gedragsnorme voorkom.

Stabiliteitsgeoriënteerde kulture, gewoonlik tradisionele kulture, vergemaklik dus adolessente se ontwikkeling aangesien bepaalde waardes en gedragsnorme geld en es vanselfsprekend aanvaar word. Hierteenoor kompliseer veranderingsgeoriënteerde kulture adolessente se ontwikkeling aangesien adolessente groter vryheid het om hul eie keuses te maak, te staan kom voor 'n groter diversiteit van waardes en norme en meer blootgestel word aan kompetisie (Porisha-Kovach, 1983). Laasgenoemde oriëntasie geld moontlik vir die drie kultuurgroepe wat in hierdie navorsing betrek is.

Die twee blanke kultuurgroepe (Afrikaans- en Engelssprekendes) behoort aan die veranderingsgeoriënteerde Westerse kultuur wat vryheid van keuse ten opsigte van lewenswyse en individuele uitdrukking benadruk. Adolessente in die swart kultuurgroep word ook in 'n groot mete aan verandering blootgestel aangesien

hulle aan 'n oorgangskultuur behoort waar hulle aan hul tradisionele kultuur en die Westerse kultuur blootgestel word. Rogers (1985) wys verder daarop dat adolessente in sodanige komplekse samelewings spanning kan ervaar wanneer hulle aan hul eie kultuur en die Westerse tegnologiese kultuur blootgestel word. Hierdie faktore kan dus adolessente se ervaring van adolessensie in al drie kulture bemoeilik.

Benewens die invloed van kontak met verskillende kulture op adolessente se ervaring van adolessensie, kan adolessente ook adolessensie as moeilik ervaar as gevolg van die volgende kenmerke van die moderne wêreld: die struktuur en funksionering van die kerngesin, verstedeliking en geografiese mobiliteit, veranderde gesagsverhoudings en nadruk op individualiteit en selfrealisering. Verder groei adolessente op in 'n toenemende pluralistiese samelewing en moet hulle 'n wêreld-bewustheid ontwikkel (Conger & Petersen, 1984; Dacey, 1982; Rogers, 1985; Sebald, 1984).

6.4.9 Statistiese prosedures vir die toetsing van die hipoteses

Die tipe statistiese ontledings wat uitgevoer is ten einde die hipoteses te toets, is deur die metingsterkte van die skale bepaal. In Tabel 14 word aangetoon watter statistiese toetse uitgevoer is.

Tabel 14

Statistiese Toetse wat uitgevoer is om die Hipoteses te toets

	Hipoteses aangaande verskille tussen groepe	Hipoteses aangaande verbande tussen veranderlikes
	Onafhanklike veranderlikes	Onafhanklike veranderlikes
Afhanklike veranderlikes	Nominaal	Interval
Nominaal	χ^2-toets	
Interval	F-toets t-toets	Pearson-produkmoment-korrelasiekoëffisiënt

In die toetsing van al die hipoteses is getoets vir verskille tussen die volgende groepe:

- Die drie kultuurgroepe:
  Afrikaanssprekende blankes;
  Engelssprekende blankes;
  Swartes.

- Die twee geslagte binne die drie kultuurgroepe:
  Afrikaanssprekende blanke adolessente seuns;
  Afrikaanssprekende blanke adolessente meisies;
  Engelssprekende blanke adolessente seuns;
  Engelssprekende blanke adolessente meisies;
  Swart adolessente seuns;
  Swart adolessente meisies.

Op grond van die steekproefgrootte en om die moontlikheid van foutiewe verwerping van die nulbipotese te beperk, is die vlak van betekenisvolbeid in alle gevalle op $\alpha = 0,01$ gestel (Huysamen, 1976). Waar F betekenisvol op die 1% peil is, is Scheffé se toets vir post hoc-vergelykings toegepas om die rigting van betekensvolle verskille te bepaal.

Vir die toetsing van die teoretiese modelle is χ^2-toetse toegepas.

In al die hipoteses word H_0, naamlik dat daar geen betekenisvolle verskille (of verbande waar toepaslik) tussen die groepe sal wees nie, getoets. Die alternatiewe hipoteses en die rasionaal vir hierdie hipoteses is in 6.4.5 tot 6.4.8 gestel.

7. RESULTATE EN BESPREKING VAN RESULTATE

Die resultate en die bespreking van die resultate word in die volgende afdelings aangebied in ooreenstemming met die afdelings waarin die navorsingsmodel (kyk 6.4) uiteengesit is.

Resultate en bespreking van die resultate met betrekking tot die

- teoretiese model oor identiteit;
- teoretiese model oor beroepsidentiteit;
- hipoteses oor identiteit (hipotese 1 en 2) en beroepsidentiteit (hipotese 3 en 4);
- hipoteses oor die aard en kwaliteit van adolessente se verhoudings met hul ouers (hipotese 5 tot 14);
- hipoteses oor die vorm van ouerbeheer wat tydens edolessensie toegepas word (hipotese 15 tot 19);
- hipoteses oor die houding van ouers teenoor adolessente se vriende en die belang van ouers versus vriende (hipotese 20 tot 25);
- hipotese oor adolessente se ervaring van adolessensie (hipotese 26).

7.1 RESULTATE VAN DIE TOETSING VAN DIE MODEL VIR DIE VERKLARING VAN ADOLESSENTE SE VLAK VAN IDENTITEITSONTWIKKELING

7.1.1 Faktoriale geldigheid van die konstruk "ouer-adolessentverhouding"

Onder afdeling 6.4.3 is 'n model vir die verklaring van adolessente se vlak van identiteitsontwikkeling in Figuur 6 weergegee en bespreek. Hoewel dit in hierdie model hoofsaaklik gaan om die verklaring van die vlak van identiteitsontwikkeling, word daar onder andere ook in die model gepostuleer dat die konstruk ouer-adolessentverhouding uit drie komponente bestaan, naamlik

- ouerbeheer;
- nabyheid in ouer-adolessentverhouding; en
- begrip in ouer-adolessentverhouding.

'n Skematiese voorstelling van hierdie konstruk ouer-adolessentverhouding en die invloed op identiteit word in Figuur 5 onder punt 6.4.2 gegee.

Die eerste stap in die toetsing van die model was dan ook om die faktoriale konstrukgeldigheid van die konstruk ouer-adolessentverhouding te ondersoek.

'n Hoofassefaktorontleding is gevolglik uitgevoer op die korrelasies tussen al die items in die vraelys wat gebruik is om die konstruk ouer-adolessent-verhouding in een of ander opsig te meet. Aangesien die interkorrelasies tussen al die items in Bylae D weergegee word, word hieronder slegs die varimax geroteerde faktoroplossings (Mulaik, 1972) in Tabel 15 vir die drie kultuurgroepe onderskeidelik weergegee.

Die eiewaardes as indekse van die variansie in die data wat deur faktore verklaar word (Kerlinger, 1986), geassosieer met elke faktor word in Bylae E vir elk van die drie kultuurgroepe gerapporteer. Daar is besluit om die Kaiser-Guttman kriterium te gebruik om te bepaal hoeveel faktore onttrek behoort te word. Volgens hierdie kriterium word alle faktore met 'n eiewaarde ≥ 1 onttrek. Dit is opmerklik dat daar vir al drie die kultuurgroepe 'n vierfaktoroplossing volgens die Kaiser-Guttman kriterium aangedui word.

Uit Tabel 15 blyk dit ook watter items in die vraelys (Bylae C) deur die navorser gebruik is om die verskillende komponente van die ouer-adolessentverhouding te meet.

Tabel 15
Varimax geroteerde faktoroplossing van die indikatore van die Ouer-adolessentverhouding

Afrikaanssprekende blanke adolessente (N=392)

	Faktore			
Indikatore (items)	1	2	3	4
Gevoel van nabyheid met vader	0,82			
Begrip tussen vader en adolessent	0,71			
Neem saam met vader besluite	0,60			
Moeder gee redes vir reëls/besluite		0,75		
Vader gee redes vir reëls/besluite		0,67		
Redeneer met vader oor reëls/besluite		0,59		
Redeneer met moeder oor reëls/besluite		0,56		
Gevoel van nabyheid met moeder			0,79	
Begrip tussen moeder en adolessent			0,63	
Neem saam met moeder besluite			0,53	
Moeder laat eie besluite toe				0,80
Vader laat eie besluite toe				0,72

Tabel 15 (vervolg)

Engelssprekende blanke adolessente (N=386)

	Faktore			
Indikatore (items)	1	2	3	4
Gevoel van nabyheid met vader	0,76			
Begrip tussen vader en adolessent	0,73			
Neem saam met vader besluite	0,62			
Moeder gee redes vir reëls/besluite		0,69		
Vader gee redes vir reëls/besluite		0,66		
Redeneer met vader oor reëls/besluite		0,64		
Redeneer met moeder oor reëls/besluite		0,62		
Gevoel van nabyheid met moeder			0,70	
Begrip tussen moeder en adolessent			0,68	
Neem saam met moeder besluite			0,61	
Moeder laat eie besluite toe				0,81
Vader laat eie besluite toe				0,76

Swart adolessente (N=304)

	Faktore			
Indikatore (items)	1	2	3	4
Begrip tussen vader en adolessent	0,76			
Gevoel van nabyheid met vader	0,73			
Neem saam met vader besluite	0,65			
Gevoel van nabyheid met moeder		0,86		
Begrip tussen moeder en adolessent		0,68		
Neem saam met moeder besluite		0,49		
Redeneer met moeder oor reëls/besluite			0,73	
Moeder gee redes vir reëls/besluite			0,62	
Redeneer met vader oor reëls/besluite			0,57	
Vader gee redes vir reëls/besluite			0,54	
Vader laat eie besluite toe				0,68
Moeder laat eie besluite toe				0,63

Uit Tabel 15 is dit in die eerste plek opmerklik dat by al drie die kultuurgroepe basies dieselfde vierfaktorstruktuur van die konstruk ouer-adolessentverhouding na vore kom. Die vier faktore wat na vore kom is:

- **Verhouding met vader** (items: gevoel van nabyheid met die vader; begrip tussen vader en adolessent; neem saam met die vader besluite).
- **Verhouding met moeder** (items: gevoel van nabyheid met die moeder; begrip tussen moeder en adolessent; neem saam met die moeder besluite).
- **Ouerbeheer deur bespreking** (items: moeder gee redes vir reëls en besluite; vader gee redes vir reëls en besluite; redeneer met vader oor reëls en besluite; redeneer met moeder oor reëls en besluite).

- Ouerbeheer deur eie besluite toe te laat (items: moeder laat eie besluite toe; vader laat eie besluite toe).

Uit hierdie faktore wil dit lyk asof die onderskeid tussen die verhouding met die vader (nabyheid en begrip) en verhouding met die moeder (nabyheid en begrip) in die konseptualisering van die algemene konstruk ouer-adolessentverhouding belangriker is as die gehipotetiseerde onderskeid tussen "ouernabyheid" en "ouerbegrip". Wat ouerbeheer betref blyk 'n onderskeid tussen die moeder en vader egter nie nodig te wees nie. Die belangrikste ouerbebeerfaktor het duidelik met die dimensie outokraties-demokraties te make, terwyl twee van die indikatore 'n tweede ouerbebeerfaktor vorm wat by nabetragting eerder met permissiwiteit te make het. Die getuienis vir laasgenoemde faktor is egter as te skraal (slegs twee indikatore) beskou om 'n tweede ouerbeheerfaktor te regverdig. Daar is dus besluit om al die items (indikatore) wat op die twee ouerbeheer faktore laai, saam te voeg as een faktor wat beskou moet word as ouerbeheer op die dimensie "outokraties-demokraties". 'n Hoë telling op hierdie faktor sal geneem word as 'n aanduiding van 'n meer demokratiese tipe ouerbebeer. Om saam te vat: Die gehipotetiseerde struktuur van die konstruk "ouer-adolessentverhouding" is nie beeltemal deur die faktorontleding bevestig nie. Dit blyk naamlik dat 'n onderskeid tussen moeder en vader ten opsigte van nabyheid en begrip belangriker is as 'n blote onderskeid tussen nabyheid en begrip in die algemeen.

Die korrelasies tussen bierdie drie faktore (vaderverhouding, moederverhouding en ouerbeheer) en vlak van identiteitsontwikkeling is ook bereken en word in Tabel 16 weergegee.

...

Tabel 16
Korrelasies tussen komponente van die Ouer-adolessentverhouding en vlak van Identiteitsvorming

Afrikaanssprekende blanke adolessente (N=398)			
	Vader-verhouding	Moeder-verhouding	Ouerbeheer
Moederverhouding	0,416		
Ouerbeheer	0,425	0,425	
Identiteit	0,322	0,259	0,293

Engelssprekende blanke adolessente (N=397)			
	Vader-verhouding	Moeder-verhouding	Ouerbeheer
Moederverhouding	0,399		
Ouerbeheer	0,474	0,411	
Identiteit	0,263	0,208	0,224

Swart adolessente (N=309)			
	Vader-verhouding	Moeder-verhouding	Ouerbeheer
Moederverhouding	0,265		
Ouerbeheer	0,471	0,374	
Identiteit	0,255	0,152	0,222

Nota. Alle korrelasies is beduidend op die 1% vlak

Dit is eerstens uit Tabel 16 duidelik dat die drie komponente van die konstruk ouer-adolessentverhouding nie net hoogs beduidend met mekaar korreleer nie (met betrekking tot al drie kultuurgroepe), maar ook beduidend met die vlak van identiteitsvorming verband hou. Daar is dus besluit om in die verdere toetsing van die model slegs met die konstruk ouer-adolessentverhouding as die gemiddelde van die drie komponente hierbo te handel. Elk van die drie komponente van die ouer-adolessentverhouding in Tabel 16 word dus gelyke gewig gegee in die bepaling of definiëring van die konstruk ouer-adolessentverhouding.

7.1.2 Determinante van die vlak van identiteitsvorming

Ten einde die teoretiese model met betrekking tot adolessente se vlak van identiteitsvorming aan werklike data te toets (kyk Figuur 6), is daar besluit om 'n beste subversameling regressie-ontleding (Draper & Smith, 1981) uit te voer met behulp van die program BMDP9R van die sisteem BMDP (Dixon & Brown, 1979). Hierdie program evalueer verskeie versamelings van onafhanklike veranderlikes en selekteer dan daardie versameling wat die afhanklike veranderlike (in die geval identiteit) die beste voorspel aan die hand van 'n kriterium. Mallows se Cp kriterium (Draper & Smith, 1981) is in die onderhawige studie gebruik om te besluit watter versameling van onafhanklike veranderlikes die data die beste pas.

Die interkorrelasiematriks word in Tabel 17 weergegee, terwyl die resultate van die regressie-ontleding in Tabel 18 weergegee word. Benewens die veranderlikes wat deel uitmaak van die geselekteerde versameling onafhanklikes, word die ander onafhanklike veranderlikes ook in Tabel 18 gelys ter wille van die behoud van 'n gebeelbeeld van al die onafhanklike veranderlikes wat oorweeg is. Verder is twee ander onafhanklike veranderlikes wat nie in die model voorkom nie vir verkennende doeleindes bygevoeg (hierdie twee veranderlikes maak wel deel uit van die model vir beroepsidentiteit).

Tabel 17
Korrelasies tussen die Onafhanklike Veranderlikes en Identiteit in die Teoretiese Model in Figuur 6

Afrikaanssprekende blanke adolessente

	Ouer-adolessent verhouding	Ervaring van adolessensie	Beskik oor vertroueling	Skoolprestasie	Skoolstanderd	Stedelik/platteland	Sosio-ekonomiese status	Vader werk/werkloos	Moeder werk/huisvrou
Ouer-adolessent-verhouding	1,00								
Ervaring van adolessensie	0,14								
Beskik oor vertroueling	-0,09	-0,08							
Skoolprestasie	0,19	-0,03	-0,00						
Skoolstanderd	-0,01	0,01	0,01	-0,22					
Stedelik/platteland	0,07	-0,01	-0,07	0,24	-0,05				
Sosio-ekonomiese status	0,09	0,12	0,03	0,21	0,01	-0,11			
Vader werk/werkloos	-0,01	0,00	-0,03	-0,01	-0,02	0,03	-0,07		
Moeder werk/huisvrou	0,01	0,05	0,02	0,02	-0,06	-0,01	0,01	0,00	
Identiteit	0,37	0,29	0,11	0,18	0,13	-0,04	0,09	0,08	0,04

Tabel 17 (vervolg)

Engelssprekende blanke adolessente

	Ouer-adolessent verhouding	Ervaring van adolessensie	Beskik oor vertroueling	Skoolprestasie	Skoolstanderd	Stedelik/platteland	Sosio-ekonomiese status	Vader werk/werkloos	Moeder werk/huisvrou
Ouer-adolessent-verhouding	1.00								
Ervaring van adolessensie	0.10								
Beskik oor vertroueling	-0.08	-0.03							
Skoolprestasie	0.18	0.02	-0.03						
Skoolstanderd	0.03	0.03	0.02	-0.06					
Stedelik/platteland	0.05	-0.04	-0.06	0.02	0.07				
Sosio-ekonomiese status	0.11	-0.02	-0.08	0.20	-0.02	-0.02			
Vader werk/werkloos	-0.03	-0.07	0.11	-0.07	0.04	-0.04	-0.05		
Moeder werk/huisvrou	-0.02	0.02	0.03	0.01	0.02	0.07	0.03	0.14	
Identiteit	0.30	0.34	-0.08	0.13	0.10	-0.06	0.04	-0.04	0.04

Tabel 17 (vervolg)

Swart adolessente

	Ouer-adolessent verhouding	Ervaring van adolessensie	Beskik oor vertroueling	Skoolprestasie	Skoolstanderd	Stedelik/platteland	Sosio-ekonomiese status	Vader werk/werkloos	Moeder werk/huisvrou
Ouer-adolessent-verhouding	1,00								
Ervaring van adolessensie	0,03								
Beskik oor vertroueling	0,00	-0,06							
Skoolprestasie	0,15	0,05	-0,02						
Skoolstanderd	0,05	-0,07	-0,04	0,11					
Stedelik/platteland	0,06	0,09	-0,06	0,12	-0,00				
Sosio-ekonomiese status	0,10	-0,05	0,11	0,13	0,06	-0,03			
Vader werk/werkloos	-0,09	-0,05	0,02	-0,10	-0,04	0,03	-0,11		
Moeder werk/huisvrou	-0,11	0,02	0,06	0,04	-0,02	0,18	-0,12	0,14	
Identiteit	0,28	0,20	-0,12	0,14	0,11	0,13	0,04	-0,14	-0,05

Nota. $r>0,25$ betekenisvol op $\alpha=0,01$

Tabel 18
Resultate van die Regressie-ontleding vir die beste Subversameling Onafhanklike Veranderlikes met Identiteit as Afhanklike Veranderlike

Afrikaanssprekende blanke adolessente (N=393)

Onafhanklike veranderlike	Gestandaardiseerde regressiekoëffisiënt	t-statistiek	p
Ouer-adolessentverhouding	0,297	6,49	0,000
Ervaring van adolessensie	0,242	5,39	0,000
Beskik oor vertroueling	-0,065	-1,49	0,143
Skoolprestasie	0,172	3,72	0,000
Skoolstanderd	0,172	3,80	0,000
Stedelik/platteland	-	-	-
Sosio-ekonomiese status	-	-	-
Vader werk/werkloos	0,083	1,88	0,060
Moeder werk/huisvrou	-	-	-

Nota. R^2 = 0,25
R^2 adj.* = 0,23
Cp-waarde** = 6,36

Engelssprekende blanke adolessente (N=394)

Onafhanklike veranderlike	Gestandaardiseerde regressiekoëffisiënt	t-statistiek	p
Ouer-adolessentverhouding	0,253	5,45	0,000
Ervaring van adolessensie	0,307	6,74	0,000
Beskik oor vertroueling	-	-	-
Skoolprestasie	0,081	1,75	0,081
Skoolstanderd	0,091	2,00	0,047
Stedelik/platteland	-0,074	-1,64	0,103
Sosio-ekonomiese status	-	-	-
Vader werk/werkloos	-	-	-
Moeder werk/huisvrou	-	-	-

Nota. R^2 = 0,20
R^2 adj.* = 0,19
Cp-waarde** = 4,37

Tabel 18 (vervolg)

Swart adolessente (N=308)

Onafhanklike veranderlike	Gestandaardiseerde regressiekoëffisiënt	t-statistiek	p
Ouer-adolessentverhouding	0,258	4,84	0,000
Ervaring van adolessensie	0,177	3,31	0,001
Beskik oor vertroueling	-0,094	-1,76	0,079
Skoolprestasie	-	-	-
Skoolstanderd	0,102	1,92	0,055
Stedelik/platteland	0,095	1,78	0,075
Sosio-ekonomiese status	-	-	-
Vader werk/werkloos	-0,102	-1,91	0,057
Moeder werk/huisvrou	-	-	-

Nota. R^2 = 0,16
R^2 adj.* = 0,14
Cp-waarde** = 5,71

*R^2 adj. = $1-(1-R^2)((n-1)/(n-p))$ (Draper & Smith, 1981, p. 92)

**Cp staan vir Mallows se Cp kriterium, naamlik
Cp = $RSSp/S^2-(n-2p)$ (Draper & Smith, 1981, p. 299) waar RSSp staan vir residu'som van kwadrate vir 'n model met p parameter en n die aantal waarnemings.

Uit Tabel 18 is dit duidelik dat die belangrikste determinante van adolessente se vlak van identiteitsontwikkeling by al drie kultuurgroepe die ouer-adolessentverhouding is. Dit word gevolg deur adolessente se ervaring van adolessensie. Trouens, wat die Engelse en swart kultuurgroep betref, het slegs hierdie twee onafhanklike veranderlikes 'n beduidende bydree op die 0,01 peil gelewer.

In die geval van die Afrikaanse groep het dit geblyk dat benewens bogenoemde veranderlikes skoolprestasie en skoolstenderd ook 'n betekenisvolle rol speel (beduidend op die 0,01 peil). Dit is opmerklik dat die veranderlikes stedelik/platteland en sosio-ekonomiese status deurgaans nie 'n betekenisvolle bydrae maak tot die voorspelling van identiteit nie.

7.2 BESPREKING VAN DIE RESULTATE MET BETREKKING TOT DIE VERKLARING VAN DIE VLAK VAN IDENTITEITSONTWIKKELING

Die bevinding dat die aard van die ouer-adolessentverhouding in al drie kultuurgroepe (Afrikaanse blanke, Engelse blanke en swart adolessente) die

belangrikste determinant van adolessente se vlak van identiteitsvorming is, bevestig Erikson (1963, 1968) se teorie dat interaksie en wedersydse erkenning tussen die ouer en kind belangrik is vir identiteitsontwikkeling. Dit hou ook verband met die bevindings van Adams en Jones (1983), Enright et al. (1980) en La Voie (1976) dat demokratiese ouerbeheer identiteitsontwikkeling bevorder en Conger en Petersen (1984) en Douvan en Adelson (1966) se verduideliking dat die aard en kwaliteit van die ouer-adolessentverhouding belangrik is vir identiteitsontwikkeling. Dit bevestig verder die bevindings van Bourne (1978a, 1978b), Dignan (1965), Grotevant (1983), Howard en Kubis (1964) en Marcia (1980) dat nabyheid en begrip oftewel die kwaliteit van die ouer-adolessentverhouding die identiteitsontwikkeling van die adolessent bevorder (vergelyk 3.5.3).

In die rasionaal vir die verband wat in die teoretiese model tussen adolessente se ervaring van adolessensie en hul vlak van identiteitsontwikkeling gestel is, is die aanname gemaak dat namate adolessente 'n sterker identiteitsgevoel ontwikkel hulle ook ontwikkeling tydens adolessensie as minder problematies sal ervaar. Hierdie aanname word deur die resultate met betrekking tot al drie kultuurgroepe bevestig. Daar kan dus aanvaar word dat namate adolessente fisiologies, seksueel, kognitief en sosiaal groter rypheid bereik en hulle ook sekerder is van hul identiteit wat rondom hierdie kenmerke gevorm word, sal hulle ontwikkeling tydens adolessensie as makliker ervaar. Namate adolessente 'n sterker identiteitsgevoel ontwikkel, sal hulle ook groter sekuriteit in hulself en in hul verhoudings openbaar wat hulle interpersoonlike verhoudings en kommunikasie kan vergemaklik. Die resultaat is verminderde spanning wat die ervaring van adolessensie as 'n moeilike stadium dienooreenkomstig sal verminder.

Met betrekking tot die Afrikaanse blanke adolessente bet dit verder geblyk dat skoolprestasie en skoolstanderd verband hou met identiteitsontwikkeling. Hierdie bevinding bevestig die bevindings van Adams (1976), Kohlberg en Gilligan (1971), Leadbeater en Dionne (1981) en Rowe en Marcia (1980) dat formele denke identiteitsontwikkeling bevorder.

Die bevestiging van die verband tussen Afrikaanse adolessente se skoolstanderd en bul vlak van identiteitsontwikkeling dui verder daarop dat namate adolessente 'n hoër skoolstanderd bereik en dienooreenkomstig ouer is, hulle

ook 'n hoër vlak van identiteitsontwikkeling bereik. Die moontlikheid bestaan ook dat adolessente in hoër skoolstanderds ook 'n boër vlak van kognitiewe ontwikkeling sal bereik.

Die gepostuleerde verbande tussen adolessente se vlak van identiteitsontwikkeling en die teenwoordigheid van 'n vertroueling, sosio-ekonomiese stetus en woongebied is nie by een van die kultuurgroepe bevestig nie. Hierdie faktore is dus nie belangrike determinante van identiteitsontwikkeling ten opsigte van die steekproef wat in hierdie navorsing gebruik is nie.

7.3 RESULTATE VAN DIE TOETSING VAN DIE MODEL VIR DIE VERKLARING VAN ADOLESSENTE SE VLAK VAN BEROEPSIDENTITEITSONTWIKKELING

Die model vir die verklaring van adolessente se vlak van beroepsidentiteitsontwikkeling verskyn in Figuur 7 (p. 235). In hierdie model blyk dit dat die konstruk ouer-adolessentverbouding net soos in die model vir die verklaring van adolessente se vlak van identiteitsontwikkeling (Figuur 6, p. 230) deur drie komponente, naamlik vorm van ouerbeheer, mate van nabybeid en mate van begrip in die ouer-adolessentverhouding bepaal word.

Aangesien die faktoriale geldigheid van die konstruk ouer-adolessentverbouding reeds vir die model met betrekking tot identiteit getoets is (vergelyk die resultate in 7.1.1), sal dit nie hier berbaal word nie. Uit die resultate het dit geblyk dat die drie komponente wel die konstruk ouer-adolessentverbouding bepaal of definieer.

7.3.1 Determinante van die vlak van beroepsidentiteitsontwikkeling

Net soos in die geval van die teoretiese model met betrekking tot identiteit is die model met betrekking tot adolessente se vlak van beroepsidentiteitsontwikkeling aan die werklike data getoets deur 'n beste versameling regressie-ontleding uit te voer (kyk 7.1.2). Die interkorrelasiematriks verskyn in Tabel 19 en die resultate van die regressie-ontleding in Tabel 20.

Tabel 19
Korrelasies tussen die Onafhanklike Veranderlikes en Beroepsidentiteit in die Teoretiese Model in Figuur 7

Afrikaanssprekende blanke adolessente

	Ouer-adolessent verhouding	Ervaring van adolessensie	Skoolprestasie	Skoolstanderd	Stedelik/platteland	Sosio-ekonomiese status	Vader werk/werkloos	Moeder werk/huisvrou
Ouer-adolessent-verhouding	1,00							
Ervaring van adolessensie	0,14							
Skoolprestasie	0,19	-0,03						
Skoolstanderd	-0,01	0,01	-0,22					
Stedelik/platteland	0,07	-0,01	0,02	-0,05				
Sosio-ekonomiese status	0,10	0,12	0,21	0,01	-0,11			
Vader werk/werkloos	-0,01	0,00	-0,01	-0,02	0,03	-0,07		
Moeder werk/huisvrou	0,01	0,05	0,02	-0,06	-0,01	-0,01	0,00	
Beroepsidentiteit	0,22	0,25	0,08	0,17	-0,06	0,08	0,05	-0,12

Tabel 19 (vervolg)

Engelssprekende blanke adolessente

	Ouer-adolessent verhouding	Ervaring van adolessensie	Skoolprestasie	Skoolstanderd	Stedelik/platteland	Sosio-ekonomiese status	Vader werk/werkloos	Moeder werk/huisvrou
Ouer-adolessent-verhouding	1.00							
Ervaring van adolessensie	0.10							
Skoolprestasie	0.18	0.02						
Skoolstanderd	0.03	0.03	-0.06					
Stedelik/platteland	0.05	-0.04	0.02	0.07				
- **Beroepskeuse:** Dit blyk dat die ouers en adolessente in al die kultuurgroepe in 'n groot mate saamstem oor die beroep wat die adolessente wil volg (86,99% adolessente stem saam met die moeder en 86,50% met die vader). Geslagsverskille kom nie voor nie.

- **Musiekvoorkeur:** Ten opsigte van die mate waarin adolessente en hul ouers seamstem oor die tipe musiek wat verkies word, verskil die resultate met betrekking tot die drie kultuurgroepe. Afrikaanse blanke adolessente verskil van hul ouers ten opsigte van musiekvoorkeur (60,71% verskil van die moeder en 72,04% van die vader); Engelse blanke adolessente stem saam met die moeder (60,86%), terwyl omtrent eweveel adolessente van die vader verskil en met hom saamstem (46,70% stem seam met die vader en 53,30% verskil van die vader); swart adolessente stem saam met hul ouers met betrekking tot musiekvoorkeur (62,14% stem saam met die moeder en 54,55% stem saam met die vader).

Wat geslagsverskille betref, verskil slegs die Engelse seuns en meisies betekenisvol. Teenoor 55,78% seuns stem 65,99% meisies saam met hul moeder oor die tipe musiek wat hulle verkies; teenoor die 40,10% seuns wat met hul vader saamstem, stem 53,30% meisies met die vader saam. Met ander woorde, die Engelse meisies stem in 'n groter mate as die seuns met sowel die moeder as die vader saam. Die lae persentasie seuns wat saam met die vader stem (40,10%) veroorsaak dat die totale groep adolessente in die Engelse blanke kultuur eerder van die vader verskil (53,30%) as saamstem oor hul musiekvoorkeur.

- **Vermaak:** Afrikaanse en Engelse blanke adolessente stem in 'n groter mate met hul ouers saam as wat hulle verskil oor die tipe vermaak wat verkies word (61,36% Afrikaanse adolessente stem saam met die moeder en 54,66% saam met die vader; 76,83% Engelse adolessente stem saam met die moeder en 68,27% saam met die vader). Dit val verder op dat die Engelse adolessente in 'n betekenisvolle groter mate as die Afrikaanse adolessente saam met hul ouers stem oor vermaak. Hierteenoor blyk dit dat ouers en adolessente in die swart kultuurgroep in 'n groter mate verskil as saamstem oor die tipe vermaak waaraan die adolessente deelneem (63,75% verskil van die moeder en 68,18% verskil van die vader).

  Wanneer geslagsverskille binne die kultuurgroepe nagegaan word, blyk dit dat Afrikaanse seuns in 'n groter mate as die meisies met die moeder en vader saamstem; dat Engelse seuns in 'n groter mate as die meisies met die vader saamstem; en dat swart meisies in 'n groter mate as die seuns van die vader verskil oor die tipe vermaak waaraan deelgeneem word.

- **Kleredrag:** Adolessente in al die kultuurgroepe stem oorwegend saam met die ouers oor kleredrag. Slegs die mate waarin Afrikaanse adolessente en hul vaders saamstem, verskil van hierdie bevinding aangesien omtrent eweveel Afrikaanse adolessente met die vader seamstem en verskil (50,63% stem saam met die vader en 49,37% verskil). Dit val verder op dat die Engelse adolessente in die grootste mate van al die groepe met die moeder saamstem (77,83%).

  Geslagsverskille kom slegs by die swart kultuurgroep voor. Dit blyk dat swart seuns (68,83%) in 'n betekenisvolle groter mate as die meisies (55,84%) met die vader oor kleredrag saamstem.

- **Sosiale optrede:** Die adolessente in al die groepe stem oorwegend saam met die ouers oor hoe daar sosiaal opgetree moet word (88,25% stem saam met die moeder en 85,99% met die vader). Geen betekenisvolle kultuur- en geslagsverskille kom voor nie.

- **Taalgebruik:** Die adolessente in al die kultuurgroepe stem oorwegend saam met die ouers oor taalgebruik (81,79% stem saam met die moeder en 82,83% met die vader). Swart adolessente (87,99%) stem egter in 'n betekenisvolle groter mate as die Engelse adolessente (77,75%) met die

vader saam. Betekenisvolle geslagsverskille kom nie voor nie.

- **Seksuele gedrag:** Afrikaans- en Engelssprekende blanke adolessente stem oorwegend met hul ouers saam oor seksuele gedrag, terwyl swart adolessente oorwegend van hul ouers verskil (88,07% Afrikaanse adolessente stem saam met die moeder en 86,36% saam met die vader; 75,83% Engelse adolessente stem saam met die moeder en 78,46% met die vader; 62,99% swart adolessente verskil van die moeder en 66,67% van die vader). Dit val ook op dat die Afrikaanse adolessente in 'n betekenisvolle groter mate as die Engelse adolessente met die ouers saamstem.

  Met betrekking tot geslegsverskille blyk dit dat Engelse seuns (84,02%) in 'n betekenisvolle groter mate as die meisies (72,96%) met die vader oor seksuele gedrag saamstem. Verder verskil swart seuns (68,63%) in 'n betekenisvolle groter mate van die moeder oor seksuele gedrag as swart meisies (57,42%).

- **Verhoudings:** Net soos in die geval van seksuele gedrag stem Afrikaans- en Engelssprekende adolessente oorwegend met die ouers saam oor verhoudings met die teenoorgestelde geslag (met wie 'n verhouding aangegaan moet word), terwyl die swart sdolessente weer eens oorwegend van hul ouers hieroor verskil (77,92% Afrikaanse adolessente stem met die moeder saam en 79,49% met die vader; 81,77% Engelse adolessente stem met die moeder saam en 83,42% met die vader; 62,99% swart adolessente verskil van die moeder en 68,73% van die vader).

  Met betrekking tot geslagsverskille val dit op dat Afrikaanse en Engelse adolessente seuns in 'n betekenisvolle groter mate met albei ouers saamstem oor hul verhoudings met die teenoorgestelde geslag as die meisies. Verder blyk dit ook dat swart seuns in 'n groter mate van die moeder verskil as die meisies.

7.7.4 Reeultate met betrekking tot verskille tussen die moeder-adolessent- en vader-adolessentverhouding

In Tabel 32 en 33 word die resultate met betrekking tot die mate waarin adolessente tussen die moeder en vader ten opsigte van sekere veranderlikes onderskei, gegee. Hierdie veranderlikes kom in hipotese 5 tot 9 en 11 tot 13 voor. In Tabel 32 word daar tussen die drie kultuurgroepe onderskei en in Tabel 33 tussen die twee geslagte binne die drie kultuurgroepe.

Tabel 32
t-Toetse vir Betekenisvolheid van Verskille tussen die Moeder en Vader met betrekking tot die Ouer-adolessentverhouding vir die drie Kultuurgroepe (Hipotese 5 tot 9 en 11 tot 13)

		Afr. Blanke kultuur 376≤N≤398				Eng. Blanke kultuur 274≤N≤397				Swart kultuur 245≤N≤309*			
Veranderlike		Moeder	Vader	t	p	Moeder	Vader	t	p	Moeder	Vader	t	p
Moeder/vader stem saam/verskil oor reëls/besluite	$\bar{X}$	3,71	3,66	1,01	0.3112	3.51	3.55	-0.73	0.4631	4.02	4.00	0.30	0,7671
	S	1.00	1,04			1.09	1,10			1.39	1.54		
Moeder/vader keur aktiviteite goed/af	$\bar{X}$	5.03	4,91	2,31	0,0216	4.96	4.89	1.38	0.1681	4.29	4.02	2.58	0,0104*
	S	1.01	1,06			1.04	1.15			1.63	1.77		
Deel aktiwiteite met moeder/vader dikwels/selde	$\bar{X}$	3,45	3,40	0,70	0.4822	3.41	3.17	4.07	0.0001*	3.46	2.94	5.37	0,0001*
	S	1,05	1,12			1.03	1.07			1,27	1,42		
Geniet aktiviteite met moeder/vader dikwels/selde	$\bar{X}$	4,13	4,10	1,33	0.1837	4.10	4.21	-1,77	0,0781	3,81	3,63	2.59	0,0101*
	S	0,92	0,97			0,86	0,84			1,17	1,22		
Bespreek sake/ probleme met moeder/vader dikwels/selde	$\bar{X}$	3,62	2,85	12,39	0,0001*	3.38	2.73	10,55	0,0001*	3,07	2,53	5,66	0,0001*
	S	1,11	1,15			1.21	1,19			1,35	1,34		
Nabyheid tussen moeder/vader en adolessent	$\bar{X}$	4,37	4,05	6,68	0,0001*	4,30	3,97	6,97	0,0001*	4,10	3,45	8,14	0,0001*
	S	0,37	0,98			0,83	1,01			1,13	1,32		
Begrip tussen moeder/vader en adolessent	$\bar{X}$	4,41	4,04	6,47	0,0001*	4,29	3,93	5,96	0,0001*	4,38	3,83	6,18	0,0001*
	S	0,90	1,02			0,94	1,06			1,27	1,40		
Konflik tussen moeder/vader en adolessent	$\bar{X}$	2,86	2,75	3,07	0,0023*	2,79	2,71	2,03	0,0428	2,98	2,92	2,34	0,0200
	S	0,54	0,63			0,61	0,66			0,68	0,88		

Nota. Betekenisvolle verskille word deur 'n asterisk aangedui.
*Aangesien N vir al die veranderlikes en vir elke groep verskil, word N nie afsonderlik aangedui nie.

Tabel 33

t-Toetse vir Betekenisvolheid van Verskille tussen die Moeder (M) en Vader (V) met betrekking tot die Ouer-adolessentverhouding vir die twee Geslagte (Hipotese 5 tot 9 en 11 tot 13)

		Kultuur I geslag																							
		Afr. seuns 185≤N≤197				Afr. meisies 187≤N≤201				Eng. seuns 189≤N≤199				Eng. meisies 182≤N≤198				Swart seuns 126≤N≤134				Swart meisies 114≤N≤155*			
Veranderlike		M	V	t	P	M	V	t	P	M	V	t	P	M	V	t	P	M	V	t	P	M	V	t	P
M/V stem saam/ verskil oor reëls/ besluite	Ī	3,69	3,65	0,51	0,6081	3,74	3,67	0,90	0,3714	3,46	3,60	-1,79	0,0753	3,55	3,50	0,65	0,5175	3,92	4,09	-1,53	0,1270	4,13	3,90	1,84	0,0682
	S	0,96	1,03			1,03	1,04			1,11	1,07			1,07	1,14			1,45	1,42			1,32	1,65		
M/V keur aktiviteite goed/af	Ī	5,01	5,01	-0,07	0,9422	5,06	4,82	3,37	0,0009*	4,87	4,95	-1,16	0,2492	5,07	4,83	3,03	0,0028*	4,20	4,23	-0,21	0,8375	4,39	3,79	4,30	0,0001*
	S	1,07	1,05			0,96	1,07			1,10	1,12			0,96	1,17			1,68	1,70			1,58	1,82		
Deel aktiwiteite met M/V dikwels/ selde	Ī	3,22	3,77	-6,65	0,0001*	3,67	3,04	7,91	0,0001*	3,21	3,52	-3,59	0,0004*	3,62	2,81	10,33	0,0001*	3,19	3,43	-1,89	0,0604	3,72	2,46	10,92	0,0001*
	S	1,00	1,02			1,05	1,09			1,05	1,04			0,96	0,98			1,24	1,38			1,24	1,30		
Geniet aktiviteite met M/V dikwels/ selde	Ī	3,97	4,16	-2,47	0,0143	4,29	4,03	4,45	0,0001*	3,92	4,20	-3,09	0,0023*	4,28	4,22	1,11	0,2705	3,60	3,80	-1,40	0,1650	4,02	3,42	5,17	0,0001*
	S	0,91	0,92			0,90	1,01			0,92	0,82			0,75	0,86			1,14	1,15			1,17	1,28		
Bespreek sake/ probleme met M/V dikwels/selde	Ī	3,41	3,09	4,03	0,0001*	3,83	2,62	14,34	0,0001*	3,20	2,86	4,24	0,0001*	3,56	2,60	10,84	0,0001*	2,83	2,77	0,50	0,6151	3,30	2,29	7,77	0,0001*
	S	1,05	1,17			1,12	1,08			1,19	1,19			1,20	1,18			1,35	1,36			1,32	1,29		
Nabyheid tussen M/V en adolessent	Ī	4,31	4,11	3,08	0,0023*	4,43	3,99	6,26	0,0001*	4,30	4,07	3,79	0,0002*	4,30	3,86	5,94	0,0001*	4,05	3,70	3,10	0,0023*	4,16	3,20	8,67	0,0001*
	S	0,74	0,90			0,81	1,05			0,78	0,95			0,88	1,06			1,08	1,21			1,17	1,38		
Begrip tussen M/V en adolessent	Ī	4,31	4,11	2,57	0,0111[f]	4,50	3,96	6,60	0,0001*	4,26	4,00	3,37	0,0009*	4,33	3,87	4,96	0,0001*	4,21	3,94	2,13	0,0348	4,55	3,72	6,76	0,0001*
	S	0,91	1,04			0,87	1,01			0,89	1,01			0,99	1,11			1,25	1,35			1,28	1,44		
Konflik tussen M/V en adolessent	Ī	2,86	2,76	2,10	0,0367	2,86	2,74	2,23	0,0268	2,75	2,74	0,18	0,8557	2,82	2,67	2,67	0,0082	2,96	2,85	1,33	0,1863	3,00	2,82	1,94	0,0541
	S	0,55	0,61			0,53	0,64			0,62	0,61			0,60	0,70			0,66	0,83			0,70	0,93		

Nota. Betekenisvolle verskille word met 'n asterisk aangedui.

*Aangesien N vir al die veranderlikes en vir elke groep verskil, word N nie afsonderlik aangedui nie.

Uit die resultate in Tabel 32 en 33 blyk dit dat betekenisvolle verskille tussen adolessente se verhoudings met hul moeders en vaders ten opsigte van die volgende veranderlikes voorkom:

Afrikaanssprekende blanke adolessente:

- Geen onderskeid word tussen die moeder en vader gemaak ten opsigte van die mate waarin hulle en hul adolessente kinders saamstem oor die besluite wat die ouers neem en die reëls wat hulle neerlê nie.
- Moeders keur hul dogters se aktiwiteite meer dikwels goed as die vaders. Ten opsigte van die seuns verskil die moeder en vader se mate van goedkeuring nie betekenisvol nie.
- Seuns deel meer dikwels aktiwiteite saam met die vader en dogters saam met die moeder.
- Dogters geniet meer dikwels die aktiwiteite saam met die moeder as die vader, terwyl seuns die aktiwiteite saam met die moeder en die vader in dieselfde mate geniet.
- Adolessente seuns en dogters bespreek hul sake en probleme meer dikwels met die moeder as die vader. Hierdie bevinding blyk nie net uit die resultate waar daar tussen die twee geslagte onderskei word nie (Tabel 33), maar ook uit die resultate vir die totale Afrikaanse blanke kultuurgroep (Tabel 32).
- Daar is 'n groter mate van nabyheid en begrip tussen adolessente en hul moeders as tussen adolessente en hul vaders. Hierdie bevinding blyk ook uit die resultate van sowel die totale kultuurgroep as die afsonderlike geslagte.
- Meer konflik kom tussen die moeders en hul adolessente kinders voor as tussen die vaders en hul adolessente kinders (met betrekking tot die totale kultuurgroep). Hierdie onderskeid tussen die moeder en die vader kom nie voor wanneer daar tussen die geslagte onderskei word nie.

Engelssprekende blanke adolessente:

- Geen onderskeid word tussen die moeder en vader gemaak ten opsigte van die mate waarin hulle en hul adolessente kinders saamstem oor die besluite wat die ouers neem en die reëls wat hulle neerlê nie.
- Moeders keur hul dogters se aktiwiteite meer dikwels goed as die vaders. Ten opsigte van die seuns verskil die moeder en vader se mate van goedkeuring nie betekenisvol nie.

- Seuns deel meer dikwels aktiwiteite saam met die vader en dogters meer dikwels saam met die moeder. Wanneer daar egter nie tussen die geslagte onderskei word nie, deel die adolessente meer dikwels aktiwiteite met die moeder as met die vader.
- Seuns geniet meer dikwels aktiwiteite saam met die vader as saam met die moeder, terwyl dogters aktiwiteite saam met die moeder en die vader in dieselfde mate geniet.
- Adolessente seuns en dogters bespreek hul sake en probleme meer dikwels met die moeder as met die vader. Hierdie bevindings blyk uit die resultate van sowel die totale kultuurgroep as die afsonderlike geslagte.
- Daar is 'n groter mate van nabyheid en begrip tussen adolessente en hul moeders as tussen adolessente en hul vaders. Hierdie bevindings blyk uit die resultate van sowel die totale kultuurgroep as die afsonderlike geslagte.
- Met betrekking tot die mate van konflik tussen die adolessente en hul ouers kom geen betekenisvolle verskille tussen die moeder en die vader voor nie.

Swart adolessente:

- Geen onderskeid word tussen die moeder en vader gemaak ten opsigte van die mate waarin hulle en hul adolessente kinders saamstem oor die besluite wat die ouers neem en die reëls wat hulle neerlê nie.
- Moeders keur die aktiwiteite van adolessente meer dikwels goed as vaders. Wanneer daar egter tussen die geslagte onderskei word, blyk dit dat moeders wel die aktiwiteite van hul dogters in 'n groter mate as vaders goedkeur, maar dat in die geval van seuns daar nie tussen die moeder en vader se mate van goedkeuring onderskei word nie.
- Adolessente deel meer dikwels aktiwiteite met die moeder as met die vader. Wanneer daar egter tussen die geslagte onderskei word, blyk dit dat dit veral vir die adolessente dogters geld. Seuns deel in dieselfde mate aktiwiteite met die moeder en die vader.
- Adolessente geniet aktiwiteite saam met die moeder in 'n groter mate as saam met die vader. Dit blyk egter ook in die geval dat wanneer daar tussen die geslagte onderskei word, dogters die aktiwiteite saam met die moeder meer geniet as saam met die vader, terwyl seuns nie onderskei tussen die mate waarin hulle aktiwiteite saam met die moeder en vader geniet nie.

- Adolessente bespreek hul sake en probleme meer dikwels met die moeder as met die vader. As daar tussen die geslagte onderskei word, geld die bevindings weer eens vir die dogters, maar nie vir die seuns nie. Laasgenoemde onderskei nie betekenisvol tussen die moeder en die vader nie.
- Daar is 'n groter mate van nabyheid en begrip tussen die adolessente en hul moeders as tussen adolessente en hul vaders. Geslagsverskille kom egter voor, naamlik met betrekking tot die mate van begrip blyk dit dat seuns nie betekenisvol tussen die moeder en vader onderskei nie.
- Met betrekking tot die mate van konflik tussen die ouer en die adolessent het geen betekenisvolle verskille tussen die moeder-adolessent- en vader-adolessentverhouding voorgekom nie.

7.7.5 Resultate met betrekking tot hipotese 10

In Tabel 34 en 35 verskyn die resultate van die toetsing van die hipotese dat adolessente oorwegend die moeder sal verkies om hul sake en probleme mee te bespreek (hipotese 10). Die resultate met betrekking tot' kultuur- en geslagsverskille verskyn ook in hierdie tabelle.

Tabel 34
χ^2 -Toets vir Kultuurverskille en die Belang van die Vader en Moeder vir die Bespreking van Sake en Probleme (Hipotese 10)

	Ouers								
	Albei ouers		Vader		Moeder		Nie een van die ouers		
Kultuurgroep	N	%	N	%	N	%	N	%	P
Afr. Blank	77	19,40	56	14,11	254	63,98	10	2,52	
Eng. Blank	94	23,74	67	16,92	221	55,81	14	3,54	0,000*
Swart	27	8,77	52	16,88	217	70,45	12	3,90	
Totaal	198	17,98	175	15,89	692	62,85	36	3,27	

Nota. Betekenisvolle verskille word met 'n asterisk aangedui.

Tabel 35
χ^2-Toets vir Geslagsverskille met betrekking tot die Belang van die Vader en Moeder vir die Bespreking van Sake en Probleme (Hipotese 10)

	Ouers								
	Albei ouers		Vader		Moeder		Nie een van die ouers		
Kultuur X geslag	N	%	N	%	N	%	N	%	P
Afr. seuns	44	22.45	46	23.47	100	51.02	6	3.06	
Afr. meisies	33	16.42	10	4.98	154	76.62	4	1.99	
Eng. seuns	54	27.14	40	20.10	94	47.24	11	5.53	
Eng. meisies	40	20.30	27	13.71	127	64.47	3	1.52	0.000*
Swart seuns	16	10.39	4	26.62	90	58.44	7	4.55	
Swart meisies	11	7.14	11	7.14	127	82.47	5	3.25	

Nota. Betekenisvolle verskille word met 'n asterisk aangedui.

Uit Tabel 34 blyk dit dat adolessente in 'n beduidende mate (62,85%) verkies om hul sake en probleme met die moeder te bespreek. Albei ouers en die vader word ongeveer in dieselfde mate verkies (17,98% en 15,89%), terwyl baie min adolessente nie met een van die ouers hul sake en probleme bespreek nie (3,27%). H_o word dus verwerp en hipotese 10 ondersteun.

Met betrekking tot kultuurverskille blyk dit dat swart adolessente in 'n geringer mate as blanke adolessente albei ouers verkies, maar hierteenoor weer in 'n baie groter mate die moeder verkies wanneer hulle hul sake en probleme met iemand wil bespreek. Ten opsigte van die vader as keuse of nie een van die ouers nie, kom geen betekenisvolle kultuurverskille voor nie.

Volgens die resultate in Tabel 35 verkies adolessente seuns in 'n groter mate as die meisies om met albei ouers of die vader hul sake en probleme mee te bespreek. Hierteenoor verkies adolessente meisies weer in 'n groter mate as die seuns hul moeder. Alhoewel sodanige verskille voorkom, val dit op dat die moeder ook in hierdie geval deur albei geslagte verkies word as die ouer met wie hulle die graagste hul sake en probleme bespreek.

7.7.6 Resultate met betrekking tot die redes waarom sekere adolessente geen of baie min sake en probleme met hulle moeders en/of vaders bespreek

Aan die adolessente wat aangedui het dat hulle geen of baie min sake en probleme met hulle ouers (moeder en/of vader) bespreek, is gevra om die redes te verstrek. Die resultete verskyn in Tabel 36 en 37.

Tabel 36

χ^2 -Toetse vir Kultuurverskille en verskille ten opsigte van Redes wat Adolessente gee wanneer hulle nie hul Sake en/of Probleme met hul Ouers bespreek nie

		Kultuurgroep								
		Afr. Blank		Eng. Blank		Swart		Totaal		
Rede	Ouer	N	%	N	%	N	%	N	%	p*
Verstaan sake/probleme nie	Moeder	48	28,92	40	21,62	50	28,09	138	26,09	0,226
	Vader	89	32,01	86	30,39	66	29,46	241	30,70	0,819
Bespreek liewer met vriende	Moeder	66	49,00	101	54,59	57	32,02	224	42,42	0,000*
	Vader	86	30,94	127	44,88	72	32,14	285	36,31	0,001*
Voel nie daarna beter nie	Moeder	25	15,15	38	20,54	31	17,42	94	17,80	0,415
	Vader	48	17,27	62	21,91	54	24,11	164	20,89	0,150
Moeilik om met ouer te praat	Moeder	53	32,12	75	40,54	70	39,33	198	37,50	0,221
	Vader	146	52,33	146	51,59	131	58,48	423	53,82	0,250
Bespreking lei tot rusie	Moeder	50	30,30	75	40,54	44	24,72	169	32,01	0,005
	Vader	69	24,73	87	30,74	46	20,54	202	25,70	0,030
Voel ongemaklik tydens be-	Moeder	56	33,94	61	32,97	51	28,65	168	31,82	0,528
spreking	Vader	114	40,86	89	31,45	85	37,95	288	36,64	0,061
Ouer onsimpatiek	Moeder	13	7,88	22	11,89	11	6,18	46	8,71	0,140
	Vader	34	12,19	51	18,02	28	12,50	113	14,38	0,092
Ouer te outyds	Moeder	36	21,82	60	32,43	53	29,78	149	28,22	0,075
	Vader	61	21,86	91	32,16	69	30,80	221	28,12	0,014
Het nie tyd om te luister	Moeder	8	4,88	14	7,57	16	8,99	38	7,21	0,331
nie	Vader	35	12,54	42	14,84	38	16,96	115	14,63	0,376
Gee nie om vir kind nie	Moeder	3	1,83	4	2,16	7	3,93	14	2,66	0,421
	Vader	3	1,08	9	3,18	15	6,70	27	3,44	0,003
Onseker oor ouer se reaksie	Moeder	74	44,85	78	42,16	78	43,82	230	43,56	0,877
	Vader	113	40,50	105	37,10	93	41,52	311	39,57	0,555
Bang vir ouer	Moeder	7	17,95	9	4,86	23	12,92	39	7,39	0,002
	Vader	38	13,62	32	11,31	65	29,02	135	17,18	0,000*
Bespreek sake/probleme met	Moeder	9	5,42	17	9,19	13	7,30	39	7,37	0,402
niemand nie	Vader	10	3,58	15	5,30	11	4,91	36	4,58	0,599
Bespreek eerder met vader	Moeder	26	15,66	35	18,92	38	21,35	99	18,71	0,400
Bespreek eerder met moeder	Vader	136	48,75	123	43,46	102	45,54	361	45,93	0,450

Nota. Betekenisvolle verskille word met 'n asterisk aangedui.

*Aangesien hierdie veranderlikes slegs ondersoek word en hipoteses nie getoets word nie, word α = 0,001 gestel.

Tabel 37

χ^2 -Toetse vir Geslagsverskille ten opsigte van die Redes wat Adolessente gee wanneer hulle nie hul Sake en/of Probleme met hul Ouers bespreek nie

		Kultuur X geslag												
		Afr. seuns		Afr. meisies		Eng. seuns		Eng. meisies		Swart seuns		Swart meisies		
Rede	Ouer	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	P*
Verstaan sake/ probleme nie	Moeder	21	22.11	27	38.03	22	20.75	18	22.78	29	28.16	21	28.00	0.135
	Vader	33	26.83	56	36.13	34	25.37	52	34.90	30	28.85	36	30.00	0.284
Bespreek liewer met vriende	Moeder	33	35.11	33	46.48	54	50.94	47	59.49	36	34.95	21	28.00	0.000*
	Vader	36	29.27	50	32.26	52	38.81	75	50.34	43	41.35	29	24.17	0.000*
Voel nie daarna beter nie	Moeder	11	11.70	14	19.72	21	19.81	17	21.52	17	16.50	14	18.67	0.584
	Vader	25	20.33	23	14.84	30	22.39	32	21.48	31	29.81	23	19.17	0.113
Moeilik om met ouer te praat	Moeder	20	21.28	33	46.48	34	32.08	41	51.90	38	36.89	32	42.67	0.000*
	Vader	57	45.97	89	57.42	68	50.75	78	52.35	59	56.73	72	60.00	0.242
Bespreking lei tot rusie	Moeder	27	28.72	23	32.39	42	39.62	33	41.77	28	27.18	16	21.33	0.038
	Vader	26	20.97	43	27.74	40	29.85	47	31.54	28	26.92	18	15.00	0.024
Voel ongemaklik tydens bespreking	Moeder	30	31.91	26	36.62	32	30.19	29	36.71	27	26.21	24	32.00	0.662
	Vader	44	35.48	70	45.16	46	34.33	43	28.86	43	41.35	42	35.00	0.069
Ouer onsimpatiek	Moeder	6	6.38	7	9.86	11	10.38	11	13.92	6	5.83	5	6.67	0.380
	Vader	17	13.71	17	10.97	34	25.37	17	11:41	17	16.35	11	9.17	0.002
Ouer te outyds	Moeder	21	22.34	15	21.13	38	35.85	22	27.85	29	28.16	24	32.00	0.225
	Vader	25	20.16	36	23.23	47	35.07	44	29.53	35	33.65	34	28.33	0.059
Het nie tyd om te luister nie	Moeder	1	1.08	7	9.86	4	3.77	10	12.66	10	9.71	6	8.00	0.030
	Vader	19	15.32	16	10.32	18	13.43	24	16.11	18	17.31	20	16.67	0.585
Gee nie om vir kind nie	Moeder	2	2.15	1	1.41	0	0.00	4	5.06	4	3.88	3	4.00	0.278
	Vader	1	0.81	2	1.29	3	0.24	6	4.03	6	5.77	9	7.50	0.022
Onseker oor ouer se reaksie	Moeder	39	41.49	35	49.30	45	42.45	33	41.77	46	44.66	32	42.67	0.930
	Vader	48	38.71	65	41.94	51	38.06	54	36.24	48	46.15	45	37.50	0.651
Bang vir ouer	Moeder	2	2.13	5	7.04	1	0.94	8	10.13	10	9.71	13	17.33	0.000*
	Vader	13	10.48	25	16.13	14	10.45	18	12.08	30	28.85	35	29.17	0.000*
Bespreek sake/ probleme met niemand nie	Moeder	6	6.32	3	4.23	13	12.26	4	5.06	7	6.80	6	8.00	0.346
	Vader	5	4.03	5	3.23	10	7.46	5	3.36	5	4.81	6	5.00	0.570
Bespreek eerder met vader	Moeder.	21	22.11	5	7.04	20	18.87	15	18.99	30	29.13	8	10.67	0.003
Bespreek eerder met moeder	Vader	51	41.13	85	54.84	46	34.33	77	51.68	41	39.42	61	50.83	0.003

Nota. Betekenisvolle verskille word met 'n asterisk aangedui.

*Aangesien hierdie veranderlikes slegs ondersoek word en hipoteses nie getoets word nie, word $\alpha = 0.001$ gestel.

Uit die resultate in die voorafgaande tabelle val dit op dat die adolessente wat geen sake en probleme met hul ouers bespreek nie, sekere redes meer dikwels as ander verstrek. Die redes wat deur meer as 40% en minder as 10% van die adolessente in die verskillende kultuurgroepe vermeld is, sal vervolgens uitgelig word. Die rede hiervoor sal uit die bespreking van die resultate duidelik word.

Afrikaanse blanke adolessente:

Met betrekking tot die redes waarom sekere adolessente nie hul sake en probleme met die moeder bespreek nie, het die meeste adolessente (meer as 40%) aangedui dat hulle verkies om hul sake en probleme met hul vriende te bespreek (betekenisvol meer seuns as meisies) en dat hulle onseker voel oor hul moeder se reaksie. Minder as 10% van die adolessente het as redes verstrek dat die moeder onsimpatiek is, nie tyd het om na hulle te luister nie en nie vir hulle omgee nie.

Diegene wat hul sake en probleme nie met die vader bespreek het nie, het oorwegend aangevoer (meer as 40%) dat hulle dit moeilik vind om met die vader te praat, ongemaklik voel tydens die bespreking, onseker is oor die vader se reaksie en hul sake en probleme eerder met die moeder bespreek. Van al hierdie redes is dit veral die rede dat adolessente dit moeilik vind om met die vader te praat wat die meeste aangedui word (meer as 50%). Minder as 10% het gemeen dat die vader nie vir hulle omgee nie.

'n Baie klein persentasie van die adolessente (minder as 10%) het verder as rede waarom hulle nie hul sake en probleme met een van die ouers bespreek nie, genoem dat hulle hul sake en probleme met niemand bespreek nie.

Engelse blanke adolessente:

Met betrekking tot die redes waarom sommige Engelssprekende adolessente nie hul sake en probleme met die moeder bespreek nie, blyk dit dat meer as 40% van die adolessente aandui dat hulle dit eerder met hulle vriende bespreek, dit moeilik vind om met die moeder te praat (meisies in 'n groter mate as seuns), dat so 'n bespreking tot 'n rusie lei en dat hulle onseker oor die moeder se reaksie is. Veral eersgenoemde en laasgenoemde redes word baie aangedui (meer as 50%).

Minder as 10% van die adolessente het die volgende redes verstrek: die moeder het nie tyd om te luister nie; sy gee nie om vir hulle nie; hulle is bang vir die moeder; en hulle bespreek hulle sake met niemand nie.

Met betrekking tot die vader blyk dit dat die belangrikste redes waarom adolessente nie hul sake en probleme met hom bespreek nie die volgende is: hulle bespreek eerder hul sake en probleme met hul vriende (meisies in 'n groter mate as seuns); hulle vind dit moeilik om met die vader te praat; en hulle bespreek dit eerder met die moeder (meisies in 'n groter mate as seuns). Dit val weer op dat adolessente as die belangrikste rede (meer as 50%) aandui dat hulle dit moeilik vind om met die vader te praat.

Minder as 10% van die adolessente bespreek nie hul sake en probleme met die vader nie omdat hulle meen dat die vader nie vir hulle omgee nie en omdat hulle verkies om hulle sake en probleme met niemand te bespreek nie.

Swart adolessente:

Die belangrikste rede waarom sommige swart adolessente nie hul sake en probleme met hul moeders bespreek nie, is omdat hulle onseker voel oor haar reaksie. Die redes wat die minste (minder as 10%) aangedui word, is dat die moeder onsimpatiek is, nie tyd het om na hulle te luister nie, nie vir hulle omgee nie en omdat hulle verkies om hul sake en probleme met niemand te bespreek nie.

Die redes wat die meeste adolessente (meer as 40%) aanvoer waarom hulle nie hul sake en probleme met die vader bespreek nie, is dat hulle dit moeilik vind om met hom te praat, onseker is oor sy reaksie en dat hulle hul sake en probleme liewer met die moeder bespreek (meisies in 'n groter mate as seuns). Die belangrikste rede blyk egter te wees dat hulle dit moeilik vind om met die vader te praat.

Minder as 10% van die adolessente voer aan dat hulle nie hulle sake en probleme met die vader bespreek nie omdat die vader nie vir hulle omgee nie en omdat hulle verkies om hul sake en probleme met niemand te bespreek nie.

Met betrekking tot kultuurverskille (Tabel 36) blyk dit dat Engelse blanke adolessente in 'n betekenisvolle groter mate as die Afrikaanse en swart adolessente aandui dat hulle nie hul sake en probleme met hul ouers bespreek

nie omdat hulle verkies om dit met hul vriende te bespreek. Dit blyk ook dat swart adolessente in 'n betekenisvolle groter mate as die blanke adolessente bang is vir die veder en daarom nie hul sake en probleme met hom bespreek nie.

Verder blyk dit dat betekenisvolle geslagsverskille (Tabel 37) ten opsigte van die volgende redes voorkom: Afrikaanssprekende meisies bespreek in 'n betekenisvolle groter mate as seuns hul sake en probleme eerder met hul vriende as die moeder; Engelssprekende meisies bespreek ook in 'n betekenisvolle groter mate as seuns hul sake eerder met hul vriende as met die moeder en/of die vader; hierteenoor bespreek swart seuns weer in 'n betekenisvolle groter mate as die meisies hul sake en probleme met hul vriende as met die vader.

Verder blyk dit dat adolessente meisies betekenisvol meer as seuns noem dat hulle dit moeilik vind om met die moeder te preat. Engelse en swart adolessente meisies is ook meer dikwels as die seuns bang om met die moeder te praat.

7.8 BESPREKING VAN DIE RESULTATE MET BETREKKING TOT DIE AARD EN KWALITEIT VAN DIE OUER-ADOLESSENTVERHOUDING

Uit die resultate blyk dit dat Afrikaanse, Engelse en swart adolessente (seuns en meisies) oorwegend met hul ouers oor die besluite wat die ouers neem en reëls wat hulle neerlê, saamstem; dat ouers die aktiwiteite waaraan hul adolessente kinders deelneem oorwegend goedkeur; dat ouers en adolessente dikwels saam aan aktiwiteite deelneem en dit grootliks geniet; dat adolessente dikwels hul sake en probleme met veral die moeder bespreek; en dat die verhouding tussen adolessente en hul ouers oorwegend deur 'n gevoel van nabyheid en begrip vir mekaar gekenmerk word.

Die enkele uitsonderings waar die H_0 nie verwerp kon word nie, het ten opsigte van die volgende groepe voorgekom: die totale swart kultuurgroep (met betrekking tot die mate waarin aktiwiteite met die vader gedeel word en sake en probleme met die moeder bespreek word); swart seuns (met betrekking tot die mate waarin aktiwiteite met die moeder gedeel word en sake en probleme met haar bespreek word); swart meisies (met betrekking tot die mate van nabyheid in hul verhouding met die vader); Afrikaanse meisies (met betrekking tot die mate waarin aktiwiteite met die vader gedeel word).

'n Verdere uitsondering is die betekenisvolle mindere mate waarin adolessente in die drie kultuurgroepe hul sake en probleme met die vader bespreek. Wanneer daar tussen die geslagte in die kultuurgroepe onderskei word, blyk dit verder dat dit veral die geval is by adolessente meisies. Met betrekking tot die seuns kon H_0 nie verwerp word nie. Hierdie bevindings kan moontlik toegeskryf word aan die onderskeid wat adolessente tussen die moeder en die vader tref (soos blyk uit die ondersteuning van hipotese 10) eerder as aan verwydering tussen adolessente en hul vaders.

Aangesien dit dus blyk dat adolessente en hul ouers in feitlik al die groepe met hul ouers oorwegend saamstem en hul probleme met hulle bespreek, begrip vir mekaar het en 'n gevoel van nabyheid in die verhouding ervaar; dat ouers die adolessente se aktiwiteite goedkeur, saam met hulle aan aktiwiteite deelneem en dit geniet, kan tot die slotsom gekom word dat die ouer-adolessentverhouding nie deur 'n generasiegaping gekenmerk word nie. Hierdie bevinding bevestig dan ook die resultete van navorsing met Amerikaanse adolessente deur Adelson (1970, 1979), Barclay en Sherp (1982), Bengtson (1970), Coleman et al. (1977), Cromer (1978), De Vaus (1983), Douvan en Adelson (1966), Kandel en Lesser (1972) en Yalom et al. (1982).

Dit bevestig ook dat die kerngesin wel gekenmerk word deur hegte bande tussen die gesinslede en kameraadskeplike verhoudings soos deur Conger en Petersen (1984) beskryf. Verder word die siening bevestig dat wanneer ouers en adolessente sekere aktiwiteite deel, dit geleentheid skep vir kommunikasie wat tot groter begrip vir mekaar lei.

Ten opsigte van die voorafgaande bevindings het geen betekenisvolle geslagsverskille voorgekom nie, maar wel betekenisvolle kultuurverskille ten opsigte van die meeste veranderlikes. Swert adolessente se ouers keur hul aktiwiteite minder goed in vergelyking met die mate waarin die ouers van die blanke adolessente (Afrikaans en Engels) hul kinders se aktiwiteite goedkeur; hulle geniet die aktiwiteite saam met hul ouers ook minder as die blanke adolessente; hulle bespreak in 'n mindere mate hul sake en probleme met hulle ouers; en hul verhoudings met hul ouers word deur 'n kleiner mate van nabyheid as in die geval van blanke adolessente gekenmerk. Hierteenoor blyk dit weer dat swart adolessente in 'n betekenisvolle groter mate as blanke adolessente saam met hul ouers stem oor die ouers se besluite en reëls.

Uit hierdie bevindings kan afgelei word dat daar moontlik by die swart kultuur 'n groter mate van verwydering tussen die ouers en adolessente voorkom as by die blanke kultuur. Dit kan die resultaat wees van die groter strewe van die swart adolessente na die norme, waardes en lewenswyse van die moderne Westerse kultuur teenoor die ouers wat meer by die tradisionele kultuur se waardes en gewoontes hou. Dit verklaar dus moontlik waarom die swart ouers hul kinders se aktiwiteite in 'n mindere mate goedkeur, waarom adolessent in 'n mindere mate bul sake en probleme met hul ouers bespreek, minder aktiwiteite met hulle deel en waarom die gevoel van nabybeid tussen hulle kleiner is as by die blanke adolessente.

Desondanks stem die swart adolessente in 'n groter mate as die blanke adolessente saam met hul ouers se reëls en besluite. Hierdie bevinding dui moontlik weer daarop dat die tradisionele siening van die ouer as gesagsfiguur nog in 'n groter mate by die swart kultuur as by die blanke kultuur geld.

Ongeag hierdie kultuurverskille is die aard en kwaliteit van die ouer-adolessentverbouding in al die kulture oorwegend positief en word nie deur 'n betekenisvolle generasiegaping gekenmerk nie.

In teenstelling met die voorafgaande bevindings dat die ouer-adolessent-verhouding oorwegend deur kommunikasie, begrip en nabyheid gekenmerk word, blyk dit in ooreenstemming met Coleman et al. (1977) se bevindings dat daar heelwat konflik tussen ouers en adolessente veral in die geval van blanke adolessente voorkom. In die geval van die totale swart kultuurgroep (met betrekking tot die moeder) en swart seuns en meisies (met hetrekking tot die moeder en die vader) kon H_0 nie verwerp word nie. Dit het wel geblyk dat 'n betekenisvolle groot mate van konflik tussen die totale groep swart adolessente en die vader voorkom. Betekenisvolle kultuurverskille met betrekking tot die ervaring van konflik het egter nie voorgekom nie.

Navorsers (Bengtson, 1970; Coleman, 1980; Coleman et al., 1977; Cromer, 1978; Douvan & Adelson, 1966; Hamid & Wyllie, 1980; Klos & Paddock, 1978; Rosenthal, 1984) wat tot die slotsom kom dat daar nie betekenisvolle konflik tussen adolessente en hul ouers voorkom nie, lei dit af uit verskillende sake soos die mate van nabyheid, kommunikasie, begrip of intimiteit wat tussen die ouers en adolessente voorkom. Hulle kom ook soms tot sodanige gevolgtrekking omdat ouers en adolessente oor basiese waardes en sake saamstem en slegs oor geringer allerdaagse sake verskil soos ook uit hierdie navorsing blyk.

In hierdie navorsing word die mate van konflik egter direk gemeet en nie afgelei uit ander kenmerke van die ouer-adolessentverhouding nie. Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat alhoewel daar dikwels konflik tussen ouers en adolessente voorkom, dit nie die gevoel van nabyheid en begrip tussen hulle ondermyn nie. Dit bevestig dan ook die siening (Mental Health Materials Centre, 1978; Santrock, 1984; Thom, 1984) dat 'n mate van konflik onvermydelik en noodsaaklik is vir identiteitsontwikkeling of selfontdekking en begrip vir ander persone asook die ontwikkeling van onafhanklikheid. Dit bevorder egosterkte, die vermoë om keuses te maak, volwasse besluitneming en begrip van sekere sake, houdings en waardes.

Ten slotte het dit ook geblyk dat die mate van nabyheid en begrip wel betekenisvol korreleer met die mate van konflik wat ervaar word. Hieruit kan dus verder agelei word dat 'n groter mate van nabyheid en begrip ook die kanse vir konflik tussen die ouer en die adolessent vergroot - moontlik omdat daar meer aktiwiteite en gevoelens gedeel word.

Ondanks die groter mate van konflik tussen die ouers en adolessente, kan die groter mate van nabyheid en veral begrip verhoed dat hierdie konflik die aard en kwaliteit van die ouer-adolessentverhouding skaad. Konflik kan dus moontlik net die verhouding vir 'n kort tydperk en oppervlakkig beïnvloed, terwyl die kenmerke van nabyheid en begrip langtermyn, behoudende en dieperliggende kenmerke van die verhouding is. Konflik is ook meer opvallend en sigbaar, terwyl nabyheid en begrip nie so opvallend is nie. Daar word dus dikwels sonder nadenke uit die konflik afgelei dat die ouer-adolessent-verhouding deur 'n generasiegaping gekenmerk word.

Konflik is ook dikwels die gevolg van die meer intense interpersoonlike verhoudings in die kerngesin eerder as 'n gaping tussen die ouers en kinders. Aangesien adolessente besig is om onafhanklikheid te ontwikkel, kan sodanige intense verhoudings sy onafbanklikheidswording bemoeilik en konflik kan ontstaan (Conger & Petersen, 1984).

Die nadruk op individualiteit, vryheid en selfrealisering, kan ook lei tot konflik tussen ouers en kinders (Sebald, 1984). Dacey (1982) wys ook daarop dat die strewe na individualisme groter eise aan die individu stel om doeltreffende kommunikasievaardighede te ontwikkel. Saam met die adolessent se ontwikkeling van sy individualiteit moet hy dus ook sy

kommunikasievaardighede ontwikkel wat goeie verhoudings kan bevorder. Dit is moontlik ook 'n rede waarom konflik naas gevoelens van nabyheid en begrip in die ouer-adolessentverhouding voorkom. Konflik is dus die resultaat van sekere ontwikkelings soos die ontwikkeling van onafhanklikheid, soeke na 'n identiteit en die ondersoek van sekere waardes en strydvrae en belemmer nie noodwendig die ouer-adolessentverbouding nie.

Die beataan van 'n generasiegaping word verder weerlê deur die bevinding dat adolessente (veral blanke adolessente) slegs met betrekking tot enkele sake betekenisvol van die ouers verskil. Hierdie bevinding sluit ook aan by die bevinding dat adolessente oorwegend met bul ouers oor reëls en besluite saamstem. Dit het geblyk dat adolessente en bul ouers ten opsigte van die volgende sake saamstem of verskil:

- **Afrikaanse blanke adolessente:**
  Ouers en adolessente stem saam oor godsdiens, godsdiensbeoefening, morele gedrag, politieke sienings, beroepskeuse, vermaak, kleredrag (moeder en adolessent), sosiale optrede, taalgebruik, seksuele gedrag en verboudings met die teenoorgestelde geslag.

  Hulle verskil slegs oor musiekvoorkeur.

- **Engelse blanke adolessente:**
  Ouers en adolessente stem saam oor godsdiens, godsdiensbeoefening; morele gedrag, politieke sienings, beroepskeuse, musiekvoorkeur (moeder en adolessent), vermaak, kleredrag, sosiale optrede, taalgebruik, seksuele gadrag en verhoudings met die teenoorgestelde geslag.

  Slegs die vader en die adolessent verskil oor musiekvoorkeur.

- **Swart adolessente:**
  Ouers en adolessente stem saam oor godsdiens, godsdiensheoefening, morele gedrag, beroepskeuse, musiekvoorkeur, kleredrag, sosiale optrede en taalgebruik.

  Hulle verskil oor politieke sienings, vermaak, seksuele gedrag en verhoudings met die teenoorgestelde geslag.

In ooreenstemming met die bevindings van ander navorsers (Adelson, 1970; Barclay & Sharp, 1982; Coleman, 1980; Coleman et al., 1977; Cromer, 1978; Hamid & Wyllie, 1980; Kandel & Lesser, 1972; Yalom et al., 1982) blyk dit dat blanke adolessente met hul ouers saamstem oor sake wat op basiese waardes en houdings betrekking het soos godsdiens, morele gedrag, politieke idees, beroepskeuse, sosiale en seksuele gedrag asook verhoudings met die teenoorgestelde geslag.

Verder blyk dit uit hierdie navorsing dat anders as in die geval van Amerikaanse navorsingsbevindings, adolessente selfs ten opsigte van meer allerdaagse sake en sake eie aan hul ouderdomsgroep soos vermaak, kleredrag en taalgebruik saam met die ouers stem. Al verskil wat tussen die twee blanke groepe voorgekom bet, is dat Engelse adolessente met hul moeders oor die tipe musiek wat verkies word, saamstem, maar van hul vaders verskil, terwyl Afrikaanse adolessente van albei ouers verskil.

Wanneer die resultate met betrekking tot die sake waaroor swart adolessente en hul ouers saamstem en verskil bespreek word, is dit belangrik om in gedagte te hou dat die swart proefpersone die vraelyste ten tye van die onluste en jeugopstande in die swart stede, woongebiede en tuislande voltooi het. Dit kan moontlik die rede wees waarom swart adolessente en hul ouers oor sake soos politieke sienings verskil, terwyl hulle soos die blanke adolessente oor algemene sake soos kleredrag, musiekvoorkeur en taalgebruik saamstem.

Dit is verder bekend dat daar onder veral swart ouers kommer bestaan oor die hoë voorkoms van tienerswangerskappe by adolessente. Dit kan moontlik die rede wees waarom swart adolessente en hul ouers grootliks verskil oor sake soos seksuele gedrag en verhoudings met die teenoorgestelde geslag.

Met betrekking tot die aard van die ouer-adolessentverhouding is daar egter nie net vir kultuur- en geslagsverskille getoets nie, maar ook vir verskille tussen die adolessente se verhoudings met die moeder en die vader. Uit die resultate blyk dit duidelik dat die moeder in baie opsigte die sentrale figuur in die ouer-adolessentverhouding is.

Wanneer daar nie tussen die geslagte onderskei word nie, blyk dit in die geval van die swart adolessente dat moeders adolessente se aktiwiteite meer dikwels as vaders goedkeur; adolessente meer aktiwiteite met die moeder deel en dit

ook in 'n groter mate geniet as met die vader; adolessente meer dikwels met hul moeders as hul vaders hul sake en probleme bespreek; en dat daar 'n groter mate van nabyheid en begrip tussen adolessente en hul moeders is as tussen adolessente en hul vaders.

Afrikaans- en Engelssprekende blanke adolessente bespreek hul sake en probleme ook meer dikwels met die moeder as met die vader en daar is 'n groter mate van nabyheid en begrip tussen adolessente en hul moeders as tussen hulle en hul vaders. Engelse adolessente deel ook meer aktiwiteite met hul moeders as hul vaders.

Benewens bogenoemde resultate wat daarop dui dat die moeder-adolessent-verhouding meestal deur 'n groter mate van kommunikasie, nabyheid en begrip as die vader-adolessentverhouding gekenmerk word en dat adolessente meer dikwels hul sake en probleme met die moeder aa die vader bespreek, is die volgende ook gevind: Adolessente bespreek nie net meer dikwels hul aake en probleme met die moeder as die vader nie, maar verkies dit ook - selfs in 'n betekenisvolle groter mate as om dit met albei ouers te bespreek.

Hierdie bevindings kom ooreen met die bevindings van Cromer (1978), Wright en Keple (1981) en Youniss en Smollar (1985). Dit blyk dus dat daar wel verskille tussen die moeder-adolessent- en vader-adolessentverhouding bestaan. Adolessente se verhoudings met hul moeders word gekenmerk deur 'n groter mate van nabyheid, begrip, kommunikasie en betrokkenheid as in die geval van die verhouding met die vader.

Dit impliseer egter nie dat die moeder-adolessentverhouding as positief en die vader-adolassentverhouding as negatief gesien moet word nie, maar eerder dat die aard daarvan verskil. Die rol wat die moeder spael in die versorging en opvoeding van die kind lei moontlik tot die ontwikkeling van bogenoemde kenmerke van die verhouding. As gevolg van die vader se beroepsverant-woordelikhede het hy moontlik minder tyd as die moeder om aan die kind te bestee en 'n andersoortige verhouding ontwikkel.

Die volgende bevindings dui verder daarop dat die verhouding tussen die vader en adolessent nie noodwendig negatief is nie, maar net met betrekking tot die

aard daarvan van dié van die moeder verskil. In al drie kultuurgroepe stem adolessente in dieselfde mate met die moeder en vader saam oor die reëls wat hulle neerlê en besluite wat bulle neem. By die blanke adolessente keur die vader en die moeder in dieselfde mate hul adolessente kinders se aktiwiteite goed en geniet die adolessente aktiwiteite saam met die moeder en veder ook in dieselfde mate. Die mate van konflik tussen die moeder en adolessent en vader en adolessent verskil ook nie betekenisvol by die Engelse en swart adolessente nie, terwyl daar 'n groter mate van konflik tussen die moeder en adolessent as tussen die vader en adolessent in die Afrikaanse kultuurgroep voorkom.

Wanneer geslagsverskille ten opsigte van die moeder-edolessent- en vader-adolessentverhouding nagegaan word, blyk die volgende: Afrikaanse, Engelse en swart moeders keur bul dogters se aktiwiteite meer dikwels goed as die vader, terwyl daar by die seuns geen verskil tussen die moeder en vader se mate van goedkeuring voorkom nie. Afrikaanse en swart meisies geniet aktiwiteite saam met die moeder meer as saam met die vader, terwyl die seuns aktiwiteite saam met die moeder en vader in dieselfde mete geniet. Dit is ook interessant om daarop te let dat swart seuns ten opsigte van al die veranderlikes met betrekking tot die ouer-adolessentverhouding, behalwe ten opsigte van die mate van nabyheid geen onderskeid tussen die moeder en vader maak nie.

Dit het verder geblyk dat Afrikaanse en Engelse seuns in teenstelling met die meisies betekenisvol meer aktiwiteite met die vader as die moeder deel. Engelse seuns geniet ook die aktiwiteite saam met die vader meer as saam met die moeder.

Dit is dus duidelik dat adolessente meisies ten opsigte van geen veranderlike die vader bo die moeder stel nie, terwyl seuns ook oorwegend die moeder verkies, maar wel in enkele gevalle soos aangedui die vader bo die moeder stel. Seuns tref ook in die algemeen in 'n mindere mate as meisies onderskeid tussen die moeder en die vader.

In gevalle waar adolessente min of geen sake en probleme met die ouers bespreek nie, blyk die belangrikste redes die volgende te wees: Adolessente

wat min of geen sake met die moeder bespreek nie, bespreek liewer hul sake en probleme met hul vriende. Hulle bespreek ook nie hul sake met die moeder nie omdat hulle onseker oor haar reaksie voel. Met betrekking tot die vader meld hulle dat hulle dit moeilik vind om met hom te praat, onseker oor sy reaksie is en dat hulle verkies om hul sake en probleme met die moeder te bespreek.

Uit die laaste rede wat adolessente verstrek waarom hulle nie hul sake en probleme met die vader bespreek nie, blyk weer eens die belang van die moeder in die ouer-adolessentverbouding. In die geval van beide die vader en die moeder voel die adolessente onseker oor die ouer se reaksie wat moontlik kan dui op gebrekkig kommunikasie, min begrip en 'n mate van verwydering tussen die ouer en kind.

Redes wat adolessente aelde noem waarom hulle nie hul sake en probleme met die moeder bespreek nie, is dat sy onsimpatiek is, nie tyd het om na hulle te luister nie en nie vir hulle omgee nie. Met betrekking tot die vader noem hulle selde as rede dat hy nie vir hulle omgee nie. Dit blyk ook dat indien hulle nie hul sake en probleme met die ouers bespreek nie, hulle dit wel met iemand anders bespreek.

Dit is dus duidelik dat baie min adolessente voel dat hulle ouers nie vir hulle omgee nie en dat dit die rede is waarom hulle nie hul sake en probleme met hulle bespreek nie. Hulle voel ook nie dat die moeder onsimpatiek is en nie vir hulle tyd het nie. Hieruit kan afgelei word dat in gevalle waar adolessente nie hul sake en probleme met hul ouers bespreek nie hulle dit nie doen omdat hulle voel dat hulle deur die ouers verwerp word of dat die ouers nie vir hulle tyd het nie. Die rede waarom hierdie adolessente nie hul sake en probleme met hulle ouers bespreek nie, kan eerder toegeskryf word aan gebrekkige kommunikasie tussen die ouers en adolessente wat adolessente onseker laat voel oor die ouers se reaksie en derhalwe openhartige gesprekke met die ouers beperk.

7.9 RESULTATE MET BETREKKING TOT DIE VORM VAN OUERBEHEER TYDENS ADOLESSENSIE

Soos in die bespreking in 5.3.2 verduidelik is, onderskei die meeste navorsers tussen 'n outoritêre, demokratiese en permissiewe vorm van ouerbeheer.

Aangesien dit uit die statistiese ontledings geblyk het dat die permissiewe vorm van ouerbeheer baie selde voorkom, is besluit om slegs tussen outoritêre en demokratiese vorme van ouerbeheer te onderskei. Soos reeds verduidelik sal ouerbeheer verder ook as 'n bipolêre faktor beskou word waarvan die twee pole demokraties en outoritêre ouerbeheer is.

Die hipoteses wat gestel is (kyk 6.4.7.2), is daarop gerig om vas te stel watter vorm van ouerbeheer oorwegend deur die ouers gebruik word. Die bipoteses is afsonderlik en vergelykend vir adolessente in die Afrikaanse blanke, Engelse blanke en swart kultuurgroepe en vir die twee geslagte in die kultuurgroepe ondersoek. Daar is ook onderskei tussen die vader en moeder se vorm van ouerbeheer tydens adolessensie.

7.9.1 Resultate met betrekking tot hipotese 15 en 17 tot 19

In Tabel 38 verskyn die resultate van die toetsing van die bipoteses wat betrekking het op die mate waarin adolessente en hul ouers saam besluite neem; adolessente toegelaat word om hul eie besluite te neem; ouers aan hul adolessente kinders redes verstrek vir die besluite wat hulle neem of reëls wat hulle neerlê; en die mate waarin ouers hul adolessente kinders toelaat om met hulle daaroor te redeneer. Indien ouers en adolessente redelik dikwels saam besluite neem, adoleseente in 'n redelike mate toegelaat word om hul eie besluite te neem, ouars redelik dikwels redes vir bulle besluite en reëls verstrek en adolessente toelaat om met bulle daaroor te redaneer, kan aanvaar word dat ouers in 'n groter mate demokraties as outoritêr teenoor hulle adolessente kinders optree.

Tabel 38
t-Toetse vir Betekenisvolheid van Verskille tussen die Groepe wat ten opsigte van die Vorm van Ouerbeheer vergelyk word (Hipotese 15 en 17 tot 19)

Veranderlike	Kultuur- en geslagsgroepe	N	$\bar{X}$	S	t	p
Neem saam met moeder besluite of nie (Hipotese 15)	Afr. Blank	397	3,98	1,04	18,75	0,0001*
	Eng. Blank	397	3,73	1,13	12,92	0,0001*
	Swart	309	3,73	1,46	8,81	0,0001*
	Afr. seuns	196	3,86	0,97	12,38	0,0001*
	Afr. meisies	201	4,10	1,10	14,21	0,0001*
	Eng. seuns	199	3,56	1,11	7,20	0,0001*
	Eng. meisies	198	3,90	1,14	11,21	0,0001*
	Swart seuns	154	3,53	1,47	4,52	0,0001*
	Swart meisies	155	3,92	1,43	8,07	0,0001*
Neem saam met die vader besluite of of nie (Hipotese 15)	Afr. Blank	397	3,58	1,13	10,28	0,0001*
	Eng. Blank	397	3,37	1,18	6,33	0,0001*
	Swart	309	3,00	1,61	0,04	0,9719
	Afr. seuns	196	3,77	1,04	10,33	0,0001*
	Afr. meisies	201	3,40	1,19	4,83	0,0001*
	Eng. seuns	199	3,52	1,14	6,53	0,0001*
	Eng. meisies	198	3,22	1,21	2,62	0,0047*
	Swart seuns	154	3,33	1,57	2,66	0,0042*
	Swart meisies	155	2,67	1,58	-2,58	0,0054*
Moeder laat eie besluite toe of nie (Hipotese 17)	Afr. Blank	397	4,34	0,96	27,78	0,0001*
	Eng. Blank	397	4,40	0,93	29,85	0,0001*
	Swart	309	3,09	1,44	1,10	0,2713
	Afr. seuns	196	4,38	0,92	20,90	0,0001*
	Afr. meisies	201	4,30	1,00	18,51	0,0001*
	Eng. seuns	199	4,43	0,91	22,01	0,0001*
	Eng. meisies	198	4,38	0,96	20,21	0,0001*
	Swart seuns	154.	3,12	1,45	1,11	0,2694
	Swart meisies	155	3,05	1,44	0,45	0,6562
Vader laat eie besluite toe of nie (Hipotese 17)	Afr. Blank	396	4,12	1,04	21,33	0,0001*
	Eng. Blank	396	4,28	1,05	24,16	0,0001*
	Swart	308	2,78	1,47	-2,59	0,0050*
	Afr. seuns	196	4,23	1,00	17,28	0,0001*
	Afr. meisies	200	4,01	1,07	13,23	0,0001*
	Eng. seuns	199	4,32	0,93	20,09	0,0001*
	Eng. meisies	197	4,24	1,17	14,86	0,0001*
	Swart seuns	154	2,93	1,46	-0,55	0,5836
	Swart meisies	154	2,62	1,47	-3,12	0,0011*

Tabel 38 (vervolg)

Moeder gee redes vir reëls/besluite of nie (Hipotese 18)	Afr. Blank	394	4.50	1.30	22.94	0.0001*
	Eng. Blank	394	4.44	1.44	19.92	0.0001*
	Swart	306	4.07	1.64	11.46	0.0001*
	Afr. seuns	195	4.45	1.26	15.97	0.0001*
	Afr. meisies	199	4.55	1.33	16.46	0.0001*
	Eng. seuns	196	4.41	1.49	13.28	0.0001*
	Eng. meisies	198	4.47	1.39	14.93	0.0001*
	Swart seuns	152	3.93	1.71	6.71	0.0001*
	Swart meisies	154	4.21	1.55	9.69	0.0001*
Vader gee redes vir reëls/besluite of nie (Hipotese 18)	Afr. Blank	394	4.22	1.42	17.02	0.0001*
	Eng. Blank	392	4.23	1.48	16.46	0.0001*
	Swart	307	3.70	1.73	7.09	0.0001*
	Afr. seuns	195	4.28	1.31	13.62	0.0001*
	Afr. meisies	199	4.16	1.53	10.75	0.0001*
	Eng. seuns	195	4.24	1.50	11.58	0.0001*
	Eng. meisies	197	4.22	1.47	11.67	0.0001*
	Swart seuns	152	3.87	1.74	6.19	0.0001*
	Swart meisies	155	3.53	1.72	3.86	0.0001*
Redeneer met moeder oor reëls/besluite of nie (Hipotese 19)	Afr. Blank	394	4.16	1.37	16.88	0.0001*
	Eng. Blank	396	4.22	1.28	19.05	0.0001*
	Swart	307	3.50	1.63	5.44	0.0001*
	Afr. seuns	195	4.06	1.29	11.41	0.0001*
	Afr. meisies	199	4.27	1.43	12.47	0.0001*
	Eng. seuns	198	4.20	1.27	13.27	0.0001*
	Eng. meisies	198	4.25	1.29	13.63	0.0001*
	Swart seuns	153	3.29	1.66	2.19	0.0309
	Swart meisies	154	3.72	1.59	5.62	0.0001*
Redeneer met vader oor reëls/besluite of nie (Hipotese 19)	Afr. Blank	394	3.53	1.45	7.27	0.0001*
	Eng. Blank	394	3.74	1.43	10.38	0.0001*
	Swart	308	2.96	1.69	-0.37	0.7113
	Afr. seuns	195	3.62	1.38	6.33	0.0001*
	Afr. meisies	199	3.44	1.52	4.10	0.0001*
	Eng. seuns	198	3.74	1.42	7.39	0.0001*
	Eng. meisies	196	3.75	1.44	7.27	0.0001*
	Swart seuns	154	3.05	1.66	0.39	0.6990
	Swart meisies	154	2.87	1.72	-0.89	0.3748

Nota. Betekenisvolle verskille word deur 'n asterisk aangedui.

*H_0 word nie verwerp as die gemiddelde telling van die proefpersone 3,00 is nie (H_0: $\mu = 3$). Indien betekenisvolle verskille voorkom en H_0 word verwerp ten gunste van H_1 (H_1: $\mu > 3$, H_1: $\mu < 3$) word die rigting van die verskille deur 'n minus of plus t-waarde aangedui.

Uit die resultate in Tabel 38 blyk die volgende:

- Adolessente in al die groepe neem dikwels saam met die moeder besluite. H_0 word dus verwerp en hipotese 15 word met betrekking tot die moeder ondersteun.

  Met betrekking tot die mate waarin adolessente saam met die vader besluite neem, word H_0 vir al die groepe behalwe die totale swart kultuurgroep verwerp en hipotese 15 word dus dienooreenkomstig ondersteun. Dit blyk verder dat in teenstelling met die adolessente in die ander groepe wat meestal saam met die vader besluite neem, die swart adolessente meisies selde saam met die vader besluite neem.

- Behalwe in die geval van die swart groepe waar H_0 nie verwerp kon word nie, blyk dit dat Afrikaans- en Engelssprekende blanke adolessente se moeders hulle oorwegend toelaat om hul eie besluite te neem. Hipotese 17 word dus vir hierdie groepe ondersteun.

  Met betrekking tot die vader blyk dit dat H_0 wel in die geval van die swart groepe behalwe swart seuns verwerp ia. Die minus t-waarde dui verder daarop dat swart adolessente se vaders hulle selde toelaat om hul eie besluite te neem. Hierteenoor laat die blanke adolessente se vaders hulle weer dikwels toe om hul eie besluite te neem. Hipotese 17 word dus vir al die groepe behalwe swart seuns ondersteun.

- Dit blyk dat moeders en vaders in al die groepe aan hul adolessente kinders dikwels redes verstrek vir hulle reëls en besluite. H_0 word dus verwerp en hipotese 18 ondersteun.

- Behalwe in die geval van die totale swart kultuurgroep, swart seuns (met betrekking tot die moeder en die vader) en swart meisies (met betrekking tot die moeder) waar H_0 nie verwerp kon word nie, word hipotese 19 vir die blanke groepe en swart meisies (met betrekking tot die vader) ondersteun. Dit blyk dat adolessente se ouers in hierdie gevalle waar die hipotese ondersteun kon word, hulle dikwels toelaat om met hulle oor hul reëls en besluite te redeneer.

- **Resultate met betrekking tot kultuur- en geslagsverskille**

Die voorafgaande hipoteses is ook vir kultuur- en geslagsverskille ondersoek. Die resultate verskyn in Tabel 39 en 40.

Tabel 39
F-toetse vir Kultuurverskille met betrekking tot die Vorm van Ouerbeheer (Hipotese 15 en 17 tot 19)

	Kultuurgroep							
	Afr. blank		Eng. blank		Swart			
	394≤N≤397		392≤N≤397		306≤N≤309*			
Veranderlike	$\bar{X}$	S	$\bar{X}$	S	$\bar{X}$	S	F	p
Neem saam met moeder besluite	3,98	1,04	3,73	1,13	3,73	1,46	5,36	0,0048
Neem saam met vader besluite	3,58	1,13	3,37	1,18	3,00	1,61	17,55	0,0001*
Moeder laat eie besluite toe	4,34	0,96	4,40	0,93	3,09	1,44	148,97	0,0001*
Vader laat eie besluite toe	4,12	1,04	4,28	1,05	2,78	1,47	160,99	0,0001*
Moeder gee redes vir besluite/reëls	4,50	1,30	4,44	1,44	4,07	1,64	8,57	0,0002*
Vader gee redes vir besluite/reëls	4,22	1,42	4,23	1,48	3,70	1,73	12,88	0,0001*
Redeneer met moeder oor besluite/reëls	4,16	1,37	4,22	1,28	3,50	1,63	26,16	0,0001*
Redeneer met vader oor besluite/reëls	3,53	1,45	3,74	1,43	2,96	1,69	24,00	0,0001*

Nota. Betekenisvolle verskille word met 'n asterisk aangedui.
*Aangesien N vir al die veranderlikes vir elke groep verskil, word N nie afsonderlik aangedui nie.

Tabel 40
F-toetse vir Geslagsverskille binne die drie Kultuurgroepe met betrekking tot die Vorm van Ouerbeheer (Hipotese 15 en 17 tot 19)

	Kultuur I geslag													
	Blank Afrikaans				Blank Engels				Swart					
	Seuns 195≤N≤196		Meisies 199≤N≤201		Seuns 195≤N≤199		Meisies 197≤N≤198		Seuns 152≤N≤154		Meisies 154≤N≤155*			
Veranderlike	$\bar{X}$	S	$\bar{X}$	S	$\bar{X}$	S	$\bar{X}$	S	$\bar{X}$	S	$\bar{X}$	S	F	p
Neem saam met moeder besluite	3,86	0,97	4,10	1,10	3,56	1,11	3,90	1,14	3,53	1,47	3,92	1,43	0,27	0,7649
Neem saam met vader besluite	3,77	1,04	3,40	1,19	3,52	1,14	3,22	1,21	3,33	1,57	2,67	1,58	2,05	0,1291
Moeder laat eie besluite toe	4,38	0,92	4,30	1,00	4,43	0,91	4,38	0,96	3,12	1,45	3,05	1,44	0,03	0,9676
Vader laat eie besluite toe	4,23	1,00	4,01	1,07	4,32	0,93	4,24	1,17	2,93	1,46	2,62	1,47	0,83	0,4361
Moeder gee redes vir besluite/ reëls	4,45	1,26	4,55	1,33	4,41	1,49	4,47	1,39	3,93	1,71	4,21	1,55	0,52	0,5947
Vader gee redes vir besluite/ reëls	4,28	1,31	4,16	1,53	4,24	1,50	4,22	1,47	3,87	1,74	3,53	1,72	0,92	0,3977
Redeneer met moeder oor besluite/reëls	4,06	1,29	4,27	1,43	4,20	1,27	4,25	1,29	3,29	1,66	3,72	1,59	1,51	0,2205
Redeneer met vader oor besluite/reëls	3,62	1,38	3,44	1,52	3,74	1,42	3,75	1,44	3,05	1,66	2,87	1,72	0,45	0,6380

*Aangesien N vir al die veranderlikes vir elke groep verskil, word N nie afsonderlik aangedui nie.

Uit die resultate in Tabel 39 blyk dit dat daar betekenisvolle kultuurverskille voorkom. Hierteenoor blyk dit uit Tabel 40 dat geen betekenisvolle geslagsverskille voorkom nie.

Behalwe in die geval van hipotese 15 wat betrekking het op die mate waarin adolessente saam met hul moeders besluite neem, het betekenisvolle kultuurverskille deurgaans voorgekom. Uit Scheffé se toets vir post

hoc-vergelykings het dit geblyk dat Afrikaans- en Engelssprekende blanke adolessente vir al die veranderlikes betekenisvol van die swart adolessente verskil. Uit die gemiddelde tellings van die kultuurgroepe is dit duidelik dat swart adolessente in 'n mindere mate as die blanke adolessente saam met die vader besluite neem, deur die moeder en die vader toegelaat word om hul eie besluite te neem en dat die swart ouers in 'n mindere mate redes vir hul reëls en besluite verstrek as die blanke ouers en ook hul adolessente kinders minder toelaat om met hulle daaroor te redeneer.

7.9.2 Resultate met betrekking tot verskille tussen die moeder en vader se vorm van ouerbeheer (hipotese 15 tot 19)

In Tabel 41 en 42 verskyn die resultate van die ondersoek na verskille tussen die moeder en vader se vorm van ouerbeheer in die drie kultuurgroepe en vir die twee geslagte respektiewelik.

Tabel 41
t-Toetse vir Betekenisvolheid van Verskille tussen die Moeder en Vader met betrekking tot die Vorm van Ouerbeheer vir die drie Kultuurgroepe (Hipotese 15 tot 19)

		Afr. Blanke kultuur 394≤N≤397				Eng. Blanke kultuur 392≤N≤397				Swart kultuur 306≤N≤309*			
Veranderlike		Moeder	Vader	t	p	Moeder	Vader	t	p	Moeder	Vader	t	p
Neem saam met moeder/vader besluite (hipotese 15 & 16)	$\bar{X}$	3,98	3,58	7,45	0,0001*	3,73	3,37	6,06	0,0001*	3,73	3,00	6,70	0,0001*
	S	1,04	1,13			1,13	1,18			1,46	1,61		
Moeder/vader laat eie besluite toe (Hipotese 17)	$\bar{X}$	4,34	4,12	4,91	0,0001*	4,40	4,28	2,71	0,0070*	3,09	2,78	3,57	0,0004*
	S	0,96	1,04			0,93	1,05			1,44	1,47		
Moeder/vader gee redes vir besluite/reëls (Hipotese 18)	$\bar{X}$	4,50	4,22	5,15	0,0001*	4,44	4,23	3,35	0,0009*	4,07	3,70	4,14	0,0001*
	S	1,30	1,42			1,44	1,48			1,64	1,73		
Redeneer met moeder/vader oor besluite/reëls (Hipotese 19)	$\bar{X}$	4,16	3,53	9,18	0,0001*	4,22	3,74	7,03	0,0001*	3,50	2,96	5,95	0,0001*
	S	1,37	1,45			1,28	1,43			1,63	1,69		

Nota. Betekenisvolle verskille word met 'n asterisk aangedui.
*Aangesien N vir al die veranderlikes en vir elke groep verskil, word N nie afsonderlik aangedui nie.

Tabel 42
t-Toetse vir Betekenisvolheid van Verskille tussen die Moeder (M) en Vader (V) met betrekking tot die Vorm van Ouerbeheer vir die twee Geslagte (Hipotese 15 tot 19)

		Kultuur X geslag																							
		Afr. seuns 195≤N≤196				Afr. meisies 199≤N≤201				Eng. seuns 195≤N≤199				Eng. meisies 197≤N≤198				Swart seuns 152≤N≤154				Swart meisies 154≤N≤155*			
Veranderlike		M	V	t	p	M	V	t	p	M	V	t	p	M	V	t	p	M	V	t	p	M	V	t	p
Neem saam met	I	3,86	3,77			4,10	3,40			3,56	3,52			3,90	3,22			3,53	3,33			3,92	2,67		
M/V besluite				1,21	0,2172			9,81	0,0001*			0,51	0,6083			8,15	0,0001*			1,29	0,1978			8,91	0,0001*
(Hipotese 16)	S	0,97	1,04			1,10	1,19			1,11	1,14			1,14	1,21			1,47	1,57			1,43	1,58		
M/V laat eie	I	4,38	4,23			4,30	4,01			4,43	4,32			4,38	4,24			3,12	2,93			3,05	2,62		
besluite toe				2,42	0,0166			4,46	0,0001*			1,89	0,0602			1,96	0,0577			1,49	0,1370			3,68	0,0003*
	S	0,92	1,00			1,00	1,07			0,91	0,93			0,96	1,17			1,45	1,46			1,44	1,47		
M/V gee redes	I	4,45	4,28			4,55	4,16			4,41	4,24			4,47	4,22			3,93	3,87			4,21	3,53		
vir reëls/				2,22	0,0276			4,99	0,0001*			1,93	0,0547			2,75	0,0065			0,50	0,6181			5,21	0,0001*
besluite	S	1,26	1,31			1,33	1,53			1,49	1,50			1,39	1,47			1,71	1,74			1,55	1,72		
Redeneer met	I	4,06	3,62			4,27	3,44			4,20	3,74			4,25	3,75			3,29	3,05			3,72	2,87		
M/V oor reëls/				4,61	0,0001*			8,38	0,0001*			4,65	0,0001*			5,30	0,0001*			2,03	0,0441			6,46	0,0001*
besluite	S	1,29	1,38			1,43	1,52			1,27	1,42			1,29	1,44			1,66	1,66			1,59	1,72		

Nota. Betekenisvolle verskille word met 'n asterisk aangedui.
*Aangesien N vir al die veranderlikes en vir elke groep verskil,word N nie afsonderlik aangedui nie.

Uit die resultate in Tabel 41 blyk dit dat daar met betrekking tot hipotese 15 tot 19 betekenisvolle verskille in al drie kultuurgroepe tussen die moeder en vader se vorm van ouerbeheer voorkom. Adolessente neem meer dikwels saam met die moeder as die vader besluite, die moeder laat adolessente meer dikwels toe om hul eie besluite te neem, verstrek meer dikwels redes vir hul besluite en reëls en leat hul edolessente kinders meer dikwels toe om met hulle dearoor te redeneer as die vader.

Wanneer daar egter tussen die moeder en vader se vorm van ouerbeheer ten opsigte van seuns en meisies onderskei word, blyk dit dat seuns en meisies nie konsekwent tussen die moeder en vader onderskei nie. Uit Tabel 42 blyk die volgende:

- Vir die Afrikaanssprekende blanke seuns is daer nie in dieselfde mate as vir die meisies 'n betekenisvolle verskil tussen die moeder en vader se vorm van ouerbeheer nie. Die seuns neem byvoorbeeld in dieselfde mate saam met die moeder en vader besluite; hulle voel dat die moeder en die vader bulle in dieselfde mate toelaat om hul eie besluite te neem; en dat alhei in dieselfde mate redes aan hulle verstrek vir hul reëls en besluite. Hulle voel slegs dat die moeder hulle in 'n groter mate as die vader toelaat om oor hierdie reëls en besluite te redeneer. Hierteenoor onderskei die meisies deurgaans tussen die moeder en die vader.

- Met betrekking tot die Engelssprekende blanke edolessente blyk dit uit die resultate dat sowel seuns as meisies in die meeste gevalle nie betekenisvol tussen die moeder en veder onderskei nie. Geslageverskille het slegs ten opsigte van die volgende veranderlike voorgekom: meisies neem meer dikwels saam met die moeder as die veder besluite, terwyl die seuns nie tussen die ouers onderskei nie.

- Uit die resultate met betrekking tot swart adolessente seuns en meisies blyk dit det geslagsverakille deurgaans voorkom. Seuns maak geen onderskeid tussen die ouers nie, terwyl meisies deurgaans tussen die moeder en vader onderskei. Meisies neem meer dikwels saam met die moeder as die vader besluite, die moeder laat hulle meer dikwels toe om hul eie besluite te neem, gee meer dikwels redes vir haar reëls en besluite en laat die adolessente dogter meer dikwels toe om met haar daaroor te redeneer.

7.10 BESPREKING VAN RESULTATE MET BETREKKING TOT DIE VORM VAN OUERBEHEER TYDENS ADOLESSENSIE

Volgens navorsers (Conger & Petersen, 1984; Peterson, 1984) word demokratiese ouerbeheer met 'n positiewe ouer-kindverhouding wat deur nabyheid gekenmerk word, geassosieer. Hierdie bevinding word deur die resultate vir die blanke adolessente met betrekking tot die aard van die ouer-adolessentverhouding en die vorm van ouerbeheer ondersteun. Uit die resultate met betrekking tot die aard van die ouer-adolessentverhouding blyk dit dat die verhouding oorwegend deur 'n gevoel van nabyheid en begrip gekenmerk word en uit die resultate met betrekking tot die vorm van ouerbeheer blyk dit dat 'n demokratiese vorm van ouerbebeer oorwegend voorkom.

Die bevinding dat 'n demokratiese vorm van ouerbeheer oorwegend voorkom, word afgelei uit die resultate ten opsigte van die blanke adolessente wat toon dat adolessente meestal saam met hul ouers besluite neem, dat ouers redelik dikwels hul kinders toelaat om hul eie besluite te neem, dat ouers meestal redes vir hulle reëls en besluite verstrek en adolessente toelaat om met hulle daaroor te redeneer.

Aangesien H_0 met betrekking tot die swart groep nie soos in die geval van die blanke groepe deurgaans verwerp kon word nie, kan daar net op die volgende bevindings met betrekking tot die swart adolessente gelet word:

- Swart adolessente (met betrekking tot die totale kultuurgroep asook seuns en meisies afsonderlik) neem dikwels saam met die moeder besluite.
- Swart seuns neem dikwels saam met die vader besluite, terwyl meisies selde saam met hom besluite neem.
- Swart adolessente (met betrekking tot die totale kultuurgroep en die meisies) word selde deur die vader toegelaat om hul eie besluite te neem.
- Albei ouers verstrek dikwels redes vir hulle reëls en besluite.
- Swart adolessente (met betrekking tot die totale kultuurgroep en meisies) kan met die moeder oor baar reëls en besluite redeneer.

Uit die betekenisvolle kultuurverskille blyk dit verder dat swart adolessente in 'n betekenisvolle mate minder as die blanke adolessente saam met die vader besluite neem en deur die ouers toegelaat word om hul eie besluite te neem. Dit blyk ook dat swart ouers in 'n geringer mate as die blanke ouers redes verstrek vir bulle reëls en besluite en hul kinders toelaat om met bulle

daaroor te redeneer. Hieruit en uit die bevindings dat die vaders van swart adolessente hulle selde toelaat om hul eie besluite te neem, kan afgelei word dat swart ouers (veral die vader) minder demokraties optree as die blanke ouers. Dit kan daarop dui dat die ouers (veral die vader) van swart adolessente in ooreenstemming met die tradisionele siening en rol van die ouers steeds in 'n groot mate as gesagsfigure bejeën word (Steyn & Rip, 1968; Thom, 1980). Die afname van ouerlike gesag as gevolg van sosiale veranderinge (Conger & Petersen, 1984; Dacey, 1982) kom dus in 'n kleiner mate by die swart as blanke kultuurgroepe voor.

Benewens die voorafgaande bevindings blyk dit verder dat die moeder in al die kultuurgroepe meer demokraties as die vader optree. Adolessente neem meer dikwels saam met haar besluite, sy laat hulle meer dikwels toe om hul eie besluite te neem, verstrek meer dikwels redes vir haar reëls en besluite en laat adolessente meer dikwels toe om met haar daaroor te redeneer.

Hierdie bevinding hou waarskynlik ook verband met die bevindings met betrekking tot die verskil tussen die aard van adolessente se verhoudings met hul moeders en vaders, naamlik dat die adolessente se verhoudings met hul moeders gekenmerk word deur groter nabyheid, begrip en kommunikasie. Adolessente en hul moeders deel ook meer aktiwiteite en adolessente bespreek meer dikwels hul sake en probleme met die moeder as die vader. Hierdie aard van die moeder-adolessentverhouding is dus moontlik die resultaat van die meer demokratiese vorm van ouerbeheer wat by die moeder voorkom of vice versa.

Net soos in die geval van die bevindings met betrekking tot die aard van die ouer-adolessentverhouding blyk dit ook dat seuns (veral in hierdie geval Engelse seuns) minder geneig is om tussen die moeder en vader te onderskei. Ondanks hierdie uitsonderings wat voorkom wanneer daar tussen die geslagte onderskei word, word die moeder steeds oorwegend gesien as meer demokraties in haar optrede.

7.11 RESULTATE MET BETREKKING TOT DIE BELANG VAN OUERS VERSUS PORTUURS

Die resultate met betrekking tot die belang van ouers versus portuurs tydens adolessensie sal in die volgende afdelings bespreek word: Resultate met betrekking tot die verband tussen die aard van die ouer-adolessentverhouding asook die vorm van ouerbeheer en adolessente se betrokkenheid by hul portuurs

of vriende; die resultate met betrekking tot die mate waarin ouers adolessente se vriende asook die vriende se raad en leiding goedkeur; en die resultate met betrekking tot met wie (ouers of vriende) adolessente hul sake en probleme bespreek en wie se raad en leiding hulle verkies en of die soort saak eerder sal bepaal met wie hulle hul sake en probleme sal bespreek en wie se raad en leiding gevolg sal word.

7.11.1 Resultate met betrekking tot die verband tussen die aard van die ouer-adolessentverhouding, vorm van ouerbebeer en adolessente se betrokkenheid by hul vriende

In hipotese 20 word gepostuleer dat die aard van die ouer-adolessentverhouding betekenisvol verband sal hou met die mate waarin adolessente by hul vriende betrokke is. Die resultate van die ondersoek van hierdie hipotese verskyn in Tabel 43 en 44.

Tabel 43
Korrelasies tussen Adolessente se Betrokkenheid by Vriende en die mate van Nabyheid, Begrip en Konflik in die Ouer-adolessentverhouding vir die drie Kultuurgroepe (Hipotese 20)

		Moeder-adolessentverhouding			Vader-adolessentverhouding		
Kultuurgroep		Nabyheid	Begrip	Konflik	Nabyheid	Begrip	Konflik
Afr. Blank	Betrokkenheid by vriende	r=0,13 p=0,0092* N=396	r=-0,00 p=0,9759 N=396	r=-0,00 p=0,8682 N=396	r=0,02 p=0,6414 N=396	r=-0,05 p=0,2783 N=396	r=-0,11 p=0,0183 N=396
Eng. Blank	Betrokkenheid by vriende	r=0,16 p=0,0013* N=394	r=0,12 p=0,0156 N=397	r=0,02 p=0,5726 N=397	r=0,04 p=0,4121 N=397	r=0,09 p=0,0534 N=396	r=-0,07 p=0,1184 N=397
Swart	Betrokkenheid by vriende	r=0,07 p=0,2030 N=309	r=0,12 p=0,0276 N=309	r=-0,01 p=0,7959 N=309	r=0,07 p=0,2069 N=309	r=0,13 p=0,0182 N=309	r=-0,06 p=0,2613 N=309

Nota. Betekenisvolle korrelasies word deur 'n asterisk aangedui.

Tabel 44
Korrelasies tussen Adolessente se Betrokkenheid by Vriende en die mate van Nabyheid, Begrip en Konflik in die Ouer-adolessentverhouding vir die twee Geslagte binne die Kultuurgroepe (Hipotese 20)

		Moeder-adolessentverhouding			Vader-adolessentverhouding		
Kultuur X geslag		Nabyheid	Begrip	Konflik	Nabyheid	Begrip	Konflik
Afr. seuns	Betrokkenheid by vriende	r=0,11 p=0,1112 N=197	r=-0,07 p=0,3261 N=197	r=0,01 p=0,8255 N=197	r=-0,06 p=0,3962 N=197	r=-0,11 p=0,1199 N=197	r=-0,17 p=0,0158 N=197
Afr. meisies	Betrokkenheid by vriende	r=0,11 p=0,0945 N=199	r=0,02 p=0,7360 N=199	r=-0,03 p=0,6138 N=199	r=0,13 p=0,0650 N=199	r=0,03 p=0,5770 N=199	r=-0,06 p=0,3529 N=199
Eng. seuns	Betrokkenheid by vriende	r=0,11 p=0,1135 N=197	r=0,12 p=0,0879 N=199	r=-0,08 p=0,2464 N=199	r=0,07 p=0,2815 N=199	r=0,12 p=0,0724 N=198	r=-0,06 p=0,3609 N=199
Eng. meisies	Betrokkenheid by vriende	r=0,22 p=0,0018* N=197	r=0,11 p=0,1214 N=198	r=0,12 p=0,0879 N=198	r=0,07 p=0,3228 N=198	r=0,11 p=0,1229 N=198	r=-0,06 p=0,3610 N=198
Swart seuns	Betrokkenheid by vriende	r=0,10 p=0,2161 N=154	r=0,11 p=0,1458 N=154	r=-0,03 p=0,7025 N=154	r=0,00 p=0,9246 N=154	r=0,01 p=0,8480 N=154	r=-0,08 p=0,3228 N=154
Swart meisies	Betrokkenheid by vriende	r=0,04 p=0,5464 N=155	r=0,13 p=0,0929 N=155	r=0,00 p=1,0000 N=155	r=0,12 p=0,1167 N=155	r=0,23 p=0,0027* N=155	r=-0,05 p=0,5314 N=155

Nota. Betekenisvolle korrelasies word met 'n asterisk aangedui.

Uit Tabel 43 en 44 blyk dit dat betekenisvolle positiewe korrelasies tussen die volgende veranderlikes voorkom:

- By Afrikaans- en Engelssprekende blanke adolessente hou die mate van nabyheid in die moeder-adolessentverhouding betekenisvol verband met die mate van adolessente se betrokkenheid by vriende (Tabel 43).
- Wanneer daar tussen die geslagte onderskei word (Tabel 44), blyk dit dat met betrekking tot die Engelse blanke kultuur die mate van nabyheid tussen die moeder en adolessente meisies betekenisvol positief verband hou met die adolessente se mate van betrokkenheid by hul vriende, maar nie by die seuns nie. Dit blyk ook dat die mate van begrip in die vader-adolessent-verhouding met die mate ven betrokkenheid by vriende by die swart meisies verband hou, maar nie by die seuns nie. Wanneer daar egter nie tussen die

geslagte by die swart kultuurgroep onderskei word nie, word geen verband aangetoon nie.

Aangesien dit uit die ondersteuning van hipotese 11 en 12 geblyk het dat adolessente se verhoudings met hul moeders oorwegend deur nabyheid en begrip gekenmerk word, en hierdie resultate toon dat Afrikaans- en Engelssprekende blanke adolessente se ervaring van nabyheid in hul verhoudings met hul moeders betekenisvol verband hou met die mate waarin hulle by hul vriende betrokke is, kan die volgende afgelei word: Blanke adolessente wie se verhoudings met hul moeders deur 'n betekenisvolle groot mate deur nabyheid gekenmerk word, is ook in 'n betekenisvolle groot mate by hul vriende betrokke.

Dieselfde geld ook vir swart adolessente meisies ten opsigte van die mate van begrip tussen hulle en die vader en hul mate van betrokkenheid by hul vriende. Hipotese 20 word dus vir Afrikaanse en Engelse adolessente met betrekking tot die moeder en swart adolessente meisies met betrekking tot die vader ondersteun.

In Tabel 45 en 46 word die resultate met betrekking tot die verband tussen die vorm van ouerbebeer en adolessenta se betrokkenheid by bul vriende verstrek (hipotese 21).

Tabel 45
Korrelasies tussen Adolessente se Betrokkenheid by Vriende en Vorm van Ouerbeheer vir die drie Kultuurgroepe (Hipotese 21)

		Moeder-adolessentverhouding				Vader-adolessentverhouding			
Kultuurgroep		Neem saam besluite	Laat eie besluite toe	Gee redes vir besluite	Laat redenering toe	Neem saam besluite	Laat eie besluite toe	Gee redes vir besluite	Laat redenering toe
Afr. Blank	Betrokkenheid by vriende	r=0,10 p=0,0315 N=396	r=0,07 p=0,1236 N=396	r=0,07 p=0,1164 N=393	r=0,11 p=0,0227 N=393	r=0,00 p=0,9171 N=396	r=-0,00 p=0,8697 N=395	r=0,07 p=0,1541 N=393	r=0,04 p=0,3577 N=393
Eng. Blank	Betrokkenheid by vriende	r=0,13 p=0,0081* N=397	r=0,06 p=0,1996 N=397	r=0,13 p=0,0075* N=394	r=0,16 p=0,0007* N=396	r=0,09 p=0,0660 N=397	r=0,00 p=0,8843 N=396	r=0,10 p=0,0381 N=392	r=0,15 p=0,0014* N=394
Swart	Betrokkenheid by vriende	r=0,02 p=0,6916 N=309	r=0,04 p=0,4262 N=309	r=0,02 p=0,6018 N=306	r=0,05 p=0,2992 N=307	r=0,06 p=0,2899 N=309	r=0,09 p=0,0936 N=308	r=0,03 p=0,5418 N=307	r=0,07 p=0,1680 N=308

Nota. Betekenisvolle korrelasies word deur 'n asterisk aangedui.

Tabel 46
Korrelasies tussen Adolessente se Betrokkenheid by Vriende en Vorm van Ouerbeheer vir die twee Geslagte binne die Kultuurgroepe (Hipotese 21)

		Moeder-adolessentverhouding				Vader-adolessentverhouding			
Kultuur I geslag		Neem saam besluite	Laat eie besluite toe	Gee redes vir besluite	Laat redenering toe	Neem saam besluite	Laat eie besluite toe	Gee redes vir besluite	Laat redenering toe
Afr. seuns	Betrokkenheid by vriende	r=0,09 p=0,1749 N=196	r=-0,00 p=0,9592 N=196	r=0,09 p=0,2094 N=195	r=0,08 p=0,2447 N=195	r=0,02 p=0,6787 N=196	r=-0,08 p=0,2405 N=196	r=0,09 p=0,2057 N=195	r=0,00 p=0,9412 N=195
Afr. meisies	Betrokkenheid by vriende	r=0,07 p=0,3065 N=200	r=0,18 p=0,0100* N=200	r=0,05 p=0,4558 N=198	r=0,11 p=0,0998 N=198	r=0,05 p=0,4023 N=200	r=0,11 p=0,0947 N=199	r=0,07 p=0,2752 N=198	r=0,11 p=0,0961 N=198
Eng. seuns	Betrokkenheid by vriende	r=0,08 p=0,2298 N=199	r=0,01 p=0,8293 N=199	r=0,11 p=0,1144 N=196	r=0,13 p=0,0536 N=198	r=0,12 p=0,0747 N=199	r=0,00 p=0,9895 N=199	r=0,11 p=0,1029 N=195	r=0,14 p=0,0411 N=198
Eng. meisies	Betrokkenheid by vriende	r=0,10 p=0,1368 N=198	r=0,13 p=0,0550 N=198	r=0,15 p=0,0267 N=198	r=0,20 p=0,0036* N=198	r=0,14 p=0,0443 N=198	r=0,03 p=0,6075 N=197	r=0,10 p=0,1429 N=197	r=0,18 p=0,0080* N=196
Swart seuns	Betrokkenheid by vriende	r=0,02 p=0,7296 N=154	r=0,05 p=0,5113 N=154	r=0,05 p=0,4973 N=152	r=0,07 p=0,3323 N=153	r=0,00 p=0,9784 N=154	r=0,03 p=0,6283 N=154	r=-0,01 p=0,8755 N=152	r=0,02 p=0,7300 N=154
Swart meisies	Betrokkenheid by vriende	r=0,01 p=0,8163 N=155	r=0,03 p=0,6409 N=155	r=0,00 p=0,9661 N=154	r=0,04 p=0,5915 N=154	r=0,11 p=0,1505 N=155	r=0,14 p=0,0640 N=154	r=0,07 p=0,3261 N=155	r=0,12 p=0,1224 N=154

Nota. Betekenisvolle korrelasies word met 'n asterisk aangedui.

Uit Tabel 45 blyk dit dat betekenisvolle positiewe korrelasies net in die geval van Engelse blanke adolessente voorkom en wel tussen adolessente se betrokkenheid by hul vriende en die mate waarin adolessente saam met die moeder besluite neem, die moeder redes vir haar besluite verstrek en die adolessente met haar daaroor redeneer asook die mate waarin die vader die adolessente toelaat om met hom oor reëls en besluite te redeneer. Hipotese 21 word dus in hierdie gevalle ondersteun.

Wanneer daar egter tussen die geslagte onderskei word (Tabel 46), word net sekere van hierdie verbande aangetoon en wel net met betrekking tot die Engelse adolessente meisies en nie die seuns nie. Die verhand wat aangetoon word, kom ook slegs tussen die volgende veranderlikes voor: die mate waarin

die moeder en die vader hul adolessente dogters toelaat om met hulle oor reëls en besluite te redeneer en die adolessente se betrokkenheid by hul vriende.

'n Verdere verband blyk egter ook wanneer die geslagte afsonderlik ondersoek word, naamlik by Afrikaanse meisies. Die mate waarin die moeders hul adolessente dogters toelaat om hul eie besluite te neem, hou positief verband met die adolessente se betrokkenheid by hul vriende. Dit val dus op dat daar by adolessente seuns nie 'n verband tussen hulle betrokkenheid by vriende en die ouers se vorm van ouerbeheer aangetoon kon word nie en hipotese 21 word dus ten opsigte van adolessente seuns in al die kultuurgroepe nie ondersteun nie.

Uit die ondersteuning van hipotese 15 tot 19 blyk dit dat die ouers van Engelse blanke adolessente oorwegend demokraties optree. Hierdie resultate dui daarop dat demokratiese ouerbeheer by Engelse adolessente betekenisvol verband hou met die mate waarin die adolessente by hul vriende betrokke is.

7.11.2 Resultate met betrekking tot ouers se goedkeuring van adolessente se vriende

Hipotese 22 het betrekking op die mate waarin ouers hul adolessente kinders se vriende en vriendinne goedkeur en hipotese 23 op die mate waarin die ouers hierdie vriende se raad en leiding ten opsigte van sekere sake goedkeur al dan nie. Die resultate verskyn in Tabel 47.

Tabel 47
t-Toetse vir Betekenisvolheid van Verskille tussen die Groepe ten opsigte van Ouers se Goedkeuring van Adolessente se Vriende (Hipotese 22 en 23)

Veranderlike	Kultuur/ Geslag	N	$\bar{X}$	$\bar{S}$	t	p
Moeder keur seuns-vriende goed/af (Hipotese 22)	Afr. Blank	396	4,47	0,84	34,93	0,0001*
	Eng. Blank	392	4,41	0,90	30,78	0,0001*
	Swart	309	3,38	1,47	4,64	0,0001*
	Afr. seuns	197	4,51	0,76	27,79	0,0001*
	Afr. meisies	199	4,43	0,90	22,28	0,0001*
	Eng. seuns	198	4,48	0,82	25,39	0,0001*
	Eng. meisies	194	4,34	0,98	18,94	0,0001*
	Swart seuns	154	3,87	1,16	9,36	0,0001*
	Swart meisies	155	2,90	1,58	-0,76	0,4487

Tabel 47 (vervolg)

Vader keur seuns-vriende goed/af (Hipotese 22)	Afr. Blank	396	4.30	0.88	29.19	0.0001*
	Eng. Blank	391	4.24	1.03	23.81	0.0001*
	Swart	309	2.99	1.74	-0.07	0.9480
	Afr. seuns	196	4.47	0.74	27.63	0.0001*
	Afr. meisies	200	4.13	0.98	16.37	0.0001*
	Eng. seuns	197	4.43	0.89	22.57	0.0001*
	Eng. meisies	194	4.05	1.13	12.97	0.0001*
	Swart seuns	154	3.64	1.47	5.45	0.0001*
	Swart meisies	155	2.34	1.74	-4.70	0.0001*
Moeder keur vriendinne goed/af (Hipotese 22)	Afr. Blank	397	4.63	0.80	40.43	0.0001*
	Eng. Blank	393	4.56	0.79	38.88	0.0001*
	Swart	308	3.43	1.67	4.59	0.0001*
	Afr. seuns	196	4.58	0.93	23.82	0.0001*
	Afr. meisies	201	4.68	0.66	36.20	0.0001*
	Eng. seuns	195	4.51	0.86	24.38	0.0001*
	Eng. meisies	198	4.60	0.71	31.52	0.0001*
	Swart seuns	153	2.94	1.82	-0.40	0.6913
	Swart meisies	155	3.92	1.34	8.61	0.0001*
Vader keur vriendinne goed/af (Hipotese 22)	Afr. Blank	391	4.59	1.25	39.25	0.0001*
	Eng. Blank	387	4.55	0.80	38.13	0.0001*
	Swart	304	3.12	1.72	1.30	0.1948
	Afr. seuns	192	4.53	0.92	22.99	0.0001*
	Afr. meisies	199	4.64	0.65	35.24	0.0001*
	Eng. seuns	191	4.48	0.93	21.87	0.0001*
	Eng. meisies	196	4.62	0.63	35.62	0.0001*
	Swart seuns	151	2.62	1.80	-2.53	0.0062*
	Swart meisies	153	3.62	1.48	5.17	0.0001*
Moeder keur raad van vriende goed/af (Hipotese 23)	Afr. Blank	161	3.90	1.26	9.10	0.0001*
	Eng. Blank	213	3.85	1.16	10.76	0.0001*
	Swart	165	2.68	1.44	-2.80	0.0029*
	Afr. seuns	76	4.01	1.25	7.01	0.0001*
	Afr. meisies	85	3.81	1.26	5.90	0.0001*
	Eng. seuns	98	3.71	1.10	6.41	0.0001*
	Eng. meisies	115	3.98	1.20	8.73	0.0001*
	Swart seuns	84	2.60	1.38	-2.59	0.0056*
	Swart meisies	81	2.76	1.51	-1.40	0.1661
Vader keur raad van vriende goed/af (Hipotese 23)	Afr. Blank	158	3.81	1.31	7.80	0.0001*
	Eng. Blank	213	3.71	1.20	8.68	0.0001*
	Swart	164	2.46	1.37	-4.95	0.0001*
	Afr. seuns	73	3.98	1.42	5.90	0.0001*
	Afr. meisies	85	3.67	1.19	5.16	0.0001*
	Eng. seuns	97	3.59	1.18	4.96	0.0001*
	Eng. meisies	116	3.81	1.22	7.23	0.0001*
	Swart seuns	84	2.60	1.42	-2.53	0.0133
	Swart meisies	80	2.32	1.30	-4.61	0.0001*

Nota. Betekenisvolle verskille word met 'n asterisk aangedui.

*H_o word nie verwerp as die geniddelde telling van die proefpersone 3.00 is nie (H_o: $\mu = 3$). Indien betekenisvolle verskille voorkom en H_o word verwerp ten gunste van H_1 (H_1: $\mu > 3$. H_1: $\mu < 3$) word die rigting van die verskille deur die minus of plus t-waarde aangedui.

Uit Tabel 47 blyk dit dat die blanke groepe se moeders en vaders in 'n betekenisvolle groter mate hul adolessente kinders se vriende en vriendinne en hulle raad en leiding goedkeur as afkeur. H_0 word dus verwerp en hipotese 22 en 23 word vir die blanke adolessente ondersteun.

Met betrekking tot die adolessente in die swart kultuurgroep is die resultate egter nie eenvormig nie. In die volgende gevalle kon H_0 nie verwerp word nie:

- Die mate waarin die moeders hul dogters se seunsvriende en die raad en leiding van hul vriende en vriendinne goedkeur of afkeur.
- Met betrekking tot die totale swart kultuurgroep die mate waarin die vaders hul adolessente kinders (seuns en dogters) se vriende en vriendinne goedkeur of afkeur.
- Met betrekking tot swart seuns die mate waerin die moeders hul vriendinne en die vaders die raad en leiding van hul vriende en vriendinne goedkeur of afkeur.

By nadere ondersoek blyk dit dat H_0 in die meerderheid gevalle vir die totale swart kultuurgroep verwerp word en wanneer dit nie die geval is nie, word H_0 wel verwerp wanneer daar tussen die geslagte onderskei word. Hipotese 22 en 23 word dus ook oorwegend ten opsigte van die swart kultuurgroep ondersteun.

Dit hlyk verder dat swart moeders oorwegend die seunsvriende en vriendinne van bul adolessente kinders (seuns en dogters) goedkeur. Hierteenoor keur die vaders slegs die seunsvriende van hul seuns en die vriendinne van hul dogters goed. Die seunsvriende van hul dogters en vriendinne van hul seuns keur hulle af. In aansluiting hierby keur albei ouers dit af wanneer hul adolessente kinders (seuns of dogters) die raad en leiding van hul vriende en vriendinne vra of aanvaar.

In die volgende tabelle (Tabel 48 en 49) verskyn die resultate van die ondersoek na kultuur- en geslagsverskille met betrekking tot ouers se goedkeuring van adolessente se vriende en hul raad en leiding.

Tabel 48
F-toetse vir Kultuurverskille ten opsigte van Ouers se Goedkeuring van Adolessente se vriende en die vriende se Raad en Leiding (Hipotese 22 en 23)

	Kultuurgroep							
	Afr. Blank		Eng. Blank		Swart			
	158≤N≤397		213≤n≤396		164≤N≤309*			
Veranderlike	$\bar{X}$	S	$\bar{X}$	S	$\bar{X}$	S	F	p
Moeder keur seunsvriende goed	4,47	0,84	4,41	0,90	3,38	1,47	106,96	0,0001*
Vader keur seunsvriende goed	4,30	0,88	4,24	1,03	2,99	1,74	119,82	0,0001*
Moeder keur vriendinne goed	4,63	0,80	4,56	0,79	3,43	1,67	120,10	0,0001*
Vader keur vriendinne goed	4,59	0,80	4,55	0,80	3,12	1,72	176,53	0,0001*
Moeder keur raad/ leiding van vriende goed	3,90	1,26	3,85	1,16	2,68	1,44	49,45	0,0001*
Vader keur raad/ leiding van vriende goed	3,81	1,31	3,71	1,20	2,46	1,37	57,03	0,0001*

Nota. Betekenisvolle verskille word met 'n asterisk aangedui.
*Aangesien N vir al die veranderlikes en vir elke groep verskil, word N nie afsonderlik aangedui nie.

Tabel 49
F-toetse vir Geslagsverskille ten opsigte van Ouers se Goedkeuring van Adolessente se Vriende en die Vriende se Raad en Leiding binne die drie Kultuurgroepe (Hipotese 22 en 23)

	Kultuur I geslag													
	Afr. Blank				Eng. Blank				Swart					
	Seuns 73≤N≤197		Meisies 85≤N≤201		Seuns 97≤N≤198		Meisies 115≤N≤109		Seuns 84≤N≤154		Meisies 80≤N≤155*			
Veranderlike	$\bar{I}$	S	$\bar{I}$	S	$\bar{I}$	S	$\bar{I}$	S	$\bar{I}$	S	$\bar{I}$	S	F	p
Moeder keur seuns-vriende goed	4,51	0,76	4,43	0,90	4,48	0,82	4,34	0,98	3,87	1,16	2,90	1,58	18,58	0,0001*
Vader keur seus-vriende goed	4,47	0,74	4,13	0,98	4,43	0,89	4,05	1,13	3,64	1,47	2,34	1,74	17,95	0,0001*
Moeder keur vriend-inne goed	4,58	0,93	4,68	0,66	4,51	0,86	4,60	0,71	2,94	1,82	3,92	1,34	18,57	0,0001*
Vader keur vriend-inne goed	4,53	0,92	4,64	0,65	4,48	0,93	4,62	0,63	2,62	1,80	3,62	1,48	16,38	0,0001*
Moeder keur raad van vriende goed	4,01	1,25	3,81	1,26	3,71	1,10	3,98	1,20	2,60	1,38	2,76	1,51	1,18	0,3079
Vader keur raad van vriende goed	3,98	1,42	3,67	1,19	3,59	1,18	3,81	1,22	2,60	1,42	2,32	1,30	2,90	0,0561

Nota. Betekenisvolle verskille word met 'n asterisk aangedui.
*Aangesien N vir al die veranderlikes vir elke groep verskil, word N nie afsonderlik aangedui nie.

Uit Tabel 48 blyk dit dat betekenisvolle kultuurverskille met betrekking tot al die veranderlikes voorkom. Scheffé se toets vir post hoc-vergelykings is toegepas om die lokus van die verskille te identifiseer. Uit die resultate blyk dit dat die blanke kultuurgroepe ten opsigte van al die veranderlikes betekenisvol van die swart kultuurgroep verskil en wel in die opsig dat die ouers van blanke adolessente hul adolessente kinders se vriende en vriendinne in 'n betekenisvolle groter mate goedkeur as die ouers van die swart adolessente. Dit blyk verder dat wanneer adolessente die raad en leiding ten opsigte van sekere sake van hul vriende/vriendinne vra, blanke ouers dit goedkeur, terwyl swart ouers dit afkeur (vergelyk ook die resultate in Tabel 47).

Uit die resultate in Tabel 49 blyk dit dat daar ook betekenisvolle geslagsverskille ten opsigte van die mate waarin ouers hul adolessente kinders se vriende/vriendinne goedkeur voorkom. Uit die resultate van Scheffé se toets vir post hoc-vergelykings blyk dit in ooreenstemming met die vorige resultate met betrekking tot swart adolessente dat die mate waarin swart ouers hul adolessente kinders se vriende/vriendinne goedkeur vir seuns en dogters betekenisvol verskil. Moeders en vaders keur die seunsvriende van hul seuns betekenisvol meer goed as dié van hul dogters, terwyl hulle weer die vriendinne van hul dogters betekenisvol meer goedkeur as die vriendinne van hul seuns.

In Tabel 50 en 51 verskyn die resultate met betrekking tot verskille tussen die moeder en vader se mate van goedkeuring van adolessente se vriende/vriendinne en hul raad en leiding.

Tabel 50
t-Toetse vir Betekenisvolheid van Verskille tussen die Moeder en Vader se Goedkeuring van Adolessente se Vriende en die Vriende se Raad en Leiding vir die drie Kultuurgroepe (Hipotese 22 en 23)

		Afr. Blanke kultuur 158≤N≤397				Eng. Blanke kultuur 213≤N≤396				Swart kultuur 164≤N≤309*			
Veranderlike		Moeder	Vader	t	p	Moeder	Vader	t	p	Moeder	Vader	t	p
Moeder/Vader keur seunsvriende goed/af	$\bar{X}$	4,47	4,30	4,03	0,0001*	4,41	4,24	3,83	0,0001*	3,38	2,99	4,47	0,0001*
	S	0,84	0,88			0,90	1,03			1,47	1,74		
Moeder/Vader keur vriendinne goed/af	$\bar{X}$	4,63	4,59	1,31	0,1920	4,56	4,55	0,07	0,9455	3,43	3,12	4,17	0,0001*
	S	0,80	0,80			0,79	0,80			1,67	1,72		
Moeder/Vader keur raad/leiding van vriende goed/af	$\bar{X}$	3,90	3,81	1,28	0,2022	3,85	3,71	2,71	0,0073*	2,68	2,46	2,04	0,0429
	S	1,26	1,31			1,16	1,20			1,44	1,37		

Nota. Betekenisvolle verskille word met 'n asterisk aangedui.
*Aangesien N vir al die veranderlikes en vir elke groep verskil, word N nie afsonderlik aangedui nie.

Tabel 51
t-Toetse vir Betekenisvolheid van Verskille tussen die Moeder (M) en Vader (V) se Goedkeuring van Adolessente se Vriende en die Vriende se Raad en Leiding vir die twee Geslagte (Hipotese 22 en 23)

		Kultuur I Geslag																							
		Afr. seuns 73≤N≤197				Afr. meisies 85≤N≤201				Eng. seuns 97≤N≤198				Eng. meisies 115≤N≤198				Swart seuns 84≤N≤154				Swart meisies 80≤N≤155*			
Veranderlike		M	V	t	p	M	V	t	p	M	V	t	p	M	V	t	p	M	V	t	p	M	V	t	p
M/V keur seuns-vriende goed/af	I	4,51	4,47	0,87	0,3856	4,43	4,13	4,49	0,0001*	4,48	4,43	1,07	0,2848	4,34	4,05	4,29	0,0001*	3,87	3,64	1,88	0,0623	2,90	2,34	4,40	0,0001*
	S	0,76	0,74			0,90	0,98			0,82	0,89			0,98	1,13			1,16	1,47			1,58	1,74		
M/V keur vriendinne goed/af	I	4,58	4,53	0,98	0,3303	4,68	4,64	0,88	0,3811	4,51	4,48	0,53	0,6000	4,60	4,62	-0,55	0,5844	2,94	2,62	2,64	0,0093	3,92	3,62	3,34	0,0010*
	S	0,93	0,92			0,66	0,65			0,86	0,93			0,71	0,63			1,82	1,80			1,34	1,48		
M/V keur raad/leiding van vriende goed/af	I	4,01	3,98	0,36	0,7206	3,81	1,26	1,55	0,1242	3,71	3,59	1,34	0,1828	3,98	3,81	2,51	0,0137	2,60	2,60	0,00	1,0000	2,76	2,32	3,00	0,0036
	S	1,25	1,42			3,67	1,19			1,10	1,18			1,20	1,22			1,38	1,42			1,51	1,30		

Nota. Betekenisvolle verskille word met 'n asterisk aangedui.
*Aangesien N vir al die veranderlikes en vir elke groep verskil, word N nie afsonderlik aangedui nie.

Uit die resultate in Tabel 50 blyk dit dat die moeder in al die kultuurgroepe hul adolessente kinders se seunsvriende in 'n betekenisvolle mate meer dikwels goedkeur as die vader. Met betrekking tot hul vriendinne is daar slegs in die swart kultuurgroep 'n betekenisvolle verskil tussen die vader en die moeder gevind en wel in die opsig dat die moeder ook die vriendinne in 'n groter mate as die vader goedkeur.

Met betrekking tot die mate waarin ouers die raad en leiding van vriende/vriendinne goedkeur of afkeur, bet die moeder en vader slegs in die Engelse kultuurgroep betekenisvol verskil. Ook in hierdie geval is dit die moeder wat die raad en leiding in 'n betekenisvolle groter mate as die vader goedkeur.

Wanneer daar tussen die twee geslagte onderskei word (Tabel 51) blyk dit dat die moeder en vader in al die kultuurgroepe betekenisvol verskil mat betrekking tot die mate waarin hulle hul dogters se seunsvriende goedkeur. Weer eens keur die moeder in 'n betekenisvolle groter mate as die vader die seunsvriende goed. By die swart meisies keur die moeders ook in 'n betekenisvolle groter mate as die vaders bul dogters se vriendinne goed. Geen betekenisvolle verskille tussen die moeder en vader het by die seuns in al die kultuurgroepe voorgekom nie.

7.11.3 Resultate met betrekking tot die belang van ouers versus portuurs

Deur middel van bipotese 24 en 25 word daar gepoog om vas te stel of die soort saak sal bepaal mat wie (ouers of vriende) adolessente hulle aake en probleme sal bespreek en wie se raad en leiding as die belangrikste geag word. Die resultate verskyn in Tabel 52 tot 55.

Tabel 52
χ^2-Toets vir Kultuurverskille en die Belang van die Saak vir die Keuse van die Persoon met wie (Ouer of Vriend) Sake en/of Probleme bespreek word (Hipotese 24)

	Verkies ouers		Verkies vriende		Niemand		Saak bepaal		
Kultuurgroep	N	%	N	%	N	%	N	%	P
Afr. Blank	54	13,60	41	10,33	3	0,76	299	75,31	
Eng. Blank	40	10,10	72	18,18	12	3,03	272	68,69	0,003*
Swart	47	15,31	40	13,03	7	2,28	213	69,38	
Totaal	141	12,82	153	13,91	22	2,00	784	71,27	

Nota. Betekenisvolle verskille word met 'n asterisk aangedui.

Tabel 53
X^2 -Toets vir Geslagsverskille met betrekking tot die Belang van die Saak vir die Keuse van die Persoon met wie (Ouer of Vriend) Sake en/of Probleme bespreek word (Hipotese 24)

	Verkies ouers		Verkies vriende		Niemand		Saak bepaal		
Kultuur X geslag	N	%	N	%	N	%	N	%	P
Afr. seuns	24	12.24	18	9.18	2	1.02	152	77.55	
Afr. meisies	30	14.93	23	11.44	1	0.50	147	73.13	
Eng. seuns	24	12.12	31	15.66	9	4.55	134	67.68	0.009*
Eng. meisies	16	8.08	41	20.71	3	1.52	138	69.70	
Swart seuns	21	13.64	21	13.64	5	3.25	107	69.48	
Swart meisies	26	16.99	19	12.42	2	1.31	106	69.28	

Nota. Betekenisvolle verskille word met 'n asterisk aangedui.

Uit die resultate in Tabel 52 blyk dit dat al die groepe in 'n betekenisvolle groter mate voel dat die soort saak sal bepaal met wie hulle bul sake en probleme sal bespreek (71,27%). H_0 word dus verwerp en hipotese 24 ondersteun.

Wanneer dit gaan om 'n keuse tussen die ouers en vriende val dit verder op dat al die groepe min onderskeid maak behalwe in die geval van Engelse meisies wat geneig is om hul vriende meer dikwels te verkies (Tabel 53). Verder blyk dit ook dat slegs 2% van die adolessente hul sake en probleme met niemand bespreek nie (Tabel 52).

In Tabel 54 en 55 word die resultate verstrek met betrekking tot die mate waarin albei ouers, die moeder, die vader en vriende of vriendinne se raad en leiding hoog geag word, die mate waarin die adolessent sy eie mening hoog ag en dan net soos in die voorafgaande ondersoek, of die soort saak eerder sal bepaal wie se raad en leiding hoog geag word.

Tabel 54
χ^2-Toets vir Kultuurverskille en die mate waarin Adolessente die Raad en Leiding van spesifieke Persone hoog ag en of die Saak dit sal bepaal (Hipotese 25)

	Albei ouers		Moeder		Vader		Vriend(in)		Saak bepaal		Eie mening		
Kultuurgroep	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	P
Afr. Blank	158	39,80	34	8,56	29	7,30	7	1,76	150	37,78	19	4,79	
Eng. Blank	107	27,16	27	6,85	31	7,87	7	1,78	189	47,97	33	8,38	0,000*
Swart	159	51,62	37	12,01	19	6,17	2	0,65	85	27,60	6	1,95	
Totaal	424	38,58	98	8,92	79	7,19	16	1,46	424	38,58	58	5,28	

Nota. Betekenisvolle verskille word met 'n asterisk aangedui.

Tabel 55
χ^2 -Toets vir Geslagsverskille met betrekking tot die mate waarin Adolessente die Raad en Leiding van spesifieke Persone hoog ag en of die Saak dit sal bepaal (Hipotese 25)

	Albei ouers		Moeder		Vader		Vriend(in)		Saak bepaal		Eie mening		
Kultuur I geslag	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	P
Afr. seuns	77	39,09	13	6,60	22	11,17	3	1,52	71	36,04	11	5,58	
Afr. meisies	81	40,50	21	10,50	7	3,50	4	2,00	79	39,50	8	4,00	
Eng. seuns	64	32,16	8	4,02	20	10,05	2	1,01	87	43,72	18	9,05	0,000*
Eng. meisies	43	22,05	19	9,74	11	5,64	5	2,56	102	52,31	15	7,69	
Swart seuns	82	53,59	11	7,19	13	8,50	0	0,00	44	28,76	3	1,96	
Swart meisies	77	49,68	26	16,77	6	3,87	2	1,29	41	26,45	3	1,94	

Nota. Betekenisvolle verskille word met 'n asterisk aangedui.

Uit Tabel 54 blyk dit dat daar beduidende verskille tussen die groepe se voorkeur met betrekking tot wie se raad en leiding verkies word, is. Dit blyk dat albei ouers se raad en leiding die hoogste geag word (38,58%) en dat adolessente in dieselfde mate voel dat dit van die soort saak sal afhang wie se raad en leiding verkies sal word (38,58%). H_o word dus verwerp en hipotese 25 ondersteun.

Van die drie kultuurgroepe is dit veral die swart adolessente wat albei ouers verkies (51,62%) en waar die soort saak nie in so 'n groot mate hul voorkeur bepaal nie (27,60%). By die Engelse blanke adolessente is dit egter weer eerder die soort saak wat bepalend is (47,97%) en albei ouers se raad en leiding minder geag word (27,16%).

Dit val ook op dat swart adolessente van al die groepe hul eie mening die geringste ag (1,95%), terwyl Engelse blanke adolessente hul eie mening weer die hoogste ag (8,38%).

Verder blyk dit dat die raad en leiding van vriende en vriendinne by al die groepe die minste geag word in vergelyking met die hoë agting wat adolessente vir hul ouers se raad en leiding het.

Uit Tabel 55 blyk ook dat betekenisvolle geslagsverskille ten opsigte hiervan voorkom. Engelse seuns verkies in 'n betekenisvolle groter mate as die meisies albei ouers se raad en leiding, terwyl die meisies weer in 'n groter mate as die seuns voel dat die soort saak sal bepaal wie se raad en leiding verkies sal word.

- Die soort sake ten opsigte waarvan adolessente hul eie mening aanvaar en let op die raad en leiding van hul ouers en vriende

Adolessente se voorkeur vir die raad en leiding van albei ouers, die moeder, die vader en vriende/vriendinne is ten opsigte van die volgende sake ondersoek: godsdiens, godsbeoefening, morele gedrag, politieke sienings, beroepskeuse, musiekvoorkeur, vermaak, kleredrag, sosiale optrede, taalgebruik, seksuele gedrag en heteroseksuele verhoudings. Daar is ook nagegaan in watter mate adolessante hul eie mening oor hierdie sake verkies of hoog ag. Die resultate vir die drie kultuurgroepe verskyn in Tabel 56 en vir die twee geslagte binne hierdie kultuurgroepe in Tabel 57.

Tabel 56

χ^2 -Toetse vir Kultuurverskille en die bepaling van wie se Raad en Leiding Adolessente ten opsigte van sekere Sake hoog ag

Raad/leiding oor godsdiens

	Albei ouers		Moeder		Vader		Vriend(in)		Eie mening		
Kultuurgroep	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	p*
Afr. Blank	283	71,65	8	2,03	8	2,03	2	0,51	94	23,80	
Eng. Blank	171	43,07	23	5,79	7	1,76	9	2,27	187	47,10	0,000*
Swart	229	74,11	25	8,09	8	2,59	1	0,32	46	14,89	
Totaal	683	62,03	56	5,09	23	2,09	12	1,09	327	29,70	

Raad/leiding oor godsdiensbeoefening

	Albei ouers		Moeder		Vader		Vriend(in)		Eie mening		
Kultuurgroep	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	p*
Afr. Blank	264	66,67	14	3,54	8	2,02	1	0,25	109	27,53	
Eng. Blank	149	37,53	30	7,56	8	2,02	11	2,77	199	50,13	0,000*
Swart	201	65,05	35	11,33	2	0,65	5	1,62	66	21,36	
Totaal	614	55,72	79	7,17	18	1,63	17	1,54	374	33,94	

Raad/leiding oor morele gedrag

	Albei ouers		Moeder		Vader		Vriend(in)		Eie mening		
Kultuurgroep	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	p*
Afr. Blank	252	63,48	28	7,05	5	1,26	8	2,02	104	26,20	
Eng. Blank	204	51,78	21	5,33	9	2,28	17	4,31	143	36,29	0,000*
Swart	219	70,87	26	8,41	8	2,59	8	2,59	48	15,53	
Totaal	675	61,36	75	6,82	22	2,00	33	3,00	295	26,82	

Raad/leiding oor politieke sienings

	Albei ouers		Moeder		Vader		Vriend(in)		Eie mening		
Kultuurgroep	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	p*
Afr. Blank	154	39,95	6	1,53	44	11,20	6	1,53	180	45,80	
Eng. Blank	99	25,13	5	1,27	34	8,63	15	3,81	241	61,17	0,000*
Swart	72	23,30	4	1,29	23	7,44	48	15,53	162	52,43	
Totaal	328	29,93	15	1,37	101	9,22	69	6,30	583	53,19	

Tabel 56 (vervolg)

Raad/leiding oor beroepskeuse

	Albei ouers		Moeder		Vader		Vriend(in)		Eie mening		
Kultuurgroep	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	p*
Afr. Blank	159	40,25	3	0,76	17	4,30	4	1,01	212	53,67	
Eng. Blank	155	39,14	12	3,03	30	7,58	3	0,76	196	49,49	0,000*
Swart	115	37,22	15	4,85	15	4,85	7	2,27	157	50,81	
Totaal	429	39,00	30	2,73	62	5,64	14	1,27	565	51,36	

Raad/leiding oor musiek

	Albei ouers		Moeder		Vader		Vriend(in)		Eie mening		
Kultuurgroep	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	p*
Afr. Blank	41	10,35	9	2,27	6	1,52	44	11,11	296	74,75	
Eng. Blank	14	3,54	5	1,26	3	0,76	62	15,66	312	78,79	0,000*
Swart	34	11,00	13	4,21	3	0,97	65	21,04	194	62,78	
Totaal	89	8,08	27	2,45	12	1,09	171	15,53	802	72,84	

Raad/leiding oor vermaak

	Albei ouers		Moeder		Vader		Vriend(in)		Eie mening		
Kultuurgroep	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	p*
Afr. Blank	124	31,31	16	4,04	6	1,52	56	14,14	194	48,99	
Eng. Blank	55	13,99	13	3,31	9	2,29	104	26,46	212	53,94	0,000*
Swart	52	16,83	13	4,21	7	2,27	77	24,92	160	51,78	
Totaal	231	21,04	42	3,83	22	2,00	237	21,58	566	51,55	

Raad/leiding oor kleredrag

	Albei ouers		Moeder		Vader		Vriend(in)		Eie mening		
Kultuurgroep	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	p*
Afr. Blank	49	12,34	55	13,85	6	1,51	53	13,35	234	58,94	
Eng. Blank	23	5,79	43	10,83	1	0,25	76	19,14	254	63,98	0,000*
Swart	48	15,53	37	11,97	5	1,62	52	16,83	167	54,05	
Totaal	120	10,88	135	12,24	12	1,09	181	16,41	655	59,38	

Tabel 56 (vervolg)

Raad/leiding oor sosiale optrede

Kultuurgroep	Albei ouers N	Albei ouers %	Moeder N	Moeder %	Vader N	Vader %	Vriend(in) N	Vriend(in) %	Eie mening N	Eie mening %	p*
Afr. Blank	212	53,40	48	12,09	6	1,51	19	4,79	112	28,21	
Eng. Blank	176	44,67	33	8,38	10	2,54	33	8,38	142	36,04	0,000*
Swart	207	66,99	32	10,36	11	3,56	15	4,85	44	14,24	
Totaal	595	54,09	113	10,27	27	2,45	67	6,09	298	27,09	

Raad/leiding oor taalgebruik

Kultuurgroep	Albei ouers N	Albei ouers %	Moeder N	Moeder %	Vader N	Vader %	Vriend(in) N	Vriend(in) %	Eie mening N	Eie mening %	p*
Afr. Blank	197	49,62	10	2,52	3	0,76	21	5,29	166	41,81	
Eng. Blank	143	36,29	13	3,30	8	2,03	36	9,14	194	49,24	0,000*
Swart	193	62,46	7	2,27	8	2,59	27	8,74	74	23,95	
Totaal	533	48,45	30	2,73	19	1,73	84	7,64	434	39,45	

Raad\leiding oor seksuele gedrag

Kultuurgroep	Albei ouers N	Albei ouers %	Moeder N	Moeder %	Vader N	Vader %	Vriend(in) N	Vriend(in) %	Eie mening N	Eie mening %	p*
Afr. Blank	205	51,77	37	9,34	6	1,52	18	4,55	130	32,83	
Eng. Blank	118	29,80	35	8,84	9	2,27	33	8,33	201	50,76	0,000*
Swart	76	24,60	30	9,71	4	1,29	50	16,18	149	48,22	
Totaal	399	36,24	102	9,26	19	1,73	101	9,17	480	43,60	

Raad\leiding oor verhoudings

Kultuurgroep	Albei ouers N	Albei ouers %	Moeder N	Moeder %	Vader N	Vader %	Vriend(in) N	Vriend(in) %	Eie mening N	Eie mening %	p*
Afr. Blank	153	38,83	29	7,36	6	1,52	26	6,60	180	45,69	
Eng. Blank	81	20,51	24	6,08	8	2,03	54	13,67	228	57,72	0,000*
Swart	50	16,18	30	9,71	7	2,27	48	15,53	174	56,31	
Totaal	284	25,87	83	7,56	21	1,91	128	11,66	582	53,01	

Nota. Betekenisvolle verskille word deur 'n asterisk aangedui.
*Aangesien hierdie veranderlikes slegs ondersoek word en hipoteses nie getoets word nie, word $\alpha = 0,001$ gestel.

Tabel 57
χ^2 -Toetse vir Geslagsverskille ten opsigte van wie se Raad en Leiding Adolessente oor sekere Sake hoog ag

Raad/leiding oor godsdiens

	Albei ouers		Moeder		Vader		Vriend(in)		Eie mening		
Kultuur X geslag	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	p*
Afr. seuns	142	72.82	3	1.54	7	3.59	1	0.51	42	21.54	
Afr. meisies	141	70.50	5	2.50	1	0.50	1	0.50	52	26.00	
Eng. seuns	85	42.71	7	3.52	5	2.51	2	1.01	100	50.25	
Eng. meisies	86	43.43	16	8.08	2	1.01	7	3.54	87	43.94	0.000*
Swart seuns	118	76.62	9	5.84	4	2.60	1	0.65	22	14.29	
Swart meisies	111	71.61	16	10.32	4	2.58	0	0.00	24	15.48	

Raad/leiding oor godsdiensbeoefening

	Albei ouers		Moeder		Vader		Vriend(in)		Eie mening		
Kultuur X geslag	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	p*
Afr. seuns	133	67.51	7	3.55	7	3.55	1	0.51	49	24.87	
Afr. meisies	131	65.83	7	3.52	1	0.50	0	0.00	60	30.15	
Eng. seuns	73	36.68	10	5.03	6	3.02	3	1.51	107	53.77	
Eng. meisies	76	38.38	20	10.10	2	1.01	8	4.04	92	46.46	0.000*
Swart seuns	95	61.69	15	9.74	1	0.65	4	2.60	39	25.32	
Swart meisies	106	68.39	20	12.90	1	0.65	1	0.65	27	17.42	

Raad/leiding oor morele gedrag

	Albei ouers		Moeder		Vader		Vriend(in)		Eie mening		
Kultuur X geslag	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	p*
Afr. seuns	119	60.41	9	4.57	5	2.54	3	1.52	61	30.96	
Afr. meisies	133	66.50	19	9.50	0	0.00	5	2.50	43	21.50	
Eng. seuns	105	53.03	5	2.53	7	3.54	10	5.05	71	35.86	
Eng. meisies	99	50.51	16	8.16	2	1.02	7	3.57	72	36.73	0.000*
Swart seuns	108	70.13	7	4.55	6	3.90	5	3.25	28	18.18	
Swart meisies	111	71.61	19	12.26	2	1.29	3	1.94	20	12.90	

Raad/leiding oor politieke sienings

	Albei ouers		Moeder		Vader		Vriend(in)		Eie mening		
Kultuur X geslag	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	p*
Afr. seuns	72	36.55	1	0.51	20	10.15	3	1.52	101	51.27	
Afr. meisies	85	43.37	5	2.55	24	12.24	3	1.53	79	40.31	
Eng. seuns	43	21.83	1	0.51	16	8.12	5	2.54	132	67.01	
Eng. meisies	56	28.43	4	2.03	18	9.14	10	5.08	109	55.33	0.000*
Swart seuns	29	18.83	1	0.65	13	8.44	28	18.18	83	53.90	
Swart meisies	43	27.74	3	1.94	10	6.45	20	12.90	79	50.97	

Tabel 57 (vervolg)

Raad/leiding oor beroepskeuse

Kultuur X geslag	Albei ouers N	Albei ouers %	Moeder N	Moeder %	Vader N	Vader %	Vriend(in) N	Vriend(in) %	Eie mening N	Eie mening %	p*
Afr. seuns	79	40,31	1	0,51	8	4,08	1	0,51	107	54,59	
Afr. meisies	80	40,20	2	1,01	9	4,52	3	1,51	105	52,76	
Eng. seuns	77	38,89	6	3,03	18	9,09	1	0,51	96	48,48	
Eng. meisies	78	39,39	6	3,03	12	6,06	2	1,01	100	50,51	0,144
Swart seuns	55	35,71	5	3,25	9	5,84	3	1,95	82	53,25	
Swart meisies	60	38,71	10	6,45	6	3,87	4	2,58	75	48,39	

Raad/leiding oor musiek

Kultuur X geslag	Albei ouers N	Albei ouers %	Moeder N	Moeder %	Vader N	Vader %	Vriend(in) N	Vriend(in) %	Eie mening N	Eie mening %	p*
Afr. seuns	19	9,69	3	1,53	4	2,04	24	12,24	146	74,49	
Afr. meisies	22	11,00	6	3,00	2	1,00	20	10,00	150	75,00	
Eng. seuns	8	4,04	1	0,51	1	0,51	32	16,16	156	78,79	
Eng. meisies	6	3,03	4	2,02	2	1,01	30	15,15	156	78,79	0,000*
Swart seuns	11	7,14	5	3,25	3	1,95	33	21,43	102	66,23	
Swart meisies	32	14,84	8	5,16	0	0,00	32	20,65	92	59,35	

Raad/leiding oor vermaak

Kultuur X geslag	Albei ouers N	Albei ouers %	Moeder N	Moeder %	Vader N	Vader %	Vriend(in) N	Vriend(in) %	Eie mening N	Eie mening %	p*
Afr. seuns	55	28,06	3	1,53	3	1,53	21	10,71	114	58,16	
Afr. meisies	69	34,50	13	6,50	3	1,50	35	17,50	80	40,00	
Eng. seuns	28	14,14	3	1,52	6	3,03	42	21,21	119	60,10	
Eng. meisies	27	13,85	10	5,13	3	1,54	62	31,79	93	47,69	0,000*
Swart seuns	17	11,04	4	2,60	6	3,90	36	23,38	91	59,09	
Swart meisies	35	22,58	9	5,81	1	0,65	41	26,45	69	44,52	

Raad/leiding oor kleredrag

Kultuur X geslag	Albei ouers N	Albei ouers %	Moeder N	Moeder %	Vader N	Vader %	Vriend(in) N	Vriend(in) %	Eie mening N	Eie mening %	p*
Afr. seuns	21	13,20	24	12,18	5	2,54	21	10,66	121	61,42	
Afr. meisies	23	11,50	31	15,50	1	0,50	32	16,00	113	56,50	
Eng. seuns	18	9,05	17	8,54	1	0,50	38	19,10	125	62,81	
Eng. meisies	5	2,53	26	13,13	0	0,00	38	19,19	129	65,15	0,000*
Swart seuns	22	14,29	11	7,14	5	3,25	25	16,23	91	59,09	
Swart meisies	26	16,77	26	16,77	0	0,00	27	17,42	76	49,03	

Tabel 57 (vervolg)

Raad/leiding oor sosiale optrede

Kultuur X geslag	Albei ouers N	%	Moeder N	%	Vader N	%	Vriend(in) N	%	Eie mening N	%	p*
Afr. seuns	105	53,30	21	10,66	3	1,52	8	4,06	60	30,46	
Afr. meisies	107	53,50	27	13,50	3	1,50	11	5,50	52	26,00	
Eng. seuns	89	44,95	11	5,56	7	3,54	21	10,61	70	35,35	
Eng. meisies	87	44,39	22	11,22	3	1,53	12	6,12	72	36,73	0,000*
Swart seuns	107	69,48	4	2,60	7	4,55	8	5,19	28	18,18	
Swart meisies	100	64,52	28	18,06	4	2,58	7	4,52	16	10,32	

Raad/leiding oor taalgebruik

Kultuur X geslag	Albei ouers N	%	Moeder N	%	Vader N	%	Vriend(in) N	%	Eie mening N	%	p*
Afr. seuns	99	50,25	4	2,03	1	0,51	8	4,06	85	43,15	
Afr. meisies	98	49,00	6	3,00	2	1,00	13	6,50	81	40,50	
Eng. seuns	76	38,19	7	3,52	5	2,51	22	11,06	89	44,72	
Eng. meisies	67	34,36	6	3,08	3	1,54	14	7,18	105	53,85	0,000*
Swart seuns	90	58,44	3	1,95	6	3,90	17	11,04	38	24,68	
Swart meisies	103	66,45	4	2,58	2	1,29	10	6,45	36	23,23	

Raad/leiding oor seksuele gedrag

Kultuur X geslag	Albei ouers N	%	Moeder N	%	Vader N	%	Vriend(in) N	%	Eie mening N	%	p*
Afr. seuns	100	50,76	8	4,06	6	3,05	8	4,06	75	38,07	
Afr. meisies	105	52,76	29	14,57	0	0,00	10	5,03	55	27,64	
Eng. seuns	62	31,16	5	2,51	6	3,02	16	8,04	110	55,28	
Eng. meisies	56	28,43	30	15,23	3	1,52	17	8,63	91	46,19	0,000*
Swart seuns	36	23,38	7	4,55	3	1,95	34	22,08	74	48,05	
Swart meisies	40	25,81	23	14,84	1	0,65	16	10,32	75	48,39	

Raad/leiding oor verhoudings

Kultuur X geslag	Albei ouers N	%	Moeder N	%	Vader N	%	Vriend(in) N	%	Eie mening N	%	p*
Afr. seuns	78	39,80	6	3,06	3	1,53	12	6,12	97	49,49	
Afr. meisies	75	37,88	23	11,62	3	1,52	14	7,07	83	41,92	
Eng. seuns	42	21,32	5	2,54	2	1,02	22	11,17	126	63,96	
Eng. meisies	39	19,70	19	9,60	6	3,03	32	16,16	102	51,52	0,000*
Swart seuns	22	14,29	6	3,90	4	2,60	29	18,83	93	60,39	
Swart meisies	28	18,06	24	15,48	3	1,94	19	12,26	81	52,26	

Nota. Betekenisvolle verskille word met 'n asterisk aangedui.
*Aangesien hierdie veranderlikes slegs ondersoek word en hipoteses nie getoets nie, word $\alpha = 0,001$ gestel.

Uit die resultate in Tabel 56 en 57 blyk die volgende:

- **Godsdiens:** Uit Tabel 56 blyk dit dat Afrikaanssprekende blanke en swart adolessente oorwegend die raad en leiding van albei ouers aanvaar (71,65% en 74,11%), terwyl die Engelse adolessente in 'n mindere mate die raad en leiding van die ouers vra (43,07%) en eerder hul eie mening volg (47,10%). Uit Tabel 57 blyk dit verder dat dit veral die Engelse seuns is wat hul eie mening hoog ag (50,25%). Wanneer daar tussen die vader en moeder onderskei word, blyk dit dat, behalwe in die geval van Afrikaanse seuns, al die groepe veral Engelse en swart meisies die moeder se raad en leiding hoër as dié van die vader ag. Vriende se raad en leiding word baie eelde verkies (1,09%, Tabel 56).

- **Godsdiensbeoefening:** Die bevindings in hierdie verband kom grootliks ooreen met die bevindings met betrekking tot godsdiens, behalwe dat adolessente in die geval van raad en leiding oor godsdiensbeoefening in 'n groter mate hul eie mening volg en minder staatmaak op die raad en leiding van albei ouers soos in die geval van godsdiens.

- **Morele gedrag:** Met betrekking tot raad en leiding oor morele gedrag let adolessente in al drie kultuurgroepe in die grootste mate op die raad en leiding van albei ouers (61,36%, Tabel 56). Alhoewel die Engelse blanke adolessente ook hier in 'n mindere mate as die ander groepe op die raad en leiding van albei ouers let (51,78% teenoor 63,48% en 70,87%) en meer op hul eie mening staatmaak, let hulle wel ten opsigte van morele gedrag meer op die raad en leiding van albei ouers as in die geval van godsdiens en godsdiensbeoefening. Wanneer daar tussen die moeder, vader en vriende onderskei word, blyk dit dat die moeder se raad en leiding die hoogste geag word. Uit Tabel 57 blyk dit ook dat veral adolessente meisies die raad en leiding van die moeder bo dié van die vader stel.

- **Politieke sienings:** Uit Tabel 56 blyk dit dat adolessente in al drie kultuurgroepe (53,19%), maar veral die Engelse blanke adolessente (61,17%) in die grootste mate hul eie menings volg. Verder blyk dit dat albei ouers se raad en leiding vervolgens hoog geag word (29,93%). Afrikaanse blanke adolessente (39,95%) ag dit die hoogste. Wanneer daar tussen die raad en leiding van die moeder en vader onderskei word, blyk dit dat die vader se raad en leiding die hoogste geag word.

Uit Tabel 57 blyk dit verder dat die adolessente meisies albei ouers se raad en leiding in 'n groter mate as die seuns verkies, terwyl veral die blanke seuns weer in 'n groter mate as die meisies op hul eie mening staatmaak.

- **Beroepskeuse:** Dit blyk uit die resultate in Tabel 56 dat adolessente eerstens hul eie mening oor 'n beroepskeuse in ag neem (51,36%) en dan let op die raad en leiding van albei ouers (39,00%). Uit Tabel 57 blyk dit verder dat behalwe in die geval van swart meisies, adolessente in 'n groter mate let op die raad en leiding van die vader as die moeder.

- **Musiek:** Met betrekking tot raad en leiding oor die tipe musiek waarna adolessente luister, blyk dit duidelik uit Tabel 56 dat adolessente oorwegend hul eie mening volg (72,84%) en dan die van hul vriende of vriendinne (15,53%). Die ouers speel in bierdie verband 'n kleiner rol as die vriende, veral in die geval van Engelse blanke adolessente waar slegs 3,54 %die ouers se raad en leiding verkies en 15,66% die van hul vriende. Uit Tabel 57 blyk dit verder dat swart adolessente meisies in die kleinste mate van al die groepe bul eie mening volg (59,35%) en in die grootste mate die van die ouers (14,84%).

- **Vermaak:** Uit Tabel 56 blyk dit dat adolessente in die algemeen weer eens hul eie mening oor die vermaak waaraan hulle deelneem, volg (51,55%). Die raad en leiding van albei ouers en vriende word in dieselfde mate aanvaar (21,04% en 21,58%). Dit val egter op dat Afrikaanse blanke adolessente in 'n groter mate as die ander groepe die raad en leiding van albei ouers hoog ag (31,31%) en minder op hul vriende (14,14%) en hul eie mening (48,99%) staatmaak.

Uit Tabel 57 blyk dit dat Afrikaanse en swart meisies in 'n betekenisvolle groter mate as seuns op die raad en leiding van hul ouers let. Dit blyk ook dat adolessente meisies in al drie kultuurgroepe in 'n groter mate as die seuns op die raad en leiding van die moeder en vriendinne let. Seuns let weer in 'n betekenisvolle groter mate op hul eie mening es die meisies.

- **Kleredrag:** Wat raad en leiding oor kleredrag betref, blyk dit uit Tabel 56 dat adolessente oorwegend hul eie mening volg (59,38%) en dan die raad en leiding van hul vriende (16,41%). Dit geld veral vir die Engelse

blanke adolessente (63,98% en 19,14%). Verder blyk dit dat adolessente ook die moeder se raad en leiding in 'n redelike mate ag (12,24%). Uit Tabel 57 blyk dit dat adolessente meisies (veral swart meisies) die moeder se raad en leiding oor kleredrag hoër as die seuns ag. Die vader se raad en leiding word selde gevra (1,09%, Tabel 56).

- **Sosiale optrede:** Uit Tabel 56 blyk dit dat die ouers se raad en leiding oor sosiale optrede die hoogste geag word (54,09%). Hierna verkies adolessente hul eie mening (27,09%). Dit val ook op dat adolessente die moeder bo die vader verkies (10,27% teenoor 2,45%). Uit Tabel 57 is dit verder duidelik dat meisies (veral swart meisies) ook meer dikwels as seuns die moeder se raad en leiding hoog ag.

- **Taalgebruik:** Volgens die resultate in Tabel 56 slaan Afrikaanse blanke (49,62%) en veral swart adolessente (62,46%) meer ag op die raad en leiding van albei ouers, terwyl die Engelse adolessente (49,24%) veral die meisies (53,85%, Tabel 57) eerder hul eie mening volg. Vriende se raad en leiding word verder bo die van die moeder en vader respektiewelik gevra.

- **Seksuele gedrag:** Met betrekking tot Afrikaanse adolessente blyk dit uit Tabel 56 dat hulle oorwegend albei ouers se raad en leiding hoog ag (51,77%) gevolg deur hul eie mening (32,83%). Hierteenoor verkies Engelse adolessente hul eie mening (50,76%) bo die raad en leiding van albei ouers (29,80%). In die geval van swart adolessente dra hul eie mening ook die grootste gewig (48,22%). Die tweede meeste swart adolessente (24,60%) verkies die raad en leiding van albei ouers. Dit val egter op dat hierdie persentasie so laag is omdat baie swart adolessente ook hul vriende se raad en leiding vre (16,18%). Met betrekking tot die totale groep adolessente let ongeveer eweveel adolessente op die raad en leiding van die moeder (9,26%) en vriende (9,17%).

Uit Tabel 57 blyk dit verder dat adolessente meisies meer dikwels as seuns let op die raad en leiding van die moeder. Soos meestal die geval word die vader se raad en leiding ook hier deur die kleinste persentasie adolessente gevra.

- **Heteroseksuele verhoudings:** Uit Tabel 56 blyk dit dat die grootste persentasie adolessente hul eie mening oor heteroseksuele verhoudings of met wie hulle 'n verhouding wil aanknoop, volg (53,01%). Wanneer daar tussen die drie kultuurgroepe onderskei word, blyk dit dat die persentasie Afrikaanse blanke adolessente die kleinste is (45,69%). Dit word veroorsaak deur die groter persentasie Afrikaanse adolessente wat albei ouers se raad en leiding oor heteroseksuele verhoudings verkies, naamlik 38,83% teenoor die 20,51% Engelse adolessente en 16,18% swart adolessente. 'n Groter persentasie Engelse (13,67%) en swart adolessente (15,53%) as die Afrikaanse adolessente (6,60%) verkies ook die raad en leiding van vriende.

  Uit Tabel 57 blyk dit ook dat 'n groter persentasie adolessente meisies as seuns die moeder se raad en leiding verkies, terwyl 'n groter persentasie seuns weer hul eie menings volg.

7.12 BESPREKING VAN RESULTATE MET BETREKKING TOT DIE BELANG VAN OUERS VERSUS PORTUURS

Die bevindings van Condry en Siman (1974), Conger en Petersen (1984) en Gold en Yanof (1985) dat swak ouer-adolessentverhoudings adolessente se betrokkenheid by hul vriende laat toeneem en dat adolessente wat ouerliefde en aandag ontvang dit nie nodig vind om tussen die belang van ouers en vriende te onderskei nie, sluit aan by die bevindings in hierdie navorsing. Dit het naamlik geblyk dat wanneer die moeder-adolessentverhouding van blanke adolessente deur 'n gevoel van nabyheid en die vader-adolessentverhouding van swart meisies deur begrip gekenmerk word, die mate waarin edolessente by hul vriende betrokke is daarmee verband hou. Wanneer die ouer-adolessentverhouding dus in hierdie gevalle deur nabyheid en begrip gekenmerk word (kenmerke wat dui op 'n positiewe ouer-kindverhouding) neem adolessente se betrokkenheid by hul vriende nie toe of af nie. Hulle onderskei ook nie betekenisvol tussen die ouers en vriende se belangrikheid nie.

Die bevinding dat demokratiese ouerheheer (in 'n groter mate dié van die moeder as die vader) by Engelse blanke adolessente betekenisvol verband hou met adolessente se betrokkenheid by hul vriende, bevestig Conger en Petersen (1984) se siening dat groter selfvertroue en onafhanklikheid by adolessente met demokratiese ouers voorkom. Hieruit word afgelei dat aangesien

adolessente met demokratiese ouers oor meer selfvertroue en onafhanklikheid beskik, hulle dit nie nodig vind om meer op hul vriende as hul ouers of vice versa te steun nie. Dit bied dus 'n verklering vir die verband tussen demokratiese ouerbeheer en die mate van betrokkenheid by vriende wat by Engelse adolessente aangetoon is.

In ooreenstemming met navorsingsresultate wat daarop dui dat die invloed van ouers en vriende van adolessente nie noodwendig bots nie; dat ouers se belang nie afneem ten gunste van die belang van vriende nie; dat die invloed van vriende meestal die waardes van die ouers versterk; en dat albei sekere funksies en behoeftes vervul (Conger & Petersen, 1984; Douvan & Adelson, 1966; Duncan, 1978; Fesick, 1984; Forisha-Kovach, 1983; Hunter & Youniss, 1982; Kandel & Lesser, 1969; Valiant, 1983), toon hierdie navorsingsresultate dat blanke adolessente se ouers hul vriende oorwegend goedkeur. Aangesien demokratiese ouerbeheer oorwegend voorgekom het, bevestig dit ook die bevinding (Conger & Petersen, 1984) dat adolessente met demokratiese ouers vriende kies wat die ouers goedkeur.

Die siening dat ouers as gevolg van hul eie onsekerheid oor sekere sake hul adolessente kinders aanmoedig om hul vriende hieroor te raadpleeg en dat hulle dit belangrik ag dat hul adolessente kinders deur die portuurgroep aanvaar moet word (Conger & Petersen, 1984; Valiant, 1983; Weller & Luchterhand, 1977; Youniss & Smollar, 1985), word ook deur die resultate ondersteun. Dit blyk dat blanke ouers dit oorwegend goedkeur wanneer hul adolessente kinders die raad en leiding van hul vriende/vriendinne ten opsigte van sekere sake aanvaar.

Die resultate met betrekking tot die swart adolessente ondersteun egter nie bogenoemde bevindings in dieselfde mate nie. Betekenisvolle kultuurverskille kom voor. Blanke ouers keur hul adolessente kinders se vriende en vriendinne in 'n betekenisvolle groter mate goed as wat die swart ouers hul adolessente kinders se vriende goedkeur. Dit blyk ook verder dat wanneer daar tussen swart moeders en vaders onderskei word, swart moeders hul kinders se vriende en vriendinne goedkeur (alhoewel steeds betekenisvol minder as die blanke ouers), terwyl vaders net die seuns se vriende en dogters se vriendinne goedkeur. Die seuns se vriendinne en dogters se vriende keur hulle in 'n betekenisvolle mate af.

Betekenisvolle geslagsverskille met betrekking tot die mate waarin swart ouers hul adolessente kinders se vriende goedkeur, kom ook voor. Dit blyk dat moeders en vaders die seunsvriende van hul seuns meer goedkeur as dié van hul dogters en die vriendinne van hul dogters weer betekenisvol meer goedkeur as die vriendinne van hul seuns.

Dit blyk ook dat swart ouers (moeders en vaders) in teenstelling met die blanke ouers in 'n betekenisvolle mate die raad en leiding van hul adolessente kinders se vriende afkeur. Betekenisvolle kultuurverskille kom dus ook in hierdie geval voor.

'n Moontlike verklaring vir die groter negatiewe houding van die swart ouers teenoor hul adolessente kinders se vriende/vriendinne kan die volgende wees: Hierdie navorsingsgegewens is ten tye van die politieke en sosiale onrus in die swart woongebiede ingesamel. Die ouers se houdings mag dus 'n weerspieëling van hulle vrees wees dat hul adolessente kinders se vriende hulle negatief kan beïnvloed om aan die jeugopstande deel te neem en sodoende hul welsyn en selfs lewens in gevaar te stel.

Verder keur die swart ouers hul adolessente seuns se vriendinne en dogters se seunsvriende moontlik af (veral die vader) as gevolg van hul vrees vir tienerswangerskappe. Hulle keur ook die raad en leiding van vriende af omdat hulle hul kinders moontlik wil beskerm teen sowel die onluste as swangerskappe.

'n Verdere verklaring vir swart ouers se groter negatiewe houding teenoor hul kinders se vriende en vriendinne asook hul afkeuring van die raad en leiding van hierdie vriende en vriendinne mag wees dat die tradisionele norm dat ouers gesagsfigure is steeds geld. Dit sluit ook aan by die bevindings dat swart ouers nie in dieselfde mate as blanke ouers demokraties optree nie, maar geneig is om meer outoritêr op te tree - veral die vader.

Wanneer daar tussen die moeder en vader se mate van goedkeuring van adolessente se vriende onderskei word, blyk dit (net soos in die geval van die resultate met betrekking tot die aard van die ouer-adolessentverhouding en die vorm van ouerbeheer) dat die moeder in al drie kultuurgroepe meer toegeeflik of demokraties is. Die moeder keur in die gevalle waar betekenisvolle verskille tussen baar en die vader voorkom (bv. hul goedkeuring van adolessente se seunsvriende - al drie kultuurgroepe; hul goedkeuring van

adolessente se vriendinne - swart kultuurgroep), adolessente se vriende in 'n groter mate as die vader goed. In die geval van Engelse blanke adolessente keur die moeder ook die vriende se raad en leiding betekenisvol meer dikwels as die vader goed.

Verder blyk dit ook dat wanneer daar tussen die geslagte aangaande die verskille tussen die moeder en vader wat in die vorige paragraaf beskryf is, onderskei word, hierdie verskille hoofsaaklik by adolessente meisies voorkom. Dit kom dus ook ooreen met die vorige bevindings dat adolessente seuns in 'n mindere mate as meisies tussen die vader en moeder onderskei in hul verhoudings met hul ouers (vergelyk die bespreking in 7.8 en 7.10).

In aansluiting by die bevinding dat blanke ouers die raad en leiding van vriende/vriendinne ten opsigte van sekere sake goedkeur, blyk dit dat adolessente in al die kultuurgroepe meen dat dit grootliks die soort saak of probleem is wat sal bepaal met wie (ouers of vriende) hulle dit sal bespreek.

Wanneer die belang van ouers of vriende met betrekking tot wie adolessente verkies om hul sake en probleme mee te bespreek teen mekaar opgeweeg word, is dit verder duidelik dat adolessente in al drie kultuurgroepe nie 'n groot onderskeid tussen die twee groepe tref nie. Dit kan daaraan toegeskryf word dat die betrokke saak eerder sal bepaal met wie hulle dit sal bespreek. In ooreenstemming met bevindings van navorsers soos Duncan (1978), Fasick (1984), Hunter en Youniss (1982) en Valiant (1983) kan tot die slotsom gekom word dat ouers en vriende se invloed en belang eerder aanvullend as botsend is.

Wanneer dit egter gaan oor wie se raad en leiding as die belangrikste geag word, kom kultuurverskille voor. Dit blyk dat in die geval van Engelse blanke adolessente die soort saak bepalend is. In die geval van Afrikaanse blanke adolessente is die soort saak en albei ouers in dieselfde mate van belang. Swart adolessente ag weer die raad en leiding van albei ouers die hoogste - ongeag die soort saak. Dit dui weer eens op die moontlikheid dat swart adolessente die ouers in 'n groter mate as die blanke (veral Engelse) adolessente as gesagsfigure bejeën.

Wanneer die agting wat adolessente vir hul ouers se raad en leiding koester met die agting wat hulle vir hul vriende se raad en leiding het, vergelyk

word, blyk dit dat die ouers se raad en leiding in al die groepe hoër geag word. Die enigste verskille wat voorgekom het, is dat adolessente meisies die raad en leiding van hul moeders en seuns dié van hul vaders verkies. Dit bevestig dat siening van Conger en Petersen (1984), Fein (1987) en Thom (1984) dat ouers se invloed en belang nie ten koste van dié van adolessente se vriende afneem nie.

Anders as in die geval van bestaande navorsing, is daar in hierdie navorsing nie net nagegaan ten opsigte van watter sake die ouers en vriende/vriendinne se raad en leiding verkies word nie, maar ook of adolessente ten opsigte van hierdie sake verkies om hul eie menings te volg. Uit die bevindings blyk dit dan ook dat adolessente oorwegend 'n keuse maak tussen albei ouers se raad en leiding en hul eie mening. Die persentasie adolessente wat die moeder, die vader en vriende/vriendinne as keuses aangedui het, is baie laag (tussen 0,25% en 26,46%). Hieruit kan afgelei word dat adolessente verkies om albei ouers te raadpleeg en indien dit nie die geval is nie, hulle nie die moeder, die vader of vriende raadpleeg nie, maar verkies om bul eie mening te volg. Laasgenoemde dui ook op 'n redelike mate van selfstandige besluitneming en dat adolessente (15-17 jaar) nie in 'n groot mate op die raad en leiding van vriende steun nie - selfs nie ten opsigte van allerdaagse sake nie.

Die ondersoek het verder aan die lig gebring dat die totale groep adolessente op albei ouers se raad en leiding let wanneer dit gaan oor sake wat deur sekere waardes onderlê word, naamlik godsdiens, godsdiensbeoefening en morele gedrag. Dit kom ooreen met die bevindings van Brittain (1963), Douvan en Adelson (1966), Hunter (1985), Kandel en Lesser (1972) en Young en Ferguson (1979).

In ooreenstemming met Kandel en Lesser (1972) se bevindings blyk dit ook dat adolessente in 'n groter mate let op die raad en leiding van die moeder as die vader. Ten opsigte van read en leiding oor morele gedrag kom geslagsverskille ook voor. Dit blyk dat adolessente meisies in 'n groter mate as seuns die moeder se raad en leiding verkies. Seuns onderskei nie in dieselfde mate as meisies tussen die moeder en vader nie.

Met betrekking tot die bevindings oor godsdiens en godsdiensbeoefening kom daar ook betekenisvolle kultuurverskille voor. Afrikaanse blanke en swart adolessente let oorwegend op die raad en leiding van albei ouers, terwyl

Engelse blanke adolessente eerstens hul eie mening aanvaar en dan let op die raad en leiding van albei ouers. Met betrekking tot godsdiensbeoefening volg hulle egter oorwegend net hul eie mening.

Met betrekking tot politieke sienings blyk dit dat adolessente in al drie kultuurgroepe verkies om hul eie mening te volg. Slegs in die geval van die Afrikaanse blanke adolessente word daar ook in 'n redelik mate op albei ouers se raad en leiding benewens hul eie mening gelet. Hierdie bevinding kan moontlik daaraan toegeskryf word dat adolessente hul ouers se sienings as meer konserwatief bejeën en as gevolg van die invloed van kommunikasiemedia soos televisie oor die nodige kennis beskik om 'n eie politieke mening te vorm. Die jeugdige persoon se idealisme (Rogers, 1985) en sy vermoë tot formele denke (Thom, 1984) kan ook sy vermoë om 'n eie politieke standpunt te vorm, stimuleer.

Met betrekking tot beroepskeuse ag adolessente in al die kultuurgroepe hul eie mening die hoogste, alhoewel hulle ook die raad en leiding van albei ouers in 'n redelike groot mate in ag neem. Wanneer die kategorie "eie mening" buite rekening gelaat word, kom hierdie bevindings ooreen met die bevindings van Adelson (1970), Conger en Petersen (1984), Douvan en Adelson (1966), Hunter (1985), Kandel en Lesser (1972), Valiant (1983) en Youniss en Smollar (1985) wat getoon het dat adolessente albei ouers raadpleeg oor hul toekomsdoelwitte en -beplanning.

In teenstelling met die bevindings wat getoon het dat die moeder se raad en leiding meer dikwels as dié van die vader gevra word, toon die bevindings ten opsigte van raad en leiding oor beroepskeuse by die blanke adolessente dat die vader se raad en leiding in 'n groter mate as dié van die moeder geag word. Hierdie bevinding sluit aan by dié van Youniss en Smollar (1985), naamlik dat die vader die ouer is wat raad gee oor meer praktiese aangeleenthede.

Die bevinding dat adolessente hul eie mening volg ten opsigte van die tipe musiek, vermaak en kleredrag wat hulle verkies en dat hulle ook meer let op die raad en leiding van vriende as ouers ten opsigte van twee van hierdie sake, naamlik musiekvoorkeur en kleredrag, kom ooreen met die bevindings van Adelson (1970), Kandel an Lesser (1972), Valiant (1983) en Young en Ferguson (1979) dat adolessente nie die raad en leiding van hul ouers oor allerdaagse

sake wat op hul groepsaktiwiteite of adolessente kultuur betrekking het, oorwegend vra nie. Daar word eerder aan die groep se norme gekonformeer ten einde aanvaar te word (Conger & Petersen, 1984).

Wanneer daar tussen die raad en leiding van die moeder en vader ten opsigte van kleredrag onderskei word, blyk dit dat die moeder se raad en leiding ook in hierdie geval verkies word. Dit bevestig die bevindings van Kandel en Lesser (1972).

Met betrekking tot raad en leiding oor sosiale optrede verkies adolessente in al drie kultuurgroepe die van albei ouers. Wanneer daar tussen die moeder an vader onderskei word, hlyk dit dat die raad en leiding van die moeder ook hier verkies word. Dit geld veral vir adolessente meisies - seuns onderskei nie in dieselfde mate as meisies tussen die moeder en vader nie.

'n Verklaring vir die voorafgaande bevinding is dat sosiale optrede moontlik net soos in die geval van godsdiens, godsdiensbeoefening en morele gedrag deur waardes onderlê word. Adolessente aanvaar dus weer eens die raad en leiding van ouers oor sake wat met basiese waardes verband hou.

Verder verkies Afrikaanse blanke en swart adolessente die raad en leiding van albei ouers oor hul taalgebruik, terwyl Engelse blanke adolessente hul eie mening volg. Hierdie bevinding bevestig die algemene neiging wat by Engelse blanke adolessente voorkom om hul eie mening meer dikwels as die ander kultuurgroepe te verkies. Dit kan moontlik daarop dui dat Engelse adolessente onafhankliker as die adolessente in die ander groepe is of dat hulle meer individuele vryheid geniet as gevolg van die invloed van moderne Westerse waardes.

Alhoewel die adolessente eerstens hul eie mening volg ten opsigte van seksuele gedrag, vra hulle ook in 'n groot mate die raad en leiding van albei ouers. Kultuurverskille het egter ten opsigte van adolessente se keuse voorgekom. Afrikaanse adolessante verkies eerstens die raad en leiding van albei ouers, terwyl die Engelse en swart adolessente eerstens hul eie mening oor seksuele gedrag verkias.

In aansluiting by die bevindings van Youniss en Smollar (1985) en Shah en Zelnik (1981) verkies swart adolessente (veral seuns) ook hul vriende se raad en leiding oor seksuele gedrag bo die van die moeder. Hierdie bevinding geld egter nie vir die blanke kultuurgroepe nie. Afrikaanse blanke adolessente (meisies in 'n groter mate as seuns) verkies die moeder en Engelse adolessente maak nie 'n betekenisvolle onderskeid tussen vriende en die moeder nie. Die vader se raad en leiding word in alle gevalle selde gevrs.

Met betrekking tot met wie 'n verhouding aangegaan moet word, slaan al die adolessente oorwegend op hul eie mening ag. Verder slaan Afrikaanse blanke adolessente (ook Engelse adolessente, maar in 'n kleiner mate) baie meer ag op die raad en leiding van albei ouers as hul vriende. Swart adolessente heg dieselfde waarde aan die raad en leiding oor verhoudings van albei ouers en hul vriende. Laasgenoemde bevinding met betrekking tot swart adolessente bevestig die bevinding van Brittain (1963), terwyl die bevindings met betrekking tot die blanke adolessente nie ooreenstem met bestaande navorsing wat gevind het dat vriende se raad en leiding oor heteroseksuele verhoudings bó die van die ouers verkies word nie (Conger & Petersen, 1984; Lloyd, 1985).

Wanneer daar tussen die vader, moeder en vriende onderskei word, blyk dit dat Engelse en swart adolessente hul vriende se raad en leiding ten opsigte van vaste verhoudings bo die van die moeder verkies. Hierdie bevindings is teenstrydig met die bevindings van Kandel en Lesser (1972) dat die moeder en vriende se raad en leiding in dieselfde mate verkies word. Wat wel ooreenstem met hulle bevindings is dat die vader se raad en leiding selde verkies word.

Samevattend kan daar uit hierdie bevindings afgelei word dat

- adolessente oorwegend albei ouers se raad en leiding vra met betrekking tot sake wat op basiese waardes berus soos godsdiens, godsdiensbeoefening en morele en sosiale gedrag;
- adolessente oorwegend hul eie mening ten opsigte van politieke sake, hul beroepskeuse, musiekvoorkeur, vermaak, kleredrag, seksuele gedrag en vaste verhoudings volg. Die groot mate waarin adolessente op hul eie mening steun, veral ten opsigte van sake soos politieke sienings en beroepskeuse bevestig moontlik die siening dat adolessente in die moderne samelewing meer vryheid van keuse het en in 'n groter mate hul eie besluite neem en dat die ouers se gesag wel in 'n mate afgeneem het. Dit bevestig ook die bevinding dat adolessente kinders van demokratiese ouers oorwegend selfvertroue openbaar en onafhanklik is;

- Engelse blanke adolessente meer dikwels as Afrikaanse en swart adolessante hul eie mening oor sake verkies wat moontlik toegeskryf kan word aan 'n groter mate van onafhanklikheid en individualiteit;
- die moeder se raad en leiding meer dikwels as die van dié vader verkies word, moontlik as gevolg van die groter mate van nabyheid en begrip in die moeder-adolessentverhouding en die meer demokratiese optrede van die moeder wat kommunikasie met haar vergemaklik;
- adolessente meisies in 'n groter mate as seuns tussen die moeder en vader se raad en leiding onderskei;
- die vader se raad en leiding selde verkies word (net ten opsigte van beroepskeuse). In die meeste gevalle word sy raad en leiding selfs in 'n mindere mate as die van vriende verkies.

7.13 RESULTATE MET BETREKKING TOT ADOLESSENTE SE ERVARING VAN ADOLESSENSIE

In Tabel 58 verskyn die resultate van die toetsing van hipotese 26, naamlik dat die meeste adolessente adolessensie as 'n moeilike ontwikkelingstadium sal ervaar.

Tabel 58
t-Toetse vir Betekenisvolheid van Verskille tussen die Groepe wat ten opsigte van Adolessente se Ervaring van Adolessensie vergelyk word (Hipotese 26)

Veranderlike	Kultuur/ Geslag	N	$\bar{X}$*	S	t	p
Ervaring van adolessensie	Afr. Blank	396	3,79	1,07	14,64	0,0001*
	Eng. Blank	395	3,73	1,17	12,40	0,0001*
	Swart	309	3,90	1,37	11,61	0,0001*
	Afr. seuns	196	3,82	1,05	10,99	0,0001*
	Afr. meisies	200	3,76	1,10	9,74	0,0001*
	Eng. seuns	198	3,83	1,20	9,81	0,0001*
	Eng. meisies	197	3,62	1,13	7,73	0,0001*
	Swart seuns	154	3,92	1,35	8,47	0,0001*
	Swart meisies	155	3,89	1,40	7,94	0,0001*

Nota. Betekenisvolle verskille word deur 'n asterisk aangedui.
*H_o word nie verwerp as die gemiddelde telling van die proefpersone 3,00 is nie (H_o: $\mu = 3$). Indien betekenisvolle verskille voorkom en H_o word verwerp ten gunste van H_1 (H_1: $\mu > 3$, H_1: $\mu < 3$) word die rigting van die verskille deur 'n minus of plus t-waarde aangedui.

Uit die resultate in Tabel 58 blyk dit dat adolessente in al die groepe adolessensie in 'n betekenisvolle mate as 'n moeilike ontwikkelingstadium ervaar. H_0 word dus verwerp en die hipotese wat gestel is, word ondersteun. Adolessente se ervaring van ontwikkeling tydens adolessensie as moeilik al dan nie, is ook vir kultuur- en geslagsverskille ondersoek. Die resultate verskyn in Tabel 59 en 60.

Tabel 59
F-toets vir Kultuurverskille ten opsigte van Adolessente se Ervaring van Adolessensie (Hipotese 26)

	Kultuurgroep							
	Afr. Blank		Eng. Blank		Swart			
	N = 396		N = 395		N = 309			
Veranderlike	$\bar{X}$	S	$\bar{X}$	S	$\bar{X}$	S	F	p
Ervaring van adolessensie	3,79	1,07	3,73	1,17	3,90	1,37	1,92	0,1469

Tabel 60
F-toets vir Geslagsverskille ten opsigte van Adolessente se Ervaring van Adolessensie binne die drie Kultuurgroepe (Hipotese 26)

Veranderlike	Kultuur/ Geslag	N	$\bar{X}$	S	F	p
Ervaring van adolessensie	Afr. seuns	196	3,82	1,05		
	Afr. meisies	200	3,76	1,10		
	Eng. seuns	198	3,83	1,20		
	Eng. meisies	197	3,62	1,13	0,63	0,5320
	Swart seuns	154	3,92	1,35		
	Swart meisies	155	3,89	1,40		

Volgens die resultate in Tabel 59 kom geen betekenisvolle kultuurverskille tussen adolessente in die Afrikaanssprekende blanke, Engelssprekende blanke en swart kultuurgroepe se ervaring van ontwikkeling tydens adolessensie voor nie. Uit Tabel 60 blyk dit verder dat adolessente seuns en meisies ook nie betekenisvol ten opsigte van hul ervaring van adolessensie verskil nie.

7.14 BESPREKING VAN RESULTATE MET BETREKKING TOT ADOLESSENTE SE ERVARING VAN ADOLESSENSIE

Die bevinding dat adolessensie betekenisvol as 'n moeilike stadium ervaar word, bevestig die siening van Erikson (1968), Fein (1978), Garrison en Garrison (1975), Guardo (1975), Kohlberg en Gilligan (1971) en Santrock (1984) dat veelvuldige en omvangryke fisieke, kognitiewe, sosiale en identiteitsontwikkeling hoë eise aan die individu stel en dus daartoe bydra dat adolessente ontwikkeling tydens adolessensie as moeilik ervaar.

Die ervaring van adolessensie word verder bemoeilik omdat hierdie ontwikkelings en veranderinge tydens 'n stadium in die lewenssiklus plaasvind wat by uitnemendheid as 'n oorgangs- of marginale stadium beskou word. Gedragsriglyne is dus dikwels vaag of dubbelsinnig en die individu word gesien as nòg kind, nòg volwassene (Compas et al., 1985; Forisha-Kovach, 1983; Konopka, 1973).

Die bevinding dat adolessensie as 'n moeilike ontwikkelingstadium ervaar word, impliseer egter nie dat adolessente noodwendig konflik, spanning en emosionele skommelinge sal ervaar of wispelturige en opstandige gedrag sal openbaar nie. Met ander woorde om ontwikkeling tydens adolessensie as moeilik te beleef, bevestig nie die storm-en-drang siening van adolessensie wat deur teoretici soos Freud, Sullivan, Lewin en Mead en navorsers soos Constantinople (1969), Dignan (1965), Howard en Kubis (1964), Stark en Traxler (1974) en Waterman en Waterman (1971) gehuldig word nie.

Die ervaring van adolessensie as 'n moeilike ontwikkelingstadium bevestig verder die siening dat wanneer adolessente in samelewings ontwikkel wat deur vinnige tegnologiese en sosiale veranderinge asook diskontinuïteit ten opsigte van rolle en gedragsnorme gekenmerk word, dit hul ontwikkeling bemoeilik (Erikson, 1968; Muuss, 1975; Rogers, 1985). Uit die rasionaal vir die hipotese dat adolessensie as 'n moeilike stadium ervaar sal word, blyk dit dat die blanke en swart kulture in die RSA deur verandering gekenmerk word. Die blanke kultuur omdat dit 'n Westerse tegnologiese kultuur is en die swart kultuur omdat dit 'n oorgangskultuur is wat aan die Westerse en tradisionele kultuur blootgestel is. Garrison en Garrison (1975) wys ook daarop dat adolessente in 'n tegnologiese samelewing se ontwikkeling bemoeilik word omdat

kulturele waardes nie meer die tegnologiese ontwikkeling bepaal nie, maar laasgenoemde eerder die kulturele waardes bepaal. Die bevinding dat betekenisvolle kultuur- en geslagsverskille nie voorkom nie, bevestig ook die aanname dat adolessente in die RSA in veranderingsgeoriënteerde kulture opgroei.

Adolessente se ervaring van adolessensie as 'n moeilike ontwikkelingstadium kan verder toegeskryf word aan die aard en funksionering van die kerngesin. Aangesien die verhoudings in die kerngesin dikwels baie heg en intens is, kan dit adolessente se ontwikkeling van onafhanklikheid bemoeilik. Omdat die aard van die verhoudings in die kerngesin nie meer soseer deur sekere norme en rolvoorskrifte bepael word nie, moet die adolessent benewens al die ander ontwikkelings wat hy beleef ook die vermoë ontwikkel vir sensitiewe interpersoonlike kommunikasie (Conger & Petersen, 1984). In die kerngesin is daar verder groter individuele vryheid om 'n eie styl te ontwikkel. Hierdie vryheid stel egter groter eise aan die adolessent aangesien hy self verantwoordelik is vir sy keuses en optredes (Sebald, 1984).

In die kerngesin beskik adolessente ook oor min rolmodelle. Die adolessent moet byvoorbeeld 'n beroepskeuse maak deur verskeie bronne van inligting te raadpleeg. Hierbenewens kom hy in 'n tegnologiese samelewing voor 'n groot verskeidenheid van beroepe te staan waartussen hy 'n keuse moet maak. Hy moet moontlike tegnologiese en sosiale veranderinge in ag neem wanneer hy 'n beroepskeuse maak. Aangesien individualiteit en selfrealisering ook belangrike waardes in die moderne samelewing is, moet hy sy rol self bepaal en ook sy status self verwerf.

Benewens die feit dat die adolessent voor meer keuses te staan kom, oor meer geleenthede beskik om sy vermoëns te realiseer en meer intellektuele stimulering ontvang, moet hy ook in die moderne samelewing oor meer eksistensiële strydvrae hesin. Hy moet sin vir sy bestaan vind en 'n individuele identiteit ontwikkel in 'n komplekse, tegnologiese en dig bevolkte wêreld. Benewens 'n individuele identiteit moet hy ook 'n wêreldbewustheid ontwikkel wat ontwikkeling tydens adolessensie verder bemoeilik (Rogers, 1985).

8. GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

In die gevolgtrekkings en aanbevelings oor die bevindings van hierdie navorsing sal daar gelet word op enkele uitstaande bevindings ten opsigte van tussenkulturele ooreenkomste en verskille, geslagsverskille, vlak van identiteitsontwikkeling, die aard en kwaliteit van die ouer-adolessent-verhouding, vorm van ouerbeheer, die belang van ouers teenoor vriende en adolessente se ervaring van adolessensie.

- Tussenkulturele ooreenkomste en verskille

Wanneer die resultate van hierdie navorsing met betrekking tot die drie kultuurgroepe en oënskou geneem word, blyk die belang van 'n gebalanseerde siening van adolessensie duidelik. Die ooreenkomste en verskille wat ten opsigte van die bevindings voorkom wanneer daar tussen die Afrikaanse blanke, Engelse blanke en swart adolessente onderskei word, bevestig die siening dat 'n simplistiese en veralgemaende siening van adolessente 'n verdraaide beeld van die adolessent, die aard van sy ontwikkeling en interpersoonlike verhoudings tot gevolg het.

Die ooreenkomste en verskille tussen die kenmerke van die onderskeie adolessente groepe verklaar varder die groot aantal sienings en teorie oor adolessensie. Navorsers en teoretici fokus dikwels op sekere van hierdie kenmerke wat bulle aflei uit bul kontak of navorsing met spesifieke groepe. Hierdie inligting kan dan nie beskou word as verteenwoordigend van die algemene tendens by adolessente nie. Ten einde die tekortkoming te vermy, is daar gepoog om adolessente uit drie van die kultuurgroepe in die RSA as proefpersone by bierdie navorsing te betrek. Hierdie proefpersone is ook nie net afkomstig uit 'n sekere stad, dorp of woonbuurt nie en is ook nie slegs studente aan 'n sekere universiteit soos dit in die meeste van die bestaande navorsing oor adolessente die geval ia nie.

Hierbenewens is daar adolessente betrek wat daagliks met albei ouers kontak het. Voordat die proefpersone volgens sekere kenmerke geselekteer is ten einde vergelykbare steekproewe vir die drie kultuurgroepe te kry, het dit geblyk dat ongeveer die helfte van die swart proefpersone wat die vraelyste voltooi het nie daagliks kontak met albei ouers gehad bet nie omdat die vader

of moeder in afgeleë dorpe of stede gewerk het of omdat hulle by die grootouers of ander familielede gewoon het. Die volgende aanbevelings word dus gemaak: Soortgelyke navorsing beboort ook gedoen te word met proefpersone in el die kultuurgroepe wat nie daagliks kontak met een of albei ouers het nie ten einde die invloed hiervan op die edolessent se ontwikkelingskenmerke, ouer-adolessentverhouding en die belang van vriende/vriendinne te bepaal.

Verder bevestig die navorsingsresultate die siening dat 'n enkele adolessente psigologie wat tydloos en universeel is, nie bestaan nie. Die bevindings toon dat dit belangrik is om wanneer daar navorsing in die RSA (wat by uitstek 'n land van historiese en sosiale veranderinge en kulturele verskille is) gedoen word, die individu of groep binne 'n sekere historiese tydperk en kultuur bestudeer moet word.

Daar is byvoorbeeld gevind dat in teenstelling met die blanke adolessente swart adolessente en bul ouers oor politieke sienings, seksuele gedrag en heteroseksuele verhoudings verskil. 'n Aanbeveling wat in bierdie verband gemaak kan word, is dat die aard van hierdie verskille nagegaan moet word ten einde 'n groter begrip vir die oorsprong en invloed of effek van die verskille te verkry.

'n Verklaring waarom swart adolessente en bul ouers oor politieke sake meningsverskille het, kan geleë wees in die sosiale en politieke onrus wat ten tye van hierdie navorsing in die swart woonbuurtes voorgekom het. Dit kan dus wees dat die ouers in teenstelling met hul adolessente kinders konserwatiewer politieke sienings handhaaf of elegs uit vrees vir hul kinders se welsyn verkies dat hul kinders nie saam met hul vriende in die onrussituasies betrokke raak nie. Swart adolessente se ouers keur hul kinders se aktiwiteite ook betekenisvol minder goed as die blanke adolessente se ouers. Hulle keur ook in teenstelling met die blanke ouers hul kinders se vriende en vriendinne en die raad en leiding van hierdie vriende af. Alhoewel hierdie bevindings aan die invloed van politieke, bistoriese en sosiale faktore toegeskryf kan word, word aanbeveel dat verdere navorsing hieroor gedoen moet word ten einde met groter sekerheid vas te stel wat die effek van hierdie faktore is.

Die invloed van kultuur blyk weer moontlik uit die volgende bevinding: Alhoewel die adolessente in al die kultuurgroepe se verhoudings met hul ouers oorwegend as positief beskryf kan word, het dit nogtans geblyk dat in vergelyking met die blanke adolessente swart adolessente minder aktiwiteite met hul ouers deel, dat hulle in 'n mindere mate hul sake en probleme met hul ouers bespreek en dat daar 'n kleiner mate van nabyheid tussen swart adolessente en hul ouers bestaan. Dit het verder geblyk dat swart ouers, veral die vader minder demokraties as die blanke ouers teenoor hul kinders optree. Hierteenoor het dit egter ook geblyk dat swart adolessente in 'n groter mate as die blanke adolessente saam met die ouers oor die reëls en besluite van die ouers stem en hul raad en leiding hoog ag. Hieruit kan afgelei word dat die tradisionele siening van die ouers as gesagsfigure in die swart kultuur die aard van die ouer-adolessentverhouding steeds beïnvloed. Daar word egter aanbeveel dat die invloed van kultuur op die aard van die ouer-adolessentverhouding in meer besonderhede bestudeer word ten einde vas te stel of hierdie bevindings wel aan kulturele faktore te wyte is.

Uit die resultate van hierdie navorsing het dit geblyk dat die meeste hipoteses vir al die kultuurgroepe ondersteun is. Verder het dit ook geblyk dat daar meer ooreenkomste as verskille tussen adolessente in die onderskeie kultuurgroepe bestaan. Belangrike ooreenkomste wat tussen blanke (Afrikaans- en Engelssprekend) en swart adolessente aangetoon is, is die volgende:

- Albei groepe toon dieselfde vlak van identiteits- en beroepsidentiteits-ontwikkeling.
- Sowel blanke as swart adolessente se vlak van identiteits- en beroepsidentiteitsontwikkeling word deur die aard van die ouer-adolessentverhouding (nl. die mate van nabyheid en begrip tussen die ouer en adolessent en die vorm van ouerbeheer) asook die mate waarin adolessente adolessensie as 'n moeilike ontwikkelingstadium ervaar, bepaal.
- By albei kultuurgroepe het sosio-ekonomiese status en woongebied (stedelik of platteland) nie verband met hul vlak van identiteits- en beroeps-identiteitsontwikkeling getoon nie.
- Die aard en kwaliteit van die ouer-adolessentverhouding is by albei kultuurgroepe oorwegend positief.
- By blanke en swart adolessente kom konflik tussen ouers en adolessente oorwegend voor.
- Albei kultuurgroepe ervaar ontwikkeling tydens adolessensie as moeilik.

Die volgende verskille tussen blanke en swart adolessente is aangetoon:

- Alhoewel die ouer-adolessentverhouding in albei kultuurgroepe as positief beskryf kan word, is die ouer-adolessentverhouding van swart adolessente betekenisvol minder positief.
- Die vorm van ouerbeheer by swart adolessente is betekenisvol minder demokraties as dié van die blanke ouers.
- Blanke ouers se houding teenoor hul adolessente kinders se vriende/vriendinne is meer goedkeurend as die houding van swart ouers.

Die bevindings met betrekking tot die twee blanke groepe (nl. Afrikaans- en Engelssprekende adolessente) het meestal ooreengekom. Die belangrikste verskil wat voorgekom het, was dat Engelssprekende adolessente se vlak van identiteitsvorming betekenisvol laer as dié van die Afrikaanssprekende adolessente is. Hierdie verskil word toegeskryf aan die moontlikheid dat Afrikaanse adolessente in 'n groter mate gesosialiseer word om in ooreenstemming met kulturele verwagtings 'n identiteit te vorm en dus vroeër 'n identiteit kan vorm. Hierteenoor aanvaar Engelse adolessente moontlik in 'n groter mate die Westerse waardes van individualiteit, selfrealisering en vryheid wat konformering beperk en tot gevolg het dat hulle langer neem om 'n individuele identiteit te ontwikkel. Hierdie groter mate van onafhanklikheid en individualiteit wat by die Engelse adolessente voorkom, blyk ook uit die bevinding dat Engelse adolessente ten opsigte van godsdiens, godsdiensbeoefening, taalgebruik en seksuele gedrag hul eie mening volg, terwyl Afrikaanse adolessente die raad en leiding van die ouers belangriker ag.

'n Verklaring vir die groter mate van ooreenkoms tussen die bevindings met betrekking tot adolessente in die blanke en swart kultuurgroepe is moontlik daarin geleë dat alhoewel die tradisionele kulture van hierdie groepe grootliks verskil, albei groepe aan moderne waardes en norme blootgestel is en in 'n Westerse wêreld waarin dieselfde eise aan hulle gestel word, ontwikkel. Dit bevestig ook die siening dat alle mense sekere basiese behoeftes het wat die aard van hul ontwikkeling bepaal.

Dit bevestig verder dat adolessente in verskillende kulture soortgelyke ontwikkelings ervaar en dat die aard van die ouer-adolessentverbouding en hul

ervaring van adolessensie onder meer hierdeur bepaal word. Verskille wat voorkom, is dikwels eerder graadverskille en word moontlik deur sekere historiese en sosio-kulturele faktore te weeg gebring.

Daar word aanbeveel dat die voorafgaande bevindings met betrekking tot die ooreenkomste en verskille tussen die kultuurgroepe en die verklarings vir hierdie verskille en ooreenkomste aan verdere navorsing onderwerp moet word. Dit sal die bevindings van hierdie navorsing uitbrei en insig in die dinamika en aard van die onderskeie kulture bevorder.

In die bespreking van die resultate is daarop gewys dat sowel die swart as blanke kultuur as veranderingsgeoriënteerde kulture beskou kan word - die blanke kultuur as gevolg van Westerse tegnologiese veranderinge en die swart kultuur as gevolg van 'n oorgang vanaf 'n tradisionele kultuur na 'n Westerse kultuur. Dit is egter nodig om navorsing te doen oor die beskouing van die swart kultuur as 'n oorgangskultuur aangesien dit nie duidelik is in watter stadium van oorgang die kultuur verkeer nie. Daar word ook dikwels die aanname gemaak dat die swart kultuur as gevolg van die kulturele oorgang deur disorganisasie en verwarring gekenmerk word. Indien dit die geval sou wees, blyk dit nie uit die resultate van hierdie navorsing met betrekking tot die swart adolessente se vlak van identiteitsontwikkeling asook ouer-kindverbouding nie aangesien dit grootliks met dié van die blanke adolessente ooreenkom.

Die werk van Rip (1960), Steyn en Rip (1968) en Steyn en Breedt (1977) bet 'n belangrike bydrae gelewer tot kennis oor die tradisionele swart gesin en die veranderinge wat die swart gesin as gevolg van die Wasterse invloed ondergaan het. Dit is egter nodig dat soortgelyke ondersoeke oor die huidige swart gesin uitgevoer word aangesien betekenisvolle sosiale, ekonomiese, historiese en politieke veranderinge vanaf die 1960's en 1970's plaasgevind het.

Wanneer die bevindinga van genoemde navorsers met die bevindings in hierdie navorsing vergelyk word, blyk die volgende: Volgens Steyn en Breedt (1977) en Steyn en Rip (1968) sien swart adolessente die ouers as ongeletterd en outyds en verwerp hulle dus hulle gesag. Uit hierdie navorsing het dit weer geblyk dat swart adolessente in 'n groter mate as blanke adolessente die ouers se

gesag aanvaar. Dit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat swart ouers as gevolg van hul toenemende kontak met Westerse tegnologiese ontwikkelings deur middel van kommunikasiemedia soos die televisie, nie meer in dieselfde mate as ongeletterd en outyds gesien word nie en dat hulle gesag dus soos dit tradisioneel was weer erken word. Daar kom ook in 'n betekenisvolle mate net soos by die blanke adolessente 'n gevoel van nabyheid en begrip tussen swart adolessente en hul ouers voor.

Daar word egter aanbeveel dat die verskille tussen die navorsingsbevindings van genoemde nevorsers en hierdie navorsing asook die verklaring vir die verskille verder ondersoek word.

Uit hierdie navorsing het dit geblyk dat wanneer die nulhipotese nie verwerp kon word nie, dit meestal by die swart adolessente die geval was. Hierdie hipoteses sal dus verder ondersoek moet word aangesien die onvermoë om die nulhipotese te verwerp moontlik aan die eard van die meetinstrumente toegeskryf kan word. Die vrae is byvoorbeeld in Engels gestel wat nie die moedertaal van die swart adolessente is nie. Die moontlikheid is dus nie uitgesluit dat hulle nie die vrae ten volle kon verstaan nie.

- Geslagsverskille

Betekenisvolle geslagsverskille het selde voorgekom. Daer het byvoorbeeld geen geslagsverskille ten opsigte van adolessente se vlek van identiteits- en beroepsidentiteitsontwikkeling voorgekom nie. Alhoewel geen geslagsverskille ten opsigte van hierdie twee kenmerke voorgekom het nie, is dit egter nodig om aan te beveel dat nie net adolessente seuns en meisies se vlak van identiteits- en beroepsidentiteitsontwikkeling vergelyk word nie, maar ook die aard en patroon van identiteits- en beroepsidenteitsontwikkeling. Die rede is dat dit uit die literatuurstudie geblyk het dat die eard van die manlike en vroulike idantiteit en die proses van identiteitsvorming moontlik verskil.

Met betrekking tot die seuns en meisies se vlak van beroepsidentiteits-ontwikkeling moet die soort beroepe wat gekies word en die adolessente se siening van of ingesteldheid teenoor hul beroepskeuse as 'n loopbaan ook nagevors word. Geslagsverskille kan ten opsigte hiervan voorkom aangesien meisies moontlik nie dieselfde houding as seuns teenoor die keuse van 'n

beroep as 'n loopbaan het nie omdat bulle meestal hul beroep met hul rol as eggenoot, moeder en tuisteskepper moet kombineer. Die soort beroep wat hulle kies, word nie net hierdeur beïnvloed nie, maar ook deur sekere stereotipes oor manlike en vroulike beroepe en die vermoëns van die vrou.

Geen geslagsverskille het verder ten opsigte van die aard en kwaliteit van die ouer-adolessentverhouding en die vorm van ouerbeheer ten opsigte van seuns en meisies voorgekom nie. Albei geslagte se verhoudings met die ouers word deur kommunikasie, nabyheid en begrip, maar ook konflik gekenmerk en albei geslagte word oorwegend demokraties beheer. Wanneer daar tussen die seuns en meisies se verhoudings met die moeder en vader respektiewelik onderskei word, blyk dit verder dat albei geslegte meer betrokke by die moeder as die vader is en dat hul verhoudings met die moeder deur 'n groter mate van nabyheid en begrip gekenmerk word. Die enigste geslagsverskil wat voorgekom het, is dat seuns in teenstelling met die meisies meer aktiwiteite met die vader deel en in die algemeen nie in dieselfde mate as die meisies tussen die moeder en die vader onderskei nie.

Betekenisvolle geslagsverskille met betrekking tot die ouers se goedkeuring van adolessente se vriende/vriendinne het verder net by die swart kultuurgroep voorgekom. Dit het geblyk dat ouers hul seuns se vriende in 'n betekenisvolle groter mate goedkeur as dié van hul dogters en hul dogters se vriendinne weer in 'n groter mate goedkeur as die vriendinne van hul seuns. Hierdie bevindings is verklaar aan die hand van die ouers se vrees vir tienerswangerskappe aangesien dit ook uit die bevindings geblyk het dat swart adolessente (veral seuns) hul vriende se raad en leiding oor heteroseksuele verhoudings en seksuele gedrag bo die van die moeder stel. In aansluiting by hierdie bevinding is dan ook gevind dat die ouers die raad en leiding van vriende afkeur. Daar word egter aanbeveal dat tienerswangerskappe by swart adolessente, die ouers se houdings daarteenoor en hoe dit die adolessent en die gesin beïnvloed, ondersoek word ten einde hierdie bevindings en die verklaring daarvoor te verifieer.

- Vlak van identiteitsontwikkeling

Uit die bevindings met betrekking tot die determinante van identiteitsontwikkeling blyk dit dat die ouer-adolessentverhouding die

belangrikste determinant van adolessente se vlak van identiteitsontwikkeling is. Hierdie bevinding bevestig Erikson se siening dat die aard van die ouer-kindverhouding vanaf geboorte 'n bepalende rol in die individu se identiteitsontwikkeling speel. Die gevoel van wedersydse vertroue tussen die ouer en kind is volgens Erikson die basis vir verdere identiteitsontwikkeling. Die ouer-kindverhouding moet ook van so 'n aard wees dat die kind in elke ontwikkelingstadium sekere kenmerke van sy identiteit kan ontwikkel wat Erikson es 'n "identiteitswins" beskryf. Hierdie navorsing het in ooreenstemming hiermee getoon dat wanneer die ouer-adolessentverhouding deur nabyheid en begrip gekenmerk word die adolessent dienooreenkomstig 'n hoër vlak van identiteitsontwikkeling bereik.

In die ouer-kindverhouding moet die kind ook die geleentheid gegun word om outonomie te ontwikkel, inisiatief te openbaar en met rolle te eksperimenteer sodat hy sekere doelwitte kan bereik en gevoelens van prestasie kan ervaar. Volgens Erikson bevorder die ontwikkeling van hierdie kenmerke (outonomie, inisiatief en arbeidsaamheid) identiteitsontwikkeling tydens die kinderjare en dra dit daartoe by dat die individu tydens adolessensie 'n positiewe of sterk identiteitsgevoel kan ontwikkel. Die ontwikkeling van sodanige kenmerke vereis dus 'n demokratiese vorm van ouerbeheer. Dit het dan ook uit hierdie navorsing geblyk dat demokratiese ouerbeheer as 'n dimensie van die ouer-adolessentverbouding identiteitsontwikkeling bevorder.

Volgens Erikson se teorie is dit belangrik dat die adolessent 'n beroepsidentiteit moet vorm aangesien dit sy identiteit verder definieer. Hierdie siening word dan ook bevestig deur die bevinding dat daar 'n positiewe verband tussen adolessente se vlak van beroepsidentiteits- en identiteitsontwikkeling is.

- Die aard en kwaliteit van die ouer-adolessentverhouding en vorm van ouerbeheer

Die bevindings met betrekking tot die aard en kwaliteit van die ouer-adolessentverhouding bevestig dat die verhouding tussen die ouer en die adolessent nie deur 'n generasiegaping gekenmerk word nie. Dit het geblyk dat adolessente oorwegend met bul ouers se reëls en besluite saamstem, dat hulle aktiwiteite met hulle deel en dit geniet, dat die ouers die aktiwiteite van

hul adolessente kinders goedkeur, dat hulle hul sake en probleme met die ouers bespreek en dat die ouer-adolessentverhouding deur begrip vir mekaar en 'n gevoel van nabybeid gekenmerk word. Hierdie bevindings bevestig ook dat die kerngesin deur hegte bande tussen die ouers en kinders gekenmerk word. Daar word egter aenbeveel dat die bestaan van 'n generasiegaping tussen die ouer en adolessent ook in die enkelouergesin ondersoek word.

Die resultate van die navorsing bevestig verder dat sodanige positiewe ouer-adolessentverhouding wat deur begrip en nabyheid gekenmerk word met demokratiese ouerbeheer geassosieer word. Dit blyk dat ouers adolessente oorwegend toeleat om deel te neem aan besluitneming en om met hulle oor die reëls en besluite wat op die adolessent betrekking het te redeneer. Die ouers verstrek ook redes vir hierdie reëls en besluite.

Aangesien dit dus blyk dat adolessente met hul ouers kommunikeer en die ouers as gesagsfigure aanvaar, weerlê hierdie bevindings die negatiewe of stereotipe sienings van adolessente (vergelyk die bespreking in 1.1.2.1 - 1.1.2.2). Die bestaan van 'n jeugkultuur wat onder andere gekenmerk word deur 'n afgesonderdheid van die volwasse samelewing, geen respek vir gesag en die verwerping van ouerlike waardes oftewel 'n onderskeidende stelsel van waardes en gedragsnorme word ook nie deur hierdie bevindinga bevestig nie. Uit die resultate het dit in teenstelling geblyk dat blanke adolessente met die ouers saamstem oor godsdiens, godadiensbeoefening, morele en sosiale gedrag, politieke sienings, beroepskeuse, vermaak, kleredrag, taalgebruik, seksuele gedrag en heteroseksuele verhoudings. Hulle het slegs oor musiekvoorkeur verskil.

Hierdie bevindings ondersteun ook die kritiek van Weiner (1975) dat die beskrywing van die kenmerke van 'n jeugkultuur dikwels naïef en oorvereenvoudig is en gebaseer word op waarnemings van klein, nie-verteenwoordigende groepe jeugdiges. Die siening dat die meerderheid adolessente nie opvallend en rebels in die samelewing vertoon en 'n andersoortige kultuur vorm nie en dat die meerderheid die ouers se waardes en norme steun, word deur die bevindings in hierdie navorsing bevestig.

'n Verdere gevolgtrekking wat uit die bevindings gemaak kan word, is dat konflik tussen adolessente en hul ouers nie die positiewe aard van hul

verhouding skaad nie. Dit bevestig die siening dat 'n mate van konflik tussen die ouers en adolessente onvermydelik is as gevolg van adolessente se strewe na onafhanklikheid. Konflik is ook die gevolg van bul ondersoekende en eksperimenterende gedrag wat noodseaklik vir identiteitsontwikkeling of die ontwikkeling van individualiteit en selfrealisering is. Daar word egter aanbeveel dat die aard van die konflik tussen adolessente en hul ouers nagegaan word. Groter begrip vir die faktore wat tot konflik aanleiding gee, kan daartoe bydrae dat pogings aangewend kan word om die konflik tussen ouers en adolessente te voorkom of te vermindar. Dit kan ook dsartoe bydrae dat die mite, naamlik dat adolessente moeilik is, weerlê word.

Uit die bevindings met betrekking tot die aard van die ouer-adolessentverhouding kan verder afgelei word dat die moeder in teenstelling met die vader die sentrale figuur in die verhouding is en in 'n groter mate as die vader demokraties optree. Daar is nie net 'n groter mate van nabyheid en begrip tussen adolessente en die moeder as tussen adolessente en die vader nie, maar adolessente bespreek ook meer dikwels hul sake en probleme met die moeder as die vader. Dit is egter nodig om hierdie verskille tussen die moeder-adolessent- en vader-adolessentverhouding aan die hand van die verskillende rolle van die ouers in die gesin te verklaar aangesien dit ook geblyk het dat die vader-adolessentverhouding nie noodwendig as 'n negatiewe verhouding baskryf kan word nie.

Ten einde die aard van die vader-adolessantverhouding in meer besonderbede te kan beskryf, is dit nodig dat verdere navorsing hieroor gedoen word. Die vader-adolessentverhouding moet nie in vergelyking met dié van die moeder-adolessentverhouding ondersoek word nie, maar met betrekking tot moontlike eiesoortige kenmerke in ooreenstemming met sy rol as vader. Daar moet dus navorsing oor die vadar-adolessentverhouding gedoen word vanuit die aanname dat die aard en kwaliteit van die vader-adolessentverhouding en moeder-adolessentverhouding nie teenoor mekaar staan nie, maar aanvullende kenmerke en funksies het.

Benewens die aanbeveling dat die aard van die vader-adolessentverhouding in besonderhede bestudeer moet word, kan daar ook aanbeveel word dat die gesinsverhoudings in meer besonderhede nagegaan moet word. Daar word in

hierdie navorsing uitsluitlik aandag gegee aan die invloed van die ouers se opvoedingstegniek (demokraties/outoritêr) en die aard van die ouer-adolessentverhouding op identiteitsontwikkeling. Dit is dus nodig om wat Newman en Newman (1983) 'n "gesinsisteem perspektief" noem, te volg ten einde 'n beter begrip van die invloed van die gesinsdinamika op die adolessent se identiteitsontwikkeling te kry. 'n Gesinsisteem perspektief sluit 'n bidireksionele benadering in deur die verhoudings tussen die kind, kinders en albei ouers in die huwelik te bestudeer.

Verder is dit ook nodig om die ouers te betrek wanneer die ouer-adolessentverhouding bestudeer word ten einde 'n beter begrip van die verhouding as sodanig te verkry. Coleman et al. (1977) meld byvoorbeeld dat beperkte getuienis suggereer dat ouers moontlik meer negatief teenoor hul adolessente kinders voel as adolessente teenoor hul ouers.

- Die belang van ouers teenoor vriende

In ooreenstemming met die bevindings dat die ouer-adolessentverhouding as 'n positiewe verhouding beskryf kan word en dat die stereotipe siening van die bestaan van 'n generasiegaping dus nie bevestig is nie, weerlê die bevindings van hierdie ondersoek na die belang van ouers versus vriende ook die stereotipe siening dat adolessente se vriende hulle negatief beïnvloed en die ouers se waardes, norms en gesag ondermyn. Dit het geblyk dat wanneer die ouer-adolessentverhouding deur nabyheid en begrip gekenmerk word en ouers demokraties optree, adolessente nie betekenisvol tussen die belang van ouers en vriende onderskei nie. Blanke ouers (veral die moeder) het ook hul adolessente kinders se vriende, die vriende se raad en leiding en hul aktiwiteite oorwegend goedgekeur.

Uit die bevindings dat die soort saak sal bepaal met wie adolessente hul sake en probleme sal bespreek, word afgelei dat die belang en invloed van ouers en vriende as aanvullend gesien kan word. Die belang van die ouers word egter beklemtoon deur die bevindings dat ouers se raad en leiding ten opsigte van die meeste sake hoër as dié van vriende geag word en dat adolessente òf die raad en leiding van ouers verkies òf hul eie mening volg.

Wanneer daar nie tussen kulture onderskei word nie, let adolessente byvoorbeeld op hul ouers (veral die moeder) se raad en leiding wanneer dit gaan oor sake soos godsdiens, godsdiensbeoefening, morele en sosiale optrede. Met betrekking tot sake soos politieke sienings, beroepskeuse, musiekvoorkeur, vermaak, heteroseksuele verhoudings en kleredrag volg adolessente hul eie mening. Wanneer die kategorie "eie mening" egter buite rekening gelaat word, het die bevindings getoon dat adolessente slegs ten opsigte van musiekvoorkeur en kleredrag in 'n groter mate op die raad en leiding van vriende as die ouers ag slaan. Die ouers se belang en invloed neem dus nie ten koste van die belang en invloed van adolessent se vriende af nie.

In hierdie navorsing is daar egter net aandag gegee aan die belang van ouers in vergelyking met die belang van vriende en ouers se siening van hul adolessente kinders se vriende. Daar word dus aanbeveel dat die belang van vriende ook afsonderlik bestudeer word aangesien dit uit die literatuurstudie geblyk het dat vriendskappe 'n belangrike funksie in die adolessent se lewe het. Die rol van vriende kan ook tussenkultureel bestudeer word.

- Adolessente se ervaring van adolessensie

In ooreenstemming met die siening dat adolessensie deur veelvuldige en omvangryke ontwikkelings gekenmerk word wat die ervaring van adolessensie kompliseer; dat adolessensie 'n belangrike oorgangstadium is waar daar min duidelike gedragsriglyne bestaan; dat adolessente in 'n samelewing ontwikkel waar vinnige tegnologiese en sosiale ontwikkelings plaasvind en heelwat diskontinuïteite voorkom en waar individualiteit en selfrealisering belangrike waardes is, is gevind dat adolessente ontwikkeling tydens adolessensie as moeilik ervaar. Ten einde hierdie sienings van adolessensie as verklarings vir die ervaring van adolessensie as moeilik te verifieer, word aanbeveel dat die redes waarom adolessente adolessensie as moeilik ervaar in meer besonderhede ondersoek word. Dit sal nie alleen bydrae tot groter insig in die aard van ontwikkeling tydens adolessensie nie, maar ook tot die ontwikkeling van metodes om die ervaring van adolessensie te vergemaklik.

Dit het ook geblyk dat dit belangrik is om tussen die ervaring van adolessensie as moeilik en die siening van adolessensie as 'n periode van storm-en-drang te onderskei. Ten einde hierdie onderskeid verder te

ondersoek, word aanbeveel dat die kenmerke van die ervaring van storm-en-drang duidelik omskryf moet word en as sodanig met die ervaring van ontwikkeling tydens adolessensie as moeilik te vergelyk. Sodanige navorsing kan daartoe lei dat 'n meer gebalanseerde siening van adolessensie tot stand kom.

- Slotbeskouing

Die oorwegende mate waarin die resultate van hierdie navorsing toon dat adolessente in die blanke en swart kultuurgroepe toegeneë teenoor hul ouers voel en ongeag die mate van selfstandige denke wat hulle reeds openbaar, steeds hul ouers as gesagsfigure sien, val grootliks op. Die mate waarin adolessente hul ouers se raad en leiding hoog ag en waarin hul verhouding met bul ouers deur nabyheid en begrip gekenmerk word, weerlê die stereotipes of sogenaamde "ingeligte menings" wat dikwels in die media verskyn van die adolessent as rebels en moeilik of selfs dekadent. Negatiewe sienings van die adolessent wat op growwe veralgemenings gebaseer is, kan die reeds komplekse en belangrike ontwikkelings wat tydens adolessensie plaasvind net verder bemoeilik. Ten einde die adolessent se ontwikkeling te vergemaklik en te bevorder is 'n gebalanseerde siening van adolessensie as 'n belangrike ontwikkelingstadium in die lewensiklus van die mens noodsaaklik.

Uit die bevindings het dit verder geblyk dat adolessente ontwikkeling nie net binne 'n verhouding met die ouers en vriende plaasvind nie, maar ook binne 'n spesifieke kultuur en historiese tydperk wat die rigting of aard daarvan kan bepaal. Alhoewel daar kultuurverskille tussen die adolessente in die Afrikaanse blanke, Engelse blanke en swart kultuur voorgekom het, het dit geblyk dat hierdie verskille teen die algemene verwegting in minder as die ooreenkomste is. Dit het tot die besef gelei dat die mens dieselfde ontwikkelings en ervarings deel en dieselfde behoeftes ervaar ongeag basiese tradisionele en historiese kultuurverskille. 'n Groter bewustheid van bierdie ooreenkomste kan lei tot groter begrip vir mekaar wat kommunikasie in 'n toenemend pluralistiese wêreld kan bevorder en elke individu die geleentheid kan bied tot selfrealisering of die kreatiewe uitlewing van individuele vermoëns.

VERWYSINGS

Abend, S.M. (1974). Problems of identity: Theoretical and clinical applications. *Psychoanalytic Quarterley, 43,* 606-637.

Adams, G.R. (1976). Personal identity formation: A synthesis of cognitive and ego psychology. *Adolescence, 12*(46), 151-164.

Adams, G.R. (1985). Family correlates of female adolescents' ego-identity development. *Journal of Adolescence, 8*(1), 69-82.

Adams, J.F. (Ed.). (1980). *Understanding adolescence: Current developments in adolescent psychology.* Boston: Allyn & Bacon.

Adams, G.R., & Fitch, S.A. (1981). Ego stage and identity status development: A cross-lag analysis. *Journal of Adolescence, 4,* 163-171.

Adams, G.R., & Jones, R.M. (1983). Female adolescents' identity development: Age comparisons and perceived child-rearing experience. *Developmental Psychology, 19*(2), 249-256.

Adams, G.R., Ryan, J.H., Hoffman, J.J., Dobson, W.R., & Nielsen, E.C. (1985). Ego identity status, conformity behavior, and personality in late adolescence. *Journal of Personality and Social Psychology, 47,* 1091-1104.

Adams, G.R., & Shea, J.A. (1979). The relationship between identity status, locus of control, and ego development. *Journal of Youth and Adolescence, 8* (1), 81-89.

Adams, G.R., Shea, J.A., & Fitch, S.A. (1979). Toward the development of an objective assessment of ego-identity status. *Journal of Youth and Adolescence, 8,* 223-247.

Adelson, J. (1970, January 18). What generation gap? *New York Times Magazine,* pp. 10-14.

Adelson, J. (1979, February). Adolescence and the generalization gap. *Psychology Today,* pp. 33-37.

Alexander, T., Roodin, P., & Gorman, B. (1980). *Developmental psychology.* New York: Van Nostrand.

Archer, S.L. (1982). The lower age boundaries of identity development. *Child Development, 53,* 1551-1556.

Bakan, D, (1975). Adolescence in America: From idea to social fact. In C.J. Guardo (Ed.), *The adolescent as individual: issues and insights* (pp. 14-27). New York: Harper & Row.

Barclay, L.K., & Sharp, A.W. (1982). Is there really a generation gap? Value similarities and differences between a group of junior high girls and their mothers. *Journal of Early Adolescence, 2*(2), 163-171.

Baruch, G.K. (1975). Maternal influences upon college women's attitudes toward women and work. In J.J. Conger (Ed.), *Contemporary issues in adolescent development* (pp. 397-406). New York: Harper & Row.

Bauer, R. (1972). A critical review of research methodology on E. Erikson's theory of ego identity. *Psychologia Belgica, 12*(1), 1-7.

Baumrind, D. (1968). Authoritarian vs. authoritative parental control. *Adolescence, 3*, 255-272.

Baumrind, D. (1975). Authoritarian vs. authoritative parental control. In J.J. Conger (Ed.), *Contemporary issues in adolescent development* (pp. 136-146). New York: Harper & Row.

Bengtson, V.L. (1970). The generation gap. *Youth and Society, 2*, 7-32.

Bentler, P.M. (1980). Multivariate analysis with latent variables: Causal modeling. *Annual Review of Psychology, 31*, 419-456.

Bernard, H.S. (1981). Identity formation during late adolescence: A review of some empirical findings. *Adolescence, 16*, 349-358.

Berndt, T.J. (1982). The features and effects of friendship in early adolescence. *Child Development, 53*, 1447-1460.

Berry, J.W. (1969). On cross-cultural comparability. *International Journal of Psychology, 4*, 119-128.

Beyers, E. (1983). *Metakognitiewe ontwikkeling by die verwerwing van leesvaardigheid by skoolbeginners.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Borchard, D.C. (1984, August). New choices. Career planning in a changing world. *The Futurist*, pp. 57-66.

Bourne, E. (1978a). The state of research on ego identity: A review and appraisal. Part I. *Journal of Youth and Adolescence, 7*, 223-252.

Bourne, E. (1978b). The state of research on ego identity: A review and appraisal. Part II. *Journal of Youth and Adolescence, 7*, 371-392.

Brandel-Syrier, M. (1978). "Coming through": The search for a new cultural identity. Johannesburg: McGraw-Hill.

Brendt, T.J., Hawkins, J.A., & Hoyle, S.G. (1986). Changes in friendship during a school year: Effects on children's and adolescents' impressions of friendship and sharing with friends. *Child Development, 57*, 1284-1297.

Brislin, R.W. (1976). Comparative research methodology: Cross-cultural studies. *International Journal of Psychology, 11,* 215-229.

Brittain, C.V. (1963). Adolescent choices and parent-peer cross pressures. *American Sociological Review, 28,* 385-391.

Clarke-Stewart, A., & Koch, J.B. (1983). *Children: Development through adolescence.* New York: Wiley.

Coleman, J.C. (1980). In J. Adelson (Ed.), *Handbook of adolescent psychology* (pp. 408-431). New York: Wiley.

Coleman, J.C., George, R., & Holt, G. (1977). Adolescents and their parents: A study of attitudes. *Journal of Genetic Psychology, 130,* 239-245.

Compas, B.E., & Davis, G.E., & Forsythe, C.J. (1985). Characteristics of life events during adolescence. *American Journal of Community Psychology, 13,* 677-691.

Condry, J., & Siman, M.L. (1974). Characteristics of peer- and adult-oriented children. *Journal of Marriage and the Family, 36,* 543-554.

Conger, J.J., & Petersen, A.C. (1984). *Adolescence and youth: Psychological development in a changing world.* New York: Harper & Row.

Constantinople, A. (1969). An Eriksonian measure of personality development in college students. *Developmental Psychology, 1,* 357-372.

Craig, G.J. (1983). *Human development* (3rd ed.). Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.

Crites, J.O. (1980). Career development. In J.F. Adams (ed.), *Understanding adolescence* (pp. 395-420). London: Allyn & Bacon.

Cromer, G. (1978). A comparison of intergenerational relations in the Jewish and non-Jewish family. *Adolescence, 13,* 297-309.

Dacey, J.S. (1982). *Adolescents today* (2nd ed.). Santa Monica, CA: Goodyear.

Dellas, M., & Gaier, E.L. (1975). The self and adolescent identity in women: Options and implications. *Adolescence, 10,* 399-407.

De Vaus, D.A. (1983). The relative importance of parents and peers for adolescent religious orientation: An Australian study. *Adolescence, 18,* 147-158.

Developmental psychology today. (1971). Del Mar, CA: CRM Books.

Di Cindio, L.A., Floyd, H.H., Wilcox, J., & McSeveney, D.R. (1983). Race effects in a model of parent-peer orientation. *Adolescence, 18,* 369-379.

Dignan, M.H. (1965). Ego identity and maternal identification. *Journal of Personality and Social Psychology, 1,* 476-483.

Dixon, W.J., & Brown, M.B. (1979). *BMDP-79. Biomedical computer programs P-series.* London: University of California Press.

Donovan, J.M. (1975). Identity status and interpersonal style. *Journal of Youth and Adolescence, 5,* 476-483.

Douvan, E., & Adelson, J. (1966). *The adolescent experience.* New York: Wiley.

Draper, N.R., & Smith, H. (1981). *Applied regression analysis.* New York: Wiley.

Dreyer, H.J. (1980). *Adolescence in a changing society.* Pretoria: Academica.

Dreyer, H.J., Thembela, A.J., Badenhorst, D.C., Dhlomo, O.D., Vos, A.J., Luthuli, P.C., & Olivier, A. (1977). Education, culture and the school going African child: A panel discussion. *Journal of Racial Affairs, 28,* 10-18.

Duncan, D.F. (1978). Measuring the generation gap: Attitudes toward parents and other adults. *Adolescence, 13,* 77-81.

Eisenberg, L. (1975). A developmental approach to adolescence. In C.J. Guardo (Ed.), *The adolescent as individual: Issues and insights* (pp. 32-48). New York: Harper & Row.

Elder, G.H. (1968). Democratic parent-youth relationships in cross-national perspective. *Social Science Quarterley, 40,* 216-228.

Elder, G.H. (1980). Adolescence in historical perspective. In J. Adelson (ed.), *Handbook of adolescent psychology* (pp. 3-46). New York: Wiley.

Elkind, D., & Weiner, I.B. (1978). *Development of the child.* New York: Wiley.

Enright, R.D., & Deist, S.H. (1979). Social perspective taking as a component of identity formation. *Adolescence, 14,* 517-522.

Enright, R.D., Lapsley, D.K., Cullen, J., & Lallensack, M. (1983). A psychometric examination of Rasmussen's ego identity scale. *International Journal of Behavioral Development,* 6(1), 89-104.

Enright, R.D., Lapsley, D.K., Drivas, A.E., & Fehr, L.A. (1980). Parental influences on the development of adolescent autonomy and identity. *Journal of Youth and Adolescence, 9,* 529-546.

Erikson, E.H. (1956a). Ego identity and the psychosocial moratorium. In *New perspectives for research on juvenile delinquency* (pp. 1-23). Washington: Childrens Bureau, US Department of Health, Education and Welfare.

Erikson, E.H. (1956b). The problem of ego identity. *Journal of the American Psychoanalytic Association, 4,* 56-121.

Erikson, E.H. (1958). *Young man Luther.* New York: Norton.

Erikson, E.H. (1959). Identity and the life cycle: Selected papers. *Psychological Issues, I,* 1-171.

Erikson, E.H. (1963). *Childhood and society.* New York: Norton.

Erikson, E.H. (1964). Memorandum on identity and Negro youth. *Journal of Social Issues, 20,* 29-42.

Erikson, E.H. (1966). Eight ages of man. *International Journal of Psychiatry, 2,* 280-300.

Erikson, E.H. (1968). *Identity: Youth and crisis.* London: Faber & Faber.

Erikson, E.H. (1969). *Gandhi's truth.* New York: Norton.

Fasick, F.A. (1984). Parents, peers, youth culture and autonomy in adolescence. *Adolescence, 19,* 143-157.

Fein, G.G. (1978). *Child development.* Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.

Flavell, J.H. (1963). *The developmental psychology of Jean Piaget.* New York: Van Nostrand.

Forisha-Kovach, B. (1983). *The experience of adolescent development in context.* Glenview, IL: Scott, Foresman.

Friis, H., Townsend, P., & Shanas, E. (1968). Old people in three industrial societies: An introduction. In E. Shanas, P. Townsend, D. Wedderburn et al. (Eds.), *Old people in three industrial societies.* London: Routledge & Kegan Paul.

Garharino, J. (1985). *Adolescent development: An ecological perspective.* Columbus, OH: Charles E. Merrill.

Garbers, J.G. (1971). *Pedi adolescence; the educational situation and image of adolescence of the Pedi school child.* Port Elizabeth: University of Port Elizabeth.

Garbers, J.G., Wiid, A.J.B., Myburgh, C.P.H., Van Biljon, S.S., & Fourie, C.M. (1983). *Adolessensie: Ontwikkelingspatrone van Afrikaanssprekende skoolgaande jeug.* Durban: Butterworth.

Gardner, H. (1982). *Developmental psychology.* Boston: Little, Brown.

Garrison, K.C., & Garrison, K.C. (1975). *Psychology of adolescence* (7th ed.). Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.

Gerdes, L.C., Ochse, R., Stander, C., & Van Ede, D. (1981). *Die ontwikkelende volwassene.* Pretoria: Butterworth.

Ginsberg, H., & Opper, S. (1979). *Piaget's theory of intellectual development: An introduction.* Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.

Ginzberg, E. (1972). Toward a theory of occupational choice: A restatement. *Vocational Guidance Quarterly, 20,* 169-176.

Gold, M., & Yanof, D.S. (1985). Mothers, daughters, and girlfriends. *Journal of Personality and Social Psychology, 49,* 654-659.

Grinder, R.E. (1978). *Adolescence* (2nd ed.). New York: Wiley.

